DIE FABRIEKSWESE IN STEDELIKE ONTWIKKELING - 'N INSTITUSIONEEL-EKONOMIESE PERSPEKTIEF OP DIE SUID-AFRIKAANSE ERVARING

deur

JOHAN C. LöTTER

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte (Ekonomie) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Prof C.L. McCarthy

Pectora roborant cultus recti

DESEMBER 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening:

Datum:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die historiese Apartheidsbeleid het veroorsaak dat metropolitaanse bestuur in Suid-Afrika nie veel aandag gekry het nie. Metropolitaanse bestuur was grootliks gerig op die beperking van die toeganklikheid van nie-blanke bevolkingsgroepe tot ekonomiese aktiwiteite in stedelike gebiede. Blanke instellings het die intra-stedelike struktuur van stedelike gebiede gerig om hul oorheersende ekonomiese, sosiale en politieke posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing te handhaaf.

Toenemende verstedeliking en konstitusionele verandering in Suid-Afrika sedert 1991, tesame met internasionale teoretiese ontwikkelinge, het 'n herbesinning oor die aard van metropolitaanse bestuur genoodsaak. Vir doeleindes hiervan is die doelstellings van metropolitaanse bestuur herformuleer en is fabrieksvestiging as 'n instrument in metropolitaanse bestuur geïdentifiseer om die toeganklikheid tot ekonomiese aktiwiteite te verhoog. Daar is bepaal dat die gebrek aan fabrieksvestiging in die tradisionele nie-blanke stedelike gebiede en die groot afstande tussen werks- en woonplek in Noord-Gauteng toeganklikheid vir nie-blankes beperk het.

Die Nuwe Institusionele Benadering, wat as 'n teoretiese vertrekpunt vir die studie dien, beklemtoon die rol van mededingende indiwidue en belangegroepe in die bepaling van die intra-stedelike struktuur. 'n Ontleding van die rol van hoofsaaklik blanke indiwidue en belangegroepe, nl. die gemeenskap, die plaaslike en sentrale owerhede, en die fabrieksondernemer, het getoon dat die plaaslike en sentrale owerhede 'n bepalende rol gespeel het in die vasstelling van die intra-stedelike struktuur van die studiegebied. Die gemeenskap en fabrieksondernemers se benadering was grootliks gerig op hul eie partikuliere belang en die ontoeganklikheid van die studiegebied vir nie-blanke bevolkingsgroepe was nie vir hulle ter sake nie.

Die instellings van die stadsraadslede en amptenare van plaaslike owerhede het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontstaan uit eksogene instellings wat op plaaslike owerhede vanaf die sentrale owerheid afgedwing was en endogene instellings wat uit 'n lang stedelike beplanningstradisie ontstaan het. Dié instellings hou nie verband met die realiteite van die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie en daarom word 'n nuwe institusionele raamwerk vereis waarbinne besluitneming oor die intra-stedelike struktuur kan plaasvind.

Hoewel hierdie studie slegs 'n gevallestudie van een metropolitaanse gebied is, openbaar die studiegebied al die eienskappe van die tipiese Apartheidstad in Suid-Afrika en die gevolgtrekkings kan gebruik word in die herformulering van die aard van metropolitaanse bestuur vir die meeste gebiede in Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

The historical Apartheid policy caused a lack of interest in metropolitan management in South Africa. Metropolitan management mainly focussed on limiting the accessibility of the non-white population to economic activities in urban areas. White institutions directed the intra-urban structure of urban areas to maintain their dominant economic, social and political position in the South African community.

Increasing urbanization and constitutional changes in South Africa since 1991, together with international theoretical developments, necessitated a reconsideration of the nature of metropolitan management. For this purpose the objectives of metropolitan management were reformulated and industrial location was identified as an instrument in metropolitan management to increase the accessibility to economic activities. It was also determined that the non-establishment of industries in traditional non -white urban areas and the long distances between workplace and residential areas in North Gauteng limited the accessibility to non-whites.

The New Institutional Approach, which serves as the theoretical starting point in this study, emphasises the role of rival individuals and interest groups in determining the intra-urban structure. An analysis of the role of primarily white individuals and interest groups, namely the community, the local and central governments, and the industrial entrepreneur, showed that the local and central governments played a determining role in establishing the intra-urban structure of the study area. The approach of the community and industrial entrepreneurs was mostly directed towards their own private interests and the inaccessibility of the study area for non-white population groups did not concern them.

The institutions of the town councillors and officials of the local governments originated from exogenous institutions which were enforced on local governments

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

from the central government and endogenic institutions which derived from a long tradition of urban planning. These institutions do not relate to the realities of the South African community and therefore a new institutional framework for decision-making on intra-urban structure was needed.

Although this study only concerns one metropolitan area, the study area manifests all the characteristics of a typical Apartheid city in South Africa and the conclusions can be used in the reformulation of metropolitan management for most areas in South Africa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

Die volgende persone word bedank vir hul bydrae tot hierdie studie:

My promotor: Prof. C.L. McCarthy van die Universiteit van Stellenbosch vir sy geduld en professionele leiding.

Tannie Lisbie Hilliard wat gehelp het met die taalversorging.

My skoonouers: Denis en Ina, wat geduldig gewag het.

My broers: Francois, Etienne en André, net omdat julle daar was.

My ouers: Dan en Harriet, wat nooit die finale produk kon sien nie.

My gesin: Marianne: Vir al haar insette die afgelope jare, uiteindelik het dit 'n vrug gedra.
Christo: Vir sy onuitblusbare lewenslus en belangstelling.
Dewald: Vir die "drukkie" wanneer jy dit die minste verwag het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir: **Die Blakermaker-span**
Marianne, Christo en Dewald

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Bladsy

HOOFSTUK 1 DIE BELANGRIKHEID VAN, PROBLEEM-STELLING EN STRUKTUUR VAN DIE STUDIE ... 1

1 Inleiding ... 1
2 Die belangrikheid van die studie ... 1
3 Struktuur en omvang van die studie ... 10
4 'n Beskrywing van die studiegebied ... 14

HOOFSTUK 2 STEDELIKE GROEI EN ONTWIKKELING: 'N TEORETIESE PERSPEKTIEF ... 18

1 Inleiding ... 18
2 Die bronne van stedelike groei ... 18
2.1 Produksie-aktiwiteite ... 19
2.2 Bevolkingsgroei en migrasie ... 21
3 Die rol van die vestigingsteorie in die *ruimtelike ekonomie* ... 22
3.1 Teoretisering in die *ruimtelike ekonomie* ... 23
3.1.1 Die rol van owerheidsbeplanning ... 24
3.1.2 Die ontstaan van *ontwikkelingsekonomie* ... 25
3.1.3 Denke rondom oorgekonsentreerde stede ... 30
3.2 'n Klemverskuiwing na intra-stedelike vestiging ... 33
4 Metropolitaanse bestuur ... 34
5 Gevolgtrekking ... 39

HOOFSTUK 3 BENADERINGS TOT INTRA-STEDELIKE VESTIGING ... 41

1 Inleiding ... 41
2 Ekologiese Modelle ... 41
3 Die Neo-klassieke Benadering ... 43
3.1 Die Neo-klassieke Benadering in stedelike verband ... 44
3.2 Die fabrieksvestigingsmodelle ... 50
4 Die Strukturele Benadering ... 52
4.1 Die Strukturele Benadering in stedelike verband ... 53
4.2 Die fabrieksvestigingsmodel ... 55
5 Die Nuwe Institusionele Benadering ... 58
5.1 Uitgangspunte ... 59

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2 Die Nuwe Institusionele Benadering as 'n samehangende ontledingsraamwerk vir stedelike ontwikkeling 67
5.2.1 Bevredigende optrede en beperkte rasionaliteit 68
5.2.2 Die rol van transaksiekoste 70
5.2.3 Die rol van die owerheid en ander organisasies in kollektiewe bedinging 73
6 Gevolgtrekking 77

HOOFSTUK 4 DIE ROL VAN DIE FABRIEKSEKTOR IN EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: 'N POSITIEWE BESKOUING 82

1 Inleiding 82
2 Die histories-teoretiese rol van die fabrieksektor 82
3 Die Suid-Afrikaanse fabrieksektor 86
4 Die fabrieksektor in die aanliggende gebied 94
4.1 Die beleid van streeksnywerheidsontwikkeling 94
4.2 Groeisentrums in die aanliggende gebied 96
4.3 Die beleidsinstrumente 101
4.4 Resultate van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid in die aanliggende gebied 103
5 Gevolgtrekking 111

HOOFSTUK 5 DIE ROL VAN DIE FABRIEKSEKTOR IN STEDELIKE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: 'N NORMATIEWE BESKOUING 115

1 Inleiding 115
2 'n Makro-kwantitatiewe ontleding van die studiegebied 116
2.1 Die aard van die bevolking 116
2.2 Ekonomiese aktiwiteit 131
3 Fabrieksvestiging en metropolitaanse bestuur 141
3.1 Die verhoging van lewensgehalte 142
3.2 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis 146
3.3 Die rol van intra-stedelike vestiging 152
4 Gevolgtrekking 157

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6 DIE GEVOLGE VAN DIE FABRIEKS-VESTIGINGSPATROON IN DIE STUDIE-GEBIED IN 1991 160

1 Inleiding 160
2 Die 1991-fabrieksvestigingspatroon 160
3 Die gevolge van die 1991-fabrieksvestigingspatroon 169
3.1 Die gebrek aan fabrieksaktiwiteite in plaaslike owerhede 169
3.2 Die rol van afstand 176
3.2.1 Fabrieckswerksgeleenthede binne eie homogene gebied 183
3.2.2 Fabrieckswerksgeleenthede buite eie homogene gebied 184
3.2.3 Fabrieckswerksgeleenthede buite eie homogene gebied in woongebiede wat in 'n ander homogene gebied geleë is 185
3.3 Die sektorale implikasies van die 1991-fabrieksvestigings-patroon 186
4 Gevolgtrekking 193

HOOFSTUK 7 DIE HISTORIESE INTRA-STEDELIKE ONTWIKKELING VAN DIE STUDIEGEBIED ... 197

1 Inleiding 197
2 Die historiese ontwikkeling van die studiegebied met verwysing na fabrieksvestiging 200
2.1 Pretoria tot 1991 200
2.1.1 Die blanke bevolking 201
a) Ontwikkelings tot Unie-wording 201
b) Ontwikkelings sedert Unie-wording 211
2.1.2 Die swart bevolking 224
2.1.3 Die Kleurlingbevolking 230
2.1.4 Die Asiërbevolking 234
2.1.5 Ander bevolkingsgroepe 237
2.2 Centurion tot 1991 238
2.3 Akasia tot 1991 242
2.4 Midrand tot 1991 246
3 Gevolgtrekking 249

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8 DIE ROL VAN DIE GEMEENSKAP IN FABRIEKSVESTIGING 255

1 Inleiding 255
2 Eksogene instellings vir alle bevolkingsgroepe in die studiegebied 256
3 Endogene instellings van die blanke bevolkingsgroep 265
3.1 Metodes vir die lewering van insette 265
3.2 Die verhoging van lewensgehalte 270
3.3 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis 281
3.4 Die rol van intra-stedelike vestiging 284
4 Gevolgtrekking 290

HOOFSTUK 9 DIE ROL VAN DIE PLAASLIKE OWERHEID IN FABRIEKSVESTIGING 293

1 Inleiding 293
2 Die Dorpsaanlegskema en sonering 293
2.1 Die owerheid as organisasie 293
2.2 Die aard van sonering 295
3 Die rol van die owerheid in intra-stedelike fabrieksvestiging 297
3.1 Eksogene instellings vir die plaaslike owerhede 297
3.2 Endogene instellings van die plaaslike owerhede 309
3.2.1 Die belangrikheid en rol van plaaslike owerhede 309
3.2.2 Die verhoging van lewensgehalte 313
a) Die afdwing van eksogene en endogene instellings 314
b) Die burokratiese benadering 319
c) Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste 329
3.2.3 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis 329
a) Die afdwing van eksogene en endogene instellings 330
b) Die burokratiese benadering 333
c) Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste 337
3.2.4 Die rol van intra-stedelike vestiging 337
a) Die afdwing van eksogene en endogene instellings 338
b) Die burokratiese benadering 340
c) Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste 355

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4 Gevolgtrekking 356

HOOFSTUK 10 DIE ROL VAN DIE FABRIEKSONDERNEMER IN FABRIEKSVESTIGING 359

1 Inleiding 359
2 Eksogene instellings vir die fabrieksondernemer 359
3 Endogene instellings vir die fabrieksondernemer 365
3.1 Die rol van die fabrieksondernemer en fabrieksondernemer-belangegroepe 365
3.2 Die verhoging van lewensgehalte 368
3.3 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis 372
3.4 Die rol van intra-stedelike vestiging 376
4 Gevolgtrekking 379

HOOFSTUK 11 OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING 381

1 Inleiding 381
2 Die studiegebied 382
3 Die teoretiese onderbou 384
4 Die fabrieksektor as 'n instrument in metropolitaanse bestuur 386
5 Metropolitaanse bestuur 387
6 Die historiese ontwikkeling van die studiegebied 389
7 Die belangrikheid van belangegroepe in die bepaling van die intra-stedelike vestigingspatroon 390
8 Die veranderde institusionele omgewing sedert 1991 392
8.1 Eksogene instellings: Wetgewing 392
8.2 Die rol van endogene instellings 396
9 Intra-stedelike ontwikkelings na 1991 396
10 'n Toekomsperspektief 399

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lys van Tabelle

Tabel 1-1 Geografiese beskrywing van die studiegebied 15
Tabel 4-1 Groeisentrums in die aanliggende gebied 97
Tabel 4-2 Fabrieksvestiging per aanliggende gebied en Gauteng (1900-1992) 105
Tabel 4-3 Fabrieksdekonsentrasie in Gauteng (aantal ondernemings; 1963-1991) 107
Tabel 4-4 Faktorintensiteit van fabrieksondernemings in die aanliggende gebied (1992) 108
Tabel 4-5 Indiensneming per groeisentrum en streek (1992) 109
Tabel 4-6 Die belangrikheid van die groeisentrums in die aanliggende gebied 110
Tabel 5-1 Die bevolking in die studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (1970-1996) 117
Tabel 5-2 Bevolkingskonsentrasie in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (1970-1996) 122
Tabel 5-3 Bevolkingsgroeikoerse in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (verskeie jare) 124
Tabel 5-4 Bruto bevolkingsdigtheid in die studiegebied (persone per hektaar; 1970-1996) 126
Tabel 5-5 Stedelike toeganklikheidsindeks per bevolkingsgroep (1991) 130
Tabel 5-6 Streeksverspreiding van sektorale ekonomiese aktiwiteite in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (R'000; 1990-pryse) 133
Tabel 5-7 Streeksverdeling van sektorale produksie in Noord-Gauteng (BGP; 1972-1994) 135
Tabel 5-8 Ekonomies-aktiewe bevolking per sektor in studiegebied (1991) 136
Tabel 5-9 Werkertal in die fabrieksektor (1991) 138
Tabel 5-10 Die konsentrasie van fabrieke per plaaslike owerheid (1991) 139
Tabel 5-11 Faktorintensiteit en aantal fabrieke volgens grootte in studiegebied (1991) 141
Tabel 6-1 Gekonsentreerde fabrieksgebiede in die studiegebied (1991) . . 165
Tabel 6-2 Elektrisiteitsverbruik in plaaslike owerheidsgebiede (kWh; Verskeie jare) 172
Tabel 6-3 Ligging van bevolking teenoor fabrieksgebiede en ander woongebiede (in km; 1991) 181
Tabel 6-4 Faktorintensiteit per belangrikste inkomegroep (homogene gebiede; 1991) 192
Tabel 7-1 Bevolking van Pretoria (1860-1957) 203

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 7-2 Aantal en tipe fabrieke in Pretoria (ongeveer 1913) 208
Tabel 8-1 Wetgewing as eksogene instellings vir nie-blanke bevolkingsgroepe (tot 1991) 260
Tabel 8-2 Metodes vir die lewering van insette 266
Tabel 9-1 Plaaslike owerheidsfunksies 272
Tabel 10-1 Die verband tussen skakelingseffekte en vestigingskonsentrasie (1991) 362
Tabel 10-2 Die verband tussen faktorintensiteit en vestigingskonsentrasie (1991) 364

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lys van Figure

Figuur 2-1 Die inter-dissiplinêre verbande in die vakgebied *ekonomie* 23
Figuur 3-1 Die Neo-klassieke Benadering 48
Figuur 4-1 Die rol van die fabrieksektor in internasionale groei en en ontwikkeling 84
Figuur 4-2 Sektorale struktuurverandering in Suid-Afrika (1990-pryse; 1946-1996) 87
Figuur 4-3 Werkverskaffing deur die fabrieksektor en ander sektore (1946-1995) 90
Figuur 4-4 Fabrieksvestiging per groeisentrum (aantal ondernemings; 1900-1992) 106
Figuur 5-1 Totale bevolkingskonsentrasie per streek (1970-1996) 123
Figuur 5-2 Gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroei per streek (1970-1996) 125
Figuur 5-3 Netto bevolkingsdigtheid in die studiegebied (persone per hektaar; 1970-96) 128
Figuur 6-1 Vestiging van die bevolking volgens inkomegroepe en gekonsentreerde fabrieksgebiede (1991) 164
Figuur 6-2 Opsomming: Ligging van bevolkingsgroepe teenoor fabrieksgebiede en ander woongebiede (1991) 182
Figuur 7-1 Die ruimtelike omvang van Pretoria (1868) 202
Figuur 7-2 Die kronologiese ontwikkeling van Pretoria (1896-1991) 212
Figuur 7-3 Die ruimtelike ontwikkeling van die homogene gebied van westelike Pretoria (1896-1991) 215
Figuur 7-4 Die ruimtelike ontwikkeling van die homogene gebied van noordelike Pretoria (1896-1991) 221
Figuur 7-5 Die ruimtelike ontwikkeling van die homogene gebied van noordoostelike Pretoria (1896-1991) 222
Figuur 7-6 Die ruimtelike ontwikkeling van Centurion (1896-1991) 241
Figuur 7-7 Die ruimtelike ontwikkeling van Akasia (1896-1991) 244
Figuur 7-8 Die ruimtelike ontwikkeling van Midrand (1896-1991) 248

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAES

Inhoudsopgawe

BYLAE A: GEOGRAFIESE AFBAKENING 404

Lys van Tabelle

Tabel A-1: Die studiegebied, aanliggende gebied en die res van Gauteng 405

BYLAE B: BESKRYWING VAN KWANTITATIEWE INLIGTING . 411

1 Inleiding 411
2 Die bevolking 411
3 Die bruto geografiese produk 414
4 Inligting oor die fabrieksektor 415
4.1 Die fabrieksensusse van die Sentrale Statistiekdiens 415
4.2 Die Nywerheidsregister van die Buro vir Marknavorsing 416
4.2.1 Redigering van registers 417
4.2.2 Gebruikswaarde en toepaslikheid van die registers 419
5 Die gestandaardiseerde indiensnemingsreekse 422
6 Dorpstigting in die studiegebied 423
7 Nasionale beroepstruktuur in die fabrieksektor en per bevolkingsgroep 426

Lys van Tabelle

Tabel B-1: Die registers saamgestel uit die 1992-nywerheidsregister vir Gauteng 418
Tabel B-2: 'n Vergelyking tussen die 1991-fabrieksensus en die nywerheidsregister van die BMR (aantal waarnemings; 1992) . 421
Tabel B-3: Nasionale beroepstruktuur in die fabrieksektor (1991) 426

BYLAE C: BESKRYWING VAN KWANTITATIEWE TEGNIEKE . 427

1 Bepaling van die faktorintensiteit van die fabrieksektor 427
2 Die bepaling van inkome-vlakke 438
3 Die verband tussen skakelingseffekte, faktorintensiteit en die fabrieksektor 441
3.1 Die klassifisering van ondernemings met hoë en lae interne transaksiekostes 442

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Bepaling van vestigingskonsentrasie 445

Lys van Tabelle

Tabel C-1 Die faktorintensiteit van die fabriekswese in Gauteng 429
Tabel C-2 Beroepstruktuur en geskooldheidsvlakke (1991) 438
Tabel C-3 Inkomekategorieë vir homogene gebiede (1991) 440
Tabel C-4 Beroepstruktuur per inkomevlak (1991) 441
Tabel C-5 Kategorisering van SNK-groepe volgens transaksiekoste 444

Geraadpleegde bronne 447

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

DIE BELANGRIKHEID VAN, PROBLEEMSTELLING EN STRUKTUUR VAN DIE STUDIE

1 Inleiding

'n Stedelike gebied is 'n ruimtelik-gekonsentreerde stelsel van produksie-aktiwiteite wat veelvuldige behoeftes met skaars hulpbronne bevredig. Die aard van stedelike groei en ontwikkeling is die ruimtelike resultaat van die sosio-ekonomiese stelsel wat in 'n gemeenskap van toepassing is. In Suid-Afrika was dit die toepassing van die historiese, sosio-ekonomiese stelsel van Apartheid. Weens die oorheersende invloed wat Apartheid op die sosio-ekonomiese stelsel van die gemeenskap gehad het, is die bestuur en intra-stedelike struktuur van stedelike gebiede ook aan hierdie stelsel diensbaar gemaak. Gegewe 'n nuwe klem wat internasionaal en in Suid-Afrika op stedelike bestuur geplaas word, is die probleemstelling van hierdie studie om die volgende aspek van stedelike bestuur te ondersoek: **die invloed van institusionele veranderlikes op fabrieksvestiging in metropolitaanse gebiede.**

Vervolgens sal die belangrikheid, struktuur en omvang van die studie bespreek word. Laastens volg 'n beskrywing van die studiegebied.

2 Die belangrikheid van die studie

Ruimtelike beleid was 'n belangrike element van ekonomiese beleidsvoering in Suid-Afrika, veral sedert die begin-sestigerjare van die twintigste eeu. In dié beleid het stedelike bestuur, teenoor streeksontwikkeling, 'n ondergeskikte rol gespeel. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

redes vir die belangrikheid van streeksontwikkeling met die klem op die ontwikkeling van agtergeblewe gebiede, was: Die rol wat beplanning in ekonomiese groei en ontwikkeling wêreldwyd in die vyftigerjare begin speel het; die ontstaan van die vakgebied *ontwikkelingsekonomie*, en die oënskynlike bestaan van netto negatiewe eksternaliteite weens groterwordende metropolitaanse gebiede. Hierdie ontwikkelings het baie nou aansluiting gevind by die politieke oogmerke van die regering van die dag, nl. die Nasionale Party, en het ook die ekonomies-teoretiese basis verskaf vir die beleid van Apartheid.

In die ontwikkelende lande is egter sedert die laat sewentigerjare toenemend besef dat streeksontwikkeling en die gepaardgaande beleid om stedelike groei, veral die van metropole, te beperk, nie suksesvol was nie. Dit was nie polities en ekonomies haalbaar nie aangesien ruimtelike ekonomiese beleid al hoe meer in botsing was met die werklike ruimtelike tendense in ontwikkelende lande. Stedelike groei, veral die van primaatstede, sou nie beperk kon word nie en daar is besef dat hierdie groei wel deur stedelike bestuur geakkommodeer kon word.[1] Dit was ook duidelik dat streeksontwikkeling nie ekonomiese groei en ontwikkeling in agtergeblewe gebiede in so 'n mate bevorder het dat dit groei in die metropolitaanse gebiede sou beperk nie. Die besef van die belangrike rol van stedelike bestuur in ruimtelike ekonomiese beleid het in sekere ontwikkelende lande grootskaalse navorsing oor die aard van stedelike bestuur en die sosio-ekonomiese rigting van stedelike groei en ontwikkeling tot gevolg gehad.

In Suid-Afrika is daar veral in die laat tagtigerjare ook tot die besef gekom dat stedelike bevolkingsgroei in die belangrikste metropolitaanse gebiede nie beperk sou

---

1 Townroe (1979:91) som die algemene gevolgtrekking wat 'n einde aan die denke oor die oënskynlike bestaan van te groot stede sou maak en meer klem op stedelike bestuur sou plaas, soos volg op: "... many economic problems attributed to urban size and growth are really more closely related to failure in the planning and management of public urban facilities and services."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word nie. Die afskaffing van beperkinge op stedelike groei in die middel-tagtigerjare en konstitusionele ontwikkelinge sedert 1991,[2] dien as 'n belangrike motivering vir die noodsaaklikheid van stedelike bestuur.

In teenstelling met ander ontwikkelende lande het navorsing oor die aard van stedelike bestuur en die sosio-ekonomiese rigting van stedelike ontwikkeling eers onlangs in Suid-Afrika posgevat. Die navorsing het veral in vakgebiede soos *geografie*, *sosiologie* en *stads- en streeksbeplanning* plaasgevind, terwyl weinig sulke navorsing in die vakgebied, *ekonomie*, plaasgevind het.[3] Die navorsing het ook grootliks gehandel oor die vestiging van die bevolking en min aandag is gegee aan die implikasies van ekonomiese groei en ontwikkeling vir stedelike bestuur.

Die resultaat hiervan in Suid-Afrika is stedelike krisisbestuur sonder 'n duidelik gedefinieerde teoretiese raamwerk vir stedelike groei en ontwikkeling. Die gevolg is reaktiewe beleide in die stedelike beleidsvoeringsproses i.p.v. pro-aktiewe beleide. Met verwysing na Suid-Afrikaanse stedelike gebiede stel Dewar (1991a:iv) die probleem soos volg:

> "Management is the key, yet few fundamental questions are even being asked about what management should be attempting to achieve, let alone what concrete ideas or practices should be initiated.", en verder: "It has become increasingly apparent in recent years that there are no common philosophies,

---

2 Kyk voetnota 9.

3 Die indeks van Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, 1933-1992 (Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika 1993:12-63) gee 'n aanduiding van die klem wat op navorsing oor stedelike gebiede in die vakgebied *ekonomie* gelê is. Die indeks oor artikels beslaan 51 bladsye, terwyl die onderwerp "Stedelik, landelik en streeksekonomie" slegs twee van hierdie 51 bladsye beslaan. Die indeks oor lg. onderwerpe behels 49 artikels, uitgesonderd kommentaar deur ander skrywers. Slegs in ongeveer 18 uit die 49 artikels word aan stedelike aangeleenthede aandag gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

approaches or ideas about what is needed, or indeed what the real nature of the management problem is ... ."

Een doelstelling van stedelike bestuur is die vermindering van die beperkinge op toegang tot ekonomiese aktiwiteite in stedelike gebiede (Watson 1993:162). Dit handel dus oor die verhoging van toegang van die stedelike bevolking tot beperkte hulpbronne soos grond, werksgeleenthede, kapitaal en ondernemerskap om stedelike groei en ontwikkeling te bevorder.

'n Kenmerkende eienskap van die intra-stedelike struktuur van stedelike gebiede in Suid-Afrika was dat stedelike grondgebruik as instrument gebruik is om toegang tot stedelike hulpbronne te vergemaklik óf om beperkinge op toegang te plaas. Die oorwegende doelwit met hierdie stedelike grondgebruikspatroon was om die ekonomiese, sosiale en politieke beheer van die blanke bevolkingsgroep[4] te vestig. Stedelike grondgebruik is dus gebruik om die modernisering[5] van die blanke inwoners te bewerkstellig, terwyl dié van die nie-blanke inwoners beperk is. Die gevolg hiervan was dat blankes ekonomiese, sosiale en politieke beheer oor die stedelike produksie-aktiwiteite verkry en behou het.

Die Apartheidstad is dus grootliks die resultaat van 'n blanke institusionele raamwerk. In hierdie institusionele raamwerk kom die blanke waardestelsel tot uiting in instellings oor hoe grondgebruik behoort plaas te vind. Hierdie instellings word deur

---

4 Die gebruik van bevolkingsgroepe in hierdie studie word slegs as tiperend vir sosio-ekonomiese groeperinge gebruik en dui nie op die historiese gebruik daarvan in Suid-Afrika nie. Die vier bevolkingsgroepe is Asiërs, blankes, Kleurlinge en swartes. Laasgenoemde drie bevolkingsgroepe word gesamentlik as nie-blanke bevolkingsgroepe vir ontledingsdoeleindes geklassifiseer. Dit is verder nodig om daarop te let dat die swartes uit verskeie etniese groepe bestaan.

5 Fair (1976:55) definieer stedelike modernisering as "... the geographic diffusion of urban values, behaviour, organizations and institutions."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

organisasies, soos die regering van die dag, as legitieme praktyk vir grondgebruiksbeplanning toegepas.

Die Apartheidstad wat weens hierdie grondgebruikspatroon tot stand gekom het, het die volgende kenmerke (Krige 1988:16):

- 'n dominante blanke sentrale sakekern;[6]
- in sekere stede 'n onderhorige en randgerigte Asiër sentrale sakekern;
- fabrieksgebiede in blanke besit wat 'n bufferfunksie tussen verskillende bevolkingsgroepe se woongebiede vervul;
- periferaal geleë en gekonsolideerde swart, Asiër- en Kleurlingwoongebiede wat geplaas is om toekomstige periferale uitwaartse uitbreiding van dié woongebiede te verseker, en
- opruiming van areas van bevolkingsvermenging, krotbuurtes en plakkerskampe.

Die intra-stedelike en ekonomiese gevolge van hierdie grondgebruikspatroon is gefragmenteerde, uitgestrekte[7] stedelike gebiede en 'n skerp skeiding en skewe verdeling van toegang tot stedelike hulpbronne tussen die bevolkingsgroepe (Dewar 1991a:x-xii).

Die fragmentasie van Suid-Afrikaanse stede kom op twee vlakke ruimtelik tot uiting, nl. die fragmentasie van die totale stedelike gebied tussen bevolkingsgroepe en tweedens, die fragmentasie van grondgebruike per onderskeie bevolkingsgroep. Onderskeid kan dus getref word tussen makrofragmentasie en mikrofragmentasie.

---

6 Na tersiêre ekonomiese aktiwiteit word, waar toepaslik, verwys as "sake", soos sakepersele en sakegeboue.

7 'n Vertaling van "sprawled".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eersgenoemde is grootliks weens Apartheidsbeleid en laasgenoemde die gevolg van 'n Westerse, stedelike beplanningstradisie (Dewar & Uytenbogaardt 1991:10). Beide vorme van fragmentasie hou implikasies in vir die stedelike bevolking se toegang tot ekonomiese aktiwiteite.

Makrofragmentasie het tot gevolg gehad dat plaaslike inkomebronne van nie-blanke bevolkingsgroepe weerhou is aangesien die oorgrote meerderheid van gebiede van werksgeleenthede, bv. fabrieks- en sakegebiede, hoofsaaklik onder blanke plaaslike owerheidsbeheer was. Die nie-blanke bevolkingsgroepe het nie voordeel getrek uit die plaaslike owerheidsbesteding nie aangesien hulle nie beheer oor die geografiese bestedingspatroon van hierdie inkome gehad het nie. Blanke plaaslike owerhede het die inkomebronne gehad en ook die besluitnemingsbevoegdheid, gegrond op 'n spesifieke institusionele raamwerk, oor waar en hoe besteding moes plaasvind. Laasgenoemde was deels te danke aan die gebrekkige ontwikkeling van 'n plaaslike owerheidstelsel vir nie-blanke bevolkingsgroepe.

Die gevolge van mikrofragmentasie het op alle bevolkingsgroepe toepassing gevind aangesien 'n skerp skeiding tussen woongebiede en gebiede van werksgeleenthede ontstaan het. Hierdie skeiding het egter nie die blanke bevolkingsgroep in dieselfde omvang as die ander drie bevolkingsgroepe nadelig geraak nie. Hoë-inkome blankes se toegang tot ekonomiese aktiwiteite is vergemaklik weens 'n hoë vlak van mobiliteit en deur politieke beheer oor waar gebiede van werksgeleenthede moes vestig. Dit was nie die geval met die nie-blanke bevolkingsgroepe, veral die swartes, nie. Hulle het 'n beperkte intra-stedelike mobiliteit en het geen werklike deelname in politieke besluitneming gehad oor waar gebiede van werksgeleenthede gevestig mag word nie.

Die konstitusionele verandering in Suid-Afrika sedert 1991 hou drie implikasies vir die aard van stedelike bestuur in. Daar is eerstens op nasionale vlak na 'n volle demokrasie beweeg, met die African National Congress oorheersend in 'n regering van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nasionale eenheid. Die breë beleidsraamwerk van Apartheid is vervang deur 'n beleidsraamwerk van heropbou en ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe. Waar die stedelike gebiede die ruimtelike resultaat van Apartheid is, sal dié gebiede nou toenemend ruimtelik die nasionale beleid van heropbou en ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe weerspieël. Volgens die African National Congress is een van die doelstellings van die beleid van heropbou en ontwikkeling (ANC 1994:83): "... the need to break down apartheid geography through land reform, more compact cities, decent public transport, and the development of industries ...".

Tweedens het die demokratiseringsproses tot gevolg dat daar nou politieke besluitnemers in plaaslike owerhede is wat die nasionale beleid van heropbou en ontwikkeling steun. Derdens is daar weggedoen met die fragmentasie van stedelike gebiede, gegrond op bevolkingsgroeperinge, deur die daarstel van gesamentlike bestuur oor funksionele stedelike gebiede. Die politieke beheer van toegang tot ekonomiese aktiwiteit is dus nou binne die demokratiese besluitnemingsproses geplaas.

Weens dié veranderings sal daar gepoog word om legitimiteit te verleen aan ander doelstellings as wat tot dusver die geval was en wat aanleiding tot die kenmerke van die Apartheidstad gegee het. Hoewel hierdie nuwe institusionele raamwerk verandering in doelstellings tot gevolg sal hê, sal hierdie veranderinge ook die gevolg wees van die noodsaaklikheid vir verandering.

Hierdie noodsaaklikheid ontstaan weens die aard van verstedeliking, nl. die akkommodering van 'n snelgroeiende lae-inkome ongeskoolde bevolking. Die historiese en bestaande grondgebruikspraktyke maak grootliks voorsiening vir 'n hoë-inkome blanke bevolking wat toegang tot stedelike hulpbronne het. Die genoemde mikrofragmentasie dien die belange van hoë-inkome blankes aangesien hul intra-stedelike mobiliteit heelwat hoër is as dié van lae-inkome gemeenskappe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongeag hierdie veranderinge kan dit aanvaar word dat die aard van vestiging per gebied, bv. die van woongebiede of gebiede van werksgeleenthede, die historiese patroon sal voortsit en dat daar slegs marginale verandering in die aard van gevestigde grondgebruike sal plaasvind (Townroe 1979:99).[8] Die verandering in die breë beleidsraamwerk, van Apartheid tot heropbou en ontwikkeling, sal dus nie wesenlik aan die bestaande grondgebruike verander nie. Vir doeleindes van stedelike bestuur is dit egter belangrik om besluite te kan neem oor nuwe toetredes tot die stedelike bevolking en ekonomiese aktiwiteite. Dit is waar die nuwe beleidsformuleerders die grootste invloed sal kan uitoefen. Om dit te kan doen is 'n duidelike besinning oor die aard en patroon, motivering vir en implikasies van die vestiging van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite nodig om 'n teoretiese raamwerk vir stedelike groei en ontwikkeling daar te stel. Stedelike bestuursbesluite kan daarom op so 'n teoretiese raamwerk gebaseer word.

Stedelike bestuur behels besluitneming oor 'n groot aantal geïntegreerde faktore wat 'n invloed op die welvaart van die stedelike gemeenskap uitoefen. Die ontwikkeling en groei van die fabrieksektor is een van dié faktore. Die aard van die fabrieksektor het die volgende implikasies vir stedelike bestuur:

- Weens die belangrikheid as indiensnemingsektor het dit 'n bepalende invloed op die indiensnemingsvestigingspatroon in stedelike gebiede;
- Weens die moontlikheid van ruimtelike verplaasbaarheid is dit tradisioneel 'n belangrike beleidsinstrument om die grondgebruikspatroon in stedelike gebiede te beïnvloed;
- Dit is waarskynlik die belangrikste sektor, in stedelike verband, om modernisering van die bevolking, dus 'n verandering in die sosio-ekonomiese

---

8 Hieroor merk Fujita en Thisse (soos aangehaal deur Martin (1999:70)) soos volg op: "... there is a priori considerable uncertainty and flexibility in where particular activities locate, but once spatial differences take shape they become quite rigid."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarde-oriëntasie van 'n nuut-verstedelikte bevolking van 'n tradisionele tot 'n moderne produksie- en verbruikstelsel te bewerkstellig, en

- Dit is 'n belangrike inkomebron vir plaaslike owerhede.

Die fabrieksektor, meer spesifiek fabrieksvestiging, se historiese rol in die akkommodering van verstedeliking vorm dus die kern van bespreking in hierdie studie. Groei en ontwikkeling van die fabrieksektor vind egter nie losstaande van 'n spesifieke institusionele raamwerk plaas nie. Dié institusionele raamwerk moet bepaal word. Die historiese rol van die fabrieksektor verwys na die tydperk tot en met 1991.[9]

Die belangrikheid van dié studie kan dus opsommend soos volg gestel word:

- Die veranderde aard van die verstedelikte bevolking en die besluitnemers in plaaslike owerhede noodsaak 'n herbesinning oor watter instellings histories aanleiding gegee het tot intra-stedelike vestiging, spesifiek fabrieksvestiging in stedelike gebiede;
- Die bepaling van dié instellings sal 'n aanduiding verskaf van die onderlinge belangrikheid van verskillende soorte instellings, soos instellings van die gemeenskap of owerheid in intra-stedelike fabrieksvestiging, indien daar bepaal kan word dat instellings relevant was in die beïnvloeding van

---

9 Die redes waarom 1991 as datum gekies is, is grootliks bepaal deur die volgende faktore:
- Politieke gebeurtenisse. Die konstitusionele hervormingsproses het momentum begin kry met die toespraak van die destydse staatspresident in Februarie 1990 waartydens die ontbanning van alle verbode belangegroepe aangekondig is.
- In 1991 is wetgewing aanvaar waarin alle rasgebaseerde wetgewing wat op grond betrekking gehad het, geskrap is.
- Die beskikbaarheid van kwantitatiewe inligting. Amptelike inligting oor die bevolking, die fabrieksektor en die bruto geografiese produk was beskikbaar vir 1991, asook nie-amptelike inligting oor die fabrieksektor (kyk Bylae B, Afdeling 4.2) vir 1992.

Verskeie ander jare was egter ook belangrik, soos 1993 toe die Oorgangswet op Plaaslike Regering aanvaar was, 1994 met die eerste demokratiese nasionale verkiesing en ook 1995 met die eerste demokratiese plaaslike owerheidsverkiesings.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieksvestiging, en

- Die identifisering van die instellings en hul onderlinge belangrikheid sal vir die nuwe besluitnemers in stedelike bestuur 'n teoretiese raamwerk verskaf vir die beïnvloeding van fabrieksvestiging en vir die akkommodering van verstedeliking.

3 Struktuur en omvang van die studie

Die volgende drie hoofstukke bespreek die teoretiese uitgangspunte onderliggend aan stedelike groei en ontwikkeling. Hoofstuk 2 gee aandag aan die vakkundige agtergrond van die probleemstelling in 'n historiese perspektief. Eerstens word aandag aan die bronne van stedelike groei en ontwikkeling gegee. Tweedens word die vestigingsteorie binne die historiese ontwikkeling van die studieveld *ruimtelike ekonomie* bespreek en laastens word stedelike bestuur met ander ruimtelike beleidsvorme vergelyk.

Hoofstuk 3 bespreek vier teoretiese benaderings tot intra-stedelike vestiging. Die vier benaderings wat aandag geniet, is die Ekologiese Modelle, die Neo-klassieke Benadering, die Strukturele Benadering en die Nuwe Institusionele Benadering. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die Nuwe Institusionele Benadering 'n meer aanvaarbare teoretiese raamwerk vir die bestudering van Suid-Afrikaanse stedelike groei en ontwikkeling verskaf.

Die noodsaak van 'n teoretiese raamwerk vir stedelike groei en ontwikkeling moet met fabrieksvestiging in verband gebring word deur eerstens te bepaal of fabrieksvestiging as instrument in stedelike bestuur gebruik kan word om toegang tot ekonomiese aktiwiteite in stedelike gebiede te verhoog.[10] Dit is die onderwerp van bespreking in

---

10 Kyk latere paragrawe waar aangedui word wat nie in hierdie studie ondersoek sal word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4 en die belangrike rol van fabrieksvestiging in stedelike bestuur word hier bevestig.

Die moontlike rol van die fabrieksektor in stedelike verband word in Hoofstuk 5 vanuit 'n normatiewe perspektief bespreek. Die doel is om sekere norme daar te stel waarteen die werklike aard van fabrieksvestiging in die studiegebied ontleed kan word.

Gegewe die aard van nie-selektiewe en toeganklike fabrieksvestiging, soos bepaal in Hoofstuk 5, ontstaan die vraag watter invloed, indien enige, die huidige aard van fabrieksvestiging tot 1991 op die nie-blanke bevolkingsgroepe gehad het. Hierdie vraag word in Hoofstuk 6 beantwoord. Daar bestaan verskeie wyses waarop die aard van fabrieksvestiging toetrede van die nie-blanke bevolkingsgroepe kan beperk. Faktore wat hier 'n rol kan speel, is bv. die geografiese vestiging van plaaslike owerheidsbesteding, fabrieksvestiging wat nie 'n vraag na ongeskoolde arbeid daarstel nie en gebrekkige ondersteunende hulpmaatreëls soos gesubsidieerde finansiële hulp, ens. In hierdie studie word slegs die ruimtelike en sektorale aard van die fabrieksektor ontleed.

Verskeie rolspelers beïnvloed fabrieksvestiging in stede. Volgens die Nuwe Institusionele Benadering sal die instellings van die gemeenskap, die owerheid en die ondernemer in 'n proses van mededingende konflik die ruimtelike en sektorale aard van fabrieksvestiging bepaal. In 'n raamwerk van mededingende konflik word soortgelyke of gemeenskaplike indiwiduele instellings saamgevoeg in belangegroepe. Die doel van dié belangegroepe is om deur die vermindering van transaksiekoste groter bedingingsmag in die proses van mededingende konflik te verkry. Die intra-stedelike struktuur is die uitkoms van die mededingende konflik tussen belangegroepe.

Voordat dié instellings van die verskillende rolspelers egter bespreek word, word die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

historiese intra-stedelike ontwikkeling van die onderskeie plaaslike owerhede in Hoofstuk 7 bespreek. Die hoofstuk is grootliks beskrywend van aard en dien as agtergrond tot die volgende drie hoofstukke.

Hoofstukke 8 tot 10 ontleed die rol van die gemeenskap, owerheid en ondernemer se institusionele raamwerke in fabrieksvestiging in die studiegebied. Die vraag is: Watter institusionele faktore, indien enige, het aanleiding gegee tot die aard van fabrieksvestiging? Die vraag of die Nuwe Institusionele Benadering wel 'n voldoende verklaring vir fabrieksvestiging verskaf, word in hierdie drie hoofstukke beantwoord.

In Hoofstuk 11 volg 'n opsomming en gevolgtrekking. Daar sal gewys word op enkele institusionele veranderings wat na 1991 gevolg het en sekere riglyne sal geïdentifiseer word wat 'n bydrae kan maak tot die teoretiese raamwerk vir stedelike bestuur in Suid-Afrika.

Hoewel fabrieksvestiging die gevolg is van die sosio-ekonomiese omgewing ekstern aan die geografiese ruimte waar vestiging plaasgevind het (Massey 1984:40-44), is dit nie die doel van hierdie studie om te bepaal hoekom fabrieksontwikkeling in Suid-Afrika plaasvind en of dit enigsins in die toekoms wel sal plaasvind nie. Alhoewel daarna verwys sal word, poog die studie nie om die makro-ekonomiese beleidsmaatreëls wat stedelike ekonomiese groei bevorder, te ondersoek nie. Toegang tot die fabrieksektor word nie alleen deur die ruimtelike of sektorale aard van fabrieksvestiging bepaal nie. Ander faktore soos die aanbod van kapitaal of ondernemers is ook relevante faktore wat in stedelike bestuur na vore kom. Hierdie aspekte word egter nie ontleed nie.

Hierdie studie hou grootliks verband met die formele fabrieksektor. Die informele fabrieksektor word nie direk ondersoek nie. Gegewe die aard van stedelike bevolkingsgroei, kan aanvaar word dat die informele sektor relevant sal wees vir Suid-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrikaanse stedelike ontwikkeling. Die informele sektor is egter 'n studie op sy eie en die insluiting daarvan sal die omvang van die studie onhanteerbaar maak. Uit opnames (SA. Sentrale Statistiekdiens 1991a) blyk dat informele vervaardiging nie so 'n groot deel van die totale informele sektor uitmaak nie. Tersiêre sektoraktiwiteite oorheers dié sektor.

Die studie ondersoek nie alle mark- en nie-markverwante vestigingsfaktore nie, maar konsentreer op die institusionele verband van fabrieksvestiging. Uit die literatuur is daar omvattende lyste, ondersoeke en besprekings van moontlike faktore wat 'n invloed op fabrieksvestiging kan uitoefen. Dit is nie die doel om al hierdie faktore weer te bespreek nie. Uitsluitlik institusionele faktore wat 'n invloed op fabrieksvestiging het, gaan bepaal en ontleed word. Dit is waarskynlik nie bevredigend nie, maar die volgende drie redes stel hierdie studie in perspektief.

Fabrieksvestiging moet eerstens i.t.v. 'n duidelik gedefinieerde raamwerk beskou word wat die proses van vestiging, dus oorsaak en gevolg, duidelik kan omskryf (Scott, A.J. 1982:111-142). Die identifisering van vestigingsfaktore wat tradisioneel die wyse van ontleding van fabrieksvestiging was, verduidelik nie die oorsaak en gevolg in 'n voldoende mate om beleidsbesluite te kan maak nie. Stedelike bestuur is tweedens die resultaat van 'n verskeidenheid instellings van die gemeenskap, owerheid en ondernemers. Laastens was die beleid van Apartheid die resultaat van die institusionele raamwerk wat blanke belange bevorder het en vanuit dié oogpunt 'n belangrike invloed op die aard en struktuur van stedelike gebiede gehad het.

Al die implikasies van die beleid van Apartheid word nie ontleed nie. Die Apartheidstad is slegs die stedelike vorm, dus een aspek, van 'n totale sosio-ekonomiese stelsel. Die funksionering van die Apartheidstad is die resultaat van 'n verskeidenheid van ekonomiese, sosiale en politieke faktore. Dit is nie die doel om al hierdie faktore te ondersoek nie, maar slegs daardie aspekte wat op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieksvestiging van toepassing is.

Dit is ook nie die doel om 'n afruiling tussen die ekonomiese posisies van die blanke en nie-blanke bevolkingsgroepe te maak nie. Die doel is om die rol van fabrieksvestiging in die bereiking van 'n dinamiese doeltreffende stedelike stelsel waarin alle bevolkingsgroepe 'n rol speel, te ondersoek.

4 'n Beskrywing van die studiegebied

Die studie, as 'n gevallestudie, is toegespits op die munisipale gebiede van Pretoria, Centurion,[11] Midrand en Akasia.[12] Die eerste drie munisipale gebiede vorm gesamentlik die Groter Pretoria Metropolitaanse Raad (GPMR), terwyl Midrand deel is van die Groter Johannesburg Metropolitaanse Raad. In Tabel 1-1 word die stedelike gebiede waaruit die studiegebied bestaan, aangedui.

Die vier munisipale gebiede in die **studiegebied** vorm deel van Gauteng en kan op intra-provinsiale vlak as Noord-Gauteng gedefinieer word. Gauteng was en is grootliks in ruimtelike ekonomiese beleid die teikengebied vir direkte of indirekte maatreëls om fabrieksvestiging te ontmoedig. Die redes hiervoor is die gekonsentreerde aard van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite in hierdie provinsie. Tesame hiermee het historiese maatreëls oënskynlik bevolkingsdruk genoegsaam in hierdie gebied beperk om die noodsaak van metropolitaanse bestuur te ontken. Verstedeliking, toenemende aansprake op beperkte stedelike hulpbronne, tesame met 'n vermoedelike verswakking van die ekonomiese basis van Gauteng (Tomlinson 1993:335-360), noodsaak 'n ondersoek van hierdie gebied in die algemeen.

---

11 Hierdie munisipale gebied was voorheen bekend as Verwoerdburg.

12 Na dié munisipale gebiede sal voortaan slegs verwys word as onderskeidelik Pretoria, Centurion, Midrand en Akasia.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 1-1: Geografiese beskrywing van die studiegebied

Provinsie	Landdros-distrik	Stedelike gebied	Studiegebied	
			Konstitusionele status	
			Voor 1993	Na 1993
Gauteng	Pretoria (+) Wonderboom (-) Cullinan (-)	Pretoria	Mun.	Mun. van Pretoria
Gauteng	Pretoria	Atteridgeville	Mun.	
Gauteng	Wonderboom	Mamelodi	Mun.	
Gauteng	Wonderboom	Roodeplaat	PGK	
Gauteng	Pretoria	Centurion	Mun.	Mun. van Centurion
Gauteng	Pretoria	Rantesig	PGK	
Gauteng	Wonderboom	Akasia	Mun.	Mun. van Akasia
Gauteng	Soshanguve	Soshanguve	Bestuur deur die Dept. van Streek- en Grondsake	
Gauteng	Randburg (+) Pretoria (-) Kempton Park (-)	Midrand	Mun.	Mun. van Midrand

Notas: a) Afkortings gebruik: Mun.: Munisipaliteit; PGK: Plaaslike Gebiedskomitee, ingestel volgens Ordonnansie tot Instelling van 'n Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943) van die Provinsiale Raad van Transvaal (Cloete 1989:231-232); (+): Die groter deel van stedelike gebied val in die genoemde landdrosdistrik, en (-): Die kleiner deel van hierdie stedelike gebied val in die genoemde landdrosdistrik.

b) Hoewel die konstitusionele verandering volgens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993, in 1994 in werking getree het, verwys die datum van 1993 na die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, wat die konstitusionele verandering van plaaslike owerhede gefasiliteer het.

Bron: SA. Sentrale Statistiekdiens (1991b).

Die munisipale gebiede van Akasia, Pretoria en Centurion vorm 'n geïntegreerde stedelike geheel in die GPMR, terwyl Midrand 'n natuurlike ontwikkelingsas tussen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sentraal-Gauteng en Noord-Gauteng vorm. Die studiegebied gee in 'n besondere wyse 'n historiese profiel van die toepassing van ruimtelike beleid in Suid-Afrika.

Eerstens is die studiegebied die tipiese resultaat van Apartheidsbeleid t.o.v. inter- en intra-stedelike vestiging. Die oorheersende belangrikheid van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid in Suid-Afrika word beliggaam in die teenwoordigheid van Rosslyn as groeisentrum in Akasia. Dit het 'n groot invloed op die fabrieksontwikkeling van Pretoria gehad, waar lg. 'n goeie voorbeeld van die tipiese Apartheidstad was. Hoewel nie uniek aan Pretoria nie, bestaan daar twee swart woongebiede, Atteridgeville en Mamelodi, wat deur fabrieksgebiede van die blanke woongebiede in Pretoria geskei word. Stedelike groei in hierdie swart woongebiede is beperk om swart instroming na Pretoria te ontmoedig.

Centurion is die toonbeeld van omvattende bloudrukbeplanning wat by uitstek die blankes se belange gedien het. Dit was nie nodig om vir fabrieckswerksgeleenthede voorsiening te maak nie - dit was in Pretoria aanwesig, en daar was geen nie-blanke woongebiede nie. Midrand het ook grootliks as blanke plaaslike owerheid ontwikkel.

Tweedens illustreer die studiegebied duidelik hoe die verskillende beleide van Apartheid, soos streeksnywerheidsontwikkeling, bevolkingskeiding en intra-stedelike monofunksionaliteit, tot uiting kom in die makro- en mikrofragmentasie van die Apartheidstad. Dié fragmentasie het die toegang tot ekonomiese aktiwiteit van 'n groot deel van die bevolking, nl. die lae-inkome nie-blanke bevolking, beperk.

In die noordelike en noordoostelike **aanliggende gebied** van Gauteng word 'n verskeidenheid blanke en swart stedelike en semi-stedelike gebiede gevind. Hierdie gebiede het almal as groeisentrums of dekonsentrasiepunte in die voor-1991 streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid gedien en het daarom vanweë die toepassing van ruimtelike beleid 'n bepalende invloed op fabrieks- en bevolkingsvestiging in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

studiegebied gehad. Die studiegebied kan nie in isolasie van hierdie aanliggende gebied beskou word nie.

Aan die suide word Noord-Gauteng begrens deur Sentraal-Gauteng. Benewens Sentraal-Gauteng, is die ander streke in Gauteng ook uiters belangrike streke vir bevolking- en fabrieksvestiging. In der waarheid is die hele Gauteng 'n geïntegreerde metropolitaanse streek en die groei en ontwikkeling van hierdie streke, wat as die **res van Gauteng** gedefinieer kan word, het 'n invloed op die groei en ontwikkeling van Noord-Gauteng.

Hoewel daar dus primêr op die studiegebied in Tabel 1-1 gekonsentreer word, sal daar ook ontledings t.o.v. hierdie aanliggende gebied en die res van Gauteng gedoen word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

STEDELIKE GROEI EN ONTWIKKELING: 'N TEORETIESE PERSPEKTIEF

1 Inleiding

Die relevansie van *ruimtelike ekonomie* as studieveld het weens die verskille in die aard en omvang van ekonomiese en bevolkingsgroei tussen gebiede ontstaan. Die bronne van stedelike groei word eerstens bespreek. Dit verklaar die verskille tussen landelike en stedelike gebiede wat deur die aard en omvang van bevolkingsvestiging en ekonomiese aktiwiteite in die onderskeie gebiede bepaal word. Tweedens word die ontwikkeling van die vakkundige belangstelling in die vestigingsteorie bespreek. Daar word aangedui hoe die vestigingsteorie in die *ruimtelike ekonomie* relevant is en hoekom daar 'n verskuiwing van studieveld van *streeksekonomie* na die *stedelike ekonomie* plaasgevind het.

2 Die bronne van stedelike groei

Die bronne van stedelike groei en ontwikkeling verklaar die toenemende konsentrasie van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite en verskaf die teoretiese uitgangspunte vir die oorsaak van hierdie konsentrasie. In die verstedelikingsteorie word twee verklarings vir stedelike groei en ontwikkeling voorgehou. Die eerste verklaring vestig die aandag op die konsentrasie van produksie-aktiwiteite in stede. Tweedens word die invloed van ekonomiese omstandighede op die omvang en koers van landelik-stedelike migrasie en op bevolkingsgroei voorgehou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1 Produksie-aktiwiteite

'n Verklaring[1] vir die stedelike konsentrasie van produksie-aktiwiteite wat aanleiding tot stedelike groei gee, kan vanuit 'n aanbod- en vraagkant benader word. Die aanbodkant beklemtoon interne (stygende skaalopbrengs) en eksterne skaalvoordele (agglomerasievoordele)[2] (Krugman 1998:8; McCarthy 1999:382) in stedelike gebiede. Volgens die vraagkant is die verskil in inkome-elastisiteite tussen die vraag na produkte van stedelike gebiede (vervaardigde produkte en produkte van die dienstesektor) en dié van landelike gebiede (landbouprodukte) die verklaring vir stedelike konsentrasie (Kelley & Williamson 1987:43; Tolley 1987:16-18).[3]

In die geval van die aanbodkant het interne skaalvoordele te doen met die fisiese produksie en dit word bv. gekry in 'n onderneming wat stygende skaalopbrengs ondervind. In die geval van dalende skaalopbrengs sal interne disekonomie van skaal die gevolg wees.

---

1 Produksie-aktiwiteite as 'n verklaring vir stedelike groei sal afhang van die aard van 'n spesifieke stedelike gebied. Dit is dus moontlik dat die rol van die fabrieksektor, wat in hierdie afdeling bespreek word, nie kan dien as 'n verklaring vir die groei van bv. administratiewe stede nie.

2 Dit is nie presies duidelik wat agglomerasievoordele beteken nie. Richardson (1978:304) merk soos volg hieroor op: "Agglomeration economies are a 'catch-all' concept and are notoriously difficult to measure. Thus, the hypothesis that urban growth depends on agglomeration economies becomes almost a truism." Oor agglomerasievoordele gee Krugman (1998:8) die volgende algemene verwysing: "... not only agglomeration in general, but any particular example of agglomeration, typically reflects *all* items on the menu." Sommige skrywers soos Richardson (1978:304-313) beskou beide interne en eksterne skaalvoordele as agglomerasievoordele. McCarthy (1999:382) se definisie gee egter meer duidelikheid hieroor: "The driving force of this process of cumulative growth is increasing returns to scale in production (internal economies of scale) and agglomeration advantages, that is, lower production costs because of the proximity of other firms and industries (external or agglomeration economies), ..."

3 Dit is interessant om daarop te let dat Adam Smith reeds in 1776 hierdie verklaring as 'n rede vir stedelike groei voorgehou het (Stull 1986:296-297).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eksterne skaalvoordele gee aanleiding tot 'n verlaging van produksiekoste en het 'n monetêre invloed (Smith 1981:60-62). Twee tipes word hier gekry, nl. plaaslike skaalvoordele[4] en verstedelikingskaalvoordele (Richardson 1978:304-313).

In die geval van plaaslike skaalvoordele vind 'n verlaging van koste plaas indien dieselfde tipe van produksie-aktiwiteite in dieselfde stedelike gebied vestig. Insette eie aan 'n spesifieke produksie-aktiwiteit bestaan reeds. Dié aanbod van insette bestaan omdat daar konsentrasie van die spesifieke produksie-aktiwiteit bestaan. Verstedelikingskaalvoordele ontstaan waar koste-voordele vir enige tipe produksie-aktiwiteit in 'n gekonsentreerde stedelike gebied ontstaan. Hier ontstaan koste-voordele nie weens spesifieke insette nie, maar is meer indirek van aard, soos 'n goeie fisiese en dienste-infrastruktuur.

Volgens die vraagkant vind 'n verandering in die inkome-elastisiteite plaas namate 'n land ekonomies groei. Weens die verskil in inkome-elastisiteite tussen landelike en stedelike produkte reageer die vraag na lg. sterker op inkome-groei. In die vroeë stadiums van ekonomiese groei, gekenmerk deur lae gemiddelde inkome, word 'n groter persentasie van totale gemiddelde inkome op landbouprodukte bestee. Met ekonomiese groei verhoog die persentasie van die totale gemiddelde inkome wat op stedelike produkte bestee word en neem die vraag na stedelike produkte na verhouding meer toe as dié na landelike produkte. Die gevolg is dat produksie in stedelike gebiede teen 'n hoër koers plaasvind as in landelike gebiede aangesien die gemiddelde verbruiksgeneigdheid in stedelike gebiede hoër is as die vir landelike produkte. Weens hierdie verskille in die inkome-elastisiteit van die vraag, dra 'n groter mate van deelname aan internasionale handel by tot verdere stedelike groei, aangesien internasionale handel toenemend in stedelike produkte plaasvind.

---

4 'n Vertaling van "localization economies".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2 Bevolkingsgroei en migrasie

Die ander bron van stedelike groei is landelik-stedelike migrasie en die natuurlike aanwas van die stedelike bevolking.

Die vertrekpunt van die Todaro-model (Todaro 1976:201-206 & 1982:213-216)[5] oor landelik-stedelike migrasie is dat ongeskoolde en halfgeskoolde landelike inwoners vir 'n gegewe tydhorison migrasie oorweeg op grond van die verskille in verwagte inkome i.p.v. die verskille in werklike inkome tussen landelike en stedelike gebiede. Indien die verwagte inkome in stedelike gebiede hoër is as in landelike gebiede, vind migrasie ondanks die bestaan van stedelike werkloosheid plaas. Die potensiële migrant weeg die moontlikheid van tydelike werkloosheid in stedelike gebiede op teenoor die inkome-differensiaal. Solank die huidige waarde van verwagte inkome oor die migrant se tydhorison hoër is as die verwagte landelike inkome, is die migrasie regverdigbaar.

'n Ander belangrike determinant van stedelike groei is die natuurlike aanwas van die reeds verstedelikte bevolking. Volgens die Verenigde Nasies Organisasie is natuurlike aanwas in ontwikkelende lande die belangrikste bydraer tot stedelike bevolkingsgroei.[6] Ontledings van hierdie organisasie toon aan dat gemiddeld 60.7% van die stedelike bevolkingsgroei aan natuurlike aanwas toegeskryf kan word, teenoor 39.3% aan in-migrasie (SA. Presidentsraad 1985:46; Urban Foundation 1990a:6-7).

---

5 Van die eerste modelle wat gepoog het om landelik-stedelike migrasie te verklaar, was die Lewis-model (Lewis 1954:139-191). Volgens hierdie model vind migrasie van die lae-inkome landelike gebiede na stedelike gebiede van hoë inkome plaas. Die vlak van migrasie word bepaal deur die investeringskoers in stedelike gebiede. Werklike inkome is dus die motivering vir migrasie.

6 Hierdie persentasies kan egter tussen lande verskil en hang o.a. af van die verstedelikingsvlak in 'n spesifieke land.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3 Die rol van die vestigingsteorie in die *ruimtelike ekonomie*

Fabrieksvestiging in stedelike verband is deel van die vestigingsteorie, waar lg. in beide studievelde van *stedelike ekonomie* en *streeksekonomie* toepassing vind. Gesamentlik vorm lg. twee studievelde die subvakgebied *ruimtelike ekonomie*.[7] Die vakgebied *ekonomie* bestaan uit 'n aantal subvakgebiede, soos *ontwikkelingsekonomie, arbeidsekonomie*, *owerheidsekonomie,* ens. Dié inter-dissiplinêre verband word in Figuur 2-1 geïllustreer.

Ekonomiese aktiwiteite, gerig op die probleem van relatiewe skaarsheid,[8] vind nie in 'n ruimtelike vakuum plaas nie. *Ruimtelike ekonomie* se teoretiese relevansie is gebaseer op die bestaan van verskille in die aard van bevolkingsvestiging en

---

7 Volgens Krugman (1995:33) is die studieveld wat handel oor die vestiging van ekonomiese aktiwiteit *ekonomiese geografie*. Krugman (1998:7) verwys later hierna as die "*nuwe ekonomiese geografie*" om dit te onderskei van die tradisionele vestigingsteorieë en *ekonomiese geografie*. Beide *stedelike ekonomie* en *streeksekonomie* kan dus ook as *ekonomiese geografie* beskryf word. Breedweg kan hierdie studie ook as *ekonomiese geografie* beskou word aangesien dit aansluit by die definisie of vertrekpunte van *ekonomiese geografie*, nl. (Martin 1999:75) "... it is precisely the social, *institutional* (eie kursivering), cultural and political *embeddedness* of local and regional economies that can play a key role in determining the possibilities for or constraints on development, and thus why spatial agglomeration of economic activity occurs in particular places and not others". Dié studie sou egter nie ingesluit kan word by die *nuwe ekonomiese geografie* van Krugman nie. Die redes hiervoor is die inter-streekse aard en die ignorering van institusionele faktore in die *nuwe ekonomiese geografie*. Eerstens word daar in die *nuwe ekonomiese geografie* hoofsaaklik op die *streeksekonomie* gekonsentreer (Martin 1999:68-74). Hoewel daar 'n noue verband tussen *stedelike ekonomie* en *streeksekonomie* bestaan i.t.v. teoretiese verklarings, modelle en ontledings, konsentreer die *nuwe ekonomiese geografie* op vestiging in inter-stedelike en inter-streekse verband (Krugman 1998:13-15). Martin (1999:69) verwys egter wel na enkele skrywers in die *nuwe ekonomiese geografie* wat intra-stedelike ontledings gedoen het, maar hulle is relatief min. Krugman (1998:16) dui ook aan dat dié studieveld in sy nuwe gedaante meer vrae stel as antwoorde verskaf en heelwat navorsing nog nodig is. Intra-stedelike vestiging sal waarskynlik mettertyd deel word van die vertrekpunte van die *nuwe ekonomiese geografie*. Tweedens ignoreer die *nuwe ekonomiese geografie* institusionele faktore aangesien dié faktore nie in wiskundige modellering, wat 'n kenmerk van die *nuwe ekonomiese geografie* is, ingesluit kan word nie (Martin 1999:78; Martin & Sunley 1999:286).

8 Vir 'n bespreking van die ekonomiese probleem kyk Terreblanche (1986:13-20).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomiese aktiwiteite in geografiese ruimtes. Dié verskille is die sentrale fokus van navorsing en beleidsformulering in die *ruimtelike ekonomie* (Dewar, Todes & Watson 1986:1; Bloch 1990:141).

Figuur 2-1: Die inter-dissiplinêre verbande in die vakgebied *ekonomie*



In die vorige afdeling is o.a. aangedui hoekom fabrieksvestiging in stedelike gebiede plaasvind. In die probleemstelling is ook gestel dat die aard van fabrieksvestiging in stedelike gebiede implikasies het vir die akkommodering van verstedeliking. 'n Ontleding van hoe die belangstelling in intra-stedelike fabrieksvestiging ontstaan het, verskaf 'n aanduiding hoekom fabrieksvestiging tans relevant is vir die akkommodering van verstedeliking.

3.1 Teoretisering in die *ruimtelike ekonomie*

Konseptualisering oor die proses van ruimtelike ontwikkeling kan na die werke van James Steuart en Adam Smith (Beckmann 1981; Stull 1986) teruggevoer word. Na die middel-negentiende eeu het dit egter byna heeltemal uit die hoofstroom van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomiese teoretisering verdwyn.[9] Hoewel enkele Duitse skrywers wel hieraan aandag gegee het, het teoretisering tot ongeveer 1950 'n ekonomiese wêreld sonder enige ruimtelike dimensie veronderstel (Blaug 1985:614). Hieroor merk Krugman (1995:36-3) soos volg op:

> "And so how did mainstream (economists) cope with spatial issues? By ignoring them. Never mind that the importance of location confronts us continually in daily life, or for that matter that urban systems exhibit empirical regularities as strong as any in economics. ... economists avoided looking at the spatial aspect of economies because they knew they had no way to model that aspect."[10]

Teen 'n agtergrond van toenemende stedelike groei en ontwikkeling in die ontwikkelende lande het daar egter 'n groter belangstelling in die studieveld van *ruimtelike ekonomie* ontstaan. Die redes hiervoor was die belangrike rol wat owerheidsbeplanning in ekonomiese groei en ontwikkeling begin speel het, die ontstaan van die subvakgebied *ontwikkelingsekonomie*, en die persepsies by beleidsvoerders van die hoë koste van sg. oorgekonsentreerde stedelike gebiede.

3.1.1 Die rol van owerheidsbeplanning

Die sukses van die New Deal-beleid in die Verenigde State van Amerika en die latere sukses van die Marshall-plan met die heropbou van Europa, het 'n hoë premie op ekonomiese groei en ontwikkeling deur beplanning geplaas (Senses1984:112-114).

---

9 Histories word die vestigingsteorie teruggevoer na die werk van Johann Heinrich von Thünen, *The Isolated State*, wat in 1826 gepubliseer is. Daar word weer in Hoofstuk 3 (Afdeling 3) aan sy werk aandag gegee.

10 Volgens Krugman (1995:41) was nog 'n rede hiervoor dat dié Duitse werke nie vir nie-Duitse lesers toeganklik was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie sukses het die belangstelling na die ontwikkelende lande in die vyftigerjare van die vorige eeu verskuif en gestalte gegee aan 'n soeke na 'n teoretiese raamwerk vir die probleme van hierdie lande. Dit sou in die subvakgebied van *ontwikkelingsekonomie* gevind word.

3.1.2 Die ontstaan van *ontwikkelingsekonomie*[11]

Die ontstaan van *ontwikkelingsekonomie* was 'n belangrike stimulus vir die belangstelling in die *ruimtelike ekonomie*, spesifiek *streeksekonomie*, aangesien lg. as die ruimtelike manifestasie van die *ontwikkelingsekonomie* beskou is. *Ontwikkelingsekonomie* tesame met *streeksekonomie* het die antwoorde verskaf vir die soeke na 'n teoretiese raamwerk waarna in die vorige afdeling verwys is.

Die evolusie van *ontwikkelingsekonomie* kan in opeenvolgende fases verdeel word n.a.v. die beklemtoning van sekere beleidsinstrumente. In die eerste fase is groot klem op die groei in per capita-inkome as 'n oplossing vir die probleme van die ontwikkelende lande gelê (Streeten 1979:29). Die veronderstelling was dat hierdie groei mettertyd na die armer gedeeltes van die gemeenskap sou deursyfer.[12] Hierdie klem op groei en gepaardgaande deursyfering het tot gevolg gehad dat nasionale ekonomiese ontwikkeling as die oorgang van 'n agtergeblewe ekonomie na dié van 'n moderne ekonomie gedefinieer is. Dit sou as die moderniseringsbenadering bekend staan.

Die *streeksekonomie* het hierdie dualisme, nl. dié van moderne en agtergeblewe

---

11 Hoewel hier na *ontwikkelingsekonomie* van die na-1945 periode verwys word, het die "ontwikkeling van die ekonomie", d.w.s. ekonomiese groei, reeds sedert die klassieke ekonome aandag in die literatuur geniet (Arndt 1973:13-29; Senses 1984:111-112).

12 Die twee belangrikste werke wat hierdie deursyfering gepropageer het, was dié van Myrdal (1957) en van Hirschman (1958).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomieë in 'n nasionale ekonomie as uitgangspunt geneem. Ruimtelike ontwikkeling sou die deursyfering van ekonomiese groei en ontwikkeling vanaf die moderne stedelike sektor na die agtergeblewe, hoofsaaklik landelike sektor behels (Bloch 1990:139-156; Dewar, Todes & Watson 1986:11-50). Kapitaal wat as mobiel beskou is, sou die hoofinstrument wees om investering in nasionale ruimte te beïnvloed. Die teoretiese verklarings vir hierdie deursyfering en hoe dit in beleid geïmplementeer sou word, het egter nog ontbreek.

Pogings om teoretiese verklarings daar te stel, het o.a. Berry se entropie-maksimeringsmodelle en Christaller se sentrale-plekteorie behels. Die belangrikste verklaring was egter Friedmann (1966) se moderniseringsmodel.[13] Volgens dié model is groot stedelike gebiede die sentrums van innovasie. Die onmiddellike stedelike periferie hou die moontlikheid van die intensifisering van hulpbrongebruik in. Die periferale streke is sg. afwaartse oorgangstreke waar ekonomiese stagnasie ingetree het. Soos wat lande ekonomies ontwikkel, verskerp die dualisme tussen die kern en periferie. Later, by hoër vlakke van ekonomiese ontwikkeling verklein hierdie dualisme egter. Hierdie ruimtelike struktuurverandering is 'n funksie van die omvang van innovasie wat vanaf die kern na die periferie plaasvind. Die struktuurverandering is nie alleen van toepassing op ekonomiese aktiwiteite nie, maar ook op kulturele en politieke strukture.

Die praktiese implementering van die proses van innovasie in die moderniseringsmodel is verkry deur 'n beleid van groeipole. Groeipole is gedefinieer as 'n stelsel van geïntegreerde nywerhede rondom 'n sleutelnywerheid. Hierdie sleutelnywerheid groei vinniger as die res van die ekonomie en kan 'n groot vermenigvuldigereffek in die ekonomie hê. Deur hierdie groeipoolteorie binne geografiese ruimte te plaas, is 'n

---

13 Die verband tussen die *streeksekonomie* en *ontwikkelingsekonomie* is veral duidelik waar die moderniseringsmodel van Friedmann 'n ruimtelike dimensie aan die fase-model van Rostow, lg. in die *ontwikkelingsekonomie*, verleen het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handige instrument, nl. groeisentrums daargestel om die transformasie van die ruimtelike ekonomie te verkry (Bloch 1990:139-156; Darwent 1975:539-565).

Die idee het egter bestaan dat die ekonomiese groei baie min bygedra het tot werkskepping of tot die vermindering van armoede in die ontwikkelende lande. Sedert 1969 is benewens groei, groter klem op werkskepping geplaas, in die tweede fase van die evolusie van *ontwikkelingsekonomie*. Die invloed van dié fase op ruimtelike ekonomie was marginaal omdat hierdie benadering eerder as 'n oorgangsfase tot die volgende fase beskou kan word.

In die derde fase van die evolusie van ontwikkelingsdenke, waar herverdeling deur groei aandag geniet het, is ruimtelik drie aspekte aangespreek. In 'n redelik noue aansluiting met die moderniseringsbenadering is eerstens aanvaar dat die stedelike hiërargie 'n belangrike innoverende rol het om te speel. Daar is tweedens veral aan die onderste deel van die stedelike hiërargie aandag gegee, nl. die innoverende rol van stedelike nedersettings in 'n landelike omgewing. Voorkeur is dus verleen aan gedesentraliseerde stedelike groei. Derdens het die groter wordende rol van die primaatstad weens verstedeliking, aandag geniet. Daar is aanvaar dat geïntegreerde landelike ontwikkeling verstedeliking sou temper.

Die basiese behoefte-benadering kan as 'n vierde fase in die *ontwikkelingsekonomie* geïdentifiseer word. Die toepassing hiervan in die *streeksekonomie* is endogene streeksontwikkeling en ruimtelike sluiting. Endogene streeksontwikkeling en ruimtelike sluiting het as ruimtelike beleid ontstaan weens die vermoede dat daar op nasionale vlak 'n afhanklikheidsverhouding tussen die kernstreke en die periferale streke bestaan het (Friedmann & Weaver 1979:193-204). Die oplossing vir die afhanklikheidsprobleem is tweeledig van aard, nl. die bevordering van endogene streeksontwikkeling op die basis van streeksdoelwitte, sowel as die beskerming van die streek van eksterne invloede deur gedeeltelike sluiting (Friedmann & Forest

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1988:115-130).

Die studieveld van *streeksekonomie* het dus volledig aansluiting by die denke in die *ontwikkelingsekonomie* gevind. Dit was egter eerder inter-streekse vestiging as intra-stedelike vestiging wat aandag geniet het. Intra-stedelike vestiging in die *stedelike ekonomie* het weinig aandag geniet en so ook *stedelike ekonomie* as studieveld.[14] Pogings is slegs aangewend om vestiging in hierdie gebiede óf te beperk óf d.m.v. beleid na die agtergeblewe gebiede te kanaliseer. Hierdie neiging sou 'n kenmerk van *ruimtelike ekonomie* tot in die tagtigerjare bly. Dit sou eers verander nadat 'n herbesinning oor sg. oorgekonsentreerde stede plaasvind. Dit word in die volgende afdeling bespreek.

Streeksekonomie of *ekonomiese geografie* toon egter 'n herlewing met die *nuwe ekonomiese geografie* van Krugman (1993, 1994, 1995, 1996 & 1998).[15] 'n Kernvraag wat nou aangespreek word, is waar ekonomiese aktiwiteite in die toekomstige ontwikkeling van die wêreld sal vestig (Venables 1998:1). Ontledings fokus gewoonlik op internasionale, nasionale of streeksvlak. Oor hierdie nuwe studieveld merk Martin (1999:65) soos volg op:

> "... it is a reworking (or re-invention) - using recent developments in formal (mathematical) mainstream economics - of traditional location theory and regional science. As such it is quite opposed to, and difficult to reconcile with, the work on regional development and industrial agglomeration being carried out in economic geography."

---

14 Kyk voetnota 2 in Hoofstuk 1.

15 Volgens Krugman (1995:7 & 23-29) bestaan *ontwikkelingsekonomie* as subvakgebied nie meer nie. Hoewel Krugman verskeie redes aanvoer hoekom dit sou verdwyn het, is dit nie duidelik of dit werklik die geval is nie. Waarskynlik is dit eerder 'n verlaagde belangstelling in die vakgebied as die verdwyning daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ondanks dié kritiek geniet Krugman heelwat aandag in die literatuur en kortliks behels sy teoretiese uitgangspunte die volgende (Krugman 1993, 1994, 1995, 1996 & 1998; Martin 1999; Martin & Sunley 1999; McCarthy 1999:381-387; Venables 1998).

Dit is eerstens gebaseer op die argument dat interne (stygende skaalopbrengs) en eksterne skaalvoordele (agglomerasievoordele) en onvolmaakte mededinging belangriker is as die uitgangspunte van die tradisionele neo-klassieke teorie oor handel. In lg. word konstante skaalopbrengs, volmaakte mededinging en komparatiewe voordele as voorwaardes voorgehou om die voordele van inter-streekse handel vir 'n streek te verkry. Dié stygende skaalopbrengs ontstaan nie op internasionale of nasionale vlak nie, maar ontstaan weens streeks- of plaaslike agglomerasievoordele. Met die aanname van agglomerasievoordele sal gemiddelde koste daal soos produksie styg en ondernemings sal produksie meer verhoog as wat die onderneming se bestaande markarea sou toegelaat het. Dit sal aanleiding gee tot produksie-polarisasie deur bestaande ondernemings in 'n streek of stad t.k.v. ondernemings in meer onder-ontwikkelde streke.

Tweedens fokus die *nuwe ekonomiese geografie* op langtermynstreeksgroei en integrasie. Dié groei en integrasie sal afhang van plaaslike en verstedelikingskaalvoordele, die verlaging van vervoerkoste en die verhoging van arbeidsmobiliteit tussen streke. Dié faktore sal 'n tendens van groterwordende verskille tussen streke laat ontstaan waar terugwaartse skakelingseffekte in 'n ontwikkelde streek verdere ekonomiese groei t.k.v. die onderontwikkelde streke sal veroorsaak. Dié terugwaartse skakelingseffekte is soortgelyk aan die wat Myrdal (1957) bedoel het met die deursyfering van groei na agtergeblewe gebiede deur voorwaartse skakelingseffekte. Die klem val egter hier op terugwaartse skakelingseffekte binne die ontwikkelde streek self.

In die *nuwe ekonomiese geografie* is heelwat navorsing oor handel tussen lande en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

streke gedoen. Dié navorsing was egter nie intra-stedelik nie, maar inter-stedelik van aard.[16] Dit het wel die belangstelling in *streeksekonomie* in die *ruimtelike ekonomie* laat herleef.

3.1.3 Denke rondom oorgekonsentreerde stede

Die laaste faktor wat 'n invloed op die belangstelling in die *ruimtelike ekonomie* gehad het, was die persepsie dat ekonomiese doeltreffendheid in stedelike gebiede beperk kan word deur die oorkonsentrasie van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite. Die teoretiese ontledings van die probleem van stedelike grootte beklemtoon die absolute en die relatiewe grootte van stede.

Die probleem van die absolute grootte van stede word gebaseer op neo-klassieke ontledings waarvolgens die grenskoste (of-nadele) en grensinkome (of-voordele) wat met stedelike groei gepaard gaan, 'n optimale punt bereik waar grensinkome gelyk is aan grenskoste. Enige verdere vergroting van die spesifieke stedelike gebied verby hierdie ewewigspunt sal tot disekonomieë van skaal aanleiding gee (Evans 1985:80-83; Mera 1972/1973:310-319). Hierdie teoretiese formulerings het aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid pogings om die optimale stedelike grootte wat van 50,000 tot een miljoen gewissel het, te bepaal. Hoewel min sukses met hierdie pogings bereik is, het die onderliggende uitgangspunte 'n oorheersende motivering vir beleidsformulering in die *ruimtelike ekonomie*, spesifiek die *streeksekonomie*, geword.

Heelwat kritiek teen hierdie uitgangspunte is gedurende die sewentiger- en tagtigerjare geformuleer (kyk bv. Aberg 1973:131-156; Mera 1972/1973:310-319; Richardson 1971:29-48, 1977 & 1981:267-283). In die algemeen blyk dit dat die teoretiese

---

16 Kyk voetnota 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

konsep van stedelike grootte niksseggend vir beleidsformulering is. Volgens Lee (1987:94) is beleid wat op die beperking van stedelike grootte gemik is, nie gebaseer op die feit dat eksternaliteite soos besoedeling en kongestie groter as die voordele van agglomerasie is nie. Dit is eerder gebaseer op die neiging dat groter wordende stede weens hoër belastings 'n verlaging van die hoë-inkome groepe se inkome tot gevolg het. Die onvermoë van beplanners weens verouderde denkraamwerke en beplanningstegnieke om stedelike groei te akkommodeer en die vrees dat stedelike bestuur in duie sal stort, is ook bydraende faktore.

Die probleem van die relatiewe grootte van stede het te doen met die hiërargiese struktuur van stedelike gebiede en veral met die probleem van primaatstede. Die onderliggende teoretiese uitgangspunt van so 'n optimale hiërargiese stedelike struktuur is dat stedelike gebiede 'n ekonomiese ontwikkelingsrol speel deur skakelingseffekte met die omliggende gebiede. Hierdie siening het veral sterk na vore gekom in die klem wat geplaas is op die innoverende rol van stedelike gebiede in die ontwikkelingsdenke wat met herverdeling deur groei gepaard gegaan het.

Verskeie teoretiese verklarings vir so 'n optimale hiërargiese stedelike struktuur is geformuleer (Evans 1985:66-69). Sentraleplekteorie, soos oorspronklik deur Christaller in 1933 geformuleer, het gepoog om die vestigingspatrone van markte en vervaardigingsentrums te verklaar. Implisiet in hierdie teorie was ook 'n verduideliking van stedelike hiërargieë in hoofsaaklik landelike gebiede. Dit gee egter nie 'n teoretiese verklaring van 'n stedelike hiërargie waar vervaardiging vir nasionale markte of vir uitvoer plaasvind nie. Ander teorieë was Tinbergen se "grootte-verdelingteorie", waar stedelike grootte bepaal het waarheen uitvoer sal plaasvind, en die entropie-maksimeringsmodel van Berry, wat 'n meganistiese rangorde-grootte reël daarstel, dus wat die waarskynlikste hiërargiese stedelike struktuur is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die probleem met die meeste van hierdie teoretiese formulerings is dat dit die bestaan van so 'n hiërargiese struktuur beskryf, maar dit nie vir doeleindes van beleidsformulering verklaar nie. Die pogings om deur beleid 'n hiërargiese stedelike struktuur wat konformeer met een of ander teoreties gefundeerde reël daar te stel, negeer die primêr verklarende rede vir die ontstaan van stedelike gebiede soos in Afdeling 2 bespreek. Krugman gee ook aandag aan die hiërargiese stedelike struktuur deur die ontstaan van so 'n struktuur te koppel aan die teoretiese uitgangspunte van die *nuwe ekonomiese geografie* (Krugman 1993). Die hiërargiese struktuur ontstaan weens die interne en eksterne skaalvoordele wat in sommige stedelike gebiede groter is as in ander.[17]

Hardoy en Satterwhaite (1986:365) kom tot die gevolgtrekking dat sulke statistiese abstraksies oor die vlak van primaatheid van geen waarde is in die formulering van beleid oor die beperking van stedelike grootte of die daarstelling van kleiner stedelike strukture in die stedelike hiërargie nie. Ook Egan en Bendick (1986:213) reken dat sulke pogings bykans onmoontlik is in lande met lae vlakke van ekonomiese ontwikkeling.

Uit ontledings van die ontstaan van primaatstede is gevind dat die volgende faktore tot dié stede aanleiding gee: 'n klein stedelike bevolking; inkome-ongelykhede; die grootte van die land i.t.v. area en bevolking; lae per capita bruto nasionale produk; heterogene bevolkings; waar die grootste stad die hoofstad is, en indien die administrasie in 'n land gesentraliseer is (Mutlu 1989:611-639). Dit blyk dat pogings om die groei van die primaatstad te beperk eerder die simptome van die probleem as die oorsake daarvan in oënskou neem.[18]

---

17 Dié teorie van Krugman is nog nie in detail verder ontwikkel nie en volgens Martin (1999:69) dra dit nie veel by tot nuwe verklarings vir die hiërargiese struktuur van stede nie.

18 Dit stem ooreen met die bevindinge van Wheaton en Shishido (1981/1982:30) se ontledings dat die vlak van ekonomiese ontwikkeling in 'n land die vlak van stedelike konsentrasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 'n Klemverskuiwing na intra-stedelike vestiging

Die vestigingsteorie het hoofsaaklik in die *streeksekonomie* toepassing gevind weens die belangrike rol van beplanning, die moderniseringsbenadering en die vermoedelike bestaan van oorgekonsentreerde stede. Intra-stedelike vestiging, die studieveld van *stedelike ekonomie*, is as onbelangrik in beleidsformulering beskou. Die gevolg hiervan was dat die interne ekonomiese funksionering van stede, veral intra-stedelike fabrieksvestiging, nie veel aandag in beleidsformulering gekry het nie.

Gedurende die vroeë tagtigerjare van die twintigste eeu het die klem egter toenemend op die aard en eienskappe van stedelike bestuur begin val. Dit was grootliks die gevolg van navorsing deur die Wêreldbank en die aard van die lenings wat dié organisasie begin toestaan het (Richardson 1981:277; Rodwin 1988:299-317). Navorsing het die toenemende skeptisisme oor die bestaan van oorgekonsentreerde stede wat in die vorige afdeling bespreek is, ondersteun. Lenings is ook nou toegestaan vir die ontwikkeling van stedelike bestuur en stedelike infrastruktuur. Dit het belangstelling na die rol van intra-stedelike vestiging in die *stedelike ekonomie* verskuif. Daar is nou aanvaar dat stedelike ontwikkeling positief bydra tot ekonomiese groei en ontwikkeling en dat daar a.g.v. intra-stedelike dekonsentrasie nie 'n wesenlike probleem van oorkonsentrasie bestaan nie. Stedelike dekonsentrasie is voorheen nie algemeen in ontwikkelende lande waargeneem en gedokumenteer nie. In die nuwe denke word aanvaar dat hoewel daar negatiewe eksternaliteite weens stedelike groei bestaan, die netto effek daarvan oorkom kan word deur doeltreffende stedelike bestuur. Die vraag is nie of stedelike groei beperk kan word nie, maar eerder wat die aard daarvan is en wat die sosio-ekonomiese rigting van stedelike groei behoort te wees (Renaud 1987:66). Sommige skrywers (Egan & Bendick 1986:211; Sivaramakrishnan & Green 1986:23-33) kom tot die gevolgtrekking dat die bestaan

---

bepaal en die beperking van stedelike konsentrasie, bv. deur middel van stedelike desentralisasie, ekonomiese doeltreffendheid kan belemmer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van eksternaliteite weens stedelike groei, nie a.g.v. die konsentrasie van die bevolking of ekonomiese aktiwiteite ontstaan nie, maar die gevolg is van ondoeltreffende stedelike bestuur.

Die vestigingsteorie het dus relevansie vir beide die *streeksekonomie* en *stedelike ekonomie*, maar die ruimtelike implikasie verskil. In *streeksekonomie* is inter-streekse vestiging van belang en in *stedelike ekonomie* intra-stedelike vestiging. Die huidige tendens in die ontwikkelende lande is egter dat met 'n onderliggende aanvaarding van stedelike groei as 'n gegewe, die vestigingsteorie, spesifiek intra-stedelike vestiging, toenemend belangrik word.

Intra-stedelike vestiging vind egter in 'n spesifieke raamwerk binne stede plaas. Hierdie benadering kan die gevolg wees van 'n *laissez faire*-benadering tot stedelike ontwikkeling of van stedelike beplanning. Weens toenemende verstedeliking is stedelike beplanning, dus die bestuur van intra-stedelike vestiging, tans van belang. In die volgende afdeling word aandag aan stedelike of metropolitaanse bestuur gegee, terwyl intra-stedelike vestiging weer in Hoofstuk 3 aandag sal geniet.

4 Metropolitaanse bestuur[19]

Stedelike ekonomie handel oor die doeltreffende akkommodering van verstedeliking deur die bestudering van intra-stedelike vestiging van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite.

Die aard van metropolitaanse bestuur is 'n afgeleide van die aard en eienskappe van

---

19 Aangesien stedelike bevolkingsgroei in ontwikkelende lande grootliks in die primaatstad plaasvind en hierdie primaatstad 'n metropolitaanse karakter openbaar, sal daar voortaan na metropolitaanse bestuur verwys word om die klem op die metropolitaanse aard van stedelike bestuur te lê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stedelike groei in ontwikkelende lande. Die kenmerke van stedelike groei in ontwikkelende lande wat vir metropolitaanse bestuur bepalend is, sluit die volgende in (Tolley & Thomas 1987:3-4 & 5-7):

- Verstedeliking vind in 'n omgewing van wisselende ekonomiese groei plaas (World Bank 1990:1.2-1.15);
- Ongeag die vlak van ekonomiese groei, word hoë stedelike groeikoerse ondervind;
- Daar bestaan 'n neiging tot stedelike konsentrasie van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite in een of enkele metropolitaanse gebiede, en
- Die aard van die stedelike bevolking word toenemend gekenmerk as dié van 'n ongeskoolde, lae-inkome stedelike bevolking.

Die doelstelling van metropolitaanse bestuur is om dit vir alle produksiefaktore moontlik te maak om doeltreffend te kan funksioneer op stedelike, streeks- of nasionale vlak. Volgens Dewar en Uytenbogaardt (1991:15-63) omvat dié doelstelling drie subdoelstellings (kyk ook Renaud 1987:64; Sivaramakrishnan & Green 1986:23-33; Tomlinson 1993:347-352).

Die daarstel en handhawing van 'n stedelike kultuur wat lewensgehalte[20] verhoog. Hierdie subdoelstelling ontstaan uit die behoefte om stedelike funksies te behou en uit te brei. Toegang tot stedelike geleenthede moet verhoog word deur kollektiewe aktiwiteite en kontak in en tussen heterogene gemeenskappe. Deur indiwiduele behoeftes soos ekonomiese, sosiale en politieke behoeftes te bevredig, kan

---

20 Lewensgehalte verwys hier na die kwaliteit van lewe, waar lewenstandaard na die gemiddelde finansiële eise waaraan 'n mens verplig is om aan te voldoen, verwys. In sommige gevalle in hierdie studie sou lewenstandaard moontlik 'n meer toepaslike beskrywende woord wees, maar soos in Hoofstuk 5 (Afdeling 3.1) aangedui sal word vestig mense nie in stede slegs vir finansiële gewin nie (kyk die aanhaling van Dewar in die genoemde afdeling).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n gevoel van stedelike identiteit en meelewing vir inwoners geskep word.

Die vergroting van die ekonomiese basis van stede met die doel om werksgeleenthede vir lae-inkome ongeskoolde arbeid te voorsien. Hier word gefokus op die verkryging van 'n intensiewe, maar diverse en komplekse stedelike omgewing.

Die verandering van die indiensnemingsvestigingspatroon op intra-stedelike vlak om bg. twee subdoelstellings te bereik. Hier word intra-stedelike vestiging, soos dié van die fabrieksektor gebruik om lewensgehalte te verhoog en die ekonomiese basis van stedelike gebiede te vergroot.

Metropolitaanse bestuur behels dus die daarstel van toeganklike en nie-selektiewe sosiale en ekonomiese aktiwiteite vir die totale stedelike bevolking. In Hoofstuk 5 (Afdeling 3) sal daar weer aan die implikasies van metropolitaanse bestuur vir fabrieksvestiging aandag gegee word.

Die beklemtoning van metropolitaanse bestuur laat die vraag ontstaan of dit tans die enigste bestaande ruimtelike beleidsvorm is om verstedeliking te bestuur. Kennisname van 'n aantal ander streeks- en stedelike beleidsvorme plaas die rol van metropolitaanse bestuur in perspektief. By die kategorisering van die beleidsvorme moet die verskil tussen inter-streekse vestiging en intra-stedelike vestiging in gedagte gehou word. Drie kategorieë beleidsvorme kan geïdentifiseer word. Eerstens, die waar geen owerheidsinmenging plaasvind nie; tweedens die wat inter-streekse vestiging veronderstel, en derdens die wat intra-stedelike vestiging veronderstel (Richardson 1981:267-283).

In die eerste kategorie word markkragte sonder enige owerheidsinmenging toegelaat om self die ruimtelike ordening van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite te bepaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorkeurstreke is 'n meer afgewaterde vorm van so 'n *laissez faire*-benadering. In 'n voorkeurstreek verwring die owerheid die markkragte vir spesifieke doeleindes. Ander streke word steeds aan die werking van markkragte oorgelaat. Metropolitaanse bestuur het hier geen wesenlike rol nie.

Die groot aantal beleidsvorme waarin inter-streekse vestiging 'n rol speel, dui op die historiese gewildheid van *streeksekonomie* as 'n oplossing vir metropolitaanse konsentrasie. Die eerste beleidsvorm, nl. stapsgewyse desentralisasie, behels die desentralisasie van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite na stedelike gebiede binne die groter streek waarin die primaatstad geleë is. Die stedelike gebiede is buite die direkte invloedsfeer van die primaatstad, 60 tot 160 km van die sentrale sakekern (SSK). Teenmagneet-stede is die tweede beleidsvorm wat die ontwikkeling van 'n enkele of klein aantal relatief groot stede wat geografies ver van die primaatstad geleë is, behels. In die Suid-Afrikaanse geval sal sulke mededingende stedelike gebiede die kusmetropole wees.[21] Die ontwikkeling van klein dienssentrums en landelike ontwikkeling tesame met teenmagneet-stede, verteenwoordig die derde beleidsvorm, nl. die verlangsaming van die stedelike hiërargie. Die belangrikste doel van hierdie sentra is om bemarkingsgeleenthede vir landbouprodukte daar te stel. Hierdie beleidsvorm is 'n belangrike ruimtelike element van die herverdeling deur groei wat ontwikkelingsdenke gekenmerk het.[22] Vierdens het uit Afdeling 3.1 geblyk dat groeisentrums dié belangrikste beleidsvorm was vir die desentralisasie van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite in streeksekonomiese beleid. 'n Vyfde beleidsvorm is die skep van nuwe stede.[23] Weens die onsuksesvolle

---

21 Die kusmetropole bestaan uit die metropolitaanse gebiede van Durban-Pinetown, Port Elizabeth-Uitenhage en die Groter Wes-Kaap.

22 Lande waar hierdie beleidsvorm toegepas is, is Kenia, Botswana, Malawi en Tanzanië (Fair 1986:74).

23 Voorbeelde hiervan is die nuwe hoofstad Lilongwe in Malawi en die federale hoofstede in Nigerië en Tanzanië, nl. Abuja en Dodoma.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

implementeringsgeskiedenis van hierdie beleidsvorm geniet dit tans in ontwikkelende lande die minste aandag (Fair 1986:76-77; Egan & Bendick 1986:218-219). Sulke stede speel gewoonlik ook die rol van teenmagneetstede. Laastens het die belangstelling in sekondêre stede as 'n alternatiewe ruimtelike beleidsvorm in die sewentiger- en tagtigerjare ontstaan. Dit was hoofsaaklik weens die onvermoë van die groeisentrum-benadering om 'n betekenisvolle verandering in die verspreiding van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite in ontwikkelende lande teweeg te bring. Dié beleidsvorm het besonder baie aandag in die literatuur geniet (Rondinelli 1982:357-386, 1983a, 1983b:42-57 & 1986:263-271) en is ook vir Suid-Afrika aanbeveel (Van der Merwe 1990).

Metropolitaanse bestuur het geen definitiewe rol in bg. beleidsvorme nie, aangesien daar eerder op inter-streekse vestiging gekonsentreer word. Metropolitaanse bestuur sou wel 'n ondergeskikte rol kon speel in die geval van nuwe stede of sekondêre stede.

Met die meer onlangse beklemtoning van intra-stedelike vestiging bestaan daar 'n aantal beleidsvorme wat as komplementêr tot metropolitaanse bestuur gesien kan word. In geval van die polisentriese ontwikkeling van 'n primaatstad en ontwikkelingsasse speel intra-stedelike vestiging en dekonsentrasie 'n belangrike rol. By polisentriese ontwikkeling word die agglomerasievoordele van die primaatstad behou en versterk deur 'n meer doeltreffende ruimtelike ordening van dié stad te verkry. Die ontwikkeling van 'n aantal subkerne rondom 'n SSK of sentrale fabriekskern deur dekonsentrasie sal lei tot die behoud van agglomerasievoordele in die primaatstad.

Ekonomiese ontwikkeling tussen twee stedelike groeipunte word langs 'n gemeenskaplike, gewoonlik relatief kort ontwikkelingsas versterk. So 'n ontwikkelingsas sal ontwikkel indien beide stedelike sentra hoë ekonomiese groei ervaar en onderlinge interafhanklikheid bestaan. Laasgenoemde gee aanleiding tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inter-stedelike sosiale, administratiewe en ekonomiese interaksie wat 'n ontwikkelingsas tussen die stede laat ontwikkel (Geyer 1987:278).

Die komplementêre aard van polisentriese ontwikkeling en ontwikkelingsasse dui aan dat daar nie werklik beleidsalternatiewe vir metropolitaanse bestuur bestaan nie. Die groter klem op metropolitaanse bestuur die afgelope aantal jare het juis ontstaan weens die relatiewe mislukking van bg. beleidsalternatiewe. Metropolitaanse bestuur is egter nie die universele oplossing vir ruimtelike probleme nie. Dit is moontlik dat 'n kombinasie van enige van hierdie beleidsvorme gebruik kan word. Die keuse van 'n beleidsvorm is ook nie 'n funksie van die toepassing van universele ruimtelike modelle nie, maar is die gevolg van kwantitatiewe en kwalitatiewe ontledings van die eienskappe van spesifieke lande (Hardoy & Satterwhaite 1986:338-339).

5 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk gee 'n breë teoretiese agtergrond vir die probleemstelling. Die bronne van stedelike groei en ontwikkeling dui die redes vir sulke groei en ontwikkeling aan, nl. interne en eksterne skaalvoordele, verskille in inkome-elastisiteite van die vraag na produkte in stedelike en landelike gebiede, migrasie en die natuurlike aanwas van die bevolking.

Die vestigingsteorie het 'n bykans oorheersende rol in die *streeksekonomie* gespeel weens die belangrikheid van beplanning, die ontstaan van *ontwikkelingsekonomie* en die oënskynlike bestaan van oorgekonsentreerde stede. Die herbesinning oor die rol van metropolitaanse gebiede het 'n groter klem op metropolitaanse bestuur en intra-stedelike vestiging in die *stedelike ekonomie* geplaas.

Metropolitaanse bestuur as 'n ruimtelike beleidsvorm is gedefinieer as die verhoging van die toeganklikheid van stedelike inwoners tot die hulpbronne van stedelike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebiede. By die bespreking van alternatiewe beleidsvorme is gevind dat beleidsvorme waarin inter-streekse vestiging belangrik is, 'n beleidsalternatief vir metropolitaanse bestuur verteenwoordig. Gegewe die probleemstelling van dié studie is dit egter nie relevant nie. Beleidsvorme waar intra-stedelike vestiging belangrik is, kan egter as komplementêr tot metropolitaanse bestuur beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

BENADERINGS TOT INTRA-STEDELIKE VESTIGING

1 Inleiding

Intra-stedelike vestiging is 'n belangrike aspek van metropolitaanse bestuur. Die teoretiese benaderings tot fabrieksvestiging wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is die Ekologiese Modelle, die Neo-klassieke Benadering, die Strukturele Benadering en, laastens, die Nuwe Institusionele Benadering.

Hoewel die klem op fabrieksvestiging val, word die teoretiese benaderings tot bevolkingsvestiging ook bespreek, want fabrieksvestiging kan nie in isolasie van bevolkingsvestiging beskou word nie. Dit blyk verder dat in dié intra-stedelike vestigingsteorie daar heelwat meer aandag aan bevolkingsvestiging gegee word as aan ekonomiese aktiwiteite (Lee 1989:2). Die gevolg hiervan is dat teoretiese verklarings vir stedelike groei primêr op die intra-stedelike vestiging van die bevolking gerig word. Teoretiese verklarings vir intra-stedelike fabrieksvestiging is ook in baie gevalle 'n afgeleide van dié vir bevolkingsvestiging.

2 Ekologiese Modelle

Die Ekologiese Modelle se teoretiese basis is geleë in die Chicago-skool van stedelike sosiologie. Die uitgangspunt is dat stedelike gebiede uit 'n stelsel van natuurlike gebiede of ekologieë bestaan, waar elke gebied spesifieke vestigingskenmerke het. Groei in 'n stedelike gebied word beskryf i.t.v. natuurlike wette wat die interaksie van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie gebiede of ekologieë beheer (McCarthy & Smit 1984:15-18). Tipiese voorbeelde van hierdie modelle is die konsentriese sone-teorie van Burgess (1925), die sektorteorie van Hoyt (1939) en die meervoudige kerne-teorie van Harris en Ullman (1945:7-17). In hierdie modelle word die stedelike grondgebruikspatrone beskryf en word bepaal of hierdie patrone dinamies van aard is (Korcelli 1982:94).

Burgess se stedelike gebied bestaan uit konsentriese grondgebruike om 'n sentrale sakekern (SSK). Stedelike groei vind as 'n proses van inneming en opvolging vanaf die SSK na die buitenste grens van die stedelike gebied plaas. Weens bevolkingsgroei ontstaan 'n neiging vir elke binne-konsentriese grondgebruik om sy buitenste grens oor die daaropvolgende buitenste konsentriese grondgebruik te vergroot. Elke konsentriese grondgebruik het dus 'n opeenvolging van verskillende gebruikers soos stedelike groei plaasvind.

Volgens Hoyt sal die grondgebruikspatroon eerder grondgebruiksektore wees as konsentriese sirkels. Grondgebruiksektore ontwikkel vanaf die SSK uitwaarts. Vervoerroetes vanaf die SSK dien ook as belangrike roetes waarlangs sektore ontwikkel. 'n Verdere gevolgtrekking is dat grondgebruikspatrone wat aanvanklik in 'n stedelike gebied ontstaan het, verder voortgesit word ongeag hoe dit ontstaan het.[1]

Harris en Ullman se meervoudige kerne-teorie het die modelle van Burgess en Hoyt nader aan die werklikheid gebring met hul stedelike model wat uit 'n aantal kerne bestaan wat met mekaar verband hou. Sulke kerne kan woon-, sake- of fabrieksgebiede wees. Dit herinner aan die polisentriese stedelike vorm wat in Hoofstuk 2 (Afdeling 4) as 'n komplementêre beleidsvorm tot metropolitaanse bestuur

---

1 Dit stem ooreen met die waarneming dat besluitnemers oor die stedelike struktuur in Suid-Afrika waarskynlik nie die gevestigde gebruikspatrone sal kan verander nie. Hul invloed sal eerder geld t.o.v. die nuwe toetreders tot die stedelike gebied (kyk Hoofstuk 1, Afdeling 2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorgehou is.

Kritiek teen hierdie modelle is dat dit te beskrywend van aard is en as verklarende model sê dit min oor die mikro-prosesse wat aanleiding tot verandering in stedelike gebiede gee (McCarthy & Smit 1984:22-25). Dit gee dus 'n te eng interpretasie van menslike gedrag. Die Ekologiese Modelle se primêre aanname is die natuurlike biologiese proses van inneming ("capture") en opvolging ("succession").[2] Daar bestaan geen teoretiese verduideliking hoekom so 'n proses menslike gedrag bepaal nie. In hierdie opsig is dit te deterministies of meganies van aard en neem dit nie die sosiale prosesse wat aanleiding tot menslike gedrag gee in ag nie. Verdere kritiek teen hierdie modelle is dat indien die oorgrote meerderheid van ekonomiese aktiwiteite nie in die SSK gevestig is nie, die modelle nie stedelike groei kan verklaar nie (Levy 1985:67).

Hierdie kritiek het tot die belangstelling in die Neo-klassieke Benadering tot stedelike grondgebruik en groei aanleiding gegee.

3 Die Neo-klassieke Benadering

Hierdie benadering is gegrond op 'n lang tydperk van historiese ontwikkeling in die vakgebied *ekonomie*. Dit het by Cournot, Von Thünen en Gossen begin en 'n teoretiese hoogtepunt bereik met die werke van Alfred Marshall en Leon Walras. Navorsing binne hierdie benadering het die afgelope 200 jaar oorheersend plaasgevind binne en oor 'n enkele stel geïdealiseerde aannames wat handelstransaksies reël.

Die basiese uitgangspunte van hierdie mikro-ekonomiese benadering is (Oser

---

2 Soos in die teks aangedui beteken dié proses die inneming van die daaropvolgende buitenste grondgebruik en daarom het elke grondgebruik 'n opeenvolging van verskillende gebruikers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1988:212-214 & 217): Besluite word op die grens van verandering geneem (marginalisme); 'n abstrakte, deduktiewe benadering word gevolg; volmaakte mededinging en inligting geld; 'n vraag en aanbod georiënteerde prysteorie geld; 'n neiging in die ekonomie tot algemene ewewig bestaan; indiwidue openbaar rasionele ekonomiese gedrag; die oogmerk is om wins of nut te maksimeer, en owerheidsoptrede is tot die minimum beperk.[3] Die wyse waarop hierdie aannames op stedelike grondgebruik toepassing vind, word in die volgende afdeling bespreek.

Die grootste voordeel van hierdie benadering is dat dit die ekonomie as 'n interaktiewe samehangende geheel sien wat ekonomiese ontledings en beleidsformulering vergemaklik. Heelwat verfyning van die model vind steeds plaas sowel as nuwe toepassings in pogings om 'n realistiese ontledingsraamwerk te formuleer (Landreth & Colander 1989:312-344).[4]

3.1 Die Neo-klassieke Benadering in stedelike verband

Dié benadering vind toepassing in stedelike grondgebruiksmodelle waarin die allokasie van grondgebruik deur die prysmeganisme gereël word. Hier is die basiese aanname dat die verbruiker en ondernemer ekonomies rasioneel optree om nut of wins te maksimeer.

Die neo-klassieke grondgebruiksmodelle het voortgevloei uit 'n teorie van Heinrich Von Thünen van die vroeë negentiende eeu. Von Thünen se model verklaar die verdeling van landbougrond en grondhuur rondom 'n sentrale markarea. Gegewe sekere aannames is grondhuur (of grondrente) bepaal deur produktiwiteit en

---

3 Kyk ook Hoofstukke 1 en 4 in Napoleoni (1972).

4 Die werk van Krugman waarna in die vorige hoofstuk verwys is, is voorbeelde van sulke meer realistiese ontledingsraamwerke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vervoerkoste. Die grondhuur bepaal die konsentriese grens rondom die sentrale markarea waarbinne 'n landbougewas geproduseer sal word.[5] Von Thünen se werk is eers gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu herontdek na die herlewing van die belangstelling in die studieveld van *ruimtelike ekonomie*. Dit is deur verskeie skrywers verder uitgebrei tot elegante neo-klassieke benaderings van stedelike groei en ontwikkeling (Blaug 1985:614-631).

Die aard van die Neo-klassieke Benadering word eerstens i.t.v. grondgebruik vir woongebiede ontleed (Miron 1982:124-136). Verskeie aannames geld: Alle grond word gehuur teen 'n huur vir 'n spesifieke stuk grond betaal per tydperiode;[6] die huuraanbod vir grond is die hoeveelheid wat 'n huishouding bereid is om aan te bied vir die eksklusiewe gebruik van die grond vir 'n spesifieke tydperiode, gegewe 'n sekere vlak van nut; huishoudings maak 'n keuse tussen die gebruik van grond en verbruik "ander goedere en dienste" om hul nut te maksimeer; 'n monosentriese stedelike model met 'n SSK (die werksplek) en 'n woonvestigingspunt word veronderstel (twee sulke woonvestigingspunte word in die hieropvolgende bespreking veronderstel, nl. s en t); gegewe 'n nutsvlak moet 'n huishouding besluit hoe ver hulle van die SSK moet vestig, en baie identiese,[7] rasionele huishoudings bestaan.

Mededinging tussen huishoudings vir stedelike grond sal tot gevolg hê dat 'n

---

5 Grondhuur kan gedefinieer word as Y = E(p-c)-Efd, waar: (Y): grondhuur per eenheid grond; (E): opbrengs; (p): prys van die produk by die mark, (c): produksiekoste van die produk; (f): vervoerkoste, en (d): afstand na die sentrale mark. Mededinging tussen twee landbouprodukte word dus bepaal deur die onderskeie opbrengste (E) en hul relatiewe winsgewendheid (p-c). (Kyk McCarthy & Smit (1984:26-27), sowel as Blaug (1985:614-617).)

6 Slegs die huur van die stuk grond word gebruik en nie die prys van die grond nie. Indien prys gebruik sou word, moet toekomstige kapitaalwins met die verkoop van die grond in berekening gebring word. Hoewel dit 'n beperkende aanname is, vereenvoudig dié aanname die bespreking (Miron 1982:125).

7 Byvoorbeeld huishoudings in dieselfde inkome-groep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huuraanbod vir elke stuk stedelike grond verkry word en die resultaat sal wees dat 'n ruimtelike ewewig tot stand kom. In die geval van huishoudings geld die neo-klassieke ewewigsvoorwaarde, nl. dat die grensnut van die laaste geldeenheid wat op elke item bestee word dieselfde sal wees.

'n Identiese aantal huishoudings (N) sal elk grond (L) gebruik en ander goedere en dienste (X) verbruik. Meer hoeveelhede van elk van L en X sal die nutsvlak (U) van die huishouding laat styg.

$$\text{Dus } U = f(L,X) \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad (1)$$

Verder word 'n inkome van (Y), wat bestee word op (L), (X) en vervoerkoste (k), veronderstel. 'n Huishouding maak 'n huuraanbod by 'n woonvestigingspunt s van R(s) per vierkante meter vir 'n stuk grond van L vierkante meter. Indien ander goedere en dienste vir die bedrag van X gekoop word teen P_x per eenheid, is die totale besteding daarop P_xX per maand. Laastens word veronderstel dat die totale maandelikse vervoerkoste by woonvestigingspunt s, k(s) per maand is. Die maandelikse begrotingsbeperking is dus:

$$Y = R(\text{s}).L + P_xX + k(\text{s}) \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad (2)$$

Die groothede R(s) en k(s) is dus ruimtelik verwant en die vraag is nou watter huur per vierkante meter moet die huishouding aanbied om 'n sekere vlak van nut, sê U^* in Figuur 3-1, te verkry? Gegewe 'n huuraanbod van R(s) by woonvestigingspunt s kan die huishouding se begrotingsbeperking herskryf word as:[8]

---

8 Dit geskied soos volg: $Y = R(\text{s}).L + P_xX + k(\text{s})$

$$P_xX = Y - R(\text{s}).L - k(\text{s})$$

$$X = [Y - k(\text{s})]/P_x - [R(\text{s})/P_x].L$$

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

$$X = [Y\text{-}k(\mathrm{s})]/P_x - [R(\mathrm{s})/P_x].L \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad (3)$$

Dit is 'n vergelyking vir 'n reguitlyn. Die vertikale afsnit is $[Y\text{-}k(\mathrm{s})]/P_x$ en die helling is $-R(\mathrm{s})/P_x$. Die lyn kruis die horisontale as by $[Y\text{-}k(\mathrm{s})]/R(\mathrm{s})$.

In Figuur 3-1 sal die huishouding dus sy nut maksimeer by punt A waar die begrotingslyn en die indifferensiekromme 'n raakpunt vorm. Indien die huuraanbod, $R(\mathrm{s})$, groter is, sal die helling van die begrotingslyn meer onelasties wees en die nutsvlak U^* sal nie bereik kan word nie. Waar die huuraanbod kleiner is, sal die begrotingslyn op twee punte die indifferensiekromme sny en die huuraanbod $R(\mathrm{s})$ is gevolglik die enigste wat 'n raakpunt by A vorm.

Veronderstel 'n ander woonvestigingspunt t met 'n hoër vervoerkoste, d.w.s. $k(\mathrm{t})$ is groter as $k(\mathrm{s})$. Dit sal 'n begrotingslyn ewewydig aan SS' gee, nl. tt", maar dit vorm nie 'n raakpunt aan die indifferensiekromme nie. Die huuraanbod is dus te groot en indien dit verlaag word, sal 'n nuwe begrotingslyn tot stand kom, nl. tBt'.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-1: Die Neo-klassieke Benadering



Bron: Miron (1982:130).

Veranderings in die huuraanbod word dus in verband gebring met veranderings in vervoerkoste. 'n Woonvestigingspunt t sal 'n laer huuraanbod tot gevolg hê omdat die vervoerkoste hoër is. 'n Woonvestigingspunt by t, verteenwoordig deur raakpunt B, sal 'n hoër vervoerkoste hê as by woonvestigingspunt s, waar lg. deur raakpunt A verteenwoordig word. Uit Figuur 3-1 blyk ook dat die huishouding meer grond by woonvestigingspunt t (ewewigspunt B) as by woonvestigingspunt s (ewewigspunt A) gebruik. By woonvestigingspunt t is daar ook 'n laer inkome, dus netto inkome nadat vervoerkoste afgetrek is. Vir 'n huishouding om dieselfde nutsvlak by woonvestigingspunte t en s te verkry, moet die huuraanbod genoegsaam verklein

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word om te vergoed vir die laer inkome.

Die volgende voorwaarde vir die huuraanbodvergelyking kan gestel word:

$$L.dR(s)/ds + dk(s)/ds = 0 \quad \ldots\ldots\ldots\ldots\ldots\ldots \quad (4)$$

Hier is $dR(s)/ds$, wat negatief is, die koers waarteen die huuraanbod per vierkante meter daal met stygende afstand (s) van die werkplek. Dus is $L.dR(s)/ds$ die totale besparing van die verskuiwing weg van die SSK en ook negatief. Hierteenoor is $dk(s)/ds$ die koers waarteen vervoerkoste styg met afstand van die werkplek of SSK. Dit is dan ook die ewewigsvoorwaarde vir die model, nl. dat die marginale daling in besteding op grond met uitwaartse beweging vanaf die SSK presies dieselfde is as die marginale styging in vervoerkoste.[9]

Hoewel bg. voorstelling van hierdie model slegs die vraag van 'n homogene aantal huishoudings na grond ontleed, is verdere ontledings op grond van dieselfde uitgangspunte reeds t.o.v. behuising, gedifferensieerde stedelike bevolkings, vervoer en eksternaliteite gedoen (Miron 1982:132-134).

Die oënskynlike paradoks van hierdie benadering is geleë in die waarneming dat lae-inkome bevolkingsgroepe op stedelike grond naby die SSK bly, waar hierdie grond, weens toegang tot die SSK, 'n hoë waarde het. Dit is egter moontlik omdat hoë-digtheidbewoning beskikbaar is. 'n Verdere rede is dat vervoer i.t.v. tyd en koste gemeet word. Weens verbeterings in vervoermediums is tyd nie so 'n belangrike

---

9 Dié ewewigsvoorwaarde beteken dat die huuraanbod lineêr moet daal soos die vervoerkoste lineêr styg. Volgens Alonso is die huuraanbodkromme egter nie 'n spieëlbeeld van die vervoerkostekromme nie. Die rede hiervoor is dat die huishouding meer grond gebruik as kompensasie vir verlaagde inkome, weens styging in vervoerkoste om op dieselfde nutsvlak te bly. Die styging in vervoerkoste word dus oor 'n groter stuk grond "versprei", soos afstand styg. (Kyk Miron 1982:131-132.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

faktor nie en lae-inkome groepe probeer, deur naby aan die SSK te vestig, om op vervoerkoste te bespaar. Die hoë-inkome groepe verhoog hul nut deur meer grond te gebruik, aangesien hulle die hoë vervoerkoste kan bekostig. Dit is egter ook moontlik, afhangende van die aard van die vervoerstelsel, dat tyd steeds 'n belangrike faktor is. In so 'n geval sal die hoë-inkome groepe die lae-inkome groepe vervang in vestiging naby aan die SSK. Die lae-inkome groepe sal dan eerder in die stedelike periferie vestig (Levy 1985:72-73).

3.2 Die fabrieksvestigingsmodelle

Fabrieksvestigingsmodelle impliseer breedweg twee skole, nl. die laagste koste-benadering en die grootste afset-benadering (Chapman & Walker 1991:19-20). Beide hierdie benaderings is deduktief van aard, m.a.w. 'n aantal aannames oor die doelwitte van ondernemings word gestel en is normatief deur die optimale vestigingsplek vir die ondernemer aan te dui. Die belangrikste van hierdie aannames is dat die rasionele ondernemer so sal optree dat wins gemaksimeer word.

Die laagste koste-benadering beklemtoon die keuse van 'n vestigingsplek waar produksiekoste die laagste is terwyl die vraag na produkte as konstant oor ruimte beskou word. Die belangrikste eksponente van hierdie benadering is Alfred Weber, Tord Palander en Edgar Hoover (Smith 1981:69-84 & 92). Hierdie skrywers lê veral klem op die rol wat variasies in kostes, weens vervoer- en arbeidskoste asook agglomerasievoordele kan speel om die laagste koste-vestigingsplek aan te dui.

Die grootste kritiek teen hierdie benadering is dat vraagfaktore as gegewe beskou word. Indien vraag oor ruimte verander, sal die laagste koste-benadering nie maksimum wins lewer nie. Veranderde vraagfaktore noodsaak 'n verskuiwing van vestigingsplek ongeag waar die laagste koste-vestigingsplek geleë is. Hierdie benadering is slegs relevant waar vraag as konstant oor ruimte beskou kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om hierdie beperkings te oorkom, is weer na die ander uiterste beweeg waar produksiekoste as konstant beskou is en die vraag oor ruimte versprei is. Eksponente van die grootste afset-benadering, waarin markarea as die belangrikste determinant van vestiging beskou word, is Augush Lösch en ook weer Tord Palander en Edgar Hoover (Smith 1981:85-97). Die onderneming se vestigingspunt sal wees waar die grootste mark vir sy produkte verkry kan word. Dit word bepaal deur die optredes van verbruikers en die vestiging van ander ondernemings. Hierdie benadering is egter ook te eensydig aangesien beide vraag en koste in ag geneem behoort te word.

Greenhut (1956) het die gebreke van beide skole probeer omseil deur koste sowel as vraag in 'n fabrieksvestigingsmodel te inkorporeer. Hy kom tot die gevolgtrekking dat 'n onderneming sal vestig waar verkope aan 'n gegewe aantal verbruikers teen die laagste koste sal plaasvind. Mettertyd sal mededingers tot die mark toetree en die vraag na produkte van die onderneming sal daal, wat weer sal lei tot 'n punt van vestigingsewewig. So 'n vestigingsewewig veronderstel dat grensinkome gelyk is aan grenskoste. Hervestiging sal egter tot verliese aanleiding gee.

Die kulminasie van hierdie fabrieksvestigingsmodelle kan gevind word in die werk van Walter Isard, *Location and Space Economy* van 1956 waarin hy binne die neo-klassieke ontledingsraamwerk 'n "Algemene Teorie" van fabrieksvestiging geformuleer het. Isard inkorporeer beide die vraag- en aanbodfaktore.

Die teoretiese uitgangspunt in Isard se model is die substitusie-beginsel. 'n Onderneming sal insette tot die produksieproses substitueer om binne 'n sekere begroting te bly.[10] Deur die begrotingslyn en indifferensiekromme in Figuur 3-1 met produksiekrommes, nl. 'n isokostekromme en isokwant te vervang, kan die

---

10 Dit is ook die geval by huishoudings waar nut gemaksimeer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

substitusie-proses van die onderneming verduidelik word.[11] Die onderneming sal grond en ander insette vir mekaar substitueer afhangende van die kombinasie van insette wat benodig word. Vervoerkoste speel hier, net soos in die geval van huishoudings, 'n bepalende rol in die bepaling van die vestigingspunt (Miron 1982:126-127). Die onderneming sal dus die koste van vervoer substitueer vir meer grond of enige ander inset.

Isard bring ook die vraagkant in berekening en verbruikers sal ook vervoerkoste na markpunte substitueer vir grondgebruik en afstand na die werkplek in 'n poging om nut met 'n gegewe begrotingsbeperking te maksimeer.

4 Die Strukturele Benadering

Die intellektuele grondslag van hierdie benadering is hoofsaaklik die werk van Karl Marx. In die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu het die Radikale Skool Marx se denke weer op die voorgrond geplaas (Landreth & Colander 1989:386-392). Volgens Marx is *ekonomie* die wetenskap van produksie en ekonomiese groei en ontwikkeling moet i.t.v. die veranderde aard van produksie ontleed word (Landreth & Colander 1989:162-197).

Die "sosiale verhoudings in produksie" in kapitalisme is die interaksie wat in produksie tussen arbeid, kapitaal, grond en tegnologie plaasvind. Elk van hierdie insette verander in kwaliteit en kwantiteit weens ontdekkings, innovasies en die vlak van kapitalistiese ontwikkeling. Op hierdie wyse formuleer Marx 'n dinamiese model van kapitalistiese verandering, wat uiteindelik op kollektiewe sosialisme sal uitloop. In

---

11 Die teorie van verbruikerskeuse, soos uiteengesit in Afdeling 3.1 dui die ewewigsposisie van die verbruiker aan. Dit is nie die geval by die onderneming in die produksieteorie nie. Die produksieteorie, soos vervat in die ontledings met behulp van isokwant- en isokostekrommes, dui slegs aan hoe die ondernemer insette sal kombineer om 'n gegewe uitset te produseer. (Kyk Miller & Meiners 1986:265.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie proses van verandering is dit kapitaliste, die heersende klas,[12] se primêre doel om 'n sosiale surplus van arbeid te onttrek.[13]

4.1 Die Strukturele Benadering in stedelike verband

Die Strukturele Benadering is 'n konflik-model. Stedelike grondgebruik en groei word gesien as 'n proses van die akkumulasie van die sosiale surplus weens die klasse-konflik tussen kapitaliste en arbeid (Harvey 1990a:59). Harvey (1990a:59-89) onderskei verskillende funksionele vlakke van akkumulasie en konflik, nl. 'n primêre, sekondêre en tersiêre vlak.

Die primêre vlak. Volgens Marx is kapitaal geld (M), wat in 'n spesifieke tipe produksieproses (P) geïnvesteer word om produkte (C) te produseer en wat weer vir wins (M') verkoop word (Walker & Storper 1981:476-477). Die sirkulêre proses van $M \rightarrow P \rightarrow C \rightarrow M'$, wat oneindig aanhou, vorm die primêre vlak van akkumulasie en konflik, en in Marxistiese terme word dit as die onder-bou beskou. Die inherente geneigdheid van kapitaliste om voortdurend te investeer, lei noodwendig tot oorakkumulasie. Die gevolg is 'n krisis wat ontstaan weens oorproduksie, dalende winste, surpluskapitaal en die verhoogde aanbod en uitbuiting van arbeid.

Om hierdie proses van akkumulasie op die primêre vlak te laat voortgaan en die genoemde krisis te vermy, kom akkumulasie en konflik op 'n tweede en derde vlak, die sekondêre en tersiêre vlak, tot uiting. Waar die primêre vlak die onder-bou uitgemaak het, vorm hierdie sekondêre en tersiêre vlakke die bowe-bou.

---

12 Die heersende klas en kapitaliste word interaktief gebruik.

13 Die sosiale surplus behels die verskil in die waarde wat werkers produseer en die waarde van die kommoditeit, arbeidskrag. In lg. geval dus die koste om arbeid te produseer (Walker & Storper 1981:475).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sekondêre vlak. Deur die "omskakeling" van investering van die primêre vlak na die sekondêre vlak kom die proses van akkumulasie tot uiting in kapitaalinvestering in vaste kapitaal en 'n verbruiksfonds. Vaste kapitaal bestaan uit hulpmiddels vir produksie, soos masjinerie, en die fisiese raamwerk om produksie in te kan doen, soos 'n fabriek. Die verbruiksfonds, soortgelyk aan vaste kapitaal, bestaan uit hulpmiddels in verbruik, soos wasmasjiene, en die fisiese raamwerk om te kan verbruik, soos huise.[14] Hierdie sekondêre investering is noodsaaklik om die proses van akkumulasie op die primêre vlak aan die gang te hou, maar oorakkumulasie vind ook hier plaas en om die proses aan die gang te hou vind investering in die tersiêre vlak van akkumulasie en konflik plaas.

Die stedelike implikasie van die Strukturele Benadering kom na vore by dié sekondêre vlak. Die proses van akkumulasie het 'n nie-ruimtelike karakter in die primêre vlak waar die spesifieke aard van die produksieproses in kapitalisme ontstaan. Soos akkumulasie voortgaan in die sekondêre vlak kry die akkumulasieproses 'n ruimtelike of stedelike dimensie. Investering vind nou plaas in fisiese strukture en in goedere wat êrens ruimtelik moet vestig. Om egter die oorsaak van dié stedelike dimensie te begryp, moes die aard van die produksieproses in die primêre vlak eers geïdentifiseer word. Later sal aangetoon word dat Massey (1984:7) aandui dat nie-ruimtelike faktore die oorheersende oorsaak van ruimtelike patrone is.

Die tersiêre vlak. Volgens Harvey (1990a:65-66) vind beleggings in navorsing en ontwikkeling van nuwe produkte en in arbeid plaas. Laasgenoemde belegging is tweeledig van aard, nl. die kwalitatiewe verbetering van arbeid soos onderwys en gesondheid, en die belegging in koöptasie, integrasie en onderdrukking. Hoewel dit teenstrydig met die basiese aanname van konflik in hierdie benadering is, besef kapitaliste dat dié belegging die primêre proses van akkumulasie sal bevoordeel.

---

14 Dit is moontlik dat sekere investering, soos paaie, wel beide funksies kan verrig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel hier nie 'n definitiewe stedelike dimensie na vore kom nie, kan dit aanvaar word dat arbeid vestig waar die investering in vaste kapitaal en die verbruiksfonds in die sekondêre vlak plaasvind, dus in stedelike gebiede.

Hierdie benadering is dinamies van aard aangesien elke krisis, wat op die primêre vlak begin en deurwerk na die tersiêre vlak, weer aanleiding gee tot 'n nuwe rondte van investering. Soos die kapitalistiese stelsel deur verskillende fases van veranderings in die kwaliteit en kwantiteit van hierdie sosiale verhoudings in produksie beweeg, gee dit weer aanleiding tot nuwe investering op al drie vlakke en tot nuwe sosiale verhoudings in produksie.

4.2 Die fabrieksvestigingsmodel

In die Strukturele Benadering word daar nie soos in die geval van die Neo-klassieke Benadering met 'n streng teoretiese model na vore gekom om spesifieke fabrieksvestigingspunte aan te dui nie. Daar word eerder gewys op die kenmerkende aard van die produksieproses wat sal bepaal hoe fabrieksvestiging inpas in die proses van akkumulasie en konflik.

Fabrieksvestiging is relevant by P in die sirkulêre proses van $M \rightarrow P \rightarrow C \rightarrow M'$, aangesien P die fisiese groothede soos masjinerie en die geboue-omgewing insluit. Die vestigingsbesluit is egter nie 'n onafhanklike besluit nie, maar slegs een element in dié sirkulêre proses.[15] Die vraag is hoe die ruimtelike vestigingsbesluit die investeringsbesluit kan beïnvloed. Drie faktore het hier 'n invloed, nl. die strewe na wins en kapitaalakkumulasie; die aanbod van produksiefaktore en die mark vir verbruiksgoedere, en laastens die belangrike rol wat arbeid speel (Walker & Storper

---

15 Dit is 'n belangrike punt van kritiek teen die Neo-klassieke Benadering, nl. dat die vestigingsbesluit as onafhanklik van ander besluite gesien word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1981:493).

Die investeringsbesluit (kapitaalakkumulasie) volg op die strewe van kapitaliste om wins te maak. Die vestigingsbesluit oor produksie-aktiwiteite moet dus so wees dat dit 'n investeringsbesluit wat die strewe na wins bevorder, moontlik maak. Geografiese beperkings op vestiging, wat die moontlikhede van wins en kapitaalakkumulasie beperk, word so oorkom (Walker & Storper 1981:494).

Die aanbod van produksiefaktore en die mark vir verbruiksgoedere moet ook binne die akkumulasieproses gesien word. Die kapitalis kan dié aanbod en mark t.g.v. die akkumulasieproses manipuleer sodat gunstige vestigingsfaktore wat inhoud aan die investeringsbesluit gee, tot stand gebring word (Massey 1984:67-124). In elke opeenvolgende fase van kapitalistiese ontwikkeling ontstaan daar 'n toepaslike ruimtelike ordening (op die sekondêre vlak) wat onderliggend aan die akkumulasiemotief is.

Tradisioneel speel arbeid[16] binne die Marxistiese teorie 'n oorheersende rol aangesien die akkumulasieproses juis gaan oor die konflik tussen kapitaal en arbeid. Massey (1984:36) beskryf hierdie konflik soos volg: "... the way in which a firm operates with the pressures upon it depends on the kind of capital involved, on the kind of labour which it faces, and on the battle between them." Dié stryd word gevoer in die vorm van huur (Walker & Storper 1981:498-499). Waar die Neo-klassieke Benadering slegs een markbepaalde huur identifiseer, is arbeid se produksie-aktiwiteite volgens die Strukturele Benadering onderhewig aan verskeie vorme van huur.

Die huur word deur die kapitalis gebruik om intra-stedelike vestiging van arbeid so

---

16 Arbeid word ook ingesluit by die vorige faktor nl. die aanbod van produksiefaktore en die mark vir verbruiksgoedere, maar weens die belangrikheid daarvan word dit gewoonlik binne die Strukturele Benadering as 'n aparte faktor bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te beheer dat akkumulasie kan plaasvind (Harvey 1973:139 & 181; McCarthy & Smit 1984:78; Scott 1976:155). Die huur neem verskillende vorme aan[17] en op grond van die monopolistiese beskikking wat kapitaliste het oor stedelike woongebiedgrond, kapitaal om lenings vir geboue te voorsien en te besluit hoeveel stedelike infrastruktuur ontwikkel moet word, word intra-stedelike vestiging ter wille van akkumulasie gemanipuleer. In die geval van die Strukturele Benadering is arbeid dus aan ander koste-oorwegings as huishoudings, soos in die Neo-klassieke Benadering, onderhewig.

Volgens die Strukturele Benadering kan die ruimtelike ekonomie nie na 'n ewewig beweeg nie omdat die mark hulpbronne nie optimaal allokeer nie. Onewewig bestaan eerder in die stedelike grondmark. Harvey (1990b:33) beskryf hierdie toestand soos volg: "The industrial city (is) therefore, an unstable configuration, both economically and politically, by virtue of the contradictory forces that produced it." In hierdie benadering is dit noodsaaklik om nie alleen die ruimtelik verwante sosio-ekonomiese aard van die vestigingsbesluit te verstaan nie, maar ook om die nie-ruimtelike oorsake van die investeringsbesluit (M), kommoditeite (C) en wins (M') te ontleed (Harvey 1990c:107; Massey 1984:13-14). Ruimtelike patrone is nie noodwendig die gevolg van ruimtelike oorsake nie; nie-ruimtelike faktore is in die meeste gevalle die oorheersende oorsaak (Massey 1984:7). Intra-stedelike vestiging kan gevolglik alleenlik i.t.v. die aard van die proses van produksie ontleed word. Die

---

17 Die vorme van huur is: a) Differensiële huur wat Scott (1976:155) beskryf as, "(It)... takes on its meaning in a relative space which is structured by differentials in productive capacity at different locations and which is integrated spatially through transport cost relationships." b) Arbeid staan ook in 'n uitbuitingsverhouding teenoor ontwikkelaars, finansiële instellings wat finansiering voorsien en die staat wat ook die rol van ontwikkelaar kan speel. 'n Addisionele huur (wins-huur) is gevolglik ook betaalbaar deur arbeid vir die geboue-omgewing (McCarthy & Smit 1984:78). c) Marx identifiseer ook 'n monopoliehuur, veral in stedelike gebiede met 'n hoë bevolking, wat van arbeid verkry kan word op grond van die "natuurlike monopolie in ruimte" van die geboue-omgewing. Die geboue-omgewing is vas en immobiel en mededinging vir hierdie geboue-omgewing geskied in 'n onvolmaakte markomgewing (Harvey 1982:139).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vestigingsbesluit word as slegs een moment in 'n proses van sosiale verandering beskou (Massey 1984:44).

5 Die Nuwe Institusionele Benadering[18]

Die Nuwe Institusionele Benadering (NIB) is nie so 'n duidelik afgebakende denkskool soos die Neo-klassieke Benadering of die Strukturele Benadering nie.[19] 'n Oorheersende kenmerk van die NIB is egter dat dit die basiese uitgangspunte van die Neo-klassieke Benadering, veral die aanname van rasionele indiwiduele optrede, bevraagteken. Die NIB erken wel die rol van sosio-ekonomiese veranderlikes soos in die geval van die Strukturele Benadering, maar hierdie veranderlikes word binne 'n ontledingsraamwerk van mededingende konflik beskou.

---

18 a) Die term Nuwe Institusionele Benadering (NIB) word in hierdie studie gebruik in teenstelling met die direkte vertaling van "New Institutional Economics" wat deur Williamson (1985:16) gebruik word.

b) Die Nobelprys vir *ekonomie* is aan Ronald Coase en Douglas C. North in onderskeidelik 1991 en 1993 toegeken. Coase het sy toekenning gekry op grond van sy werk oor die belangrikheid van transaksiekoste en eiendomsreg in die institusionele struktuur en funksionering van die ekonomie. North, wat saam met Robert W. Fogel die toekenning ontvang het, se bydrae was oor die rol van instellings in die langtermynontwikkeling van Europa en die Verenigde State van Amerika. Daar word in die teks veral na die werk van North verwys.

19 Nabli en Nugent (1989a:3) beskryf die diversiteit van hierdie Skool soos volg: "... (the New Institutional Economics) represents the culminating intersection of a number of different lines of investigation, each interesting in its own right, including the analysis of behavioral norms, the integration of persons with different tastes and preferences into voting coalitions, interest group formation, the problems of and prerequisites for (successful) collective action, transaction costs, organization theory, limitations on the rationality of human behaviour, the emergence of rules of thumb for firm decision-making, the determinants of firm structure, coordination problems, rent-seeking behaviour, technological change and its relationship to institutional change and the determinants and effects of property rights". Verder bestaan bv. in die meer onlangse literatuur ook 'n verwante benadering wat as die "Neoinstitutional Economics" bekend staan (Eggertson 1991:6-10). In die breë aanvaar hierdie benadering die basiese uitgangspunt van rasionaliteit van die indiwidu van die Neo-klassieke Benadering, in teenstelling met die NIB, terwyl dit wel die ander vertrekpunte van die NIB aanvaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die NIB is instellings belangrik en behoort dit die raamwerk vir die ontleding van 'n ekonomiese stelsel te vorm. Die tradisionele Institusionele Skool, wie se denke in die vroeë dekades van die twintigste eeu in die Verenigde State van Amerika hoogty gevier het, word as die intellektuele voorvaders van die NIB beskou.

Dié tradisionele skool se belangrikste uitgangspunte kom tot uiting in die werk van Thorstein Veblen, John Commons, Wesley Mitchell en Clarence Ayres, sowel as in latere jare in die werk van John Kenneth Galbraith. Dié skrywers se werk openbaar die volgende kenmerke: Die ekonomie moet as 'n geheel bestudeer word; instellings, en nie ekonomiese wetmatighede nie, is belangrik; aangesien die gemeenskap en instellings onderhewig is aan gedurige veranderings moet die ekonomie as 'n dinamiese evolusionêre stelsel beskou word in stede van 'n statiese ewewigstelsel; strukturele probleme is normaal in enige ekonomiese stelsel en die owerheid het 'n beheerrol om dit reg te stel; in stede van die harmonie van belange, ontstaan daar eerder 'n konflik van botsende belange en die owerheid het ook 'n rol om hierdie botsende belange te verminder, en demokratiese hervorming is noodsaaklik om 'n meer regverdige verdeling van inkome te bewerkstellig aangesien markkragte tot 'n wanallokasie van hulpbronne aanleiding gee. Ondanks hierdie gemeenskaplike kenmerke van die Institusionele Skool, het elk van die indiwiduele eksponente 'n uiteenlopende rigting binne 'n institusionele raamwerk gevolg.

5.1 Uitgangspunte

Die uitgangspunt van die NIB is om m.b.v. 'n teorie van institusionele verandering die ekonomiese werklikheid te verklaar. Vervolgens word die konsep van 'n instelling eers gedefinieer en daarna word die basiese uitgangspunte bespreek.

Daar bestaan 'n breë algemene aanvaarding in die literatuur wat 'n instelling is. Volgens Hutchison (1984:20) definieer Veblen 'n instelling as "... the nature of a usage

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

which has become axiomatic and indispensible by habituation and general acceptance." Volgens North (1986:231) is instellings: "... regularities in repetitive interactions among individuals. They provide a framework within which people have some confidence as to how outcomes will be determined." Ook: "They entail enforcement either of the self-enforcing variety, through codes of behaviour, or by third party policing and monitoring."

Die rol van reëls of instellings[20] kom op twee wyses in hierdie definisies ter sprake, nl. eerstens die reëls wat deur 'n derde party daargestel word en ook deur dié party toegepas en gemonitor word, en tweedens, die rol wat selfgemoniteerde reëls, soos kulturele waardes en norme, speel (Schotter 1986:117-118). In eg. geval is instellings eksogeen aan die gemeenskap en word institusionele verandering as "sosiale ingenieurswese" beskou wat plaasvind deur die manipulering van die reëls of die daarstel van nuwe reëls. In die tweede geval word instellings nie as 'n stel vooraf ontwerpte reëls gesien nie, maar eerder as onbeplande en onbedoelde reëlmatighede (sosiale konvensies) van sosiale gedrag wat organies uit die gemeenskap self ontwikkel. Instellings is 'n lg. geval endogeen aan die gemeenskap. Hierdie tweeledige rol van reëls is egter nie noodwendig onderling uitsluitend nie en kan in ooreenstemming met die NIB se evolusionêre benadering as 'n interaktiewe dinamiese proses van reëls, sosiale konvensies, reëls, ens. gesien word.[21]

'n Instelling soos in hierdie definisies bedoel, verskil van 'n organisasie soos 'n onderneming of owerheidsdepartement aangesien lg. enersyds die gevolg van 'n instelling(s) kan wees (Matthews 1986:905) of daargestel kan word om 'n instelling op die gemeenskap af te dwing of te beheer. 'n Instelling kan ook sonder enige

---

20 In hierdie verband kan reëls en instellings as sinonieme gebruik word.

21 Die dinamiese proses hoef nie noodwendig in die volgorde van reëls, sosiale konvensies, reëls, te wees nie, maar kan ook sosiale konvensies, reëls, sosiale konvensies, wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

organisasie in die gemeenskap teenwoordig wees.

Gegewe hierdie definisie van 'n instelling funksioneer enige ekonomiese stelsel, wat die universele doelwit het om voordele uit handelstransaksies te verkry, volgens 'n aantal basiese beginsels of aannames (North 1986:232-233):

'n Indiwidualisties-behavioristiese aanname dat die indiwidu sy eie nut binne beperkte rasionaliteit wil maksimeer. Met hierdie aanname oorkom die NIB die grootste kritiek teen die Neo-klassieke Benadering, nl. die van rasionaliteit van die indiwidu. Volgens Simon (1983:416) word rasionaliteit beperk deur die onsekerheid oor die gevolge van elke keuse-alternatief, onvolledige inligting oor die aantal en inhoud van alternatiewe wat bestaan, en kompleksiteit wat die moontlikheid van 'n keuse vir die optimale alternatief beperk. Die twee beperkende elemente is 'n gebrek aan inligting en die beperkte vermoë om die komplekse wêreld te verstaan. Inligting het ook 'n tweede dimensie in die sin dat die omvang van die beperkte inligting tussen deelnemers in die ekonomie kan verskil.

In stede van die aanname van rasionaliteit baseer die NIB hul ontledings op die aanname van beperkte rasionaliteit[22] wat aanleiding tot bevredigende optrede[23] gee. Indien al die alternatiewe, weens die redes deur Simon genoem, nie in berekening gebring kan word in die maak van keuses nie, word 'n bevredigende keuse gemaak op grond van 'n aspirasie-norm. Hierdie aspirasie-norm kom tot stand deur historiese ervaring van die indiwidu, suksesse van vorige bevredigende optrede, die aspirasie-vlakke en suksesvolle bereiking daarvan deur ander deelnemers in die ekonomie, die beskikbare inligting en verwagtinge. Waar die aanname van rasionaliteit in die Neo-

---

22 Simon, soos aangehaal deur Williamson (1986:173), beskryf hierdie beperkte rasionaliteit as "intendedly rational, but only limitedly so".

23 Dit is 'n direkte vertaling van "satisfying behavior" of "satisficing".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klassieke Benadering staties is en nie die veranderde omgewing waarin 'n indiwidu besluite moet neem in berekening bring nie, gee hierdie aspirasie-norm 'n dinamiese betekenis aan bevredigende optrede. Simon (1983:415) verduidelik die dinamiese aard daarvan soos volg: "... the existence of a satisfactory alternative is made likely by dynamic mechanisms that adjust the aspiration levels to reality on the basis of information about the environment."

Die aanname van bevredigende optrede van Simon is gebaseer op beperkte rasionele optrede binne 'n raamwerk van bekende alternatiewe. Keuse word dus binne beperkte rasionaliteit deur die aspirasie-norm bepaal. Die indiwidu is egter steeds rasioneel en slegs een optimale keuse binne die raamwerk van beperkte rasionaliteit is moontlik.

Volgens Williamson (1985:43-67) word die optrede van die indiwidu bepaal deur beperkte rasionaliteit tesame met opportunistiese optrede. Opportunistiese optrede bestaan waar enige party tot 'n kontrak, bewustelik of onbewustelik, nie die voorwaardes van die kontrak nakom nie. Hierdie moontlikheid bestaan veral waar al die partye nie oor dieselfde mate van inligting beskik nie. Hierdie beperkte rasionaliteit tesame met opportunistiese optrede gee aanleiding tot die verhoging van die transaksiekoste[24] van 'n handelstransaksie.

Hierdie siening van Simon en Williamson, wat redelik wye erkenning geniet, word deur sommige ekonome nog verder gevoer deur ook die beperkte rasionaliteit te bevraagteken. Volgens Langlois (1986:225-255) kan die optrede van die indiwidu as "situational behaviour" beskou word waar die optrede bepaal word deur sg. "adaptive behaviour". Langlois (1986:252) beskryf die optrede van die indiwidu soos volg: "... the agent is rational in the sense that he acts appropriately to or reasonably in his or her situation." Hoewel Langlois toegee dat bevredigende optrede wel binne hierdie

---

24 Transaksiekoste word as 'n volgende basiese vertrekpunt bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

definisie van "situational behaviour" val, is dit bevredigende optrede wat grootliks deur die omgewing bepaal word en nie deur die interne beperkte rasionaliteit van die indiwidu nie. Onsekerheid weens die gebrek aan inligting is nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir die omgewingsbepaalde gedrag van Langlois nie, omdat die mens nie rasioneel optree nie en verskillende uitkomstes moontlik is. Langlois (1986:227) redeneer verder dat dit onmoontlik is om rasionele optrede te definieer aangesien daar nie 'n rasioneel-objektiewe raamwerk bestaan waarteen rasionele optrede gemeet kan word nie. Volgens Langlois (1986:236) is die doel van die *ekonomie* as vakgebied om die onbedoelde of onbeplande sosiale gevolge van gedrag van baie indiwidue te bepaal en nie om die gedrag van die indiwidu te bepaal nie. Dit is dus nie nodig om die sielkunde van die besluitnemingsproses intern aan die indiwidu na te speur nie, maar eerder die instellings wat aanleiding tot hierdie onbedoelde gevolge gee.

Williamson[25] sluit baie nou aan by Langlois deur ook klem te lê op die beginsel van "leer deur te doen" as 'n belangrike veranderlike wat die aard van handelstransaksies bepaal. Beperkte rasionaliteit word deur herhalende optrede verminder, maar in vergelyking met die neo-klassieke rasionaliteit is dit steeds beperk.

Ondanks die bestaan van hierdie beperkinge op rasionaliteit en gevolglik bevredigende optrede of omgewingsbepaalde optrede, probeer die indiwidu steeds om sy nut te verhoog. Hy of sy doen dit deur onsekerhede uit te skakel. In die indiwidu se poging om onsekerhede uit te skakel, ontstaan daar instellings om transaksiekoste te verminder.

Transaksiekoste bestaan in enige ekonomiese stelsel en bepaal of 'n handelstransaksie kan plaasvind. Volgens North (1984:7) behels transaksiekoste

---

25 Hierdie argument word verskeie kere deur Williamson in sy publikasies gebruik (kyk o.a. Williamson (1985:52-53)).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

" ... the costs of specifying and enforcing the contracts that underlie exchange and therefore comprise all the costs of political and economic organizations that permit economies to capture the gains from trade." Transaksiekoste is tweeledig van aard, nl. die wat *ex ante* ontstaan en die wat *ex post* ontstaan. *Ex ante* transaksiekoste sluit in die koste om inligting te verkry oor die koste en voordele van 'n voorgenome kontrak, kostes verbonde aan die onderhandelinge oor die inhoud van die kontrak en die kommunikasie oor die inhoud van die kontrak aan alle belanghebbendes. Die transaksiekoste wat *ex post* ontstaan, is koste wat verband hou met die onvolledigheid van kontrakte, oplossing van dispute, monitering en opportunistiese optrede.[26] Transaksiekoste bestaan in enige handelstransaksie.[27] Soos sektorale ekonomiese groei en ontwikkeling plaasvind, vind 'n groter mate van arbeidsverdeling plaas en die substitueerbaarheid van produksiefaktore en kommoditeite verminder (North 1984:11-16). Dit gee aanleiding tot ingewikkelder handelstransaksies wat weer hoër transaksiekoste tot gevolg het.

Die bestaan van transaksiekoste en die meting daarvan kom in 'n instelling, 'n reël of 'n kontrak tot stand. 'n Instelling of kontrak spesifiseer die meervoudige eienskappe van die goedere en dienste en dié van agente so presies as moontlik om 'n handelstransaksie moontlik te maak.

Die *ex post* oorsprong van transaksiekoste plaas die monitering en afdwingbaarheid van die ooreengekome instelling of kontrak sterk op die voorgrond. Die moontlikheid dat instellings in 'n gemeenskap tot stand kom, word ook van die aanbodkant bepaal

---

26 Volgens die definisie van Williamson is dit ook moontlik dat opportunistiese optrede *ex ante* plaasvind.

27 a) Handelstransaksies moet baie breed beskou word en impliseer nie noodwendig dat 'n monetêre teenprestasie gelewer hoef te word nie.

b) In die ontledingsraamwerk van die neo-klassieke ekonome bestaan daar nie transaksiekoste en gevolglike kontraktering nie, aangesien die indiwidu rasioneel is en oor volmaakte inligting beskik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur die koste van monitering en afdwingbaarheid van die instelling. In die gevalle waar herhalende en persoonlike handelstransaksies plaasvind, sal transaksiekoste laer wees as in die geval waar nie-herhalende onpersoonlike handelstransaksies plaasvind (North 1986:232-233).

Dit is dan in lg. geval waar die behoefte aan monitering en afdwingbaarheid van instellings of kontrakte deur 'n derde party van kritieke belang word. Hierdie behoefte gee aanleiding tot die derde aanname of beginsel.

Die afdwingbaarheid van kontrakte en die verlaging van die transaksiekoste vereis optrede deur 'n derde party, nl. die owerheid of 'n ander organisasie wat 'n kritieke rol speel in die verandering en bepaling van die struktuur van eiendomsregte, die monitering daarvan en die afdwing van hierdie struktuur. Die monitering en afdwingbaarheid van instellings of kontrakte hang af van die identifisering van eiendomsregte wat weer ten doel het om transaksiekoste te verlaag. Eiendomsregte is die reg van indiwidue om hulpbronne te gebruik en sulke regte word in stand gehou deur (Alchian soos aangehaal deur Eggertson (1991:36)): "... the force of etiquette, social custom, ostracism, and formally legally enacted laws supported by the state's power of violence of punishment."

Dit is veral die owerheid wat 'n rol speel in die bepaling van eiendomsregte met die doel om kontrakte afdwingbaar te maak (Matthews 1986:910). Aangesien enige verandering in hierdie eiendomsregte welvaartsimplikasies vir die gemeenskap het, bestaan daar 'n ooreenkoms tussen die owerheid en die kieserspubliek om eiendomsregte te definieer en te beskerm. Die rol van die owerheid in die bepaling van eiendomsreg word bepaal deur die aard van dié ooreenkoms. Die owerheid kan eiendomsreg van sosiale konvensies en eksogene instellings aan indiwidue of belangegroepe gee, en ook in eie reg 'n organisasie wees wat belang het by die handhawing en behoud van sekere instellings. Die aard van die ooreenkoms tussen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die owerheid en kieserspubliek het twee uitkomste (Booth 1995:283-285; North 1981:21). Die owerheid kan eerstens slegs groei-genererende eiendomsreg aan instellings toeken. Hierdie tipe toekenning sal dan alle indiwidue (die totale kieserspubliek of bevolking) toelaat om hul eie welvaart te verhoog. Dit is sonder om ander indiwidue se kanse om dit ook te doen, te verlaag.

Die tweede uitkoms is waar die owerheid roofsugtig optree. Die toekenning van eiendomsreg vind plaas om die owerheid self of 'n sekere belangegroep te bevoordeel. Dit vind plaas ongeag die invloed wat sulke roofsugtige gedrag op ander lede van die gemeenskap het. Hierdie tipe gedrag sluit baie nou aan by die Strukturele Benadering se uitbuiting van arbeid deur kapitaliste, wat 'n altyd-geldende gedragspatroon is. In die NIB is roofsugtige gedrag nie noodwendig dié van die owerheid nie en is ook nie altyd-geldend nie. In die proses van mededingende konflik is die heersende belangegroep in die NIB nie altyd roofsugtig nie en in opeenvolgende tydperiodes is die heersende belangegroep ook nie altyd dieselfde belangegroep nie.

Weens hierdie belangrike rol wat aan die owerheid toegeken word, is die NIB ook nou gemoeid met die ontwikkeling van politieke instellings wat saam met ekonomiese instellings die twee kragte vorm waarbinne handelstransaksies en dus ekonomiese groei en ontwikkeling plaasvind (Solo 1989:265).

Die vermindering van transaksiekoste d.m.v. kontrakte, tesame met die monitering en afdwing van instellings deur die owerheid of die gemeenskap self, word egter finaal moontlik gemaak deur **die mate waarin die sienings van indiwidue of die gemeenskap oor die legitimiteit en regverdigheid van instellings of kontrakte 'n rol speel.**

North (1984:10), in noue aansluiting by Langlois se "adaptive behaviour", beskou die ontstaan van 'n kultuur-ideologiese raamwerk waarbinne optrede plaasvind as die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolg van mense se ondervinding. Die kultuur-ideologiese agtergrond en uitgangspunte van indiwidue gee aanleiding tot relatiewe sienings oor transaksiekoste. Hoe hoër die transaksiekoste en die monitering daarvan en hoe meer heterogeen gemeenskappe is, hoe belangriker is hierdie uitgangspunte van indiwidue in die daarstel van handelstransaksies. Die mate waartoe 'n ideologiese raamwerk van konformasie tot instellings daargestel word om die legitimiteit van bestaande instellings te verseker, bepaal die finale uitkoms van die handelstransaksie en die omvang van groei en ontwikkeling in die ekonomie (Eggertson 1991:73-75; North 1984:10-11 & 1986:233-234).

5.2 Die Nuwe Institusionele Benadering as 'n samehangende ontledingsraamwerk vir stedelike ontwikkeling[28]

Soos reeds verduidelik, is hierdie benadering nie so duidelik identifiseerbaar soos die ander benaderings nie. Elk van hierdie uitgangspunte het 'n eie teoretiese onderbou, in sommige gevalle 'n verskeidenheid, wat in eie reg as 'n sub-benadering tot 'n vertakking van die NIB beskou kan word.

Hierdie samevoeging van die verskillende teoretiese uitgangspunte is egter nie 'n nadeel nie, aangesien die NIB juis 'n meer omvattende en realistiese verklaring van ekonomiese groei en ontwikkeling, in hierdie geval van stedelike groei en ontwikkeling, wil gee (Nabli & Nugent 1989a:17-19). Cadwallader (1988:227-251) dui ook aan dat verskeie elemente van teoretiese ontledingsraamwerke gebruik kan word in 'n poging om 'n meer realistiese en omvattende ontledingsraamwerk van die werklikheid te gee.

---

28 Die rol van legitimiteit word nie spesifiek hier bespreek nie, maar word ondervang in die laaste basiese uitgangspunt.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1 Bevredigende optrede en beperkte rasionaliteit

Stedelike groei en ontwikkeling word gesien as die gevolg van menslike optrede in 'n komplekse interaktiewe stelsel van mens en fisiese objekte (Colledge 1981:1327 & 1984:1-44; Townroe 1974:32-40). Smith (1981:109-115 & 149-225; kyk ook Chapman & Walker 1991:21-24) het die aanname van bevredigende optrede en beperkte rasionaliteit op fabrieksvestiging toegepas deur die konsep van "ruimtelike grense van winsgewendheid van die ondernemer" te gebruik. In die geval van die verbruiker se optrede is daar sprake van "ruimtelike grense van nutsbevrediging". Die ondernemer, as ondernemer en verbruiker, is aan albei onderhewig.[29]

Wat fabrieksvestiging spesifiek betref, is sub-optimale eerder as optimale gedrag by die ondernemer aan die orde. Die aanname van winsmaksimering word vervang met 'n aanname van bevredigende optrede. Hierdie sub-optimale gedrag is toe te skryf aan twee faktore. Eerstens beskik die ondernemer nie oor volmaakte inligting oor die optimale vestigingspunt vir sy onderneming, dus oor sy optimale winsmaksimeerderingspunt nie. Tweedens is ander sosio-ekonomiese faktore, wat op die ondernemer se nutsmaksimeerderingsposisie as verbruiker betrekking het, van belang. Substitusie vind dus eerder plaas tussen die ruimtelike grense van nutsbevrediging en dié van winsgewendheid van die ondernemer-verbruiker, as, soos die Neo-klassieke Benadering dit stel, tussen kostes en inkome.

Binne hierdie grense van winsgewendheid bestaan daar wel 'n optimale punt, maar vestiging sal nie noodwendig hier plaasvind nie of dit is ook nie vanuit die winsposisie van die onderneming belangrik dat vestiging hier hoef plaas te vind nie. Slegs 'n aanvaarbare wins is noodsaaklik om die ondernemer, wat bevredigende optrede vir

---

29 Die ondernemer is egter ook 'n verbruiker en sy beperkte rasionaliteit en bevredigende optrede is dus van toepassing op beide sy rolle in die stedelike ekonomie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

winsgewendheid substitueer, by 'n sekere punt te laat vestig (Koutsoyiannis 1985:324). Smith (1981:115) stel dit soos volg: "Spatial variations in total costs and total revenue create an optimum location at which profits can be maximized, and also spatial margins beyond which profitable operation is not possible; within the margin the firm is free to locate anywhere, providing profit maximisation is not required."

Die ruimtelike implikasie van hierdie grense van winsgewendheid vir fabrieksvestiging is tweeledig. Eerstens vereis substitusie tussen nutsbevrediging en winsgewendheid, binne die genoemde grense, dat die vestigingsgebied beide die moontlikhede van nutsbevrediging en winsgewendheid moet inhou, anders sal substitusie nie kan plaasvind nie. 'n Optimale vestigingspunt waar winsgewendheid moontlik is, maar geen sprake van nutsbevrediging nie, sal dus nie binne die besluitnemingsraamwerk van 'n ondernemer val by 'n besluit oor 'n vestigingspunt nie.

Aangesien dit verder aanvaar word dat die ondernemer nie oor volmaakte inligting oor sy optimale vestigingspunte vir nutsbevrediging en winsgewendheid beskik nie, volg dit dat die ondernemer eerder die bekende, veilige, omgewing sal verkies. By implikasie is dit dus 'n ruimtelike gebied, in teenstelling met 'n vestigingspunt, wat die eienskappe van 'n historiese verloop van winsgewendheid, sowel as nutsbevrediging, openbaar.

Tweedens impliseer grense van winsgewendheid, spesifiek in intra-stedelike verband, dat vestiging nie deur die vraag na vestigingsfaktore van die onderneming bepaal word nie, maar eerder deur sosio-ekonomiese aanbodfaktore binne hierdie grense van winsgewendheid. Die ondernemer is dus onverskillig oor waar hy binne hierdie genoemde grense vestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2 Die rol van transaksiekoste

Die rol van transaksiekoste het betreklik onlangs meer relevant geraak as 'n veranderlike in die bepaling van stedelike groei en ontwikkeling.[30] In 'n aantal studies gebruik A.J. Scott (1982, 1983a, 1983b, 1984, 1985, 1986 & 1988) transaksiekoste as die bepalende veranderlike vir groei en ontwikkeling.

Scott (1985) beskou die aard van die produksie-aktiwiteite in 'n stedelike gebied as bepalend vir die aard van stedelike groei en ontwikkeling. Produksie-aktiwiteite bepaal die vestiging van woongebiede en ook waar arbeid sal vestig. Die vestiging van arbeid is die gevolg van fabrieksvestiging en nie andersom nie.[31] Scott se benadering behels twee interafhanklike aspekte wat 'n implikasie vir intra-stedelike groei en ontwikkeling het, nl. die rol wat transaksiekoste speel in die aard van die produksieproses en in die verandering in dié aard.

Volgens Scott bestaan elke onderneming uit 'n aantal interne transaksies wat beheer word deur 'n bestuurshiërargie en 'n stel eksterne, mark-beheerde transaksies wat die posisie van die onderneming in 'n netwerk van ondernemings beheer. Transaksiekoste is belangrik by beide dié interne en eksterne transaksies. Interne transaksiekoste ontstaan waar die bestuur beheer moet uitoefen oor die produksieproses en eksterne transaksiekoste in die transaksies met ander ondernemings wat bv. insette lewer.

---

30 Die rede hiervoor is dat transaksiekoste eers formeel deur Williamson in die laat sewentigerjare en vroeg tot middel-tagtigerjare van die twintigste eeu geformuleer is (kyk Williamson 1985).

31 Scott sluit hier baie nou aan by die Strukturele Benadering, maar beskou die proses van stedelike groei en ontwikkeling nie i.t.v. konflik nie. Dit is in aansluiting by die NIB se poging om 'n groter aantal sosio-ekonomiese veranderlikes in ag te neem en, soos in die teks gestel, is die gemeenskap 'n dinamiese proses van groei en ontwikkeling. Kyk bv. A.J. Scott (1982:111-142) waar hy fabrieksvestiging in die groter geheel van die proses van ekonomiese groei en ontwikkeling beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Scott (1986:220) verduidelik die eerste aspek soos volg: "When internal transaction costs exceed external transaction costs labour processes are highly susceptable to vertical disintegration." Dus, waar interne transaksiekoste hoër is as eksterne transaksiekoste sal die verskillende stadiums in die produksieproses uitgekontrakteer word. "Vertikale disintegrasie" van die produksieproses sal plaasvind deur uitkontraktering. Fabrieke wat baie van uitkontraktering gebruik maak, sal in intra-stedelike verband naby mekaar vestig omdat koste deels deur afstand bepaal word. Sulke fabrieke moet naby aan hul leweransiers gevestig wees weens die groot terugwaartse skakelingseffekte.

Volgens Scott (1986:220) is die teenoorgestelde egter ook waar: "... vertical integration tends to come about where internal transaction costs are lower than external transaction costs." Waar interne transaksiekoste laer is as eksterne transaksiekoste sal die verskillende stadiums in die produksieproses in een onderneming gekonsentreer wees. Geen of min uitkontraktering sal plaasvind; eerder "vertikale integrasie" van die produksieproses. Dié tipe fabrieke sal nie ruimtelik in intra-stedelike verband naby mekaar hoef te vestig nie aangesien daar geen of min terugwaartse skakeling na leweransiers is.

Scott (1983b:366) beskryf die tipiese fabrieke waarin transaksiekoste 'n rol speel. In klein arbeidsintensiewe fabrieke is interne transaksiekoste groter as eksterne transaksiekoste en uitkontraktering sal plaasvind. Sulke fabrieke sal gekonsentreerd in intra-stedelike verband vestig. Hierteenoor sal groot kapitaalintensiewe ondernemings waar interne transaksiekoste kleiner as eksterne transaksiekoste is, nie van uitkontraktering gebruik maak nie en is dus nie aan gekonsentreerde fabrieksvestiging gebonde nie. Hoë interne transaksiekoste word gevind by arbeidsintensiewe produksie aangesien beheer belangrik is in teenstelling met kapitaalintensiewe produksie waar slegs een operateur produksiekapitaal beheer. Enige afstand impliseer koste en hoe groter die afstand hoe hoër die eksterne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

transaksiekoste. Eksterne transaksiekoste word dus verlaag waar ondernemings naby mekaar in gekonsentreerde gebiede vestig.

Hieruit volg dit dat vestigingskonsentrasie plaasvind in die geval van produksieprosesse wat arbeidsintensief en vertikaal gedisintegreerd is - dus waar ondernemings klein is, uitset nie standaard is nie, produksie onderhewig is aan onsekerhede en skakeling tussen ondernemings hoog is, maar eenheidsvolume per skakeling klein is (Scott 1983a:248). Verspreide vestiging sal plaasvind in gevalle waar produksie kapitaalintensief is, ondernemings groot is, uitset gestandaardiseer is, skakeling tussen ondernemings min maar groot in volume per eenheidskakeling is. Die gevolg is dat eg. tipe onderneming naby mekaar in hul eie[32] gekonsentreerde gebiede sal vestig, terwyl die kapitaal-intensiewe ondernemings in gedesentraliseerde gebiede sal vestig.

Die rol wat transaksiekoste in die aard van die produksieproses speel, word weerspieël in die verandering in die kapitalistiese produksieproses sedert die tagtigerjare van die twintigste eeu. Die tradisionele wyse van produksie wat in die sestiger- en sewentigerjare 'n hoogtepunt bereik het, is die Fordiaanse massa-produksielyn. Volgens Scott (1988:175-178) is die neiging sedert die tagtigerjare egter een van post-Fordiaanse aanpasbare of buigsame produksie waarin arbeidsintensiewe ondernemings 'n steeds belangriker rol speel. Die vernaamste redes hiervoor is die wêreldwye verlaagde produksie-aktiwiteite sedert die sewentigerjare, 'n poging om die steeds groter wordende eise van arbeid en dus koste deur subkontraktering te vermy, en die verandering in die vraag na nie-gestandaardiseerde verbruiksprodukte. Weens die bestaan van transaksiekoste wat met afstand verband hou, is dit

---

32 Dit is belangrik om daarop te let dat Scott (1985:487) hier verwys na eie gebiede, dus ondernemings wat vertikaal geskakel is. Dit impliseer egter nie dat gekonsentreerde vestiging net uit 'n sekere tipe vertikaal geskakelde produksielyn bestaan nie, maar "multiple overlapping systems of production, as in the case, ... , of clothing, film, and aerospace industries in contemporary Los Angeles", is moontlik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noodsaaklik dat hierdie vertikaal gedisintegreerde ondernemings ruimtelik gekonsentreerd vestig.

Hierdie stedelike produksiestruktuur gee aanleiding tot 'n eie woongebiedkarakter gegrond op die sosiale en ruimtelike skeiding van woongebiede. Hierdie skeiding vind plaas weens die groter verdeling van arbeid, sosio-ekonomiese faktore soos inkome, en instellings en organisasies wat skeiding verder voer. Oor lg. merk Scott (1985:490) soos volg op: "Once a local labor market has been created and workers start to digest their immediate experiences of work and life, various communal forms of cultural and political consciousness begin to spring forth."

5.2.3 Die rol van die owerheid en ander organisasies in kollektiewe bedinging

Die rol van die owerheid en ander organisasies in stedelike groei en ontwikkeling kom na vore in die NIB in die teorie van kollektiewe bedinging (Nabli & Nugent 1989b:80-137). Stedelike vorm, sowel as groei en ontwikkeling, vind plaas a.g.v. die wisselwerking tussen indiwidue, belangegroepe, die owerheid en ander organisasies in die vorm van mededingende konflik. In die algemeen verklaar die teorie van belangegroepe,[33] wat in stedelike verband in die gemanipuleerde stadsbenadering tot uiting kom, hoe mededingende belangegroepe, wat elk oor ander inligting beskik en verskillende transaksiekostes meebring, meeding om gunstige besluite van die owerheid te verkry.

Die gemanipuleerde stadsbenadering se intellektuele oorsprong is geleë in die sosiologiese ontledings van Max Weber. Volgens Weber kan die gemeenskap weens

---

33 'n Direkte vertaling van "rent seeking or the interest group approach" (Nabli & Nugent 1989b:102).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

arbeidspesialisasie in hiërargiese klassestelsels[34] verdeel word, soortgelyk aan Scott se residensiële skeiding wat weens die aard van die produksie-aktiwiteite in stedelike gebiede ontstaan. Konflik tussen hierdie klasse ontstaan weens die ongelyke verdeling van inkomebronne en die owerheid se rol is dan om op te tree en eiendomsregte te bepaal. 'n Stedelike gebied is die versameling van sulke klasse of belangegroepe, waar lede van belangegroepe saamwerk om eie voordeel t.o.v. grondgebruik te bewerkstellig. Die optrede van belangegroepe is gebaseer op die relatiewe mag wat 'n belangegroep op grond van politieke, sosiale of ekonomiese status verkry.

Twee sub-benaderings kan onderskei word, nl. die vestigingskonflik- en burokratiese benadering. Beide hierdie benaderings beskou die proses van stedelike groei as mededingende konflik tussen belangegroepe. Die uiteindelike gevolg van hierdie mededinging is dat die oorheersende of sterkste belangegroep gedurig besig is om stedelike groei en vorm so te manipuleer dat die inkomeverdeling ten gunste van so 'n belangegroep plaasvind.

Volgens die vestigingskonflik-benadering is stedelike verandering nie die gevolg van die optrede van rasionele grondgebruikers wat tot stedelike ewewig lei nie. 'n Stedelike gebied bestaan eerder uit verskillende belangegroepe, elk met hul eie sosiale en kulturele waardes en die grondgebruikspatroon ontstaan weens mededinging tussen hierdie groepe. Dit is dus nie 'n homogene proses om ewewig teen 'n uniforme koers te bereik nie, maar eerder 'n proses van gedifferensieerde disekwilibrium (Harvey 1973:56).

Die totstandkoming van stedelike belangegroepe en organisasies is die gevolg van die

---

34 Weber beskou sosiale klasse as "iets opsigself", dus wat 'n eie outonome onafhanklike karakter het. Hierteenoor sien Marx sosiale klasse of ander veranderlikes as iets wat 'n karakter het wat deur ander veranderlikes bepaal word. Op lg. wyse is enige veranderlike in die samelewing 'n funksie van ander veranderlikes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beperkte bedingingsvermoë van indiwiduele grondgebruikers om die verbruikswaarde en ruilwaarde van hul grond te handhaaf in die aanwesigheid van eksternaliteite. Hoewel die verbruiker sy nut wil maksimeer, is hierdie maksimering nie onafhanklik van die hulpbronallokasie van ander verbruikers nie. Hierdie eksternaliteite kom nie geografies lukraak in stede voor nie en hul intensiteit is dikwels 'n funksie van relatiewe vestiging. Die bestaan van positiewe en negatiewe eksternaliteite gee aanleiding tot *de facto* grondgebruiksones, waar grondgebruikers positiewe eksternaliteite deel en probeer om negatiewe eksternaliteite te vermy. Dit gee dan aanleiding tot grondgebruike soos woon- of fabrieksgebiede.

Die grondgebruiker het drie keuses in die geval waar negatiewe eksternaliteite die verbruiks- en ruilwaarde van sy grond bedreig. Eerstens kan die grondgebruiker probeer om deur kollektiewe bedinging die waarde van die grond te handhaaf. Tweedens kan so 'n gebruiker na 'n ander vestigingsplek verskuif, en derdens kan die vermindering in waarde aanvaar word en die gebruiker sal by die bestaande vestigingspunt bly.[35] Volgens die vestigingskonflik-benadering sal die waarskynlikste optrede van die gebruiker wees om pogings aan te wend om die faktore wat die vermindering in gebruiks- of ruilwaarde veroorsaak het, te verander. Indien dit suksesvol is, sal die waarde van die grond nie verminder nie.

Volgens Cox (1973:7-8) is die geleentheidskoste van indiwiduele bedinging te hoog en bestaan daar 'n behoefte aan die koördinasie van indiwiduele hulpbronallokasie in stedelike verband. Organisasies, soos belastingbetalersverenigings en plaaslike owerhede voorsien in hierdie behoefte. Hierdie organisasies allokeer hulpbronne, d.w.s. openbare goedere, om die invloed van eksternaliteite te oorkom, op so 'n wyse dat hulle die volgehoue steun van die indiwiduele verbruikers behou. Hierdie

---

35 Volgens die Neo-klassieke Benadering sal die gebruiker volgens die tweede keuse optree aangesien volmaakte mobiliteit van arbeid en kapitaal as 'n aanname in hierdie modelle aanvaar word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koördineringsaktiwiteit kan die vorm van sonering aanneem.

Die wyse waarop die verbruiker optree, is deur vir politieke ampsdraers te stem wat wel die politieke mag het om die genoemde beïnvloedende faktore te verander. 'n Proses van inligtingsuitruiling tussen die politieke ampsbekleërs en die verbruikers of kiesers oor elkeen se behoeftes, vind plaas. Benewens hierdie proses, wat die uitkoms van die bedinging bepaal, is daar ook faktore soos organisasievermoë van belangegroepe, die beïnvloedingsvermoë van belangegroepe op besluitnemers en die uitsluiting van sommige belangegroepe, wat die uitkoms van die bedinging bepaal (McCarthy & Smit 1984:55). Hierdie faktore word ook normaalweg verbind met die hoër- en middel-inkome groepe in stedelike gebiede en gevolglik is stedelike vorm, groei en ontwikkeling 'n funksie van die voorspelbare uitslag van die politieke proses.

Geen spesifieke vorm van 'n stedelike gebied word dus beklemtoon nie, maar om die onderliggende oorsake van stedelike vorm, groei en ontwikkeling te verklaar, moet die institusionele raamwerk van elk van die deelnemers in die kollektiewe bedinging ontleed word.

Waar die vestigingskonflik-benadering klem lê op die rol van die oorheersende belangegroepe of sosiale klasse in die stedelike gebied, word die rol van organisasies en spesifiek dié van burokrate, wat 'n eie dinamika verkry, in die burokratiese benadering beklemtoon (McCarthy & Smit 1984:61-64). Burokrate het 'n invloed op stedelike groei en verteenwoordig 'n krag wat onafhanklik van politici en die gemeenskap is. Deur middel van 'n verskuilde agenda en deur hul aktiwiteite in te kleur as professionele, nie-politiekverwante kundigheid, beïnvloed burokrate stedelike groei en vorm. Todes, Watson en Wilkinson (1987:128) verwys na hierdie tegniek van "tegnokratiese taalgebruik" deur amptenare by die instelling van die voormalige Streeksdiensteraad om hervorming op plaaslike owerheidsvlak in Suid-Afrika in 'n sekere rigting te dwing. Politici as verteenwoordigers van dominante belangegroepe,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het slegs 'n marginale invloed op stedelike groei en vorm. Dit is eerder stedelike burokrate wat stedelike groei en vorm bepaal. Volgens Levy (1985:77) het die meeste stede nie 'n implisiete beleid wat groei en vorm bepaal nie, maar deur die voorsiening of nie-voorsiening van publieke goedere soos vervoerinfrastruktuur en die direkte beheer oor grondgebruik d.m.v. sonering, bepaal burokrate die groei en vorm van stede.

6 Gevolgtrekking

'n Toepaslike ontledingsraamwerk vir intra-stedelike vestiging kan een van bg. benaderings óf 'n samevoeging van dié benaderings wees (Cadwallader 1988:227-251). Die drie belangrikste benaderings kan kortliks n.a.v. hul onderskeie basiese uitgangspunte en die toepassing daarvan op stedelike groei en ontwikkeling en intra-stedelike vestiging ontleed word. Dit moet in gedagte gehou word dat elk die toepassing van breë teoretiese raamwerke in die vakgebied *ekonomie* is. Indien die breë teoretiese raamwerk dus bevraagteken word en nie meer as 'n toepaslike raamwerk beskou word nie, is die toepassing daarvan op intra-stedelike vestiging nie aanvaarbaar nie.[36]

Die uitgangspunte van die Neo-klassieke en Strukturele Benadering is die meeste aan kritiek onderhewig. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie teoretiese raamwerke die twee basiese ontledingsraamwerke in die vakgebied *ekonomie* was en aan 'n lang tydperk van evaluering blootgestel was. Die aanname van die Neo-klassieke Benadering van 'n geneigdheid tot algemene ewewig in die ekonomie word as onrealisties beskou. Die kern van die kritiek hier is die aanname van rasionaliteit

---

36 'n Tipiese voorbeeld van sulke nie-relevansie van teoretiese raamwerke is die Ekologiese Modelle.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die indiwidu en volmaakte inligting.[37] Dié aanname ontken dat institusionele en historiese faktore die optrede van die indiwidu bepaal (Landreth & Colander 1989:315). Volgens die Neo-klassieke Benadering word die ekonomie as 'n grootliks meganistiese of apolitiese proses gesien. Die aanname van die Strukturele Benadering dat ekonomiese groei en ontwikkeling uitsluitlik deur 'n proses van konflik plaasvind, word ook as onrealisties beskou. Hoewel konflik 'n belangrike deel van die proses is, is dit onwaarskynlik dat ekonomiese groei en ontwikkeling uitsluitlik in terme daarvan ontleed kan word. Hedendaagse wêreldgebeurtenisse dui ook daarop dat die grondliggende tema van hierdie benadering, nl. die deurlopende proses van verandering van kapitalisme tot kollektiewe sosialisme, nie plaasvind nie. In teenstelling met die Neo-klassieke Benadering word die rol van sosio-ekonomiese veranderlikes wel in ag geneem.

Kritiek teen die NIB handel hoofsaaklik oor die klem wat op transaksiekoste as motivering vir indiwidue en ondernemings se optrede gelê word (Datta & Nugent 1989:40-41). Waar transaksiekoste veral verbind word met die aard van fabrieke, is die kritiek juis of transaksiekoste so 'n belangrike rol in ontledings behoort te speel. Fourie (1988:142-162) kom tot die gevolgtrekking dat dit nie korrek is nie, terwyl ander skrywers (Chandler 1992; Demetz 1988; Dietrich 1991) wel transaksiekoste as een inset tot die verklaring van die aard van 'n onderneming en menslike gedrag sien.

Wat die toepassing van hierdie benaderings op intra-stedelike vestiging betref, blyk dit dat stedelike groei en ontwikkeling eerder in onewewig as in ewewig is. Blackley en Follain (1987:47-61) het in hul studie van twaalf metropolitaanse gebiede in die VSA bereken dat die streng ewewigsvoorwaardes in die Neo-klassieke Benadering die afstand vanaf woonplek na die SSK onderskat. Huisbewoners is dus bereid om

---

37 Waar Marshall aanvanklik die aanname van 'n "redelike besigheidsman" gebruik het, is dit gedurende die dertigerjare met die toenemende wiskundige formulerings in *ekonomie* verander na 'n "rasionele" indiwidu.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoër vervoerkoste aan te gaan as wat deur die benadering gepostuleer word.

Volgens die Strukturele Benadering en die NIB vind stedelike grondgebruik respektiewelik binne konflik en mededingende konflik plaas. Wat die Strukturele Benadering betref, is dit egter nie realisties om te aanvaar dat alle stedelike grondgebruik binne 'n stelsel van konflik plaasvind nie. In dié opsig is die NIB meer aanvaarbaar aangesien dit verklaar wat die indirekte gevolge van stedelike grondgebruik weens die optrede van indiwidue binne 'n aanname van beperkte rasionaliteit is.

Die grootste beswaar teen die Neo-klassieke Benadering is dat benaderings waarin polisentriese stede gemoduleer word nader aan die werklikheid sal wees as modelle van monosentriese stede. Die probleem is dat indien die aanname dat werksgeleenthede by die SSK vestig, laat vaar word, die ewewigsvoorwaarde vir hierdie model nie nagekom sal kan word nie. Empiriese navorsing dui ook op die nie-geldigheid van die gevolgtrekkings van die monosentriese model. Die gevolgtrekking dat stedelike grondgebruik bevredigend i.t.v. afstand verklaar kan word, word bevraagteken. 'n Metropolitaanse bevolking vereis toegang tot ander bestemmings as slegs die werkplek. Grondgebruik word dus nie slegs deur afstand na die werkplek bepaal nie, maar ook die vervoerkoste na ander bestemmings. Levy (1985:74) wys verder daarop dat tegnologiese veranderings in vervoer nie in ag geneem word nie en dat die benadering te staties van aard is.

Laasgenoemde is dan ook verdere kritiek teen die Neo-klassieke Benadering, nl. dat hierdie benadering nie voorsiening maak vir die rol wat sosio-ekonomiese waardes in stedelike grondgebruik speel nie. Die naaste wat die Neo-klassieke Benadering aan die erkenning van die invloed van sosiale stratifikasie kom, is deur die invloed wat verskillende begrotingsbeperkings op stedelike grondgebruike het. Die Neo-klassieke Benadering beskou verbruikersvoorkeure as eksogeen en hoe hierdie voorkeure tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stand kom, is nie ter sprake nie. Juis weens hierdie ignorering van sosio-ekonomiese faktore word die fabrieksvestigingsbesluit as onafhanklik van ander besluite deur die ondernemer binne hierdie benadering gesien (Walker & Storper 1981:482). Dit is egter duidelik uit die ander benaderings dat dit nie die geval kan wees nie.

Kritiek teen die Strukturele Benadering, wat grootliks die gevolg is van die allesomvattende wyse waarop sosio-ekonomiese veranderlikes in die benadering geïnkorporeer word, is dat dit nie werklik 'n fabrieksvestigingsmodel daarstel nie. Dit kan eerder as 'n baie breë benadering beskou word waarin fabrieksvestiging slegs deel is van 'n allesomvattende proses van stedelike groei en ontwikkeling. Wat Suid-Afrika betref, dui Tomlinson en Addleson (1987:55-73) ook aan dat die wyse waarop die ruimtelike ekonomie in Suid-Afrika verpolitiseer en beleid geformuleer is, nie in belang van die heersende klas, dus kapitaliste is nie. Sommige Suid-Afrikaanse skrywers (Cobbett *et al.* 1987:1-27; McCarthy & Smit 1984), beskou hierdie benadering wel as 'n relevante benadering om stedelike groei en ontwikkeling in Suid-Afrika te ontleed.

In die algemeen blyk dit dat die NIB 'n meer relevante benadering tot stedelike groei en ontwikkeling is. Daar is heelwat empiriese navorsing wat dui op die relevante toepassings[38] daarvan op stedelike groei en ontwikkeling, hoewel dit steeds fragmentaries van aard is en daar kritiek teen sekere aspekte daarvan bestaan. Die relevansie daarvan is geleë in die institusionele aard van die Suid-Afrikaanse stedelike omgewing. Soos reeds in Hoofstuk 1 (Afdeling 2) beskryf, is stedelike groei en ontwikkeling in Suid-Afrika die resultaat van die beleid van Apartheid. Apartheid was die uitkoms van die instellings van die meerderheid blankes. In die proses van mededingende konflik het ander belangegroepe, hoofsaaklik die nie-blanke bevolkingsgroepe, ook begin aandring op die erkenning van hul instellings. Die

---

38 Kyk bv. Scott se navorsing in hierdie verband.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

owerheid het wisselend toegegee aan dié belangegroepe sowel as om 'n invloed te hê op die ontstaan van hierdie belangegroepe. Dit het aanleiding gegee tot die konstitusionele veranderings van 1994.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

DIE ROL VAN DIE FABRIEKSEKTOR IN EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: 'N POSITIEWE BESKOUING

1 Inleiding

Hierdie hoofstuk beantwoord eerstens die vraag of die fabrieksektor gebruik kan word om toetrede tot ekonomiese aktiwiteite te verhoog, tweedens of 'n verhoging van toetrede tot die fabrieksektor hoër lewensgehalte tot gevolg het, en derdens of die fabrieksektor suksesvol as instrument in metropolitaanse bestuur gebruik kan word.

Vervolgens word aandag aan die historiese en teoretiese verklarings van die rol van die fabrieksektor in ekonomiese groei en ontwikkeling gegee. Die internasionale en Suid-Afrikaanse ervaring in dié verband word aangedui. Daarna word die rol van die fabrieksektor in die gebied[1] aanliggend tot die studiegebied ondersoek. In lg. afdeling word spesifiek aan die beïnvloeding van die fabrieksektor deur beleid en die ekonomiese gevolge daarvan, aandag gegee.

2 Die histories-teoretiese rol van die fabrieksektor

Die konsepte van ekonomiese groei en ontwikkeling en die ontwikkeling van die nywerheidsektor[2] word as sinonieme in die vakliteratuur beskou. In Figuur 4-1 word die persentasie-aandeel van verskillende ekonomiese sektore in die bruto binnelandse

---

1 Dit is die aanliggende gebied, noord van die studiegebied (kyk Hoofstuk 1, Afdeling 4).

2 Hoewel hier na die nywerheidsektor verwys word, het die ontwikkeling van die fabrieksektor die primêre rol in hierdie groei gespeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

produk (BBP), asook dié van die stedelike bevolking deur 'n kruissnitvergelyking tussen lande, per vlakke van ontwikkeling,[3] geïllustreer. Die posisie van Suid-Afrika word afsonderlik aangedui.

Volgens McCarthy (1988:4) bestaan daar 'n definitiewe sistematiese verwantskap tussen die veranderlikes. Stygende per capita-inkome, hoër vlakke van verstedeliking en 'n belangriker rol van die tersiêre sektor in die ekonomie loop saam. Die stygende aandeel van die tersiêre sektor gaan gepaard met 'n dalende bydrae van die primêre sektor. Die fabrieksektor se bydrae toon 'n stygende tendens, hoewel teen 'n heelwat laer koers as dié van die tersiêre sektor. Hierdie verbande kan vanuit 'n historiese en teoretiese perspektief toegelig word.

Vanuit 'n historiese perspektief blyk die verband uit die ervaring van die belangrikste hoë-inkome lande. Die groei in fabrieksproduksie van tot 400.0% in Brittanje het sedert die Industriële Revolusie tot die laat twintigste eeu 'n belangrike voorbeeld gestel van watter strategie vir ekonomiese groei en ontwikkeling gevolg behoort te word (Hobsbawn, soos aangehaal deur Gillis, *et al.* (1992:556)). Die moderne geskiedenis van ekonomiese groei en ontwikkeling van die nuut-geïndustrialiseerde lande het ook 'n besondere klem op die fabrieksektor geplaas waar 75.0% van totale uitvoerverdienste van hierdie lande in 1988 uit fabrieksgoedere bestaan het (Gillis, *et al.* 1992:469).

---

3 Volgens per capita-BBP gekategoriseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 4-1: Die rol van die fabrieksektor in internasionale groei en ontwikkeling



Notas: a) Die onderskeie kolomme in die figuur is soos volg: A: Lae-inkome lande; B: Laer middel-inkome lande; C: Hoër middel-inkome lande, en D: Hoë-inkome lande.

b) Die onderskeie kurwes is gepas op die werklike data deur eenvoudige lineêre regressie.

c) Slegs lande waaroor volledige inligting bestaan, is gebruik.

Bron: World Bank (1995:162-165 & 222-223).

Hierdie historiese ervaring het tot gevolg gehad dat teoretiese formulerings kapitaalinvestering in die nywerheidsektor, meer spesifiek die fabrieksektor, as 'n voorvereiste vir groei in die per capita BBP beskou het.[4] In Hoofstuk 2 (Afdeling 3.1.2) is verwys na die rol wat kapitaalinvestering en die ontwikkeling van die fabrieksektor in die *ruimtelike ekonomie* in die eerste fase van die ontwikkeling van ontwikkelingsdenke gespeel het. Die klem op groei van per capita BBP, bewerkstellig deur fabrieksontwikkeling, het mettertyd verskuif na die bevrediging van basiese

4 Die belangrikste van hierdie teoretiese formulerings is die Harrod-Domar-groeimodel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behoeftes. Die beskouing is tans dat nywerheidsontwikkeling een deel van 'n gebalanseerde ontwikkelingstrategie is. Laasgenoemde lê klem op 'n verskeidenheid beleidsvorme, soos internasionale handel, die verband tussen landbou- en nywerheidsontwikkeling, inkomeverdeling en indiensneming. Daar bestaan 'n onderlinge afruiling tussen hierdie beleidsvorme en nywerheidsontwikkeling is nie die enigste strategie vir ekonomiese groei en ontwikkeling nie, dog speel steeds 'n belangrike sentrale rol (Senses 1984:138).

Groei en ontwikkeling in die fabrieksektor het besondere eienskappe wat dit in eie reg 'n dinamiese faktor in ekonomiese groei en ontwikkeling maak (Klue-verslag 1982:6-7; Livingstone 1971:235-249; Seers 1971:250-255). Dit het nie alleen 'n regstreekse positiewe invloed op ekonomiese groei en werkverskaffing nie, maar oefen ook 'n gunstige effek uit op die primêre sektor, ander sekondêre sektore en die tersiêre sektor.

Vanaf die aanbodkant is die fabrieksektor nie so afhanklik van grondstowwe soos die mynbou- of landbousektore nie, terwyl tegnologiese vernuwing ook normaalweg lei tot 'n verhoging in produktiwiteit. Dié onafhanklikheid van grondstowwe maak dit moontlik om fabrieksvestiging relatief maklik deur beleid vanaf die aanbodkant te beïnvloed. Groei in die fabrieksektor kan van die vraagkant deur beleidsmanipulasie in bepaalde rigtings gestuur word, nl. dié van uitvoergeleide groei, invoervervanging en inwaartse industrialisasie.

Daarbenewens het fabrieksontwikkeling 'n belangrike invloed op sosiale gewoontes, opleiding en kundigheid - die transformatiewe aard van fabrieksontwikkeling (Klue-verslag 1982:6). Hierdeur word gemeenskappe getransformeer van 'n landelike verbruiks-oriëntasie na dié van 'n Westerse verbruiksgeneigdheid. Die voordele van dié transformasie reflekteer op ander sektore as slegs die fabrieksektor, aangesien 'n vraag na tersiêre dienste ontstaan wat direk verband hou met fabrieksaktiwiteite.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoë vlakke van verstedeliking gaan gepaard met hoë per capita BBP en hoë vlakke van ekonomiese aktiwiteit in die tersiêre en nywerheidsektore (kyk Figuur 4-1). Dit is egter belangrik om daarop te let dat die vestiging en groei van die fabrieksektor nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir stedelike ontwikkeling is nie.[5]

3 Die Suid-Afrikaanse fabrieksektor

Die belangrikheid van die fabrieksektor in Suid-Afrika word geïllustreer deur die sektorale ekonomiese verandering soos aangedui in Figuur 4-2. Samehangend met die sektorale verandering word die per capita BBP en die verstedelikingsvlakke ook gegee.

Figuur 4-2 illustreer dat daar in die sewentigerjare belangrike sektorale tendensveranderinge plaasgevind het. Die belangrikste gebeurtenisse wat hiervoor verantwoordelik was, was die olie-krisisse van 1973/74 en 1979/80, 'n tydperk van skommelende wisselkoerse na die afskaffing van vaste maar buigsame wisselkoerse in 1971 en toenemende politieke isolasie (Klue-verslag 1982:25-27; SA. Sentrale Ekonomiese Adviesdiens 1993:12). Laasgenoemde het die kostestruktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie verhoog.

Sedert die begin-sestigerjare het die bydrae van die primêre sektor, bestaande uit landbou en mynbou, skerp begin daal weens die vinnig stygende bydrae van die fabrieksektor. In die sewentigerjare het hierdie dalende bydrae van die primêre sektor versag, grootliks weens bykans geen groei in die bydrae van die fabrieksektor nie. Die res van die sekondêre sektor, nl. elektrisiteit en konstruksie se bydrae het ongeveer op konstante vlakke gebly, hoewel die vlak in die tagtigerjare ietwat hoër was as dié in die sewentigs. Sedert die vroeë sewentigerjare toon die tersiêre sektor 'n steeds

---

5 Kyk Afdeling 2.1 en voetnota 1 in Hoofstuk 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stygende bydrae.

Figuur 4-2: Sektorale struktuurverandering in Suid-Afrika (1990-pryse; 1946-1996)



Nota: Produksie-syfers vir 1996 is vir die tweede kwartaal.
Bronne: a) Inligting vir 1946 tot 1993: Suid-Afrikaanse Reserwebank (1994) en inligting van 1994 tot 1996: Suid-Afrikaanse Reserwebank (1996).
b) Verstedelikingsvlakke: Eie berekeninge.

Die sektorale verandering wat hier aangetoon word, is die van 'n tipiese ontwikkelende land waarin die produksiepatroon verander vanaf primêre produksie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na sekondêre en tersiêre produksie.[6] Waar daar in ooreenstemming met die internasionale ervaring verwag kan word dat verstedelikingsvlakke steeds hoër sou word, was dit nie die geval in Suid-Afrika nie. Dit was die gevolg van ekstreme beperkende owerheidsmaatreëls gedurende die sewentigerjare van die twintigste eeu.

Die fabrieksektor se rol in die ekonomiese groei en ontwikkeling van Suid-Afrika word geïllustreer deur die verwantskap tussen die bydrae van hierdie sektor en die groei in die per capita BBP. Sedert die begin-tagtigerjare het beide die bydrae van die fabrieksektor tot die BBP en die per capita BBP begin daal. Hoewel McCarthy (1988:6) ook hoë bevolkingsgroei as 'n oorsaak vir hierdie daling in die per capita BBP identifiseer, beskou hy dié dalende bydrae tot die BBP van die fabrieksektor as die belangrikste oorsaak van die daling in die per capita BBP.

Die belangrikheid van die verskillende ekonomiese sektore m.b.t. indiensneming word in Figuur 4-3 geïllustreer. Ongeveer dieselfde sektorale tendense, soos geïllustreer in Figuur 4-2, is ook in Figuur 4-3 waarneembaar. Vanuit 'n werkskeppingsoogpunt blyk dit dat die fabrieksektor 'n besonder belangrike rol gespeel het, en ook in die toekoms behoort te speel. Soos reeds aangedui, is die dalende bydrae van die primêre sektore, veral van landbou, tot produksie en ook werksgeleenthede 'n wêreldwye kenmerk wanneer lande na hoër vlakke van ekonomiese groei en ontwikkeling beweeg. Groei in die res van die sekondêre sektor, bestaande uit elektrisiteit en konstruksie, is grootliks afhanklik van infrastruktuurskepping deur die owerheid. Die skerp styging gedurende die sestiger- en sewentigerjare was weens sulke owerheidsprojekte, terwyl oorskotkapasiteit in die tagtigerjare 'n verlangsaming van

---

6 Ten opsigte van hierdie stelling en die hieropvolgende bespreking van die fabrieksektor is dit nodig om kortliks te verwys na Marais (1981) se siening dat Suid-Afrika gedurende die sestigerjare en vroeë sewentigerjare die stadium van 'n "volwasse nywerheids-ekonomie" bereik het. Na aanleiding van die daling in die fabrieksektor se bydrae tot die BBP sedert die vroeë tagtigerjare dui McCarthy (1988:3) egter daarop dat hierdie afleiding nie korrek is nie - Suid-Afrika het nog nie dié vlak van nywerheidsontwikkeling bereik nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

indiensneming laat plaasvind het. Elektrisiteit het steeds gedurende die negentigerjare van die twintigste eeu oor oorskotkapasiteit beskik (Schoeman 1994), terwyl konstruksie danksy die beleid van heropbou en ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe moontlik 'n skerp stygende indiensneming in die toekoms kan openbaar. Slegs die owerheidsektor toon 'n deurlopende styging in indiensneming. Die res van die tersiêre sektor, uitgeslote die owerheidsektor, se konstante bydraes tot indiensneming dui aan dat die styging in die persentasieaandeel van die tersiêre sektor in sy geheel grootliks aan stygende indiensneming in die owerheidsektor toe te skryf is. Dit kan egter algemeen aanvaar word dat die absorpsievermoë van die owerheid 'n fiskale plafon sal bereik; trouens, die pogings tot rasionalisering in die sentrale owerheid (Greybe 1996:3) is juis tekenend van so 'n fiskale plafon. Die fabrieksektor blyk die belangrikste sektor vir die verbreding van die indiensnemingsabsorpsievermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie te wees.

Die kwantitatiewe belangrikheid van die fabrieksektor weerspieël egter nie die rol van ander faktore in die beklemtoning van die fabrieksektor as 'n belangrike beleidsensitiewe sektor ter bevordering van stygende lewensgehalte nie. Volgens Marais (1981:29) bestaan daar drie faktore wat die gang van die fabrieksektor bepaal, nl. owerheidsbeleid, die groei in die primêre sektor en die rol van die buitelandse sektor. Daar sal slegs gefokus word op die rol van die owerheid in die beïnvloeding van die fabrieksektor op nasionale vlak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 4-3: Werkverskaffing deur die fabrieksektor en ander sektore (1946-1995)



Notas: a) Die tersiêre sektor bestaan uit die owerheid en die res van die tersiêre sektor
b) Die res van die tersiêre sektor sluit die huishoudelike sektor, dus huisbediendes in, terwyl die primêre sektor betaalde plaaswerkers insluit.

Bron: Gestandaardiseerde indiensnemingsreekse verskaf deur Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (kyk Bylae B, Afdeling 5).

Drie owerheidsinisiatiewe om fabrieksontwikkeling te stimuleer, kan geïdentifiseer word: algemene owerheidsbeleid; owerheidsondernemings, en finansiële hulpmaatreëls. Hierdie beleidsinisiatiewe is grootliks gebaseer op die feit dat die fabrieksektor weens sulke inisiatiewe verhoogde werkskepping tot gevolg kan hê.

Wat **owerheidsbeleid** betref, is daar eerstens in 1914 beskermingstariewe ingestel om sekere landbou- en fabrieksektore wat lewensvatbaarheid gehad het, plaaslike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grondstowwe gebruik het en betekenisvolle werkskeppingsvermoë gehad het, te beskerm (Jones & Muller 1990:70).[7] Hierdie beleid sou later aanleiding gee tot hoë vlakke van ekonomiese groei en ontwikkeling weens invoervervanging in die vyftiger- en sestigerjare (kyk Figuur 4-3).

Wetgewing is tweedens gebruik om die toegang van nie-blanke arbeiders tot die fabrieksektor te beperk. Die belangrikste van hierdie wetgewing was die Wet op Vakleerlinge, 1922, die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Geboue Werke Wet, 1941, die Nywerheidsversoeningswet, 1956, die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, en laastens, die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945 (Jones & Muller 1990:298-290).[8] Die eerste drie wette het voorkom dat veral die swart bevolkingsgroepe deelneem aan internasionaal-aanvaarde arbeidspraktyke waardeur indiensneming en opleiding beperk is. Die laaste twee wette het weer 'n geografiese beperking geplaas op die beskikbaarheid van hierdie bevolkingsgroepe vir indiensneming en opleiding in die gekonsentreerde fabriekstreke in Suid-Afrika.

Derdens is streeksnywerheidsontwikkeling gebruik. Die teoretiese motivering van hierdie beleid handel oor die potensiaal van die beleidsensitiewe fabrieksektor om werksgeleenthede buite markbepaalde vestigingspunte te kan skep. In teenstelling met die algemene doelwit van beleid om die blanke bevolkingsgroep deur indiensneming te bevoordeel, was hierdie owerheidsbeleid gemik op die indiensneming van swartes in die voormalige tuislande.

Vierdens het die kapitaalintensiteit van die fabrieksektor van 39.3 in 1960 tot 112.7 in 1993 (gemeet aan die kapitaal/arbeidsverhouding; 1990-basisjaar) gestyg (National

---

7 Hoewel beskermingstariewe reeds in 1914 ingestel was, het noemenswaardige beskerming eers sedert 1925 plaasgevind.

8 Hierdie wet is die belangrikste wat die geografiese vestiging van swartes beheer het. (Kyk SA. Presidentsraad (1986:139-148) vir 'n oorsig van sg. vestigingswetgewing.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Productivity Institute 1995:8).[9] Hierdie kapitaal-arbeidsverhouding is betekenisvol deur owerheidsoptrede beïnvloed (SA. Sentrale Ekonomiese Adviesdiens 1993:36-42). Dit was veral die kapitaalintensiewe aard van owerheidsondernemings en belastingtoegewings gedurende die sewentiger- en vroeë tagtigerjare, wat hierdie kapitaalintensiteit aangehelp het.[10] Die noodwendige gevolg van hierdie kapitaalintensifisering is 'n laer indiensnemingsabsorpsie van die fabrieksektor.

Owerheidsondernemings het in dié beleid van invoervervanging en beskerming 'n belangrike basis vir fabrieksontwikkeling geskep (Klue-verslag 1982:18-21). Die stigting van ISCOR in 1928 het bv. 'n belangrike stukrag verleen aan subsektore wat yster en staal as insette gebruik. Dieselfde is met die stigting van SASOL in 1950 in die chemiese bedryf bereik. Transnet[11] het met Uniewording in 1910 tot stand gekom en benewens die skepping van 'n vervoerinfrastruktuur, 'n belangrike rol gespeel in die absorpsie van blanke ongeskoolde werkers. Hieroor merk Muller (1975:406) soos volg op:

> "...(die Paktregering se oogmerk was) om die blanke arbeiders te beskerm teen die mededinging van die Naturelle-arbeiders. Daarom het Hertzog se beleid van beskaafde arbeid, wat in 1924 in werking getree het, 'n skerp onderskeid tussen beskaafde (blanke) en onbeskaafde (Naturelle-) arbeid gemaak, en

---

9 Die kapitaal/arbeidsverhouding word gemeet deur die indeks vir kapitaalinsette te deel deur die indeks vir arbeidsinsette en met 100 te vermenigvuldig. By eg. indeks word die netto vaste investering teen konstante pryse gebruik en vir lg. indeks word die gestandaardiseerde indiensnemingsreekse gebruik (National Productivity Institute 1995:168-170). (Kyk Bylae B, Afdeling 5.)

10 'n Ander belangrike bydraende faktor is die koste van arbeid wat die substitusie van arbeid vir kapitaal veroorsaak het.

11 a) Voorheen die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS & H).
b) Hoewel Transnet se primêre aktiwiteit in die vervoersektor geval het, was 'n belangrike deel van die organisasie se aktiwiteit die vervaardiging van insette vir die vervoersektor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besliste voorkeur aan eersgenoemde gegee."

Dit was veral die destydse SAS & H wat gebruik is om hierdie "beskaafde" arbeid in diens te neem. Gedurende die sewentigerjare van die twintigste eeu het Krygkor, 'n vervaardiger van wapentuig, 'n verdere belangrike rol gespeel in die uitbouing van owerheidsondernemings.

Finansiële hulpskemas, wat oordragbetalings van die sentrale regering aan indiwidue, private en semi-owerheidsondernemings, nie-owerheidsinstellings en buitelandse regerings behels, het 'n rol as 'n owerheidsmaatreël gespeel. Hierdie oordragte kon die vorm van geldelike toekennings, lenings, subsidies en belastinguitgawes[12] aanneem (SA. Department of Trade and Industry 1992; SA. Sentrale Ekonomiese Adviesdiens 1985:1). Die oogmerke was uitvoerbevordering, navorsing en die instandhouding van sukkelende ondernemings in die fabrieksektor. Inligting vir die 1985/1986 boekjaar dui daarop dat finansiële hulpskemas, wat spesifiek betrekking op die fabrieksektor het, ongeveer R1.15 miljard of 1.9% van alle finansiële hulpskemas uitgemaak het (SA. Sentrale Ekonomiese Adviesdiens 1985).[13] Besteding aan streeksnywerheidsontwikkeling het 48.5% van die R1.15 miljard behels en was die grootste enkele bedrag vir alle finansiële hulpskemas. Die owerheid het verder openbare korporasies, soos die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (gestig in 1940),[14] die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie (KSOK) (gestig 1981) en die

---

12 Die kwantitatiewe inligting wat hier gebruik word, sluit egter belastinguitgawes uit.

13 Geen latere inligting is beskikbaar nie.

14 Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) ontvang sedert 1954 geen fondse van die sentrale regering ingevolge hierdie finansiële hulpskemas nie. Berekenings deur die NOK raam dat hierdie instelling betrokke was by ongeveer 26.8% van alle nuwe werksgeleenthede geskep in die fabrieksektor sedert 1940 (NOK se doelwit ... 1994:S3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

streeksontwikkelingskorporasies gebruik om hierdie hulpskemas te fasiliteer.[15]

4 Die fabrieksektor in die aanliggende gebied

Die vorige afdelings het gewys op die belangrikheid van die fabrieksektor, sowel as die beïnvloeding van dié sektor deur die owerheid. Laasgenoemde was egter nie-ruimtelike beïnvloeding. Die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid bring die moontlikheid van ruimtelike beïnvloeding duidelik na vore. Die fabrieksektor in die aanliggende gebied[16] word hier ontleed aangesien die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid spesifieke ruimtelike en sektorale implikasies het.

4.1 Die beleid van streeksnywerheidsontwikkeling

Streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid was 'n direkte uitvloeisel van die implementering van Apartheidsbeleid in Suid-Afrika. Die doel van dié beleid, wat in 1960 in aanvang geneem het, was om 'n ekonomiese basis vir die "eie ruimtes" van die swart, Asiër- en Kleurlingbevolkingsgroepe te verkry. Die ekonomiese basis sou gestalte kry in die vorm van die fabrieksektor wat 'n groeisentrum binne streeksverband sou vorm. Vestiging van die fabrieksektor in geïdentifiseerde gebiede, vanaf 1960 tot 1965 as grensgebiede aanliggend aan die voormalige tuislande, en sedert 1965 in die tuislande (die sg. agentskapstelsel), sou aangemoedig word deur finansiële aansporings en statutêre maatreëls. Hieruit sou dan vermenigvuldigereffekte ontstaan wat ekonomiese groei en ontwikkeling verder sou stimuleer (Development

---

15 Die KSOK en streeksontwikkelingskorporasies het nie uitsluitlik op die fabrieksektor gekonsentreer nie, maar lg. het 'n belangrike komponent van hierdie organisasies se werksaamhede uitgemaak.

16 Slegs Rosslyn, 'n voormalige groeisentrum in die munisipale gebied van Akasia, dus in die studiegebied, word hierby ingesluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bank of Southern Africa 1989a:18-19; Pretorius, Addleson & Tomlinson 1986a & 1986b).

Hoewel die skepping van 'n ekonomiese basis die oorheersende doelwit binne die raamwerk van Apartheidsbeleid was, is ook ander motiverings vir die beleid voorgehou. Die belangrikste hiervan was dat sommige Suid-Afrikaanse metropolitaanse gebiede as oorgekonsentreerd beskou is i.t.v. bevolkings- en fabrieksvestiging (SA. Departement van Buitelandse Sake en Inligting 1982). Hierdie siening was in ooreenstemming met die internasionale ervarings wat oorgekonsentreerde metropolitaanse gebiede as motivering vir streeksbeleid voorgehou het. Groeisentrums aanliggend aan dié metropolitaanse gebiede sou in 1982 as dekonsentrasiepunte beslag kry om bevolkings- en fabrieksvestiging van sulke metropolitaanse gebiede weg te kanaliseer (Klue-verslag 1982:2). Dit was egter grootliks 'n herbenaming van groeisentrums wat reeds voorheen aansporings ontvang het.

Die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid wat in 1991 in aanvang geneem het, beklemtoon verder hierdie beheptheid met 'n oënskynlike oorkonsentrasie van metropolitaanse gebiede. 'n Drie-beenaansporingstelsel is toe in werking gestel.[17] Eerstens, in die geval van die huidige Gauteng, sou die hele provinsie nie vir finansiële aansporings kwalifiseer nie.[18] Dit was ook die geval in die vorige streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid wat van 1982 tot 1991 geduur het. Die tweede been van aansporings behels streke aanliggend aan die metropolitaanse gebiede wat vir 60.0% van die totaal van finansiële aansporings sou kwalifiseer. Ook die

---

17 Waar finansiële aansporings voorheen van toepassing was op amptelik verklaarde groeisentrums, was hierdie aansporings nou van toepassing op homogene streke.

18 a) Die enigste ander gebied wat nie vir finansiële aansporings gekwalifiseer het nie, was die kerngebied van Durban in KwaZulu/Natal.

b) Bronkhorstspruit is die enigste groeisentrum wat in Gauteng gekwalifiseer het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaapstadse metropool het vir aansporings van 60.0% gekwalifiseer. Die aanliggende gebied het vir hierdie tweede vorm van finansiële aansporings gekwalifiseer. Volgens die derde been van die stelsel het die res van die land vir die volle finansiële aansporing gekwalifiseer.

Die groeisentrums in die aanliggende gebied het dus 'n tweeledige doel in die geval van Gauteng gedien, nl. om 'n ekonomiese basis vir die politieke ideologie van Apartheid te skep en tweedens om die oënskynlike oorgekonsentreerde bevolkings- en fabrieksvestiging in Gauteng te beperk. Hoewel sommige van hierdie groeisentrums as dekonsentrasiepunte gedefinieer is, is dit duidelik dat hier eerder, met die moontlike uitsondering van Rosslyn, sprake was van die desentralisasie van fabrieke. Hierdie groeisentrums het dus nie met metropolitaanse bestuur verband gehou in die sin dat dit deel was van ruimtelike beleid wat beide intra-stedelike vestiging en inter-streekse vestiging ten doel gehad het nie. Streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid het eerder die noodsaak van metropolitaanse bestuur ontken.

4.2 Groeisentrums in die aanliggende gebied

Die groeisentrums wat in die aanliggende gebied geskep is, word in Tabel 4-1 gegee. Ten einde te bepaal watter rol die fabrieksektor in hierdie groeisentrums gespeel het, word elkeen kortliks bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4-1: Groeisentrums in die aanliggende gebied

Groeisentrum	Begin van finansiële aansporings
Brits	1968
Bronkhorstspruit	1980
Ekandustria	1982
Babelegi	1970
Ga-Rankuwa	1975
Rosslyn	1962 (Aansporings gestaak in 1970)

Notas: a) Daar bestaan verwarring oor presies wanneer begin is met finansiële aansporings vir hierdie groeisentrums (Bureau for Market Research 1989; SA. Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging en Raad vir die Desentralisasie van Nywerhede 1960-1990[19]; Steyn & Smit 1977:27-49). Selfs die Raad vir Streeksnywerheidsontwikkeling, wat die voormalige Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging en Raad vir die Desentralisasie van Nywerhede vervang het, se datums in 'n skriftelike mededeling (Pretorius 1994) verskil van wat in Jaarverslae van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging en die Raad vir die Desentralisasie van Nywerhede (vanaf 1960 tot 1989) weergegee word. Die verskille is moontlik daaraan toe te skryf dat daar nie deurgaans onderskeid gemaak word tussen wanneer 'n gebied as amptelike groeisentrum verklaar is en wanneer die eerste fabrieke opgerig is nie, aangesien daar ook heelwat ad hoc-aansporingsmaatreëls gegeld het, ongeag of 'n gebied amptelik as groeisentrum verklaar is. Die uitgangspunt met bg. begindatums is die datum waarop die eerste finansiële aansporings verskaf is.

b) Rosslyn is nie in die aanliggende gebied geleë nie, maar in Noord-Gauteng.

Bron: Pretorius (1994).

Brits. Die stigting van hierdie groeisentrum was grootliks gerig op werkverskaffing aan die ongeskoolde swart werkers in die suide van die voormalige Bophuthatswana en in blanke gebiede rondom Brits. Die moontlikheid is voorsien dat, met die volle besetting van Rosslyn, nuwe fabrieke na Brits gekanaliseer sou kon word (Steyn 1977:48). Kommersiële landbou was die oorspronklike ekonomiese basis van Brits, maar die bydrae van hierdie sektor tot die bruto geografiese produk (BGP) het van 31.9% in 1968 tot 12.4% in 1994 gedaal. Die persentasieaandeel van die fabrieksektor het oor dieselfde tydperk gestyg van 3.3% tot 33.0%, terwyl die aandeel

19 Hierdie verwysing behels al die jaarverslae van dié twee organisasies. Dié jaarverslae word afsonderlik in die lys van geraadpleegde bronne aangetoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n gemiddelde van 47.7% gedurende 1980 tot 1989 was.[20] Die onmiddellike invloed van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid kan duidelik gesien word waar die inisiële bydrae van die fabrieksektor in 1968 van 3.3% tot 31.7% in 1970 gestyg het (SA. Sentrale Statistiekdiens 1974, 1977, 1981, 1985a, 1988a, 1993a, 1994a, 1995a & 1995b).

Bronkhorstspruit en Ekandustria. Die ontwikkeling van Bronkhorstspruit en Ekandustria moet gesamentlik beskou word. Met die verklaring van KwaNdebele as 'n selfregerende gebied in November 1977 is 'n stedelike gebied, Ekangala, in die suide van KwaNdebele gestig. Om werksgeleenthede vir die inwoners van Ekangala te skep, is 'n groeisentrum, Ekandustria, in 1982 begin. Weens plaaslike politieke druk vanaf die blanke inwoners van Bronkhorstspruit is Ekandustria in 1983 verdeel tussen KwaNdebele (die noordelike gedeelte van 317 hektaar) en Bronkhorstspruit (die suidelike gedeelte van 366 hektaar). Twee afsonderlike groeisentrums het ontstaan wat elk, totdat die nuwe stelsel in 1991 in werking gestel is, vir verskillende tipes van finansiële aansporings gekwalifiseer het. Hierdie twee gebiede is 'n tipiese voorbeeld van die motiverings wat voorgehou is vir die bestaan van groeisentrums: Ekandustria sou werksgeleenthede vir die swart inwoners van Ekangala skep, terwyl Bronkhorstspruit en Ekandustria gesamentlik 'n poging was om oorkonsentrasie in Gauteng te verminder (Bureau for Market Research 1989:9-10).

Bronkhorstspruit was soos Brits, 'n landbou-georiënteerde stedelike nedersetting, maar weens die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid speel die fabrieksektor sedert die tagtigerjare 'n prominente rol in die plaaslike ekonomie. Die persentasiebydrae van landbou tot die BGP van hierdie landdrosdistrik het sedert 1968 tot 1994 gedaal van

---

20 Hierdie daling in die persentasieaandeel van die fabrieksektor in die negentigerjare is grootliks toe te skryf aan 'n onverklaarbare styging in die persentasieaandeel van die sektor finansiering en vaste eiendom. Vanaf 1988 tot 1991 het lg. sektor se persentasieaandeel gestyg van 7.30% tot 15.19%.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

40.4% tot 21.5%, terwyl die fabrieksektor se bydrae van 3.9% tot 23.8% gestyg het (SA. Sentrale Statistiekdiens 1974, 1977, 1981, 1985a, 1988a, 1993a, 1994a, 1995a & 1995b). Hoewel spesifieke inligting nie vir die Kwamhlanga-landdrosdistrik waarin Ekandustria geleë is, beskikbaar is nie, toon die fabrieksektor se persentasiebydrae tot die BGP vir die hele KwaNdebele 'n styging van 3.8% in 1980 tot 14.2% in 1989 (Vermaak & Van Heerden 1991). Dit kan aanvaar word dat hierdie styging grootliks te danke was aan die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid.[21]

Babelegi. Hierdie gebied lê aanliggend noord van die tradisioneel blanke gebied van Hammanskraal. Die stigting van Babelegi het voortgevloei uit die agentskapstelsel en moes werksgeleenthede aan die inwoners van die stedelike gebied Temba bied. Temba was van die eerste swart dorp wat in die voormalige tuislande ontwikkel is (Steyn 1977:60). Babelegi moes werksgeleenthede binne die tuisland aan verstedelikte inwoners verskaf - 'n vorm van teruggehoue verstedeliking. Swartes kon binne die voormalige tuislande verstedelik in die rigting van werksgeleenthede in metropolitaanse gebiede, maar verstedeliking is slegs toegelaat tot op die grens van dié gebiede.[22] Die enigste beskikbare BGP-inligting (SA. Sentrale Statistiekdiens 1995b) oor die Moretele 1-landdrosdistrik waarin Babelegi geleë is, is dat hoewel mynbou-aktiwiteite die belangrikste sektorale bydrae tot BGP in 1994 gelewer het, die fabrieksektor se bydrae 10.3% was.

Ga-Rankuwa. Hierdie groeisentrum, voorheen deel van die voormalige Bophuthatswana, is in 1966 geskep met die doel om swart werkers aan Rosslyn

---

21 Die ander groeisentrum in KwaNdebele is Siyabuswa. Laasgenoemde gebied is egter kleiner as Ekandustria.

22 Mdantsane, in die voormalige Ciskei, is ook 'n tipiese voorbeeld van hierdie teruggehoue verstedeliking.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskikbaar te stel.[23] Hierdie stad is ook 'n tipiese vorm van teruggehoue verstedeliking. Uitbreiding van die bestaande twee swart woongebiede in Noord-Gauteng, nl. Mamelodi en Atteridgeville is bv. in 1976 verbied, o.a. omdat verdere uitbreiding van huisvestiging in Ga-Rankuwa moes plaasvind (Smit & Booysen 1981:32). Geen kwantitatiewe inligting bestaan oor die relatiewe belangrikheid van die fabrieksektor in hierdie groeisentrum nie.

Rosslyn. Hierdie groeisentrum is een van die eerste twee wat na die aanvaarding van die beleid van streeksnywerheidsontwikkeling in 1960 begin is.[24] Die funksie van hierdie groeisentrum het dan ook by uitstek die doel van streeksnywerheidsontwikkeling gedien aangesien dit werksgeleenthede aan inwoners van Ga-Rankuwa gebied het en ook die oënskynlike oorkonsentrasie in Gauteng sou beperk. Rosslyn is ontwikkel by 'n spoorweghalte op die spoorlyn tussen Pretoria en Brits en is die enigste fabrieksgebied in Akasia. Die fabrieksektor is die grootste enkele bydraer tot die BGP hoewel dit ietwat gedaal het, nl. van 92.6% in 1982 tot 74.7% in 1994 (SA. Sentrale Statistiekdiens 1988a & 1995b).[25] Grootliks weens hierdie gunstige ligging wat fabrieksvestiging bevorder het, en ook weens toenemende aansprake op finansiële aansporings soos die aantal groeisentrums nasionaal gestyg het, het die noodsaak vir aansporingsmaatreëls getaan en is dit in 1970 stopgesit. In der waarheid kan Rosslyn reeds vanaf 1970 as deel van die metropolitaanse gebied van Gauteng beskou word.

---

23 Skynbaar was hier 'n teenstrydigheid in die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid. Hoewel Ga-Rankuwa as 'n groeisentrum geklassifiseer is en daar wel enkele fabrieke gevestig het, was die primêre doel om as 'n bron van swart werkers vir Rosslyn te dien.

24 Die ander gebied was by Hammersdale in die huidige KwaZulu/Natal.

25 Inligting oor die Wonderboom-landdrosdistrik waarin Akasia geleë is, is voor 1979 as deel van die Pretoria-landdrosdistrik weergegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Die beleidsinstrumente

Fabrieksvestiging in die groeisentrums is deur finansiële en statutêre maatreëls bevorder. Finansiële aansporingsmaatreëls het gedurende die tydperk 1982 tot 1991 bestaan uit langtermyn- en korttermynaansporingsmaatreëls. Die langtermynmaatreëls het bestaan uit o.a. 'n vervoerrabat, elektrisiteitskonsessie, opleidingstoelae, behuisingsubsidie en 'n tendervoorkeurooreenkoms. Die korttermynaansporings het weer 'n aansporing vir arbeidsindiensname, 'n rente- en huurkonsessie, 'n hervestigingstoelae vanuit o.a. Gauteng en 'n produktiwiteitsaansporing behels. In die algemeen was die aansporings meer gunstig vir die voormalige tuislande (Development Bank of Southern Africa 1989a:12-16).

Hoewel die meriete van hierdie aansporings nie vir hierdie studie van belang is nie,[26] is die vraag of hierdie aansporings wel 'n invloed op fabrieksvestiging gehad het, relevant. Die meeste ondernemers het die aansporingsmaatreëls wat voor 1991 van toepassing was as belangrik beskou vir hul besluit om in 'n groeisentrum te vestig (Bureau for Market Research 1989:23-33; Development Bank of Southern Africa 1989b:75-76; Steyn 1977:148-151). Dit is egter nie slegs die aansporings wat van belang was nie, maar ook ander faktore, soos goedkoop fabrieksgrond of ruimte vir uitbreiding.

Benewens die finansiële aansporings is statutêre instrumente, soos die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, ook gebruik om fabrieksvestiging in

---

26 Kyk Development Bank of Southern Africa (1989a:107-112) vir 'n evaluering van hierdie aansporingsmaatreëls.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die huidige Gauteng[27] te beperk. Twee artikels van hierdie wet was belangrik, nl. Artikel 2 wat die voorsiening van fabrieksgrond beheer het en Artikel 3 wat die aantal werkers in diens van fabrieke in Gauteng beheer het (Glaser 1987:37-38).

Volgens Oberholzer (1979:45) het die toepassing van Artikel 2 wel veroorsaak dat die aanbod van fabrieksgrond kunsmatig laag gehou is en pryse van sulke grond dus kunsmatig hoog was. Dit kon meehelp om die desentralisasie van fabrieke uit Gauteng aan te moedig. Volgens Artikel 3 moes 'n blank:nie-blank getalleverhouding van 1 tot 2 toegepas word. Indien 'n fabriek nie plekgebonde was nie en daar sou meer as twee swartes vir elke een blanke in diens geneem word, moes so 'n fabriek in 'n groeisentrum vestig. Na raming het Artikel 2 en 3 onderskeidelik 220,000 en 100,000 werksgeleenthede in die metropolitaanse gebiede, waarop die wet van toepassing was, beïnvloed (Rogerson 1982:59-61). Volgens Wellings en Black (1987:186) is hierdie ramings te hoog, aangesien slegs 10.0% van alle aansoeke vir kwytskelding van die wet gedurende 1968 tot 1978 nie suksesvol was nie. Dit blyk egter dat hierdie maatreëls wel 'n mate van 'n invloed op die groeisentrums Brits, Babelegi, Ga-Rankuwa en Rosslyn kon gehad het.

Artikel 3 van die wet is in 1982 geskrap, terwyl Artikel 2 behou is. Die idee, wat nooit amptelik beslag gekry het nie, was dat met die instelling van die streeksdiensterade hul omset- en loonsombelasting gebruik sou word om verdere

---

27 a) Gauteng is geografies bykans soortgelyk aan die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied (PWV-gebied), waarop hierdie wet van toepassing was. Die belangrikste verskil is dat Sasolburg by Gauteng uitgesluit is.

b) Artikel 2 van hierdie wet was aanvanklik van toepassing op die metropolitaanse gebiede van Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth-Uitenhage en die PWV-gebied. Sedert 1971 is dit slegs van toepassing gemaak op die PWV-gebied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

desentralisasie van fabrieke na o.a. groeisentrums rondom Gauteng te stimuleer.[28]

4.4 Resultate van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid in die aanliggende gebied

Die ekonomiese resultate wat aandag verdien, is die fabrieksvestiging wat oor tyd in die aanliggende gebied en Gauteng plaasgevind het, die sektorale aard van fabrieksvestiging in die aanliggende gebied, die indiensname bewerkstellig en laastens, moontlike ander ekonomiese resultate.

In Tabel 4-2, wat opgesom word in Figuur 4-4, word die verloop van fabrieksvestiging eerstens weergegee. Die genoemde groeisentrums word met die onderskeie streke in Gauteng vergelyk. Die belangrikste munisipale gebied, per streek, word ook aangedui. Die volgende afleidings kan oor die invloed van streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid op fabrieksvestiging by bg. groeisentrums gemaak word.

'n Vergelyking tussen die aanvangsjare van finansiële aansporingsmaatreëls (kyk Tabel 4-1) en Figuur 4-4 toon dat die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid eerstens 'n belangrike rol in die vestiging van fabrieke by die genoemde groeisentrums gespeel het. By elk van die groeisentrums, moontlik met die uitsondering van Ga-Rankuwa, vind daar 'n skerp styging in die aantal fabrieke plaas in die tydperk net nadat finansiële aansporings beskikbaar gestel is.

Dit is tweedens ook uit Tabel 4-2 duidelik dat hoewel daar fabrieksvestiging in die

---

28 'n Ontleding van die koerse van die omset- en loonbelasting tussen bv. die voormalige Sentraal-Witwatersrandse Streeksdiensteraad en die van die Wes-Rand toon dat eg. se koerse in werklikheid laer was as die van lg. Fabrieksvestiging is dus in der waarheid in die sentrale streek aangemoedig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groeisentrums plaasgevind het, die grootste aantal fabrieksvestigings steeds in Gauteng plaasgevind het. Die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid het egter wel markkragte in so 'n mate verwring dat fabrieksvestiging in die groeisentrums plaasgevind het.

'n Derde tendens is dat daar wel 'n verandering oor tyd in die ruimtelike aard van fabrieksvestiging in Gauteng plaasgevind het. Die persentasie-aandeel van Sentraal-Gauteng in die totale fabrieksvestiging het gedaal. Hierdie verminderde aandeel dui egter nie op die desentralisasie van fabrieke soos wat die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid ten doel gehad het nie, maar eerder op die dekonsentrasie van fabrieke. Hierdie fabrieksdekonsentrasie vanaf Sentraal-Gauteng het nie na die groeisentrums plaasgevind nie, maar is deur die ander streke in Gauteng opgevang (Oberholzer 1979:34-49). Tabel 4-3, wat op die fabriekswese-sensusse van die Sentrale Statistiekdiens gebaseer is en die geakkumuleerde aantal ondernemings per spesifieke jaar gee, illustreer hierdie dekonsentrasie ook duidelik.[29] Dit is veral Oos- en Wes-Gauteng wat die grootste styging in hul relatiewe aandeel in die aantal ondernemings ondervind het. Op al die streke in Gauteng was geen finansiële aansporingsmaatreëls van toepassing nie en die genoemde statutêre beperkings was vir die toepaslike tydperk op die hele Gauteng van toepassing. Dus, ondanks die tendens dat daar wel fabrieksvestiging in die groeisentrums plaasgevind het, was die oorheersende neiging eerder intra-stedelike dekonsentrasie van fabrieke as desentralisasie. Die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid het nie wesenlik bygedra om die noodsaak van metropolitaanse bestuur te ontken nie.

---

29 Daar bestaan nie soortgelyke inligting vir al die groeisentrums nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4-2: Fabrieksvestiging per aanliggende gebied en Gauteng (1900-1992)

Streek	Groeisentrum en belangrikste munisipale gebied in streek	Tydperke													
		1900-60	1900-60	1961-65	1961-65	1966-70	1966-70	1971-75	1971-75	1976-80	1976-80	1981-85	1981-85	1986-92	1986-92
		Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Aanliggend	Brits	7	0.7	3	0.7	3	0.4	20	1.7	15	1.5	11	1.5	4	0.5
	Bronkhorstspruit		0.0		0.0	1	0.1	4	0.3	2	0.2	5	0.7	2	0.3
	Ekandustria		0.0		0.0		0.0		0.0	1	0.1	6	0.8	10	1.3
	Babelegi	2	0.2	2	0.4	2	0.2	18	1.5	9	0.9	2	0.3	1	0.1
	Ga-Rankuwa		0.0		0.0	1	0.1	2	0.2	1	0.1	3	0.4	3	0.4
Noord-Gauteng	Rosslyn	3	0.3	9	2.0	18	2.1	28	2.3	24	2.4	7	1.0	6	0.8
	Totaal	12	1.3	14	3.1	25	2.9	72	6.0	52	5.2	34	4.6	26	3.5
Noord-Gauteng	Res	14	1.5	6	1.3	13	1.5	26	2.2	19	1.9	22	3.0	16	2.1
	Pretoria	73	7.7	63	13.9	73	8.6	131	10.9	108	10.7	80	10.9	58	7.8
	Totaal	87	9.2	69	15.2	86	10.1	157	13.0	127	12.6	102	13.8	74	9.9
Sentraal-Gauteng	Res	21	2.2	19	4.2	36	4.2	54	4.5	72	7.2	61	8.3	34	4.6
	Johannesburg	404	42.8	201	44.3	356	42.0	428	35.5	339	33.7	245	33.2	174	23.3
	Totaal	425	45.1	220	48.5	392	46.2	482	40.0	411	40.9	306	41.5	208	27.8
Oos-Gauteng	Res	142	15.1	52	11.5	118	13.9	165	13.7	167	16.6	138	18.7	357	47.8
	Germiston	96	10.2	36	7.9	78	9.2	105	8.7	78	7.8	63	8.5	34	4.6
	Totaal	238	25.2	88	19.4	196	23.1	270	22.4	245	24.4	201	27.3	391	52.3
Verre-oos Gauteng	Res	31	3.3	14	3.1	21	2.5	41	3.4	24	2.4	17	2.3	7	0.9
	Springs	45	4.8	9	2.0	16	1.9	25	2.1	25	2.5	7	1.0	4	0.5
	Totaal	76	8.1	23	5.1	37	4.4	66	5.5	49	4.9	24	3.3	11	1.5
Wes-Gauteng	Res	14	1.5	8	1.8	9	1.1	15	1.2	19	1.9	7	1.0	2	0.3
	Krugersdorp	30	3.2	8	1.8	35	4.1	44	3.7	40	4.0	18	2.4	9	1.2
	Roodepoort	26	2.8	13	2.9	33	3.9	45	3.7	30	3.0	18	2.4	19	2.5
	Totaal	70	7.4	29	6.4	77	9.1	104	8.6	89	8.8	43	5.8	30	4.0
Suid-Gauteng	Res	15	1.6	2	0.4	16	1.9	20	1.7	15	1.5	13	1.8	4	0.5
	Vereeniging	20	2.1	9	2.0	19	2.2	33	2.7	18	1.8	14	1.9	3	0.4
	Totaal	35	3.7	11	2.4	35	4.1	53	4.4	33	3.3	27	3.7	7	0.9
Totaal		943	100.0	454	100.0	848	100.0	1204	100.0	1006	100.0	737	100.0	747	100.0

Notas en bron op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notas: a) Kyk Bylae A vir geografiese afbakening van gebiede.
b) Slegs Rosslyn val nie in die studiegebied nie, maar in Noord-Gauteng. Rosslyn word hier ingesluit aangesien hierdie gebied 'n voormalige groeisentrum is.
c) Oor die genoemde tydperke het Krugersdorp en Roodepoort in Wes-Gauteng dieselfde aantal ondernemings waaroor vestigingsdatums bestaan.
d) Hierdie tabel toon nie die geakkumuleerde aantal ondernemings nie, maar slegs daardie aantal ondernemings wat in die genoemde tydperk in 'n groeisentrum of streek gevestig het.

Bron: Registers: Vol1992na88 en Vol1992voor88 (Grootte van steekproef: 5,939). (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.)

Figuur 4-4: Fabrieksvestiging per groeisentrum (aantal ondernemings; 1900-1992)



Bron: Tabel 4-2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4-3: Fabrieksdekonsentrasie in Gauteng (aantal ondernemings; 1963-1991)

Streek	Jaar									
	1963-1964	1967-1968	1970	1972	1976	1979	1982	1985	1988	1991
Noord-Gauteng	9.0	9.9	10.3	10.2	10.5	9.3	9.9	10.1	11.1	11.6
Sentraal-Gauteng	61.7	57.8	55.4	52.0	47.8	49.6	47.2	45.9	39.5	37.4
Oos-Gauteng	16.2	18.8	20.3	22.2	25.4	25.7	27.0	27.3	30.2	31.1
Verre-oos Gauteng	5.3	5.3	5.7	5.8	5.8	5.2	5.0	5.1	5.6	5.6
Wes-Gauteng	5.2	5.2	5.2	6.2	6.5	6.7	7.2	7.3	8.6	8.9
Suid-Gauteng	2.5	3.0	3.1	3.6	3.9	3.6	3.7	4.3	5.0	5.3
TOTAAL	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

Bron: SA. Sentrale Statistiekdiens (1975a, 1975b, 1978, 1988b, 1988c, 1994b, 1996, [S.a.] & [S.a.])

'n Belangrike doelstelling van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid was om werksgeleenthede in die groeisentrums te skep. Die vraag is dus tweedens, of die sektorale aard van fabrieksvestiging sodanig was dat dit die doel van werksgeleentheidskepping vir 'n grotendeels ongeskoolde swart bevolking in die groeisentrums bevorder het. Tabel 4-4 gee 'n aanduiding van die faktorintensiteit van die fabrieksektor wat in die aanliggende gebied gevestig het. Dit blyk dat die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid redelik suksesvol was om die tipe fabriek wat werksgeleenthede vir ongeskoolde arbeid sou bewerkstellig, na die groeisentrums te trek. Hierdie resultate stem ooreen met die arbeidsintensiewe aard van fabrieke in alle groeisentrums in Suid-Afrika (Development Bank of Southern Africa 1989a:30). Ga-Rankuwa is die uitsondering met 'n lae persentasie van 50.0%.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4-4: Faktorintensiteit van fabrieke in die aanliggende gebied (1992)

Streek	Groeisentrum	Kapitaal-intensief: Fisies en menslik	Arbeids-intensief: Geskoold	Arbeids-intensief: Ongeskoold	Kapitaal-intensief: Fisies	Totaal
Aanliggend	Brits	7.9	0.0	68.3	23.8	100.0
Aanliggend	Bronkhorstspruit	0.0	0.0	71.4	28.6	100.0
Aanliggend	Ekandustria	0.0	0.0	70.6	29.4	100.0
Aanliggend	Babelegi	5.6	0.0	80.6	13.9	100.0
Aanliggend	Ga-Rankuwa	10.0	0.0	50.0	40.0	100.0
Noord-Gauteng	Rosslyn	9.5	1.1	63.2	26.3	100.0

Nota: Kyk Bylae C, Afdeling 1 vir die metode gebruik en die implikasies van die kategorieë van faktorintensiteit.

Bron: Inligting oor die groeisentrums (235 waarnemings) is uit die registers Vol1992na88 en Vol1992voor88 onttrek (grootte van steekproef: 5,939). (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.) Hierdie Standaardnywerheidsklassifikasie-groepe is toe vergelyk met die resultate van die faktorintensiteitontledings vir Gauteng.

Die derde ekonomiese resultaat van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid is die omvang van werksgeleenthede wat in die groeisentrums geskep is. Hierdie werksgeleenthede word in Tabel 4-5 gegee. Ongeveer 8.0%, of 45,022 van alle werksgeleenthede in die aanliggende gebied en Gauteng, is in die groeisentrums geskep. Meer as die helfte van dié werksgeleenthede was egter in Rosslyn wat deel is van die metropolitaanse gebied. Die oorblywende werksgeleenthede wat in die groeisentrums geskep is (ongeveer 3.5%), was dus nie wesenlik nie.

Ander ekonomiese resultate van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid is die moontlike transformatiewe aard wat fabrieksontwikkeling het op die gemeenskap en die vergroting van die belastingsbasis van plaaslike owerhede. Volgens Livingstone (1971:244): "... (manufacturing) contributes to an intellectual environment which is less tradition-bound (and) more favourable to the creation of an entrepreneurial class, the expansion of new skills, technical innovations, and falling birth rates." Daar bestaan nie voldoende inligting om dié rol van die fabrieksektor in die groeisentrums te bepaal nie. 'n Aantal redes kan aangevoer word waarom hierdie rol nie wesenlik kon gewees het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4-5: Indiensneming per groeisentrum en streek (1992)

Groeisentrum en/of streek	Getal	%
Brits	7,104	1.3
Bronkhorstspruit	393	0.1
Ekandustria	1,408	0.2
Babelegi	10,256	1.8
Ga-Rankuwa	1,033	0.2
Rosslyn	24,828	4.4
Subtotaal: Groeisentrums	**45,022**	**8.0**
Noord-Gauteng	64,301	11.4
Sentraal-Gauteng	168,812	29.9
Oos-Gauteng	194,179	34.4
Verre-oos Gauteng	33,125	5.9
Wes-Gauteng	34,067	6.0
Suid-Gauteng	25,727	4.6
Totaal	**565,233**	**100.0**

Notas: a) Register Vol1992na88 verwys na werksgeleenthede wat vanaf 1988 bestaan het. (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.) Hierdie tabel veronderstel nie dat al hierdie werksgeleenthede deur finansiële aansporings geskep is nie.

b) Aangesien die werksgeleenthede waarskynlik 'n ondertelling is, is die interpretasie van die persentasies van meer belang.

Bron: Register: Vol1992na88 (grootte van steekproef: 5,034). (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.)

Eerstens moes die klein aantal werksgeleenthede, uitgeslote Rosslyn, wat geskep is die transformatiewe invloed van die fabrieksektor in die onderskeie gemeenskappe beperk het. Tweedens dui vorige ondersoeke (Addleson & Tomlinson 1987:226-227; Development Bank of Southern Africa 1989a:67-68) aan dat daar nie werklik selfgenererende ekonomiese groei in die groeisentrums op nasionale vlak tot stand gekom het nie. Dit sou verwag kon word dat sulke groei weens die transformatiewe aard van die fabrieksektor sou plaasvind. Derdens blyk dit dat die belangrikste groeisentrums in Suid-Afrika 'n beperkte streeksontwikkelingsimpak en vermoë om sleutelnywerhede te trek, gehad het. Laasgenoemde was 'n sleuteldoelstelling van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid, gebaseer op die moderniseringsmodel in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

streeksekonomie. Du Pisanie (1991) het hierdie faktore ontleed en sy resultate (Tabel 4-6) toon aan dat die groeisentrums waaroor inligting bestaan i.t.v. die twee norme swak gevaar het.

Tabel 4-6: Die belangrikheid van die groeisentrums in die aanliggende gebied

Groeisentrum	Streeksontwikkelingsimpak	Sleutelnywerhede
Brits	-	-
Bronkhorstspruit en Ekandustria	21	19
Babelegi	21	14
Ga-Rankuwa	13	-
Rosslyn	-	-

Notas: a) Die koppelteken (-) dui aan dat die waardes nie vir hierdie groeisentrums bereken is nie.
b) Die maksimum waarde is = 1, dus die beste groeisentrum i.t.v. die twee norme in hierdie tabel en die minimum waarde is = 27.

Bron: Du Pisanie (1991:56 & 62).

Die laaste aspek wat moontlik kan dui op die belangrikheid van die fabrieksektor in die groeisentrums is die vergroting van die belastingsbasis van plaaslike owerhede. Dié inkomste is belangrik omdat dit weer deur besteding binne die geografiese grense waar dit gegenereer word, vestig. Geen inligting is hieroor beskikbaar nie.[30] Dit is ook nie duidelik of daar werklik 'n impak op die belastingsbasis van plaaslike owerhede was nie.

---

30 Die redes hiervoor is:
a) Plaaslike owerhede in die groeisentrums het nie 'n onderskeid gemaak tussen bronne van eiendomsbelastingsinkome voor 1996 nie.
b) Weens die konstitusionele veranderinge sedert 1991 het baie van die groeisentrums tussen plaaslike owerhede geskuif en die rekords van die vorige plaaslike owerheid is nie geredelik beskikbaar nie.
c) Sommige van die groeisentrums is deur 'n streeksontwikkelingskorporasie begin en sulke korporasies het ook die funksies van 'n plaaslike owerheid vervul. Inkome uit sulke plaaslike owerheidsdienste is nie as 'n bron van inkome beskou nie, maar is slegs gebruik om lenings, wat gebruik is om die groeisentrum te begin, af te betaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het die moontlike beïnvloeding of beleidsensitiewe aard van fabrieksvestiging om hoër lewensgehalte te lewer, ondersoek. Die histories-teoretiese rol van die fabrieksektor, die rol van dié sektor in Suid-Afrika en die resultate van 'n beleid om die normale gang van die fabrieksektor te beïnvloed, is bespreek.

Die histories-teoretiese rol van die fabrieksektor, sowel as die Suid-Afrikaanse ervaring, dui aan dat 'n hoë waarde geplaas word op die rol van die fabrieksektor in die verhoging van lewensgehalte. 'n Daling of styging in die per capita BBP hou direk verband met die vlak van fabrieksaktiwiteit in Suid-Afrika. Aanduidings is ook dat groei en ontwikkeling in dié sektor in Suid-Afrika die bepalende faktor in die toekoms gaan wees om die vlakke van werkskepping en lewensgehalte te verhoog. As gevolg van die koppeling tussen ekonomiese ontwikkeling en nywerheidsgroei was die fabrieksektor gereeld die teiken van owerheidsbeleid, o.a. deur middel van openbare ondernemings en finansiële hulpskemas. Hierdie beïnvloeding is ook deur die beleidsensitiewe aard van die fabrieksektor moontlik gemaak.

Die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid het by uitstek aangedui hoe die fabrieksektor ruimtelik beïnvloed kan word. Ongeag die dekonsentrasie van fabrieke in Gauteng het fabrieksvestiging wel in die groeisentrums plaasgevind. Dié ontwikkeling was ook in ooreenstemming met die doelstelling van werkskepping. Die aantal werksgeleenthede was egter min, veral as die werkskepping by Rosslyn buite rekening gelaat word. Dié min werksgeleenthede en die gebrek aan selfgenerende groei van die groeisentrums dui daarop dat hierdie vorm van ruimtelike beleid, gesetel binne die raamwerk van inter-streekse vestiging, nie werklik bygedra het tot 'n groter toeganklikheid van die fabrieksektor of tot ekonomiese aktiwiteite nie. Dit het in die algemeen ook nie wesenlike hoër lewensgehalte tot gevolg nie. Dit ontken egter nie die rol van fabrieksvestiging in intra-stedelike vestiging nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die hoofstuk moet beskou word in die lig van die breë institusionele raamwerk wat in die tydperk voor 1991 gegeld het. Die toepassing van dié institusionele raamwerk op die fabrieksektor en inter-streekse fabrieksvestiging maak sekere afleidings moontlik.

Eerstens speel die owerheid as organisasie 'n belangrike rol in die toekenning van eiendomsreg aan instellings wat met die fabrieksektor verband hou. Dit is moontlik omdat die fabrieksektor, soos hierbo aangetoon, besonder beleidsensitief is. Die owerheid het die instellings wat die ruimtelike en beroepsmobiliteit van die nie-blanke bevolkingsgroepe in die fabrieksektor beperk het, gelegitimeer. Ook die instelling van inter-streekse vestiging, wat aanleiding tot groeisentrums gegee het, is gelegitimeer.

Tweedens, die werkskepping wat wel in die groeisentrums plaasgevind het, was a.g.v. die verskuiwing van bestaande fabrieke uit stedelike of metropolitaanse brongebiede (kyk bv. Steyn 1977:135). Hierdie werksgeleenthede is dus nie nuwe toevoegings tot die nasionale totaal nie en het ten koste van die herkomsgebiede plaasgevind. Hierdie geografiese of ruimtelike diskriminasie is ook 'n uitvloeisel van die owerheid se optrede. Tomlinson en Addleson (1987:66-68) dui aan dat Artikels 2 en 3 van die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, sowel as die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid nie in belang van ondernemers in die herkomsgebiede was nie.

Derdens dui die relatief min ondernemers wat in die groeisentrums gevestig het, sowel as die geografiese diskriminasie teen sekere ondernemers aan dat ondernemers in die algemeen nie 'n belangrike rol gespeel het nie. Die owerheid het die belangrikste rol gespeel. Die uitsondering was Bronkhorstspruit as groeisentrum. Die plaaslike gemeenskap se aandrang om ook 'n groeisentrum in Bronkhorstspruit te stig, dui op die rol van 'n plaaslike gemeenskapsbelangegroep. Geografiese diskriminasie dui eerder op 'n eksogeen-bepaalde instelling wat op die blanke en nie-blanke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevolkingsgroepe afgedwing is.

Laastens dui die eksogeen-bepaalde instelling van groeisentrums daarop dat ekonomiese instellings nie verband hoef te hou met mark-tendense of -aktiwiteite nie. Die meeste van die groeisentrums in Tabel 4-1[31] is kunsmatige skeppings van die owerheid. Steyn (1977:61) haal bv. 'n berig uit die destydse Pretoria-gebaseerde koerant, Hoofstad, aan waarin aangedui word dat Babelegi "... uit die stof en klippe ontstaan het waar voorheen niks was nie". In die beskrywing van die sewe groeisentrums is daar by elk aangedui wat die verband was tussen die rede vir bevolkingskonsentrasie en die noodsaak om nabygeleë werksgeleenthede te skep. Die bestaan van bevolkingskonsentrasies was in werklikheid ook 'n uitvloeisel van owerheidsbeleid, asook waar sulke bevolkingskonsentrasies en daaropvolgende fabrieksvestiging moes plaasvind. Daar is dus geen aanduiding dat die sewe groeisentrums in die afwesigheid van owerheidsinmenging sou ontstaan het nie. Soos reeds aangedui, kan die faktore wat soms voorgehou is as belangrike redes hoekom vestiging in 'n groeisentrum plaasvind, nie losgemaak word van die owerheidsbesluit om 'n spesifieke gebied as 'n groeisentrum te ontwikkel nie (Steyn 1977:148).[32]

Opsommend dui hierdie hoofstuk aan dat die fabrieksektor weens die beleidsensitiewe aard van dié sektor wel gebruik kan word om lewensgehalte te verhoog. Die natuurlike stedelike vestigings, dus intra-stedelike vestiging, en die beleidsensitiewe

---

31 Brits en Bronkhorstspruit is twee uitsonderings t.o.v. bevolkingskonsentrasie. Hierdie twee stedelike nedersettings was tradisionele landbou-georiënteerde blanke dorpe wat reeds bestaan het voor die implementering van die beleid van streeksnywerheidsontwikkeling.

32 Uit 'n vorige ondersoek oor groeisentrums (Development Bank of Southern Africa 1989a:30-31) op nasionale vlak is tot die gevolgtrekking gekom dat die aansporingsmaatreëls nie soseer vir die arbeidsintensiewe aard van groeisentrums verantwoordelik was nie. Dit is eerder arbeidsmarktoestande in die groeisentrums wat tot hierdie tipe van faktorintensiteit aanleiding gee. Marktoestande in die groeisentrums is weens die kunsmatige skepping van dié sentrums ook die gevolg van owerheidsbeleid wat uit 'n spesifieke institusionele raamwerk voortgevloei het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aard maak die fabrieksektor 'n belangrike beleidsinstrument in metropolitaanse bestuur om verstedeliking te akkommodeer. Metropolitaanse bestuur is egter die bestuur van die proses van intra-stedelike vestiging om toegang tot ekonomiese aktiwiteite te verhoog en die vraag ontstaan aan watter norme intra-stedelike fabrieksvestiging moet voldoen om dit as beleidsinstrument te gebruik. Hierdie norme word in die volgende hoofstuk bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

DIE ROL VAN DIE FABRIEKSEKTOR IN STEDELIKE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: 'N NORMATIEWE BESKOUING

1 Inleiding

Die kenmerkendste ruimtelike eienskap van die Apartheidstad in Suid-Afrika is die gefragmenteerde en uitgestrekte stedelike grondgebruikspatroon. Die doel van metropolitaanse bestuur is die voorsiening van toeganklike en nie-selektiewe sosiale en ekonomiese aktiwiteite. Hierdie hoofstuk gee aandag aan die normatiewe beskouing van hoe die fabrieksektor hierin 'n rol behoort te speel.

Die keuse van 'n beleidsvorm, soos die gebruik van die fabrieksektor as instrument in metropolitaanse bestuur, is nie die toepassing van universele ruimtelike modelle nie, maar volg uit kwantitatiewe en kwalitatiewe ontledings van die eienskappe van spesifieke lande, streke of stedelike gebiede. In Afdeling 2 word aan die sosio-ekonomiese eienskappe van die studiegebied aandag gegee. Dié eienskappe bepaal die doelstellings van metropolitaanse bestuur en spesifiek die rol wat fabrieksvestiging binne dié bestuur behoort te speel. Laasgenoemde word in Afdeling 3 van die hoofstuk bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2 'n Makro-kwantitatiewe ontleding van die studiegebied[1]

2.1 Die aard van die bevolking

Tabel 5-1 gee die bevolkingsgetalle vir die studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng vir die sensusjare 1970 tot 1991, terwyl die 1996-bevolking op grond van die historiese gemiddelde jaarlikse groeikoerse vir 1980 tot 1991 bereken is.[2]

Metropolitaanse bestuur behoort in 'n veranderde institusionele omgewing te fokus op die akkommodering van die nuut-verstedelikte bevolking. Dit beteken dat in die studiegebied gedurende die tydperk 1991 tot 1996 250,613 nuwe stedelike inwoners geakkommodeer moes word.[3] Volgens Tabel 5-1 het van die meeste nuwe stedelike inwoners na 1991 in Sentraal-Gauteng (268,762), Oos-Gauteng (224,962) en in die aanliggende gebied (220,181) gevestig. Die studiegebied se aantal nuwe stedelike inwoners na 1991 was die tweede hoogste vergeleke met ander omringende streke.

---

1 In Hoofstuk 6 word daar aan die mikro-kwantitatiewe aard van die fabrieksektor aandag gegee.

2 Kyk nota (c), Tabel 5-1.

3 a) Dié totaal bestaan uit 3,340 Asiërs, 78,225 blankes, 31,090 Kleurlinge en 137,958 swartes.

b) Die gemiddelde jaarlikse groeikoers tussen 1980 en 1991 sluit immigrasie na die studiegebied en natuurlike aanwas in.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-1: Die bevolking in die studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (1970-1996)

Relevansie vir studie	Streek	Plaaslike owerheid	1970					1980				
			As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot
Studiegebied	Noord-Gauteng	Pretoria Blank	1,966	289,899	2,691	49,311	343,867	2,599	361,531	2,170	63,395	429,695
Studiegebied	Noord-Gauteng	Laudium	9,244	8	350	192	9,794	12,983	11	339	422	13,754
Studiegebied	Noord-Gauteng	Eersterust	55	9	8,131	358	8,553	106	25	13,008	721	13,859
Studiegebied	Noord-Gauteng	Atteridgeville	0	0	5	75,660	75,665	63	46	142	89,907	90,158
Studiegebied	Noord-Gauteng	Mamelodi	10	0	21	107,711	107,742	50	149	427	142,361	142,987
Studiegebied	Noord-Gauteng	Centurion	0	13,685	229	3,018	16,932	29	32,802	92	6,271	39,194
Studiegebied	Noord-Gauteng	Akasia	0	164	21	646	831	4	3,445	28	1,430	4,907
Studiegebied	Noord-Gauteng	Soshanguve	0	0	0	0	0	16	64	71	62,476	62,627
Studiegebied	Noord-Gauteng	Midrand	191	5,473	22	2,252	7,938	282	6,224	33	3,623	10,162
Studiegebied	Noord-Gauteng	Totaal	11,466	309,238	11,470	239,148	571,322	16,131	404,297	16,309	370,606	807,343
Res van Noord-Gauteng	Noord-Gauteng		0	0	0	0	0	105	18,624	448	31,230	50,407
Noord-Gauteng	Noord-Gauteng	Totaal	11,466	309,238	11,470	239,148	571,322	16,236	422,921	16,757	401,836	857,750
Res van Gauteng	Sentraal-Gauteng		37,189	642,341	67,786	937,836	1,685,152	51,108	826,922	98,120	1,121,407	2,097,557
Res van Gauteng	Oos-Gauteng		6,985	172,348	12,497	280,318	472,148	10,106	254,515	17,226	417,567	699,414
Res van Gauteng	Verre-oos Gauteng		2,432	84,531	2,773	207,744	297,480	2,599	98,667	3,746	210,251	315,263
Res van Gauteng	Wes-Gauteng		2,277	122,542	5,953	239,334	370,106	2,193	163,117	9,296	308,888	483,494
Res van Gauteng	Suid-Gauteng		1,584	65,343	3,695	146,234	216,856	2,361	103,043	5,200	207,902	318,506
Res van Gauteng	Aanliggende gebied		857	17,948	745	334,318	353,868	972	21,884	634	561,939	585,429
	Totaal		62,790	1,105,053	104,919	2,384,932	3,966,932	85,575	1,891,069	150,979	3,229,790	5,357,413

Tabel 5-1 vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-1: Die bevolking in die studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (1970-1996) (vervolg)

Relevansie vir studie	Streek	Plaaslike owerheid	1991					1996				
			As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot
Studiegebied	Noord-Gauteng	Pretoria Blank	1,108	418,595	2,010	62,719	484,432	752	447,430	1,941	62,414	512,538
Studiegebied	Noord-Gauteng	Laudium	18,863	15	327	1,002	20,207	22,354	17	322	1,485	24,178
Studiegebied	Noord-Gauteng	Eersterust	216	79	21,810	1,557	23,662	299	133	27,586	2,209	30,227
Studiegebied	Noord-Gauteng	Atteridgeville	16	81	138	91,772	92,007	9	105	136	92,632	92,882
Studiegebied	Noord-Gauteng	Mamelodi	8	104	288	154,446	154,846	3	88	241	160,273	160,606
Studiegebied	Noord-Gauteng	Centurion	51	68,246	310	11,945	80,552	66	95,214	538	16,010	111,829
Studiegebied	Noord-Gauteng	Akasia	11	15,830	71	1,736	17,648	17	31,661	108	1,896	33,683
Studiegebied	Noord-Gauteng	Soshanguve	91	122	155	145,967	146,335	201	164	221	214,671	215,256
Studiegebied	Noord-Gauteng	Midrand	288	14,223	3,450	33,145	51,106	291	20,708	28,555	90,656	140,210
Studiegebied	Noord-Gauteng	Totaal	20,652	517,295	28,559	504,289	1,070,795	23,992	595,520	59,649	642,247	1,321,408
Res van Noord-Gauteng	Noord-Gauteng		137	25,191	584	31,752	57,664	155	28,898	659	31,992	61,704
Noord-Gauteng	Noord-Gauteng	Totaal	20,789	542,486	29,143	536,041	1,128,459	24,147	624,418	60,308	674,239	1,383,112
Res van Gauteng	Sentraal-Gauteng		69,031	952,834	116,852	1,459,306	2,598,023	79,138	1,016,239	126,510	1,644,897	2,866,785
Res van Gauteng	Oos-Gauteng		16,952	375,619	28,840	643,983	1,065,394	21,445	448,313	36,453	784,145	1,290,356
Res van Gauteng	Verre-oos Gauteng		3,415	114,195	9,055	244,323	370,988	3,866	122,039	13,525	261,585	401,015
Res van Gauteng	Wes-Gauteng		4,328	215,915	15,977	432,245	668,465	5,895	245,267	20,436	503,572	775,170
Res van Gauteng	Suid-Gauteng		4,952	129,196	10,519	359,818	504,485	6,934	143,186	14,489	461,707	626,317
Res van Gauteng	Aanliggende gebied		1,104	29,527	1,713	899,959	932,303	1,170	33,834	2,691	1,114,789	1,152,484
	Totaal		120,571	2,359,772	212,099	4,575,675	7,268,117	142,596	2,633,295	274,412	5,444,933	8,495,237

Notas en bronne vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notas: a) Die studiegebied bestaan uit die stedelike bevolking van die vier munisipaliteite na 1993, nl. Akasia, Pretoria, Centurion en Midrand. Daar is 'n gedeelte van Noord-Gauteng wat buite die studiegebied val en dit word aangedui as Res van Noord-Gauteng. Die plaaslike owerhede wat by Noord-Gauteng aangedui word, is dié wat voor 1993 bestaan het.

b) Hierdie bevolkingsgetalle is waarskynlik 'n ondertelling in die geval van die swart bevolkingsgroep en ook t.o.v. die Midrand munisipale gebied. Midrand munisipale gebied word beskryf as die vinnigste groeiende plaaslike owerheid in Suid-Afrika (IMIESA 1992:3-14) en die bepaling van bevolkingsgetalle is besonder moeilik. Die Munisipaliteit Midrand erken dat bevolkingsgetalle nie betroubaar bepaal kan word nie (Prinsloo 1995:4).

c) Die 1996-bevolkingsgetalle is projeksies gegrond op die gemiddelde jaarlikse groeikoerse vir 1980 tot 1991. Inligting van die 1996-bevolkingsensus stem nie ooreen met dié van vorige sensusse nie. (Kyk Bylae B, Afdeling 2 vir die wyse waarop die resultate van die 1996-bevolkingsensus hanteer is.) Aangesien Midrand so vinnig groei, is groeikoerse vir 1980 tot 1991 in die 1991-bevolkingsensus onrealisties en is daar in die geval van die nie-blanke bevolkingsgroepe nie van die amptelike groeikoerse vir 1980 tot 1991 gebruik gemaak nie, maar wel van dié van die Munisipaliteit Midrand (Prinsloo 1995:4). Dit verklaar hoekom die groeikoerse van 1980 tot 1991 en dié van 1991 tot 1996 nie altyd dieselfde is nie.

d) Die swartes in Midrand was almal in Ivory Park gevestig. Laasgenoemde gebied word nie afsonderlik aangetoon nie.

Bronne: SA. Departement van Statistiek (1977).
SA. Sentrale Statistiekdiens (1985b, 1992a & 1992b).

Indien dieselfde bruto bevolkingsdigtheid[4] wat in 1991 gegeld het, ook vir hierdie nuwe verstedeliktes geld, sou dit beteken dat 12,387.7488 hektaar addisionele dorpsgrond[5] (23.4% van die totaal in 1991) tot die bestaande stedelike oppervlakte van die studiegebied bygevoeg moes word. Aangesien daar 'n sloering tussen dorpstigting en besetting bestaan, is daar egter net 3,251.6181 (6.1% van die totaal in 1991) hektaar stedelike grond in die studiegebied van 1991 tot 1996 bygevoeg.

---

4 Bruto bevolkingsdigtheid per hektaar word verkry deur die bevolking te deel deur die totale oppervlakte van 'n stedelike gebied. Die netto bevolkingsdigtheid is bevolking gedeel deur die oppervlakte van die woongebiede van 'n stedelike gebied. Laasgenoemde sluit oop gebiede en grond vir nie-woongebruike uit. Die verband tussen bruto en netto digtheid is dat lg. normaalweg ongeveer drie keer groter as eg. is (McLaren 1993:281-282). Laasgenoemde verhouding moet egter met omsigtigheid gebruik word aangesien hierdie verhouding op Britse stedelike gebiede van toepassing is.

5 Stedelike gebiede bestaan uit 'n groot aantal dorpe. Addisionele stedelike grond word verkry deur dorpstigting (kyk nota (b), Tabel 5-10).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die persentasieverdeling per bevolkingsgroep per sensusjaar word in Tabel 5-2 gegee en in Figuur 5-1 opgesom. Die studiegebied was die tweede belangrikste bevolkingstreek na Sentraal-Gauteng in 1991. Die dekonsentrasie van die fabrieksektor, waarna in Hoofstuk 4 (Afdeling 4.4) verwys is, word ook hier in die bevolkingsdekonsentrasie vanaf Sentraal-Gauteng waargeneem. Dit blyk nie dat die studiegebied baie van hierdie gedekonsentreerde bevolking ontvang het nie. Dit is eerder die streke van Oos- en Suid-Gauteng wat 'n styging in bevolkingskonsentrasie ervaar het. Die aanliggende gebied het ook 'n skerp styging in bevolkingskonsentrasie ondervind. Hierdie styging was egter nie weens bevolkingsdekonsentrasie nie, maar die historiese gevolge van teruggehoue verstedeliking, lg. waarna in die vorige hoofstuk verwys was. Die oorgrote meerderheid van die bevolking in die aanliggende gebied in 1991 was swartes (96.5% van die totale bevolking) en tesame met die swart bevolking van Soshanguve[6] gee dit 'n aanduiding van die bestaande en potensiële bevolkingsdruk op die studiegebied. Byvoorbeeld, na raming was die spitstyd-invloei van pendelaars in die oggende vanaf die aanliggende gebied na Pretoria in 1990 ongeveer 152,625 mense per dag (Arnold 1995). Die studiegebied is 'n belangrike gebied vir werksgeleenthede vir die inwoners van die aanliggende gebied. 'n Verdere vorm van bevolkingsdruk op die studiegebied is die lang afstande wat pendelaars daagliks vanaf die aanliggende gebied na die studiegebied moet pendel. 'n Meer optimale vestiging, permanent of in die vorm van sirkulêre verstedeliking (Mabin 1990) in die studiegebied, plaas ook verstedelikingsdruk op die studiegebied.

Die gekonsentreerde aard en skeiding van die bevolkingsgroepe per plaaslike owerheidsgebied in 1991 blyk uit Tabel 5-2. Uit die totale bevolking in die studiegebied in 1991 was die Asiërs grootliks in Laudium gekonsentreer (91.3%), die blankes (80.9%) in die Pretoria munisipale gebied, die Kleurlinge (76.4%) in Eersterust, terwyl die swartes tussen die gebiede van Atteridgeville (18.2%),

---

6 Hier word spesifiek na Soshanguve verwys aangesien hierdie gebied geografies ver van die belangrikste stedelike sentrum in die studiegebied, Pretoria, geleë is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mamelodi (30.6%), Soshanguve (28.9%) en Ivory Park (6.6%) verspreid was. Hierdie gekonsentreerde aard of skeiding tussen bevolkingsgroepe, dus makrofragmentasie, is nie uniek aan die studiegebied nie en is tekenend van die meeste huidige stedelike gebiede in Suid-Afrika (Christopher 1990 & 1991).

Die bevolkingsgroeikoerse vir die onderskeie streke word in Tabel 5-3 gegee en in Figuur 5-2 opgesom.

Die jaarlikse groei van die totale bevolking vir al die streke is laer in die periode 1980 tot 1991 as vir die tydperk 1970 tot 1980.[7] Soos verwag kan word, is die groeikoerse in veral Oos- en Suid-Gauteng telkens hoër as die gemiddelde vir al die streke. Dit is ook die geval met die aanliggende gebied, terwyl Noord-Gauteng se groeikoers tussen 1970 en 1980 hoër was as vir die tydperk 1980 tot 1991. Dit is nie duidelik hoekom daar so 'n skerp daling plaasgevind het nie. In die vyf jaar na 1991 het die groeikoers weer ongeveer dieselfde vlak as gedurende 1970 tot 1980 behaal.[8]

---

7 Weens die wyse van vooruitskatting vir die periode 1991 tot 1996, is die groeikoers vir hierdie tydperk nie so belangrik nie.

8 In die geval van die studiegebied moet onthou word dat die bevolkingsgroeikoers vir die Midrand munisipale gebied vir die tydperk 1991 tot 1996 nie dieselfde as dié van 1980 tot 1991 is nie (kyk nota (c), Tabel 5-1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-2: Bevolkingskonsentrasie in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (1970-1996)

Relevansie vir studie	Streek	Plaaslike owerheid	1970					1980					1991					1996				
			As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot
Studiegebied	Noord-Gauteng	Pretoria Blank	17.1	93.7	23.5	20.6	60.2	16.1	89.4	13.3	17.1	53.2	5.4	80.9	7.0	12.4	45.2	3.1	75.1	3.3	9.7	38.8
Studiegebied	Noord-Gauteng	Laudium	80.6	0.0	3.1	0.1	1.7	80.5	0.0	2.1	0.1	1.7	91.3	0.0	1.1	0.2	1.9	93.2	0.0	0.5	0.2	1.8
Studiegebied	Noord-Gauteng	Eersterust	0.5	0.0	70.9	0.1	1.5	0.7	0.0	79.8	0.2	1.7	1.0	0.0	76.4	0.3	2.2	1.2	0.0	46.2	0.3	2.3
Studiegebied	Noord-Gauteng	Atteridgeville	0.0	0.0	0.0	31.6	13.2	0.4	0.0	0.9	24.3	11.2	0.1	0.0	0.5	18.2	8.6	0.0	0.0	0.2	14.4	7.0
Studiegebied	Noord-Gauteng	Mamelodi	0.1	0.0	0.2	45.0	18.9	0.3	0.0	2.6	38.4	17.7	0.0	0.0	1.0	30.6	14.5	0.0	0.0	0.4	25.0	12.2
Studiegebied	Noord-Gauteng	Centurion	0.0	4.4	2.0	1.3	3.0	0.2	8.1	0.6	1.7	4.9	0.2	13.2	1.1	2.4	7.5	0.3	16.0	0.9	2.5	8.5
Studiegebied	Noord-Gauteng	Akasia	0.0	0.1	0.2	0.3	0.1	0.0	0.9	0.2	0.4	0.6	0.1	3.1	0.2	0.3	1.6	0.1	5.3	0.2	0.3	2.5
Studiegebied	Noord-Gauteng	Soshanguve	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	0.1	0.0	0.4	16.9	7.8	0.4	0.0	0.5	28.9	13.7	0.8	0.0	0.4	33.4	16.3
Studiegebied	Noord-Gauteng	Midrand	1.7	1.8	0.2	0.9	1.4	1.7	1.5	0.2	1.0	1.3	1.4	2.7	12.1	6.6	4.8	1.2	3.5	47.9	14.1	10.6
Studiegebied	Noord-Gauteng	Totaal	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Res van Noord-Gauteng	Noord-Gauteng																					
Noord-Gauteng	Noord-Gauteng	Totaal	18.3	28.0	10.9	10.0	14.4	19.0	22.4	11.1	12.4	16.0	17.2	23.0	13.7	11.7	15.5	16.9	23.7	22.0	12.4	16.3
Res van Gauteng	Sentraal-Gauteng		59.2	58.1	64.6	39.3	42.5	59.7	43.7	65.0	34.7	39.2	57.3	40.4	55.1	31.9	35.7	55.5	38.6	46.1	30.2	33.7
Res van Gauteng	Oos-Gauteng		11.1	15.6	11.9	11.8	11.9	11.8	13.5	11.4	12.9	13.1	14.1	15.9	13.6	14.1	14.7	15.0	17.0	13.3	14.4	15.2
Res van Gauteng	Verre-oos Gauteng		3.9	7.6	2.6	8.7	7.5	3.0	5.2	2.5	6.5	5.9	2.8	4.8	4.3	5.3	5.1	2.7	4.6	4.9	4.8	4.7
Res van Gauteng	Wes-Gauteng		3.6	11.1	5.7	10.0	9.3	2.6	8.6	6.2	9.6	9.0	3.6	9.1	7.5	9.4	9.2	4.1	9.3	7.4	9.2	9.1
Res van Gauteng	Suid-Gauteng		2.5	5.9	3.5	6.1	5.5	2.8	5.4	3.4	6.4	5.9	4.1	5.5	5.0	7.9	6.9	4.9	5.4	5.3	8.5	7.4
Res van Gauteng	Aanliggende gebied		1.4	1.6	0.7	14.0	8.9	1.1	1.2	0.4	17.4	10.9	0.9	1.3	0.8	19.7	12.8	0.8	1.3	1.0	20.5	13.6
	Totaal		100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

Notas en bron volg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nota en bron vir Tabel 5-2.

Nota: Die persentasieaandeel van Res van Noord-Gauteng is nie bereken nie, aangesien hierdie streek buite die studiegebied val. Dit word egter ingesluit by die groottotaal vir Noord-Gauteng.
Bron: Tabel 5-1.

Figuur 5-1: Totale bevolkingskonsentrasie per streek (1970-1996)



Nota: Die vier histogramme per streek verwys na onderskeidelik 1970, 1980, 1991 en 1996.
Bron: Tabel 5-2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-3: Bevolkingsgroeikoerse in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (verskeie jare)

Relevansie vir studie	Streek	Plaaslike owerheid	1970-1980					1980-1991					1991-1996				
			As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot	As	Bl	Kl	Sw	Tot
Studiegebied	Noord-Gauteng	Pretoria Blank	2.8	2.2	(2.1)	2.5	2.3	(7.5)	1.3	(0.7)	(0.1)	1.1	(7.5)	1.3	(0.7)	(0.1)	1.1
Studiegebied	Noord-Gauteng	Laudium	3.5	3.0	(0.3)	8.2	3.5	3.5	3.0	(0.3)	8.2	3.6	3.5	3.0	(0.3)	8.2	3.7
Studiegebied	Noord-Gauteng	Eersterust	6.7	10.9	4.8	7.3	4.9	6.7	10.9	4.8	7.3	5.0	6.7	10.9	4.8	7.3	5.0
Studiegebied	Noord-Gauteng	Atteridgeville	-	-	39.7	1.7	1.8	(11.7)	5.3	(0.3)	0.2	0.2	(11.7)	5.3	(0.3)	0.2	0.2
Studiegebied	Noord-Gauteng	Mamelodi	17.5	-	35.2	2.8	2.9	(15.3)	(3.2)	(3.5)	0.7	0.7	(15.3)	(3.2)	(3.5)	0.7	0.7
Studiegebied	Noord-Gauteng	Centurion	-	9.1	(8.7)	7.6	8.8	5.3	6.9	11.7	6.0	6.8	5.3	6.9	11.7	6.0	6.8
Studiegebied	Noord-Gauteng	Akasia	-	35.6	2.9	8.3	19.4	9.6	14.9	8.8	1.8	12.3	9.6	14.9	8.8	1.8	13.8
Studiegebied	Noord-Gauteng	Soshanguve	-	-	-	-	-	17.1	6.0	7.4	8.0	8.0	17.1	6.0	7.4	8.0	8.0
Studiegebied	Noord-Gauteng	Midrand	4.0	1.3	4.1	4.9	2.5	0.2	7.8	52.6	22.3	15.8	0.2	7.8	52.6	22.3	22.4
Studiegebied	Noord-Gauteng	Totaal	3.5	2.7	3.6	4.5	3.5	2.3	2.3	5.2	2.8	2.6	3.0	2.9	15.9	5.0	4.3
Res van Noord-Gauteng	Noord-Gauteng		-	-	-	-	-	2.4	2.8	2.4	0.2	1.2	2.4	2.8	2.4	0.2	1.4
Noord-Gauteng	Noord-Gauteng	Totaal	3.5	3.2	3.9	5.3	4.1	2.3	2.3	5.2	2.7	2.5	3.0	2.9	15.7	4.7	4.2
Res van Gauteng	Sentraal-Gauteng		3.2	2.6	3.8	1.8	2.2	2.8	1.3	1.6	2.4	2.0	2.8	1.3	1.6	2.4	2.0
Res van Gauteng	Oos-Gauteng		3.8	4.0	3.3	4.1	4.0	4.8	3.6	4.8	4.0	3.9	4.8	3.6	4.8	4.0	3.9
Res van Gauteng	Verre-oos Gauteng		0.7	1.6	3.1	0.1	0.6	2.5	1.3	8.4	1.4	1.5	2.5	1.3	8.4	1.4	1.6
Res van Gauteng	Wes-Gauteng		(0.4)	2.9	4.6	2.6	2.7	6.4	2.6	5.0	3.1	3.0	6.4	2.6	5.0	3.1	3.0
Res van Gauteng	Suid-Gauteng		4.1	4.7	3.5	3.6	3.9	7.0	2.1	6.6	5.1	4.3	7.0	2.1	6.6	5.1	4.4
Res van Gauteng	Aanliggende gebied		1.3	2.0	(1.6)	5.3	5.2	1.2	2.8	9.5	4.4	4.3	1.2	2.8	9.5	4.4	4.3
	Totaal		3.1	5.5	3.7	3.1	3.1	3.2	2.0	3.1	3.2	2.8	3.4	2.2	5.3	3.5	3.2

Nota: Die "-" dui aan dat groeikoerse nie berekenbaar is nie.
Bron: Tabel 5-1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-2: Gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroei per streek (1970-1996)



Nota: Die horisontale krommes vir 1970-1980, 1980-1991 en 1991-1996 dui die gemiddelde jaarlikse groeikoerse vir al die streke aan.
Bron: Tabel 5-3.

'n Belangrike teiken van metropolitaanse bestuur is die digtheid van stedelike gebiede. Stedelike digtheid bepaal in 'n groot mate stedelike interaksie en innovasie en alhoewel nie op sigself 'n doelstelling nie, bevorder hoër digthede hoër vlakke van stedelike interaksie en innovasie. Dit is moeilik om presiese kwantitatiewe riglyne vir stedelike digtheid te bepaal. McLaren (1993:282-283) gee egter 'n aanduiding van wat as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanvaarbare óf as onaanvaarbare digthede beskou kan word.[9] Netto digthede (kyk voetnota 4) van 225-370 persone per hektaar kan as aanvaarbaar hoog en netto digthede van 45-90 persone per hektaar kan as onaanvaarbaar laag beskou word. Die bruto digthede van die studiegebied word in Tabel 5-4 gegee, terwyl die netto digthede, bereken volgens McLaren (1993:282-283) se metode, in Figuur 5-3 geïllustreer word.

Tabel 5-4: Bruto bevolkingsdigtheid in die studiegebied (persone per hektaar; 1970-1996)

Jaar	As	Bl	Kl	Sw	Tot
1970	52.8	15.2	65.0	18.7	17.0
1980	48.4	16.7	55.9	18.4	18.0
1991	62.0	16.5	30.2	24.5	20.1
Christopher: 1991	11.0	6.0	18.0	49.0	-
1996	27.6	17.7	63.0	30.1	23.2

Notas: a) Die bevolkingsdigthede van Christopher (1992) vir 1991 verwys na totale geproklameerde stedelike grond per bevolkingsgroep in die voormalige Transvaal vir 1991. In dié studie is die 1991-bevolking geraam op grond van die 1985-bevolkingsensus.

b) Die bevolkingsdigthede is bereken met die veronderstelling dat alle bevolkingsgroepe in 1991 gewoon het waar hulle volgens die Wet op Groepsgebiede veronderstel was om permanent te woon. Volgens Tabel 5-1 was daar bv. in 1991 62,719 swartes in blanke Pretoria. Hierdie swartes is waarskynlik o.a. huisbediendes wat vir blanke huishoudings gewerk het. Daar is veronderstel dat dié swartes êrens in die studiegebied in 'n swart woongebied woonagtig was.

Bronne: Bevolking: Tabel 5-1.
Christopher (1992:32).
Oppervlakte: Kyk Bylae B, Afdeling 6.

Die blanke en swart bevolkingsgroepe, asook die totale bevolking se digtheid, toon 'n styging sedert 1970. Die Asiër- en Kleurlingbevolkingsgroepe was relatief klein in die studiegebied en toevoegings tot bestaande woongebiede het 'n groot impak op

9 Volgens Main (1990:18) is lae digthede 10 tot 20 persone per hektaar en hoë digthede tot 'n paar honderd per hektaar. Hierdie digthede is van toepassing op Kano, 'n metropolitaanse gebied in noordelike Nigerië. 'n Vergelyking tussen dié digthede van Main en dié van McLaren dui daarop dat daar waarskynlik nie universeel-vergelykbare digthede bestaan nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

digthede. Dit is waarskynlik die rede hoekom daar so 'n variasie in die digthede van hierdie bevolkingsgroepe bestaan. Beide Christopher (1992:32) se digthede en dié in Tabel 5-4 dui aan dat die digthede vir die blankes die laagste is en dan volg die Asiërs. Vir die Kleurlinge was die digtheid die hoogste in 1996. Volgens Christopher is die swartes se digthede baie hoër as dié wat in Tabel 5-4 bereken is. Volgens ramings deur amptenare van die Pretoria Munisipaliteit was die bevolking van Atteridgeville en Mamelodi 'n ondertelling in die orde van ongeveer 50,000 in 1991. Selfs hierdie regstelling vir ondertelling gee 'n bevolkingsdigtheid van 21.5 persone per hektaar vir hierdie twee gebiede in 1991.[10] Wat die swartes betref, blyk dit dat die bevolkingsdigtheid in die studiegebied heelwat laer is as in die res van die voormalige Transvaal. Vir die ander bevolkingsgroepe was die digthede in die studiegebied gemiddeld weer hoër as in die voormalige Transvaal.

Figuur 5-3 wys dat die netto digthede vir die belangrikste bevolkingsgroepe (blankes en swartes) laer was as die boonste grens (90 persone per hektaar) van die onaanvaarbare lae digtheid. Christopher se bruto bevolkingsdigtheid van 49 persone per hektaar vir swartes in 1991, wat 'n netto bevolkingsdigtheid van 147 persone per hektaar gee, dui daarop dat dié bevolkingsgroep waarskynlik nader aan aanvaarbare digtheidsnorme in die voormalige Transvaal was. In die studiegebied was dit egter nie die geval nie. Indien daar in die studiegebied 'n bevolkingsdigtheid gelykstaande aan die onderste grens van die netto aanvaarbare hoë digtheid verkry sou word, dus 225 persone per hektaar, sou die studiegebied in 1991 slegs ongeveer 14,277 hektaar groot gewees het. Dit beteken 'n verkleining van 73.2% van die werklike grootte in 1991.[11]

---

10 Volgens Tabel 5-1 was die bevolking vir Atteridgeville en Mamelodi 246,218 in 1991. 'n Regstelling met 50,000 persone vir ondertelling gee 296,218 persone. Die totale hektaar vir Atteridgeville en Mamelodi in 1991 was 13,748.8274. Dit gee dus 'n bevolkingsdigtheid van 21.5 persone per hektaar.

11 Die onderste grens van die netto aanvaarbare hoë digtheid is 225 persone per hektaar wat 'n bruto bevolkingsdigtheid van 75 persone per hektaar gee. In 1991 was daar 1,070,795 persone in die studiegebied (kyk Tabel 5-1) en dié gebied was 53,215.3391 hektaar groot. Dus, 1,070,795 ÷ 75 = 14,277 hektaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-3: Netto bevolkingsdigtheid in die studiegebied (persone per hektaar; 1970-1996)



Nota: Die histogramme per bevolkingsgroep verwys onderskeidelik na 1970, 1980, 1991 en 1996.
Bron: Volgens McLaren se metode is die bruto bevolkingsdigthede in Tabel 5-4 vermenigvuldig met 3.

Behalwe dat digthede per bevolkingsgroep verskil, was daar ook 'n duidelike verskil in die sosio-ekonomiese kenmerke van die bevolking. In Tabel 5-5 word die verskillende bevolkingsgroepe per plaaslike owerheid volgens 'n stedelike toeganklikheidsindeks (STI) vergelyk. Die STI meet menslike kapasiteit, maar veral die potensiële toeganklikheid van inwoners tot stedelike geleenthede. Die posisie van die totale Suid-Afrikaanse bevolking, uitgesluit die voormalige onafhanklike tuislande, per bevolkingsgroep, word ook gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die STI in Tabel 5-5 beskryf die tipiese patroon van ongelykhede tussen bevolkingsgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing in 1991. Die posisie van al die bevolkingsgroepe in die studiegebied was egter ietwat beter as vir die totale stedelike gemeenskap in Suid-Afrika. Vir die studiegebied was die Asiërs ongeveer twee keer swakker daaraan toe as die blankes, die Kleurlinge vier keer swakker en die swartes agt keer swakker.

Bogenoemde ongelykhede gee egter nie 'n aanduiding van absolute armoede nie. Volgens die Stedelike Stigting, soos aangehaal deur Tomlinson (1994:15-17), het die volgende stedelike bevolkingsgroepe in 1985 onder die minimum bestaansvlak geleef, nl. 21.0% Asiërs, 8.3% blankes, 17.4% Kleurlinge en 72.8% swartes.[12] Die armoede onder swartes beklemtoon die groot agterstand van hierdie bevolkingsgroep wat reeds deur die STI aangedui is.

Dit is onwaarskynlik dat die posisies van die onderskeie bevolkingsgroepe wesenlik verander het na 1991. Die invloed van Apartheidsbeleid op intra-stedelike toeganklikheid en armoede sal nog verskeie dekades deel van die Suid-Afrikaanse stedelike samelewing wees.

---

12 Die minimum bestaansvlak was deur die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika in 1990 op R695-00 per maand vasgestel (Tomlinson 1994:15).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-5: Stedelike toeganklikheidsindeks per bevolkingsgroep (1991)

Aard van die bevolking	Plaaslike owerheid	Indeks
Blank	Pretoria	1.0
Asiërs	Laudium	2.1
Kleurling	Eersterust	4.0
Swart	Atteridgeville	8.4
Swart	Mamelodi	8.5
Blank	Centurion	1.0
Blank	Akasia	1.1
Swart	Soshanguve	8.5
Swart	Midrand	8.4
Suid-Afrika		
Asiërs		1.8
Blank		1.1
Kleurling		3.6
Swart		10.7

Notas: a) Hierdie STI is opgestel in navolging van die Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI) van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (Erasmus 1994:17).

b) Vir Midrand is slegs die posisie van die swartes in Ivory Park geneem aangesien dié bevolkingsgroep die belangrikste in Midrand is (kyk Tabel 5-1).

c) Die veranderlikes wat in die STI gebruik is, is gekies op grond van die inligting beskikbaar en om menslike kapasiteit en toegang tot stedelike geleenthede te meet. Slegs die stedelike bevolking is vir die studiegebied en vir die totale van Suid-Afrika gebruik. Die veranderlikes is:

- Afhanklikheidsverhouding. Dit is soos volg bereken: (<15 jaar + > 64 jaar)/15-64 jaar.
- Per capita-inkome. Die per capita-inkome tussen die bevolkingsgroepe is gebruik om toegang tot geleenthede in die algemeen te meet, asook die volgende veranderlike. (Die MOI gebruik slegs per capita-inkome as 'n aanduiding van toegang tot geleenthede.)
  Volgens Hoover (1968:247) is die afhanklikheidsverhouding en per capita-inkome primêre determinante van toeganklikheid tot stedelike aktiwiteite. Ook die volgende veranderlike gee 'n aanduiding van stedelike toeganklikheid.
- Per capita-eienaarskap van geregistreerde voertuie. Die per capita-eienaarskap per bevolkingsgroep van motors, minibusse en busse is gesommeer.

Elke veranderlike in die STI dra dieselfde gewig. Elk van die veranderlikes per plaaslike owerheid is as 'n persentasie van die blanke munisipale gebied van Pretoria uitgedruk. Die indekssyfer vir dié gebied is gelyk aan een. 'n Indekssyfer van vier vir Eersterust impliseer dat die Kleurlinge vier keer swakker daaraan toe is as die blankes van die Pretoria munisipale gebied.

Bron: SA. Sentrale Statistiekdiens (1992a & 1992c).

'n Ander aspek wat nie in die STI in ag geneem is nie, is die rol van geografiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afstand. Afstand is 'n belangrike determinant van toeganklikheid. Daar is reeds verwys na die groot aantal pendelaars wat daagliks vanuit die aanliggende gebied na die studiegebied pendel. Ook binne die studiegebied is die inwoners met 'n hoë STI, dus daardie inwoners wat swakker daaraan toe is, op die randgebiede van die Apartheidstad gevestig. Aangesien die STI 'n algemene indeks is, en nie toegang na spesifieke stedelike werksgeleenthede meet nie, is die rol van afstand nie hier as 'n veranderlike in berekening gebring nie. Die eienaarskap van voertuie spreek egter deels die rol van afstand aan. Die rol van afstand word in Hoofstuk 6 (Afdeling 3.2) bespreek. Die rol van geografiese afstand moet egter hier genoem word asook dat die inagneming daarvan in die STI waarskynlik veral die swartes se posisie verder kan verswak.

2.2 Ekonomiese aktiwiteit

In Tabel 5-6 word die persentasieaandeel van die onderskeie streke in die bruto geografiese produk (BGP) vir die verskillende sektore gegee.[13] Die drie sektore in Gauteng wat in 1994 die grootste bydrae tot nasionale produksie gelewer het, was gemeenskapsdienste (53.6%), finansiering (48.6%) en die fabrieksektor (44.7%). Hierdie drie sektore se belangrikheid in nasionale verband is grootliks weens die historiese belangrikheid van die mynbousektor in Gauteng. Die mynbousektor se persentasieaandeel toon egter nie 'n wesenlike styging tussen 1972 en 1994 nie. Mynbou-aktiwiteite het aanvanklik 'n bevolkingskonsentrasie in Gauteng veroorsaak, vandaar die rol van gemeenskapsdienste. Finansiering is 'n natuurlike uitvloeisel van die histories belangrike rol van mynbouaktiwiteite en geagglomereerde ekonomiese aktiwiteite, soos die fabrieksektor. Laasgenoemde se ontstaan was aanvanklik primêr gerig op die voorsiening van fisiese kapitaal aan die mynbousektor en die vervaardiging van verbruikersgoedere vir mynwerkers.

---

13 Kyk Bylae B, Afdeling 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie drie belangrike sektore is ook grootliks in Sentraal-Gauteng gevestig. Met die uitsondering van finansiering, toon gemeenskapsdienste en die fabrieksektor egter 'n dalende bydrae oor die tydperk 1972 tot 1994. Dié dalende bydrae hou verband met die dekonsentrasie van die bevolking uit Sentraal-Gauteng.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-6: Streeksverspreiding van sektorale ekonomiese aktiwiteite in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (R'000; 1990-pryse)

Streek	Landbou			Mynbou			Fabrieksektor			Elektrisiteit			Konstruksie			Handel		
	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994
Noord	15.7	14.5	15.6	2.8	1.7	1.6	10.9	16.5	15.2	17.5	13.7	14.4	17.5	18.4	16.7	16.2	12.7	14.8
Sentraal	3.1	8.4	1.9	2.9	2.4	1.4	31.1	24.9	23.1	44.7	49.9	46.5	46.1	38.4	37.4	62.1	57.5	52.5
Oos	9.2	6.8	4.2	4.1	3.3	2.0	33.6	30.8	34.0	12.3	14.0	14.3	26.2	26.9	24.3	11.5	18.1	19.9
Verre-oos	15.6	10.8	10.4	9.3	4.0	2.3	6.9	8.8	6.6	3.6	2.6	3.2	2.0	2.7	2.7	3.0	3.3	2.9
Wes	26.2	8.0	21.6	79.9	87.9	62.0	5.1	6.0	6.0	4.5	4.0	3.8	4.0	7.6	6.3	3.5	4.4	4.7
Suid	7.7	20.4	11.9	0.2	0.2	0.0	12.1	11.9	12.2	17.0	15.3	15.0	4.0	5.5	4.0	3.1	3.5	3.3
Aanliggend	22.5	31.0	34.5	0.7	0.5	30.7	0.3	1.1	2.9	0.4	0.6	2.8	0.3	0.5	8.6	0.6	0.6	1.9
Totaal:	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Uit nasionale waarde	6.1	5.7	7.6	28.8	33.8	31.8	48.7	46.0	44.7	28.4	21.7	20.8	51.9	46.5	41.5	47.8	47.5	43.0
Totaal: Absolute waarde	487,448	485,361	948,215	7,827,616	8,505,997	7,558,125	19,543,507	28,052,905	26,624,182	1,146,401	1,834,505	2,518,061	4,631,212	3,975,910	3,012,219	10,972,987	17,348,756	16,086,508

Tabel 5-6 vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-6: Streeksverspreiding van sektorale ekonomiese aktiwiteite in studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng (R'000; 1990-pryse) (vervolg)

Streek	Vervoer			Finansiering			Gemeenskapsdienste			Algemene owerheid			Ander			Totaal		
	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994
Noord	24.4	26.9	25.7	24.0	23.3	17.8	16.9	21.5	22.9	48.8	53.6	55.7	22.7	33.1	35.1	18.1	20.8	21.9
Sentraal	42.1	40.3	30.2	53.7	53.1	58.5	66.8	59.2	54.8	27.1	24.1	19.6	52.2	46.2	45.6	38.4	35.6	33.3
Oos	20.6	23.2	24.3	11.0	11.4	10.7	7.5	8.6	9.5	10.0	9.1	8.8	10.7	8.8	8.0	18.2	18.8	19.2
Verre-oos	3.4	2.5	3.4	2.9	3.0	2.3	2.2	2.4	2.6	4.1	3.6	3.0	3.9	2.6	2.4	5.0	4.9	3.9
Wes	6.7	4.3	12.5	4.6	5.1	4.6	3.4	4.4	6.9	5.3	5.4	3.9	7.4	4.8	4.2	13.8	12.9	10.3
Suid	2.3	2.4	2.3	3.5	3.7	3.5	2.9	3.5	2.6	3.7	3.1	2.4	2.7	3.8	3.6	5.8	6.1	5.7
Aanliggend	0.4	0.4	1.5	0.3	0.4	2.6	0.3	0.5	0.7	1.0	1.0	6.6	0.4	0.6	1.1	0.6	0.9	5.7
Totaal:	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Uit nasionale waarde	34.8	37.2	40.0	52.9	49.1	48.6	48.3	52.2	53.6	37.6	42.0	39.5	44.4	42.2	41.6	41.2	41.7	39.5
Totaal: Absolute getal	3,459,735	5,970,203	8,061,990	9,921,441	15,343,868	18,333,990	1,145,114	2,023,585	2,549,825	6,497,035	10,917,609	14,001,865	1,422,937	1,891,339	2,303,716	65,293,047	92,878,082	97,872,206

Notas: a) "Uit nasionale waarde" is die persentasie-aandeel van die gebiede uit die nasionale totaal.

b) Aangesien Midrand nie 'n landdrosdistrik is nie, maar binne drie ander landdrosdistrikte val, is geen inligting vir hierdie munisipaliteit beskikbaar nie. 'n Gedeelte van Midrand val wel binne die Pretoria-landdrosdistrik. Midrand se BGP word dus deels deur die BGP vir Pretoria opgevang.

Bronne: SA. Sentrale Statistiekdiens (1985a, 1988a & 1995b).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Noord-Gauteng is sterk verteenwoordig in al die sektore. Die belangrikste sektor is algemene owerheid, 'n gevolg van die historiese rol van Pretoria as nasionale en provinsiale hoofstad. Dit kan egter verwag word dat hierdie rol sal verminder weens die desentralisasie van administratiewe magte na die provinsies en die verskuiwing van die hoofsetel van die Gautengse Provinsie van Pretoria na Johannesburg. In die geval van die fabrieksektor was Noord-Gauteng met 'n aandeel van 15.2% die derde belangrikste streek. In die aanliggende gebied was daar nie veel ekonomiese aktiwiteit aanwesig nie.

Tabel 5-7: Streeksverdeling van sektorale produksie in Noord-Gauteng (BGP; 1972-1994)

Landdros-distrik	Fabrieksektor			Finansiering			Algemene owerheid			Totaal		
	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994	1972	1984	1994
	Aandeel per sektor											
Pretoria	100.0	78.8	79.3	99.9	99.0	99.4	99.4	98.1	97.8	98.2	93.1	93.9
Wonderboom	-	21.2	20.5	-	0.5	0.5	0.0	1.7	1.8	-	6.0	5.0
Soshanguve	-	0.0	0.0	-	0.3	0.0	0.0	0.1	0.2	-	0.2	0.2
Midrand	Geen inligting beskikbaar nie											
Cullinan	0.0	0.0	0.2	0.1	0.2	0.1	0.6	0.1	0.2	1.8	0.8	0.8
Totaal	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

Notas: a) Die studiegebied bestaan uit die landdrosdistrikte van Pretoria, Wonderboom en Soshanguve, tesame met die plaaslike owerheid van Midrand. Die landdrosdistrik van Cullinan is dus uitgeslote.

b) Die "-" dui aan dat persentasies nie berekenbaar is nie, aangesien inligting aangaande Wonderboom voor 1979 as deel van die Pretoria-landdrosdistrik gegee is. Inligting oor die BGP vir Soshanguve is eers sedert 1984 die eerste keer gepubliseer.

c) Midrand: Kyk nota (b), Tabel 5-6.

Bron: Tabel 5-6.

Die Pretoria-landdrosdistrik se oorheersende sektorale ekonomiese posisie blyk duidelik uit Tabel 5-7. Die daling in fabrieksaktiwiteit was grootliks opgevang deur die Wonderboom-landdrosdistrik. In Soshanguve was daar benewens dié van die algemene owerheid nie veel ekonomiese aktiwiteit nie.

Tabel 5-8 gee die persentasieverdeling van die ekonomies-aktiewe bevolking per

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sektor vir die studiegebied. Vir al die bevolkingsgroepe is die drie belangrikste sektore gemeenskapsdiens (27.9%), handel (15.3%) en die fabrieksektor (15.4%). Die belangrikheid van gemeenskapsdiens is toe te skryf aan die blankes wat grootliks in die owerheidsektor werksaam was. Vir die twee belangrikste bevolkingsgroepe in die studiegebied het die fabrieksektor die tweede hoogste aandeel vir die blankes gehad, nl. 13.9% en die derde hoogste aandeel vir die swartes, nl. 14.5%.[14]

Tabel 5-8: Ekonomies-aktiewe bevolking per sektor in studiegebied (1991)

Sektor	As	Bl	Kl	Sw	Totaal
Landbou	0.4	5.0	0.9	5.8	5.1
Mynwese	0.1	0.5	0.3	0.5	0.5
Fabrieksektor	12.0	13.9	18.5	15.4	14.5
Elektrisiteit	0.5	1.0	0.3	0.9	0.9
Konstruksie	1.6	4.2	5.8	9.3	6.1
Handel	45.8	13.3	15.5	17.2	15.3
Vervoer	1.6	7.2	2.2	6.5	6.7
Finansiering	10.2	15.5	9.9	3.7	10.9
Gemeenskapsdienste	13.4	41.7	26.2	6.7	27.9
Ander	14.4	6.9	20.3	34.0	17.4
Ekonomies	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Ekonomies: Absolute getal	7,800	287,451	12,389	181,547	489,187

Nota: Die sektor "ander" is bedrywighede nie voldoende omskryf of nie van toepassing nie.

Bronne: a) Vir die landdrosdistrikte Pretoria, Wonderboom en Soshanguve: SA. Sentrale Statistiekdiens (1992a).

b) Midrand plaaslike owerheid: Prinsloo (1995).

---

14 Tabel 5-8 toon dat die getal werkers in die fabrieksektor in die studiegebied 70,932 in 1991 was, waarvan die blankes 39,956 en die swartes 27,958 uitgemaak het. Hierdie twee bevolkingsgroepe het dus 97.9% van die totale werkertal in die fabrieksektor in die studiegebied uitgemaak. Hierdie inligting het egter betrekking op die 1991-bevolkingsensus en Tabel 5-8 dien slegs om die relatiewe belangrikheid tussen die verskillende sektore per bevolkingsgroep aan te dui. Die absolute getalle is nie belangrik nie, aangesien daar 'n betekenisvolle afwyking tussen die 1991-bevolkingsensus en 1991-fabriekswese-sensus bestaan (kyk nota (b), Tabel 5-9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Tabel 5-9 word die fabriekswerkers per plaaslike owerheid verdeel. Die belangrikste plaaslike owerhede in 1991 was Pretoria (50.0%), Akasia (28.8%) en Midrand (19.4%). Die ander plaaslike owerhede het geen wesenlike bydrae tot die indiensneming in die fabrieksektor gemaak nie. Plaaslike owerhede het in 1991 nog op 'n bevolkingsgrondslag gefunksioneer. Benewens Laudium was daar geen fabrieksaktiwiteit in die ander nie-blanke bevolkingsgroepe se plaaslike owerhede nie.[15] Hierdie skewe verdeling van fabrieksaktiwiteit tussen plaaslike owerhede het implikasies ingehou vir die algemene vlak van ekonomiese aktiwiteit in die onderskeie gebiede en spesifiek vir die belastingsbasis van sulke owerhede. Hierdie onderwerp word weer in Hoofstuk 6 (Afdeling 3.1) bespreek.

Die inligting in Tabel 5-9 dui die plaaslike owerheid aan waarin dié werkers werk, hoewel hulle nie in sulke plaaslike owerhede woonagtig hoef te wees nie. Die bevolkingsgroepverdeling van die 88,011 fabriekswerkers in Tabel 5-9 was: Asiërs 1.2%; blankes 36.2%; Kleurlinge 4.3%, en swartes 58.0%. Dit gee die onderskeie getal werkers as: Asiërs 999; blankes 31,422; Kleurlinge 3,745, en swartes 49,996. Daar is reeds in Afdeling 2.1 gewys op die makrofragmentasie van die studiegebied tussen bevolkingsgroepe. Hierdie makrofragmentasie is ook duidelik waarneembaar in die intra-stedelike vestiging van die fabrieksektor. Hoewel die meeste fabriekswerkers uit die swart bevolkingsgroep kom, was daar geen fabrieksvestiging in swart plaaslike owerheidsgebiede nie.

---

15 In die volgende hoofstuk word aangedui dat daar 'n klein fabrieksgebied in Eersterust bestaan het. Daar bestaan egter geen inligting oor dié fabrieksgebied nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-9: Werkertal in fabrieksektor (1991)

Plaaslike owerheid	Werkertal	Verdeling (%)
Pretoria (blank)	43,989	50.0
Laudium	328	0.4
Eersterust	0	0.0
Atteridgeville	0	0.0
Mamelodi	0	0.0
Centurion	1,239	1.4
Akasia	25,369	28.8
Soshanguve	0	0.0
Midrand	17,088	19.4
Ivory Park	0	0.0
Totaal: Studiegebied	88,011	100.0

Nota: Volgens die sensus van die fabrieksektor vir 1991 is die totale getal werkers in die fabrieksektor vir die landdrosdistrikte van Pretoria, Wonderboom en Soshanguve 87,060 werkers (SA. Sentrale Statistiekdiens 1996). Inligting deur Prinsloo (1995:12), wat op niegepubliseerde inligting van die SSD gebaseer is, dui aan dat die werkertal in die fabrieksektor in Midrand 5,557 vir 1991 was. Gesamentlik gee dit dus 92,617 werkers. Die register Vol1992na88, wat in Tabel 5-9 gebruik is, se werkertal is 88,011 vir die fabrieksektor. Hierdie register is dus 'n redelike getroue weergawe van die amptelike inligting.

Bron: Register Vol1992na88. (Grootte van steekproef: 5,034 waarnemings; vir die studiegebied is 703 waarnemings getrek.) (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.)

Mikrofragmentasie het te make met die skerp skeiding tussen woongebiede en gebiede van werksgeleenthede. In Tabel 5-10 word die konsentrasie van fabrieke in die plaaslike owerhede van die studiegebied vir 1991 gegee. Hierdie tabel toon aan hoeveel dorpe[16] wel fabrieke gehad het en hoeveel nie. Hoe meer dorpe uit die totale aantal dorpe per plaaslike owerheid wel fabrieke gehad het, hoe ewerediger, dus minder gefragmenteer, was die betrokke plaaslike owerheid op mikrovlak. In die geval van Pretoria was die fabrieke die ewerediger versprei tussen die dorpe van hierdie plaaslike owerheid, terwyl Akasia se verspreiding die ongelykste was. Akasia se fabrieke is gevestig in een dorp, nl. die Rosslyn-fabrieksgebied. Ook Midrand se fabrieke was ongeveer 81.6% in een dorp, nl. Clayville, gevestig. Die studiegebied,

16 Kyk Tabel 5-10, nota (b) vir die definisie van dorp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soos baie ander Apartheidstede in Suid-Afrika, openbaar 'n redelike mate van mikrofragmentasie.

Tabel 5-10: Die konsentrasie van fabrieke per plaaslike owerheid (1991)

A	B	C	D	E	F	G	H
Plaaslike owerheid	**Aantal dorpe in plaaslike owerheid**	**Aantal dorpe waarin fabrieks-onderne-mings voorkom**	**Dorpe met fabrieke (%)**	**Fabrieks-konsentrasie in die enkele dorp met die hoogste konsentrasie (%)**	**Fabrieks-konsentrasie in die enkele dorp met die tweede hoogste konsentrasie (%)**	**Fabrieks-konsentrasie in die enkele dorp met die derde hoogste konsentrasie (%)**	**Totale konsentrasie van die drie dorpe met die hoogste konsentrasie (%)**
			Kolom C / kolom B	Dié persentasies is soos volg bereken: Die fabriekskonsentrasie in die dorpe in kolomme E, F en G as persentasie van die totale fabriekskonsentrasie in die plaaslike owerheid in kolom A.			Kolom E + kolom F + kolom G
Pretoria	118	57	48.3	34.8	11.9	10.9	57.6
Centurion	25	8	32.0	36.1	18.5	15.0	69.6
Akasia	13	3	23.1	100.0	0.0	0.0	100.0
Midrand	14	9	64.3	81.6	7.6	7.4	96.6

Notas: a) Dorpstigting slegs tot 1991 is in hierdie tabel gebruik. Elke fabriek is geweeg met die getal werkers. Fabrieksvestiging in enige geproklameerde dorpsgebied is hier in berekening gebring. Dit is dus nie slegs fabrieksvestiging in geproklameerde fabrieksgebiede nie. (In die volgende hoofstuk word na sulke geproklameerde fabrieksgebiede as gekonsentreerde fabrieksgebiede verwys.)

b) Dorpe impliseer die volgende: Stedelike gebiede ontstaan en groei weens dorpstigting. 'n Woonbuurt soos Erasmusrand in Pretoria kan ontstaan weens eenmalige dorpstigting. Dit is egter ook moontlik dat 'n woonbuurt, fabrieksgebied, of sakegebied, met tydsverloop groei soos nog dorpstigting plaasvind. Daar kan bv. slegs 'n perseel by 'n bestaande dorp gevoeg word en sulke dorpstigting kan net 'n aantal vierkante meter wees. Wat in die algemeen dus as 'n voorstad bekend staan, kan uit 'n groot aantal dorpe bestaan. So bestaan 'n plaaslike owerheidsgebied ook uit 'n groot aantal dorpe. Dit maak nie sin om elke dorpstigting as 'n afsonderlike dorp te beskou nie. Vir doeleindes van hierdie tabel is alle dorpe per plaaslike owerheid met soortgelyke name as 'n dorp getel. 'n Dorp is in hierdie verband soortgelyk aan 'n voorstad, woonbuurt of woongebied in die algemene spreektaal, soos Die Hoewes, Waterkloof of Erasmusrand. Dit word ook só in hierdie studie gebruik.

c) Weens praktiese oorwegings is Silverton en Silvertondale as een dorp getel. So ook Pretoria-Wes en Pretoria Nywerheidsdorp. Laudium, die enigste nie-blanke plaaslike owerheid wat wel fabrieke in 1991 gehad het (kyk Tabel 5-9), is nie in Tabel 5-10 in berekening gebring nie. Dié plaaslike owerheid was slegs een dorp en die verspreiding tussen dorpe kon nie bepaal word nie.

d) Prinsloo (1995:35) dui aan dat, in die geval van Midrand, die verdeling ewerediger is as wat hier aangedui word. Die hoogste konsentrasie in een dorp is bv. 56.9%, die tweede hoogste konsentrasie 17.7% en die derde hoogste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

konsentrasie 14.0%. Die is egter nie duidelik of daar deurgaans van geproklameerde dorpe gebruik gemaak is nie. Prinsloo se inligting is gebaseer op 'n opname van die Munisipaliteit Midrand in 1992.

Bron: Register: Vol1992na1988. (Grootte van steekproef: 5,034 waarnemings; vir die studiegebied is 703 waarnemings getrek.) (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.)

Die faktorintensiteit en grootte van fabrieke in die studiegebied word in Tabel 5-11 gegee. Die grootste aantal van die fabrieke in die studiegebied, nl. 78.7%, kan as klein ondernemings geklassifiseer word. Dié fabrieke was grootliks arbeidsintensief van aard, met die ongeskoolde komponent wat die grootste persentasie-aandeel het. Ongeskoolde arbeidsintensiewe fabrieke was ook die belangrikste by die medium grootte ondernemings. By die groot ondernemings is daar ietwat meer kapitaalintensiewe ondernemings. In lg. geval is die aard van die faktorintensiteit van hierdie ondernemings fisies van aard.

Hierdie sosio-ekonomiese aard van die studiegebied moet in metropolitaanse bestuur verreken word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5-11: Faktorintensiteit en aantal fabrieke volgens grootte in studiegebied (1991)

Faktorintensiteit		Fabrieke			Totaal
		Klein: < 100 werkers	Medium: 100 - 500 werkers	Groot: > 500 werkers	
Arbeidsintensief: Geskoold	Getal ondernemings	8	2	3	13
	%	61.5	15.4	23.1	100.0
	Getal werkers	255	501	1,952	2,708
Arbeidsintensief: Ongeskoold	Getal ondernemings	321	55	13	389
	%	82.5	14.1	3.3	100.0
	Getal werkers	7,313	12,803	13,507	33,622
Kapitaalintensief: Fisies	Getal ondernemings	106	24	13	143
	%	74.1	16.8	9.1	100.0
	Getal werkers	2,738	5,437	18,307	26,481
Kapitaalintensief: Fisies en menslik	Getal ondernemings	118	31	9	158
	%	74.7	19.6	5.7	100.0
	Getal werkers	2,657	7,191	15,354	25,201
Totaal	Getal ondernemings	553	112	38	703
	%	78.7	15.9	5.4	100.0
	Getal werkers	12,962	25,931	49,119	88,011

Nota: Kategorisering van fabrieke volgens grootte is gedoen n.a.v. Vosloo (1994:162).
Bron: Register: Vol1992na1988. (Grootte van steekproef: 5,034 waarnemings; vir die studiegebied is 703 waarnemings getrek.) (Kyk Bylae B, Afdeling 4.2.)

3 Fabrieksvestiging en metropolitaanse bestuur

Die oorweging van intra-stedelike fabrieksvestiging in die doelstellings van metropolitaanse bestuur bring twee aspekte oor die rol van fabrieksvestiging na vore. Eerstens is dit moontlik dat fabrieksvestiging nie 'n rol speel in sommige van die doelstellings van metropolitaanse bestuur nie. Fabrieksontwikkelling is nie in alle gevalle die optimale oplossing vir stedelike probleme nie.

Tweedens is fabrieksvestiging slegs een aspek van metropolitaanse bestuur. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruikmaking van fabrieksvestiging as 'n instrument in metropolitaanse bestuur ontken nie die rol wat ander instrumente, soos bevolkingsvestiging, speel nie. In die meeste gevalle is verskillende instrumente in metropolitaanse bestuur komplementêr tot mekaar. Aspekte soos opleiding val nie normaalweg binne die doelstellings van metropolitaanse bestuur nie, maar dit kan ook indirek 'n bepalende invloed op bv. toegang tot stedelike fabriekswerksgeleenthede hê (Tomlinson 1994:24). Die impak van een instrument sal gevolglik minder wees indien ander instrumente in metropolitaanse bestuur nie gebruik word nie.

Die doelstellings van metropolitaanse bestuur wat in Hoofstuk 2 (Afdeling 4) uitgewys is, was 'n algemene doelstelling van die verhoging van lewensgehalte, 'n ekonomiese doelstelling van die vergroting van die ekonomiese basis van stede en die implementeringsdoelstelling waar die indiensnemingsvestigingspatroon op intra-stedelike vlak verander word.

In die geval van die algemene doelstelling word lewensgehalte bepaal deur 'n verskeidenheid stedelike aspekte wat elk positief of negatief kan werk. Dit is dus nie slegs die ekonomiese aspek wat belangrik is nie. Die tweede doelstelling, nl. die vergroting van die ekonomiese basis van stede, stel die ekonomiese aspek op die voorgrond. Lewensgehalte kan verhoog word deur o.a. die vergroting van die ekonomiese basis van stedelike gebiede. Die implementeringsdoelstelling dui aan dat die intra-stedelike indiensnemingsvestigingspatroon die instrument is om die ekonomiese basis te vergroot en daardeur hoër lewensgehalte te verkry.

3.1 Die verhoging van lewensgehalte

Onder dié doelstelling word verstaan stedelike behoeftes soos die behoud en uitbreiding van stedelike funksies, die bevrediging van indiwiduele behoeftes, regverdigheid en die verkryging van 'n stedelike identiteit en meelewing deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stedelike inwoner. Mense vestig in stedelike gebiede om sekere behoeftes te bevredig. Indien dié doelstelling nie bereik word nie, word die rede vir vestiging, bevraagteken. Volgens Dewar (1991b:66) vestig mense in stede "... in order to experience the economic, social, cultural and recreational opportunities and facilities which can be generated through the physical agglomeration of large numbers of people". Daar bestaan 'n behoefte dat hierdie geleenthede behoue moet bly en verder vergroot moet word. Soos behoeftes verander, moet dié verandering geantisipeer word en die stedelike struktuur moet by dié proses van verandering aanpas (Tomlinson 1994:84).

'n Belangrike voorwaarde om dié doelstelling te bereik, is die aanvaarding van die beginsel dat ruimtelike beplanning en ontwikkelingsbeplanning nie twee afsonderlike vakgebiede is nie (Dewar 1996:50). Die primêre doelstelling van ontwikkelingsbeplanning moet wees, "... to create enabling spatial ordening systems which accommodates a full range of human activities and needs ..." (Dewar 1996:50). In Hoofstuk 2 (Afdeling 3) is daarop gewys dat fabrieksontwikkeling deurgaans in die ontwikkeling van die *ruimtelike* en *ontwikkelingsekonomie* 'n besonder belangrike rol gespeel het. Per definisie speel die fabrieksektor dus 'n belangrike rol in ontwikkelingsbeplanning of metropolitaanse bestuur.[17]

In Tabelle 5-7 en 5-9 is eerstens aangetoon dat die fabrieksektor 'n belangrike rol in produksie en werkskepping in die studiegebied gespeel het. Die duidelike verband tussen die per capita bruto binnelandse produk en fabrieksaktiwiteite in Suid-Afrika bestaan ook in die studiegebied. Die rol van die fabrieksektor sal waarskynlik belangriker raak soos die aandeel van die algemene owerheid in die studiegebied daal. Die behoud en uitbreiding van die fabrieksektor maak deel uit van die funksies van

---

17 'n Verskeidenheid benaminge bestaan vir die begrip metropolitaanse bestuur soos dit in hierdie studie gebruik word. In baie gevalle word van ontwikkelingsbeplanning (developmental planning) gebruik gemaak (Dewar 1996:50; Tomlinson 1994). In *ekonomie* as vak sou ontwikkelingsbeplanning eerder binne die studieveld van die *ontwikkelingsekonomie* val, as binne die studieveld van die *stedelike ekonomie*.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

metropolitaanse bestuur.

Tweedens, is dit nie alleen die rol van die fabrieksektor in werkskepping en produksie wat dié sektor belangrik maak nie. Die fabrieksektor speel ook 'n belangrike rol in die transformasie van stedelike inwoners van 'n landelike verbruiksgeneigdheid na 'n moderne Westerse stedelike verbruiksgeneigdheid. In hierdie opsig het die fabrieksektor ook 'n betekenisvolle rol in die verhoging van lewensgehalte.

Derdens is die rol van die fabrieksektor in die daarstel van instellings in die gemeenskap soos regverdigheid en die gevoel van identiteit en meelewing, ook belangrik. In Afdeling 2.2 van hierdie hoofstuk is aangetoon dat die fabrieksektor deel is van die patroon van makrofragmentasie in die Apartheidstad. Fabrieksvestiging het tot 1991 grotendeels in die blanke plaaslike owerhede van die studiegebied plaasgevind. Dit bevredig nie die doelstelling van regverdigheid in die verdeling van die produksiefaktore in stedelike verband nie. 'n Gevoel van identiteit en meelewing word ontken waar gemeenskappe bydra tot produksie, terwyl die voordele van produksie nie dié gemeenskappe toeval nie. Fragmentasie van die stedelike omgewing skep 'n institusionele raamwerk van vervreemding gegrond op "ons versus hulle". Fragmentasie beperk geleenthede en in dié verband het die Urban Foundation (1990b:13) soos volg opgemerk: "Socially, there is a research consensus that barriers to spatial mobility are barriers to social mobility. That is, segregation constrains opportunity." Hierdie vervreemding en onregverdigheid is verder versterk deur die beperkte mobiliteit van die nie-blanke bevolkingsgroepe, spesifiek die swartes.

Die mikrofragmentasie van die Apartheidstad, dus die fragmentasie van die stad per bevolkingsgroep tussen woongebiede en gebiede van werksgeleenthede, het ook nie hierdie doelstelling ondersteun nie. Dié fragmentasie is as beplanningstegniek op alle stedelike ontwikkeling in Suid-Afrika van toepassing gemaak. Hoewel daar volgens Tabel 5-9 geen fabrieksontwikkeling in nie-blanke plaaslike owerhede in 1991 was nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(met die uitsondering van Laudium), het mikrofragmentasie 'n invloed op alle bevolkingsgroepe gehad. Ligthelm en Kritzinger-Van Niekerk (1990:630) het aangetoon dat die gemiddelde jaarlikse arbeids-absorpsiekapasiteit van die formele sektor van 73.6% in 1966-1970 gedaal het tot 9.0% in 1986-1990. Alle bevolkingsgroepe moes dus toenemend self-indiensneming as 'n alternatief oorweeg.[18] Die implikasie van mikrofragmentasie vir die self-indiensgeneemde in die fabrieksektor is 'n skerp skeiding tussen woon- en werksplek. Dit impliseer 'n belangrike koste-element vir klein fabrieke (Dewar 1994:233). Die hoë STI en armoede van veral die swart bevolkingsgroepe dui op 'n beperkte vermoë om die koste-implikasies van mikrofragmentasie te oorkom.

Mikrofragmentasie, soos makrofragmentasie, onderskryf nie die doelstelling van die instandhouding en uitbreiding van die fabrieksektor in stedelike gebiede nie. Die kern van die probleem blyk die aard van beplanningstegnieke te wees. Hierdie aspek sal weer by die derde doelstelling, asook in latere hoofstukke aandag geniet.

Vierdens, in die oorkoming van die probleme wat met makro- en mikrofragmentasie verband hou, is die beleidsensitiewe aard van die fabrieksektor die basiese eienskap van dié sektor wat gebruik moet word om intra-stedelike vestiging te beïnvloed. In hierdie verband is die aard van die institusionele raamwerk waarbinne metropolitaanse bestuur plaasvind, belangrik. Plaaslike owerheidsbeleid sal bv. die verhoogde rol wat self-indiensname vir alle bevolkingsgroepe gaan speel, moet verreken in die bepaling van intra-stedelike beleid om lewensgehalte te verhoog. Hierin speel die fabrieksektor

---

18 Blanke plaaslike owerhede is waar inwoners volgens die STI wel die beste toegerus is om toegang tot die fabrieksektor te verkry. Oënskynlik is hierdie mikrofragmentasie nie 'n beperking op die blanke bevolkingsgroep nie. Hierdie stelling moet egter gekwalifiseer word. In die studiegebied verlaat al hoe meer blanke werkers indiensneming in die sentrale owerheid. Laasgenoemde is deels weens pogings van die regering om die sentrale owerheid se indiensname 'n weerspieëling van die bevolkingsamestelling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te maak. Blanke werkers sal gevolglik ook meer moet staatmaak op self-indiensname.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n belangrike rol. 'n Toeganklike en nie-selektiewe fabrieksektor, gegrond op die instellings van regverdigheid, identiteit en meelewing, sal bydra tot die verhoging van lewensgehalte.

3.2 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis

Hoewel verskeie faktore, soos bv. internasionale handelstendense, die ekonomiese basis van 'n stedelike gebied kan vergroot of verklein, word hier slegs aandag aan die rol van metropolitaanse bestuur gegee. Dié rol spruit voort uit die primêre doelstelling van metropolitaanse bestuur, nl. om intra-stedelike vestiging so te laat plaasvind dat 'n volle reeks van menslike aktiwiteite kan plaasvind en behoeftes bevredig sal word (Centre for Development and Enterprise 1996:29).

Hierdie doelstelling impliseer dat die aard van intra-stedelike vestiging ook tot gevolg kan hê dat dié aktiwiteite nie noodwendig bevorder word of dat behoeftes nie bevredig word nie (Behrens 1996:6; Dewar 1991b, 1994 & 1996; Dewar & Uytenbogaardt 1991; Watson 1993:165). Intra-stedelike vestiging bepaal die aard van die ekonomiese basis van stedelike gebiede en gevolglik die vlak van lewensgehalte.

Metropolitaanse bestuur beïnvloed die omvang van die ekonomiese basis van stedelike gebiede op drie wyses. Eerstens kan metropolitaanse bestuur die diversiteit van die gebied verhoog deur die groei van alle sektore te bevorder. Tweedens kan die diversiteit van een sektor bevorder word en derdens kan slegs op een subsektor binne 'n sektor gekonsentreer word. Dit is onwaarskynlik dat daar slegs op een subsektor gekonsentreer sal word en hierdie moontlikheid word nie verder bespreek nie.

Die diversiteit van die totale stedelike ekonomiese basis word bevorder deur stedelike gebiede met lae vlakke van ekonomiese diversiteit aan veranderde sosio-ekonomiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede bloot te stel.[19] Die behoefte aan groter integrasie van aktiwiteite en kontak tussen heterogene gemeenskappe,[20] en die verkryging van 'n diverse en komplekse stedelike gemeenskap is ook sterk. Hieroor merk Watson (1993:165) soos volg op: "A city that is more compact, integrated and cohesive ... and that allows land users far greater freedom to locate logically relative to movement flows, will to a greater degree meet the needs of the bulk of the future urban population." Groter interaksie tussen heterogene gemeenskappe en diverse ekonomiese aktiwiteite bevorder innovasie in stedelike gebiede. Hoër vlakke van innovasie sal weer ekonomiese groei en ontwikkeling bevorder wat lewensgehalte sal verbeter.

Die makro- en mikrofragmentasie in die studiegebied dui daarop dat monofunksionele "eilande" van ekonomiese en menslike aktiwiteite in die Apartheidstad tot stand gekom het. Groter interaksie tussen heterogene gemeenskappe en ekonomiese aktiwiteite deur metropolitaanse bestuur, vereis egter multifunksionaliteit in stedelike gebiede. Dit behels dus die samevoeging van verskillende ekonomiese sektore, waaronder die fabrieksektor, tesame met heterogene gemeenskappe in geïntegreerde gebiede van woon en werk. Dewar (1991b:66) beskryf die oogmerk van hierdie geïntegreerde gebiede soos volg: "Creating a vibrant local economy and finding viable places to *manufacture*, trade or provide services with minimal overheads, ..." (Eie kursivering.)

Twee breë benaderings kan gevolg word oor hoe groter multifunksionaliteit in metropolitaanse gebiede bereik kan word (Smit & Todes 1991; Urban Foundation 1990b:65). Die een is die "stad-in-die-stadbenadering" en die ander die korridor-

---

19 Pretoria is 'n tipiese voorbeeld van so 'n hoë blootstelling met lae vlakke van diversiteit. Waar indiensneming gekonsentreerd in die owerheidsektor voorgekom het, het 'n politieke besluit tot gevolg gehad dat die provinsiale hoofstad na Johannesburg verskuif. Dit het tot gevolg dat die belangrikste ekonomiese sektor in die plaaslike owerheid sal kwyn.

20 Heterogeniteit moet hier gesien word as verskille tussen gemeenskappe op grond van sosio-ekonomiese eienskappe. In die Suid-Afrikaanse situasie dui dit noodwendig op die verskillende bevolkingsgroeperinge, maar binne die onderskeie bevolkingsgroepe bestaan daar heelwat verskillende gemeenskappe op grond van sosio-ekonomiese eienskappe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

benadering. Die voorgenoemde aanhaling deur Dewar is deels 'n verwysing na die korridor-benadering. In die breë is die inhoud van dié twee benaderings soos volg: Die stad-in-die-stadbenadering veronderstel multifunksionele kleiner stedelike gebiede in die groter metropolitaanse gebied. Dit is gevolglik duidelik gedefinieerde multifunksionele kleiner stedelike "eilande". Die metropolitaanse gebied bestaan uit so 'n groot aantal kleiner stedelike gebiede. Die korridor-benadering, wat bou op die bestaande ruimtelike struktuur van Suid-Afrikaanse metropolitaanse gebiede, veronderstel makrofragmentasie langs en tussen die belangrikste vervoerroetes in 'n metropolitaanse gebied. Dié vervoerroetes dien dan as medium waardeur toeganklikheid verhoog word en waarlangs stedelike multifunksionaliteit verkry word. Die laer-orde vervoerroetes verhoog toeganklikheid na hierdie multifunksionele stedelike gebiede. Ongeag watter benadering gevolg word, bly die fabrieksektor 'n integrale deel van stedelike makrofragmentasie.

Monofunksionele dorpe, soos in die Apartheidstad, oorvereenvoudig die komplekse sosiale en ekonomiese interaksie wat in stedelike gebiede plaasvind (Behrens 1996:11). Sosiaal en ekonomies geïntegreerde dorpe gee egter erkenning aan hierdie komplekse interaksie. Die fabrieksektor speel 'n belangrike rol in die bevordering van die diversiteit van die totale stedelike ekonomie.

Die diversiteit van die fabrieksektor self kan ook vergroot word. In Hoofstuk 3 (Afdeling 5.2.2) is aangetoon dat die Fordiaanse massa-produksielyn sedert die tagtigerjare verander het na een van aanpasbare of buigsame produksie waarin klein arbeidsintensiewe ondernemings 'n belangriker rol speel (Filion 1996:1638-1640; Scott 1983b:248 & 1988). Met verwysing na Suid-Afrika dui Tomlinson (1994:49-54) egter aan dat Fordiaanse massa-produksie nie vervang is deur aanpasbare arbeidsintensiewe produksie nie. Dit is eerder 'n mengsel van twee produksiemetodes, nl. massa-produksie en aanpasbare produksie wat vir metropolitaanse bestuur belangrik is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klein, aanpasbare arbeidsintensiewe fabrieke bied die geleentheid om diverse fabrieksektore en heterogene gemeenskappe te integreer. Uit Tabel 5-11 blyk dit dat 46.8% van die fabrieke[21] in die studiegebied as sulke instrumente gebruik kan word.[22] Dit is ook moontlik om die klein kapitaalintensiewe (fisies en menslik) fabrieke by hierdie kategorie in te sluit. Dié kategorie sluit tegnologies gevorderde fabrieke in wat intensief in menslike kapitaal is. Klein kapitaalintensiewe ondernemings, wat fisies van aard is, kan ook as instrument gebruik word. Hierdie faktorintensiteitskategorie sluit fabrieksubsektore soos gespesialiseerde motoringenieurwerkwinkels vir die motorhandel in. Die voorgenoemde faktorintensiteitskategorieë maak 78.7% van die aantal ondernemings in die studiegebied uit wat moontlik in dié verband as instrument in metropolitaanse bestuur gebruik kan word.

Volgens Scott (1983b:366) sal klein arbeidsintensiewe fabrieke sekere stadiums in die produksieproses uitkontrakteer en daarom sal dié fabrieke gekonsentreerd in intra-stedelike verband vestig. Dié eienskap maak sulke fabrieke uiters geskik as intrument in metropolitaanse bestuur. Die gekonsentreerde vestiging van klein arbeidsintensiewe fabrieke impliseer reeds diverse fabrieksaktiwiteite. Uitkontraktering het diversiteit veroorsaak, aangesien verskillende tipe fabrieke bymekaar vestig. Die gesamentlike vestiging van diverse fabrieksaktiwiteite en 'n heterogene bevolking is 'n stap nader aan die verhoging van die interaksie tussen 'n heterogene bevolking en totale ekonomiese aktiwiteit.

---

21 Fabrieke met minder as 100 werkers en wat arbeidsintensief van aard is.

22 Scott (1983b) gee nie 'n duidelike definisie van wat as klein arbeidsintensiewe ondernemings beskou word nie. Sy definisie is (Scott 1983b:237): "... in segments of production sectors where there are impediments to capital intensification, plants will tend to be relatively small and specialised ... combined with an increasing division of labor and vertical disintegration of functions." In hierdie studie word aanvaar dat ondernemings wat klein en arbeidsintensief is, binne hierdie definisie van Scott val. Ander skrywers (kyk bv. Behrens 1996:15; Dewar 1994:240) gebruik ook die term klein fabrieke, maar daar word geen aanduiding gegee van wat met hierdie beskrywing bedoel word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tradisioneel is die integrasie van die fabrieksektor met woongebiede in stedelike beplanning verhoed, omdat fabrieksproduksie geassosieer word met negatiewe eksternaliteite soos geraas, lugbesoedeling, en verhoogde, swaar verkeersvloei. Hoewel daar wel sekere aktiwiteite is wat negatiewe eksternaliteite genereer, is dit nie sonder meer die geval by alle fabrieksektore nie. Dewar (1994:237) toon aan dat baie produksie-aktiwiteite nie tot negatiewe eksternaliteite aanleiding gee nie. Waar sekere stadiums van die produksieproses wel tot bv. geraasbesoedeling aanleiding gee, kan daardie stadium in 'n ander deel van die stedelike gebied, soos in 'n geproklameerde fabrieksgebied, plaasvind.[23] Die bestaan van negatiewe eksternaliteite is ook 'n funksie van skaal. Dié eksternaliteite ontstaan eers nadat die produksieproses 'n sekere omvang bereik het. Die intensiteit van produksieprosesse verskil ook onderling in stedelike gebiede. Die hoogste konsentrasie vind juis by geïntegreerde punte van mense, vervoer en ekonomiese aktiwiteite plaas. Dit is punte in stedelike gebiede wat in elk geval hoër aktiwiteitsvlakke soos geraas- en lugbesoedeling of hoë verkeersvloei het. 'n Kombers-benadering om fabrieksproduksie in tradisioneel nie-fabrieksgebiede te beperk, is gebaseer op die aanname dat alle fabrieksproduksie tot dieselfde vlak van negatiewe eksternaliteite aanleiding gee (Dewar 1994:237-238). 'n Laaste belangrike punt is dat die vlakke van negatiewe eksternaliteite verminder soos produksietegnologie meer toepassingsmoontlikhede het en meer omgewingsvriendelik

---

23 Dit is veral moontlik in die geval van vertikaal gedisintegreerde fabrieke. Die volgende voorbeelde illustreer sulke moontlikhede: a) Die masjinering van herboude motorenjinblokke vind plaas by ingenieurswerke, terwyl die finale herbouing (die samevoeging van die verskillende onderdele) by motorherstelondernemings plaasvind. b) Die maak van koperarmbande vereis dat die koper in die produksieproses met 'n hammer gekap moet word wat geraas veroorsaak. Weens informele klagtes van bure, word dié deel van die produksieproses in 'n nabygeleë park in die betrokke woonbuurt gedoen, terwyl die ander dele wel in 'n woonhuis geskied (Swart 2000). c) Leweransiers het gewoonlik geriewe vir die verwerking van insette om dit hanteerbaar te maak of om die insette tot 'n sekere basiese vlak in die produksieproses te verwerk. 'n Voorbeeld hiervan is die saag en skaaf van hout wat gewoonlik gepaard gaan met hoë geraas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

raak.[24]

Scott (1983b) kom tot die gevolgtrekking dat groot kapitaalintensiewe fabrieke eerder in gedekonsentreerde stedelike gebiede sal vestig. Die dekonsentrasie van groot kapitaalintensiewe fabrieke is reeds in verskeie stede van die ontwikkelde en ontwikkelende lande gedokumenteer (kyk bv. Lee 1985, 1987). Die vraag ontstaan of hierdie tipe fabrieksvestiging, juis a.g.v. die gedekonsentreerde aard daarvan, enigsins 'n rol in metropolitaanse bestuur moet speel om 'n hoër mate van integrasie te bewerkstellig of om die ekonomiese basis van stede te vergroot. Tradisioneel word fabrieksdekonsentrasie gemeet vanaf die sentrale sakekern (SSK) van stedelike gebiede. Dié dekonsentrasie impliseer nie dat fabrieke nou buite die stedelike gebied gevestig is nie. Soos in Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1) aangetoon word, kom dié fabrieke egter nie sonder meer in gedekonsentreerde fabrieksgebiede in die studiegebied voor nie. Dit is moontlik wel gedekonsentreerde vestiging vanaf die SSK, maar soos in Tabel 5-4 aangedui, kom hoër bevolkingsdigthede op periferale of gedekonsentreerde gebiede in die Apartheidstad voor. Dit hang dus af van watter maatstaf gebruik word om dekonsentrasie te meet.[25]

Die groot kapitaalintensiewe ondernemings, 2.9% van die fabrieke in die studiegebied (kyk Tabel 5-11), is wel belangrik in metropolitaanse bestuur, bloot weens die huidige vestiging van dié tipe van ondernemings in die studiegebied. Weens die gedekonsentreerde ligging van kapitaalintensiewe ondernemings en die ligging van nie-blanke bevolkingsgroepe, is dié fabrieke belangrike bronne van werksgeleenthede.

---

24 'n Praktiese voorbeeld: Die afsny van staal in die maak van staalmeubels is tradisioneel gedoen deur die gebruikmaking van 'n hoekslyper met 'n hoë geraas- en gevaarfaktor. Die meer onlangse verskyning op die Suid-Afrikaanse mark van 'n vertikale en horisontale staalbandsaag met bykans geen geraas- of gevaarfaktor, het grootskaalse staalverwerking in woongebiede moontlik gemaak.

25 O'Conner en Maher (1982:406-421) dui bv. aan dat dit te betwyfel is of die SSK enigsins relevant is in die meting van die verspreiding van menslike en ekonomiese aktiwiteite in metropolitaanse gebiede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerstens, om stedelike digthede en dus toeganklikheid te verhoog, moet verdere uitbreiding van hierdie tipe ondernemings nie buite bestaande stedelike grense plaasvind nie. Tweedens, is dit belangrik om die ekonomiese basis van die studiegebied deur terugwaartse skakeling met kleiner fabrieke te vergroot. Derdens, is hierdie tipe ondernemings ook belangrik vir die oorkoming van die probleem van makrofragmentasie. Met die verandering van die grense van plaaslike owerhede na 1993 het al die nie-blanke bevolkingsgroepe in die studiegebied nou 'n fabrieksgebied. Dit is wat na 1993 met Atteridgeville, Mamelodi, Soshanguve en Ivory Park gebeur het. 'n Laaste rol vir groot kapitaalintensiewe ondernemings is om toekomstige woongebiedvestiging naby aan sulke ondernemings te plaas. Dit sal toeganklikheid verhoog.

Wat medium-grootte fabrieke betref, val hierdie kategorie onder die oogmerke wat met klein fabrieke en groot kapitaalintensiewe fabrieke in metropolitaanse bestuur nagestreef kan word. In totaal maak hierdie ondernemings 16.3% uit van die totale aantal fabrieke in die studiegebied.

3.3 Die rol van intra-stedelike vestiging

Die implementeringsdoelstelling verwys na die wyses waardeur hoër lewensgehalte en 'n vergroting van die ekonomiese basis bereik word.

Drie beginsels van intra-stedelike vestiging is belangrik. Eerstens moet intra-stedelike vestiging die toeganklikheid van metropolitaanse gebiede verhoog. Hoewel die toeganklikste stad dié een is met voetganger-toegang tot alle stedelike funksies, is dit nie vir die hele metropolitaanse gebied moontlik nie. Die Apartheidstad se toeganklikheid is egter gebaseer op die aanname dat alle huishoudings oor motorvoertuie beskik of in die toekoms sal beskik. Mobiliteit word belangriker as toeganklikheid beskou (Dewar & Uytenbogaardt 1991:103). Dit is ook onwaarskynlik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat private motorbesit of selfs die beskikbaarheid van openbare vervoer binne bereik van alle bevolkingsgroepe sal wees.

Toeganklikheid beteken ook nie dat die hele metropolitaanse gebied binne bereik van alle inwoners hoef te wees nie. Die integrasie van verskillende ekonomiese sektore en heterogene gemeenskappe waarna verwys is, het eerder te make met aaneenlopende en gekonsentreerde multifunksionele stedelike gebiede.

Dit is tweedens noodsaaklik dat die digthede van metropolitaanse gebiede verhoog word. Daar is reeds gewys op die lae stedelike digtheidsvlak in die studiegebied en toeganklikheid kan nie met bestaande lae-digtheidsvlakke toeneem nie. Daar bestaan ook verskeie ander redes, benewens toeganklikheid, hoekom digtheidsvlakke verhoog moet word (Dewar 1991b:67). Dit verhoog o.a. die vermoë van stedelike gebiede om ekonomiese groei en ontwikkeling daar te stel. Dit verminder ook die afhanklikheid van private vervoer en maak openbare vervoer lewensvatbaar en doeltreffend. Eenheidskoste van sosiale infrastruktuur en dienste is verder ook laer in meer kompakte stedelike gebiede.[26] Laastens is dié dienste en infrastruktuur nie so afhanklik van demografiese verandering as wanneer dit slegs aan die demografiese siklus van 'n homogene gemeenskap gekoppel word nie.

'n Derde beginsel is dat fabrieksvestiging gesien moet word binne 'n breë institusionele raamwerk. Intra-stedelike vestigingsbeleid bestaan nie uit afsonderlike vestigingsbeleide vir woongebiede, fabrieksgebiede of sakegebiede nie. Intra-stedelike vestigingsbeleid ontstaan uit 'n spesifieke institusionele raamwerk. In die geval van die Apartheidstad was dit afsonderlike ontwikkeling. Die verhoging van stedelike toeganklikheid en digthede, is slegs bereikbaar indien dit ook deel is van 'n spesifieke

---

26 Volgens Jacobs *et al.*, soos aangehaal deur Naude (1988:3), sal daar in sg. Derdewêreldlande 'n addisionele 500 openbare vervoerritte per dag onderneem word vir elke een vierkante kilometer wat 'n stad uitbrei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

institusionele raamwerk.

Die vestiging van die fabrieksektor in intra-stedelike verband is nie primêr die uitkoms van die aanwesigheid van die tradisionele stedelike vestigingsfaktore nie. Hierdie fabrieksvestigingfaktore is endogeen aan die ruimtelike struktuur van die stad. Dit vloei dus voort uit dié struktuur. Intra-stedelike fabrieksvestiging is die resultaat van 'n eksogeen-bepaalde instelling wat deel is van die institusionele raamwerk wat die ruimtelike aard van die stedelike gebied bepaal. Dit is eksogeen in die sin dat die ruimtelike en sektorale aard van intra-stedelike fabrieksvestiging vooraf bepaal word en deel is van die verskillende dele wat die ruimtelike struktuur van die stedelike gebied uitmaak. Hierna ontstaan spesifieke fabrieksvestigingfaktore, dus nadat daar eers op die ruimtelike struktuur van die stad besluit is.[27] Fabrieksvestigingsfaktore is gevolglik op een of ander wyse die resultaat van 'n spesifieke institusionele raamwerk.[28]

Gegewe hierdie beginsels bestaan daar verskeie voorstelle oor hoe intra-stedelike vestiging multifunksionaliteit van metropolitaanse gebiede kan verhoog (Behrens 1996:13-15; Dewar 1994; Dewar & Uytenbogaardt 1991:23-66; Newman 1993:285-300). Hoewel baie van hierdie voorstelle betrekking het op spesifieke metropolitaanse gebiede, word hier net aan die belangrikste aandag gegee wat moontlik op die studiegebied van toepassing is.

---

27 Die verval van die SSK'e in die studiegebied en die res van Gauteng, veral dié in Johannesburg, en die vestiging van ondernemings, veral sakeondernemings in voorstede, het verskeie voorstelle oor die behoud van die ekonomiese lewensvatbaarheid van SSK'e na vore gebring. Die mees onlangse voorstel is dat plaaslike owerhede sonering van voorstede verander sodat die vestiging van ondernemings in die voorstede verbied word (Van Rooyen 1997:5). Sonering raak nou 'n vestigingsfaktor nadat 'n besluit vooraf geneem is dat pogings aangewend moet word om die SSK'e se lewensvatbaarheid te verhoog of om die tradisionele ruimtelike struktuur van die metropolitaanse gebied, dus met 'n lewensvatbare SSK, te behou.

28 Dit is waarskynlik nie korrek in die geval van streng gedefinieerde grondstofgebaseerde fabrieke nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerstens moet daar, om digtheid te verhoog, die grens tussen 'n stedelike gebied en die omringende landelike gebiede streng afgebaken word en daarby gehou word. Tweedens moet klein fabrieke spesifiek deel uitmaak van die multifunksionele stedelike gebiede. Voorsorg moet getref word dat ekonomiese spesialisasie van enige stedelike gebied nie ontstaan nie. Verder, hoewel daar daar grootskaalse beweging of sirkulasie in die Apartheidstad bestaan het, het dit nie bygedra tot die verhoging van ekonomiese interaksie nie. Daarom moet, derdens, hierdie beweging gebreek word om interaksie tussen ekonomiese aktiwiteite en heterogene gemeenskappe te verkry (Naude 1988:12-13).[29] Die vervoerstelsel in metropolitaanse Suid-Afrika dien die eienskappe van makro- en mikrofragmentasie. Metropolitaanse snelweë met beperkte toegang bedien slegs enkele gebiede. Die ander vervoerroetes bedien weer woongebiede; indiwidueel dra dié roetes nie genoegsame vervoer om ekonomiese aktiwiteite te genereer nie (Dewar 1994:238-239). Volgens Dewar (1994:239) is die oplossing geleë

> "... in promoting a hierarchy of interconnecting continuous routes or, preferably systems of movement modes, to carry both public and private transportation; in orientating development to these interconnecting systems and using housing policy to reinforce them through higher-density housing; and in allowing more intensive activities to respond to the flows along them, resulting in linear corridors of activities or 'activity spines'."

In die begin van Afdeling 3 is aangevoer dat fabrieksvestiging nie die enigste

---

29 Volgens Naude (1988:2) is daar drie funksies van vervoer, nl. die instandhouding van die stedelike vervoerstelsel, die kompensasie vir ontoeganklikheid en 'n ontwikkelingsrol. Die eerste funksie is self-verduidelikend. Die tweede funksie het te make met die ontoeganklike vestiging van stedelike inwoners. 'n Tipiese voorbeeld is die inwoners van die aanliggende gebied in hierdie studie. Vervoer, veral treinvervoer, word gebruik om hierdie inwoners se toeganklikheid na die studiegebied te verhoog. Met die ontwikkelingsrol van vervoer, word lg. gebruik om spesifiek ekonomiese groei en ontwikkeling in stedelike gebiede daar te stel. Die klem in ontwikkelende lande, soos Suid-Afrika, behoort op dié rol te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

instrument in metropolitaanse bestuur is nie. Dit is veral woongebiedvestiging wat belangrik is in die verkryging van die vereiste gekonsentreerde geïntegreerde vestiging van ekonomiese aktiwiteite en heterogene gemeenskappe. Behuising, of die vestiging van woongebiede, moet gebruik word om die konsentrasie en digthede van metropolitaanse gebiede te verhoog. Dit is dus die verhoging van stedelike digthede deur o.a. onderverdeling van bestaande woonerwe, die doelbewuste skep van nuwe woonbuurtes naasliggend aan bestaande woonbuurtes binne die teenswoordige stedelike grense en ook die plasing van woonbuurtes aanliggend aan belangrike punte van vervoernodusse.

Die intra-stedelike vestiging van woongebiede met die doel om heterogene gemeenskappe te verkry, vereis die sinvolle samevoeging van sulke gemeenskappe in groter woongebiede. Die aanliggende vestiging van gemeenskappe is nie 'n onbekende verskynsel nie. In die studiegebied kom hoë-inkome woongebiede voor met enkelstaande woonhuise aanliggend aan lae-inkome woongebiede met woonstelle in Sunnyside.[30] Intra-stedelike aanliggende vestiging van woongebiede impliseer nie die doelbewuste vermenging van verskillende sosio-ekonomiese groepe van stedelike inwoners nie. Dit is eerder die aanliggende vestiging van sulke inwoners.

Intra-stedelike vestiging is dus die verhoging van toeganklikheid van metropolitaanse gebiede deur o.a. die verhoging van stedelike digthede en die verkryging van multifunksionele grondgebruike.

---

30 'n Goeie voorbeeld van aanliggende vestiging van heterogene gemeenskappe in Suid-Afrika is in die stedelike gebied tussen die hawe en Tafelberg in Kaapstad. In hierdie natuurlike kom was die lae-inkome Distrik Ses aanliggend geleë aan middel- tot hoë-inkome woongebiede soos Duiwelspiek, Oranjezicht, Tamboerskloof en Tuine.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het eerstens 'n makro-oorsig van die sosio-ekonomiese aard van die studiegebied gegee. Tweedens is die normatiewe rol wat die fabrieksektor in metropolitaanse bestuur behoort te speel, bespreek.

Wat die sosio-ekonomiese aard van die fabrieksektor betref, blyk dit opsommend soos volg te wees. Eerstens, hoewel die studiegebied 'n belangrike streek vir bevolkingsvestiging in Gauteng was, moet dié gebied se rol eerder i.t.v. die bestaande bevolkingsgetalle in die aanliggende gebied beskou word. Hoewel die implikasie van die akkommodering van die nuut-verstedelikte bevolking vir die studiegebied na 1991 nie wesenlik was nie, is die studiegebied belangrik as 'n bron van werksgeleenthede vir dié aanliggende gebied. 'n Meer optimale vestiging van hierdie persone plaas druk op die studiegebied vir hul akkommodering.

Tweedens het die studiegebied 'n belangrike ekonomiese rol gespeel. Al die sektore, met die uitsondering van mynbou, was sterk in hierdie gebied teenwoordig. Hoewel die fabrieksektor slegs die derde belangrikste sektor in die studiegebied was, sal die aandeel van die studiegebied in gemeenskapsdienste, spesifiek die owerheidsektor, waarskynlik daal weens die verskuiwing van die provinsiale hoofstad na Johannesburg en die groter rol van provinsiale administrasies. Die fabrieksektor as 'n sektor vir werksgeleenthede sal gevolglik 'n belangriker rol in die toekoms speel.

Derdens, was die Pretoria munisipale gebied, soos in 1991, die belangrikste gebied vir die vestiging van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite in die studiegebied. Baie van die aanliggende plaaslike gebiede was afhanklik van Pretoria vir werksgeleenthede.

Vierdens, wat beide die bevolking en fabrieksektor betref, was die studiegebied op makro- en mikrovlak baie gefragmenteer. Op makrovlak was bevolkingsgroepe streng

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskei en dit het ook tot gevolg gehad dat die fabrieksektor grotendeels, met die uitsondering van Laudium, binne tradisioneel blanke gebiede, in 1991, gevestig is. Op mikrovlak was monofunksionele grondgebruike aan die orde. Dit blyk dat die fabrieksektor baie min met die res van stedelike aktiwiteite geïntegreer was.

'n Vyfde aspek wat met bg. verband hou, was die lae bevolkingsdigtheid van die studiegebied. Hoewel die digthede vir die blankes en swartes vanaf 1970 gestyg het, was die digthede in 1991 laer as wat aanvaarbaar beskou word.

Die bevolkingsgroepe in die studiegebied het, sesdens, groot onderlinge afwykings i.t.v. ontwikkelingskapasiteit en toegang tot stedelike geleenthede getoon. Die swartes was die swakste af, en indien geografiese afstand in berekening gebring sou word, sou hul posisie nog swakker gewees het. Laastens was die meeste fabrieke in die studiegebied grootliks arbeidsintensief en klein. Indien werksgeleenthede egter in ag geneem word, was die meerderheid werkers in groot ondernemings werksaam.

Die sosio-ekonomiese omgewing in die studiegebied wat hier geskets is, moet in metropolitaanse bestuur verreken word en die vetrekpunt vir intra-stedelike beleidsdoelstellings vorm. Laasgenoemde moet eie aan die aard van die sosio-ekonomiese omgewing van die studiegebied wees. Die vraag is watter rol daar in dié omgewing vir die fabrieksektor in metropolitaanse bestuur bestaan. Hoewel die fabrieksektor nie uniek of die enigste instrument in metropolitaanse bestuur is nie, is die volgende drie beleidsdoelstellings geïdentifiseer, nl. die verhoging van stedelike lewensgehalte, die vergroting van die stedelike ekonomiese basis en, laastens, die beklemtoning van die rol van die fabrieksektor in intra-stedelike vestiging.

Die verhoging van lewensgehalte behels die bevrediging van die behoeftes van stedelike gemeenskappe en die behoud en uitbreiding van stedelike funksies. Daar is aangevoer dat die fabrieksektor 'n belangrike rol in die verhoging van lewensgehalte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet speel. Benewens die rol van dié sektor in produksie en werksgeleenthede, speel dit 'n rol in die bevrediging van die behoeftes aan regverdigheid en die gevoel van identiteit en meelewing. Intra-stedelike fabrieksvestiging moet ook as instrument gebruik word om makro- en mikrofragmentasie te oorkom. 'n Belangrike rede hiervoor is die beleidsensitiewe aard van die fabrieksektor.

Die invloed van metropolitaanse bestuur op die ekonomiese basis van stedelike gebiede, en die rol van die fabrieksektor, spruit voort uit die moontlikheid dat metropolitaanse bestuur deur die beïnvloeding van intra-stedelike fabrieksvestiging die ekonomiese basis van stede kan vergroot. Dit sal 'n diverse en komplekse stedelike gemeenskap tot gevolg hê waarin hoë vlakke van ekonomiese innovasie bestaan. Die fabrieksektor is deel van hierdie diverse en komplekse stedelike gemeenskap.

Daar is verder aangevoer dat weens die beleidsensitiewe aard van die fabrieksektor die verskillende tipe fabrieke, i.t.v. grootte en sektorale aard, elk 'n rol moet speel in intra-stedelike vestiging om die ekonomiese basis van stedelike gebiede te behou en te vergroot. Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat fabrieke, veral die wat klein is, aanleiding tot negatiewe eksternaliteite gee nie.

By die rol van die fabrieksektor in intra-stedelike vestiging moet die sektor gebruik word om toeganklikheid tot en digthede in stedelike gebiede te verhoog. Om dit egter te bereik moet die institusionele raamwerk wat intra-stedelike vestigingsbeleid bepaal, dui op 'n aanvaarding dat die ruimtelike en sektorale aard van die fabrieksektor beïnvloedbaar is. Daar is vervolgens aangetoon dat die fabrieksektor, tesame met ander sektore, as instrumente in metropolitaanse bestuur gebruik moet word om stedelike toeganklikheid en digthede te verhoog. Intra-stedelike fabrieksvestiging kan egter nie los van die vestiging van die bevolking plaasvind nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

DIE GEVOLGE VAN DIE FABRIEKSVESTIGINGSPATROON IN DIE STUDIEGEBIED IN 1991

1 Inleiding

Die gevolge van die fabrieksvestigingspatroon in die studiegebied word geïdentifiseer deur dié vestiging in verband te bring met die aard van bevolkingsvestiging. Die gevolge ter sprake is makro- en mikrofragmentasie. Beide beperk die bereiking van die drie doelstellings van metropolitaanse bestuur wat in die vorige hoofstuk bespreek is. In die geval van makrofragmentasie was daar byna 'n algehele gebrek aan fabrieksontwikkeling in die nie-blanke plaaslike owerheidsgebiede. By mikrofragmentasie speel fisiese afstand tussen woon- en werksplek, en die sektorale aard van die fabrieksektor moontlik 'n belangrike rol. Vir doeleindes van die bespreking word die verdeling van die studiegebied in homogene gebiede en "gekonsentreerde fabrieksgebiede"[1] eers behandel. In die gevolgtrekking word weer aan die drie doelstellings van metropolitaanse bestuur aandag gegee.

2 Die 1991-fabrieksvestigingspatroon

Om die verband tussen die fabrieks- en die bevolkingsvestigingspatrone aan te dui, is die studiegebied in homogene gebiede of sosio-ekonomiese groepe op grond van

---

1 Kyk nota (a), Tabel 6-1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inkomegroepe verdeel (kyk Bylae C, Tabel C-3).[2] In die ontleding van die stedelike ekonomieë in Suid-Afrika word verskillende bevolkingsgroepe normaalweg as homogene groepe beskou,[3] maar vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om ook tussen sosio-ekonomiese groepe per bevolkingsgroep te onderskei. Die rede vir hierdie differensiasie lê in die uitgangspunte van die Nuwe Institusionele Benadering. 'n Bevolkingsgroep bestaan uit verskillende belangegroepe en is normaalweg nie homogeen nie. Om te bepaal watter rol die instellings van belangegroepe in intra-stedelike vestiging gespeel het, moet dié belangegroepe geïdentifiseer word. Inkomegroepe word dus met 'n sekere belangegroep geassosieer. Soos later aangedui sal word, word inkomegroepe nou geassosieer met beroepstatus en dui dit die sosio-ekonomiese status van die bevolking getrou aan. In Figuur 6-1 word die 1991-vestigingspatroon van die bevolking per inkomegroep en die grootste gekonsentreerde fabrieksgebiede,[4] vir die studiegebied aangetoon.

---

2 In die geval van die Pretoria munisipale gebied is daar op grond van Figuur 6-1 die volgende homogene gebiede geïdentifiseer:

- Westelike Pretoria. Hierdie gebied lê noord van Centurion, wes van die sentrale sakekern van die Pretoria munisipale gebied en strek noordwaarts tot Akasia.
- Noordelike Pretoria. Hierdie gebied sluit die sentrale sakekern van Pretoria in en strek noordwaarts ongeveer vanaf Kerkplein. Aan die oostekant word dit begrens deur die N1-snelweg na Pietersburg en aan die westekant deur Akasia.
- Noordoostelike Pretoria. Hierdie gebied vorm 'n wig tussen noordelike Pretoria en oostelike Pretoria.
- Oostelike Pretoria. Die gebied word min of meer begrens deur die N4-snelweg in die noordooste en die Mandela-rylaan, die verbindingsroete tussen die Johannesburg Internasionale Lughawe en Pretoria, in die weste.

Die motivering vir hierdie klassifikasie is dat die Pretoria munisipale gebied die grootste in die studiegebied is en dit sou 'n bykans onmoontlike taak wees om elke indiwiduele woongebied volgens inkome of fabrieksvestiging afsonderlik te bespreek. Vir ontledingsdoeleindes is dit geriefliker om dié munisipale gebied in vier redelik homogene gebiede volgens inkome te klassifiseer.

3 Dit is grootliks omdat die fokus van besprekings in Suid-Afrika handel oor die ekonomiese posisie van die een bevolkingsgroep teenoor 'n ander bevolkingsgroep. Differensiasie per bevolkingsgroep in stedelike verband is nie as noodsaaklik beskou nie.

4 Grootte word gemeet i.t.v. die aantal werkers werksaam in die gekonsentreerde fabrieksgebiede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir **Pretoria** kan die volgende bevolkings- en fabrieksvestigingspatrone vir elke homogene gebied geïdentifiseer word.

Westelike Pretoria was oorheersend van 'n lae-inkome aard. Die meeste lae-inkome blankes in die studiegebied was hier gevestig. Die enigste plaaslike owerheid vir Asiërs, nl. Laudium, asook Atteridgeville, 'n voormalige swart plaaslike owerheid, was hier geleë. Dié twee plaaslike owerhede was op die randgebiede van die blanke stedelike gebied van Pretoria gevestig.[5] Waar die lae-inkome blanke bevolkingsgroep aanliggend aan die sentrale sakekern (SSK) gevestig was, was dit nie die geval met die Asiërs en swartes nie.[6]

Die tweede grootste gekonsentreerde fabrieksgebiede, gemeet aan indiensneming (21.3% van die fabrieksindiensname in die studiegebied), was ook in westelike Pretoria. Dié fabrieksgebiede vorm 'n buitegrens om die lae-inkome blanke woongebiede en verteenwoordig 'n buffer tussen dié woongebiede en die nie-blanke woongebiede van Atteridgeville en Laudium.

Noordelike Pretoria was 'n laer middel-inkome gebied met 15.8% van die

---

5 Die feit dat die hoofsaaklik swart bevolkingsgroepe in die gedekonsentreerde stedelike gebiede gevestig is en gewoonlik hoër digthede as die ander bevolkingsgroepe het, veroorsaak dat die Suid-Afrikaanse stad, volgens Tomlinson (1994:17), ruimtelik soos 'n oliering (doughnut) lyk - lae digthede in die middel en hoë digthede op die rand.

6 Lae-inkome stedelike inwoners vestig gewoonlik naby aan die SSK (Fick 1990:31-32). Verskeie teorieë bestaan hieroor (kyk bv. Grubb (1982:348-350)). Sommige van hierdie teoretiese verklarings is bv.:

- Beweging uit die gebiede rondom die SSK het 'n sneeubal-effek, aangesien die uitbeweging van hoë-inkome inwoners plek laat vir lae-inkome inwoners wat tot stedelike verval aanleiding gee.
- Uitbeweging word bepaal deur inkome aangesien hoë-inkome inwoners groter mobiliteit het.
- Daar bestaan verskille in belastingheffings en dienste van plaaslike owerhede tussen ander voorstede en dié rondom die SSK. Enige afname in sulke owerheidsdienste en hoër belasting sal mense na die voorstede verder van die SSK, laat uit beweeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieksindiensneming in die studiegebied. Wat interessant is van die ruimtelike ligging van hierdie fabrieksgebiede is dat almal nie 'n gedekonsentreerde ligging t.o.v. blanke woongebiede gehad het, soos wat in westelike Pretoria die geval was nie. Daar was geen nie-blanke woongebiede in hierdie gebied nie en die fabrieksgebiede het ook nie 'n bufferfunksie gehad nie.

Die bevolkingsvestigingspatroon van noordoostelike Pretoria het ooreengestem met dié van westelike Pretoria. Die enigste verskil is dat Eersterust, die tradisionele Kleurlingwoongebied, hier voorkom en dat die blankes in die laer middel-inkome groep geval het, pleks van die lae-inkome groep. Die belangrikste lae-inkome swart gebied in die munisipale gebied van Pretoria, nl. Mamelodi, was hier geleë. Hier het die gekonsentreerde fabrieksgebiede ook die tipiese bufferfunksie tussen blanke en nie-blanke woongebiede verrig.

Oostelike Pretoria se bevolking wissel van hoër middel-inkome tot hoë-inkome. Die grootste hoë-inkome bevolkingskonsentrasie was in dié gebied gevestig. Hier was geen gekonsentreerde fabrieksgebiede nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-1: Vestiging van die bevolking volgens inkomegroepe en gekonsentreerde fabrieksgebiede (1991)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 6-1: Gekonsentreerde fabrieksgebiede in die studiegebied (1991)

Inkome-groep	Gebied	Fabrieksgebied	Nommer op Figuur 6-1	Grootte (ha)	Aandeel: hektaar (%)
Lae-inkome	Westelike Pta	Pretoria Town & Townlands 351 JR (Iscor)	12	230.123	5.6
Lae-inkome	Westelike Pta	Zandfontein 317JR	15	204.744	5.0
Lae-inkome	Westelike Pta	Pretoria Nywerheidsdorp	9	100.39	2.5
Lae-inkome	Westelike Pta	Pretoria-Wes	10	71.7209	1.8
Lae-inkome	Westelike Pta	Pretoria Town & Townlands 351 JR	11	64.2141	1.6
Lae-inkome	Westelike Pta	Hermanstad	6	48.3199	1.2
Lae-inkome	Westelike Pta	Kirkney (X2, X4, X5, X6, X11 X12)	14	38.9053	1.0
Lae-inkome	Westelike Pta	Pretoria Portland Cement	7	31.5865	0.8
Lae-inkome	Westelike Pta	Claudius X1 + Laudium	2	4.4995	0.1
Lae-inkome	Westelike Pta	Daspoort 319JR	8	3.4199	0.1
Lae-inkome	Westelike Pta	Booysens	13	2.8171	0.1
Laer middel-inkome	Noordelike Pta	De Onderstepoort 300JR	22	113.158	2.8
Laer middel-inkome	Noordelike Pta	Koedoespoort Nywerheid	24	29.5641	0.7
Laer middel-inkome	Noordelike Pta	Pretoria-Noord	16	26.733	0.7
Laer middel-inkome	Noordelike Pta	Pretoria Sentraal, Salvokop, Goedehoop + Asiate-basaar	17	26.721	0.7
Laer middel-inkome	Noordelike Pta	Queenswood X2	23	1.3875	0.0
Lae-inkome	Noordoostelike Pta	Waltloo (X1)	3	175.758	4.3
Laer middel-inkome	Noordoostelike Pta	Samcorpark (X1)	19	116.125	2.8
Laer middel-inkome	Noordoostelike Pta	Silverton (X1, X4, X12) + Bellevue	20	43.8835	1.1
Lae-inkome	Noordoostelike Pta	Derdepoort 326 JR (Era steenfabriek)	5	34.1749	0.8
Laer middel-inkome	Noordoostelike Pta	Despatch	18	16.8739	0.4
Lae-inkome	Noordoostelike Pta	Jan Niemand Park	4	7.1333	0.2
Laer middel-inkome	Noordoostelike Pta	Silvertondale	21	2.6651	0.1
Lae-inkome	Noordoostelike Pta	Eersterust	1	2.4355	0.1
Laer middel-inkome	Akasia	Rosslyn	25	931.835	22.7
Laer middel-inkome	Akasia	Klerksoord	26	562.849	13.7
Hoër middel-inkome	Centurion	Sunderland Ridge	30	88.9887	2.2
Laer middel-inkome	Centurion	Rooihuiskraal (X25, X26, X28)	28	45.9273	1.1
Laer middel-inkome	Centurion	Hennopspark (X7, X15, X16, X20, X26)	27	38.4636	0.9
Laer middel-inkome	Centurion	Lyttelton Manor (X4, X6)	29	20.6291	0.5
Laer middel-inkome	Midrand	Clayville	31	463.488	11.3
Laer middel-inkome	Midrand	Halfway House	33	270.197	6.6
Laer middel-inkome	Midrand	Randjespark	34	203.384	5.0
Laer middel-inkome	Midrand	Commercia	32	73.8314	1.8
		Totaal		4096.95	100.0

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notas en bron vir Tabel 6-1.

Notas: a) Hierdie fabrieksgebiede behels die belangrikste fabrieksgebiede in die studiegebied in 1991 en sal voortaan na verwys word as die gekonsentreerde fabrieksgebiede. Daar is bv. enkele persele in dorpe in die studiegebied wat vir fabrieksvestiging gesoneer was. Sulke persele is nie gekonsentreerde fabrieksgebiede nie, maar klein losstaande fabrieksgebiede.

b) In die geval van die gekonsentreerde fabrieksgebiede van Pretoria Town & Townlands en Derdepoort 326JR het slegs een fabriek onderskeidelik hierdie fabrieksgebiede beset, nl. Iscor en die Era steenfabriek.

c) Afkorting gebruik: X: Uitbreiding van dorpsgebied.

Bron: Inligting vir Midrand is verkry uit Prinsloo (1995), terwyl die ander inligting van die onderskeie munisipaliteite verkry is.

Akasia se inkome-groeperinge was streng volgens bevolkingsgroepe. Soshanguve, die swart woongebied, val in die lae-inkome groep, terwyl die res van Akasia, wat uitsluitlik blank was, as 'n laer middel-inkome groep geklassifiseer kan word.[7] Die skeiding tussen hierdie twee plaaslike owerhede was die fabrieksgebied van Rosslyn. Laasgenoemde was die grootste enkele gekonsentreerde fabrieksgebied in die studiegebied i.t.v. indiensname in 1991 (28.8% van die fabrieksindiensname in die studiegebied) en oppervlakte (22.7%; kyk Tabel 6-1). Rosslyn, 'n groeisentrum, het ook die rol van 'n bufferfunksie tussen swart en blanke woongebiede verrig, hoewel dié fabrieksgebied nie aanvanklik daarvoor beplan was nie.

Centurion was tot 1991 'n uitsluitlik blanke munisipale gebied met inkomegroepe wat wissel van lae tot hoër middel-inkome, met lg. groep die oorheersende groep. Centurion was die enigste munisipale gebied waar gekonsentreerde fabrieksgebiede, nl. Hennopspark en Lyttleton Manor, in hoër-inkome woongebiede voorgekom het (kyk Figuur 6-1). In oppervlakte was die nuwer Sunderland Ridge egter die belangrikste fabrieksgebied.

Waar bg. homogene gebiede 'n redelik aaneenlopende stedelike karakter openbaar,

---

7 Dit moet in gedagte gehou word dat daar nie voldoende inligting in die beskikbare 1991-bevolkingsensusse was om Akasia en Midrand volgens inkomevlakke te kategoriseer nie (kyk Bylae C, Afdeling 2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toon **Midrand** eerder 'n landelike karakter met losstaande eilande van stedelike ontwikkeling. Ontwikkeling geskied langs die N1-snelweg tussen Johannesburg en Pretoria en die R21-snelweg (Mandela-rylaan) tussen Pretoria en die Johannesburg Internasionale Lughawe. Al vier inkomegroepe word hier aangetref. Die hoër-inkome groepe was in die omgewing van die N1-snelweg en die lae-inkome groepe in die omgewing van die R21-snelweg. Die lae-inkome swart woongebied van Ivory Park word ook hier aangetref. Die belangrikste fabrieksgebied is Clayville wat langs die R21-snelweg en aanliggend aan die laer middel-inkome woongebied van Clayville en naby Ivory Park geleë is.

Volgens Scott (1985) bepaal die soort produksie-aktiwiteite die aard van stedelike groei en ontwikkeling. Scott (1985:479) kom tot die volgende gevolgtrekkings in dié verband:

> "The first is that changes in the pattern of urbanization and territorial development are at bottom locational processes, the coordinates of which are fixed by the internal order and organization of productive activity. The second is that the characteristics of social life and reproduction in spatial context are decisively structured by the division of labor that is created by this same productive activity."

Produksie-aktiwiteite bepaal die aard van aanliggende woongebiede. Beroepstatus vorm die basis van intra-stedelike skeiding tussen verskillende woongebiede. Ley (soos aangehaal deur Scott (1985:489)) dui aan dat dit 'n basiese eienskap van menslike gedrag is dat diegene met soortgelyke subjektiewe ervarings van die lewe saamgroepeer en ruimtelik vestig.

In die voorgaande is aangedui dat die grootste fabrieksgebiede in veral lae tot laer middel-inkome gebiede voorgekom het. Volgens die nasionale beroepsverdeling in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die fabriekswese het die volgende beroepskategorieë die hoogste persentasieaandeel in die fabrieksektor gehad, nl. produksiewerker (50.6%), ambagsman en vakleerling (16.1%), en klerklike en verkoopsberoepe (13.8%) (kyk Bylae B, Tabel B-3).[8] 'n Ontleding van die beroepe volgens woongebied in die studiegebied toon dat hierdie drie beroepskategorieë die meeste in die lae tot laer middel-inkome woongebiede voorgekom het (kyk Bylae C, Tabel C-4). Die produksie-aktiwiteite van fabrieksgebiede bepaal die aard van die aanliggende woongebiede. Vir hoër-inkome woongebiede, soos oostelike Pretoria, is ander produksie-aktiwiteite bepalend vir die aard van dié woongebiede.

Voorgenoemde is slegs op die blanke woongebiede en nie op nie-blanke woongebiede van toepassing nie. Die Wet op Groepsgebiede het veroorsaak dat die onderskeie nie-blanke bevolkingsgroepe volgens bevolkingsgrondslag saamgegroepeer is in woongebiede. Intra-stedelike skeiding op grond van beroepstatus was dus nie vir hierdie bevolkingsgroepe moontlik nie.

Die verband tussen produksie-aktiwiteite en die aard van die aanliggende woongebiede bepaal dat intra-stedelike fabrieksvestiging as deel van geïntegreerde stedelike ontwikkeling, ook woongebiedontwikkeling vir heterogene gemeenskappe vereis. Fabrieksvestiging in hoër-inkome stedelike gebiede sal nie voldoende wees nie. Sulke fabrieksvestiging moet ook gepaard gaan met woongebiede vir bv. lae-inkome inwoners.

---

8 a) Die kategorie "Produksie-, toesighouer, myn-, steengroef- en verwante werker", waarna in die teks as "produksiewerker" verwys word, behels die volgende beroepsubkategorieë: voorman, skofbaas en toesighouer in mynbou en steengroewe; produksievoorman en toesighouer in alle fabrieksubsektore; werkers en verwante werkers in mynbou en steengroewe, en operateur, produksiewerker en verwante halfgeskoolde werker in alle fabrieksubsektore (SA. Sentrale Statistiekdiens 1986:3.52-3.60). Aangesien daar weinig mynbou-aktiwiteite in die studiegebied plaasgevind het, kan aanvaar word dat die beroepe in die studiegebied hoofsaaklik dié in die fabrieksektor is.

b) Kyk ook voetnota 32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3 Die gevolge van die 1991-fabrieksvestigingspatroon

Die gebrek aan intra-stedelike integrasie tussen fabrieksaktiwiteite en heterogene gemeenskappe is die gevolg van die makro- en mikrofragmentasie van die studiegebied. Die gebrek aan fabrieksvestiging in die nie-blanke plaaslike owerhede, en die rol van afstand en die sektorale aard van die fabrieksektor word bespreek.

3.1 Die gebrek aan fabrieksaktiwiteite in plaaslike owerhede

'n Belangrike gevolg van die ruimtelike struktuur van die Apartheidstad is die gebrek aan fabrieksontwikkeling in die voormalige nie-blanke plaaslike owerhede. Die gevolge van gebrekkige fabrieksontwikkeling was deel van 'n breër debat in die tagtiger- en begin-negentigerjare van die twintigste eeu oor die ekonomiese lewensvatbaarheid van veral swart plaaslike owerhede nadat dié owerhede ingevolge die Wet op Swart Plaaslike Owerhede in 1982 ingestel is. Hoewel dié gebrek aan ekonomiese lewensvatbaarheid deels opgelos is met die konstitusionele verandering in 1993, waar hierdie nie-blanke plaaslike owerhede deel geword het van groter plaaslike owerhede, bly die gebrekkige ekonomiese ontwikkeling in dié voormalige plaaslike owerhede steeds 'n probleem en gee dit aanleiding tot finansiële probleme van ook die groter, na-1993, plaaslike owerhede.

In 1991 was 'n groot aantal fabrieksgebiede, veral in Pretoria, aanliggend of naby aan nie-blanke plaaslike owerhede gevestig (kyk Figuur 6.1). Die vraag ontstaan waarom fabrieksvestiging nie in hierdie plaaslike owerhede plaasgevind het nie.

'n Doelstelling van metropolitaanse bestuur is die uitbreiding van die stedelike ekonomiese basis. Soos later aangetoon sal word, was 'n verskeidenheid faktore die uitkoms van 'n spesifieke institusionele raamwerk, nl. dié van Apartheid. Die beleid het fabrieksontwikkeling in hierdie gebiede beperk en die uitbreiding van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomiese basis van nie-blanke woongebiede verhinder. Die primêre rede hiervoor was dat swartes slegs as tydelike inwoners in blanke stedelike gebiede beskou is. In hierdie afdeling word nie die oorsake nie, maar slegs die gevolge van die gebrekkige fabrieksontwikkeling in nie-blanke woongebiede bespreek.

Die eerste gevolg is dat die nie-blanke woongebiede, na 1982 die nie-blanke plaaslike owerhede, ekonomies nie lewensvatbaar was nie. 'n Groot aantal ondersoeke is na die nie-lewensvatbaarheid van veral swart plaaslike owerhede geloods en die gemene deler in hierdie verslae was deurgaans die nie-lewensvatbaarheid van veral swart plaaslike owerhede (Brand-verslag 1989; Brand Report 1990; Pretorius-verslag 1988; Thornhill Report 1990) en dié van moontlike plaaslike owerhede vir Asiërs en Kleurlinge (Mandy 1991:123).[9] Die Brand-verslae veral beveel aan dat aandag aan fabrieksontwikkeling gegee word. Daar is ook aanbeveel dat soortgelyke aansporings as dié wat in die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid van toepassing was, vir Soweto moes geld (Brand Report 1990:42).

'n Tweede gevolg was 'n gebrekkige eiendomsbelastingbasis. Fabrieksvestiging sou 'n bydrae tot so 'n basis kon lewer. Die grootste bron van inkome van swart plaaslike owerhede was huur- en dienstegeld[10] omdat swartes weens historiese redes geen eiendomsreg gehad het nie. Met fabrieksvestiging en die wetlike raamwerk vir die bepaling van eiendomsbelasting, soos 'n waardasierol, kon swart plaaslike owerhede 'n betekenisvolle bron van inkome gehad het. Blanke plaaslike owerhede het bv. gemiddeld meer as 40.0% van hul inkome uit eiendomsbelasting ontvang (Brand-

---

9 Die Asiërs en Kleurlinge het nooit volwaardige plaaslike owerhede gehad nie. Juis weens die koste verbonde aan die daarstel van sulke plaaslike owerhede is daar nooit voortgegaan met die skepping van volwaardige plaaslike owerhede nie.

10 Dit sluit in huurgeld t.o.v. wonings wat die eiendom van swart plaaslike owerhede was en aan inwoners verhuur is, en dienstegeld vir dienste deur dié owerhede gelewer. Sulke dienste sluit in die lewering van water en elektrisiteit (ongemeterd en gemeterd), riool, vullisverwydering, paaie, gesondheid, ontspanning en straatbeligting (Brand-verslag 1989:9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verslag 1989:14).

Derdens, was die verkoop van water en veral elektrisiteit 'n belangrike bron van inkome vir blanke plaaslike owerhede. Fabrieke is normaalweg groot verbruikers van elektrisiteit en sou dus 'n bydrae tot die inkome van swart plaaslike owerhede gelewer het. Twee basiese metodes het bestaan waarvolgens swart plaaslike owerhede grootmaatelektrisiteit kon aankoop, nl. óf direk van Eskom óf vanaf 'n naasliggende blanke plaaslike owerheid (Swilling, Cobbett & Hunter 1991:180-187). In die studiegebied het die swart plaaslike owerhede van Atteridgeville en Mamelodi tot 1994 hul krag volgens lg. metode vanaf die Munisipaliteit Pretoria aangekoop. (Die posisie van Soshanguve en Ivory Park word later bespreek.)

Fabrieke se elektrisiteitsverbruik sou 'n inkome vir swart plaaslike owerhede kon genereer aangesien die groothandelprys van elektrisiteit laer is as die kleinhandelprys. Tabel 6-2 gee 'n aanduiding van die persentasie-aandeel van die fabrieksektor in elektrisiteitsverbruik in die onderskeie plaaslike owerheidsgebiede in die studiegebied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 6-2: Elektrisiteitsverbruik in plaaslike owerheidsgebiede (kWh; verskeie jare)

Plaaslike owerheid	Toepaslike jaar	Elektrisiteitsverbruik (%)				
		Huishoudelik	Sake-sektor	Fabriek-sektor	Ander	Totaal
Pretoria	1993	25.2	-	59.4	15.5	100.0
Laudium	1990	91.6	8.4	-	-	100.0
Eersterust	1990	92.9	7.1	-	-	100.0
Atteridgeville	1992	69.2	4.0	5.9	20.9	100.0
Mamelodi	1990	98.0	2.0	-	-	100.0
Centurion	1992	43.5	8.2	40.2	8.1	100.0
Akasia	1992	10.6	0.3	83.1	6.1	100.0
Soshanguve	Geen inligting beskikbaar nie.					
Midrand	1993	12.7	3.4	81.1	2.8	100.0
Ivory Park	Geen inligting beskikbaar nie.					
Gemiddeld		28.6	0.9	57.2	13.3	100.0

Nota: Die "-" dui aan dat daar geen elektrisiteitsverkope was nie. Dit is onduidelik hoekom daar geen verkope vir die sakesektor in Pretoria of vir die fabrieksektor in Laudium was nie. Daar het wel 'n klein aantal fabrieksondernemings in Laudium bestaan (kyk Tabel 5-9). Atteridgeville se verkope stem ook nie ooreen met die inligting in Tabel 5-9 nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die onvolledigheid van die Register Vol1992na88. Tabel 6-1 toon ook aan dat daar geen gekonsentreerde fabrieksgebiede in Atteridgeville was nie. Dit is egter klein groothede wat hier ter sprake is.

Bron: Eskom (1993:50-52).

Elektrisiteitsverbruik deur die fabrieksektor was 'n belangrike deel van totale verbruik. Die wins uit die verkoop van elektrisiteit word normaalweg vir kruissubsidiëring van ander munisipale dienste aangewend. Weens die gebrek aan fabrieke was dit nie in Atteridgeville en Mamelodi moontlik nie. Afhangende van die winspersentasie per plaaslike owerheid, kon die aanwesigheid van fabrieke wel 'n invloed op die inkome

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van plaaslike owerhede gehad het.[11] Indien 'n winsgrens van 17.0%[12] veronderstel word en ook dat die 27,958 swart fabriekswerkers in die studiegebied in hul eie swart plaaslike owerheidsgebiede in fabrieke werksaam was, sou 'n wins van ongeveer R24,6 miljoen uit elektrisiteitsverkope sulke plaaslike owerhede in 1993 toegeval het.[13]

Swilling, Cobbett en Hunter (1991:180-187) dui ook aan dat die wyse waarop die prys van grootmaatverkope van elektrisiteit deur Eskom bepaal word, plaaslike owerhede wat konstant 'n deurlopende daaglikse verbruik het, bevoordeel. Plaaslike owerhede met groot verskille in daaglikse verbruik tussen lae- en piektydverbruik, betaal meer vir elektrisiteit. Die aanwesigheid van fabrieke veroorsaak 'n deurlopende daaglikse verbruik, dus 'n hoë konstante basiese lading. Plaaslike owerhede met geen

---

11 Die Nasionale Elektrisiteitreguleerder, wat die nasionale beleid insake die voorsiening van elektrisiteit hanteer, het gedurende 1996 voorgestel dat plaaslike owerhede 'n wins van 10.0% tot 13.0% op handelsdienste behoort te maak.

12 Die volgende moet in gedagte gehou word m.b.t. dié wins:
- Amptenare van die Munisipaliteit Pretoria kon nie presiese inligting oor hierdie winspersentasie in 1991 voorsien nie. Die uitgangspunt van die Stadsraad was dat jaarlikse finansiële tekorte op handelsdienste verhaal moes word. Die idee was dat sulke tekorte nie verhaal moes word op eiendomsbelasting, dus daardie kostes waaroor die inwoners nie beheer kon uitoefen nie (Van Heerden 1997). Die winspersentasie vir die Munisipaliteit Pretoria in 1996/1997 was 17.0%, maar was waarskynlik hoër in 1991 (Westenraad 1997).
- Die wins op die voorsiening van elektrisiteit aan die fabrieksektor is normaalweg ook minder as aan huishoudings, omdat die gemiddelde prys laer is as dié aan huishoudings en die koste van voorsiening ook laer is.

13 Die berekeninge is soos volg gedoen:
- Die verkoopprys van grootmaatvoorsiening was 9.012 sent per kWh in 1992 vir die Pretoria Verspreidingsdepot van Eskom (Eskom 1993:22).
- 'n Wins van 17.0% hierop is gelyk aan 1.532 sent per kWh.
- Volgens die syfers waarop Tabel 6-2 gebaseer is, is daar 3,272,273 MWh aan die fabrieksektor verkoop (MWh = 1000 eenhede, terwyl kWh = 1 eenheid).
- Dit gee 'n wins van R64,475,503.45 vir die studiegebied.
- Die wins per werker vir 70,932 werkers (kyk Tabel 5-8) is R880.78.
- Indien veronderstel word dat al die swart fabriekswerkers in die plaaslike owerheid waar hulle woonagtig was, ook in fabrieke in daardie plaaslike owerheid sou gewerk het, sou die wins wat die swart plaaslike owerhede toegeval het R24,624,853.74 (R880.78 x 27,958 werkers) bedra het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieke of ander ekonomiese aktiwiteite nie, se daaglikse verbruik word deur die aktiwiteite van huishoudings bepaal. Piektye is in die oggende en aande, terwyl lae verbruik gedurende die dag voorkom. Prysbepaling deur die Munisipaliteit Pretoria vir elektrisiteitsverkope aan Atteridgeville en Mamelodi was bepaal deur 'n fluktuerende lae basiese lading. Elektrisiteit is egter deur die Munisipaliteit Pretoria aangekoop op die basis van 'n konstante hoë basiese lading. Die aanwesigheid van fabrieke in dié twee swart plaaslike owerhede sou dus 'n konstante hoë basiese lading vir hierdie swart plaaslike owerhede gegee het en elektrisiteit goedkoper gemaak het.[14]

In die geval van Soshanguve en Ivory Park is elektrisiteit direk deur Eskom aan inwoners voorsien aangesien die voormalige Departement van Streek- en Grondsake en die Transvaalse Provinsiale Administrasie die rol van plaaslike owerhede in dié gebiede gespeel het. Dié twee swart woongebiede se posisie verskil dus van Atteridgeville en Mamelodi. Die Munisipaliteit Akasia koop steeds hul elektrisiteit van die Munisipaliteit Pretoria aan, soos wat dit ook voor 1993 die geval was. 'n Ander tariefvasstelling vir dié munisipaliteit het egter gegeld as die tussen die Munisipaliteit Pretoria en die swart plaaslike owerhede. (Hieraan sal in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.2.3 (a)) weer aandag gegee word.)

Wat die verkoop van water betref, is die nasionale riglyn dat plaaslike owerhede 'n 10.0% heffing plaas op die koste van die voorsiening van water (Cronjé 1997). Munisipaliteite gebruik hul eie waterbronne en/of koop water van die Randse Waterraad. Soos in die geval van elektrisiteit hang waterverbruik ook af van die aard van die produksieproses deur fabrieke. Dit is egter nie moontlik om dieselfde

---

14 In 1987 het Johannesburg bv. 38.6% minder per eenheid elektrisiteit as Soweto aan Eskom betaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kwantitatiewe ontledings soos in die geval van elektrisiteit te maak nie.[15]

'n Vierde gevolg van die afwesigheid van fabrieksontwikkeling in nie-blanke plaaslike owerhede is die inkomelekkasies vanaf swart na blanke plaaslike owerhede waar hulle werk (Swilling, Cobbett & Hunter 1991:176-177). Lae-inkome werkers koop waar hulle daagliks werk aangesien hul mobiliteit beperk is en aankope in klein hoeveelhede gedoen word. Een rit ondervang 'n rit na die werk en vir aankope van huishoudelike items. Bydraende faktore is dat gekonsentreerde inkopiesentrums in blanke stedelike gebiede gevestig is en meer mededingende pryse aanbied. Benewens dat verkope blanke sake-eienaars toeval, verkry die blanke plaaslike owerheid ook belastingsinkome en verbruiksheffings. 'n Inkomelekkasie van swart na blanke plaaslike owerhede vind dus plaas.[16] Volgens Hoofstuk 5 (Afdeling 2.2) was daar 49,996[17] swart werkers in 1991 wat buite hul woongebied werksaam was. Indien veronderstel word dat elk van hierdie werkers 'n huishouding verteenwoordig, beteken dit dat 'n maksimum van ongeveer R263,1 miljoen in 1991 op dié wyse in blanke

---

15 Indiwiduele rekeninge van waterverbruikers sou nagespeur moes word om die inligting te bekom. Volgens aanduidings is die verhouding in bv. Akasia ongeveer 50.0% vir die fabrieksektor en 50.0% vir ander waterverbruikers. Die waterverbruik in dié fabrieksektor word verder bepaal deur 'n paar groot verbruikers soos brouerye en papiervervaardigers. Tegnologiese veranderinge in die produksieproses het verder ook 'n invloed op waterverbruik. Verbeterde produksiemetodes het bv. tot gevolg gehad dat die hoeveelheid water om een liter bier te vervaardig van ses liter na vier liter gedaal het.

16 Hierdie argumente is soortgelyk aan dié oor inkomelekkasies wat tussen die voormalige tuislande en blanke Suid-Afrika voor 1994 geopper is.

17 Kyk die bespreking wat Tabel 5-9 voorafgaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaaslike owerhede bestee is.[18]

Bogenoemde is die belangrikste gevolge wat die aanwesigheid van die fabrieksektor op 'n plaaslike owerheid kan hê. Daar is reeds in vorige hoofstukke ook gewys op ander omvattende invloede wat die fabrieksektor op die stedelike inwoners kan hê. Hoewel nie kwantifiseerbaar soos hierbo nie, moet dit ook in gedagte gehou word.

3.2 Die rol van afstand

Die gebrekkige integrasie van werksplek en woongebied skep afstand tussen die gekonsentreerde fabrieksgebiede en woongebiede. Afstand veroorsaak dus mikrofragmentasie in die studiegebied. Die stedelike toeganklikheidsindeks (STI) toon aan dat die nie-blanke bevolkingsgroepe se stedelike toeganklikheid heelwat swakker was as dié van die blankes. Die STI het fisiese afstand nie in ag geneem nie alhoewel afstand 'n belangrike rol speel en die posisie van die nie-blanke bevolkingsgroepe verder kan benadeel.

Intra-stedelike afstand het vier invloede op toeganklikheid in metropolitaanse gebiede. Eerstens veroorsaak afstand vervoerkoste. Tweedens is daar ook 'n geleentheidskoste van tyd en die verbeuring van inkome. Die geleentheidskoste van tyd is die pendelaar

---

18 Hierdie bedrag is soos volg bereken: Volgens die opname van uitgawes van huishoudings (SA. Sentrale Statistiekdiens 1991c) het swartes in Pretoria in 1991 die volgende bestedingspatroon gehad (die onderstreepte items is daardie items wat veronderstel was om in 'n blanke plaaslike owerheid aangekoop te word): Voedsel; drank; tabak; klerasie; skoeisel; behuising; brandstof en krag; meublement en toerusting; lopende huishouding; bediendes; mediese dienste en benodigdhede; kommunikasie; ontspanning en sport; leesstof; opvoeding; persoonlike versorging; restourante en kroeë; vakansies; inkomstebelasting; versekering, en ander. Hierdie items het 'n besteding van R5,262.26 uit R11,913.80 behels. Met 49,996 swart fabriekswerkers, elk wat 'n huishouding in die studiegebied verteenwoordig, behels dit 49,996 x R5,262.26 = R263,091,951.00. Dié aanname dat elke werker 'n huishouding verteenwoordig, is waarskynlik 'n oorskatting van die bedrag wat in blanke plaaslike owerhede bestee is. Indien veronderstel word dat 50.0% of 75.0% van die werkers huishoudings verteenwoordig, behels dit bestedings van onderskeidelik R131,545,975.50 en R197,318,983.25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se beste alternatief van wat in die reistyd gedoen sou kon word, soos ontspanning, aandag aan 'n huisgesin gee (Western 1981:223) of 'n tuisonderneming begin. Wat inkome betref, is bv. in die informele huisbousektor gevind dat werkers wat daagliks ver afstande tussen die konstruksieterrein en woongebied moet reis, minder verdien as die werker wat tydelik op die terrein slaap (Lötter 1995:6). Lang reistyd lei tot minder werkstyd en dus inkome. Derdens impliseer afstand skeiding en dié skeiding beïnvloed die mate waarin heterogene gemeenskappe en diverse ekonomiese aktiwiteite geïntegreer kan word. Afstand beperk gevolglik hoër vlakke van innovasie in stedelike gebiede. Die vierde invloed is die verhoging van infrastruktuurkoste soos stede ruimtelik groter word.

Tabel 6-3, opgesom in Figuur 6-2, neem die rol van afstand in ag by drie moontlikhede waar afstand in die studiegebied 'n invloed kon gehad het.

Eerstens is daar die afstand tussen die fabriekswerker se woongebied en die naaste grootste gekonsentreerde fabrieksgebied, waar beide die woongebied en fabrieksgebied in dieselfde homogene gebied geleë is.[19] Dus, hoe naby is die fabriekswerker aan sy naaste moontlike fabriekswerkgeleentheid?

Tweedens kan die invloed van afstand gekoppel word aan die fabriekswerker se

---

19 Die woongebied en fabrieksgebied is bv. albei in die homogene gebied van westelike Pretoria gevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlikheid om in die grootste gekonsentreerde fabrieksgebied[20] buite die homogene gebied waar hy woon, te gaan werk. Die vermindering van die invloed van afstand sou moontlik gewees het waar die fabriekswerker verhuis na 'n woongebied aanliggend aan die fabriekwerksgeleentheid. Sulke intra-stedelike verskuiwing is onwaarskynlik want die meerderheid fabriekswerkers val in die lae- tot laer middel-inkome groepe. Koste beperk lae-inkome groepe se intra-stedelike verskuiwing tussen woongebiede. In die bespreking van die Neo-klassieke Benadering is ook aangedui dat stedelike inwoners ander bestemmings as slegs werksplek in ag neem by die besluit oor in watter woongebied gevestig moet word. Verder is intra-stedelike verskuiwings gewoonlik sodanig van aard dat die oorsprongwoongebied en die bestemmingswoongebied dieselfde sosio-ekonomiese aard het (Short 1982:199). In die geval van die lae-inkome blanke bevolkingsgroep sal die afwesigheid van 'n soortgelyke bestemmingswoongebied as die oorsprongwoongebied moontlike verhuisings beperk.[21] Dit geld egter nie vir die nie-blanke bevolkingsgroepe nie. In

---

20 Hierdie grootste gekonsentreerde fabrieksgebiede buite eie homogene gebied is soos volg in die vier munisipale gebiede (soos na 1993) gehanteer:

- Pretoria. Hier is veronderstel dat 'n fabriekswerker, woonagtig in een homogene gebied, buite dié gebied, maar binne die Pretoria munisipale gebied in die grootste gekonsentreerde fabrieksgebied sal gaan werk. Let daarop dat die gekonsentreerde fabrieksgebied buite die eie woongebied van die fabriekswerker is, maar binne die Pretoria munisipale gebied.
- Vir Akasia, Centurion en Midrand is veronderstel dat 'n fabriekswerker buite hierdie drie munisipale gebiede in die grootste nabygeleë gekonsentreerde fabrieksgebied sal werk. Vir hierdie fabriekswerkers is die Pretoria munisipale gebied dus die gebied van moontlike werk.

Die verskil in benaderings is gegrond op die ruimtelike aard van die studiegebied. Omdat die Pretoria munisipale gebied so 'n belangrike gebied vir fabrieksaktiwiteite is, is aanvaar dat fabriekswerkers woonagtig in dié gebied, steeds hier sal werk. Dit is onrealisties om te aanvaar dat fabriekswerkers bv. in Akasia of Midrand sal gaan werk, aangesien die afstande redelik groot is. Ook vir die munisipale gebiede van Akasia, Centurion en Midrand sal dit onrealisties wees om aan te neem dat fabriekswerkers van bv. Akasia, oor die belangrikste fabrieksgebiede in die studiegebied, nl. Pretoria, sal pendel om aan die anderkant van die studiegebied te gaan werk.

21 Dit is bv. die geval waar 'n blanke fabriekswerker van westelike Pretoria in 'n fabrieksgebied in noordoostelike Pretoria wil gaan werk. In noordoostelike Pretoria was daar nie 'n woongebied i.t.v. sosio-ekonomiese status vir blanke fabriekswerkers soortgelyk aan dié in westelike Pretoria nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

westelike Pretoria en noordoostelike Pretoria kom soortgelyke swart woongebiede voor. Instromingsbeheer en beperkte behuisingsvoorsiening (Smit & Booysen 1981:32) in Atteridgeville en Mamelodi sou 'n verskuiwing tussen hierdie twee woongebiede of na Soshanguve en Ivory Park egter ook onwaarskynlik gemaak het. 'n Verskuiwing van die Asiër- en Kleurlingbevolkingsgroepe was onmoontlik aangesien Laudium en Eersterust ingevolge die Wet op Groepsgebiede die enigste woongebiede in die studiegebied vir dié twee bevolkingsgroepe was. Dit blyk dus dat afstand weens die ruimtelike struktuur van die studiegebied wel 'n impak kon gehad het indien die fabriekswerker buite sy eie homogene gebied 'n soortgelyke werk sou wou aanvaar.

Derdens word die invloed van afstand bepaal deur te veronderstel dat 'n groter mate van stedelike integrasie tussen fabrieksvestiging en woongebiede wel plaasgevind het. Die vraag is watter invloed afstand histories op toeganklikheid gehad het. Byvoorbeeld, indien fabrieksvestiging in nie-gekonsentreerde fabrieksgebiede, soos in die homogene gebied van oostelike Pretoria sou plaasvind, het afstand 'n impak op die fabriekswerker se toeganklikheid tot hierdie fabrieke gehad?[22] Wat verder ook van belang is, is dat die aard van intra-stedelike vestiging die historiese patroon sal voortsit en slegs marginale verandering in gevestigde grondgebruike sal plaasvind. Groter stedelike integrasie tussen fabrieksvestiging en woongebiede, multifunksionaliteit dus, kan egter in nuwe intra-stedelike beleid geld vir nuwe stedelike inwoners en fabrieke. Dit kan egter tot gevolg hê dat fabriekswerkers in bestaande woongebiede deur afstand benadeel word, omdat die nuwe fabrieksgebiede nie naby hul woongebiede gevestig word nie.

Waar afstand 'n moontlike beperking op die toeganklikheid tot fabriekswerksgeleenthede is, ontstaan die vraag oor wat die norm behoort te wees.

---

22 Die fabriekswerker het bv. in Atteridgeville gewoon en in oostelike Pretoria gewerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Is daar 'n optimale afstand? Verskeie faktore soos topografie, stedelike digthede, menslike fisiese vermoë, sal so 'n afstand beïnvloed en daarom kan dit verskil tussen stedelike gebiede. Werklike gemete afstande is volgens Tomlinson (1990:30), 8 km in Indië en 11 km tussen woon- en werksplek in Westelike Europa. Die gemiddelde afstand vir stedelike swartes in Suid-Afrika is 18 km (Tomlinson 1990:30). In Mowbray, Kaapstad, was die gemiddelde afstand 5.3 km voordat Mowbray as blanke woongebied ingevolge die Wet op Groepsgebiede verklaar is (Western 1981:221). Na hervestiging van die Kleurlinge na Bonteheuwel en Heideveld op die Kaapse Vlakte het die afstand na 10.5 km verhoog, wat die toeganklikheid vir hierdie bevolkingsgroep verminder het. Western se studie illustreer die invloed van afstand aan die hand van voetgangertoegang. Voor die verskuiwing van Kleurlinge uit Mowbray het ongeveer 27.0% werk toe gestap. Na die verskuiwing het slegs ongeveer 6.0% gestap. Die afhanklikheid van eie motorvervoer na die werksplek het van 15.0% voor die verskuiwing na 42.0% na die verskuiwing gestyg (Western 1981:222). Die aanvanklike 5.3 km gee 'n aanduiding van wat moontlik as 'n aanvaarbare afstand tussen woon- en werksplek beskou kan word, hoewel verskeie faktore, soos vervoermediums en topografie, 'n invloed kan uitoefen.

Benewens hierdie kwantitatiewe maatstawwe kan ook kwalitatief aangevoer word dat die afstand tussen woon- en werksplek beperk behoort te word. Dit kan aanvaar word dat nie alle inwoners van die studiegebied oor eie motorvervoer beskik of sal beskik nie en dat openbare vervoer steeds gebrekkig sal bly en nie wesenlik tot toeganklikheid sal bydra nie. Die swak STI van nie-blanke bevolkingsgroepe gee ook 'n aanduiding dat afstand beperk behoort te word.

Die resultate van die invloed van afstand word in Tabel 6-3 gegee en opgesom in Figuur 6-2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 6-3: Ligging van bevolking teenoor fabrieksgebiede en ander woongebiede (in km; 1991)

Kolomme		**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**	**8**
Inkomegroep	**Gebied**	**In gebied**	**Buite gebied**	**Lae-inkome**	**Laer middel -inkome**	**Hoër middel -inkome**	**Hoë inkome**	**Gemiddeld: Kolomme 3 tot 7**	**Gemiddeld: Kolomme 1 tot 6**
Lae-inkome: As	Westelike Pretoria	7.1	23.8	12.9	10.1	12.0	9.0	11.0	12.5
Lae-inkome: Bl	Westelike Pretoria	0.0	17.0	6.3	3.3	7.3	8.4	6.3	7.0
Lae-inkome: Sw	Westelike Pretoria	9.0	26.0	14.3	12.4	11.5	17.0	13.8	15.0
Lae inkome: Kl	Noordoostelike Pretoria	1.2	12.9	8.2	5.9	2.9	4.2	5.3	5.9
Lae inkome: Sw	Noordoostelike Pretoria	2.5	16.3	11.5	8.9	5.8	4.5	5.1	8.2
Lae-inkome: Sw	Akasia	12.5	26.8	17.3	18.5	19.8	30.5	21.5	20.9
Lae-inkome: Sw	Midrand	5.3	26.4	25.0	12.0	13.7	20.3	17.8	17.1
Lae-inkome	**Gemiddeld**	7.3	23.8	17.0	12.9	12.7	18.1	15.2	15.3
Laer middel-inkome: Bl	Noordelike Pretoria	1.7	12.3	3.9	1.7	3.0	3.6	3.1	4.3
Laer middel-inkome: Bl	Noordoostelike Pretoria	3.3	10.5	5.7	3.4	2.35	1.75	3.3	4.5
Laer middel-inkome: Bl	Akasia	4.5	13.9	6.4	5.3	5.3	17.8	8.7	8.8
Laer middel-inkome: Bl	Centurion	4.2	11.5	9.0	5.1	11.0	11.2	9.0	8.6
Laer middel-inkome: Bl	Midrand	0.0	23.0	22.8	11.3	10.8	15.5	15.1	13.9
Laer middel-inkome	**Gemiddeld**	2.7	14.2	9.5	5.3	6.5	10.0	7.8	8.0
Hoër middel-inkome: Bl	Noordelike Pretoria	7.9	12.0	2.9	1.0	1.3	9.6	3.7	5.8
Hoër middel-inkome: Bl	Oostelike Pretoria	Geen	8.3	5.9	6.1	10.3	11.8	8.5	7.0
Hoër middel-inkome: Bl	Centurion	4.8	9.5	8.0	3.0	9.2	9.5	7.4	7.3
Hoër middel-inkome: Bl	Midrand	11.5	22.7	19.0	6.3	11.1	20.0	14.1	15.1
Hoër middel-inkome	**Gemiddeld**	5.4	13.5	11.0	5.1	10.2	13.8	10.0	9.8
Hoër inkome: Bl	Oostelike Pretoria	Geen	7.0	7.7	5.5	10.5	11.6	8.8	7.0

Notas: a) Die betekenis van die kolomme in dié tabel is:

Inkomegroep. Die belangrikste inkomegroepe wat in die studiegebied per bevolkingsgroep per homogene gebied voorkom.

Gebied. Die homogene gebied waarin die voorgenoemde inkomegroep voorkom. Die gemiddelde per inkomegroep per bevolkingsgroep word ook gegee, waar van toepassing.

In gebied. Die afstand van die inkomegroep na die belangrikste gekonsentreerde fabrieksgebied binne dieselfde homogene gebied waarin dié inkomegroep voorkom.

Buite gebied. Die afstand van die inkomegroep na die belangrikste gekonsentreerde fabrieksgebied buite die homogene gebied waarin die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inkomegroep woon.

Lae-inkome, laer middel-inkome, hoër middel-inkome en hoë-inkome. Die afstand van die inkomegroep na die belangrikste lae-inkome, laer middel-inkome, hoër middel-inkome of hoë-inkome woongebied buite die homogene gebied waarin dié inkomegroep woon. Let daarop dat dit belangrikste woongebied is en nie gekonsentreerde fabrieksgebied nie.

Gemiddeld. Die gemiddelde afstand vir die inkomegroepe.

b) Die afstande is gemeet volgens 'n reguitlyn tussen twee punte (Western 1981:342) en kan heelwat langer wees indien dit langs die belangrikste vervoerroetes gemeet sou word. Die punte vanaf een homogene gebied na die ander is grotendeels van die poskantoor of polisiestasie in 'n homogene gebied tot die grootste gekonsentreerde fabrieksgebied in 'n ander homogene gebied. Vir elke inkomegroep is die woongebied geneem met die hoogste bevolkingskonsentrasie.

c) Afkortings gebruik: As: Asiërs; Bl: blankes; Kl: Kleurlinge; Sw: swartes, en Pta: Pretoria

Bron: Afstande is verkry van die 1:50 000 kadastrale kaarte (SA. Departement van Openbare Werke 1975, 1979, 1984, 1991, 1995a & 1995b).

Figuur 6-2: Opsomming: Ligging van bevolkingsgroepe teenoor fabrieksgebiede en ander woongebiede (1991)



Bron: Tabel 6-3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.1 Fabriekswerksgeleenthede binne eie homogene gebied[23]

Soos verwag kan word, was fabriekswerksgeleenthede in die homogene gebied waarin die fabriekswerker se woongebied geleë was, die naaste vir al die inkomegroepe (kyk kolom 1 in Tabel 6-3 en "In gebied" op Figuur 6-2). Slegs in die geval van die lae-inkome Asiërs en swartes was die afstand tussen die woongebied en fabrieksgebied hoër as die gemiddelde van Western. Die hoë gemiddelde van die swartes is toe te skryf aan die afstande tussen woon-en werksplek in Akasia (12.5km) en in westelike Pretoria (9.0 km) en dié van die Asiërs (7.1 km) weens die afstand tussen Laudium en die grootste gekonsentreerde fabrieksgebied in westelike Pretoria. Die lae-inkome blankes (0.0 km) en Kleurlinge (1.2 km) was die naaste aan hul fabriekswerksgeleenthede gevestig. Met die uitsondering van die Asiërs en die swartes blyk dit dat die ander inkomegroepe gunstig t.o.v. fabriekswerksgeleenthede in die studiegebied gevestig was. Makro- en mikrofragmentasie van die studiegebied het hierdie bevolkingsgroepe dus nie wesenlik benadeel i.t.v. afstand nie. Hoewel die hoër middel-inkome blankes in noordelike Pretoria en Midrand ook ver van fabrieksgebiede gevestig was, was hierdie hoër-inkome groepe nie hoofsaaklik in fabrieksgebiede werksaam nie en hul intra-stedelike mobiliteit nie 'n beperkende faktor nie.

Indien in ag geneem word dat die fabrieksektor die derde belangrikste sektor vir werksgeleenthede vir swartes in 1991 was en dat swartes die swakste STI gehad het, is dit duidelik dat makro- en mikrofragmentasie 'n wesenlike invloed op dié bevolkingsgroep gehad het. Volgens Ellwood, soos aangehaal deur Blackley (1990:40), is die volgende voorwaardes nodig vir die bestaan van ruimtelike

---

23 Daar bestaan geen gekonsentreerde fabrieksgebied in oostelike Pretoria nie en dit word so in Tabel 6-3 en Figuur 6-2 aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wanpassing[24] wat die uitkoms van stedelike arbeidsmarkte negatief beïnvloed: a) Slagoffers van ruimtelike wanpassing het beperkte keuses oor woongebiede. b) Ongeag 'n oorskotaanbod van arbeid, beskou ondernemings ekonomies-sukkelende stedelike gebiede as suboptimale vestigingsgebiede vir die vermindering van koste. c) Betekenisvolle koste i.t.v. reistyd en koste met die soek na werksgeleenthede bestaan vir inwoners met 'n beperkte keuse oor woongebiede.[25] Die swart en Asiërwoongebiede in die studiegebied voldoen almal aan hierdie voorwaardes indien die verwantskap tussen woongebied en fabriekswerksgeleenthede vir dié twee bevolkingsgroepe in ag geneem word. Beide bevolkingsgroepe het eerstens beperkte keuses t.o.v. woongebiede gehad. Tweedens was daar geen fabrieksaktiwiteit in die swart woongebiede nie. (Laudium het slegs 'n 0.4% aandeel in die totale fabrieksindiensname in 1991 gehad.) Laastens, dui die groot gemiddelde afstande na fabriekswerksgeleenthede op hoë koste wat toeganklikheid beperk. Bogenoemde ruimtelike wanpassing was ook van toepassing op die Kleurlinge in Eersterust, maar dié bevolkingsgroep is nie gebonde aan groot afstande soos in die geval van die Asiërs en swartes nie (kyk Tabel 6-3).

3.2.2 Fabriekswerksgeleenthede buite eie homogene gebied

Indien die verskillende inkomegroepe buite hul homogene gebiede waarin hul onderskeie woongebiede geleë was, wil werk, sonder om van woongebied te verander, was al dié bevolkingsgroepe se gemiddelde afstand hoër as die van Western se 5.3 km (kyk kolom 2 in Tabel 6-3 en "Buite gebied" in Figuur 6-2). Van die lae-inkome bevolkingsgroepe was die afstand van die Kleurlinge die laagste. Dit is die Asiër- en veral die swart fabriekswerker wat beperkte mobiliteit tussen fabrieksgebiede gehad

---

24 'n Vertaling van "spatial mismatch".

25 Aangesien hierdie voorwaardes tipies is van die vervalle woongebiede in die SSK, is dié voorwaardes normaalweg gebruik om die hoë werkloosheidskoerse van swartes in die sentrale stadsgedeeltes van Amerikaanse stede te verklaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het. Hierdie bevolkingsgroepe is dus benadeel weens die ligging van hul woongebiede. 'n Faktor wat hier 'n rol speel, is die uitgestrekte aard van die studiegebied, dus stedelike digthede.

Sou die nuwe beleidsmakers die fabrieksgebiede van 1991 steeds as die enigste toekomstige gekonsentreerde fabrieksgebiede beskou, moet die woongebiede vir nuwe lae-inkome inwoners in die studiegebied, so geplaas word dat toeganklikheid i.t.v. afstand na hierdie fabrieksgebiede verlaag word. Die ligging van die 1991-fabrieksgebiede maak dit bykans onmoontlik om intra-stedelike mobiliteit tussen fabrieksgebiede in die homogene gebiede te verhoog. Die historiese ruimtelike ontwikkeling van die studiegebied veroorsaak 'n beplanningsdilemma.

3.2.3 Fabriekswerksgeleenthede buite eie homogene gebied in woongebiede wat in 'n ander homogene gebied geleë is

Die ligging van die onderskeie woongebiede teenoor die bestaande 1991 gekonsentreerde fabrieksgebiede werp lig op die haalbaarheid van die norm oor multifunksionaliteit van stedelike gebiede. Die gemiddelde afstand per inkomegroep (kolom 7, Tabel 6-3) toon dat die lae-inkome groep die swakste daaraan toe was met 15.2 km; daarna volg die hoër middel-inkome groep met 10.0 km; dan die hoë-inkome groep met 8,8km, en dan die laer middel-inkome groep met 7.8 km. Daar bestaan egter groot onderlinge verskille tussen die bevolkingsgroepe per inkomegroep. Dit blyk bv. dat noordoostelike Pretoria die gunstigste vir alle bevolkingsgroepe en inkomegroepe was. Ook in noordelike Pretoria is moontlike nie-gekonsentreerde fabrieksgebiede ook gunstig geleë, hoewel die gemiddelde afstande vir al die inkomegroepe hoër is as die gemiddelde afstand van Western (5.3 km). Daar het egter 'n groter mate van ruimtelike wanpassing vir die lae-inkome groepe bestaan. Dit is ook die geval indien die gemiddelde afstand van al die moontlikhede geneem word (kolom 8, Tabel 6-3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien die posisie van die lae-inkome groep spesifiek ontleed word, is die posisie van die swartes in Akasia (21.5 km), Midrand (17.8 km) en dié in westelike Pretoria (13.8 km) die swakste. Daarna volg die Asiërs in westelike Pretoria met 11.0 km.

Twee gevolgtrekkings kan gemaak word. Dit is eerstens duidelik dat, op enkele uitsonderings na, afstand die moontlikheid van fabrieksvestiging in nie-gekonsentreerde fabrieksgebiede tot 1991 waarskynlik kon beperk het, gegewe ander beperkende maatreëls soos sonering. Die fabriekswerkers sou daagliks ver moes pendel om by sulke fabrieke te werk. Die lae-inkome groep is die meeste benadeel.

Tweedens is dit duidelik dat 'n beleidsbenadering van multifunksionaliteit deur die nuwe stedelike beleidsvoerders die fabriekswerkers wat, soos in 1991, steeds in die woongebiede woonagtig was, sou benadeel. Hulle sou ver van nuwe fabriekswerksgeleenthede gevestig wees.

Dit is dus moontlik om die implikasies vir die vestiging van woongebiede en fabrieke op grond van alternatiewe beleidsraamwerke vooraf te bepaal.

3.3 Die sektorale implikasies van die 1991-fabrieksvestigingspatroon

Die sektorale aard van die fabrieksektor is relevant vir hierdie studie in soverre dit verband hou met die ruimtelike aard van die sektor. Die ruimtelike vestiging en die sektorale aard moet gevolglik as twee geïntegreerde faktore wat 'n invloed op toeganklikheid kon gehad het, beskou word. Die vraag ontstaan hoekom die sektorale aard van die fabrieksektor belangrik was in die studiegebied en hoekom dit moontlik 'n invloed op toeganklikheid kon gehad het. Die volgende oorwegings dui die belangrikheid van die sektorale aard van die fabrieksektor aan.

Eerstens kon 'n verskil tussen die aanbod van en die vraag na fabrieksarbeid a.g.v. die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eienskappe van dié arbeid of die sektor ontstaan het. Twee voorbeelde ter illustrasie kan voorgehou word. In Hoofstuk 4 (Afdeling 4.4) is aangetoon dat die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid redelik suksesvol was om die tipe fabrieke wat werksgeleenthede vir ongeskoolde arbeid sou bied, na die groeisentrums te trek. Indien dit nie die geval was nie, en kapitaalintensiewe (fisies en menslik) fabrieke, in die groeisentrums gevestig het, sou dié beleid nie as suksesvol beskryf kon word nie.

'n Tweede voorbeeld kom voor in Stellenbosch se Tegnopark. In 1986 is 'n Ontwerpgidsplan vir Stellenbosch (SA. Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning 1986) gepubliseer waarin twee primêre aanbevelings gemaak is: die Kleurling en swart "oorloopbevolking" moes in ander gebiede in die Kaapse Skiereiland vestig weens 'n gebrek aan grond vir woongebiede en dat fabrieksontwikkeling beperk moes word en eerder gekonsentreer moes word op die vestiging van navorsingsgeoriënteerde nywerhede[26] (Lötter & Van der Berg 1986; SA. Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning 1986; Te min voorsiening vir behuising gemaak 1986:5). Die motivering vir die eerste aanbeveling is dat weens hoë-potensiaal landbougrond daar nie stedelike uitbreidingsmoontlikhede noord van Stellenbosch was nie. Noordelike uitbreiding was die natuurlike rigting vir Kleurlinge en swartes. Die tweede aanbeveling is gemotiveer op grond van die kulturele en omgewingswaardes van Stellenbosch en omgewing. In 1987 is 'n tegnopark op landbougrond suid van Stellenbosch aangelê, die natuurlike uitbreidingsrigting vir blanke stedelike ontwikkeling. Die Munisipaliteit Stellenbosch het groot dele van hierdie landbougrond besit en die tegnopark was 'n gesamentlike inisiatief van dié munisipaliteit en die Fakulteit Ingenieurswese van die Universiteit van Stellenbosch. Die sentrale owerheid het ook 'n rentevrye R5 miljoen-lening vir die ontwikkeling van

---

26 Laasgenoemde word beskryf as "... navorsingsaktiwiteite wat gespesialiseerde dienste en produkte lewer en wat as gevolg van die aard van die aktiwiteit as nywerhede geklassifiseer kan word". (SA. Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning 1986:99). Hier is dus sprake van vervaardigingsaktiwiteite en hierdie aktiwiteite val deels binne die definisie van die fabrieksektor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die tegnopark aan die munisipaliteit voorsien.

Die ruimtelike implikasie van die tegnopark se ligging aan die teenoorgestelde kant (die suide) van die swart en Kleurlingbevolking se uitbreidingsrigting het die toeganklikheid vir hierdie groepe verminder. Noordelike stedelike uitbreidingsmoontlikhede vir dié bevolkingsgroepe het oënskynlik nie bestaan nie, maar kwaliteit-landbougrond is aan die suidekant gebruik vir die vestiging van 'n tegnopark en nie vir woongebiedontwikkeling vir swartes en Kleurlinge nie.

Die implikasie vir faktorintensiteit is dat 'n tegnopark nie werksgeleenthede vir lae-inkome ongeskoolde arbeid skep nie. Dit sou die geval gewees het indien fabrieksontwikkeling in die gidsplan aangemoedig is. Soos wat daar sprake was van ruimtelike wanpassing is daar ook sprake van sektorale wanpassing. Die aanbod van arbeid verskil in aard van die vraag na arbeid.

Bogenoemde voorbeeld onderskryf 'n tweede rede hoekom die ontleding van die faktorintensiteit van belang is. 'n Spesifieke institusionele raamwerk het aanleiding gegee tot die totstandkoming van die tegnopark en gevolglike ruimtelike struktuur van Stellenbosch. In Hoofstuk 4 (Afdeling 5) is aangetoon dat die eksogeen-bepaalde instelling van groeisentrums in die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid kunsmatige skeppings is wat die uitkoms van 'n spesifieke institusionele raamwerk was, nl. Apartheidsbeleid. Ook in die geval van Stellenbosch was dit die geval.[27] Die optrede van organisasies, wat die instelling van Apartheid ondersteun het, het tot 'n spesifieke

---

27 Die tegnopark was waarskynlik nie 'n kunsmatige skepping in dieselfde orde as dié van die groeisentrums nie, hoewel daar geen bewyse is dat dit suksesvol i.t.v. die oorspronklike doel daarvan is nie. (Ook ondernemings wat nie navorsing-georiënteerd was nie, is mettertyd toegelaat om hier te vestig.) Die aanvanklike oogmerk was dat daar 'n noue verbintenis moes ontstaan tussen die akademies-georiënteerde Fakulteit Ingenieurswese en die praktyk-georiënteerde tegnopark. Daar was dus aanvaarbare gronde vir die stigting van 'n tegnopark in Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stedelike struktuur aanleiding gegee.[28]

Dit is ook duidelik dat die faktorintensiteit van produksie-aktiwiteite, ook dié van die fabrieksektor, bepaal kan word deur instellings wat nie die verhoging van lewensgehalte of die verbreding van die ekonomiese basis van die stedelike gebied bevorder nie. Meer nog, die ekonomiese werklikheid hoef nie verreken te word by die bepaling van faktorintensiteit van fabrieksgebiede nie, veral waar sterk belangegroepe 'n roofsugtige gedrag openbaar.[29] Deur middel van belangegroepe in die gemeenskap, beleidsformulering deur die plaaslike owerheid, lg. spesifiek met betrekking tot sonering, en die optrede van ondernemers kan die faktorintensiteit van 'n fabrieksgebied bepaal word. (Hierdie aspekte word weer in Hoofstukke 8, 9 en 10 bespreek.)

---

28 Verskeie organisasies wat Apartheidsbeleid ondersteun het, kan in die geval van die vestiging van die tegnopark in Stellenbosch geïdentifiseer word:

- Die Munisipaliteit Stellenbosch. Toe die tegnopark gevestig is, was plaaslike owerhede steeds op bevolkingsgrondslag gegroepeer en die Kleurlingbevolkingsgroep het slegs 'n Verhoudingskomitee gehad wat hulle verteenwoordig het. (Die Verhoudingskomitees was die skakeling tussen die Kleurlingwoongebiede en die naasliggende blanke plaaslike owerhede.) Die swart gemeenskap is deur die destydse Kaapse Provinsiale Administrasie geadministreer.
- Die Nasionale Party op nasionale en plaaslike vlak. Hoewel die intieme historiese verhouding tussen die Nasionale Party en die Universiteit van Stellenbosch nie hier ter sprake is nie, is die gee van die rentevrye lening van R5 miljoen deur die sentrale owerheid vir die vestiging van die tegnopark 'n duidelike aanduiding dat hier 'n besondere verbintenis was. Dit is verder ook insiggewend dat die lening bewillig is in omstandighede waar daar groot behuisingstekorte (Wesso 1987:34) in Stellenbosch bestaan het.
- Ondernemers. Ondernemers uit die private sektor het bv. 'n finansiële bydrae gemaak tot die oprigting van die eerste gebou in die tegnopark. Met die oprigting van hierdie gebou is gepoog om die inisiële vestigingsmomentum van navorsingsgeoriënteerde ondernemings daar te stel.

29 Hierdie stelling is nie korrek as tyd in berekening geneem word nie. Ekonomiese werklikhede sal mettertyd 'n oorheersende invloed op die lewensvatbaarheid van fabrieksgebiede hê. Die inisiële invloed wat so 'n fabrieksgebied op die stedelike ruimtelike struktuur het, is egter 'n belangrike determinant van hoe die toekomstige stedelike struktuur daar sal uitsien, ongeag of die faktorintensiteit oor tyd verander. (Kyk voetnota 27 m.b.t. die veranderings wat by die tegnopark in Stellenbosch ingetree het.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Derde rede vir die ontleding van die faktorintensiteit hou verband met die gevolgtrekking in die vorige paragraaf. Die bepaling van faktorintensiteit vanuit 'n spesifieke institusionele raamwerk tesame met die gevolgtrekking dat beroepstatus in die studiegebied die basis vorm waarop intra-stedelike skeiding tussen die verskillende woongebiede plaasvind (Scott 1985), is 'n magtige instrument om die ruimtelike struktuur en aard van stedelike gebiede te beïnvloed.[30]

Die faktorintensiteit van fabrieke per belangrikste inkomegroep[31] in die homogene gebiede word in Tabel 6-4 aangetoon. Die verskillende tipes faktorintensiteite word gemeet deur onderskeidelik van die aantal ondernemings en werkers gebruik te maak. Die doel is om te bepaal of daar sprake van sektorale wanpassing tussen die aanbod van en die vraag na arbeid bestaan het.[32]

---

30 Die aard van die faktorintensiteit van die fabrieksektor kan nie deur die institusionele raamwerk alleen bepaal word nie. Verskeie faktore, soos nasionale owerheidsbeleid, internasionale tegnologiese verandering en mededinging, kan 'n belangrike invloed uitoefen (Klue-verslag 1982:148-154).

31 Hoewel daar verskeie inkomegroepe per homogene gebied voorkom, is die oorheersende inkomegroep per homogene gebied gebruik.

32 Die kousaliteitsverband om sektorale wanpassing te bepaal, kan soos volg verduidelik word: a) Daar is voorheen bepaal dat spesifieke beroepe hoofsaaklik in die fabrieksektor werksaam was. Hierdie beroepe is die van produksiewerker (50.6%), ambagsman (16.1%) en klerklike werkers (13.8%). b) Die inkome van hierdie beroepe is toe bepaal om dit i.v.m. die homogene gebiede te bring. (Die homogene gebiede is op grond van inkomegroepe gekategoriseer. Dit is in Bylae C, Tabel C-3 gedoen.) c) Aangesien faktorintensiteit geskooldheidsvlakke gebruik, is die genoemde beroepsgroepe se geskooldheidsvlakke bepaal (Bylae C, Tabel C-2) en die verband tussen faktorintensiteit van die fabrieksektore en geskooldheidsvlakke kon toe bepaal word. 'n Belangrike vertrekpunt vir die bepaling van sektorale wanpassing is die definisies van elk van die faktorintensiteitskategorieë. Volgens dié definisies (Bylae C, Afdeling 1) beteken ongeskoold standerd agt en laer, en geskoold, hoër as standerd agt. Menslik by kapitaalintensiewe produksie beteken ook 'n geskooldheidsvlak van hoër as standerd agt.

Dit kan gevolglik aanvaar word dat die aanwesigheid van 'n fabrieksektor met 'n arbeidsintensiewe, ongeskoolde faktorintensiteit in die lae- tot laer middel-inkome homogene gebiede bevorderlik vir indiensname sal wees. Dit is ook so dat 'n faktorintensiteit van arbeidsintensief, geskoold, of kapitaalintensief, met 'n hoë vlak van menslike toegevoegde waarde, weer bevorderlik sal wees vir geskoolde arbeid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 6-4 toon dat daar nie werklik sprake van sektorale wanpassing t.o.v. die ongeskoolde arbeidsintensiewe fabrieksektor is nie. Dié sektor is hoofsaaklik in die lae-inkome en laer middel-inkome homogene gebiede gevestig. Vestiging van die faktorintensiewe fabrieksektor vind plaas in daardie homogene gebiede waar die aanbod van werkers bestaan wat in dié fabrieksektor in diens geneem word.

Wat die ander drie fabrieksektore betref, vind vestiging ook hoofsaaklik in die lae-inkome en laer middel-inkome homogene gebiede plaas. Die arbeidsintensiewe (geskoold) en kapitaalintensiewe (fisies en menslik) fabrieksektore gebruik geskoolde arbeid en daar sou verwag kon word dat hierdie sektore se aandeel in die hoër-middel en selfs in die hoë-inkome homogene gebiede hoër sou wees. Die geskoolde werkers kom hoofsaaklik uit die blanke bevolkingsgroep wat min beperkinge op mobiliteit het, en vir hierdie werkers is dit redelik maklik om wel fabriekswerksgeleenthede te bereik. In die geval van hierdie drie sektore is daar gevolglik ook nie sprake van wesenlike sektorale wanpassing nie.

Die redes vir sulke gebrekkige sektorale wanpassing in die studiegebied is eerstens dat die gekonsentreerde fabrieksgebiede 'n gegewe is vir die potensiële fabrieksondernemer. In latere hoofstukke, veral Hoofstuk 9, sal aangetoon word dat die ruimtelike ligging van dié fabrieksgebiede hoofsaaklik deur die onderskeie munisipaliteite en bv. in die geval van Rosslyn, deur die sentrale owerheid bepaal is.

'n Tweede rede is dat die aard van fabrieksproduksie die aard van aanliggende woongebiede bepaal. Daar is reeds op hierdie gevolgtrekking van Scott (1985) gewys en dat dit ook in die studiegebied van toepassing is. Die woongebiede aanliggend aan gekonsentreerde fabrieksgebiede sal die vraag na werkers in die fabrieksektor bevredig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 6-4: Faktorintensiteit per belangrikste inkomegroep (homogene gebiede; 1991)

Inkome-groep	Homogene gebied	Arbeidsintensief: Geskoold (%)		Arbeidsintensief: Ongeskoold (%)		Kapitaalintensief: Fisies (%)		Kapitaalintensief: Fisies en menslik (%)	
		Ondernemings	Werkers	Ondernemings	Werkers	Ondernemings	Werkers	Ondernemings	Werkers
Lae-inkome	Westelike Pretoria	30.8	12.3	18.8	11.2	28.7	21.5	17.7	35.6
	Noordoostelike Pretoria	15.4	2.8	15.9	8.1	13.3	8.8	13.3	15.1
	Akasia	7.7	9.2	14.4	25.2	16.8	53.7	8.9	9.6
	Midrand	30.8	73.7	5.9	32	4.9	3.9	19	13.1
Laer middel-inkome	Noordelike Pretoria	15.4	2	37.3	22	28.7	9.5	32.3	15.7
Totaal: Lae en laer middel-inkome		100	100	92.3	98.5	92.3	97.4	91.1	89.1
Hoër middel- en hoë-inkome	Centurion	0	0	4.1	1.3	4.2	1.6	4.4	1.6
	Oostelike Pretoria	0	0	3.6	0.2	3.5	1	4.4	9.3
Totaal		100	100	100	100	100	100	100	100

Nota: Die 703 fabrieke wat gebruik is, kom nie net in gekonsentreerde fabrieksgebiede voor nie, maar sluit alle fabrieke in die studiegebied in.
Bron: Register: Vol1992na1988. Grootte van steekproef: 5,034 waarnemings; vir die studiegebied is 703 waarnemings getrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4 Gevolgtrekking

Makro- en mikrofragmentasie in die studiegebied het tot 'n gebrek aan fabrieksontwikkeling in die nie-blanke plaaslike owerhede en tot die beperking van intra-stedelike toeganklikheid gelei. In metropolitaanse bestuur is dit belangrik om aan gebrekkige fabrieksontwikkeling in plaaslike owerhede en aan die ruimtelike en sektorale aard van intra-stedelike fabrieksvestiging aandag te gee.

Die studiegebied het die tipiese ruimtelike struktuur van die Apartheidstad in 1991 gehad. Fabrieksgebiede is as 'n buffer tussen die blanke en nie-blanke woongebiede gebruik. Dit is ook duidelik dat die gekonsentreerde fabrieksgebiede in lae-inkome en laer middel-inkome gebiede voorgekom het. Die fabrieksproduksie-aktiwiteite het dus die aard van die aanliggende woongebiede bepaal. Dit was egter slegs van toepassing op blanke stedelike inwoners, aangesien nie-blanke inwoners onderhewig was aan die beperkinge van die Wet op Groepsgebiede.

Die gebrek aan fabrieksontwikkeling in die plaaslike owerheidsgebiede van 1991 het aanleiding gegee tot die ekonomiese nie-lewensvatbaarheid van sulke plaaslike owerhede. Waar fabrieke groot verbruikers van elektrisiteit en water is, het plaaslike owerhede ook nie inkome gekry vir die verkoop daarvan nie. 'n Gebrek aan fabriekswerksgeleenthede in nie-blanke plaaslike owerhede het ook aanleiding gegee tot inkomelekkasies. Vir toekomstige stedelike ontwikkeling moet hierdie implikasies in berekening gebring word. Monofunksionele stedelike gebiede gee aanleiding tot bg. ekonomiese nie-lewensvatbaarheid.

Afstand kan drie moontlike vorme aanneem: die afstand na die naaste grootste gekonsentreerde fabrieksgebied; die afstand na die grootste gekonsentreerde woongebied buite die homogene gebied waar die werker woon, en die afstand na ander woongebiede. Die gevolgtrekking is dat ruimtelike wanpassing wel t.o.v. die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eerste vorm bestaan by Asiër- en veral by swart bevolkingsgroepe in die homogene gebiede. Dit was veral die geval by die homogene gebiede van Akasia vir die swartes en westelike Pretoria vir beide bevolkingsgroepe. Dit het verder geblyk dat die lae-inkome blankes en Kleurlinge redelik optimaal gevestig was. Vir toekomstige woongebiedvestiging, dus besluite wat deur nuwe stedelike beleidsvoerders gemaak moet word, sou dit beteken dat lae-inkome woongebiedvestiging eerder in bestaande (soos in 1991) lae-inkome blanke en Kleurlingwoongebiede moet plaasvind.

Wat die tweede vorm betref, was alle inkomegroepe onderhewig aan ruimtelike wanpassing. Die swart en Asiërbevolkingsgroepe was weer eens die swakste daaraan toe, met weinig sprake van intra-stedelike mobiliteit vir die fabriekswerkers. Die ligging van die gekonsentreerde fabrieksgebiede in 1991 maak 'n verhoging van intra-stedelike mobiliteit tussen fabrieksgebiede na 1993 vir die nuwe stedelike beleidsvoerders bykans onmoontlik.

Vir die derde vorm is twee moontlike invloede bepaal. Ruimtelike wanpassing het vir die swart en Asiërfabriekswerker in 1991 bestaan indien so 'n werker in 'n woongebied, buite sy eie homogene woongebied, in 'n nie-gekonsentreerde fabrieksgebied wou werk. Afstand het dié werkers se mobiliteit beperk. In die algemeen was die lae-inkome bevolkingsgroepe die swakste daaraan toe, hoewel onderlinge verskille wel bestaan het. Indien daar 'n beleid van intra-stedelike multifunksionaliteit na 1993 aanvaar sou word, sou die fabriekswerker wat steeds in die 1991-woongebiede woonagtig was, nadelig deur afstand beïnvloed word.

Dit is belangrik om verder daarop te let dat die impak van afstand groter op die swart bevolkingsgroep was, as op die Asiërs. In Hoofstuk 5 (kyk Tabel 5-8) is aangedui dat daar slegs sowat 1,000 Asiërs in 1991 in die fabrieksektor werksaam was, terwyl daar ongeveer 50,000 swartes was. Die impak van afstand was dus groter op die swartes as die geval van die Asiërs, bloot omdat daar meer swartes in die fabrieksektor was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as Asiërs.

Sektorale wanpassing is veral by die lae-inkome bevolkingsgroepe ondersoek met die aanname dat 'n faktorintensiteit van arbeidsintensief (ongeskoold) bevorderlik vir tipiese fabriekswerkers sou wees. Dit blyk dat daar nie werklik sprake van sektorale wanpassing was nie.

Die doelstellings van metropolitaanse bestuur is dus nie in die studiegebied bereik nie. Dit is duidelik dat die 1991-fabrieksvestigingspatroon die lewensgehalte van veral die lae-inkome nie-blanke bevolkingsgroepe, met die moontlike uitsondering van die Kleurlinge, nie verhoog het nie. Intra-stedelike mobiliteit tussen woongebied en fabriekswerksgeleentheid is uitermate beperk weens die ligging van die gekonsentreerde fabrieksgebiede.

Die ruimtelike struktuur het ook nie 'n bydrae tot 'n regverdige stedelike gemeenskap gemaak nie. Daar was bykans geen gekonsentreerde fabrieksgebiede in nie-blanke plaaslike owerhede nie. Die gevolg was dat moontlike inkomebronne wat op lae-inkome woongebiede bestee kon word, verbeur is. In die algemeen lyk dit of die verhoging van lewensgehalte vir alle bevolkingsgroepe nie 'n doelstelling van metropolitaanse bestuur was nie. Die fabrieksektor is ook nie gebruik om lewensgehalte te verhoog nie ondanks die feit dat dié sektor beleidsensitief is en by uitstek as instrument in metropolitaanse bestuur gebruik kan word.

Die rol van die fabrieksektor om in metropolitaanse bestuur die ekonomiese basis te verhoog, het nie erkenning gekry nie. Hiervan getuig die groot afstande wat fabriekswerkers tussen woongebied en fabriekswerksgeleentheid in die studiegebied moes pendel. Makro- en mikrofragmentasie in die Apartheidstad is eerder deur fabrieksvestiging versterk. Opsommend, blyk dit dat die 1991-fabrieksvestigingspatroon in die algemeen nie voldoen het aan die doelstellings in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vorige hoofstuk gestel nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

DIE HISTORIESE INTRA-STEDELIKE ONTWIKKELING VAN DIE STUDIEGEBIED

1 Inleiding

Die gemanipuleerde stadsbenadering verklaar hoe belangegroepe meeding om gunstige besluite van die owerheid te bekom. In die vorige hoofstukke is aangetoon dat die studiegebied uiteenval in homogene gebiede op grond van sosio-ekonomiese groeperinge van die bevolking. 'n Stedelike gebied is die versameling van sulke groeperinge of belangegroepe, waar lede van belangegroepe saamwerk om eie voordeel t.o.v. grondgebruik te bewerkstellig. In die volgende hoofstukke word bepaal watter rol verskillende stedelike belangegroepe gespeel het om die intra-stedelike fabrieksvestigingspatroon, soos dit in 1991 daar uitgesien het, te beïnvloed. Voordat die rol van stedelike belangegroepe egter bepaal kan word, word in dié hoofstuk aandag gegee aan die historiese intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied.

In die volgende afdeling word aan die onderskeie na-1993 munisipale gebiede (kyk Tabel 1-1) aandag gegee. Dié plaaslike owerhede, met die uitsondering van Centurion het in die tydperk voor 1993 uit 'n aantal plaaslike owerhede, gebaseer op 'n bevolkingsgrondslag, bestaan. Die historiese ontwikkeling van die onderskeie gemeenskappe en die vestiging van die gekonsentreerde fabrieksgebiede word interaktief behandel.

In die laaste afdeling word slotopmerkings oor die drie doelstellings, soos gestel in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5 (Afdeling 3), gemaak.

In hierdie en die volgende drie hoofstukke is die uitgangspunt dat 'n ontleding van fabrieksontwikkeling in Pretoria die waarskynlikste aanduiding kan gee van die instellings onderliggend aan fabrieksvestiging. Die redes hiervoor is dat fabrieksontwikkeling in die Pretoria munisipale gebied reeds vanaf ongeveer 1900 duidelik ruimtelik en sektoraal identifiseerbaar was. Die ander plaaslike owerhede het 'n redelik kort geskiedenis. Centurion het eers in 1954 'n plaaslike owerheid geword, Midrand in 1982 en Akasia in 1984. Hierdie drie plaaslike owerhede het ook nie dieselfde natuurlike of geïntegreerde stedelike ontwikkelingspad soos dié van Pretoria gevolg nie. Centurion het as 'n slaapdorp aanliggend aan Pretoria ontstaan en was in 1991 nog steeds sodanig van aard. Akasia het ontstaan lank nadat Rosslyn as 'n groeisentrum ingevolge die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid geskep is en Midrand se ontstaan was 'n samevoeging van stedelike eilande in 'n landelike gebied tussen Noord-Gauteng en Sentraal-Gauteng. Laastens was Pretoria die belangrikste gebied vir fabrieksindiensneming in 1991 (kyk Tabel 5-9).

Die belangrikste fabrieksgebiede sal die meeste aandag geniet. Daar is 'n groot aantal gekonsentreerde fabrieksgebiede wat 'n relatief klein deel van die totale aantal hektaar fabrieksgrond beslaan (kyk Tabel 6-1). Elk van hierdie gebiede se ruimtelike en sektorale ontstaan sal nie ontleed word nie. Die tendense of instellings wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deurlopend identifiseerbaar is, sal eerder beklemtoon word.[1]

---

1 Daar bestaan nie inligting oor elke indiwiduele gekonsentreerde fabrieksgebied in die studiegebied nie. Die geraadpleegde bronne was:

a) Die dokumente van die Munisipaliteit Pretoria (voor 1993) in die Transvaalse Argiefbewaarplek. Dié dokumente was:
- TA. MPA. 1/3/4/1/1-60. Notules van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme. (Soms staan dié komitee ook as die Komitee vir Algemene Sake bekend.)
- TA. MPA. 1/4/8/1/1-11. Notules van die Behuisingskomitee, die Behuisings- en Stadsbeplanningskomitee en die Stadsbeplanningskomitee (soms ook na verwys as die Stadsbeplannings Adviserende Komitee).
- TA. MPA. 3/4/1789-1798. Korrespondensie en verslae oor fabrieksgebiede.

Bogenoemde bande (kyk voetnota 17), word as die belangrikste bronne vir die studie beskou en word in die lys van geraadpleegde bronne soos hierbo aangedui. Daar is ook 'n aantal ander lêers, wat nie in bg. drie bande voorkom nie, van die Munisipaliteit Pretoria onttrek, maar slegs enkeles is as belangrik beskou. Na dié lêers word afsonderlik in die lys van geraadpleegde bronne verwys.

Soos in die teks aangedui, was die intra-stedelike ontwikkeling van Pretoria die enigste munisipale gebied wat deurlopend 'n geïntegreerde stedelike ontwikkelingspad getoon het. Inligting oor hierdie munisipaliteit is gevolglik as belangrik beskou. In die Transvaalse Argiefbewaarplek word die notules en korrespondensie van die belangrikste komitees van dié munisipaliteit gehou, sowel as dokumente wat verband hou met spesifieke onderwerpe, soos fabrieksgebiede. Daar is hoofsaaklik op die notules van die Stadsbeplanningskomitee gekonsentreer aangesien dit aanvaar is dat dié komitee die belangrikste invloed op die ruimtelike en sektorale aard van gekonsentreerde fabrieksgebiede in Pretoria uitgeoefen het. Aangesien fabrieksvestiging beskou is as deel van die totale ruimtelike ontwikkeling van die stedelike gebied is nie slegs die dokumente wat met fabrieksvestiging verband gehou het, ontleed nie, maar ook dokumente wat 'n aanduiding sou gee van die institusionele raamwerk wat die besluite van hierdie komitees sou bepaal.

Benewens die notules en korrespondensie van hierdie twee komitees is daar ook 'n rekenaarsoektog na elk van die gekonsentreerde fabrieksgebiede in Tabel 6-1 gedoen. Dit was nie baie suksesvol nie (kyk latere bespreking by Amptenare van die Gauteng Provinsiale Administrasie). Opsommend het dit geblyk dat die lêers van die Munisipaliteit Pretoria die mees aangewese inligtingsbron was.

b) Die Munisipaliteit Pretoria se Pretoriana Afdeling in die munisipale biblioteek. Die historiese tydperk wat inligting dek, strek ongeveer vanaf 1920 tot die begin tagtigerjare. Baie inligting wat by die Munisipaliteit Pretoria gehou is, is nie meer beskikbaar nie weens die afbrand van 'n groot gedeelte van die munisipale gebou in 1997. Hierdie afdeling is klein en het 'n boekversameling en koerantuitknipsels van beperkte omvang. Eersgenoemde was nie van veel waarde nie, terwyl die koerantuitknipsels in die algemeen uit onlangse publikasies gehaal is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2 Die historiese ontwikkeling van die studiegebied met verwysing na fabrieksvestiging

2.1 Pretoria tot 1991

Die intra-stedelike ontwikkeling van Pretoria tot 1991 sluit die ontwikkeling van die plaaslike owerhede van Pretoria, Atteridgeville, Mamelodi, Eersterust en Laudium in.[2] Die bespreking van Pretoria vind per bevolkingsgroep plaas en in die geval van die

---

c) Amptenare van die Munisipaliteit Pretoria (Van der Merwe 1997) wie direk gemoeid is met nywerheidsbeplanning in die munisipale gebied. Hoewel mnr. Van der Merwe nie 'n perspektief oor die historiese ontwikkeling van fabrieksgebiede in dié munisipale gebied kon gee nie, is die raamwerk van Hoofstukke 8, 9 en 10 deurlopend met hom bespreek.

d) Amptenare van die Gauteng Provinsiale Administrasie (Bekker 1997). Dié amptenare is besoek omdat alle dorpstigting voor 1986 onder die jurisdiksie van die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie geval het. Mnr. P. Bekker (Bekker, 1997) is in Johannesburg besoek en hy het die stelsel waarvolgens inligting oor dorpstigting by die administrasie geliasseer was, verduidelik en die verwysingsnommers verskaf. Twee moontlikhede is ondersoek oor waar inligting oor die gekonsentreerde fabrieksgebiede in die studiegebied sou wees, nl. i) Op die dorpslêers by die Transvaalse Argiefbewaarplek. Soos reeds aangedui was die rekenaarsoektog by die bewaarplek nie suksesvol nie. ii) In die huidige liasseerstelsel van die Gautengse Provinsiale Administrasie. 'n Steekproef uit die beskikbare lêers het aangetoon dat slegs die dorpslêers wat steeds aktief was, dus waaroor besluite sedert die totstandkoming van die Gautengse Provinsiale Administrasie in 1994 geneem moes word, beskikbaar was. Uit verdere besprekings met mnr. Bekker het dit geblyk dat daar twee redes bestaan waarom die dorpslêers nie meer beskikbaar is nie. Eerstens dat baie ou dorpslêers vernietig is. Die besluit oor die grondgebruiksbestemming is in elk geval in die provinsiale koerante afgekondig en die dokumentasie wat die aanloop tot die besluit gegee het, was nie meer nodig nie. Tweedens het baie van die lêers verlore gegaan met die totstandkoming van die Gauteng Provinsiale Administrasie en die verskuiwing van die administrasie vanaf Pretoria na Germiston en toe na Johannesburg.

Dit het ook verder geblyk dat geen notules van vergaderings van die Dorperaad, wat 'n adviserende rol t.o.v. dorpstigting teenoor die destydse provinsiale administrateur vervul het, beskikbaar was nie (Du Toit, 1997).

2 Met die herafbakening van die Centurion munisipale gebied in 1993 is Laudium en Centurion saamgevoeg. Die rede vir die bespreking van Laudium by Pretoria, is omdat Laudium se historiese ontwikkeling baie nou verweef is met dié van Pretoria.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

blanke bevolkingsgroep word die intra-stedelike ontwikkeling verdeel in die tydperk voor 1910 en die tydperk daarna. Tot en met Unie-wording in 1910 was Pretoria 'n redelike klein stedelike gebied met weinig fabrieksaktiwiteite. Na Unie-wording, veral met die stigting van Iscor, het daar egter toenemend fabrieksontwikkeling plaasgevind.[3]

2.1.1 Die blanke bevolking

a) Ontwikkelings tot Unie-wording

Die vestiging van die bevolking in Pretoria kan teruggevoer word na die tydperk na afloop van die Groot Trek toe blanke trekboere wydverspreid in die voormalige Transvaal woonagtig was (Louw 1959:20). Hoewel daar reeds teen 1850 vier dorpe bestaan het, nl. Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en Zoutpansberg, was daar 'n sterk behoefte aan 'n sentrale politieke hoofstad. In 1852 het die Volksraad besluit dat die twee plase van die broers Bronkhorst[4] vir die aanleg van 'n nuwe dorp gebruik moes word en die stigting van die dorp word in 1855 goedgekeur. In 1860, toe daar ongeveer 400 inwoners was, het Pretoria die hoofstad van die destydse Transvaalse Republiek geword. Die eerste landdros, A.F. du Toit is in 1857 aangestel en saam met 'n groep inwoners is die eerste dorpsregulasies opgestel. Aangesien Pretoria 'n

---

3 Verskeie datums kan hier as afsnypunt gebruik word. Soos later in Figure 7-2 tot 7-8 gesien kan word, is inligting oor dorpstigting vanaf 1896 beskikbaar. In 1860 is Pretoria bv. as die hoofstad van die destydse Transvaalse Republiek aangewys; in 1897 het Pretoria munisipale status gekry; in 1910 het Pretoria die nasionale hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika geword, en in 1931 stadstatus verkry. Wat fabrieksontwikkeling betref, is 1928, die jaar waarin wetgewing aanvaar is vir die stigting van Iscor, ook van besondere belang. Daar is besluit op ongeveer 1910 as afsnypunt, bloot omdat dit min of meer saamval met die vestiging van die eerste fabriek in 1908 (die Union Soap Company) in 'n toekomstige gekonsentreerde fabrieksgebied, nl. in Pretoria-Wes. Daar sal ook na jare kort ná 1910 verwys word.

4 Die eienaars van die plase, die broers L.C. Bronkhorst en J.G. Bronkhorst, se opstal was naby die huidige Fonteine waar die spoorwegbrug oor die Apiesrivier gaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskeie omvang gehad het met as die destydse grense die huidige Visagie-, Potgieter-, Boom- en Prinsloostrate (kyk Figuur 7-1), het hierdie dorpsregulasies grootliks gehandel oor die verspreiding van water, die beheer van straatverkeer en die strooi van rommel (Engelbrecht 1955:2-10).[5]

Figuur 7-1: Die ruimtelike omvang van Pretoria (1868)



Notas: a) Die stedelike gebiede en vervoerinfrastruktuur aangedui met 'n * het later gevolg en word aangedui vir oriëntering.
b) Die nommers dui vestigingsplekke aan waarna in die teks verwys word.

Bron: Meiring (1955:150).

5 Hoewel die dorp in hierdie stadium opgemeet was, was daar nie sprake van werklike dorpsbeplanning nie. Dooies is bv. tot 1867 in verskillende plekke in die dorp begrawe (Engelbrecht 1955:16).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bevolkingsamestelling vir die jare 1860 tot 1957 word in Tabel 7-1 gegee. Die blanke bevolking was deurlopend die belangrikste bevolkingsgroep. Die swartes was die tweede belangrikste bevolkingsgroep, terwyl die Asiërs en Kleurlinge 'n baie klein aandeel in die totale bevolking gehad het.

Tabel 7-1: Bevolking van Pretoria (1860-1957)

Sensus-	Asiërs		Blankes		Kleurlinge		Swartes		Totaal	
jaar	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
1860			400							
1872			3,000							
1890			5,055							
1904	3,530	8.7	22,821	56.3		0.0	14,183	35.0	40,534	100.0
1911	3,200	6.6	29,618	60.9	_	0.0	15,789	32.5	48,607	100.0
1921	1,721	2.5	42,169	61.3	2,015	2.9	22,856	33.2	68,761	100.0
1936	2,744	2.5	68,576	63.2	2,820	2.6	34,409	31.7	108,549	100.0
1946	4,179	2.5	106,986	63.7	2,741	1.6	54,152	32.2	168,058	100.0
1951	5,631	2.4	130,797	56.4	4,764	2.1	90,518	39.1	231,710	100.0
1957	6,700	2.6	146,300	56.9	6,000	2.3	98,000	38.1	257,000	100.0

Notas: a) Die bevolking vir 1957 is 'n geskatte bevolking, waarvan die oorsprong nie bekend is nie.

b) Bevolkingsyfers in dié tabel en dié in Tabel 5-1 behoort vergelykbaar te wees, aangesien beide tabelle verwys na dieselfde plaaslike owerheidsgebied. Die totale bevolking van 257,000 vir 1957 in Tabel 7-1 moet vergelyk word met die totale bevolking van 343,867 in 1970 in Tabel 5-1. Die gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroeikoers tussen 1957 en 1970 was 2.3%, terwyl die groeikoers vir 1970 tot 1980 ook 2.3% was (kyk Tabel 5-3, eerste ry - "Pretoria Blank"). Die 1957-bevolkingsyfer blyk dus binne die normale groeikoers van die bevolking te wees.

c) Waar Tabel 5-1 op amptelike inligting gebaseer is, het Louw (1959:62) gebruik gemaak van amptelike inligting en inligting van die Munisipaliteit Pretoria.

Bronne: Vir 1860: Louw (1959:35); vir 1872: Louw (1959:36); vir 1890: Louw (1959:40), en vir die daaropvolgende jare: Louw (1959:62).

In 1864 word die blanke stedelike gebied soos volg beskryf (Pretoria Municipality 1913:21 & 24):

> "(Pretoria) was a merest village. Building material was costly, money scarce; and the houses, hardly three score in number, were consequently small, squat, and unimposing - too few in number and scattered to form streets, too poor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in structure and scant in conveniences to afford much comfort. Mud floors, and mud walls that softened and caved and fell under the summer rains, were common; the sanitation was primitive, and of municipal services there were none."

Verder, met verwysing na die ekonomiese aktiwiteite van destyds: "The Boers, as a nation, are essentially a pastoral people, and ostensibly farming was the business of the community; and the catering for the farmers' domestic and political needs was the business of the town."[6]

Die Anneksasie-periode (1877-1881) en die Eerste en Tweede Anglo Boereoorloë sou 'n mate van ekonomiese stimulering tot gevolg gehad het. Die Britse soldate het kontant die dorp ingebring, terwyl die militêre bedrywighede 'n vraag na onderhoudswerk daargestel het. Hierdie gebeurtenisse het nie 'n wesenlike invloed op die blanke bevolkingsgetalle gehad nie en die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1885 het ook nie groei werklik beïnvloed nie. Snelgroeiende dorpe in Sentraal-Gauteng het weens die ontdekking van goud die grootste bevolkingsgroei ondervind en ook die meeste ekonomiese aktiwiteite aangetrek.[7]

---

6 Skynbaar was die blanke bevolking redelik arm (Friedman 1994:104). In die hieropvolgende afdeling oor die swart bevolking word aangedui dat die indiensneming van swartes hoofsaaklik as huisbediendes was. Nöthling (1977:159) noem dat daar in 1903 die volgende aantal arbeidskontrakte, wat deur die munisipale paskantoor uitgereik is, bestaan het: 3,665 kontrakte vir huisbediendes; die owerheid 354; die munisipaliteit 660, en privaat ondernemings 659. Dit het net vir swartes gegeld aangesien Asiërs en Kleurlinge nie passe hoef te gehad het nie. Dié groot aantal huisbediendes sou impliseer dat ongeveer 80.0% van alle huishoudings in Pretoria huisbediendes gehad het. (Volgens Tabel 7-1 was daar 22,821 blankes in Pretoria. 'n Veronderstelde grootte van 'n huishouding van ongeveer vyf beteken dat daar 4,564 huishoudings was. Indien elke huishouding een huisbediende gehad het, is $3{,}665 \div 4{,}564 \times 100 = 80.3\%$.) Hoewel sommige huishoudings meer as een huisbediende in diens kon gehad het en die lone redelik laag was, kon die aantal blanke armes nie baie groot gewees het nie.

7 Volgens Louw (1959:38) kon Pretoria in 1955 nog nie hierdie agterstand oorkom nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Figuur 7-2, wat later weer aandag sal geniet, het die blanke woongebiede vanaf ongeveer 1902 tot 1906 'n skerp styging in die groei in oppervlakte getoon. Verskeie faktore het hiertoe aanleiding gegee. Dit was eerstens die ontwortelde blanke boere wat na die Tweede Anglo-Boereoorlog verstedelik het. Tweedens het Pretoria weer die administratiewe hoofstad geword en 'n groot aantal amptenare het hulle hier gevestig. Laastens was die militêre funksies van die toekomstige Unie ook toe reeds in Pretoria gevestig.

Die ontstaan van Pretoria kon nie aan suiwer ekonomiese redes toegeskryf word nie. Louw (1959:25-26) noem bv. dat ander grensdorpe van daardie tydperk om 'n winkel of werksplek ontstaan het. In die geval van Pretoria was dit om 'n raadsaal en kerk. Die dorpsfunksies het grootliks gesentreer om aktiwiteite wat godsdienstig en sosiaal van aard was en sekere openbare dienste soos water en regspleging is voorsien. Handelsaktiwiteite was aanvanklik beperk tot rondreisende handelaars wat hulle ware van Durban af gebring het. Die klem wat op watervoorsiening geplaas is en die relatiewe afgeslotenheid van Pretoria weens die swak verbindingsweë, dui daarop dat landbou- en tuinbou-aktiwiteite belangrik was. Die eerste fabrieksaktiwiteit was waarskynlik tuisnywerhede waar huishoudings vir eie gebruik geproduseer het. Later is 'n meule vir die maal van koring langs die Apiesrivier opgerig (Louw 1959:31-34). Ander ekonomiese aktiwiteite was 'n boekwinkel van Juta, geopen in 1874. In 1875 het die algemene handelaar T.W.Beckett gevolg en 'n jaar later 'n juwelierswinkel.

'n Lewendige drukkers- en koerantbedryf het reeds vroeg ontstaan weens die behoefte van die sentrale owerheid van die Transvaalse Republiek vir die druk van amptelike stukke. In 1863 is daar begin om die *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek* in Pretoria te druk. By hierdie drukkery is dan ook die eerste koerant, *De Republikein,* gedruk. Tot ongeveer 1910 sou verskeie publikasies volg, o.a. *De Volksstem,* die *Transvaal Argus and Commercial Gazette, The Busy B,* die *Boerenvriend, News of the Camp,* die *La Semaine* ('n weeklikse Franse koerant), die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Land en Volk, die *Transvaal Advertiser* en die *Pretoria News*.[8] Hoewel daar nie duidelikheid bestaan oor waar al dié drukkerye in die dorp gevestig was nie, kan aanvaar word dat vestiging binne die destydse grense van die dorp plaasgevind het (Behrens 1955:332-360).[9]

Hoewel daar geen werklike sprake van fabrieksontwikkeling in Pretoria tot 1910 was nie, het die Anneksasie-periode wel sekere ligte ontwikkelings gestimuleer (Jenkins 1955:362; Staatsbiblioteek 1980:195; Pretoria Municipality 1913:36).[10] Hierdie ontwikkeling het merendeels verband gehou met die instandhouding van die militêre infrastruktuur van die Britse soldate wat in Pretoria gevestig het. Na dié periode het enkele gediversifiseerde fabrieksaktiwiteite gevolg. In 1889 was die volgende fabrieke in Pretoria gevestig (Jenkins 1955:362): een grofsmid; Schillings se koeldrankfabriek (gevestig in 1885);[11] 'n boekbinder; 'n brouery (gevestig in 1886); 'n geweermaker; drie kabinetmakers; drie stoom-aangedrewe saagmeulens;[12] Hatherley se jenewerfabriek, en 'n wamakery.

---

8 Laasgenoemde koerant is die enigste van dié 19de-eeuse koerante wat tans nog bestaan.

9 Die enigste uitsondering was *News of the Camp* wat op 'n wa gedruk was in die kamp waarheen die dorpelinge verskuif is tydens die Anneksasie-periode. Die koerant het net 30 uitgawes beleef.

10 Laasgenoemde bron beskryf die ontstaan van Pretoria tot 1913. In die publikasie van 164 bladsye word slegs ongeveer 'n halwe bladsy aan die fabrieksektor afgestaan.

11 Destyds het sulke koeldrankvervaardigers as "geparfumeerde water vervaardigers" bekend gestaan.

12 Hierdie aktiwiteit word hier as fabrieksaktiwiteit beskou. Volgens die Standaardnywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese bedrywighede (SA. Sentrale Statistiekdiens 1993b:49) word kampe en kontrakteurs vir houtkappery en houtkappers wat hoofsaaklik gemoeid is met die opsaag van timmerhout en wat ruwe, ronde, bekapte, of gekloofde bos of houtgrondstowwe produseer (sub-afdeling 1220), as primêre aktiwiteit geklassifiseer. Volgens sub-afdeling 3210 (SA. Sentrale Statistiekdiens 1993b:71) is die saag en skaaf van hout deur *saag- en skaafmeulens* (eie kursivering) in die bos of elders wel as fabrieksaktiwiteit beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die beroepsverdeling in Pretoria volgens die volkstelling vir 1890, soos aangehaal deur Louw (1959:41) was: 243 werkers in diens van die sakesektor; 738 handwerklui; 54 landbouers en veeboere; 39 wat professionele dienste gelewer het; 5 in nywerhede werksaam; 301 sonder 'n bepaalde beroep, en 3,320 wat nie ekonomies bedrywig was nie. Hoewel die definisie van "handwerklui" of "nywerheid" nie beskikbaar is nie, kan aanvaar word dat baie van die mense in die sektor as handwerklui in die genoemde ligte tuisfabrieke werksaam was óf in die konstruksiebedryf. In die lig van latere ontledings vir 1913 (kyk Tabel 7-2), kan egter aanvaar word dat indiensneming in die fabrieksektor relatief min was.

In 1890 volg Van Erkom se fabriek wat sigarette, sigare en snuif vervaardig het, Kirkness se baksteenfabriek (gevestig in die huidige Groenkloof) en in 1892 die Pretoria Portland Cement Co. Ten opsigte van lg. twee ondernemings blyk dit dat die vraag na geboue-infrastruktuur en die beskikbaarheid van geskikte grondstowwe vir die vervaardiging van bakstene 'n belangrike rol in die groei van Pretoria gespeel het (Jenkins 1955:362 & 370).

Teen ongeveer 1913 was slegs 14.3%, uit 'n totaal van 1,950 ondernemings, fabrieke in Pretoria. In Tabel 7-2 word lg. persentasie, wat 278 fabrieke uitgemaak het, se verdeling volgens tipe fabriek gegee. Fabrieksaktiwiteite was grootliks gerig op die bevrediging van die onmiddellike behoeftes van die inwoners van Pretoria soos blyk uit die belangrikheid van bakkers (24.8%), kleremakers (16.5%) en skoenmakers (9.4%).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 7-2: Aantal en tipe fabrieke in Pretoria (ongeveer 1913)

Onderneming	Aantal	Verdeling (%)
Bakkers	69	24.8
Kleremakers	46	16.5
Skoenmakers	26	9.4
Grofsmede	25	9.0
Wamakers	17	6.1
Horlosiemakers	17	6.1
Drukkers	15	5.4
Koeldrankvervaardigers	11	4.0
Tabakvervaardigers	6	2.2
Saal- en tuie-vervaardigers	6	2.2
Meulenaars	6	2.2
Ysvervaardigers	6	2.2
Kabinetmakers	5	1.8
Stoffeerders	4	1.4
Slotmakers	4	1.4
Brouerye	3	1.1
Geweersmede	3	1.1
Grafsteenmakers	2	0.7
Prent-raammakers	2	0.7
Seil en afdakvervaardigers	2	0.7
Seepvervaardigers	1	0.4
Inkvervaardigers	1	0.4
Pypvervaardigers (Staal)	1	0.4
Totaal: Fabrieksektor	278	100.0
Fabrieksektor uit groottotaal		14.3
Ander	1672	85.7
Groottotaal	1950	100.0

Nota: Die aantal fabrieke is bereken volgens die inskrywings onder "Trades and Professions" (Staatsbiblioteek 1980:396-413). Alle ondernemings, hetsy vervaardiging, professionele dienste of verkoopdienste word in dié gids gelys. Dit was nie altyd duidelik of 'n onderneming wel binne die fabrieksektor geval het nie. Waar daar twyfel bestaan het, is dit nie as deel van die fabrieksektor beskou nie. Waar 'n onderneming, soos T.W. Beckett, in verskillende sektore van die ekonomie bedrywig was, word sulke ondernemings se naam herhaal by elke sektor. Dit is nie as dubbeltelling beskou nie, aangesien dit ooreenstem met die metode wat deur die Sentrale Statistiekdiens in die Sensus van Fabriekswese (SA. Sentrale Statistiekdiens 1996:4) gebruik word.

Bron: Staatsbiblioteek (1980:396-413).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraag ontstaan waar hierdie fabrieke in Pretoria gevestig het. Met enkele uitsonderings na was almal in die sentrale sakekern (SSK) van die destydse Pretoria versprei (Louw 1959:47). 'n Ontleding van die fisiese adresse[13] van die 278 ondernemings in Tabel 7-2 dui ook daarop dat 14 uit 276[14] identifiseerbare adresse, dus 5.1% van die ondernemings, nie in die SSK van Pretoria was nie.

Enkele van hierdie ondernemings wat nie in die SSK gevestig was nie, was die Union Soap Works (gevestig in 1908), die eerste fabriek in Pretoria-Wes (Jenkins 1955:366). Dit sou later tot die gekonsentreerde fabrieksgebied van Pretoria-Wes ontwikkel (kyk no. 10, Figuur 6-1). Hatherley se jenewerstokery het reeds te Eerste Fabrieken,[15] 31 km noordoos van die SSK van Pretoria (in die homogene gebied van noordoostelike Pretoria), in 1882 gevestig (Strydom 1955:283). Later het 'n glasfabriek ook by die stokery gevestig. Die Pretoria Portland Cement Co. het in 1892[16] in Pretoria gevestig, ook nie in die SSK nie, maar in Daspoort, aanliggend aan die huidige fabrieksgebied van Hermanstad.

---

13 Wat die fisiese straatadresse betref, kon dit moontlik gewees het dat die fabriek bv. in Pretoria-Wes gevestig was, maar dié adres van die administratiewe of verkoopskantoor, wat in die SSK van Pretoria gevestig was, gegee is. Die omvang van fabrieksaktiwiteit op dié tydstip en die geografiese grootte van Pretoria maak so 'n moontlikheid egter onwaarskynlik.

14 Twee ondernemings se adresse was onduidelik en kon nie bepaal word nie.

15 Hierdie stokery is deur A.H. Nellmapius opgerig en deur Pres. P. Kruger in 1883 geopen en "Volkshoop" genoem! Vestiging van die stokery het plaasgevind n.a.v. 'n konsessie, wat in werklikheid 'n drankmonopolie was - soos al die ander konsessies deur die owerheid toegeken. Die konsessie is later deur Sammy Marks oorgeneem. Die vestigingsgebied was waar die oorspronklike hoofgebou van Sammy Marks vandag nog as 'n besienswaardigheid bestaan. Eerste Fabrieken is op Figuur 6-1 noord van die N4 Snelweg na Witbank en Middelburg en oos van die gekonsentreerde fabrieksgebied Samcorpark (no. 19). Hoewel stedelike ontwikkeling reeds in 2000 nader beweeg aan die Sammy Marks-opstal, is daar nog heelwat oop grond tussen dié stedelike ontwikkeling en die Sammy Marks-opstal.

16 Volgens Figuur 7-2 was die gekonsentreerde fabrieksgebied waar die Pretoria Portland Cement Co. gevestig het eers in 1910 as 'n dorpsgebied geproklameer. Voortaan sal daar na 1910 verwys word as die vestigingsdatum.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen 1908 was daar dus 'n fabrieksgebied ten weste van die destydse SSK van Pretoria aan die ontwikkel (Louw 1959:47). Hierdie gebied is deur die Munisipaliteit Pretoria ontwikkel (kyk no. 1, Figuur 7-1; Staatsbilioteek 1980:195), maar fabrieksvestiging het baie traag verloop (Staatsbiblioteek 1980:396-413). Benewens die Union Soap Works is slegs die meulenaars, Pretoria West Flour Milling Co. se adres as Pretoria-Wes aangegee. Louw (1959:kaart 10) dui ook aan dat 'n "swaar nywerheidsgebied" by die hoofspoorwegstasie van destyds (waar dit tans nog gevestig is) bestaan het. Volgens Louw (1959:47) was dit die spoorwegwerke en dit was ook die enigste swaar fabrieksaktiwiteit in Pretoria. Dit is egter nie duidelik wat Louw met swaar fabrieksaktiwiteit bedoel nie. Dit is te betwyfel of daar enige vervaardiging plaasgevind het. Die destydse SAS & H sou eers later in 1954 'n groot werkswinkel in Koedoespoort begin (TA. GG. 2429 6/349, Gedetailleerde program van opening van werkswinkels deur Goewerneur-generaal, 14 Oktober 1954).[17] Hierdie swaar nywerheid waarna Louw verwys, was eerder waar normale onderhoudswerk, dus klein herstelwerk, aan treine gedoen is.[18]

---

17 Volgens Burger (1992:6) is die opstel van beskrywings vir argivale bronne problematies en die algemene vereistes is dat dit eenvoudig en duidelik moet wees. Dit blyk dat daar ook nie 'n eenvormige metode is nie (kyk bv. Friedman (1994) en Nöthling (1977)). Baie van die argivale bronne wat as bronverwysings in dié studie gebruik word, is ongenommerde los dokumente wat onder onderwerpsbeskrywing in 'n lêer, sg. bande, gevoeg is. Gevolglik word daar in verwysings, in afwyking van die voorstelle van Burger (1992:60-61), benewens die Argiefbewaarplek en die bandnommer, ook die aard van die dokument, bv. korrespondensie of voorlegging, en die datum gegee. Dit word ook so in die bronnelys gedoen. Dit is ook belangrik om daarop te let dat in sommige gevalle notules van bv. die Stadsbeplanningskomitee in 'n lêer van die Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme gehou word. (Dit kan ook andersom die geval wees.)

18 Volgens die Standaardnywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese bedrywighede (SA. Sentrale Statistiekdiens 1993b:149) word "onderhoud van en klein herstelwerk van spoorvoertuie" as 'n tersiêre ekonomiese aktiwiteit geklassifiseer. In teenstelling hiermee word "Die instandhouding van en herstel en verandering aan vervoertoerusting, behalwe motorvoertuie en motorfietse, ..." (SA. Sentrale Statistiekdiens 1993b:148) weer as 'n sekondêre fabrieksaktiwiteit beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

b) Ontwikkelings sedert Unie-wording

Na die skerp styging in blanke dorpsontwikkeling tot ongeveer 1906, was daar in die daaropvolgende tydperk tot na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog nie 'n wesenlike groei in dorpsontwikkeling nie (kyk Figuur 7-2). Louw (1959:48) beskryf hierdie tydperk as die van konsolidasie, aangesien opvulling van blanke woongebiede plaasgevind het. Hoewel Pretoria nou die nasionale administratiewe hoofstad geword het, het die twee wêreldoorloë en die depressiejare tot die beperkte dorpsontwikkeling bygedra. Volgens Louw (1959:53-58) het motorverkeer egter toenemend die dekonsentrasie van blanke woongebiede tot gevolg gehad. Woongebiedontwikkeling het bv. reeds in die homogene gebied van noordelike Pretoria plaasgevind,[19] so ver as die huidige Pretoria-Noord (waar die gekonsentreerde fabrieksgebied van Pretoria-Noord, no. 16, Figuur 6-1, tans gevestig is).

Die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog het egter 'n volgehoue groeineiging in dorpsontwikkeling vir blanke woongebiede ingelui. 'n Belangrike faktor wat hiertoe aanleiding sou gee, was die groter konsentrasie van staatsamptenare, werksaam by die sentrale owerheid asook in militêre aktiwiteite, en die ontwikkeling van owerheidsondernemings (Jenkins 1955:374-375). Die oppervlakte van Pretoria het ook vinnig vergroot met die inlywing van die Munisipaliteit Hercules in 1949. (Hierdie munisipale gebied lê in die omgewing van die gekonsentreerde fabrieksgebiede no.'s 6 en 7, Figuur 6-1.) Woongebiedontwikkeling in Pretoria was dus belangriker as die ontwikkeling van fabrieksgebiede. Die vernaamste rede hiervoor was dat indiensneming in Pretoria grootliks in gemeenskapsdienste plaasgevind het. Die klem op die tersiêre sektor het reeds met die verklaring van Pretoria as hoofstad van die destydse Transvaalse Republiek in 1860 begin.

---

19 In 1931, is die gebied van Innesdal ook by die Munisipaliteit Pretoria ingelyf. Die gebied van Innesdal is die suidelike gedeelte van die homogene gebied van noordelike Pretoria.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 7-2: Die kronologiese ontwikkeling van Pretoria (1896-1991)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notas en bron vir Figuur 7-2.

Notas: a) Die sleutel vir Figuur 7-2 is:

Gekonsentreerde fabrieksgebiede	————————
Asiërwoongebiede	- - - - - - - - - -
Blanke woongebiede	Grys geskakeerde gedeelte
Kleurlingwoongebied	—·—·—·—·—
Swart woongebied: Atteridgeville	— — — — —
Swart woongebied: Mamelodi	.....

b) Die ontwikkeling van die blanke woongebiede (dus dorpe; kyk nota (b) by Tabel 5-10) word teenoor die Y-as aangedui, terwyl die woongebiede van die nie-blanke bevolkingsgroepe slegs teenoor die dorpstigtingsdatum aangedui word. Die vertikale krommes dui nie die grootte van die betrokke woongebied aan nie.

c) Die syfers tussen hakies by die onderskeie gekonsentreerde fabrieksgebiede dui die persentasie-aandeel van die fabrieksgebied, soos in 1991, aan.

d) Die dorpstigtingsdatums van die onderskeie gekonsentreerde fabrieksgebiede is problematies. Drie vorme van onduidelikhede bestaan: i) 'n Gekonsentreerde fabrieksgebied kon aanvanklik as 'n woongebied geproklameer gewees het, maar deur hersonering het dit mettertyd, tot 1991, verander in 'n gekonsentreerde fabrieksgebied. 'n Tipiese voorbeeld is Hermanstad, wat as woongebied in 1876 geproklameer is. Mettertyd, veral nadat die Pretoria Portland Cement Co. in 1910 gevestig het, het die aanliggende Hermanstad toenemend 'n fabriekskarakter begin aanneem. Oor tyd het daar dus 'n gekonsentreerde fabrieksgebied tot stand gekom. Dit was ook die geval met Bellevue, wat later na Silverton verander is. Bellevue was ook van die eerste gekonsentreerde fabrieksgebiede in Pretoria (kyk Figuur 7-2). Dit was egter aanvanklik nie 'n gekonsentreerde fabrieksgebied nie, maar het net soos Hermanstad mettertyd 'n gekonsentreerde fabrieksgebied geword. Aan sulke gekonsentreerde fabrieksgebiede word, waar inligting bestaan, in die teks aandag gegee. Volgens die historiese ontwikkeling van Pretoria is Pretoria-Sentraal in werklikheid die eerste stedelike gebied waar fabrieksvestiging plaasgevind het. Dit word ook só in die teks hanteer. ii) 'n Ander probleem wat verband hou met die dorpstigtingsdatums is dat daar nie altyd duidelikheid is oor presies wanneer 'n gekonsentreerde fabrieksgebied, wat oorspronklik vir fabrieksontwikkeling beoog was, gestig is nie. Volgens die dorpslêer van die Pretoria Nywerheidsdorp is dié gekonsentreerde fabrieksgebied in 1934 geproklameer. Twee ander bronne dui egter dui egter aan dat dit in 1932 (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 3 Januarie 1953) en 1935 (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Openbare Skakelbeampte, 25 April 1963) kon gewees het. Die datums in Figuur 7-2 m.b.t. gekonsentreerde fabrieksgebiede is gevolglik min of meer 'n aanduiding wanneer so 'n dorpsgebied geproklameer is. iii) Vir Pretoria-Wes bestaan daar nie 'n dorpslêer nie. Dit is skynbaar nie 'n geproklameerde dorpsgebied nie, maar was slegs uitbreidings van Pretoria-Sentraal. Daar is aanpassings in dié verband gemaak t.o.v. grootte en die stigtingsdatum is geneem as 1910, ongeveer toe die eerste fabriek daar gevestig het.

Bron: Kyk Bylae B, Afdeling 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voor 1910 het fabrieke hoofsaaklik in die SSK van Pretoria gevestig. Die eerste gekonsentreerde fabrieksgebied in die homogene gebied van westelike Pretoria, nl. Pretoria-Wes (1910) en Pretoria Portland Cement (1910), het egter spoedig gevolg. In 1928 het Iscor ook in westelike Pretoria gevestig en in 1934 is die Pretoria Nywerheidsdorp geproklameer. In hierdie tydperk van lae woongebiedontwikkeling, tot ongeveer die Tweede Wêreldoorlog, was daar eintlik net wesenlike fabrieksgebiedontwikkeling in westelike Pretoria. Indien Figuur 7-3 (die homogene gebied van westelike Pretoria) met Figure 7-4 (noordelike Pretoria) en 7-5 (noordoostelike Pretoria) vergelyk word, blyk dit dat terwyl fabrieksontwikkeling in westelike Pretoria plaasgevind het, die grootste styging in blanke woongebiedontwikkeling weg van westelike Pretoria was, nl. in die homogene gebiede van noordelike Pretoria en noordoostelike Pretoria. Net in die geval van westelike Pretoria was die ontwikkeling van fabrieksgebiede tussen ongeveer 1927 tot 1945 belangriker as dié van woongebiedontwikkeling.

Die ander gekonsentreerde fabrieksgebiede wat voor die Tweede Wêreldoorlog gevestig is, was Daspoort 319JR en Derdepoort 326JR.[20] Laasgenoemde gebied is in die homogene gebied van noordoostelike Pretoria en is 'n grondstof-gebonde steenfabriek, terwyl die beskeie omvang van Daspoort 319JR aandui dat dit nie 'n belangrike gekonsentreerde fabrieksgebied was nie.

---

20 Volgens Figuur 7-2 was Hermanstad en Bellevue die eerste twee gekonsentreerde fabrieksgebiede. Aan beide Hermanstad en Bellevue word in nota (d) by Figuur 7-2 aandag gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 7-3: Die ruimtelike ontwikkeling van die homogene gebied van westelike Pretoria (1896-1991)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nota en bron vir Figuur 7-3.
Nota: Die persentasies verwys na die indiwiduele woongebiede en fabrieksgebiede.
Bron: Bylae B, Afdeling 6.

Met die ontwikkeling van Pretoria-Wes as gekonsentreerde fabrieksgebied is daar nou wegbeweeg van die gekonsentreerde fabrieksvestiging in die SSK van Pretoria. 'n Oënskynlike rede vir die begin van fabrieksvestiging in 'n westelike rigting, was die aanwesigheid van spoorgeriewe. Teen 1893 het die spoorlyn slegs die stasie bereik. Teen 1908 was daar reeds 'n verlenging van die spoorlyn vanaf die stasie weswaarts deur Pretoria-Wes, en daarna het dit noordwaarts in die rigting van die homogene gebied van noordelike Pretoria gedraai. In lg. gebied het die spoorlyn weer verdeel om verbindingsroetes na onderskeidelik Pietersburg en Rustenburg moontlik te maak. Die Delgoabaaispoorlyn, wat in 'n oostelike rigting deur die huidige homogene gebied van noordoostelike Pretoria loop, is teen 1893 voltooi. Dit is egter ook so dat die Delgoabaaispoorlyn moontlik fabrieksontwikkeling in die homogene gebiede van oostelike en noordoostelike Pretoria kon laat plaasvind het. Dit het nie gebeur nie. Die rol van die aanwesigheid van spoorgeriewe as vestigingsfaktor in die studiegebied, sal weer in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.2.3 (b)) aandag geniet. Later sal ook aangedui word dat die amptenare van die Munisipaliteit Pretoria westelike Pretoria deurgaans as 'n swakker stedelike gebied as die ander homogene gebiede in Pretoria beskou het. Die Munisipaliteit Pretoria het bykans 'n monopolie op die voorsiening van fabrieksgrond gehad en dié siening kon 'n rede gewees het vir die inisiële nie-SSK fabrieksvestiging wat in Pretoria-Wes plaasgevind het. Bydraend tot die siening was dit ook so dat al die nie-blanke woongebiede destyds grootliks aan die westekant van die SSK gevestig was.

Ondanks die bestaan van spoorweggeriewe meld die Stadsklerk egter in onderskeidelik 1918 en 1924 dat nog geen grond vir fabrieksvestiging in Pretoria-Wes verhuur is nie (TA. MPA. 3/3/566, Korrespondensie van die Stadsklerk, 12 Desember 1924; TA. MPA. 313/565, Korrespondensie van die Waarnemende Stadsklerk, 26

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Februarie 1918). Dit is die grond wat destyds deur die Munisipaliteit Pretoria vir fabrieksvestiging beskikbaar gestel was. In lg. skrywe meld die Stadsklerk dat met die moontlike stigting van 'n yster- en staalfabriek in Pretoria-Wes, die verwagting bestaan dat daar 'n groter vraag na fabrieksgrond sou wees.

Voor die koms van Iscor in 1928[21] was daar benewens die fabrieksvestiging in die SSK van Pretoria en die beskikbare fabrieksgrond in westelike Pretoria weinig ruimtelik-gefokusde fabrieksvestiging. Die vestiging van Iscor was 'n belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van die fabriekswese in die studiegebied (Jenkins 1955:367) en het verdere momentum gegee aan fabrieksontwikkeling in die homogene gebied van westelike Pretoria.[22] Byvoorbeeld, reeds in 1929, vyf jaar voordat Iscor met produksie sou begin, was daar 'n aansoek van die Lawton Machine Tool Company vir fabrieksgrond aanliggend aan Iscor (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 6 Junie 1929). Hierdie tipiese voorwaartse skakelingseffekte, voortvloeiend uit die vestiging van Iscor, sou 'n belangrike toekomstige invloed op die verdere ontwikkeling van westelike Pretoria uitoefen (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Stadsraad, 17 November 1931).

Hoewel daar in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.1) weer aan die institusionele vestigingsfaktore van Iscor aandag gegee sal word, was die oënskynlike inisiële vestigingsfaktor die beskikbaarheid van ystererts in die gebied wat as Pretoria Townlands[23] bekend gestaan het. Weens die beskikbaarheid van ystererts was die

---

21 Die wet (Yster en Staalnywerheidswet, no. 11 van 1928) wat die stigting van Iscor moontlik gemaak het, is in 1928 aanvaar, maar produksie het eers in 1934 begin.

22 Iscor het tot in die sewentigerjare van die twintigste eeu voortgegaan met uitbreidings en het die fabrieksontwikkeling in westelike Pretoria oorheers (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Stadsraad, 26 Maart 1970). In die negentigerjare van die is besluit om die meeste van die aktiwiteite van Iscor in Pretoria te staak.

23 Iscor is uiteindelik op hierdie grond gevestig wat in die homogene gebied van westelike Pretoria is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vervaardiging van staalprodukte deurgaans 'n moontlikheid wat deur plaaslike inwoners van Pretoria raakgesien is (Jenkins 1955:368-369; Richards 1940:283). Cornelis Delfos, wat ingenieurswerke in Andriesstraat in die laat 19de eeu besit het, het in ongeveer 1917 (Richards 1940:57) 'n konsessie verkry om dié erts te myn. Na aanvanklike eksperimentele produksielope is die South African Iron and Steel Corporation Limited in 1920 gestig. Iscor het later uit hierdie onderneming ontwikkel.[24] Die ertsreserwes wat aanvanklik geïdentifiseer was, was 'n oorskatting en die meerderheid erts wat by Iscor gesmelt is, was vanaf Thabazimbi afkomstig (Richards 1940:287).[25] Die twee ander belangrike grondstowwe, steenkool en kalksteen, was geredelik beskikbaar vanaf onderskeidelik Witbank en Marble Hall.[26]

Die vestiging van Iscor in die homogene gebied van westelike Pretoria sou die toekomstige ligging van die Pretoria Nywerheidsdorp in 1934 aandui. Die groot verwagtinge wat geskep is met die besluit om Iscor in westelike Pretoria te vestig, word verder onderstreep deur die feit dat die Munisipaliteit Pretoria reeds in 1930, twee jaar na die goedkeuring vir die stigting van Iscor, aansoek gedoen het vir die stigting van dié fabrieksgebied (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 8 Augustus 1930).

Na die stigting van die Pretoria Nywerheidsdorp het die momentum vir die stigting van fabrieksgebiede in westelike Pretoria getaan en in die algemeen in Pretoria. 'n Rede hiervoor was die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1946). Die homogene gebied van westelike Pretoria het in hierdie stadium reeds bykans 60.0% van die fabrieksgrond, soos in 1991, gehad (kyk Figuur 7-3). Teen 1946 rapporteer die Stadsklerk dat daar 'n groot skaarste aan fabrieksgrond in westelike Pretoria, en

---

24 Iscor het die bates van die South African Iron and Steel Corporation Limited oorgeneem.

25 Thabazimbi is ongeveer 250 km noord van Pretoria geleë.

26 In beide gevalle is spesiale spoorlyne na hierdie brongebiede aangelê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die algemeen in Pretoria bestaan het en word die moontlike ontwikkeling van 'n fabrieksgebied in noordoostelike Pretoria geopper (TA. MPA. 3/4/1789, Korrespondensie van die Stadsklerk, 28 Maart 1946). 'n Klein fabrieksgebied is wel in noordoostelike Pretoria (Silverton Uitbr. 1) in 1947 ontwikkel. Fabrieksgebiedontwikkeling in noordoostelike Pretoria sou egter eers grootskaals in die sestigerjare plaasvind, ondanks die bestaan van tekorte. In 1950 volg die Pretoria-Noord-fabrieksgebied in noordelike Pretoria. Hoewel lg. gebied se potensiaal vir toekomstige groei daarin geleë was dat dié gebied naby aan die swart inwoners in die aanliggende gebied was, het daar teen 1958 nie wesenlike fabrieksvestiging plaasgevind nie.[27] Dit sou eerder die latere ontwikkeling van nog fabrieksgebiede in westelike Pretoria wees wat die potensiaal van 'n gekonsentreerde swart bevolking in die aanliggende gebied sou wou benut, asook die ontwikkeling van die Rosslyn gekonsentreerde fabrieksgebied.

Die tekort aan fabrieksgrond het gedurende die veertiger- en vyftigerjare voortgeduur (TA. MPA. 3/4/1790 & 3/4/1796, Korrespondensie van die Openbare Skakelbeampte, 26 Januarie 1948 & 25 Junie 1957) en is eers in die sestigerjare met die ontwikkeling van fabrieksgebiede in noordoostelike Pretoria aangespreek. Die ontwikkeling in 1951 van Koedoespoort[28] in noordelike Pretoria, deur die Munisipaliteit Pretoria, was die eerste groot gekonsentreerde fabrieksgebied wat ver van die SSK van Pretoria gevestig is.[29] Die ontwikkeling van die fabrieksgebied volg op 'n besluit van die

---

27 Pretoria-Noord was in hierdie stadium nog 'n plaaslike owerheid, onafhanklik van die Munisipaliteit Pretoria.

28 Die ontwikkeling van Koedoespoort het nie die algehele tekorte aan fabrieksgrond opgelos nie, 'n groot vraag het steeds bestaan. Dit word geïllustreer deur die styging van 50.0% vanaf 1951 tot 1954 van die pryse van fabriekspersele in Koedoespoort (TA. MPA. 3/4/1796, Korrespondensie van die Openbare Skakelbeampte, 17 Februarie 1956).

29 In hierdie stadium was beide die genoemde fabrieksgebiede van Silverton Uitbr. 1 en dié in noordelike Pretoria, waarna in die vorige paragraaf verwys is, in stedelike gebiede wat nie onder die beheer van die destydse Munisipaliteit Pretoria geval het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stadsraad dat ligte fabrieke nie meer in die SSK mag vestig nie.[30] (Die oorsprong van dié besluit word later bespreek.) Ligte fabrieke kon uit die SSK na Koedoespoort verskuif word (TA. MPA. 1/4/8/1/4 Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 9 Oktober 1951).

Hoewel Silverton Uitbr. 1[31] reeds in noordoostelike Pretoria bestaan het, was die ontwikkeling van Koedoespoort 'n belangrike aanduiding van die geografiese rigting waarin toekomstige fabrieksgebiedontwikkeling later sou plaasvind. Dit is benewens die reeds gevestigde westelike rigting van ontwikkeling. Volgens die datums van dorpstigting was die omringende blanke woongebiede met die ontwikkeling van Koedoespoort ook reeds gevestig. In dieselfde jaar (1951) is die fabrieksgebied van Booysens ook in westelike Pretoria gevestig. Terwyl die meeste fabrieksgebiede deur die Munisipaliteit Pretoria ontwikkel is, is Booysens deur 'n private ontwikkelaar ontwikkel (TA. MPA. 1/4/1780, Korrespondensie van die Adjunk-Stadsklerk, 7 Mei 1951).

In ooreenstemming met die noordoostelike rigting van fabrieksgebiedontwikkeling volg die fabrieksgebied van Despatch in 1953. Verdere ontwikkeling in noordoostelike Pretoria het grootliks gedurende die sestigerjare plaasgevind (kyk Figuur 7-4). Waltloo, Samcorpark en verdere toevoegings tot Silverton was veral belangrik.

---

30 Oor die definisies van ligte fabrieke sal in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.2.3 (b)) aandag gegee word.

31 Kyk voetnota 29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 7-4: Die ruimtelike ontwikkeling van die homogene gebied van noordelike Pretoria (1896-1991)
(Nota en bron volg na Figuur 7-5)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 7-5: Die ruimtelike ontwikkeling van die homogene gebied van noordoostelike Pretoria (1896-1991)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nota en bron vir Figure 7-4 en 7-5.
Nota: Die persentasies verwys na die indiwiduele woongebiede en fabrieksgebiede.
Bron: Bylae B, Afdeling 6.

Na die ontwikkeling van Koedoespoort in die homogene gebied van noordelike Pretoria het verdere ontwikkeling in dié homogene gebied ook in die sestigerjare plaasgevind met die toevoeging van De Onderstepoort 300JR.

Benewens die nuwe fabrieksgebiede in noordoostelike Pretoria sou nuwe toevoegings egter weer in westelike Pretoria wees. In 1960 volg die Pretoria Town & Townlands, as 'n verdere uitbreiding van Pretoria Nywerheidsdorp, Zandfontein in 1974 en Kirkney (verskeie uitbreidings) sedert 1983. Kirkney was die grootste gekonsentreerde fabrieksgebied wat deur private ontwikkelaars ontwikkel is. Daar is in vroeër daarop gewys dat die ontwikkeling van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Pretoria-Noord ten doel gehad het om die swart arbeidsbron in die aanliggende gebied te benut. Dit het egter nie plaasgevind nie. Die nuwe ontwikkelings in westelike Pretoria het ook gepoog om die potensiële swart arbeidsbron te benut en om voordeel te haal uit 'n beoogde snelweg tussen die aanliggende gebied noord van Akasia en die N1 snelweg suid van Midrand (kyk Figuur 6-1).

Hoewel daar vanaf die sestigerjare heelwat gekonsentreerde fabrieksgebiedontwikkeling plaasgevind het, was dit blykbaar nie genoeg om in die aanvraag te voorsien nie. Tekorte gedurende die veertiger- en vyftigerjare was grootliks te wyte aan die gebrekkige ontwikkelingsbeleid van die Munisipaliteit Pretoria. Sedert die sestigerjare was dit egter nasionale beleid, o.a. die bepalings van die Wet op Fisiese Beplanning van 1967, wat veroorsaak het dat tekorte ontstaan het (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Stadsraad, 28 Februarie 1968).

Gekonsentreerde SSK vestiging in die typerk voor 1910 is gevolg deur die vestiging

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van fabrieke buite die SSK, in westelike en noordoostelike Pretoria. Tot 1991 was daar geen gekonsentreerde fabrieksgebiede in oostelike Pretoria nie. Die ontwikkeling van fabrieksgebiede het deurlopend plaasgevind in lae-inkome woongebiede. Dit was veral westelike Pretoria en noordoostelike Pretoria waarin ontwikkeling tot 1991 plaasgevind het.

2.1.2 Die swart bevolking

Die swart bevolking was tot 1991 deurlopend die tweede grootste bevolkingsgroep in Pretoria. Die ontwikkeling van die swart plaaslike owerhede Atteridgeville en Mamelodi was nie so 'n deurlopende of kontinue ontwikkeling soos wat dit in die geval van blanke woongebiede was nie (kyk Figure 7-3 en 7-5). Die trapsgewyse ontwikkeling dui eerder op ad hoc-toevoegings tot swart woongebiedontwikkeling. Daar het ook geen gekonsentreerde fabrieksgebiede in dié woongebiede bestaan nie. Dit is nie duidelik of daar wel swart fabrieksondernemers tydens die inisiële vestiging van swartes in Pretoria was nie. Volgens Friedman (1994:98) is ondernemerskap in die algemeen ernstig ondermyn deur die munisipale owerheid in Marabastad en Skoolplaatz, waarvan die ontstaan in die volgende paragrawe bespreek sal word. Dit was heel waarskynlik ook die geval tot 1991.

Die ontstaan van Mamelodi en Atteridgeville in onderskeidelik 1933 en 1935 het 'n lang aanloop gehad. Die eerste swart stedelike nedersetting in Pretoria was die sendingstasie, Skoolplaatz, wat in 1870 deur die Berlynse Sendinggenootskap gestig is (kyk no. 2, Figuur 7-1). Elke swart manlike inwoner van Skoolplaatz moes in diens gewees het van 'n blanke werkgewer in Pretoria. Indien nie, moes so 'n werknemer die sendingstasie verlaat (Friedman 1994:21). Weens 'n vinnig stygende inwonertal en oorbevolking het die sendinggenootskap die Transvaalse Republikeinse Regering in 1888 om nog grond versoek. Die versoek is toegestaan en die eerste swart woonbuurt, Marabastad, word wes van Skoolplaatz ontwikkel. Makrofragmentasie,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soos dit in 1991 bestaan het, het dus reeds in hierdie tydperk beslag begin kry (Friedman 1994:134). Marabastad sou egter onder beheer van die Transvaalse Regering wees en swartes het geen eiendomsreg gehad nie (Nöthling 1977:3-4). Weens plakkery deur swartes naby o.a. die spoorwegstasie is Marabastad in 1901 uitgebrei. Die uitbreiding sou bekend staan as Nuwe Marabastad. Weens toenemende swart verstedeliking sou toestande sodanig in Marabastad versleg dat alternatiewe woongebiede vir swartes in 1910 ondersoek is. 'n Skynbare rede wat deur die Munisipaliteit Pretoria voorgehou is, was dat 'n nuwe rioolwerke gebou moes word en dat Marabastad die aangewese ligging sou wees (Friedman 1994:130). Gevolglik is 'n gebied wat as die Nuwe Lokasie (Bantule) bekend sou staan na 'n twis tussen blanke inwoners van westelike Pretoria enersyds en die homogene gebiede van noordoostelike Pretoria en oostelike Pretoria andersyds as 'n swart woongebied aangewys. Blanke inwoners van lg. twee homogene gebiede wou nie 'n swart woongebied in hul midde hê nie. Die homogene gebied van oostelike Pretoria sou geen nie-blanke woongebied hê nie. In die geval van noordoostelike Pretoria sou die swart woongebied van Mamelodi ontwikkel word.

Die Nuwe Lokasie was geleë teen die suidelike hang van die Daspoort bergreeks, ongeveer 1.5 km noordwes van Marabastad (Ball 1968:34). Later sou swartes wat hul woonplekke in Marabastad weens die bou van die rioolwerke moes inboet, by Hoves se grond langs die Nuwe Lokasie plak. Weens te hoë huurgeld en die algemene teenkanting van die swart bevolkingsgroep teen dié nuwe woongebied, was die projek met die Nuwe Lokasie nie 'n sukses nie. Toestande in Marabastad het steeds bly versleg weens oorbevolking en swak munisipale dienste (Junod 1955:77).

Buite die destydse munisipale grense het daar nog 'n swart woongebied, Lady Selbourne, bestaan. Die woongebied is deur die destydse koloniale regering in 1905 ontwikkel. (Lady Selbourne was geleë noordwes van die gekonsentreerde fabrieksgebied no. 7, Figuur 6-1.) Swartes kon hier eiendomsreg verkry. Lady

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Selbourne het ontstaan weens die beleid van munisipale owerhede dat net die nodige swart arbeiders amptelik binne die munisipale grense toegelaat mag word. Swartes het op aanliggende gebiede net buite die munisipale grense gevestig (Smit & Booysen 1981:21). Verdere pogings om Lady Selbourne uit te brei, is geweier. Die weiering weens die beswaar van die Munisipaliteit Pretoria weerspieël die soms botsende basis waarop besluite insake swart woongebiedontwikkeling gebaseer is. Enersyds het die Munisipaliteit Pretoria beswaar teen verdere uitbreiding gemaak omdat dié woongebied nie binne die grense van die destydse Munisipaliteit Pretoria was nie en daar nie beheer oor swartes uitgeoefen sou kon word nie. Andersyds was besware weer daarop gegrond dat indien die Munisipaliteit Pretoria se gebied sou uitbrei, dus na 1930, dit tot gevolg sou hê dat nog 'n swart woongebied binne die munisipale grense sou val. Dit is as ongewens beskou (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 13 Mei 1930).

Volgens die Munisipaliteit Pretoria het 61.5% van die 19,500 swartes in die munisipale gebied in 1928 buite die woongebiede van Skoolplaatz, Marabastad en die Nuwe Lokasie gewoon. Hierdie swartes het in die stad, die munisipale en spoorwegkampong en by Roberts Hoogte[32] gewoon. Oorbevolking in die swart woongebiede was egter steeds 'n probleem en sou alleen opgelos kon word met dubbel soveel huise as wat daar in 1928 was (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die gesamentlike vergadering van die Openbare Gesondheidskomitee en van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 22 Maart 1928). 'n Behoefte aan nog swart woongebiede het gevolglik bestaan.

Oorbevolking in amptelike swart woongebiede en die probleem van swakbetaalde plaasarbeiders wat verstedelik het, het sedert 1936 plakkery in en om Pretoria toenemend 'n probleem gemaak (Ball 1968:35). Plakkery het weens 'n gebrek aan

---

32 Roberts Hoogte is die militêre hoofkwartier. Die naam het later verander na Voortrekkerhoogte en toe in 1998 na Thaba Tshwane.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

munisipale beheer in gebiede soos Mooiplaats (in die suidelike gedeelte van die homogene gebied van westelike Pretoria) en Derdepoort (in die omgewing van die gekonsentreerde fabrieksgebied no. 5, Figuur 6-1), Riverside en Eersterust voorgekom, waar sg. "kaffir farming" (Ball 1968:35) 'n winsgewende bedryf geword het. Klein erwe is sonder enige geriewe aan swartes verhuur (TA. VWN. 248 SW46/44, Verslag van die Welsynsbeampte, 18 Maart 1943). Die ligging van hierdie plakkersgebiede sou nou reeds die toekomstige ligging van formele nie-blanke woongebiede in veral die homogene gebied van noordoostelike Pretoria aandui.

Hoewel oorbevolking as 'n rede voorgehou is vir die soeke na nuwe woongebiede vir swartes, was die raadslede van die Munisipaliteit Pretoria van mening dat die inwoners van die bestaande swart woongebiede verskuif moes word na 'n ligging buite die blanke stedelike gebied. In 1928 word reeds aangedui dat die munisipale grond wes van Kwaggapoort, waar die huidige Atteridgeville geleë is, as 'n swart woongebied uitgelê moes word (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die gesamentlike vergadering van die Openbare Gesondheidskomitee en Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 22 Maart 1928). Atteridgeville is in 1935 geproklameer en die eerste inwoners uit Marabastad vestig in 1937 in dié woongebied. Die blanke woongebied van Saulsville wat aanliggend aan Atteridgeville geleë was, is in 1946 as 'n swart woongebied verklaar en die inwoners van die Nuwe Lokasie is daar gevestig.[33]

Nadat besluit is om die inwoners uit Marabastad te verskuif, was die toekomstige ontwikkeling van die woongebied beskikbaar vir herontwikkeling. Die verskuiwing het redelik lank geneem en vanaf 1937 tot 1949 is slegs driekwart van Marabastad ontruim (TA. MPA. 3/4/1790, Korrespondensie van die Stadsklerk, 25 Augustus 1949). Omstandigheidsfaktore het twee moontlike grondgebruike vir Marabastad, wat munisipale grond was, meegebring. Dit kon as 'n blanke woongebied (TA. MPA.

---

33 Die aanvanklike munisipale huise in Atteridgeville is deur blanke arbeid gebou, as deel van die munisipale beleid om nie-blanke arbeid deur blanke arbeid te vervang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3/4/1792, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 19 September 1955) of as 'n ligte fabrieksgebied aangewend word.[34] Eersgenoemde het nie werklik inslag gevind nie aangesien dit na die mening van die Stadsklerk te naby die rioolwerke en dus slegs geskik vir fabrieksontwikkeling was. Die poging van die Munisipaliteit Pretoria om dié gebied as 'n ligte fabrieksgebied te proklameer, sou egter jare neem. Die vernaamste rede hiervoor was dat die gebied eers gedeproklameer moes word om vir ander gebruike aangewend te word. Daar is in 1949 besluit om vir deproklamasie aansoek te doen (TA. MPA. 3/4/1790, Korrespondensie van die Adjunk-Stadsklerk, 21 Maart 1949), terwyl proklamasie eers in 1951 werklik plaasgevind het (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 19 September 1955). Daar was ook meningsverskil tussen die Provinsiale Administrateur en die Munisipaliteit Pretoria of lg. die mag gehad het om vir deproklamasie aansoek te doen. Na die inwinning van regsmening is met deproklamasie voortgegaan.[35]

Die oorwegende rede waarom besluit is om dit as ligte fabrieksgebied te proklameer, was egter nie omdat die gebied naby die rioolwerke geleë was nie. Ander faktore het 'n belangriker rol gespeel. Die eerste was die besluit van die Stadsraad om op grond van aanbevelings van 'n buitelandse konsultant, Holford, ligte fabrieke uit die SSK en

---

34 As ligte fabrieksgebied sou Marabastad as Kirkney bekend staan. Dié naam word weer later gebruik vir 'n fabrieksgebied wat gedurende die tagtigerjare in westelike Pretoria sou ontwikkel.

35 Die Provinsiale Administrateur was skynbaar nie in beginsel teen die ontwikkeling van 'n ligte fabrieksgebied nie, maar die probleem was regstegnies van aard. Volgens die Administrateurskennisgewing no. 461 van 1925 was die Cape Boys Location aanvanklik ingesluit by die proklamering van Marabastad. Dit was omdat daar volgens die Naturellen (Stadsgebieden) Wet (Wet no. 21) van 1923 bepaal is dat waar Kleurlinge in 'n gebied saam met swartes woon en totdat die plaaslike owerheid 'n gebied spesifiek vir dié Kleurlinge aangewys het, sulke Kleurlinge nie verskuif mag word nie en en steeds in die bestaande woongebied moes aanbly. Die deproklamasie van Marabastad is dus vertraag omdat die Stadsraad, ondanks verskeie versoeke van die stadsingenieur, geen poging aangewend het om 'n alternatiewe woongebied vir Kleurlinge te identifiseer nie. Die deproklamasie van Marabastad na ligte fabrieksgebied sou beteken dat ook die Kleurlinge verskuif moes word (TA. MPA. 3/4/1790, Korrespondensie van die Stadsingenieur, 25 Mei 1950).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veral die noordwestelike SSK te verskuif.[36] Benewens dat daar dus 'n onmiddellike vraag na grond vir die vestiging van bestaande ligte fabrieke was, was daar ook heelwat blanke aansoeke vir die vestiging van ligte fabrieke in woongebiede in noordelike Pretoria (TA. MPA. 3/4/1790, Notules van die Stadsraad, 23 Desember1948 & 25 Oktober 1950). Toestemming vir vestiging in woongebiede vir 'n tydperk van drie jaar is aan ongeveer 30 fabrieksondernemers gegee waarna vestiging in gekonsentreerde fabrieksgebiede moes plaasvind. Indien lg. nie beskikbaar was nie, was die bepaling van hervestiging na drie jaar van geen waarde nie. Nog 'n faktor was die behoefte van die Stadsraad om blanke entrepreneurskap te bevorder.[37]

Die ontwikkeling van Marabastad tot ligte fabrieksgebied het egter nooit plaasgevind nie (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Stadsraad, 28 Augustus 1958). Hoewel proklamering wel plaasgevind het, het die Munisipaliteit Pretoria nooit oorgegaan tot die volledige ontwikkeling van dié gebied[38] nie aangesien daar 'n versoek was dat ontwikkeling teruggehou moes word totdat daar duidelikheid oor die implikasies van die Wet op Groepsgebiede was. Nadat daar duidelikheid oor dié implikasies was, was die benadering om gekonsentreerde fabrieksgebiede eerder aanliggend aan nie-blanke woongebiede te plaas. Die vraag na 'n ligte fabrieksgebied is toe ook deels opgelos deur die ontwikkeling van die Koedoespoort-fabrieksgebied in 1951.

Na Atteridgeville sou Mamelodi, wat destyds as Vlakfontein bekend sou staan, deur die Munisipaliteit Pretoria ontwikkel word. Daar is reeds gewys op die plakkers in

---

36 Daar sal later aangedui word dat die noordwestelike SSK ongeveer in die gebied tussen Van der Walt- en Prinsloostrate en tussen Kerk- en Vermeulenstrate geval het.

37 Aan die aanbevelings van Holford en sommige van dié faktore word daar weer in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.2.2 (b)) aandag gegee.

38 Die Munisipaliteit Pretoria het wel kennisgewings geplaas vir die verkoop van fabriekspersele (TA. MPA. 3/4/1792, Kennisgewing no. 79 van 1954).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die homogene gebied van noordoostelike Pretoria, nl. Eersterust en Riverside. Volgens die Aktekantoor is die eerste gedeelte van Mamelodi reeds in 1933 geproklameer, maar daar het blykbaar 'n redelike tyd verloop voordat met amptelike dorpsontwikkeling begin is.[39]

Die amptelike swart woongebiede, die plakkers en die swartes woonagtig in blanke gebiede in Pretoria is opgeruim deur die inwerkingstelling van die Wet op Groepsgebiede van 1950 (Smit & Booysen 1981:74-75). In 1955 is alle inwoners uit Marabastad verwyder en is Lady Selbourne in 1958 as 'n blanke woongebied verklaar en die swart inwoners na Atteridgeville en Mamelodi verskuif (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Nie-blankesake Komitee, 29 Junie 1955). Ook plakkersgebiede, soos Mooiplaats, wat in 1955 (Junod 1955:84) steeds 'n probleem was, is opgeruim.

Die aanvanklike oppervlakte van Atteridgeville het dieselfde gebly tot 1985 (kyk Figuur 7-3), waarna daar verdere toevoegings tot die woongebied se oppervlakte gemaak is. Mamelodi het bykans dieselfde patroon gevolg (kyk Figuur 7-4), die grootste toevoeging is in 1953 gemaak en daarna bykans geen verdere toevoegings nie. Die redes hiervoor was dat woongebiede in die aanliggende gebied vir swartes, nl. Ga-Rankuwa, ontwikkel is, dat die tuislandbeleid momentum begin kry het en dat alle verdere uitbreidings aan Atteridgeville en Mamelodi in 1976 gestaak is (Smit & Booysen 1981:32).

2.1.3 Die Kleurlingbevolking

Kleurlinge wat in die laat 19de eeu nie by blanke werkgewers gewoon het nie, is

---

39 Volgens Walker *et al.* (1991:5) het die Munisipaliteit Pretoria die plaas Vlakfontein 329 JR in 1945 vir swart woongebiedontwikkeling aangekoop. Die verskil tussen die datums 1933 en 1945 is waarskynlik toe te skryf aan die proklamasie van die plaas in 1933 as woongebied en die koopdatum in 1945 deur die munisipaliteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedwing om in die suidelike deel van die Asiate-basaar te vestig, die sg. Cape Boys Location[40] (Nöthling 177:7-8; kyk no. 3, Figuur 7-1). Hoewel dié woongebied die primêre beoogde gebied vir die Kleurlinge was, het hulle teen 1951 steeds redelik verspreid in Pretoria gewoon. Lady Selbourne het bv. meer Kleurlinginwoners gehad as die Cape Boys Location. Dié Kleurlinge was hoofsaaklik handelaars[41] en vaklui wat grootliks in Sentraal-Gauteng gewerk het (Ball 1968:44). Dat Kleurlinge grootliks in Sentraal-Gauteng gewerk het, was deur die jare die geval. In 1969 dui die Stadsklerk bv. aan dat Pretoria nie 'n geskikte vestigingsplek vir Kleurlinge is nie, aangesien sektore wat dié bevolkingsgroep op groot skaal in diens neem, in Sentraal-Gauteng gevestig is (TA. MPA. 3/4/1798, Verslag van die Stadsklerk, 21 Januarie 1969).

Die gebied wat as Eersterust en Despatch bekend sou staan, is in 1906 aan 'n blanke, Wolmarans, oorgedra, wat die plaas in erwe verdeel het.[42] Enigeen kon erwe hier koop, maar hoofsaaklik Kleurlinge en swartes het hier gevestig. Dié Kleurlinge was hoofsaaklik wasgoedwassers, hoewel daar geen lopende water of sanitêre geriewe was nie (Nöthling 1977:143-145). Die plakkery by Eersterust waarna voorheen verwys is, het op hierdie terrein ontstaan. Die verspreide Kleurlinge van Pretoria is in 1958, ingevolge Groepsgebiedwetgewing, deur die Munisipaliteit Pretoria en die destydse

---

40 Die woongebied het later as die Cape Coloured Location bekend gestaan.

41 Volgens Nöthling (1977:110) het baie Kleurlinghandelaars in Marabastad handel gedryf. Dit is egter deur die Munisipaliteit Pretoria stopgesit aangesien die beginsel van woonbuurtskeiding ook op handelsbedrywighede toegepas is.

42 a) Dit was 'n gedeelte van die plaas Vlakfontein waarop hierdie woongebiede uitgelê is.

b) Volgens Nöthling (1977:143) het die naam van Despatch later verander na Riverside. Volgens 'n kaart van 1930 (SA. Kantoor van die Landmetergeneraal 1930) het beide Riverside en Despatch bestaan. Die gebied wat destyds as Riverside op die kaart voorgekom het, is vandag bekend as Jan Niemandpark, 'n gekonsentreerde fabrieksgebied (kyk no. 4, Figuur 6-1). Despatch bestaan ook steeds vandag as 'n gekonsentreerde fabrieksgebied (kyk no. 18, Figuur 6-1). (Kyk ook Junod (1955:84) se verwysing na Riverside.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Departement van Gemeenskapsontwikkeling in Eersterust hervestig (Ball 1968:44). Die vergroting van Eersterust het ook trapsgewys plaasgevind (kyk Figuur 7-4). Die belangrikste toevoeging tot hierdie gebied het in die sewentigerjare plaasgevind.

Soos tradisioneel aan die beplanning van alle nie-blanke woongebiede is Eersterust as 'n monofunksionele woongebied ontwikkel. Die skepping van werksgeleenthede, spesifiek fabriekswerksgeleenthede, was nie deel van die beplanning van die woongebied nie. In 1991 was daar egter wel 'n klein gekonsentreerde fabrieksgebied van 2.4355 ha in Eersterust. Dit is in teenstelling met die swart woongebiede van Atteridgeville en Mamelodi waar daar geen gekonsentreerde fabrieksgebiede was nie. Dié fabrieksgebied was egter nie deel van die oorspronklike beplanning van Eersterust nie (TA. MPA. 1/4/8/1/10, Verslag van die Stadsingenieur, 18 Mei 1959). Die onmiddellik aanliggende gekonsentreerde fabrieksgebiede van Despatch en Jan Niemandpark is ook nie ontwikkel om werksgeleenthede aan die inwoners van Eersterust te voorsien nie. Skynbaar was 'n belangrike rede hiervoor dat Kleurlingarbeid eerder in Sentraal-Gauteng, as in Pretoria, in diens geneem is.

Die ontstaan van dié drie gekonsentreerde fabrieksgebiede kan aan die volgende redes toegeskryf word. Eerstens het Jan Niemandpark in 1970 as 'n gekonsentreerde fabrieksgebied ontstaan weens stedelike verval van 'n blanke woongebied (TA. MPA. 3/4/1796, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 26 Maart 1970). Die nabyheid van nie-blanke woongebiede het veroorsaak dat dié woongebied toenemend vir o.a. fabrieksaktiwiteite gebruik is. Tweedens het Despatch in 1953 as gekonsentreerde fabrieksgebied ontstaan om as buffer te dien tussen nie-blanke en blanke woongebiede (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsingenieur, 18 Maart 1953). Laastens, die klein gedeelte van Eersterust wat as gekonsentreerde fabrieksgebied geproklameer was, is aanliggend aan Despatch. Met die ontwikkeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Samcorpark vir die vestiging van die Chrysler Motorkorporasie[43] is 'n spoorlyn aangelê na hierdie gekonsentreerde fabrieksgebied wat oos van Despatch geleë is. Om die spoorlyn aan te lê, is erwe in Despatch (toe reeds 'n fabrieksgebied) onteien en dit het tot gevolg gehad dat 'n gedeelte van Eersterust afgesny is van die groter gedeelte van dié woongebied (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 30 Julie 1965). Dié afgesnyde gedeelte het toe 'n gekonsentreerde fabrieksgebied geword aangesien dit aanliggend aan Despatch geleë was en nie meer aaneengeskakel was met die woongebiede van Eersterust nie. Die ontwikkeling van die drie fabrieksgebiede het dus niks te make met die skepping van werksgeleenthede vir die Kleurlinge nie. Ander faktore as werkskepping het 'n rol gespeel in die ontstaan van dié drie gekonsentreerde fabrieksgebiede. Laudium bly dus die enigste nie-blanke plaaslike owerheid waarvoor daar spesifiek met die oorspronklike beplanning van die woongebiede vir fabrieksontwikkeling voorsiening gemaak is.

Die gebrek aan werksgeleenthede in en om Eersterust is verder nie vergoed deur die aanlê van spoorgeriewe vir die inwoners van Eersterust nie. Met gebrekkige aanliggende werksgeleenthede tesame met die tendens dat Kleurlinge grootliks in Sentraal-Gauteng in diens geneem is, sou verwag word dat 'n besondere klem op spoorverbindingsroetes geplaas word. Hoewel daar in 1959 voorsiening gemaak is vir 'n spoorwegstasie by Eesrterust, was die stasie in 1963 nog nie gebou nie. Hierdie vervoerprobleem van Kleurlinge het eers weer aandag geniet met die ontwikkeling van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Waltloo. Omdat daar wel 'n spoorlyn na dié fabrieksgebied moes kom, was 'n stasie by Eersterust deel van hierdie spoorlyn (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 6 Augustus 1963).

---

43 Aan die vestiging van die Chrysler Motorkorporasie word in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.1) weer aandag gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.4 Die Asiërbevolking

In die tyd van die Transvaalse Republiek het Asiërs, met die uitsondering van die Anneksasie-periode, geen burgerskap of eiendomreg gehad nie. Slegs gedurende die Anneksasie-tydperk het Asiërs vryheid van beweging en die reg op eiendom verkry en 'n aantal Asiërs het hul in die omgewing van Van der Walt- en Prinsloostrate en tussen Kerk- en Vermeulenstrate (die noordwestelike SSK) gevestig. Na die oorwinning van die Transvalers in 1881 is wetgewing weer deurgevoer wat eiendomsreg verbied het en magte aan die regering gegee het om spesifieke woongebiede vir dié bevolkingsgroep aan te wys. Laasgenoemde wetgewing het aanleiding gegee tot verskeie hofsake oor die geldigheid van die eiendomsreg wat Asiërs tydens die Anneksasie-periode verkry het. Hierna het die regering besluit dat alle eiendomsreg verkry voor 1889 wel geldig was, terwyl die Asiate-basaar (kyk no. 4, Figuur 7-1,) in dieselfde jaar[44] as 'n Asiërwoongebied ontwikkel is (Ball 1968:45). Die Munisipaliteit Pretoria het in 1907 beheer oor die Asiate-basaar verkry (Friedman 1994:120).

Soortgelyk aan die posisie van die Kleurlinge het die Asiërs nie almal in die Asiate-basaar gaan woon nie. Drie redes kan dit verklaar. Eerstens het die Munisipaliteit Pretoria nie regtens die reg gehad om Asiërs na die Asiate-basaar te verskuif nie (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 15 Julie 1930). Tweedens blyk dit dat die Asiate-basaar nooit werklik voldoende grond vir die groeiende Asiërbevolking gehad het nie. Asiërs het tot in die vyftigerjare redelik verspreid in die ander nie-blanke woongebiede en in die omgewing van die noordwestelike SSK gevestig (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Stadsraad van die Raad, 6 Junie 1954 & Notule van die Komitee vir Nie-Blankesake, 29 Junie 1955). Derdens het Asiërs sake-ondernemings en fabrieke in o.a. die noordwestelike SSK

---

44 Nöthling (19177:5) wys daarop dat daar nie duidelikheid is oor presies wanneer die Asiate-basaar ontstaan het nie. Dit moes voor 1898 gewees het, moontlik tussen 1892 en 1893.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehad en ook op die persele gewoon.

Weens oorbevolking het woontoestande in die Asiate-basaar versleg en in 1942 het die Munisipaliteit Pretoria reeds besluit om 'n alternatiewe woongebied buite blanke Pretoria te ontwikkel. Aanvanklik was die gedagte dat die Asiërbevolking ook in die omgewing van Eersterust moes vestig (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsingenieur, 6 Julie 1954). Hiervan het egter niks gekom nie en dit was eers met die Wet op Groepsgebiede in 1950, waar die voormalige besluit om 'n alternatiewe woongebied vir die Asiërs buite blanke Pretoria te ontwikkel, momentum gekry het. In 1958 is die Asiërwoongebied van Laudium ontwikkel en in 1959 word die aanliggende woongebied van Claudius, wat reeds in 1930 as 'n beoogde swart woongebied geproklameer was, by Laudium gevoeg.[45]

Die Asiërbevolking was grootliks handelaars. Hoewel daar sedert 1936 nie meer handelslisensies aan dié groep uitgereik is nie, het daar in 1956 200 handelslisensies vir die Asiate-basaar en 75 in die res van die stad bestaan, lg. merendeels in die noordwestelike SKK. Die aantal fabrieksondernemers was ook grotendeels in die noordwestelike SSK gevestig. Die Munisipaliteit Pretoria het reeds in 1938 besluit om verdere fabrieksvestiging in die noordwestelike SSK te beperk (TA. MPA. 3/4/1798, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 18 Mei 1938)

---

45 Die aanvanklike oogmerk met Claudius, waarvoor in 1928 aansoek gedoen is, was om 'n woongebied vir swart arbeiders van Iscor te ontwikkel (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 22 Augustus 1928). Tussen die proklamasie in 1930 en 1959 het daar skynbaar geen dorpsontwikkeling plaasgevind nie. Die rede hiervoor was dat die ontwikkeling van dié gebied as 'n swart woongebied besware van die Sekretaris van Bantoesake uitgelok het. Die vernaamste besware was dat dié swart woongebied te naby aan blanke woongebiede sou wees en dat Iscor ingevolge Goewermentskennisgewing no. 1108 van 1925 self vir swart arbeid behuising moes voorsien. (Dié kennisgewing was van toepassing op die South African Iron and Steel Corporation Limited, maar is ook van toepassing op Iscor gemaak (TA. SS. R2069/93, Korrespondensie van die Sekretaris van Bantoesake, 1935).)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en toe is daar dringend gesoek na fabrieksgrond vir Asiër-ondernemers.[46] Na aanleiding van 'n versoek aan die Munisipaliteit Pretoria oor grond vir 'n Asiërklerevervaardiger, word 'n stuk grond in 1938 in die Asiate-basaar vir fabrieksvestiging uitgesit. Dié ondernemer wou sy onderneming uit die noordwestelike SSK verskuif na die Asiate-basaar (TA. MPA. 3/4/1798, Notules van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 14 Februarie 1938 & 28 April 1938). Dit is nie duidelik of fabrieksvestiging ooit op dié grond in die laat dertigerjare plaasgevind het nie, maar in die sestigerjare sou weer aan dié fabrieksgebied aandag gegee word. In 1946 is 'n aansoek deur 'n Asiërklerevervaardiger vir 'n fabrieksperseel in die Pretoria Nywerheidsdorp afgekeur omdat slegs blankes in die fabrieksgebied mag gevestig het (TA. MPA. 3/4/1790, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 27 Mei 1946). Dieselfde aansoeker, tesame met nog 'n klerevervaardiger se aansoek vir fabriekspersele in die Asiate-basaar in 1947 is weer deur die Munisipaliteit Pretoria afgekeur aangesien die Asiate-basaar herbeplan sou word. Dié herbeplanning was n.a.v. van die oorspronklike plan om 'n fabrieksgebied in die Asiate-basaar te ontwikkel (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Bantoe en Asiatiese Komitee, 25 Junie 1947). Benewens die Asiër-ondernemers wat wel oor fabriekspersele in die vyftigerjare beskik het, was daar geen verdere uitbreidingsmoontlikhede vir fabrieksontwikkeling vir Asiërs in dié jare in Pretoria nie (TA. MPA. 3/4/1793, Korrespondensie van die Stadsklerk, 19 Oktober 1956).

Die bestaan van 'n aantal Asiër-ondernemers en die vraag na fabriekspersele deur dié bevolkingsgroep het tot gevolg gehad dat 'n fabrieksgebied in die oorspronklike beplanning van Laudium en Claudius ingesluit is. Dit was die enigste nie-blanke bevolkingsgroep vir wie daar sulke voorsiening gemaak is met die ontwikkeling van nuwe woongebiede ingevolge die Wet op Groepsgebiede. Kort na die stigting van die woongebiede het 'n groot aantal aansoeke vir fabriekspersele gevolg. Uit die

---

46 Soos voorheen aangedui sou daar n.a.v. Holford se aanbevelings in 1948 besluit word om ligte fabrieke uit die SSK en noordwestelike SSK te verskuif.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aansoeke blyk dit dat die nuwe fabrieksgebied nie besonder gewild was nie. Uit 14 aansoeke het slegs vier aangedui dat hulle Laudium verkies. Die ander het steeds die Asiate-basaar verkies, hoewel die voorgenome fabrieksgebied nog nie ontwikkel was nie (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 24 Januarie 1962; TA. MPA. 34/501, Notule van die Bestuurskomitee, 27 Junie 1962). Slegs die aansoekers vir Laudium is goedgekeur. Hoewel dit nie duidelik is of die fabrieksgebied in Laudium in 1963 ten volle beset was nie, skryf die Stadsklerk dat daar te min fabriekspersele in Laudium was en dat 'n gebied in die Asiate-basaar vir o.a. fabriekspersele gebruik moes word (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Stadsklerk, 15 November 1963). Dit sou slegs vir die gebruik van Asiërs en Chinese wees. 'n Tweede rede wat aangevoer is, was dat Kleurlingarbeid, dié wat toe nog woonagtig was in die Cape Boys Location, te ver moes reis na Laudium. Derdens is as motivering voorgehou dat daar gepoog moet word om Asiërfabrieke uit blanke gebiede te verskuif (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Sekretaris van Gemeenskapsbou, 10 Januarie 1964). In 1964 doen die Munisipaliteit Pretoria dan ook aansoek vir die proklamering van die gebied vir sake- en fabrieksdoeleindes vir Asiërs en Chinese, waarna proklamasie in 1965 gevolg het (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 2 Oktober 1964). Daar was egter 'n traagheid in die afhandeling van die herbeplanning van die Asiate-basaar se fabrieksgebied. Teen 1966 kon geen aansoeke vir dié fabrieksgebied goedgekeur word nie, omdat die herbeplanning nog nie afgehandel was nie (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 15 Maart 1966).

2.1.5 Ander bevolkingsgroepe

Wat ander bevolkingsgroepe betref, was daar ook Chinese en Maleiers in Pretoria. In 1962 was bv. 122 sakeondernemings in Pretoria in Chinese besit (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 28 November 1962). Hierdie bevolkingsgroep het in die bestaande nie-blanke woongebiede, soos Lady Selbourne,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebly. Volgens Ball (1968:40) is daar ingevolge die Wet op Groepsgebiede in 1961 'n woongebied aanliggend aan Laudium vir Chinese geïdentifiseer. Dié woongebiedontwikkeling het blykbaar nooit plaasgevind nie. Juis op grond van 'n gebrek aan 'n woongebied is Chinese fabrieksondernemers toegelaat om hul fabrieke in Asiërwoongebiede te vestig (TA. MPA. 3/4/1795, Notules van die Bestuurskomitee, 28 November 1962 & 1 Augustus 1963).

Die Maleiergemeenskap, wat aanvanklik hoofsaaklik tussen die Kleurlingbevolking gewoon het, het versoek dat hulle ingevolge die Wet op Groepsgebiede in Laudium saam met die Asiërbevolking vestig (TA. MPA. 3/4/164, Korrespondensie van die Sekretaris van Gemeenskapsbou, 19 September 1961). Dié versoek was gebaseer op die religieuse ooreenkomste met die Asiërbevolking. Die versoek is egter afgekeur en die Maleiers is in Eersterust hervestig.

2.2 Centurion tot 1991

Centurion se ontstaan kan teruggevoer word na dorpstigting in 1903 op die plaas Irene, suid van Pretoria in 1903.[47] Die woongebied van Irene was tot die laat twintigerjare die grootste woongebied in die huidige Centurion en daarna volg die dorpsontwikkeling van Lyttleton Manor in 1929. Rondom hierdie twee woongebiede, wat nie 'n aaneengeskakelde stedelike ontwikkeling was nie, sou verdere groot uitbreidings in 1940 (Lyttleton Manor Uitbr. 1) en 1951 (Irene Uitbr. 1) plaasvind. Na 1951 het die dorpsontwikkeling redelik vinnig plaasgevind (kyk Figuur 7-6). Die plaaslike owerheidsfunksies van die oorspronklike woongebiede is aanvanklik deur die Transvaalse Raad op Buitestedelike Gebiede voorsien. Die ontwikkeling van 'n plaaslike owerheid vir Centurion het begin met die instel van 'n Plaaslike

---

47 Hierdie plaas het aanvanklik aan A.H. Nellmapius (kyk voetnota 15) behoort wat die westelike gedeelte van die plaas Doringkloof na sy dogtertjie, Irene, vernoem het. Die plaas Irene is later deur J.A. van der Byl gekoop, wat vir die dorpstigting verantwoordelik was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gebiedskomitee in die woongebied van Lyttleton Manor in 1945, daarna 'n Gesondheidskomitee in 1950, 'n Dorperaad in 1955 en 'n Stadsraad in 1960 (Stadsraad van Verwoerdburg 1978:5-11). Die munisipale gebied van Centurion het ontstaan met die samevoeging van al die stedelike gebiede, terwyl die laaste toevoeging die stedelike gebied van Laudium in 1993 was.

Wat ekonomiese aktiwiteite betref, is Centurion die enigste plaaslike owerheid in die studiegebied wat primêr gerig was op blanke woongebiedontwikkeling. Centurion het ontwikkel as 'n tipiese slaapdorp en ekonomiese aktiwiteite en werksgeleenthede in dié gebied was nie kenmerkend nie. In 1976 het slegs 15.2% van alle blanke werkers wat in Centurion gewoon het in dié gebied gewerk.[48] Die meeste van die werkers was in die staatsdiens of staatskorporasies (Stadsraad van Verwoerdburg 1978:58).[49] In Hoofstuk 5 (kyk Tabel 5.9) is daarop gewys dat in 1991 slegs 1.4% van die totale aantal fabriekswerkers in die studiegebied in Centurion gewerk het.

Hoewel daar reeds in 1973 'n fabrieksgebied, nl. Hennopspark Uitbr. 15, ontwikkel was, is daar in die ontwikkelingsvoorstelle van die destydse Munisipaliteit Verwoerdburg van 1978 geen melding van dié gebied gemaak nie (Stadsraad van Verwoerdburg 1978). Die grootste toevoegings tot die gekonsentreerde fabrieksgebiede het in die vroeë tagtigerjare plaasgevind (kyk Figuur 7-6). Dié toevoegings was grootliks beperk tot die ontwikkeling van die Sunderland Ridge fabrieksgebied wat nie deel was van die aaneenlopende stedelike ontwikkeling van Centurion nie (kyk Figuur 6-1). Dit is dan ook opvallend dat Sunderland Ridge aan die westekant van Centurion, in die rigting van die Atteridgeville en Laudium, ontwikkel is. Die beleid van die Munisipaliteit Centurion (Stadsraad van

---

48 Dit is uitgesonderd Laudium wat toe nog nie deel van die munisipale gebied van Centurion was nie.

49 In 1976 was bv. 7.2% van die arbeidsmag woonagtig in Centurion by Iscor werksaam (Stadsraad van Verwoerdburg 1978:60).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verwoerdburg 1978:64-65) was dat slegs ligte fabrieke, maar in die besonder sg. nywerheidsparke waarin 'n mengsel van kantoorgeboue en ligte fabrieksgeboue voorkom, in die munisipale gebied toegelaat sou word. Alle gekonsentreerde fabrieksgebiede in Centurion is dus ligte fabrieksgebiede.

Die volgende drie eienskappe van fabrieksontwikkeling in Centurion is belangrik vir die studie. Eerstens het fabrieksontwikkeling redelik laat in die ontwikkeling van dié munisipale gebied plaasgevind. Dit is in teenstelling met die ontwikkeling van fabrieksgebiede in Pretoria. Die grootste aanvanklike ontwikkeling van woongebiede het in die laat veertiger- en vroeg vyftigerjare plaasgevind. Fabrieksgebiedontwikkeling het eers met die tweede fase van wesenlike woongebiedontwikkeling in die laat sestiger- en vroeg sewentigerjare plaasgevind (kyk Figuur 7-6). Die vraag na sulke ontwikkeling was laag aangesien daar min fabriekswerkers in Centurion woonagtig was en die vraag na fabriekspersele is in elk geval deur ontwikkelinge in Pretoria bevredig.

Tweedens was die ontwikkeling van alle gekonsentreerde fabrieksgebiede oorspronklik as sulke gebiede beplan (Van der Walt 1997). Dié gebiede het nie ontstaan a.g.v. stedelike verval of om as buffergebiede tussen blanke en nie-blanke gebiede te dien nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 7-6: Die ruimtelike ontwikkeling van Centurion (1896-1991)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nota en bron vir Figuur 7-6.
Nota: Die persentasies verwys na die indiwiduele woongebiede en fabrieksgebiede.
Bron: Bylae B, Afdeling 6.

'n Derde eienskap, wat verband hou met voorgenoemde, was dat rekening nie gehou moes word met die woongebiedontwikkeling van 'n gekonsentreerde swart bevolking in die munisipale gebied nie. Waar fabrieksgebiede in Pretoria die rol van buffergebiede tussen blanke en nie-blanke woongebiede speel, was dit nie die geval in Centurion nie. Vir die sensusjare 1970, 1980 en 1991 was die aantal swartes as persentasie van die totale bevolking in Centurion onderskeidelik 17.8%, 15.0% en 14.8%. Die meeste van hierdie swartes was huisbediendes en tuinwerkers wat by blanke huishoudings ingewoon het. Daar was nie 'n vraag na swart werkers vir bv. indiensname in die fabrieksektor of ander ekonomiese sektore nie. In 1978 het die Munisipaliteit Centurion ook nie voorsien dat daar werksgeleenthede vir swart werkers in die toekoms sal ontstaan nie.

2.3 Akasia tot 1991

Akasia is die noordelikste plaaslike owerheid in die studiegebied. Die na-1993 Munisipaliteit Akasia het in werklikheid bestaan het uit drie duidelik identifiseerbare stedelike gebiede, nl. die blanke woongebied van Akasia, die gekonsentreerde fabrieksgebied van Rosslyn en die swart woongebied van Soshanguve (kyk Figuur 7-7). Elk van dié drie stedelike gebiede word vervolgens bespreek.[50]

Die blanke woongebiede wat voor 1993 die destydse Munisipaliteit Akasia gevorm het, het ontstaan uit 'n landelike gemeenskap suidoos van Rosslyn. Rosslyn het toe reeds bestaan en die vraag na blanke werkers en die afstand wat sulke werkers tussen

---

50 Aan die ontstaan van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Rosslyn is daar reeds in Hoofstuk 4 (Afdeling 4.2) aandag gegee en hier sal slegs kortliks daarna verwys word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pretoria en Rosslyn daagliks moes pendel het 'n vraag na 'n nabygeleë woongebied laat ontstaan. In 1971 is 'n plaaslike gebiedskomitee vir Akasia ingestel en in 1981 het dié komitee met die plaaslike gebiedskomitee van Rosslyn, wat reeds sedert 1966 gefunksioneer het, saamgesmelt. In 1984 het Akasia volle plaaslike owerheidstatus verkry (Munisipaliteit Akasia [S.a.]:1).

Daar bestaan geen ander gekonsentreerde fabrieksgebied, benewens dié van Rosslyn, in Akasia nie. Daar bestaan wel 'n dorpsgebied, Klerksoord, wat volgens die Munisipaliteit Akasia (Munisipaliteit Akasia [S.a.]:2) as 'n fabrieksgebied beskou kan word. By nadere ondersoek het dit egter geblyk nie 'n fabrieksgebied te wees nie, maar eerder landbouhoewes waar handelsdienste soos skrootwerwe en vervoerdienste bedryf word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 7-7: Die ruimtelike ontwikkeling van Akasia (1896-1991)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notas en bron vir Figuur 7-7.

Notas: a) Die persentasies verwys na die indiwiduele woongebiede en fabrieksgebiede.

b) Rosslyn is in 1965 amptelik as dorpsgebied geproklameer, hoewel die besluit reeds in 1960 geneem is om dié groeisentrum te ontwikkel.

Bron: Bylae B, Afdeling 6.

Die ontstaan van Soshanguve, Rosslyn en Ga-Rankuwa, lg. in die aanliggende gebied, is baie nou verweef. Ga-Rankuwa het deels ontstaan om swart werkers aan Rosslyn te voorsien.[51] Hierdie swart inwoners sou huise in Ga-Rankuwa kon besit, maar met die verkryging van selfregering vir Bophuthatswana in 1972, is besluit dat burgerskap van dié tuisland 'n voorvereiste vir grondbesit sou wees. Dit het nie-Tswanas uitgesluit en toe is daar deur die sentrale owerheid besluit om die spontane informele woongebied wat as Winterveld bekend gestaan het, te ontwikkel. Soshanguve is op 'n streng etniese basis ontwikkel vir al die nie-Tswanas wat huisvesting benodig het (Smit & Booysen 19981:76).[52] Soshanguve is uit Bophuthatswana gesny en het in blanke Suid-Afrika geval. Grootliks weens teenkanting deur die inwoners was daar ook geen swart plaaslike owerheid in Soshanguve nie en die aanvanklike bestuur is deur die destydse Departement van Ontwikkelingshulp behartig en daarna deur die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie (Mashabela 1988:138). In 1993 is Soshanguve saamgevoeg met die destydse Munisipaliteit Akasia om die na-1993 Munisipaliteit Akasia te vorm.

---

51 a) Die ontstaan van Ga-Rankuwa kan in der waarheid nog verder teruggevoer word. Met opruiming van sg. "swart kolle" in Pretoria met die implementering van die Wet op Groepsgebiede in die vyftigerjare het behuisingstekorte in Atteridgeville en Mamelodi ontstaan. Ga-Rankuwa is toe ontwikkel om hierdie behuisingstekorte te oorkom (Smit & Booysen 1981:76).

b) Volgens Mashabela (1988:138) is nog 'n rede vir die ontstaan van Soshanguve die besluit in 1976, waarna vroeër verwys is, dat daar geen verdere uitbreidings aan Atteridgeville en Mamelodi mag plaasvind nie.

52 Die naam Soshanguve is saamgestel om die etnisiteit van die verskillende swart bevolkingsgroepe te illustreer. Die samestelling was: So: Sotho; sha: Shangaan; ngu: Nguni, en ve: Venda (Mashabela 1988:138).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos in die geval van al die ander swart woongebiede in die studiegebied is daar ook nie voorsiening gemaak vir gekonsentreerde fabrieksgebiede in Soshanguve nie. Die aanliggende gekonsentreerde fabrieksgebied van Rosslyn het nuwe fabrieksgebiede onnodig gemaak. In werklikheid sou ontwikkeling van fabrieksgebiede in Soshanguve die motivering vir die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid ondergrawe.

Die gekonsentreerde fabrieksgebied van Rosslyn vorm die middelpunt van Akasia (kyk Figuur 6.1). Dié fabrieksgebied vorm 'n natuurlike buffergebied tussen die swart en blanke woongebiede. Dié bufferfunksie was nie die gevolg van doelgerigte intra-stedelike beplanning nie, maar eerder die gevolg van verskeie historiese faktore.

2.4 Midrand tot 1991

Midrand is 'n samevoeging van 'n aantal stedelike eilande in 'n landelike ontwikkelingsas tussen Noord- en Suid-Gauteng. Die twee belangrikste stedelike gebiede is Olifantsfontein (no. 31, Figuur 6-1) en Halfweghuis (no. 33 en no. 3, Figuur 6-1). Beide dié stedelike gebiede se ontstaan is te danke aan die spoor- en padvervoerroetes wat tussen Pretoria en Johannesburg aan die begin van die negentiende eeu in gebruik gestel is. Die historiese patroon van die ontwikkeling van gekonsentreerde fabrieksgebiede en woongebiede stem ooreen met die van Akasia. Fabrieksgebiede het eers ontwikkel en daarna het woongebiedontwikkeling gevolg (kyk Figuur 7-8). Dit was veral die geval met die stedelike gebied van Olifantsfontein.

Olifantsfontein het ontstaan toe Royce S. Cullinan Landsurveyors die gebied opgemeet het vir die aanlê van 'n spoorlyn tussen Pretoria en Johannesburg. 'n Groot area blou kalkklip met vuurklei is ontdek en Sir Thomas Cullinan het die plaas Olifantsfontein aangekoop en 'n pottebakkersfabriek daar opgerig. Na amalgamasie van 'n aantal ondernemings het die gekonsentreerde fabrieksgebied Clayville ontstaan (Munisipale Jaarboek 1986:215). Aanliggend aan dié gekonsentreerde fabrieksgebied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het 'n personeeldorpie ontstaan wat in besit was van die eienaars van die aanvanklike fabrieke, nl. Cullinan Refractories Bpk. (TA. TPB. 3696 TALG 16/4/1/43, Memorandum van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, 10 Maart 1964). Omdat daar nie 'n plaaslike owerheid, soos 'n Plaaslike Gebiedskomitee, vir dié stedelike gebied was nie, is die aanlê van 'n nie-blanke woongebied nie ingesluit in die stigtingvoorwaardes van Clayville nie. Pleks dat 'n woongebied vir swart werkers in Clayville ontwikkel is, het hulle in hostelle gewoon en heelwat plakkery het ook voorgekom (TA. BAO. 5689 87/313 (T) (39), Outeur onbekend, 1 Desember 1959).

Die probleem oor waar die swart werkers van Clayville moes woon, wat eintlik 'n probleem oor die beheer van dié werkers was, was sedert die vroeg vyftigerjare 'n probleem vir die verantwoordelike sentrale staatsdepartemente en plaaslike owerhede, soos die Gesondheidsraad op Buitestedelike Gebiede (TA. BAO. 5445 87/131 (T) (38), Korrespondensie van die Sekretaris van Naturellesake, 13 Februarie 1956; TA. TPB. 2157 TALG 43/17222/1, Korrespondensie van die Sekretaris van die Gesondheidsraad op Buitestedelike Gebiede, 11 September 1950). Uiteindelik sou hierdie stedelike gebied, deels weens die probleem oor waar swart werkers moes woon, wel 'n Plaaslike Gebiedskomitee kry (TA. TPB. 3696 TALG 16/4/1/43, Memorandum van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, 10 Maart 1964).

Die sg. streeklokasie van Kaalfontein (Tembisa), wat destyds onder beheer van die Germistonse munisipaliteit was, was die belangrikste swart woongebied aanliggend aan Midrand. Voortdurende uitbreidings van dié woongebied het tot plakkersgebiede, soos Ivory Park, aanleiding gegee. Die belangrikste brongebied van swart arbeid vir Midrand is Tembisa, wat in 1990 'n halfmiljoen inwoners gehad het (Workers battle without transport 1990:56).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 7-8: Die ruimtelike ontwikkeling van Midrand (1896-1991)



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Notas en bron vir Figuur 7-8.

Notas: a) Die persentasies verwys na die indiwiduele woongebiede en fabrieksgebiede.

b) Ivory Park word nie in Figuur 7-8 as 'n swart woongebied aangedui nie, hoewel dit deel is van die na-1993 Munisipaliteit Akasia. Dorpstigting het eers formeel in 1995 in Ivory Park plaasgevind, hoewel dit reeds lankal as plakkersgebied bestaan het.

Bron: Bylae B, Afdeling 6.

Halfweghuis, die ander vernaamste stedelike gebied in Midrand, het aanvanklik ontstaan as 'n rus- en uitspanplek vir koetse wat pos en passasiers tussen Pretoria en Johannesburg vervoer het. Dié gunstige ligging het veroorsaak dat Midrand mettertyd as 'n belangrike ontwikkelingsas tussen die genoemde twee stede ontwikkel het. Waar daar in die geval van Clayville grootliks op swaar fabrieke gekonsentreer is, het Halfweghuis meer ligte fabrieke aangetrek. Laasgenoemde gebied het gedurende die tagtigerjare fenominale groei ervaar.

Die Munisipaliteit Midrand het in 1981 tot stand gekom, hoofsaaklik bestaande uit die stedelike gebiede van Olifantsfontein en Halfweghuis. In 1993 is Ivory Park ook ingesluit as 'n deel van dié munisipale gebied.

3 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is aan die breë historiese tendense in intra-stedelike vestiging in die studiegebied aandag gegee. Hoewel elk van die plaaslike owerhede hul eie unieke intra-stedelike ontwikkelingspatroon gehad het, word hier gekonsentreer op breë historiese tendense wat lig werp op die nie-bereiking van die doelstellings van metropolitaanse bestuur.

Wat die verhoging van lewensgehalte betref, kan verskillende tendense in die historiese ontwikkeling van die studiegebied geïdentifiseer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerstens, met die uitsondering van Akasia en moontlik Midrand, het die fabrieksektor by geen van die plaaslike owerhede as 'n primêre ekonomiese basis vir die ontstaan van dié plaaslike owerhede gedien nie. Die munisipaliteite van Akasia en Midrand het wel die fabrieksektor as primêre basis gehad, maar daar was nie sprake van geïntegreerde intra-stedelike ontwikkeling nie. Woongebiedontwikkeling het eers gevolg na die ontstaan van die gekonsentreerde fabrieksgebiede en die ontstaan van dié na-1993 plaaslike owerhede was 'n samevoeging van los stedelike ontwikkelings.

'n Tweede tendens was dat gekonsentreerde fabrieksgebiede almal, met die uitsondering van die Asiërwoongebied van Laudium, in blanke plaaslike owerhede gevestig is. Nie-blanke plaaslike owerhede het grotendeels slaapdorpe van die blanke plaaslike owerhede gebly. Die nie-blanke inwoners se monofunksionele woongebiede is bloot beskou as brongebiede vir arbeid. Ten opsigte van die swartes was die rede hiervoor die tuislandbeleid in die aanliggende gebied en die gepaardgaande streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid. Swartes is as tydelike inwoners aanliggend aan blanke plaaslike inwoners gesien. Net die nodige swart arbeiders moes beskikbaar wees. Die moontlike invloed van fabrieksindiensneming op stedelike transformasie van stedelike inwoners is hierdeur ontken. 'n Tipiese Apartheidstad het dus ruimtelik ontwikkel met nie-blanke woongebiede aan die buite-grense van stedelike ontwikkeling.

Die tweede doelstelling het te make met die vergroting van die stedelike ekonomiese basis. Hoër vlakke van diversiteit deur multifunksionele stedelike gebiede van ekonomiese en menslike aktiwiteite moet dus verkry word. Uit die historiese intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied is drie uiteenlopende tendense te bespeur wat verband hou met die historiese omstandighede waarin die onderskeie plaaslike owerhede ontstaan het.

Ten eerste was die Munisipaliteit Pretoria die eerste plaaslike owerheid wat in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

studiegebied ontstaan het. Van die begin af was dit duidelik dat makrofragmentasie, dus die skeiding tussen bevolkingsgroepe, deel was van die gemeenskapslewe. In der waarheid is gelykheid tussen die bevolkingsgroepe reeds in die grondwet van die Transvaalse Republiek ontken. Blankes het 'n bevoorregte posisie gehad en dit deurgaans behou. Daar is ook voorsiening gemaak vir aparte woongebiede vir nie-blankes en lg. was onderhewig aan woongebied- en pasregulasies (Nöthling 1977:2, 49 & 245). Makrofragmentasie sou met die implementering van die Wet op Groepsgebiede ten volle tot uitvoering gebring word.

Wat egter belangrik was, was dat voor die ontwikkeling van die nie-blanke gebiede van Laudium, Eersterust, Atteridgeville en Mamelodi, die impak van makrofragmentasie relatief swak was, indien dit met die latere impak van makrofragmentasie vergelyk word. Indien Figuur 6-1 met Figuur 7-1 vergelyk word, is dit duidelik dat die orde-groottes i.t.v. intra-stedelike afstand heelwat kleiner is in die geval van Figuur 7-1 as dié in Figuur 6-1. Die vroeëre munisipale gebied van Pretoria toon wel vorme van multifunksionaliteit tussen ekonomiese en bevolkingsaktiwiteite. Dit was veral in die noordwestelike SSK waar Asiërs woonagtig was. Voor die Kleurlinge ook bv. in die Cape Boys Location gevestig het, het hulle verspreid in Pretoria gewoon.

Hierdie aanvanklike swak vorm van makrofragmentasie het ook aanleiding gegee tot 'n swak vorm van mikrofragmentasie, dus die skeiding tussen woon- en werksplek. Daar is in die geval van Pretoria aangedui dat fabrieke aanvanklik verspreid in Pretoria voorgekom het en dat die woon- en werksplek, soos in die noordwestelike SSK, op dieselfde perseel voorgekom het. Met die ontwikkeling van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Pretoria-Wes het 'n sterker vorm van mikrofragmentasie na vore getree. Werkers het al hoe verder weg van hul werksplek begin woon. Dit is veral duidelik in die geval van die blanke woongebiede wat aanvanklik hoë groei in die homogene gebiede van noordelike Pretoria en noordoostelike Pretoria gehad het,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

terwyl die fabrieksgebied van Pretoria-Wes ontwikkel het. Ook in die geval van Centurion is daar in die aanvanklike beplanning afsonderlike fabrieksgebiede geskep.

Hierdie mikrofragmentasie hou verband met die aard van die ontwikkeling van die fabrieksektor. In die aanvanklike ontwikkeling van dié sektor is daar gesien dat mikrofragmentasie min impak gehad het. Mettertyd, veral met die stigting van Iscor, het gekonsentreerde fabrieksgebiede meer en meer belangrik begin raak. Soos in latere hoofstukke aangedui sal word, was dit 'n natuurlike uitvloeisel van die institusionele raamwerk waarbinne intra-stedelike beplanning plaasgevind het. Vestiging van klein of ligte fabrieke het met die beklemtoning van gekonsentreerde fabrieksgebiede vir swaar fabrieke ook in gekonsentreerde fabrieksgebiede gevestig. Laasgenoemde het bv. geskied met die ontwikkeling van die Koedoespoort ligte fabrieksgebied in 1954. Hiermee is mikrofragmentasie volledig gevestig as intra-stedelike beplanningstradisie vir die blanke bevolkingsgroep.

Vir die nie-blanke bevolkingsgroepe was mikrofragmentasie 'n gegewe met die ontwikkeling van gekonsentreerde fabrieksgebiede en die implementering van die Wet op Groepsgebiede. 'n Uitsondering was die Asiërwoongebied van Laudium wat wel 'n gekonsentreerde fabrieksgebied gehad het. Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat voordat gekonsentreerde fabrieksgebiede geïdentifiseer is en voordat die Wet op Groepsgebiede geïmplementeer is, daar weinig sprake was van mikrofragmentasie vir die Asiërs. Die woon en werksplekke was nie geskei in die noorwestelike SSK van Pretoria nie. Dit sou ook die geval wees met die fabrieksgebied wat in die Asiate-basaar ontwikkel sou word.

In die geval van Pretoria was daar aanvanklik dus swakkere vorme van makro- en mikrofragmentasie wat mettertyd al hoe sterker geword het.

Die tweede tendens wat geïdentifiseer kan word, is in die geval van Centurion. Hier

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was daar nie werklik sprake van makrofragmentasie nie aangesien daar slegs een bevolkingsgroep, nl. blankes, woonagtig was. Mikrofragmentasie was egter deel van die aanvanklike beplanning van dié plaaslike owerheid. Die waarskynlikste rede hiervoor was ook weer die tydstip waarop die intra-stedelike beplanning van Centurion plaasgevind het. Die naasliggende Pretoria het reeds 'n lang tradisie van mikrofragmentasie gehad en binne dié institusionele raamwerk het beplanning in Centurion voortgegaan.

'n Verdere aspek van die gekonsentreerde fabrieksgebiede te Centurion is dat daar spesifiek voorsiening vir ligte fabrieksgebiede gemaak is. Hoewel hier dus sprake van sektorale wanpassing kon gewees het, is dit te betwyfel. Die rede vir lg. is dat Centurion 'n tipiese slaapdorp was. Indiensneming in swaar fabrieksgebiede het eerder in Pretoria plaasgevind.

Die derde tendens kan n.a.v. die ontwikkeling van die munisipaliteite van Akasia en Midrand geïdentifiseer word. Hier was sterk vorme van makro- en mikrofragmentasie maar dit het nie soseer weens doelbewuste beplanning ontstaan nie. Plaaslike owerhede het weens woongebiedontwikkelings rondom bestaande fabrieksgebiede ontstaan. Daar was dus nie 'n doelbewuste poging om makro- of mikrofragmentasie aanvanklik deel te maak van die intra-stedelike beplanning nie. Soshanguve en Ivory Park was vestigings wat plaasgevind het waarskynlik sonder die direkte inagneming van die ligging van blanke woongebiede. Soshanguve het ontstaan weens sosio-politieke redes, terwyl Ivory Park 'n verdere stedelike uitbreiding van Tembisa is.

Die derde doelstelling het te make met die gebruik van die fabrieksektor in intra-stedelike vestiging om 'n meer multifunksionele, diverse stedelike struktuur daar te stel. Uit die bespreking was dit duidelik dat die fabrieksektor slegs in die geval van die munisipaliteite van Pretoria en veral Centurion spesifiek gebruik is om die doelstelling te bereik. Dit was egter in 'n heelwat afgewaterde vorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gekonsentreerde fabrieksgebiede is wel as 'n beplanningsinstrument gebruik maar anders as wat met dié doelstelling beoog is. As beplanningsinstrument is dit eerstens slegs in blanke woongebiede, en Laudium, gebruik. Tweedens het dit eerder mikrofragmentasie beklemtoon as om multifunksionaliteit te bevorder. Toeganklikheid tot fabriekswerksgeleenthede het dus nie 'n belangrike rol vir bykans al die bevolkingsgroepe gespeel nie.

'n Verdere illustrasie van die gebruik van die fabrieksektor as beplanningsintrument was waar dié sektor as buffergebiede tussen blanke en nie-blanke woongebiede gebruik is. In die geval van westelike Pretoria is nie-blanke woongebiede geplaas aan die buite-stedelike grens sodat die gekonsentreerde fabrieksgebiede 'n buffer kon vorm. Laasgenoemde gebiede het reeds bestaan. In die geval van noordoostelike Pretoria het nie-blanke woongebiede eers ontstaan en daarna is die gekonsentreerde fabrieksgebiede tussen bestaande blanke en nie-blanke woongebiede gevestig.

Die oorgrote meerderheid gekonsentreerde fabrieksgebiede in die munisipaliteite is deur owerheidsinstellings gevestig. Slegs in enkele gevalle is fabrieksgebiede deur private inisiatief gestig. In die geval van die munisipaliteite van Pretoria en Centurion het die plaaslike owerhede die beplanningsinisiatief geneem, in Akasia die sentrale owerheid en in Midrand was dit grotendeels private inisiatief. Die plaaslike owerheid het dus 'n belangrike rol gespeel om die aard van intra-stedelike vestiging van fabrieksgebiede te bepaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8

DIE ROL VAN DIE GEMEENSKAP IN FABRIEKSVESTIGING

1 Inleiding

Volgens die een sub-benadering in die gemanipuleerde stadsbenadering, nl. die vestigingskonflik-benadering,[1] word stedelike groei en ontwikkeling as mededingende konflik tussen belangegroepe gesien. In hierdie hoofstuk word bepaal of daar wel stedelike belangegroepe in die studiegebied bestaan het wat 'n rol gespeel het in die ontstaan van die intra-stedelike fabrieksvestiging soos in 1991.

Die vraag ontstaan waarom die gemeenskap as rolspeler, teenoor die rol van die owerheid en ondernemer, eerste behandel word. Hoofstukke 8, 9 en 10 word só gerangskik n.a.v. die kronologiese verloop van Pretoria, die oudste munisipale gebied in die studiegebied se geskiedenis. Pretoria het ontstaan weens die behoefte aan 'n politieke hoofstad. Hier was eerstens 'n gemeenskap en tweedens, het aspekte van die plaaslike owerheid, soos 'n landdros, wat in 1857 aangestel is, gevolg. Die eerste handelaarsonderneming het, derdens, ook in 1857 in Pretoria gevestig (Engelbrecht 1955:7-12).

Die eksogene instellings van die gemeenskap word eerste behandel (Afdeling 2). Dié instellings was op alle bevolkingsgroepe in die studiegebied van toepassing. In

---

1 Die burokratiese benadering sal in Hoofstuk 9 (verskeie afdelings) aandag geniet. Die rede hoekom daar nie in Hoofstuk 8 aan hierdie benadering aandag gegee word nie, is dat die rol van die amptenare eerder by 'n bespreking van die owerheid tuishoort.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afdeling 3 word aandag gegee aan die endogene instellings van die gemeenskap. Sulke instellings is hoofsaaklik dié van die blanke gemeenskap. In hierdie afdelings bly die fokus op die invloed wat die gemeenskap op intra-stedelike fabrieksvestiging in die studiegebied kon gehad het. In die gevolgtrekking word die rol van die gemeenskap geëvalueer. Die slotsom is dat die gemeenskap slegs 'n partikuliere belang gehad het en nie soseer in die groter intra-stedelike fabrieksvestiging belanggestel het nie.

2 Eksogene instellings vir alle bevolkingsgroepe in die studiegebied

Volgens die Nuwe Institusionele Benadering (NIB) ontstaan eksogene instellings wanneer derde-partye instellings op die indiwidu of die gemeenskap afdwing. 'n Duidelike onderskeid tussen eksogene en endogene instellings bestaan nie altyd nie. Hieronder word daarop gewys dat wetgewing eiendomsreg verleen het aan twee basiese instellings van die blanke bevolkinsgroep met 'n eksogene en endogene oorsprong. Die endogene aard van die instellings was dat die Munisipaliteit Pretoria 'n belangrike rol moes speel om 'n voorbeeld op nasionale vlak te wees van hoe woongebiedontwikkeling van nie-blanke bevolkingsgroepe ruimtelik gestruktureer moes word (Friedman 1994:9 & 125). Die instellings was egter ook eksogeen van aard aangesien dié instellings vanaf nasionale owerheidsvlak op die gemeenskap en die Munisipaliteit Pretoria afgedwing is.

As voorbeeld van die eksogene en endogene aard van instellings skryf Botha, die oud-minister van Buitelandse Sake, namens die Pretoria Parlementêre Groep[2] in 'n vertroulike dokument aan die Munisipaliteit Pretoria se Bestuurskomitee: "Ons is tog

---

2 Die Pretoria Parlementêre Groep het bestaan uit 12 Volksraadslede en vyf Senatore van die Nasionale Party wat o.a. kiesafdelings in die studiegebied verteenwoordig het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

almal Nasionaliste en werk vir dieselfde doel en ons behoort in sake van hierdie aard mekaar by te staan" (TA. MPA. 3/4/1798, Korrespondensie van die Stadsklerk, 24 Mei 1972). Die skrywe handel oor die kwessie van fabrieksvestiging in die studiegebied en die beweging van swart werkers deur blanke woongebiede. Die groep het ook versoek dat die probleem op ministeriële vlak aandag kry.

'n Verdere voorbeeld van die interaksie tussen eksogene en endogene instellings is waar dieselfde besluitnemer op verskillende owerheidsvlakke 'n invloed kan hê. In Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1.4) is aangedui dat daar in die noordwestelike sentrale sakekern (SSK) van Pretoria heelwat fabrieksvestiging deur Asiërs plaasgevind het. In 1949 het Dr. A. Hertzog, wat beide stadsraadslid van die Munisipaliteit Pretoria en lid van die Volksraad was, beswaar aangeteken teen die fabrieksvestiging wat hier plaasgevind het (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 22 Augustus 1949). Soos in die geval van die skrywe van Botha blyk dit dat daar 'n netwerk van blanke besluitnemers op verskillende besluitnemingsvlakke in die land was. Hierdie besluitnemers het saamgestem oor die behoud en bevordering van sekere heersende blanke instellings.

Laastens het dit ook geblyk dat plaaslike owerhede eksogene instellings as verskoning gebruik het om die intra-stedelike ontwikkeling van die stad na hul wense te plooi waar dit vir sulke owerhede gerieflik was en die instelling in werklikheid endogeen van aard was. Dit blyk telkens bv. dat die Munisipaliteit Pretoria besluite geneem het wat blankes bevoordeel het en dan die Wet op Groepsgebiede as verskoning voorgehou het (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 19 Mei 1958).

Wetgewing is een vorm van die toekenning van eiendomsreg aan instellings van belangegroepe en indiwidue. Wetgewing het in verskillende vorme direk of indirek 'n invloed op die studiegebied gehad. Die twee instellings waaraan wetgewing eiendomsreg verleen het, was die blanke se behoefte aan swart arbeid en die begeerte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om te verhoed dat die blankes se oorheersende ekonomiese, sosiale en politieke posisie bedreig word (Randall soos aangehaal deur Smit & Booysen (1981:8)). Beide instellings was die dryfveer vir die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied, tot in ongeveer 1991.[3]

Uit die historiese ontwikkeling van die studiegebied is dit duidelik dat die blanke bevolking afhanklik was van swart arbeid. Weens die beperkte ekonomiese ontwikkeling in Pretoria, veral beperkte fabrieksontwikkeling aanvanklik (Friedman 1994:74), was die vraag na swart arbeid hoofsaaklik gerig op die beskikbaarheid van huisbediendes, indiensneming in die spoorweë en as munisipale werkers (Nöthling 1977:8 & 171). Die latere fabrieksvestiging in die studiegebied sou plaasvind met spesifieke inagneming van die nie-blanke woongebiede. Die vraag na nie-blanke arbeid, spesifiek swart arbeid, is egter sedert die ontstaan van die studiegebied noodwendig as 'n negatiewe gevolg van die ekonomiese ontwikkeling van dié gebied deur die blanke inwoners beskou.

Volgens North (1995:20) begin die institusionele interpretasie van langtermyn ekonomiese verandering met die veranderde inisiële omstandighede wat uiteenlopende indiwidue of gemeenskappe konfronteer. Dié omstandighede word verskillend deur indiwidue of groepe ervaar en geïnterpreteer met denkkonstruksies wat poog om die veranderde omstandighede te verstaan. Hierdie denkkonstruksies is die gevolg van die beperkte indiwiduele rasionaliteit wat 'n sentrale aanname in die NIB is. Denkkonstruksies is die instellings van indiwidue of gemeenskappe en word van geslag tot geslag as gewoontes, taboes en mites oorgedra. In 1913 word die

---

3 Volgens 'n studie (Horn, Hatting & Smit 1991:40) wat in 1990 onderneem is, het dié instellings ietwat verander. Blankes is ondervra of hulle probleme sou hê indien die SSK's van die plaaslike owerhede van Akasia, Pretoria en Centurion, asook die aanliggende nie-blanke plaaslike owerhede, (met die uitsondering van Midrand) as vrye vestigingsgebiede verklaar sou word. Ongeveer 51.0% van die blankes was ten gunste daarvan. Dit moet egter onthou word dat dit nie hier gegaan het oor die algemene oopstelling van alle stedelike gebiede nie, maar slegs die SSK's.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

denkkonstruksie wat blankes van swartes gehad het soos volg beskryf (Pretoria Municipality 1913:9): "The Kaffir ... had not been subdued by contact with civilization. His ardour had not been tamed by industrial labour", terwyl dié beeld in 1955 ook nie wesenlik verander het nie, nl. (Junod 1955:75): "The Boer has largely become an urban Afrikaner, and the *unsophisticated rural bantu* (eie kursivering) have largely become urban dwellers."

Vir doeleindes van dié studie sal gekonsentreer word op wetgewing wat in die breë nasionale verband aanvaar is en wat moontlik 'n invloed op intra-stedelike vestiging in die studiegebied kon gehad het (kyk Tabel 8-1).[4] Hoewel wetgewing 'n aanduiding gee van hoe en in watter vorm eiendomsreg aan bg. instellings verleen is, kon wetgewing nie alle fasette, uitingsvorme van dié instellings of skakerings daarvan, in eiendomsreg beliggaam nie. Wetgewing gee egter wel 'n aanduiding van die wyses waarop die eksogene blanke instellings 'n invloed op die nie-blanke bevolking kon gehad het.

---

4 Wetgewing het op verskeie gebiede binne die Suid-Afrikaanse samelewing 'n invloed gehad. In Tabel 8-1 word slegs nasionale wetgewing wat 'n invloed op die studiegebied gehad het, aangedui. Byvoorbeeld, die Wet op Myne en Bedrywe (Wet 12 van 1911) word nie genoem nie, aangesien mynbou-aktiwiteite nie belangrik in die studiegebied was nie en dié sektor ook nie streng binne die sektorale studieveld, nl. die fabrieksektor, val nie. Verder word wetgewing wat suiwer administratief van aard is nie, nie genoem nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 8-1: Wetgewing as eksogene instellings vir nie-blanke bevolkingsgroepe (tot 1991)

Wetgewing (kyk nota (a))	Ruimtelike en/of politieke implikasie (kyk nota (b))
1844: "Drie-en-dertig Artikelen" (Transvaalse Republiek)	Geen **swartes** mag, behalwe met goedkeuring van die Raad, blywend tot ongerief van blanke inwoners naby dorpe vestig nie.
1855: Transvaalse Grondwet	**Asiërs, Kleurlinge en swartes** het geen burgerskap of eiendomsreg nie. Nedersettings rondom blanke dorpe val onder beheer van dorpadministrasies.
1909: Transvaalse "Urban Areas Native Pass Act" (Wet no. 18)	'n Stadsgebied is omskryf en ook die toesig en beheer oor **swartes** in stedelike gebiede is vasgelê.
1909: Zuid-Afrika-wet	**Asiërs, Kleurlinge en swartes** het in wese geen stemreg nie. Die beheer van **swart** gemeenskappe binne munisipale grense word opgedra aan die onderskeie blanke plaaslike owerhede.
1909: Stedelike Gebiede Paswet (Wet no. 18)	Die dra van passe deur stedelike **swartes** in die twee Republieke van Transvaal en die Oranje-Vrystaat en in die Kaapse en Natalse kolonies was verpligtend.
1913: Wet op Naturellegrond (Wet no. 27)	Grond vir **swart** vestiging in die tuislande is geïdentifiseer en vestiging in plattelandse swart woongebiede kon slegs plaasvind d.m.v. 'n dienskontrak met die blanke eienaar. Swartes kon wel steeds eiendomsreg in sekere blanke gebiede bekom.
1923: Naturellen (Stadsgebieden) Wet (Wet no. 21)	**Swartes** kon nie meer eiendomsreg in blanke stedelike gebiede verkry nie en die passtelsel, waarvolgens swartes net in blanke stedelike gebiede kon wees indien hulle werk het, het van toepassing gebly. Plaaslike owerhede was ook verplig om huisvesting aan swartes in afsonderlike woongebiede te voorsien. Swart adviserende komitees vir dié woongebiede is ingestel en die komitees moes geken word by die opstel van regulasies vir die betrokke swart woongebiede deur die blanke plaaslike owerhede.
1927: Swart (Naturelle) Administrasie Wet (Wet no. 38)	Indien dit in die openbare belang was, kon die betrokke minister aanbeveel dat enige **swart** persoon na enige plek in die Republiek van Suid-Afrika verskuif word.
1930: Naturelle (Stadsgebiede) Wysigingswet (Wet no. 25)	Aandklokreëls word vir **swartes** ingestel.
1936: Ontwikkelingstrust en Grond Wet (Wet no. 18)	Die tuislande word vergroot en sg. **swart** eilande (swart gebiede omring deur blanke gebiede) word verwyder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 8-1: Wetgewing as eksogene instellings vir nie-blanke bevolkingsgroepe (tot 1991) (vervolg)

Wetgewing (kyk nota (a))	Ruimtelike en/of politieke implikasie (kyk nota (b))
1937: Wet op Stadsgebiede (Wet no. 46)	Toestromingsbeheer van **swartes** na stedelike gebiede word formeel vasgelê.
1945: Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (Wet no. 25)	Toestroming van **swartes** na blanke stedelike gebiede is streng beheer volgens die sg. artikel 10-regte en "oortollige" swartes is verwyder uit stedelike gebiede. (Alle bestaande wetgewing van toepassing op stedelike swartes is in dié wet saamgevat.) Waar indiensneming dié belangrikste oorweging vir verblyf in stedelike gebiede was, is die beskikbaarheid van huisvesting as nog 'n oorweging ingebring. Die swart adviserende komitees is behou.
1950: Wet op Groepsgebiede (Wet no. 41)	Bevorder groter woonbuurtskeiding en krotbuurtopruiming t.o.v. **alle nie-blanke bevolkingsgroepe**. (Dié wet steun op die 1945-wet, waarvolgens bepaal is dat swartes in blanke stedelike gebiede in of hostelle of 'n swart woongebied moes woon.) Vir **Asiërs en Kleurlinge** word voorsiening gemaak vir bestuursliggame vir die onderskeie woonbuurtes. Latere wysigings van die wet het vir raadplegende komitees of bestuurskomitees voorsiening gemaak.
1951: Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery (Wet no. 52)	Die wet verbied plakkery en ook die verwydering van plakkers. **(Alle nie-blanke bevolkingsgroepe)**
1952: Wysigingswet op Bantoe Wette (Wet no. 54)	Artikel 10-regte van toepassing op **swartes** is strenger gemaak.
1952: Wet op Heffings vir Swart Dienste (Wet no. 64)	Werkgewers moes 'n bydrae maak om dienste aan **swart** werknemers te verskaf. Die bydraes kon alleen gebruik word om swartes se vervoer te subsidieer en om behuising te voorsien.
1953: Wet op aanwysing van Aparte Geriewe (Wet no. 49)	Maak voorsiening vir aparte openbare geriewe en vervoer vir **alle bevolkingsgroepe**.
1954: Wet op die Hervestiging van Naturelle (Wet no. 19)	Sommige plaaslike owerhede, soos Johannesburg, was onwillig om as plaaslike besture vir swartes op te tree. Die Raad vir die Hervestiging van Naturelle kry nou die bevoegdheid om as stedelike plaaslike besture vir **swartes** op te tree en stedelike swartes kon nou ook hervestig word na swart stedelike gebiede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 8-1: Wetgewing as eksogene instellings vir nie-blanke bevolkingsgroepe (tot 1991) (vervolg)

Wetgewing (kyk nota (a))	Ruimtelike en/of politieke implikasie (kyk nota (b))
1959: Wet op die bevordering van Bantoe-selfbestuur (Wet no. 46)	Wet gee formeel beslag aan die skepping van **swart** tuislande.
1961: Wet op Stedelike Swart Rade (Wet no. 79)	**Swart** stedelike rade, bykans soortgelyk aan blanke plaaslike owerhede, kon vir swart woongebiede ingestel word of die swart adviserende komitees kon behou word.
1967: Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne (Wet no. 88)	Die aantal **swart** fabriekswerkers in die destydse Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied is beheer.
1967: Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling: Omsendbrief 27 van 1967	Voorgenome uitbreidings aan **swart** woonbuurte kon slegs met goedkeuring van betrokke owerheidsdepartemente plaasvind en geen eiendomsreg is meer toegelaat nie. Swartes kon slegs as huurders in sulke woonbuurte woon.
1970: Wet op Burgerskap van Nasionale State (Wet no. 26)	**Swartes** sou uiteindelik almal burgerskap van hul onderskeie tuislande moes verkry. Geen Suid-Afrikaanse burgerskap sou meer vir swartes geld nie.
1971: Wet op die Administrasie van Swart Sake (Wet no. 45)	Beheer en administrasie van **swartes** in blanke stedelike gebiede is weggeneem van plaaslike owerhede en sou voortaan deur Administrasierade gedoen word.
1977: Wet op Gemeenskapsrade (Wet no. 125)	Hiervolgens kon gemeenskapsrade vir **swart** woongebiede ingestel word. Dit sou die swart stedelike rade en swart adviserende rade vervang.
1978: Swart (Stedelike Gebiede) Wysigingswet (Wet no. 97)	**Swartes** wat ingevolge die artikel 10-regte daarvoor kwalifiseer, kan 99 jaar okkupasiereg in stedelike gebiede kry, maar geen volwaardige eiendomsreg nie.
1982: Wet op Swart Plaaslike Owerhede (Wet no. 192)	Die betrokke minister kon sekere **swart** gemeenskapsrade vervang met dorpsrade. Laasgenoemde sou as swart plaaslike owerhede funksioneer.
1983: Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet no. 110)	**Asiërs** en **Kleurlinge** kry verteenwoordiging in die driekamerparlement.
1984: Swart Gemeenskapsontwikkelingswet (Wet no. 4)	**Swart** Administrasierade word in Ontwikkelingsrade verander, die 99-huurpagskema word vereenvoudig en 'n wentelfonds word in die lewe geroep om ontwikkeling in swart stedelike gebiede te bevorder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 8-1: Wetgewing as eksogene instellings vir nie-blanke bevolkingsgroepe (tot 1991) (vervolg)

Wetgewing (kyk nota (a))	Ruimtelike en/of politieke implikasie (kyk nota (b))
1985: Wet op Streekdiensterade (Wet no. 109)	Streekdiensterade voorsien grootmaat plaaslike owerheidfunksies op 'n gesamentlike grondslag vir veral die **nie-blanke bevolkingsgroepe**.
1985: Wysigingswet op Wetgewing op Samewerking en Ontwikkeling (Wet no. 68)	Na aanleiding van die bekende Rikhoto-regsgeding is die artikel 10-regte van toepassing op **swartes** verander.
1986: Wysigingswet op Swart gemeenskapsontwikkeling (Wet no. 74)	**Swartes** kry eiendomsreg in swart stedelike gebiede, uitgeslote burgers van voormalige TBVC-tuislande. Vrye beweging van swartes was nou toegelaat.
1986: Wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsrade (Wet no. 75)	Ontwikkelingsrade vir **swartes** word afgeskaf en hul personeel, bates en laste is na die onderskeie provinsiale administrasies oorgedra.
1988: Wet op Vrye Vestigingsgebiede (Wet no. 103)	Sekere stedelike woongebiede was geïdentifiseer waar die verskillende bevolkingsgroepe saam kon vestig. **(Alle bevolkingsgroepe.)**
1991: Abolition of Racially Based Land Measures (Wet no. 108)	Hierdie wet het al die voormalige bevolkingsgerigte wetgewing wat mobiliteit en eiendomsreg van **nie-blanke bevolkingsgroepe** bepaal het, geskrap. (Slegs die Engelse weergawe is gepubliseer.)

Notas: a) Verskeie wysigings aan wette in Tabel 8-1 het plaasgevind. Die Wet op Groepsgebiede is bv. in 1957, 1966 en 1984 gewysig. Slegs sommige van dié wysigings word hier aangedui.

b) Die bevolkingsgroep waarop die wetgewing hoofsaaklik van toepassing was, word in swaardruk aangedui.

Bronne: Cloete (1989:234-240).
Heymans (1987).
Riekert-verslag (1979:58).
SA. Presidentsraad (1986:140-147).
SA. TRC (1998: Volume 1, Chapter 13).
Smit & Booysen (1981:13-25).

Die volgende drie tendense kan uit die historiese ontwikkeling van die wetgewing geïdentifiseer word. Eerstens is die eiendomsreg van blankes oor hul instellings oor tyd met verskeie vorme van wetgewing versterk. Die Naturelle-aangeleenthede Kommissie van 1905 het die grondslae vir rasseskeiding, en politieke ongelykhede tussen blank en nie-blank gelê. Ekonomiese ongelykheid was ook noodwendig die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolg van dié rasseskeiding en politieke ongelykhede (Heymans 1987:1). Wetgewing het in die vyftigerjare van die vorige eeu met die Wet op Groepsgebiede, die Wet op Heffings vir Swart Dienste en die Wysigingswet op Bantoewette 'n hoogtepunt bereik. Eersgenoemde wet het 'n lang aanloop van wetgewing oor woonbuurtskeiding as 'n ruimtelike beplanningsbeginsel in Suid-Afrika gevestig. Die Wet op Heffings vir Swart Dienste het deels die finansiële hulpmiddele beskikbaar gestel om die Wet op Groepsgebiede te implementeer. Die Wysigingswet op Bantoewette het beteken dat net die nodige swartes, i.t.v. die vraag na swart arbeid, in spesifieke stedelike gebiede toegelaat was. Swart mobiliteit is dus beperk en hul tydelikheid in blanke stedelike gebiede beklemtoon (Smit & Booysens 1981:21).

Tweedens is die beheer oor die nie-blanke bevolkingsgroepe vanaf sentrale owerheidsvlak na die plaaslike owerheidsvlak gedesentraliseer. Waar plaaslike owerhede nie die beheer wou oorneem nie, is wetgewing in werking gestel om deur alternatiewe owerheidsinstellings wel die oogmerk van woonbuurtskeiding te bewerkstellig.

Laastens, het die wetgewing voortdurend gepoog om die transaksiekoste van die nie-blanke bevolkingsgroepe te verhoog en die van die blankes te verlaag. Blankes se transaksiekoste is verlaag deur die sekuriteit van die eiendomsreg oor hul instellings. Blankes se instellings is gevestig as oorheersende institusionele raamwerk waarbinne ruimtelike beplanning kon plaasvind. Dit was die blanke bevolkingsgroep se instellings of denkkonstruksies wat die basis gevorm het vir die wetgewing en nie dié van die nie-blanke bevolkingsgroepe nie. Die blankes se instellings is gelegitimeer deur 'n blanke parlement d.m.v. blankes se stemreg vir blanke politieke partye.

Nie-blanke bevolkingsgroepe het nie stemreg gehad nie en was nie deel van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wetgewende bevoegdhede van die owerheid nie.[5] Nie-blanke bevolkingsgroepe kon dus nie eiendomsreg van hul instellings verkry nie. Vir dié bevolkingsgroepe was die wetgewing instellings wat eksogeen deur 'n derde party, die blanke bevolkingsgroep, op hulle afgedwing was. In die geval van die blanke bevolkingsgroep het die onvermydelike vraag na nie-blanke arbeid en die behoud van blanke waardes as instellings tot 'n wetgewende raamwerk gelei waarbinne aandag aan plaaslike aangeleenthede, soos dié in die studiegebied, gegee kon word. Die wetgewende raamwerk het die gerustelling gegee dat die genoemde blanke instellings in plek is. Vir die nie-blanke bevolkingsgroepe was dit nie die geval nie.

3 Endogene instellings van die blanke bevolkingsgroep

3.1 Metodes vir die lewering van insette

Om 'n invloed op die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied te hê, moes indiwidue en belangegroepe[6] metodes of prosedures gehad het waardeur hulle insette kon lewer. Drie metodes kan geïdentifiseer word:

- Die demokratiese proses deur te stem vir politieke verteenwoordigers op die plaaslike, provinsiale en sentrale owerheidsvlakke;

---

5 Hoewel swartes in die onderskeie tuislande stemreg gehad het en die Asiërs en Kleurlinge met die instelling van die driekamerparlement in 1984, was die stemreg nog gegrond op 'n bevolkingsklassifikasie.

6 Cloete (1993:112) maak onderskeid tussen 'n belangegroep en 'n drukgroep. 'n Belangegroep ontstaan omdat indiwidue gesamentlik wil optree, terwyl so 'n belangegroep 'n drukgroep word sodra dit begin om 'n politieke rol te speel. Dié onderskeid hang dus af van wat presies met "politieke rol" bedoel word. Hierdie onderskeid is nie werklik relevant in die NIB nie. Volgens die vestigingskonflik-benadering word die intra-stedelike ontwikkeling van 'n stedelike gebied bepaal deur verskillende belangegroepe in 'n proses van mededingende konflik. Of hulle invloed polities van aard is of nie, is nie so belangrik nie. Dit is slegs belangrik om te bepaal of belangegroepe wel 'n rol speel om die stedelike vorm te beïnvloed. Daar word gevolglik volstaan met belangegroepe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- deur gebruik te maak van belangegroepe soos die Belastingbetalersvereniging, en
- deur as indiwidue insette te lewer tot die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied.

Hoe hierdie metodes, wat in Tabel 8-2 opgesom word, gebruik was om insette te lewer, word by elk van die drie basiese doelstellings van metropolitaanse bestuur bespreek. Die drie metodes word eers kortliks bespreek.

Tabel 8-2: Metodes vir die lewering van insette

Insette t.o.v.	**Insette deur**		
	Demokratiese proses	Belangegroepe	Indiwidue
Dorpstigting	Formeel		
Dorpsaanlegskema			
Artikel 18-besware			
Ander	Informeel		

Deur middel van die **demokratiese proses** het belangegroepe soos belastingbetalersverenigings kandidate vir verkiesing tot die plaaslike owerheid gestel. Hierdie verteenwoordigers het dan óf as besluitnemers insette met die opstel van Provinsiale Ordonnansies en dorpsverorderinge gelewer óf besluite beïnvloed wat volgens dié ordonnansies en verorderinge gemaak moes word.

Alle blanke plaaslike owerheidsverkiesings, asook verkiesings vir die provinsiale en sentrale owerhede, is grootliks op party-politieke grondslag gevoer (Humphries 1988:2). Die politieke partye wat sedert 1910 die verkiesings in die studiegebied gewen het, kan t.o.v. volkere-verhoudinge grootliks beskou word as middel tot regs in die Suid-Afrikaanse politieke toneel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is egter belangriker dat, ongeag die blanke politieke party wat die plaaslike verkiesings gewen het, besluite van sulke plaaslike owerhede steeds binne die institusionele wetlike raamwerk van die sentrale owerheid, soos uiteengesit in Tabel 8-1, moes val. Hierdie raamwerk het veral sedert 1948 'n streng sentralistiese beheer oor plaaslike owerhede uitgeoefen (Bekker & Humphries 1985:3-4). Die implementering van die Wet op die Hervestiging van Naturelle in 1954 is 'n voorbeeld waar die sentrale owerheid sorg gedra het dat in die geval van onwillige plaaslike owerhede sentrale beleid wel uitgevoer is.

Hierdie metode was slegs tot beskikking van die blanke gemeenskap. In Tabel 8-1 is daar getoon dat sedert die vroegste politieke ontwikkeling in die studiegebied die nie-blanke bevolkingsgroepe geen stemreg gehad het nie. Met die implementering van die Wet op Groepsgebiede in 1950 is op plaaslike owerheidsvlak voorsiening gemaak vir Raadgewende Komitees wat later vervang sou word met Bestuurskomitees vir Kleurlinge en Plaaslike Belangekomitees vir Asiërs. Die doel met hierdie komitees was dat die betrokke bevolkingsgroepe geleidelik ervaring moes opdoen voordat volwaardige plaaslike owerhede ingestel sou word (Ismail & Mphasisha 1997:6). Dit het egter nooit gebeur nie. Lede van dié komitees was deels verkose en deels genomineer. Munisipale dienste vir hierdie Asiër- en Kleurlinggebiede is steeds deur die aanliggende blanke munisipale owerheid verskaf. Sekere magte soos die goedkeuring van bouplanne en die heffing van eiendomsbelasting is wel in die laat tagtigerjare deur die aanliggende blanke plaaslike owerheid aan sulke komitees toegeken. In die algemeen het dié komitees egter geen werklike uitvoerende magte gehad nie (Cameron 1991:49-54).

Hoewel die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 vir adviserende komitees in swart woongebiede voorsiening gemaak het, het aanliggende blanke plaaslike owerhede tot 1972 namens die Departement van Samewerking en Ontwikkeling alle aangeleenthede in swart woongebiede bestuur. Daarna is die taak oorgeneem deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Administrasierade. Plaaslike owerhede vir die swart bevolkingsgroepe is toe ingevolge die Wet op Swart Plaaslike Owerhede in 1982 ingestel. Dié wet het bepaal dat alle vorme van plaaslike owerhede, soos in die geval van die blankes, ook vir swart stedelike gebiede ingestel kon word. Die meeste swart plaaslike owerhede het eers op 1 Julie 1986 'n werklikheid geword (Brand-verslag 1989:13). In 1989 is die Administrasierade afgeskaf en die dienste is deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie verrig wat ook beheer oor die swart plaaslike owerhede uitgeoefen het. In 1989 was daar in Suid-Afrika (uitgeslote die voormalige tuislande) die volgende swart plaaslike owerhede: Stadsrade: 25; dorpsrade: 22; dorpskomitees: 199, en plaaslike owerheidskomitees: 14.

Die plaaslike owerhede vir die nie-blanke bevolkingsgroepe was nie suksesvol nie. Dié owerhede het in elk geval eers ontstaan toe die intra-stedelike ruimtelike struktuur van die studiegebied reeds gevestig was. Indien sulke plaaslike owerhede wel suksesvol was, sou hulle nie veel kon doen om dié ruimtelike struktuur te beïnvloed nie. Laasgenoemde was ook die geval met die Streekdiensterade in 1985. Dié rade het ten doel gehad om grootmaat munisipale funksies op 'n gesamentlike grondslag vir al die bevolkingsgroepe, wie se munisipaliteite in die gebied van 'n betrokke streekdiensteraad geleë was, te voorsien. Hierdie rade het in 1993 verdwyn met die skepping van metropolitaanse rade en distriksrade.

Die ander twee metodes waarvolgens die gemeenskap insette tot die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied kon maak, nl. deur **belangegroepe** en **indiwidue.** Dit is formeel moontlik gemaak deur provinsiale ordonnansies, soos die een oor Dorpe en Dorpsaanleg, Ordonnansie 11 van 1931 (SA. TPA. 1950:506).[7] Nadat besluit is om 'n dorp te stig, bepaal Artikel 33 van dié ordonnansie dat elke plaaslike

---

7 a) Hierdie ordonnansie bepaal die prosedure vir die stigting van dorpe.
b) Daaropvolgende ordonnansies wat dié ordonnansie vervang en gewysig het, het dieselfde bepalings gehad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

owerheid 'n Dorpsaanlegskema[8] moet opstel. Indien die munisipaliteit dit nie doen nie, sal die Provinsiale Administrateur dit doen op koste van die munisipaliteit. 'n Dorpsaanlegskema word gedefinieer as (SA. TPA. 1950:526):

> "... 'n gekoördineerde en harmoniese ontwikkeling van die munisipaliteit waarmee dit in verband staan (en waar nodig met inbegrip van die rekonstruksie van enige gebied daarin wat alreeds onderverdeel en bebou is) op so 'n wyse dat die gesondheid, veiligheid, orde, samelewing, gerief en algemene welsyn soveel moontlik bevorder word, met inagneming van deeglikheid en besuiniging in die proses van sodanige ontwikkeling."

Insette of besware kan gelewer word t.o.v. die besluit om 'n dorp te stig en oor die gebruiksafbakening of sonering van so 'n Dorpsaanlegskema (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 6 Junie 1960). Na die implementering van 'n Dorpsaanlegskema, kan besware ook teen wysigings van die sonering van so 'n Dorpsaanlegskema aangeteken word. Byvoorbeeld, in Artikel 11 word voorsiening gemaak vir die advertering van die aansoek om dorpstigting en dat beswaarmakers vanaf die publikasiedatum twee maande het om hul besware in te dien. Enige besware teen 'n Dorpsaanlegskema (Artikel 38*bis*) of wysiging van die Dorpsaanlegskema, in beide gevalle na advertering, word ook toegelaat. Besware teen wysigings van die Dorpsaanlegskema staan bekend as die sg. Artikel 18-besware (Munisipaliteit Pretoria 1944:15).

Benewens die wetlike prosedure kon belangegroepe en indiwidue ook die plaaslike owerheid informeel nader, dus, nie soos wetlik voorgeskryf nie, om insette oor ander stedelike aangeleenthede te lewer. Dit was veral blanke belangegroepe en indiwidue wat algemene toegang tot die plaaslike owerhede in die studiegebied gehad het en

---

8 Daar word weer in Hoofstuk 9 (Afdeling 2) aan dié skema aandag gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar was heelwat interaksie tussen die plaaslike owerhede en sulke belangegroepe en indiwidue. Die plaaslike owerhede het ook insette van sulke belangegroepe aangevra (Friedman 1994:108; TA. MPA. 3/4/1791 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 3 September 1952[9] & 13 Mei 1960). Hier het dit nie soseer verband gehou met dorpstigting, die Dorpsaanlegskema of Artikel 18-besware nie, maar eerder met plaaslike aangeleenthede soos busroetes en die bepaling van dorps- en straatname.

3.2 Die verhoging van lewensgehalte

Die **demokratiese proses** werk deur vir politieke verteenwoordigers op die plaaslike owerheidsvlak te stem. Die skrywe van Botha[10] waarna hierbo verwys is, som in 'n belangrike mate die houding op van blanke besluitnemers en die gemeenskap oor die doelstelling om lewensgehalte te verhoog (TA. MPA. 3/4/1798, Korrespondensie van die Stadsklerk, 24 Mei 1972). Dit bevestig ook die bestaan van die twee blanke instellings waaraan eiendomsreg deur nasionale wetgewing gegee is.

Die aangeleentheid in 1972 gaan oor die impak wat die ter stigte gekonsentreerde fabrieksgebied Zandfontein (dorpstigting het wel in 1974 plaasgevind; kyk no. 15, Figuur 6-1) sou hê op die getal swart werkers wat daagliks deur blanke woongebiede na dié fabrieksgebied moes pendel. Daar is voorgestel dat grond vir fabrieksvestiging

---

9 Dié bron verwys na verskeie geleenthede waar die Munisipaliteit Pretoria Die Genootskap Ou Pretoria versoek het om dorpsname vir nuwe dorpe of straatname na wysigings aan die Dorpsaanlegskema te identifiseer. Hierdie versoeke van die Munisipaliteit Pretoria word later bespreek.

10 Die bespreking van die skrywe van Botha by hierdie hoofstuk en nie by die volgende hoofstuk waarin die rol van die owerheid bespreek word nie, is gedoen om die volgende rede. Botha praat van "ons Nasionaliste" verwysende na besluitnemers, maar ook na die belange van die Nasionale Party se gemeenskap in die studiegebied. Die studiegebied was gedurende die sewentigerjare grootliks Nasionale Party georiënteerd. Hoewel Botha 'n nasionale minister was, was dit in werklikheid die belange van die plaaslike gemeenskap, deels sy kiesafdeling, vir wie hy insette lewer en wie se instellings in die skrywe weerspieël word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eerder noord van Onderstepoort, in 'n gebied wat as Bon Accord bekend staan, ontwikkel moes word (dus heelwat noord van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Pretoria-Noord; kyk no 16, Figuur 6-1).

Hoewel die onderliggende probleem die beweging van swart pendelaars deur blanke woongebiede was, is daar ook ander argumente voorgehou ter motivering van die verskuiwing van die fabrieksgebied[11] na Bon Accord. Verskuiwing sou meebring dat swart werkers daagliks nie so ver hoef te pendel nie. Die groot pendelafstande veroorsaak 'n samedromming van swartes by die Wonderboom-Poort,[12] in so 'n mate dat hulle "... hul toevlug (neem) tot die oewer van die Apiesrivier en omliggende openbare gebied wanneer hulle 'n behoefte kry." Swartes hardloop ook oor die paaie by die samedromming en hou 'n gevaar vir motoriste in. Die samedromming hou ernstige politieke implikasies vir die Nasionale Party in. Die verskuiwing van die fabrieksgebied sou dus die moontlike konflik voorkom aangesien dit 'n toename in die verkeer van swart werkers in 'n blanke woongebied sou verminder.

In dié skrywe is ook erken dat enige fabrieksontwikkeling gepaard gaan met 'n vraag na swart arbeid. Ook die beswaar van Hertzog teen Asiërs in die noordwestelike SSK van Pretoria, waarna vroeër verwys is, beklemtoon die feit dat fabrieksontwikkeling gepaard gaan met 'n konsentrasie van nie-blanke werkers. Die bestuur van dié (blanke) probleem was egter hoe blanke instellings gehandhaaf kon word. Doeltreffende metropolitaanse bestuur is bepaal vanuit die blanke institusionele raamwerk. Die lewenstandaard van swart werkers was nie belangrik nie, hoewel daar 'n verwysing was na die lang afstande wat hulle daagliks moes pendel. Laasgenoemde

---

11 Toe die aanvanklike beplanning van Zandfontein gedoen is, was dit buite die munisipale grense van die Munisipaliteit Pretoria geleë. Met die vergroting van die munisipale grense het dit nou moontlik geword om wel munisipale beheer oor die gekonsentreerde fabrieksgebied uit te oefen.

12 Wonderboom-Poort is die kloof wat die natuurlike deurgang van paaie en spoorlyne in die Magaliesberg is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

argument is slegs gebruik om die samedromming van swart werkers in blanke woongebiede te verminder.

Die eerste identifiseerbare rol wat die gemeenskap as **belangegroep** in die studiegebied gespeel het, was toe ongeveer 30 inwoners langs die Apiesrivier beswaar gemaak het dat dorpstigting, dus Pretoria, by die oorsprong van die Apiesrivier sou plaasvind (Engelbrecht 1955:5). Dié inwoners was bang dat die water uit die Apiesrivier vir landboudoeleindes deur stedelike ontwikkeling verminder sou word. Uit die beswaar van dié boeregemeenskap kan drie kenmerke geïdentifiseer word wat deurlopend 'n aanduiding gee van die rol wat gemeenskapsbelangegroepe in die studiegebied gespeel het. Dit gee ook 'n aanduiding of die verhoging van lewensgehalte 'n belangrike doelstelling in die gemeenskap se insette was.

Die eerste kenmerk het te doen met die aard van so 'n belangegroep. Stedelike belangegroepe kan ad hoc ontstaan weens die bestaan van *de facto*-grondgebruike. Die belangegroepe verdwyn mettertyd of bly voortbestaan sodra *de jure*-grondgebruike gevestig is. 'n Tipiese voorbeeld van eg. is die beswaar in 1955 teen die oprigting van 'n hotel in Sunnyside. 'n Artikel 18-beswaar is aangeteken deur 'n ad hoc-belangegroep, bestaande uit die Rektor van die Normaalkollege,[13] die Kerkraad van die NG Kerk Bronberg en 84 indiwidue. Weens dié besware is die aansoek afgekeur. Daar is egter geen verdere aanduidings dat dié belangegroep bly voortbestaan het nie (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 10 Mei 1955). Die genoemde boeregemeenskap was ook so 'n ad hoc-belangegroep.

Belangegroepe wat voortbestaan, is groepe soos belastingbetalersverenigings. Hulle waak op 'n permanente grondslag oor *de jure*-grondgebruike. Daar was bv. 16 sulke belastingbetalersverenigings in die Munisipaliteit Pretoria in 1944, terwyl 'n magdom

---

13 Die beswaar was gegrond daarop dat baie studente van die platteland kom en die aanwesigheid van 'n hotel sou toesig oor studente bemoeilik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander belangegroepe, op 'n ad hoc- en permanente basis bestaan het (TA. MPA. 3/4/1798, Korrespondensie van die Adjunk-Stadsklerk, 1 Maart 1944).[14]

'n Tweede kenmerk handel oor die fokus van belangegroepe. Belangegroepe konsentreer by uitstek op die gemeenskaps-partikuliere belang, dus die belange van dié deel van die gemeenskap wat deur die belangegroep verteenwoordig word.[15] Dit was die onmiddellike ruimtelike omgewing van die betrokke belangegroep wat van belang was (TA. MPA. 1/3/4/1/17, Notule van die Stadsraad, 21 September 1925). In die konsentrasie op die gemeenskaps-partikuliere belang was die breër gemeenskapsbelang of die lewensgehalte van alle bevolkingsgroepe in die studiegebied nie vir dié belangegroepe van belang nie. Die aard van die belangegroepe dra verder by tot hierdie gebrek aan 'n breër fokus op lewensgehalte. Dit is veral in die geval van ad hoc-belangegroepe dat daar 'n gebrek aan 'n deurlopende breë belangstelling in die lewenstandaard van die bevolking in die totale studiegebied bestaan het. Ad hoc-belangegroepe word juis daaraan gekenmerk dat hulle eerder fokus op eie partikuliere aangeleenthede en sodra daar uitsluitsel verkry word, verdwyn die belangegroep.

'n Derde kenmerk is dat dié gemeenskaps-partikuliere belang gewoonlik fokus op die afruiling tussen die belange van een belangegroep teenoor die van 'n ander

---

14 Benewens die 16 belastingbetalersverenigings was die volgende belangegroepe ook geïdentifiseer, nl. **Asiër:** District Indians Tenants Association; Enterprise Lawn Tennis Club; Navuga Cricket Club; Northern Transvaal Indian Cricket Union Pretoria; Northern Transvaal Indian Lawn Tennis Association; Pretoria Hindu Seva Samaj; Pretoria Indian Pedlars Association; Pretoria Indian Hawkers Association; Pretoria Islamic Society; Pretoria Muslim Brigade; Pretoria Muslim Council; Pretoria Tamil League; Progressive Group of Pretoria Indians; The Kavuga Mandal; Transvaal Indian Congress (Pretoria branch), en Transvaal Indian Youth Congress (Pretoria branch). **Blank:** Genootskap Ou-Pretoria; Oostelike Gebiede Inwonersvereniging; die Jopie Fourie-tak van die Waaksaamheidkomitee van Wyk 3; die Pretoria-Noord-Sentraal Eiendomeienaarsvereniging (laasgenoemde twee belangegroepe was waarskynlik ook belastingbetalersverenigings), en die Spoorweg Proteskomitee. **Kleurling:** Joint Coloured Vigilance Association. Alle **nie-blanke bevolkingsgroepe:** Lady Selbourne Vigilance Committee.

15 Die skrywe van Botha is 'n tipiese voorbeeld. Vir Botha gaan dit primêr om die belang van sy verkiesingsdistrik, Wonderboom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangegroep. Hierdie afruiling is wat die NIB as die proses van mededingende konflik beskou. Die proses van mededingende konflik het by uitstek tussen die blanke bevolkingsgroep en die nie-blanke bevolkingsgroepe plaasgevind. Mededingende konflik het egter ook onderling tussen belangegroepe binne dieselfde bevolkingsgroep plaasgevind. Laasgenoemde het soms by die blanke bevolkingsgroep plaasgevind, waar beswaar gemaak word teen die vestiging van lae-inkome groepe in of aanliggend aan woongebiede van hoër-inkome groepe. In 1926 het die Wes Einde Belastingbetalersvereniging (die waarskynlike voorloper van die Pretoria-Wes Belastingbetalersvereniging) beswaar gemaak teen die plasing van munisipale behuising vir arm blankes in Pretoria-Wes. Hul argumente was dat die oprigting van die huise die waarde van hul huise sou verlaag. 'n Verdere opvallende argument is dat die huise vir die armes swak geleë was t.o.v. 'n vullishoop en die swart woongebiede (TA. MPA. 1/3/4/1/18, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 16 Januarie 1926). Nog 'n voorbeeld hiervan is die beswaar wat die Innesdale Noord-wes Belastingbetalersvereniging gemaak het teen die plasing van ekonomiese behuising in die woongebied van Villiera, i.p.v. 'n natuurtuin. Die beswaar is gehandhaaf en die natuurtuin is aangelê (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsraad, 18 Februarie 1956).

Die boeregemeenskap, 'n illustrasie van mededingende konflik binne in 'n bevolkingsgroep, het besware gehad teen dorpstigting.[16] Waar hulle hier teen blanke dorpstigting beswaar gemaak het, was die gevalle wat identifiseerbaar was, eerder dat blanke belangegroepe teen swart dorpstigting beswaar gemaak het.[17] Byvoorbeeld, in 1931 het die Pretoria-Wes Belastingbetalersvereniging beswaar gemaak teen die

---

16 Uiteraard was daar nog nie 'n wetlike raamwerk waarbinne die boeregemeenskap opgetree het nie. Die wetlike raamwerk sou later volg d.m.v. die Provinsiale Ordonnansies.

17 Dit moet in gedagte gehou word dat, soos in die geval van indiwiduele insette wat later bespreek word, blanke woongebiede nie in die algemeen blootgestel was aan nie-blanke woongebiede nie. Die rede was dat nie-blanke woongebiede eerder gekonsentreerde eilande in die studiegebied was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling van Bantule en die verdere ontwikkeling van Atteridgeville moes onmiddellik gestaak word (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 14 Junie 1931). Hierdie swart woongebiede was in die onmiddellike omgewing van dié vereniging. Dit was ook die geval waar die gebied wes van Hercules, o.a. die toekomstige gekonsentreerde fabrieksgebied van Zandfontein, as Asiërwoongebied deur die Munisipaliteit voorgestel is (TA. MPA. 3/4/501, Spesiale vergadering van die Komitee vir Nie-blanke Sake, 26 Januarie 1956). Die besware van die Hercules Belastingbetalersvereniging was dat Hercules die enigste woongebied vir arm blankes was en geen ander uitbreidingsmoontlikhede in die studiegebied, in daardie stadium, vir arm blankes bestaan het nie. 'n Verdere rede was dat Asiërhandelaars die arm blankes sou uitbuit.

Ten opsigte van die Dorpsaanlegskema het die posisie van die arm blankes teenoor nie-blankes weer ter sprake gekom. Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie het verstaan dat Schoolplaats se swartes verskuif gaan word en het versoek dat die gebied gebruik word vir behuising vir arm blankes. Dit volg nadat daar in 1928 'n aanduiding van die plaaslike owerheid gegee is dat Bantule en Atteridgeville ontwikkel gaan word (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Stadsraad, 8 Februarie 1931).

Die gemeenskaps-partikuliere belang en waar swart woongebiede moes vestig, was 'n deurlopende tema in die insette van belangegroepe. Die gemeenskaps-partikuliere belang was so oorheersend dat dit selfs binne dieselfde bevolkingsgroep neerslag gevind het. Dit is 'n baie streng toepassing van dié belang.

Insette gaan egter nie net oor besware van belangegroepe nie. In sommige gevalle het die plaaslike owerhede met belangegroepe in aanraking gekom oor veral die Artikel 18-besware (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 5 Mei 1958). Waar die plaaslike owerheid nie 'n oortuigende argument ingevolge die bestaande Dorpsaanlegskema vir of teen 'n aansoek kon formuleer nie, is relevante

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

blanke belangegroepe versoek om hul insette te lewer (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 13 Mei 1960).

Indiwidue se insette tot die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied was grootliks die Artikel 18-besware. Die besware was teen 'n verandering van die Dorpsaanlegskema, dus nadat dié skema reeds geïmplementeer is. Uit die beskikbare inligting was daar 752 aansoeke vir wysigings aan die Dorpsaanlegskema in Pretoria.[18] Slegs 99, dus 13.1%, van die aansoeke het besware tot gevolg gehad en 444 indiwidue was betrokke as beswaarmakers. Aangesien die Munisipaliteit Pretoria die grootste en oudste plaaslike owerheid in die studiegebied is, is dit te betwyfel of die tendens anders in die meer onlangse plaaslike owerhede in die studiegebied sou wees. Uit die besware en weens die spesifieke aard van Artikel 18-besware is dit duidelik dat indiwidue slegs in hul partikuliere belang, belang gestel het. Dit is soortgelyk aan die besware of insette van belangegroepe. Belangegroepe dien egter die gesamentlike belang van 'n groot aantal indiwidue.

Vir indiwidue en belangegroepe is partikuliere belang oorheersend. Volgens die NIB ontstaan die instellings van indiwidue oor hul siening van die werklikheid juis uit hul plaaslike ervaring (North 1995:18). Indiwidue, as lede van die gemeenskap, stel nie belang in wat in die groter plaaslike owerheid intra-stedelik gebeur nie, maar fokus eerder op hul onmiddellike omgewing. Dit is waarom indiwidue grotendeels beswaar gemaak het teen veranderings van die Dorpsaanlegskema nadat dit geïmplementeer is en nie voor implementering nie.

Verder, volgens die NIB, is die indiwidu ook nie rasioneel nie en beskik nie oor volmaakte inligting nie. Die inligting oor intra-stedelike ontwikkelings is verwyderd

---

18 Dié inligting is verkry uit al die verskillende notules wat in die Transvaalse Argief deurgewerk is. Kyk voetnota 1 in Hoofstuk 7 vir 'n beskrywing van die bronne wat gebruik is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die indiwidu se onmiddellike omgewing of is nie beskikbaar nie. Selfs inligting oor die wysigings aan die Dorpsaanlegskema in die onmiddellike omgewing bereik inwoners nie. Inwoners maak bv. beswaar oor die onopsigtelike wyse waarop kennisgewings, wat 'n voorgenome wysiging van die Dorpsaanlegskemas aandui, op die betrokke perseel en in koerante geplaas word en nie werklik deur die gemeenskap raakgesien word nie (TA. MPA. 1/4/8/1/8, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 18 Maart 1957). Gevolglik kan besluitneming nie daaroor plaasvind nie.

'n Verdere rede hoekom indiwidue eerder op hul onmiddellike ruimtelike omgewing konsentreer, is dat negatiewe eksternaliteite 'n verandering in die gebruiks- en ruilwaarde van hul eie grond, dus perseel, tot gevolg kan hê. Dit is grootliks die onmiddellike ruimtelike omgewing wat van belang is. Gekonsentreerde fabrieksgebiede en nie-blanke woongebiede is ruimtelik verwyderd van die meeste blanke woongebiede (kyk Figuur 6-1).[19] Vir 'n indiwidu is die ekonomiese en sosiale aktiwiteite wat in dié twee tipe stedelike gebiede aangaan van geen spesifieke belang nie. Die lewenstandaard wat hier gehandhaaf word, raak sy eie nie direk nie en is vir die indiwidu onbelangrik, ongeag die bevolkingsgroep wat geraak word. Intra-stedelike verandering wat nie die gebruiks- en ruilwaarde van hul grond verander nie, is nie vir indiwidue belangrik nie.

Hoewel belangegroepe en indiwidue beide op die onmiddelike ruimtelike omgewing fokus en onderskeidelik die gemeenskaps of die indiwidu se partikuliere belang bevorder, is daar 'n klemverskil tussen die insette of besware wat hulle lewer. Die klemverskil is geleë in die omvang van die intra-stedelike gebied waarop belangegroepe en indiwidue onderskeidelik fokus. Vir belangegroepe is die intra-stedelike gebied ruimtelik groter as dié vir indiwidue.

---

19 Kyk voetnota 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens die teenkanting teen die nabyheid of onmiddellike teenwoordigheid van nie-blanke bevolkingsgroepe het fabrieksvestiging nie 'n sentrale rol in die insette van die blanke gemeenskap gespeel nie. Waar belangegroepe en indiwidue wel insette oor veranderings aan die Dorpsaanlegskema in woongebiede gelewer het, is dit eerder oor sakeregte vir tersiêre ekonomiese aktiwiteite en ander plaaslike aangeleenthede soos die bou van swembaddens, busroetes en die plasing van verpleeginrigtings (TA. MPA. 1/4/8/1/4, 1/4/8/1/11 & 1/4/8/1/11, Notules van die vergadering van die Stadsraad, 15 Oktober 1949, 13 Mei & 6 Desember 1960; TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Nie-Blanke Belange Komitee, 1 November 1955).

Waar daar tot dusver grootliks aan die rol van blanke belangegroepe en indiwidue aandag gegee is, ontstaan die vraag watter rol nie-blanke belangegroepe en indiwidue in die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied gespeel het. Daar bestaan wel enkele verwysings na insette van die Asiër- en Kleurlingbevolkingsgroepe, maar die volgende voorbeeld illustreer die bykans minagtende wyse waarop die nie-blanke bevolkingsgroepe in die studiegebied gehanteer is.

Hierbo is genoem dat die plaaslike owerheid soms ook van insette van belangegroepe, formeel of informeel, gebruik gemaak het. 'n Deurlopende praktyk was dat die Genootskap Ou-Pretoria deur die Munisipaliteit Pretoria versoek is om nuwe name vir strate en dorpsname te bepaal (kyk TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Stadsklerk, 21 Junie 1949; TA. MPA. 1/4/1790 & 3/4/1791, Notules van die Stadsraad, 5 Mei 1950 & 3 September 1952). By die vasstelling van name was dit die gebruik van die Genootskap om die geskiedenis en tradisies van die gebied waarvoor name bepaal moes word streng in ag te neem. Met die beoogde hersonering van Marabastad na 'n ligte fabrieksgebied is die Genootskap ook versoek om 'n naam vir die gebied te bepaal. Voorheen is daarop gewys dat Marabastad van die eerste nie-blanke woongebiede in die studiegebied was. In teenstelling met hierdie historiese feit en die gepaardgaande tradisies van dié gebied stel die Genootskap die volgende name

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voor: Delfos, n.a.v. die eerste blanke inwoner van Pretoria wat 'n staalfabriek in die studiegebied begin het; Kuilenburg of Culemborg n.a.v. die geboortestad van Jan van Riebeeck, en Steenwyk. Laasgenoemde is afgelei van Steenoondspruit wat die oostelike grens van die nuwe fabrieksgebied sou vorm. Hierteenoor stel die Munisipaliteit Pretoria, Kirkness voor aangesien dit die naam van 'n blanke pionier-nyweraar van Pretoria was (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 3 September 1952). Dit is duidelik dat daar nie kennis geneem is van die geskiedenis van dié gebied nie.[20]

Gegewe hierdie wyse waarop die nie-blanke bevolkingsgroepe gehanteer is, moet ook in gedagte gehou word dat die plaaslike owerhede onderhewig was aan eksogene instellings soos die Wet op Groepsgebiede. Hieraan kon plaaslike owerhede nie veel doen nie en moes hulle dus ingevolge nasionale beleid optree.

Die enkele identifiseerbare insette wat van nie-blanke bevolkingsgroepe gekom het, was grootliks oor die genoemde hersonering van Marabastad en die gevolge van die Wet op Groepsgebiede vir dié bevolkingsgroepe. Dan was daar ook insette oor die plasing van bushaltes, die grootte van erwe, ens. (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Nie-blanke Belange Komitee, 1 November 1955). Laasgenoemde insette stem ooreen met die aard van blanke insette, nl. dat slegs die onmiddellike omgewing van belang was.

'n Verskil tussen die nie-blanke bevolkingsgroepe se insette en die van die blankes was dat blankes op die behoud van hul gevestigde belange ingestel was. Blanke inwoners se insette was gegrond op *de jure*-grondgebruike wat deur negatiewe eksternaliteite

---

20 In later jare sou daar 'n ietwat toegeefbare houding t.o.v. naamgewing vir nie-blanke woongebiede wees. In 1965 bv. is die Asiërgemeenskap versoek om 'n naam te gee vir 'n dorpsontwikkeling in die Asiate-basaar (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 30 September 1965).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedreig is. In die geval van nie-blanke bevolkingsgroepe was daar weining sprake van *de jure*-grondgebruike, eerder *de facto*-grondgebruike. Laasgenoemde kon na willekeur na gelang van nasionale beleid deur die Munisipaliteit Pretoria verander word. Dit word geïllustreer deur die beoogde hersonering van Marabastad terwyl grootskaalse behuisingstekorte in die aanliggende Asiate-basaar bestaan het (TA. MPA. 3/4/1792, 3/4/1792 & 3/4/1793, Notules van die Nie-blanke Belange Komitee, 6 Junie, 29 Junie & 1 November 1955). Hoewel daar besware was teen die verkoop van die beoogde fabrieksgebied aan blankes, was die grootste besware van die Asiërgemeenskap gegrond op die behuisingstekorte wat vir die Asiërs bestaan het. Geen ontwikkeling het vir 'n aantal jare in Marabastad plaasgevind nie, 'n tydperk waarin die behuisingstekort steeds vererger het. Die nie-blanke bevolkingsgroepe se insette het primêr gehandel oor die bevrediging van hul basiese behoeftes. Hul instellings is dus gegrond op instellings wat weens omgewingsfaktore baie van die van blankes verskil het.

Die beoogde hersonering van Marabastad tot dié na 'n ligte fabrieksgebied was in der waarheid die voorspel tot die implementering van die Wet op Groepsgebiede. Die Asiërs in die Asiate-basaar sou in elk geval mettertyd na Laudium verskuif word. Daarom is daar nie gehoor gegee aan die uitbreiding van die Asiate-basaar na Marabastad nie. Die Wet op Groepsgebiede het dan ook besware van die nie-blanke gemeenskap tot gevolg gehad (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 5 Mei 1958). Weereens was dit 'n geval waar die belangegroepe eerstens hul basiese behoeftes probeer beskerm het. Volgens Humphries (1988:4) was dit veral die geval met die swart bevolkingsgroepe. Besware in die geval van die swart bevolkingsgroepe het gegaan oor onvoldoende behuising, en die vlak en betaling van huur en dienstegelde. Dit was aspekte wat die basiese behoeftes van die onderskeie nie-blanke bevolkingsgroepe onmiddellik geraak het, gebaseer op hul plaaslike ervarings. Die nie-blanke bevolkingsgroepe het gevolglik ook nie belang gestel in die aard van fabrieksvestiging nie. Dit was nie vir hulle van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belang nie aangesien daar meer basiese instellings was wat van belang was.

3.3 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis

Die vergroting van die ekonomiese basis veronderstel intra-stedelike vestiging wat 'n volle reeks van menslike aktiwiteite sal bevorder en behoeftes sal bevredig. In teenstelling met die Apartheidstad se monofunksionaliteit, sal multifunksionaliteit verhoogde interaksie tussen heterogene gemeenskappe en ekonomiese aktiwiteite 'n innoverende stedelike gemeenskap tot gevolg hê. Verdere aspekte is die verhoging van die diversiteit van die fabrieksektor self en die benutting van relatiewe faktorintensiteit (arbeids- of kapitaalintensiteit) van fabrieksproduksie.

Uit die vorige afdeling was dit duidelik dat die breë gemeenskap nie werklik insette gelewer het anders as dié wat betrekking gehad het op hul onmiddellike ruimtelike omgewing nie. Die redes hiervoor is ook bespreek. Verdere redes wat spesifiek na die gebrek aan insette oor die vergroting van die stedelike ekonomiese basis verwys, is die volgende.

Eerstens, uit Tabel 5-8 het geblyk dat 'n hoë persentasie van die bevolking in gemeenskapsdienste werksaam was. Indiensname in die owerheidsdienste was waarskynlik die grootste deel van dié sektor. Die sekuriteit wat blanke indiensname in die owerheidsektor gehad het, het nie 'n wesenlike behoefte aan die verbreding van die ekonomiese basis van die studiegebied laat ontstaan nie. Dit verklaar die algemene gebrek aan vertoë van indiwidue of belangegroepe oor die verbreding van die ekonomiese basis van die studiegebied. In Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1.1 (b)) is bv. aangetoon dat daar 'n lang tydperk gedurende die veertiger- en vroeë vyftigerjare was waar daar 'n groot tekort aan grond vir fabrieksvestiging bestaan het. Die gemeenskap het nie beswaar oor dié tekorte aangeteken nie of insette gelewer om die plaaslike owerheid te dwing om grond vir fabrieksvestiging te verkry nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens, was die vergroting van die ekonomiese basis deur o.a. fabrieksvestiging miskien belangrik, maar dan was dit waar die gemeenskaps-partikuliere belang, spesifiek dié van die blankes, 'n rol gespeel het. Daar vind gevolglik 'n afruiling plaas tussen die belang van die een bevolkingsgroep teenoor die van 'n ander, onder die voorwendsel van die vergroting van die ekonomiese basis van die studiegebied. Een rede wat deur die Munisipaliteit Pretoria voorgehou is, was dat blanke entrepreneurskap bevorder sou word indien Marabastad as 'n fabrieksgebied geproklameer sou word. Dié proklamasie het plaasgevind ondanks die feit dat die aanliggende Asiate-basaar oorbevolk was (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Nie-Blanke Belange Komitee, 1 November 1955).

Nog 'n voorbeeld waar die gemeenskaps-partikuliere belang na vore gekom het, was in die dertigjare toe die belastingbetalers van Pretoria-Wes (200 inwoners) die plaaslike owerheid versoek het om infrastruktuur vir meer fabrieke in die voorstad te verskaf en dat geen huise gebou mag word op die grond wat aan Iscor gegee is nie (TA. MPA. 3/4/1789, Notules van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 9 Maart 1936; TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Sekretaris van die Pretoria-Wes Belastingsbetalersvereniging, 14 Januarie 1947). Die aard van produksie-aktiwiteite, soos die fabrieksektor, bepaal die aard van aanliggende woongebiede. Vir die blanke inwoners van westelike Pretoria was dit van belang dat verdere fabrieksontwikkeling plaasvind aangesien dit bepalend vir die stedelike groei en ontwikkeling van hul woongebied was. Vir ander blanke homogene gebiede, soos oostelike Pretoria, was fabrieksvestiging nie van belang nie. Fabrieksvestiging het nie die aard van hul hoë-inkome woongebiede bepaal nie.

'n Metode om die ekonomiese basis van die studiegebied te verbreed is deur verskillende ekonomiese aktiwiteite en heterogene woongebiede te integreer. Dit het derdens geblyk dat die gemeenskap in die algemeen teen sulke integrasie was. Benewens die teenkanting teen die teenwoordigheid van nie-blankes in blanke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woongebiede, ongeag of hul daar sou woon of slegs deur die blanke woongebied sou pendel, blyk die verhoogde verkeersaktiwiteite wat integrasie in woongebiede tot gevolg kon hê, ook 'n groot probleem te wees (TA. MPA. 1/4/8/1/8 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsbeplanningskomitee, 9 Januarie 1957 & 3 Januarie 1961).[21] Dit is as 'n negatiewe eksternaliteit beskou. (In die volgende hoofstuk sal dit blyk dat die plaaslike owerheid ook hierdie siening sou openbaar.) Die Colbyn Belastingbetalersvereniging sou bv. slegs toestemming gee vir die hersonering van 'n perseel indien dit gepaard gaan met die vervanging van een ekonomiese aktiwiteit met 'n ander.[22] So sou die ekonomiese en verkeersaktiwiteite in die woongebied nie toeneem nie (TA. MPA. 1/4/8/1/8, 1/4/8/1/11 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsbeplanningskomitee, 6 Januarie 1957, 16 Mei & 19 September 1960).

In soverre dit die fabrieksektor betref, was ekonomiese integasie met woongebiede in beginsel glad nie as 'n moontlikheid beskou nie. Die houding was dat fabrieksvestiging, ongeag die aard daarvan, a.g.v. die onvermydelike toeloop van nie-blankes en verhoogde verkeersaktiwiteit eerder in gekonsentreerde fabrieksgebiede moes plaasvind (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 19 Mei 1958). Die blanke gemeenskap was voorstanders van monofunksionele dorpsontwikkeling waar elke voorstad of gebied 'n gespesialiseerde stedelike funksie gehad het. Multifunksionele dorpsontwikkeling was nie belangrik nie.

Laastens, poog die gemeenskap om waar ekonomiese aktiwiteite wel in gebiede voorkom, beswaar te maak wanneer hersonering moet plaasvind om 'n bykomende ekonomiese aktiwiteit daar te stel. Dit was reeds duidelik in die vorige paragrawe met die optrede van die Colbyn Belastingbetalersvereniging. Belangegroepe poog

---

21 Die teenwoordigheid van swartes in woonkwartiere op 'n aanliggende woonperseel word deur die beswaarmaker in die bron as "verbastering" van sy woonbuurt beskou.

22 Dit is bv. die hersonering vir sakedoeleindes tot fabrieksdoeleindes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolglik om bestaande ekonomiese aktiwiteite te beskerm (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 19 Mei 1958). Daar is hier nie sprake van die vergroting van die ekonomiese basis van so 'n gebied nie en ook nie ekonomiese ontwikkeling op grond van die markbeginsel nie.

Wat die ander bevolkingsgroepe betref, is daar reeds in die vorige afdeling aangedui dat die plaaslike ervaring van dié groepe van die blankes s'n verskil. Die vergroting van die ekonomiese basis was nie deel van hul onmiddellike ervaring of behoeftes nie. Huisvesting was eerder belangrik.

3.4 Die rol van intra-stedelike vestiging

Dié implementeringsbeginsel kom tot uiting waar erkenning verleen word aan spesifieke implementeringsnorme of praktyke, soos dat toeganklikheid en digthede deur fabrieksvestiging verhoog kan word. Om makro- en mikrofragmentasie te oorkom, moet die monofunksionaliteit van stedelike gebiede verbreek word. Mikrofragmentasie kan oorkom word deur die plasing van werksgeleenthede in woongebiede. Blanke belangegroepe en indiwidue was hierteen gekant, alhoewel net blankes 'n wesenlike voordeel sou kry omdat blanke entrepreneurs uitsluitlik in blanke woongebiede werksgeleenthede sou skep.[23] Werkskepping of fabrieksvestiging moet egter nie in isolasie gesien word nie, maar as deel van die skepping van woongebiedvestiging vir heterogene gemeenskappe. Werkskepping in woongebiede slegs om mikrofragmentasie te oorkom, is nie genoeg nie. Toeganklikheid vir blankes sou verhoog word, maar die nie-blanke bevolkingsgroepe wat die arbeidsaanbod daarstel, sou nie daarby baat vind nie. Vir nie-blanke gemeenskappe om te baat moes makrofragmentasie deur die skepping van heterogene gemeenskappe verbreek word.

---

23 Dat dit grootliks blankes was, blyk uit die aard van die aansoeke ingevolge Artikel 18 van die Dorpsaanlegskema. 'n Verdere rede is dat werkskepping nie binne die onmiddellike ervaring of behoefte van nie-blanke bevolkingsgroepe was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is egter duidelik weens die redes wat reeds by die ander twee doelstellings genoem is, dat fabrieksvestiging ook nie by dié doelstelling 'n groot rol gespeel het nie. Die gemeenskap se insette het grootliks gehandel om monofunksionele stedelike eilande in die studiegebied behoue te laat bly en sake- en fabrieksperseles in 'n woongebied het volgens die gemeenskap die waarde van hul eiendom verlaag (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 5 Maart 1959; TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 20 September 1965).

Die grootste probleem vir blanke belangegroepe met die skepping van multifunksionele stedelike gebiede was die dilemma dat fabrieksvestiging met negatiewe eksternaliteite gepaard gaan. Hieronder val die teenwoordigheid van swartes, verhoogde verkeersaktiwiteite (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 20 Januarie 1958) en geraas. Soortgelyk aan bg. besware van Hertzog, het die Pretoria-Noord-Sentraal Eiendomeienaarsvereniging versoek dat geen geboue meer deur Asiërbesighede in die noordwestelike SSK van Pretoria opgerig moes word nie. Dit was vinnig besig om deur Asiërs en Kleurlinge beset te word, wat die waarde van omringende eiendom sou verlaag. Die teenwoordigheid van die twee bevolkingsgroepe sou ook 'n gesondheidsgevaar inhou (TA. MPA. 1/3/4/1/20, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 15 Julie 1930).[24] So ook is verskeie besware aangeteken teen die voorgenoemde vestiging van 'n orrelfabriek in Strubenstraat weens die moontlike geraas wat deur so 'n onderneming veroorsaak sou word (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 13 Januarie 1949).

Die Riviera/Rietondale Belastingbetalersvereniging het ook beswaar gemaak teen 'n

---

24 Die Munisipaliteit Pretoria het egter aangedui dat totdat die sentrale owerheid 'n aanduiding gegee het oor waar afsonderlike gebiede vir hierdie bevolkingsgroepe ontwikkel sou word, die munisipaliteit niks kon doen nie. Dit is interessant om daarop te let dat die Wet op Groepsgebiede eers in 1950 op die wetboek geplaas is. Daar was dus nou reeds sprake, in 1930, van die implementering van aparte woongebiede vir die onderskeie bevolkingsgroepe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skrynwerkerswinkel se bestaan in die gebied, op grond daarvan dat dié onderneming 'n bron van geraas was (studente in die omgewing kon nie studeer nie), dit die waarde van omringende eiendom verlaag het en dat 'n toeloop van swartes na die onderneming ondervind is (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 1 September 1955). Dié betrokke perseel was egter reeds vir 25 jaar vir 'n skrynwerkerswinkel gesoneer en die Munisipaliteit Pretoria het aangedui dat die sonering nie verander kon word nie. Die beswaarmakers is egter verseker dat ongeag die sonering, die Munisipaliteit wel sou optree indien munisipale verordeninge oor geraas en die verwydering van afval, nie nagekom word nie (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 19 Augustus 1955).[25]

In teenstelling met bg. algemene teenkanting van die gemeenskap teen multifunksionele stedelike gebiede waarin fabrieksvestiging 'n rol speel, sou die gemeenskap wel hul toestemming gee vir multifunksionaliteit waar partikuliere voordeel vir eienaars bestaan het. Sodra 'n aanliggende perseel die waarde van 'n perseel, wat 'n ander sonering as die aanliggende perseel het, sou verhoog, is daar gewoonlik aansoek gedoen dat die perseel met die verhoogde waarde ook dieselfde sonering as die aanliggende perseel kry (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 10 Januarie 1958).

'n Ander aspek wat ter sprake gekom het by dié doelstelling is dat stedelike digthede verhoog moes word om toeganklikheid te verhoog. Stedelike digthede kan verhoog word deur

- onderverdelings van bestaande woonpersele;
- die verandering in die sonering van 'n woonperseel deur bv. sonering te verander van woonhuis na dié vir woonstelle of vir sakedoeleindes, en

---

25 Die Munisipaliteit Pretoria het dit selfs oorweeg om 'n alternatiewe perseel in Koedoespoort fabrieksgebied aan die eienaar te gee in ruil vir die bestaande perseel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- die beperking van die buitenste grense van die studiegebied.

Daar bestaan nie presiese duidelikheid of die gemeenskap in die geheel teen die onderverdeling van woonpersele was nie. Drie faktore wat 'n rol gespeel het in die aansoeke om onderverdeling, kan geïdentifiseer word.[26]

Eerstens het ekonomiese oorwegings indiwidue laat aansoek doen om die onderverdeling van hul erwe (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 12 November 1958). Hoë onderhoudskostes het die instandhouding van die erwe te hoog gemaak en daardeur is die waarde van die eiendom verlaag. Verbandhoudend met die hoë onderhoudskoste was ironies 'n ander motivering vir onderverdelings dat daar 'n tekort aan arbeid in hoë-inkome woongebiede vir onderhoudswerk was (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 3 Mei 1956).

Ekonomiese oorwegings teen onderverdeling deur indiwidue het egter ook 'n ander motivering gehad. Eienaars was bang dat die onderverdeling van woonpersele 'n verlaging in hul lewensgehalte of 'n verlaging in die waarde van hul eiendom tot gevolg kon hê (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 18 Julie 1960). Groter woonpersele skep 'n omgewing van rustigheid en hoër digthede sou dié rustigheid versteur.

Tweedens, vind onderverdelings nie net op aandrang van aansoeke van indiwidue en met die goedkeuring van die plaaslike owerhede plaas nie. Die gemeenskaps-partikuliere belang, dus die goedkeuring van belangegroepe, word ook deur die plaaslike owerheid verkry. Dit is interessant dat hier skynbaar 'n botsing van

---

26 Hoewel die rol van die owerheid in die volgende hoofstuk bespreek word, word hier kortliks aandag gegee aan die instellings van die plaaslike owerheid aangesien dit spesifiek verband hou met die bespreking alhier.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

instellings tussen die gemeenskaps-partikuliere en sommige indiwiduele partikuliere belange bestaan het. Terwyl sommige indiwidue, wat die koste van onderhoud van groot erwe moes dra, ten gunste van onderverdeling was, was die gemeenskap in die algemeen teen onderverdeling. Die gemeenskap het groot woonpersele as tekenend van ekonomiese welvaart beskou (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 8 September 1958). Selfs in die geval van lae-inkome woongebiede, soos in die homogene gebied van westelike Pretoria, is die Munisipaliteit Pretoria versoek om erwe groter te maak in die geval van munisipale behuising (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 8 April 1958).

Die houding van die Munisipaliteit Pretoria oor onderverdelings was duidelik. Hoewel die Munisipaliteit erkenning verleen het aan die voordele vir die eienaar met die verlaging van onderhoudskoste, was hul standpunt dat veral pansteelerwe[27] aanleiding kon gee tot "agterplaas-bedrywighede" soos klein fabrieke. Die kern-probleem vir die Munisipaliteit was beheer. Ongewenste ontwikkelings soos fabrieke wat verskuil agter bestaande geboue plaasvind, kon nie deur die Munisipaliteit beheer word nie (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 8 September 1958).

Digthede kon ook verhoog word deur 'n verandering in die sonering. Die hersonering van 'n woonperseel na dié vir sakedoeleindes of vir fabrieksdoeleindes, verhoog digthede. Volgens die Dorpsaanlegskema no. 1 van 1944 (Munisipaliteit Pretoria 1944:13) kan geboue bv. in die geval van die gebruikstreek "Algemene besigheid" gebruik word vir winkels, sakepersele, woonhuise, ens. Hersonering kan dus gebruik word vir twee gebruike en so word digthede direk verhoog. Hersonering kan ook tot gevolg hê dat die aard van die geboustruktuur verander van bv. woonhuis na

---

27 Pansteelerwe ontstaan waar onderverdeling tot gevolg het dat slegs een perseel 'n straataansig het, terwyl die agterste perseel net 'n toegangsroete het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woonstelle, wat ook verhoogde digtheid tot gevolg sal hê.

Die gemeenskap was in die algemeen teen die direkte gevolge van hersonering (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notules van die Stadsbeplanningskomitee, 10 Januarie & 5 Mei 1958). Die voorkeur van die gemeenskap was vir monofunksionele gebruiksones, soos woongebiede, en nie vir multifunksionele gebruiksones nie.

Wat betref die derde moontlikheid om digthede te verhoog, blyk dit uit die historiese ontwikkeling van die studiegebied dat dié grense eerstens bepaal is deur bestaande ekonomiese aktiwiteite wat later in stedelike gebiede ontwikkel het. In Midrand het daar eers 'n steenmakery ontstaan wat later deur stedelike woongebiede gevolg is. Grense is ook bepaal deur ekonomiese aktiwiteite deur die streeksnywerheidsontwikkelingsprogram te vestig. Die gekonsentreerde fabrieksgebied van Rosslyn is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Mettertyd het die stedelike gebied van Akasia om dié fabrieksgebied ontwikkel.

Laastens het uitbreiding van buitenste grense plaasgevind deur die vestiging van nie-blanke woongebiede op die rand van bestaande blanke stedelike gebiede. Hierdie vergroting van stedelike grense in die studiegebied was in ooreenstemming met die tipiese beplanningsraamwerk van die Apartheidstad. Die verskuiwing van nie-blanke woongebiede na gebiede buite die tradisionele blanke stedelike gebiede het die grense van die stedelike gebied baie vergroot. Die primêre motivering was om swartes uit die blanke stedelike gebiede te hou. Byvoorbeeld, in die genoemde skrywe van Botha word die moontlikheid geopper dat grond vir fabrieksvestiging eerder noord van Onderstepoort moet plaasvind en nie binne 'n bestaande stedelike gebied nie. Die doelstellings of bydrae wat verhoogde stedelike digthede en toeganklikheid tot die verhoging van lewensgehalte of die verbreding van die ekonomiese basis van die studiegebied kon gemaak het, word negeer. Die kernmotivering was eerder die beperking van die toeganklikheid van die swart bevolkingsgroepe tot blanke stedelike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebiede.

4 Gevolgtrekking

Die doel van dié hoofstuk was om te bepaal watter instellings van die gemeenskap in die proses van mededingende konflik aanleiding gegee het tot die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied, indien enige. Instellings word in die NIB as onbedoelde en onbeplande reëlmatighede van die gemeenskap beskryf. Die aard van die instellings moet egter in perspektief beskou word. Uit die historiese ontwikkeling van die studiegebied het dit geblyk dat sekere instellings reeds van die begin af in die studiegebied gegeld het. Die instellings het mettertyd van geslag tot geslag 'n sterker inslag begin kry en is boonop deur derde partye op die gemeenskap van die studiegebied afgedwing.

Eksogene instellings, beliggaam in wetgewing, het formeel beslag gegee aan die eiendomsreg van die blankes se instellings. Dit was die institusionele raamwerk waarbinne blanke belangegroepe en indiwidue hul denke geplooi het. Oorsaak en gevolg van sulke denkraamwerke het nie meer ter sprake gekom nie. Bydraend hiertoe was die historiese getuienis van sekerheid in die uitkoms van sulke denkraamwerke. Sekerheid word verkry oor die behoud van die blankes se ekonomiese, sosiale en politieke posisie, ondanks die noodwendige vraag na swart arbeid weens ekonomiese en spesifiek fabrieksaktiwiteite.

Wetgewing is veral op nasionale vlak gebruik om eiendomsreg aan blanke instellings te verleen en hul transaksiekoste te verlaag. Hierteenoor het dié wetgewing nie-blankes se transaksiekoste verhoog. Sorg is gedra dat die hele gemeenskap van die studiegebied binne 'n bepaalde institusionele raamwerk funksioneer waardeur die belange van blankes bevorder is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ter verwesenliking van die doelstellings van intra-stedelike ontwikkeling is drie metodes geïdentifiseer waardeur die gemeenskap insette kon lewer. Die politieke bestel op veral plaaslike vlak voor 1991 het dit net vir die blanke bevolkingsgroep moontlik gemaak om deur die demokratiese proses, dus deur verkose verteenwoordigers, insette te kon lewer. Dit het ook geblyk dat toe daar wel vorme van plaaslike owerhede vir die nie-blanke bevolkingsgroepe ingestel is, die intra-stedelike ruimtelike struktuur reeds so gevestig was dat verandering moeilik deur plaaslike owerhede of die gemeenskappe bewerkstellig kon word.

Ter bereiking van die verhoging van lewensgehalte het insette hoofsaaklik vanuit die blanke bevolkingsgroep gekom. Hier was die blanke bevolkingsgroep in 'n dilemma. Daar was 'n vraag na nie-blanke arbeid, maar die blankes wou ook beheer hou oor hul instellings. Hoewel fabrieksvestiging nie 'n groot rol by blanke insette gespeel het nie, was dit duidelik dat die gemeenskaps- en indiwiduele partikuliere belang 'n oorheersende rol by insette gespeel het. Dit was die lewenstandaard van die blanke bevolking wat van belang was en nie dié van nie-blanke bevolkingsgroepe nie.

Volgens die NIB was dit ook duidelik waarom die blanke bevolkingsgroepe hul gemeenskaps- en indiwiduele partikuliere belang nagestreef het. Fabrieksvestiging was nie in die onmiddelike ruimtelike ervaringsveld van die blanke bevolkingsgroep nie. Vir die nie-blanke bevolkingsgroepe het dit ook eerder gegaan oor die bevrediging van hul onmiddellike behoeftes, soos behuising.

Verskeie redes is aangevoer hoekom die vergroting van ekonomiese basis nie as belangrik beskou is nie. Van die redes was dat die indiensneming in die owerheidsektor 'n te belangrike rol gespeel het, die blanke gemeenskaps-partikuliere belang ook te oorheersend was, en dat die blanke gemeenskap teen die integrasie van bevolkingsgroepe en ekonomiese aktiwiteite in woongebiede was. Die blanke gemeenskaps-partikuliere rol het enersyds tot gevolg gehad dat daar 'n afruiling tussen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevolkingsgroepe plaasgevind het en, andersyds, dat waar daar binne die blanke bevolkingsgroep wel pogings was om die ekonomiese basis van die studiegebied te vergroot, dit beperk was tot die eiebelang van 'n gedeelte van die blanke bevolkingsgroep. Fabrieksvestiging het gevolglik geen wesenlike rol gespeel in die behoefte van die blanke gemeenskap om die ekonomiese basis van die studiegebied te vergroot nie. Die waarskynlike bestaan van negatiewe eksternaliteite soos verhoogde teenwoordigheid van nie-blankes, verkeersaktiwiteit en geraas het 'n algehele teenkanting teen dié tipe van ekonomiese aktiwiteit tot gevolg gehad.

Waar intra-stedelike toeganklikheid verhoog kon word deur die gebruikmaking van o.a. fabrieksvestiging, het dit geblyk dat blanke instellings teen die bereiking van dié doelwit gekant was. So bv. was die verhoging van stedelike digthede en die beperking van die buitenste grens van die studiegebied nie deel van die blanke gemeenskap se institusionele raamwerk nie. Laastens, weens die Wet op Groepsgebiede en die plaaslike instellings van die blanke gemeenskap, was die intra-stedelike vestiging van woongebiede met die doel om heterogene gemeenskappe in woongebiede te verkry, buite die kwessie.

Die blanke gemeenskap, wie se instellings die bepalende faktor was in die bepaling van intra-stedelike ontwikkeling, was voorstanders van monofunksionele voorstede waar elke voorstad of gebied 'n gespesialiseerde stedelike funksie gehad het. Multi-funksionele voorstede was nie belangrik nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 9

DIE ROL VAN DIE PLAASLIKE OWERHEID IN FABRIEKSVESTIGING

1 Inleiding

In die bespreking van die owerheid se rol in die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied word dieselfde ontledingswyse as in die vorige hoofstuk gevolg. Eerstens, word kortliks besin oor die rol van die Dorpsaanlegskema en die rol van sonering in so 'n skema. Tweedens word die eksogene instellings wat op die plaaslike owerhede van toepassing is, bepaal. Derdens, volg die bepaling van dié instellings wat endogeen aan die plaaslike owerhede was. Dié bespreking word weer gedoen n.a.v. die doelstellings van metropolitaanse bestuur. Laastens word in die gevolgtrekking tot die slotsom gekom dat plaaslike owerhede 'n uiters belangrike rol in intra-stedelike ontwikkeling gespeel het, spesifiek dié van die fabrieksektor.

2 Die Dorpsaanlegskema en sonering

2.1 Die owerheid as organisasie

Die owerheid bestaan uit die sentrale, die provinsiale en die plaaslike owerhede.[1] In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die implementering van plaaslike owerhede vir

---

1 'n Plaaslike owerheid staan ook bekend as 'n munisipaliteit en dié naamwoord word interaktief met die van plaaslike owerheid gebruik. Die woord munisipaliteit is afgelei van die Latynse woord *municipalis*. Dit verwys na *municipium* wat in die Romeinse Ryk 'n ondergeskikte stad met 'n mate van selfregering was (Cloete 1971:1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die nie-blanke bevolkingsgroepe nie suksesvol was nie. Daarom word daar uitsluitlik aan die rol van blanke plaaslike owerhede in die studiegebied aandag gegee, en spesifiek die rol van die Munisipaliteit Pretoria.[2]

Volgens die Nuwe Institusionele Benadering (NIB) kom die rol van die owerheid as derde party tot uiting in die vermindering van transaksiekoste deur legitimiteit aan instellings te verleen. Die owerheid verander en bepaal die struktuur van eiendomsregte, moniteer dit en dwing dié struktuur af. Vir doeleindes van hierdie studie is die Dorpsaanlegskema die belangrikste instrument in die hande van die plaaslike owerheid. Die Dorpsaanlegskema bepaal egter nie elke geografiese ruimte in 'n stadsgebied se sonering nie. Die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur stel dit soos volg (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 19 Julie 1965):

> "Dit is gans onmoontlik om in 'n Dorpsaanlegskema elk en 'n iedere tipe aktiwiteit van 'n groot stad se bestemming te bepaal, nog minder sou so 'n bestemmingsbepaling wenslik wees. Bestemming geskied in breë trekke en *die plaaslike owerheid besit die mag om in 'n groot aantal gevalle na goeddunke te handel.*" (Eie kursivering)

So 'n Dorpsaanlegskema vat al die eksogene en endogene instellings saam in 'n beplanningsinstrument, eksogeen in die vorm van instellings van bv. die nasionale owerheid (kyk Tabel 8-1) en endogeen die instellings van die gemeenskap, die ondernemers en die plaaslike owerheid self. Die aard van 'n Dorpsaanlegskema kan, gegewe die heersende instellings, groei-generende eiendomsreg aan instellings van alle bevolkingsgroepe toeken of roofsugtig wees. Laasgenoemde is die toekenning van eiendomsreg om die owerheid self of 'n sekere belangegroep te bevoordeel. Die

---

2 Kyk Hoofstuk 7 (Afdeling 1) waarom daar hoofsaaklik aan Pretoria aandag gegee word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toekenning van eiendomsreg aan die owerheid self word saamgevat en beskryf in die burokratiese benadering.

Hoewel plaaslike owerhede 'n verskeidenheid funksies verrig (kyk Cloete 1983:154 -165), word hier grootliks aan die funksie van stedelike beplanning in metropolitaanse bestuur aandag gegee. Dié funksies is soos volg:

- Die afdwing van eksogene (bv. van die nasionale en/of provinsiale owerhede) en endogene instellings (bv. van die gemeenskap en ondernemers in die studiegebied) soos beliggaam in die Dorpsaanlegskema en ander stadsverordeninge;
- die beliggaming van die plaaslike owerheid se eie instellings (bv. soos dit tot uiting kom in die burokratiese benadering) in die Dorpsaanlegskema en ander stadsverordeninge, en
- die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste in die gevalle waar dit 'n invloed op die intra-stedelike ordening van die studiegebied het.

In die bespreking van die doelstellings van metropolitaanse bestuur in Afdeling 3 van hierdie hoofstuk, sal aan hierdie funksies aandag gegee word.

2.2 Die aard van sonering

Die kern van stedelike beplanning is sonering (Floyd 1971:13). In die algemeen word sonering, wat reeds vir eeue in die beplanning van stedelike gebiede gebruik is (Floyd 1971:5-8), beskou as die beheer van onversoenbare grondgebruike om welvaart te verhoog. Volgens Floyd (1971:38) was dit hoofsaaklik die vestiging van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieksektor en ander "hinderlike bedrywe"[3] wat tot sonering aanleiding gegee het.[4] Ekonomiese ontledings gebaseer op ekonomiese modellering gee egter geen duidelike aanduiding of sonering wel welvaart verhoog nie. Dit is wanneer daar nie tussen bevolkingsgroepe of belangegroepe in die ontledings onderskei word nie (Pogodzinski & Sass 1990:296). In die NIB word daar wel onderskeid tussen verskillende bevolkingsgroepe of belangegroepe gemaak en in dié benadering word sonering eerder beskou as 'n politieke en strategiese oefening in mededingende konflik (Lefebvre, soos aangehaal deur Mazibuko (1993:1)). Sonering kan nou beskryf word as 'n instrument van die elite: "...(to) prevent invasion of undesirable types of land use and people from poor residential communities" (Toll, soos aangehaal deur Mazibuko (1993:18)), of soos deur Soja beskryf (aangehaal deur Mazibuko (1993:18)): "Zoning has been used to establish and maintain a territorially based dominance according to wealth and race."

---

3 'n Hinderlike bedryf word soos volg gedefinieer (Munisipaliteit Pretoria 1944:11): Bloed- en beenkokery; talsmeltery; vetsmeltery of -uitkokery; seepkokery; afvalkokery; vel- en beenopgaardery; huidekokery; leerlooiery; gom- en lymmakery; houtskoolmakery; steenbakkery; kalkbrandery; misvervaardiging en -opgaardery; die vervaardiging van perkament, mout en suurdeeg; sementwerke; kooksoonde; soutglasuurwerke; sintering van swaelhoudende materiale; viskosewerke; die smelt van erts en minerale; kalsineer, puddel en wals van yster en ander metale; omsetting van ru potyster in gegote yster; herverhitting, tempering, verharding, smee, omsetting, die verbind met koolstof van yster en ander metale; werke vir die produseer van of wat koolbisulfied, selluloselak, siaan of die verbinding daarvan, warm pik of bitumen, gepulveriseerde brandstof, piridien, vloeibare of gasswaeldioksied, swaelchlorides, gebruik, en werke vir die produseer van amielasetaat, aromatiese esters, bottersuur, karamel, geëmaleerde draad, glas, hexamien, gesulfoneerde organiese verbindings, swaelverfstowwe, ultramarien, sinkchloried en sinkoksied. Dié lys kan aangevul word met die goedkeuring van die Provinsiale Administrateur.

4 Alexis de Tocqueville (soos aangehaal in The end of urban man? Care to bet? 1999:28) beskryf die toestande in Manchester in 1835 wat waarskynlik aanleiding tot die instelling van sonering gegee het, soos volg:

> "Heaps of dung, building rubble ... one-storey houses whose ill-fitting planks and broken windows suggest a last refuge between poverty and death ... yet below some a row of cellars, 12 to 15 human beings crowded into each repulsive hole...[yet] from this foul drain, the greatest stream of human industry flows out to fertilise the whole world, from the filthy sewer pure gold flows."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eerste twee plaaslike owerheidsfunksies wat voorheen aangedui is, gee inhoud aan die aard van sonering wat in die vorige paragraaf bespreek is. Die derde plaaslike owerheidsfunksie, nl. die voorsiening van owerheidsgoedere en dienste, vind ook nie binne 'n nie-institusionele raamwerk plaas nie. Dit sal later aangetoon word dat dié funksie ook binne 'n spesifieke institusionele raamwerk plaasgevind het.

Benewens die Dorpsaanlegskema bestaan daar ook heelwat Provinsiale Ordonnansies waarin bepaal word wat plaaslike owerhede moet doen en dit word dan deur die plaaslike owerhede in munisipale verordeninge saamgevat. Waar die Dorpsaanlegskema die grondgebruike bepaal, bepaal die *Verordeninge betreffende strate en geboue* van die Munisipaliteit Pretoria (Cloete 1983:23) o.a. die vereistes waaraan geboue moet voldoen. Benewens die Dorpsaanlegskema van die plaaslike owerheid kan dié verordeninge gebruik word om die aard van die intra-stedelike vestiging te bepaal. Daar sal later aangedui word dat dit wel die geval was.

3 Die rol van die owerheid in intra-stedelike fabrieksvestiging

3.1 Eksogene instellings vir die plaaslike owerhede

In die vorige hoofstuk is die nasionale wetgewing waarbinne die plaaslike gemeenskappe en owerhede gefunksioneer het, aangedui. Dit is genoem dat wetgewing nie die volledige beeld gee van eskogene instellings waarbinne plaaslike owerhede moes optree nie. In hierdie afdeling word kortliks gelet op ander eksogene instellings wat die optrede van plaaslike owerhede gerig het. Waar wetgewing 'n raamwerk bied waarbinne optrede moes plaasvind, het die moontlikheid bestaan dat plaaslike owerhede die institusionele raamwerk na gelang van plaaslike omstandighede kon interpreteer. Daar word eerstens gekyk na die verhouding tussen die plaaslike owerhede en die sentrale owerheid en dan na die invloed van die provinsiale owerheid op die plaaslike owerheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die invloed wat die nasionale owerheid op die Munisipaliteit Pretoria gehad het, het grootliks gewentel om die vestiging van die verskillende bevolkingsgroepe in die studiegebied. Die nasionale instelling van Apartheid is met mening op die plaaslike owerhede toegepas en dit het 'n invloed op die algemene ekonomiese ontwikkeling van die studiegebied gehad, asook op fabrieksvestiging.

Die implementering van nasionale wetgewing het besluitneming deur die Munisipaliteit Pretoria op drie wyses beïnvloed. Eerstens, moes by enige bestaande fabrieksgebied die potensiële toevloei van nie-blankes na die gebied in ag geneem word. So het die destydse Sekretaris vir Naturellesake beswaar gemaak teen die verdere uitbreiding van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Booysens omdat dit 'n toevloei van swartes sou veroorsaak (TA. BAO. 5445 87/313 (T) (36), Korrespondensie van die Sekretaris vir Naturellesake, 26 Maart 1954). Die voorsiening van dienste aan swartes, soos opleiding van motorvoertuigbestuurders[5] en koswinkels in gekonsentreerde fabrieksgebiede, was ook onderhewig aan permitte wat deur die destydse Bantoekommissarisse uitgereik is. Permitte is gewoonlik geweier indien daar enigsins sprake was dat die dienste aan swartes gelewer sou word aangesien dit die permanensie van swartes in blanke gebiede tot gevolg sou hê (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Bantoekommissaris, 28 Maart 1962).

Tweedens, is die plasing van nuwe fabrieksgebiede grootliks bepaal deur waar toekomstige swart woongebiede sou vestig (TA. MPA. 3/4/1794, Verslag van die Stadsklerk, 27 Januarie 1961). So moes die sentrale owerheid toestemming ingevolge die Wet op Groepsgebiede gee vir die ontwikkeling van nuwe fabrieksgebiede en ingevolge die Wet op Fisiese Beplanning moes bestaande fabrieksgebiede verklein word met dieselfde grootte as nuwe bykomende fabrieksgrond.

---

5 In een so 'n aansoek het die aansoeker selfs genoem dat die blankes en swartes in verskillende voertuie opleiding sal ontvang (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Bantoekommissaris, 28 Maart 1962).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Derdens, het die Wet op Groepsgebiede ook 'n invloed op blanke fabrieksondernemers gehad. Sulke ondernemers kon nie in nie-blanke gebiede vestig nie (TA. MPA. 3/4/1794, Notules van die Bestuurskomitee, 15 Mei & 12 Junie 1961).

Die ligging van die studiegebied, met die aanliggende gebied aan die noordekant wat grootliks swart gebiede was, en die blanke gebiede van Sentraal-Gauteng aan die suidekant, het veroorsaak dat die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid gedurende die sestiger- en sewentigerjare 'n groot invloed op die fabrieksontwikkeling gehad het. Die Munisipaliteit Pretoria was in 'n dilemma. Nasionale owerheidsbeleid was dat fabrieksvestiging eerder in die groeisentrums, spesifiek Rosslyn, moes plaasvind, en dit sou fabrieksontwikkeling in Pretoria beperk (TA. MPA. 3/4/1798, Verslag van die Stadsklerk, 31 Oktober 1968). Daarbenewens wou die Munisipaliteit Pretoria graag die nasionale rol vervul van 'n model plaaslike owerheid wat sou illustreer hoe bevolkingsvestiging in Suid-Afrika behoort plaas te vind (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 11 November 1966).

Die Munisipaliteit het gevolglik geen poging aangewend om fabrieksgebiede te ontwikkel voordat daar nie eers voelers na die nasionale owerheid uitgesteek is om te bepaal of sulke ontwikkeling wel die goedkeuring van die nasionale owerheid sou wegdra nie. Die aansoek van 'n onderneming vir 'n groot perseel in 1962 het druk op die Munisipaliteit Pretoria geplaas om 'n nuwe gekonsentreerde fabrieksgebied aan te lê. Voordat Waltloo, wat in 1963 ontwikkel is, egter as so 'n moontlike gebied geïdentifiseer is, is die informele toestemming van dr. P. Rautenbach, die voorsitter van die destydse Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, verkry (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 25 Julie 1962). Rautenbach het aangedui dat Waltloo as 'n gekonsentreerde fabrieksgebied vir die indiensneming van blankes en Kleurlinge sou moes dien. Fabrieke met 'n groot swart arbeidsmag moes in Rosslyn vestig (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 27 Mei 1963).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Datsun Motorvervaardigingsmaatskappy het weer in 1963 aansoek gedoen om in Waltloo te vestig (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 13 Mei 1963). Hoewel dit nie spesifiek duidelik is waarom die maatskappy uiteindelik in Rosslyn gevestig het nie, kan aanvaar word, veral in die lig van Rautenbach se siening, dat die druk van die nasionale owerheid grootliks hiervoor verantwoordelik was.

Laasgenoemde afleiding kan gemaak word op grond van die stryd tussen die nasionale owerheid en die Munisipaliteit Pretoria oor die vestiging van die Chrysler Motorkorporasie in Pretoria. In 1965 het Chrysler 'n versoek gerig vir ongeveer 300 tot 400 akker grond[6] om 'n vervaardigingsaanleg op te rig. Hoewel Waltloo toe reeds gevestig was, was daar nie soveel fabrieksgrond beskikbaar nie. Die Munisipaliteit Pretoria het eie grond ten noorde van die N4 snelweg, aanliggend aan Waltloo, beskikbaar gehad, maar die probleem was die implikasies van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid vir fabrieksvestiging in Pretoria. Dié beskikbare grond was ook as onbepaald gesoneer en sou weer vir fabrieksontwikkeling gehersoneer moes word.

Dit was duidelik dat die Munisipaliteit Pretoria alles in die stryd sou werp om Chrysler plaaslik te laat vestig. Die probleem was egter dat sulke fabrieksvestiging 'n groot vraag na swart arbeid tot gevolg sou hê. Die Chrysler-fabriek sou ongeveer 3,000 swartes in diens neem, terwyl daar reeds deur die Munisipaliteit Pretoria onderneem was om die omvang van Mamelodi te beperk. Ingevolge die Wet op Groepsgebiede moes sg. swart kolle in Pretoria ook ontruim word en die inwoners na Mamelodi verskuif word (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Stadstesourier, [S.a.]). Verder sou dit blyk dat ander plaaslike owerhede in Sentraal-Gauteng ook in

---

6 Dit is nie duidelik of dit werklik so 'n groot stuk grond was nie. Indien hierdie oppervlakte korrek was, sou dit beteken dat daar vir tussen 741 en 988 hektaar fabrieksgrond aansoek gedoen is. Samcorpark het uiteindelik slegs 116.125 hektaar behels (kyk Tabel 6-1). (Kyk voetnota 12 in Bylae B vir die omskakeling van akker na hektaar.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanraking met Chrysler was vir vestiging in hul gebiede. Die destydse Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het ook aangedui dat hy nie bereid sou wees om toestemming te gee vir vestiging nie, tensy hy van "hoër gesag" opdrag kry (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Stadstesourier, [S.a.]). Die regering se houding was duidelik: Hoewel daar geen beswaar was teen vestiging in Pretoria nie, moes vestiging in Waltloo plaasvind en herbeplanning van dié gekonsentreerde fabrieksgebied sou vir die koste van Chrysler wees; geen addisionele swart behuising, behalwe wat reeds goedgekeur was, sou in Mamelodi toegelaat word nie; geen verdere gekonsentreerde fabrieksgebiede in Pretoria sou toegelaat word nie; 'n voorgeskrewe blank:nie-blank getalle-verhouding in die fabriek sou geld, en geen Kleurlinge van Chrysler in Kaapstad[7] sou hier in diens geneem mag word nie (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Sekretaris van Handel en Nywerheid, 14 April 1965).

Die Munisipaliteit Pretoria het met 'n groot inligtingsveldtog by en persoonlike onderhoude met lede van die Volksraad, onder andere mnr. Nico Diederichs, die destydse Minister van Ekonomiese Sake, begin om die voordele van die vestiging van Chrysler vir Pretoria aan te dui (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 26 Februarie & 2 Maart 1965). Daar is ook talle pogings aangewend om Chrysler te oortuig dat Pretoria die aangewese vestigingsplek was (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 25 Maart 1965). Die Munisipaliteit Pretoria het ook sy administrasie gerig op alle nodige ondersoeke na die lewering van infrastruktuur vir Chrysler om vestiging te bevorder.

Nadat toestemming vir die vestiging van Chrysler verleen is, het die Munisipaliteit as teenprestasie fabrieksgrond van dieselfde omvang in Waltloo gehersoneer sodat dié grond nie vir fabrieksvestiging gebruik sou kon word nie (TA. MPA. 3/4/1797, Notule

---

7 Die Chrysler Motorkorporasie het 'n aanleg in Kaapstad gehad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Stadsraad, 23 Desember 1965). Die nodige infrastruktuur soos paaie en spoorlyne is vir die nuwe gekonsentreerde fabrieksgebied voorsien (TA. MPA. 3/4/1797, Notules van die Stadsraad, 11 Mei & 30 Julie 1965). Ten einde 'n spoorlyn aan Chrysler te voorsien, het die Munisipaliteit Pretoria fabriekspersele in die Despatch gekonsentreerde fabrieksgebied onteien. Dit is gedoen terwyl daar volgens die Stadsklerk 'n groot vraag na fabriekspersele in Despatch was (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 30 Julie 1965).[8]

Die vraag ontstaan hoekom die Munisipaliteit Pretoria dit kon regkry om Chrysler in Pretoria te laat vestig. Dit was ondanks die bestaan van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid en gepaardgaande wetgewing, die Wet op Groepsgebiede, en die min klem wat sedert die veertigerjare op fabrieksontwikkeling in die Munisipaliteit Pretoria gelê is. (Aan lg. sal weer aandag gegee word.) Die eerste moontlike rede was dat die sestigerjare die begin was van toenemende fabrieksontwikkeling in Suid-Afrika (kyk Figuur 4-2). Die Munisipaliteit Pretoria wou graag in dié voorspoed deel.

Tweedens was dit ook duidelik dat Rosslyn as groeisentrum redelik suksesvol was (kyk Figuur 4-4) en met die verlies aan die vestiging van die Datsun Motorkorporasie in Rosslyn wou die Munisipaliteit Pretoria nie weer 'n kans deur sy vingers laat glip nie. Die vestiging van so 'n groot fabriek sou baie bydra tot die belangrikheid van Pretoria se beeld. Volgens die Stadsklerk sou die vestiging van Chrysler dieselfde impak op Pretoria hê as die vestiging van Iscor gedurende die dertigerjare (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 28 Mei 1965).

Derdens, het die Munisipaliteit Pretoria verskeie skuiwergate in die praktiese uitvoerbaarheid van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid en die Wet op

---

8 Soos in Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1.3) aangedui het 'n spoorlyn nou ook Eersterust bereik, nadat dié woongebied reeds in 1958 geproklameer is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Groepsgebiede voorgehou as motivering hoekom Chrysler net sowel in Pretoria kon vestig. Ten opsigte van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid het die Munisipaliteit Pretoria, Rosslyn net as nog een van Pretoria se gekonsentreerde fabrieksgebiede beskou (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 28 Mei 1965). Die Munisipaliteit Pretoria het infrastruktuurdienste teen dieselfde verbruiksheffing aan Rosslyn as ander gekonsentreerde fabrieksgebiede in Pretoria voorsien (TA. MPA. 3/4/1797, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 28 April 1967). Fabrieksvestiging in Pretoria was volgens die Munisipaliteit nie 'n afruiling tussen fabrieksgebiede in die stad nie, maar moes beskou word as net nog 'n bydrae tot die totale fabrieksontwikkeling van die inwoners van Pretoria. Die verskuiwing van swartes uit blanke Pretoria na Mamelodi sou Mamelodi in elk geval vergroot en Chrysler-werkers sou nie bykomende swart behuising tot gevolg gehad het nie. Ingevolge bestaande wetgewing sou geen werker by Chrysler geregtig wees op behuising nie, en huisvesting sou in enkelkwartiere moes plaasvind.[9] Die munisipaliteit het ook 'n teenprestasie gelewer deur met hersonering geen bykomende fabrieksgrond te verkry nie.

Vierdens, was daar heelwat druk van verskeie belangegroepe dat alles gedoen moes word om die vestiging van Chrysler moontlik te maak. Hierdie druk het gedurende die vyftigerjare opgebou toe daar reeds vir 'n lang tydperk 'n gebrek aan fabrieksgrond was (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 23 Desember 1965). So was daar veral kritiek teen die hersonering van grond in Waltloo en die gevoel was dat dié fabrieksgebied eerder vergroot moes word. Daarbenewens het Chrysler self druk uitgeoefen om eerder in Pretoria as in Rosslyn te vestig. Chrysler se teenkanting teen Rosslyn was gegrond op die aard van die grond, afstand en swak verbindingsweë met Sentraal-Gauteng (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 11 November 1966).

---

9 Dit was ingevolge die Artikel 10-regte van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Laastens, blyk dit dat die beïnvloedingsveldtogte van die Munisipaliteit Pretoria redelik suksesvol was. Dit was skynbaar veral die destydse Sekretaris van Handel en Nywerheid wat 'n groot rol gespeel het om na 'n oponthoud van twee en 'n half maande toestemming te verkry vir die vestiging van Chrysler in Pretoria (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 28 Mei 1965). Waar Pretoria die nasionale voorbeeld moes wees van hoe bevolkingsvestiging plaaslik georden moes word, en dit skynbaar na wense plaasgevind het, het die nasionale owerheid die vestiging van Chrysler waarskynlik as 'n teenprestasie vir die "voorbeeldige rol" van Pretoria beskou. Die Stadsklerk het self aangedui dat die Munisipaliteit Pretoria die implementering van die Wet op Groepsgebiede oor die laaste 16 jaar "entoesiasties en met mening" uitgevoer het (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 11 November 1966).

Ondanks die suksesvolle pogings om Chrysler in Pretoria te laat vestig, blyk dit egter dat die rol van die sentrale owerheid en die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid steeds die fabrieksontwikkeling van die Munisipaliteit Pretoria sou beïnvloed. Geen verdere uitbreiding van fabrieksgrond is toegelaat nie. Na raming sou daar 'n addisionele 685 hektaar fabrieksgrond tussen 1968 en 1982 in die Munisipaliteit Pretoria nodig wees vir verwagte fabrieksuitbreiding (TA. MPA. 3/4/1796, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 28 Februarie 1968). Enige nuwe fabrieksgrond, soos die hervestiging van fabrieke, moes egter gepaard gaan met die hersonering van 'n soortgelyke omvang vir nie-fabrieksdoeleindes (TA. MPA. 3/4/1798, Notule van die Stadsraad, 31 Julie 1968).

Die ontwikkeling van die fabrieksektor in die studiegebied hou gevolglik baie nou verband met die nasionale beleid van Apartheid. Hierin het die Munisipaliteit Pretoria, soms ten koste van hulself, 'n sentrale rol gespeel. Wat ook van belang was, was die vermoë van die Munisipaliteit Pretoria om wel die sentrale owerheid te kon beïnvloed om af te wyk van breë nasionale beleid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog 'n wyse waarop die sentrale owerheid 'n invloed op die fabrieksvestiging in die studiegebied, spesifiek die Munisipaliteit Pretoria, gehad het, was die plasing van infrastruktuur wat verband gehou het met die funksies[10] wat deur die sentrale owerheid in daardie stadium verrig is. Die impak wat die stigting van Iscor, 'n inisiatief van die sentrale owerheid, op die fabrieksontwikkeling van Pretoria gehad het, is reeds in Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1.1 (b)) beskryf. Oor die vestiging van Iscor in Pretoria, merk Richards (1940:283) soos volg op:

> "It is indubitable that with the discovery of the rich ore deposits at Thabazimbi one of the main reasons for Pretoria as the location at least deserved serious re-examination; but by that time political considerations had gathered so much impetus that any impartial reconsideration of the question of the most suitable location was precluded."

'n Verdere blik op die rol van nie-ekonomiese faktore by die vestiging van Iscor word deur Delfos[11] gegee (Soos aangehaal deur Richards 1940:74):

> "The Government is bound to assist us with railway rates if it should be proved that competition from the outside would be harmful to the industry. ... apart from the economic position of Pretoria, it is the intention of the Government that the industry should be established there and naturally under those conditions it will be easier to get concessions from the Government than if the industry were placed in another spot."

Hoewel die Munisipaliteit Pretoria die vestiging van Iscor as uiters belangrik beskou

---

10 Kyk voetnota 16.

11 Soos reeds in Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1.1 (b)) aangedui was Cornelis Delfos een van die pioniers in die yster- en staalnywerheid in Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, was dit 'n besluit van die sentrale owerheid. Dit het die gang van fabrieksontwikkeling in die homogene gebied van westelike Pretoria bepaal, asook vir die studiegebied as geheel.

Soos in die geval van Iscor se vestiging was die sentrale owerheid ook verantwoordelik vir twee van die vernaamste stedelike gebiede in die Munisipaliteit Akasia, nl. Soshanguve en Rosslyn. Hoewel die Munisipaliteit Akasia later tot stand gekom het, het die twee stedelike gebiede uit nasionale beleid voortgevloei.

Die fisiese infrastruktuur wat deur die lewering van sentrale owerheidsdienste vereis is, moes ook deur die plaaslike owerhede geakkommodeer word. Pretoria se status as administratiewe hoofstad van Suid-Afrika was gegrond op hierdie funksies en dié status was belangrik vir die Munisipaliteit Pretoria. Dit moes egter opgeweeg word teenoor die geleentheidskoste van die grond wat vir sentrale owerheidsfunksies gebruik is. Pretoria moes baie fisiese infrastruktuur van die sentrale owerheid, soos administratiewe kantore, semi-owerheidsorganisasies soos die WNNR en die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS & H) akkommodeer. Dit het 'n belangrike invloed op die intra-stedelike struktuur van die studiegebied gehad, asook op die eiendomsbelastingslas[12] wat deur ondernemers in die privaatsektor gedra moes word (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967). Byvoorbeeld, n.a.v. aanbevelings van 'n Britse konsultant, prof. Holford,[13] moes geboue wat die personeel van die sentrale owerheid huisves in 'n gebied aanliggend aan Strubenstraat opgerig word. Die Stadsraad moes 'n afruiling maak tussen hierdie aanbeveling en aansoeke van ondernemers, dus eiendomsbelastingbetalers, wat ook hier wou vestig (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 24 April 1951).

---

12 Die sentrale en provinsiale owerhede het nie eiendomsbelasting betaal nie.

13 Aan die rol van Holford word later weer aandag gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten tye van die groot tekort aan fabrieksgrond in die veertigerjare het die Munisipaliteit Pretoria ook gepoog om fabrieksgrond wat aanvanklik aan die Departement van Verdediging verskaf is, vir fabrieksontwikkeling terug te kry (TA. MPA. 3/4/1789, Korrespondensie van die Stadsklerk, 28 Maart 1946). Dit was nie suksesvol nie en alternatiewe moes ondersoek word. In die begin sestigerjare, toe Waltloo oorweeg is as 'n fabrieksgebied, was 'n ander moontlike fabrieksgebied munisipale grond aan die noordekant van Atteridgeville wat as die "Dairy Sites" bekend gestaan het. Die alternatief kon egter nie oorweeg word nie aangesien daar 'n moontlikheid was dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens 'n hondeskool daar sou begin (TA. MPA. 3/4/1794, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 13 Januarie 1961). Dié grond was weens die topografie en die nabyheid van 'n swart woongebied uiters geskik vir swaar fabrieke as 'n verdere verlengstuk van die Pretoria Nywerheidsdorp.

Die destydse SAS & H het 'n verdere belangrike invloed gehad. Nadat besluit is op die ligging van fabrieksgebiede en nie-blanke woongebiede is die SAS & H gewoonlik versoek om die nodige spoorvervoer te verskaf.[14] Vir doeleindes hiervan het 'n amptenaar van die SAS & H sitting op die Stadsbeplanningskomitee gehad (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 23 Junie 1953). Daar is in Hoofstuk 7 (Afdeling 2.1.1 (a)) verwys na die bestaan van 'n "swaar nywerheidsgebied" in die omgewing van die hoofspoorwegstasie in Pretoria. Dié werkswinkels is later na Pretoria-Wes en toe na Capital Park in die homogene gebied van noordelike Pretoria in 1938 verskuif en toe weer na noordoostelike Pretoria in 1954 (TA. MVE. 459 16/155, Korrespondensie van die Hoof-siviele Ingenieur (SAS & H), 3 Januarie 1938; TA. GG. 2429 6/349, Gedetailleerde program van opening van

---

14 Die woongebiede van Atteridgeville (swart) en Eersterust (Kleurling) en die fabrieksgebiede van Koedoespoort en Kwaggasrand (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 30 April 1963) is ontwikkel sonder dat daar aanvanklik spoorvervoer na dié gebiede was (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Nie-blanke Sakekomitee, 20 Junie 1955).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

werkswinkels deur Goewerneur-Generaal, 14 Oktober 1954). Aanliggend aan die werkswinkels is ook 'n woongebied vir blanke spoorwegamptenare ontwikkel. Die aanlê van spoorlyne, werkswinkels en spoorwegdorpe het bygedra tot die aard van die homogene gebiede van westelike, noordelike en noordoostelike Pretoria (TA. BAO. 5445 87/313 (T) (24), Korrespondensie van die Waarnemende Algemene Bestuurder van die SAS & H, [S.a.]). Die teenwoordigheid van spoorweginfrastruktuur in stedelike gebiede verander die aard van sulke gebiede. Volgens die Spoorweg Proteskomitee sou die aanwesigheid van sulke infrastruktuur woongebiede na krotbuurte verander (TA. MVE 459, 16/155, Beswaar van die Voorsitter van die Spoorweg Proteskomitee, [S.a.]).

Ook die provinsiale owerheid het 'n invloed op die plaaslike owerhede gehad. Benewens die plasing van fisiese infrastruktuur in Pretoria (Pretoria was die provinsiale hoofstad van die destydse Transvaal Provinsie) was plaaslike owerhede 'n provinsiale funksie volgens die grondwet (Cloete 1989:214 & 223). Die Ordonnansie oor Dorpe en Dorpsaanleg, no. 11 van 1931, (SA. TPA. 1950) het voorsiening gemaak vir 'n Dorperaad wat die Provinsiale Administrateur adviseer oor alle aspekte van dié Ordonnansie. Enige Dorpsaanlegskema of wysigings aan so 'n skema is aan die Dorperaad vir uiteindelike goedkeuring deur die Provinsiale Administrateur voorgelê. Aansoekers, dus die publiek, kon ook na die Dorperaad apelleer indien hulle ontevrede was met besluite van plaaslike owerhede. Die plaaslike owerhede kon ook ingevolge die Plaaslike Owerheidsordonnansie van 1939 by die Provinsiale Administrasie geld vir Dorpsontwikkeling leen (TA. MPA. 3/4/1789, Korrespondensie van die Stadsklerk, 17 Oktober 1947).[15] Sulke lenings moes deur die Provinsiale Administrateur goedgekeur word. In die bespreking wat volg, word telkens verwys na waar die Provinsiale Administrateur die besluite van plaaslike owerhede moes goedkeur of afgekeur het. In dié verband het die Provinsiale Administrateur sorg

---

15 Daar is gebruik gemaak van sulke lenings vir die aankoop van die gekonsentreerde fabrieksgebiede van Koedoespoort en Waltloo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedra dat die nasionale wetgewing op plaaslike owerheidsvlak geïmplementeer word.

3.2 Endogene instellings van die plaaslike owerhede

3.2.1 Die belangrikheid en rol van plaaslike owerhede

Daar is reeds aangedui dat plaaslike owerhede op drie vlakke 'n rol in die intra-ruimtelike struktuur van stedelike gebiede speel. Om die belangrikheid van plaaslike owerhede aan te dui, word hier nou aan die derde funksie, nl. die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste,[16] aandag gegee.

Die eerste funksie van die plaaslike owerheid was dorpstigting vir woongebiede. Dit het vir al die bevolkingsgroepe gegeld. Aangesien die nie-blanke bevolkingsgroepe geen werklike plaaslike owerhede gehad het nie, was die voorsiening van nie-blanke behuising besonder belangrik vir blanke plaaslike owerhede (Nöthling 1977:60; TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 12 November 1965). Die blanke plaaslike owerhede kon nie-blanke woongebiede binne die institusionele raamwerk van die nasionale owerheid geografies plaas. Dié plasing was in ooreenstemming met nasionale wetgewing en het aanleiding tot die makrofragmentasie van die Apartheidstad gegee.

Die voorsiening van behuising vir lae-inkome blankes was ook belangrik.[17] Waar die

---

16 Suiwer owerheidsgoedere en -dienste word gekenmerk aan nie-uitsluitbaarheid en nie-mededingendheid. Tussen eg. tipe goedere en dienste en privaatgoedere is daar 'n "grys" gebied waar goedere en dienste nie maklik gekategoriseer kan word nie. Verder, verskeie faktore soos tydsverloop, tegnologie, ens. kan die tipiese aard van goedere en dienste verander en die voorsiener daarvan kan verander van die owerheid na die privaatsektor of omgekeer of beide (kyk Rosen 1992:67-69). Die oprigting en vestiging van Iscor sou bv. nie normaalweg as tipiese owerheidsfunksies beskryf word nie, maar gegee die tydsvlak waarin die besluit geneem is, sou dit as 'n owerheidsfunksie beskryf kon word.

17 Befondsing is van die nasionale owerheid ingevolge die Behuisingswet verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plasing van nie-blanke behuising makrofragmentasie veroorsaak het, het die plasing van lae-inkome blanke behuising bygedra tot die sosio-ekonomiese verskille wat tussen blanke woongebiede ontstaan het en sodoende tot mikrofragmentasie en die monofunksionaliteit van stedelike gebiede. Die Munisipaliteit Pretoria het aan versoeke vir lae-inkome behuising voldoen deur dorpstigting in reeds bestaande lae-inkome homogene gebiede soos westelike Pretoria (TA. MPA. 1/3/4/1/16, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 2 April 1924; TA. MPA. 1/4/8/1/7, Verslag van die Stadsingenieur, 7 Februarie 1956). Waar dié gebied reeds die belangrikste fabrieksgebied teen die twintigjare was en in die toekoms waarskynlik 'n lae-inkome woongebied sou word, het die Munisipaliteit se optrede die neiging versterk.[18] Volgens die ontleding vir 1991 was dit wel 'n blanke lae-inkome gebied (kyk Figuur 6-1). Die persepsie of siening dat dit 'n swakker gedeelte van die Pretoria munisipale gebied was, is reeds in 1916 deur die Stadsingenieur so uitgespel (TA. MPA. 3/3/577, Verslag van die Stadsingenieur, [S.a.])[19] en dit sou ook die siening van die Stadsklerk in die sestigerjare wees (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Stadsklerk, 2 Maart 1965). Die plasing van blanke lae-inkome behuising was nie net beperk tot westelike Pretoria nie, maar dit het ook plaasgevind in noordelike en noordoostelike Pretoria (TA. MPA. 1/4/8/1/2, Byvoegsel tot die Verslag van die Komitee vir Openbare Gesondheid, Naturelle en Asiatiese Sake, 2 Julie 1935; TA. MPA. 3/4/1796, Korrespondensie van die Openbare Skakelbeampte, 17 Februarie 1956).

'n Tweede owerheidsfunksie wat die Munisipaliteit Pretoria verrig het, was die lewering van fabrieksgrond vir fabrieksvestiging. Tot ongeveer die sestigerjare was

---

18 Uit die skrywe van bestaande inwoners in Pretoria-Wes was dit duidelik dat hulle die aanwesigheid van lae-inkome behuising as minderwaardig vir hul woongebied beskou (TA. MPA. 1/3/4/1/16, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 2 April 1924).

19 Hoewel die presiese datum onbekend is, moes die verslag in ongeveer 1916 gelewer gewees het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die munisipaliteit, met enkele uitsonderings, die alleen-voorsiener van fabrieksgebiede. Die fabrieksgebiede wat die belangrikste was, soos dié in die homogene gebiede van westelike, noordelike en noordoostelike Pretoria, en wat ruimtelik die rigting van toekomstige fabrieksgebiede sou aandui, is deur die munisipaliteit ontwikkel.

Aanvanklik het die munisipaliteit fabrieksgrond aan ondernemers verhuur en indien die grond na 12 maande nie ontwikkel is nie, moes dit aan die munisipaliteit teruggegee word. Hierdeur wou die munisipaliteit spekulasie in fabrieksgrond voorkom (TA. MPA. 1/3/4/1/15, 3/4/1789 & 3/4/1790, Notules van die Stadsraad, 6 Julie 1923, 14 Januarie 1946 & 23 Desember 1948). Later is die fabrieksgrond met toestemming van die Provinsiale Administrateur verkoop, maar moes egter weer aan die munisipaliteit terugverkoop word, indien dit weer in die mark gekom het (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 2 Januarie 1953). Die grond kon dan weer deur die munisipaliteit herverdeel word vir kleiner of groter fabrieke, na gelang van die vraag (TA. MPA. 3/4/1789, Regsopinie van Adv. D. Gould, 28 Januarie 1947). Die plaaslike owerheid was die voorsiener en die makelaar van en besluitnemer oor die finale gebruik van fabrieksgrond.

'n Belangrike aspek van die ontwikkeling van fabrieksgebiede was dat die plaaslike owerhede self kon besluit watter tipe onderneming daar mag vestig. In die geval van Koedoespoort is bv. bepaal dat dié fabrieksgebied 'n gebied vir ligte vervaardiging sou wees. Die Munisipaliteit Pretoria het ook talle aansoeke afgekeur wat, volgens die munisipaliteit, nie beantwoord het aan hul definisie van ligte vervaardiging nie. Hierdeur kon plaaslike owerhede die sektorale aard van fabrieksgebiede bepaal.

Benewens dorpstigting vir fabrieksdoeleindes, het die munisipaliteit ook met die voorsiening van infrastruktuur vir fabrieksvestiging as ontwikkelaar opgetree, bv. deur spoorsylyne vanaf die hoofspoorlyn na fabrieksperseles aan te lê (TA. MPA. 3/4/1789, Korrespondensie van die Stadsklerk, 9 Maart 1936; TA. MPA. 1/4/1790, Notule van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Stadsraad, 2 Maart 1951). Om sulke infrastruktuur te verskaf kon die munisipaliteit enige noodsaaklike grond bekom.[20]

Die munisipaliteit het ook aansporings vir fabrieksvestiging ingestel. Dit is hierbo verduidelik dat die munisipaliteit bloot deur meer doeltreffende administratiewe reëlings tot die vestiging van Chrysler bygedra het. Dit was ook die geval met die vestiging van Iscor in 1932. Reeds in 1925 het die Munisipaliteit Pretoria goedkoop (ongesuiwerde) water aan ondernemers in Pretoria-Wes verskaf (TA. MPA. 1/3/4/1/17, Notule van die Stadsraad, 6 April 1925). Fabrieksgrond is ook goedkoper as markverwante pryse aan ondernemers verskaf (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 2 Mei 1949; TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 2 Januarie 1953).[21] Dit is ook interessant om daarop te let dat die Stadsraad ondersoek ingestel het om die fabriekspersele in Laudium teen 'n verlaagde prys aan Asiër-ondernemers te verkoop (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 16 Januarie 1962). Dit is egter nie duidelik of dit wel gedoen is nie.

Laastens het die plaaslike owerhede ingevolge die Dorpsbeplanningskema en ander stedelike verordeninge beheer oor bouaktiwiteite in gekonsentreerde fabrieksgebiede uitgeoefen. In die geval van alle gekonsentreerde fabrieksgebiede moes bouplanne

---

20 Dié onteieningsmagte is verkry ingevolge die "Municipalities Powers of Expropriation Ordinance" van 1903 (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 1 Desember 1952).

21 Dié verkope teen nie-markverwante pryse het beswaar van die Provinsiale Administrateur tot gevolg gehad. In 1949 is die Munisipaliteit Pretoria wel toegelaat om verkope van fabrieksgrond te doen aangesien daar reeds 'n verkoopsooreenkoms tussen die Munisipaliteit en die kopers bestaan het (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 2 Mei 1949). Die Provinsiale Administrateur het die verkope slegs op grond van dié bestaande ooreenkoms goedgekeur. In 1953 wou die munisipaliteit weer sulke verkope doen, maar dit is deur die Provinsiale Administrateur afgekeur omdat dit nie teen markverwante pryse sou plaasvind nie (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 2 Januarie 1953). Die Provinsiale Administrateur het egter wel toegelaat dat die Munisipaliteit Pretoria 'n afslag van 10.0% op die aankoopprys kon gee indien fabrieksvestiging in Koedoespoort binne die eerste jaar van ontwikkeling plaasgevind het (TA. MPA. 3/4/1796, Korrespondensie van die Openbare Skakelbeampte, 17 Februarie 1956).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eers aan die Stadsingenieur vir goedkeuring voorgelê word. Dit het hier spesifiek gegaan oor die estetiese voorkoms van die geboue en nie of die geboue aan die normale bouregulasies voldoen nie (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 4 Oktober 1951). Die rede waarom dié vereiste in die stigtingsvoorwaardes van bv. Koedoespoort en Waltloo ingevoeg is, was dat dié fabrieksgebiede omring is deur woongebiede. Daar kon wel beswaar teen die beslissings van die Munisipaliteit Pretoria aangeteken word (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 7 Junie 1957). Die plaaslike owerhede het ook vervolgingsbevoegdhede volgens Ordonnansie no. 11 van 1931 gehad in gevalle waar die bepalings van die dorpsaanlegskemas oortree is (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Verslag van die Waarnemende Stadsklerk, 18 Junie 1956).

3.2.2 Die verhoging van lewensgehalte

Die drie plaaslike owerheidsfunksies het gewentel om die onderlinge ekonomiese, sosiale en politieke posisies van die verskillende bevolkingsgroepe in die studiegebied. Soos woongebiedontwikkeling gebruik is om die sosio-ekonomiese posisie van die verskillende bevolkingsgroepe te bepaal, is fabrieksontwikkeling ook gebruik om makro- en mikrofragmentasie te bewerkstellig. Stedelike toeganklikheid is vir die blanke bevolkingsgroep verhoog, terwyl dit vir die nie-blanke bevolkingsgroepe verlaag of beperk is.

Twee rolspelers het besluite in blanke plaaslike owerhede geneem, nl. die verkose raadslede (die Stadsraad) en die amptenare. Die Stadsraad het deur 'n komiteestelsel besluite geneem op grond van die eksogene instellings van die nasionale en provinsiale owerhede en die endogene instellings van die gemeenskap en ondernemers. Die amptenare het weer besluite geneem op grond van hul interpretasie van die besluite van die raadslede en ook oor watter insette aan die raadslede vir besluitneming gelewer sou word. Die besluite van die amptenare val binne die burokratiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

benadering en hieraan sal afsonderlik aandag gegee word.

a) Die afdwing van eksogene en endogene instellings

Verkose raadslede moes sorg dat beide die eksogene en endogene instellings in besluitneming inslag vind. Hul rol was belangrik aangesien daar nie soortgelyke nie-blanke besluitnemers was wat 'n invloed op lewensgehalte kon hê nie. Verkose blanke besluitnemers was die enigste wat sorg kon dra dat die lewensgehalte van alle bevolkingsgroepe verhoog kon word.

Dit is duidelik uit die beskikbare inligting dat beide die eksogene en endogene instellings veroorsaak het dat blanke raadslede nie veel gedoen het om die posisie van nie-blanke bevolkingsgroepe te verbeter nie. Byvoorbeeld in die geval van die fabrieksgebiede moes in die stigtingsvoorwaardes, lank voor die implementering van die Wet op Groepsgebiede in 1950, bepaal word dat geen nie-blanke eienaar grond daar mag besit nie (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Stadsraad, 7 Junie 1938; TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 1 Desember 1949). Raadslede moes fokus op die behoud van die ekonomiese posisie van die blanke bevolkingsgroep. Raadslede het ook duidelik aan die aard van behuising vir blankes aandag gegee, maar dit nie in geval van nie-blankes gedoen nie. Nie-blanke behuising is beskou as die voorsiening van slegs homogene tipe behuising sonder om vir gedifferensieerde vraag voorsiening te maak.

Dit was egter steeds moontlik om veral in die geval van eksogene instellings by implementering wel sekere plaaslike interpretasies aan dié instellings te verleen. Dit was duidelik uit die optrede van die Munisipaliteit Pretoria met die vestiging van Chrysler. Die plaaslike owerheid het, ongeag druk, hul eie interpretasie aan die nasionale owerheid se streeksnywerheidsontwikkelingbeleid gegee en was suksesvol.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die geval van endogene instellings van die plaaslike gemeenskap sou dit moeiliker wees. Die verkiesingsooreenkoms tussen plaaslike kiesers en raadslede word geïllustreer deur die Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie se aansoek in 1954 om 'n fabriek langs die Wonderboom Natuurpark in noordelike Pretoria te bou (TA. MPA. 3/4/1792, Korrespondensie van die Stadsklerk, 18 Oktober 1954). Die vorige eienaar en die kiesers van die omgewing was, volgens die Stadsklerk, met die verkoop aan die Stadsraad onder die indruk dat die grond as 'n uitbreiding van die natuurpark sou dien. Die aansoek is afgekeur op grond van dié mondelinge ooreenkoms tussen die Stadsraad en die verkoper.[22] Plaaslike raadslede is op grond van plaaslike aangeleenthede deur die gemeenskap verkies. Indien daar nie gehoor gegee sou word aan die plaaslike eise nie, kon raadslede hul sitting in die Stadsraad verloor.

Dit is moontlik dat by sulke plaaslike aangeleenthede die moontlikheid kon bestaan het vir 'n eie, hoewel marginaal afwykende interpretasie van die gemeenskap se instellings. Raadslede het die eksogene en endogene instellings egter redelik klakkeloos geïmplementeer. Waar daar wel sprake was van 'n eie interpretasie was dit net van toepassing op die blanke bevolkingsgroep. Dit sou net een gevolg hê, nl. dat slegs aan die lewensgehalte van die blanke bevolkingsgroepe aandag gegee sou word.

Die uitgangspunt van die Munisipaliteit Centurion was bv. dat die sektorale aard van fabrieksontwikkeling in dié plaaslike owerheid bepaal sou word deur die omvang van die sektorale vraag na swart arbeid. Daarom sou slegs ligte fabrieke in die plaaslike owerheid toegelaat word aangesien die vestiging van swaar fabrieke 'n groter vraag na swart arbeid sou meebring (Stadsraad van Verwoerdburg 1978:82). Dié benadering is nie deur die sentrale owerheid op die Munisipaliteit Centurion afgedwing nie, maar was 'n eie interpretasie van eksogene instellings. Dit het egter ook

---

22 Die Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie het uiteindelik in Heidelberg gevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saamgeval met die endogene instellings van die gemeenskap van Centurion, nl. om die teenwoordigheid van swartes in dié munisipale gebied te beperk.

Die indiensneming van swartes is deurgaans deur die Munisipaliteit Pretoria in besluitneming gebruik. Reeds in 1926, heelwat vroeër as die streng toepassing van die intra-stedelike struktuur van die Apartheidstad of die implementering van die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid, het die munisipaliteit aangedui dat fabrieksvestiging in Pretoria-Wes onder "gunstige voorwaardes"[23] van 'n Britse maatskappy toegelaat sou word omdat indiensneming hoofsaaklik blank van aard sou wees (TA. MPA. 3/3/566, Korrespondensie van die Stadsklerk, 25 Augustus 1926). Die munisipaliteit het ook aangebied om vestiging van 'n Belgiese ondernemer in Koedoespoort moontlik te maak deur fabrieksgrond teen 'n nie-markverwante prys te verkoop. Die rede was die moontlikheid vir die indiensneming van 300 blanke vrouens (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Stadsraad, 4 Maart 1957).[24]

Die politieke besluitnemers het gehoor gegee aan die gemeenskap se insette en gepoog om die vraag na swart arbeid te verminder. Tergelykertyd is die vraag na blanke arbeid verhoog. 'n Voorbeeld hiervan is die munisipale brouery, die "Kaffir Beer Brewery", wat in Waltloo opgerig is. Dit was destyds 'n munisipale owerheidsfunksie om bier vir swartes te vervaardig. Hoewel die verbruikers swartes was en bierverkope 'n belangrike munisipale inkomebron was, mag slegs blankes by die brouery gewerk het aangesien dit in 'n blanke gebied was (TA. MPA. 3/4/1794, Notule van die Stadsraad, [S.a.]).[25] Dit is onwaarskynlik dat wetgewing die vestiging van so 'n brouery in 'n swart woongebied verbied het. Hoewel dit 'n bewustelike besluit van die

---

23 Dit is nie duidelik wat dié gunstige voorwaardes sou wees nie.

24 Kyk voetnota 21 i.v.m. die verkoop van fabriekspersele teen nie-markverwante pryse.

25 Hoewel die datum van die besluit van die Stadsraad onbekend is, moes dit ongeveer gedurende 1959 gewees het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

raadslede was, kon die gebrek aan fabrieksgebiede in swart woongebiede egter 'n bydraende faktor tot die besluit gewees het.

In aansluiting by bg. en met die hoogty van die implementering van die Apartheidsbeleid was daar ook 'n voorstel van raadslid B. Auret vir 'n ondersoek na 'n uitsluitlik blanke fabrieksgebied in Pretoria. Die voorstel is deur die Bestuurskomitee goedgekeur (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 4 November 1964).[26] Volgens 'n verslag[27] ter ondersteuning van die besluit sou die motivering wees dat nie-blankes in groeisentrums en "nie-blanke nywerheidsgebiede"[28] die oorheersende arbeidsmag was en daar ruimte vir 'n blanke fabrieksgebied vir die alleen-indiensname van blankes was. Dit sou ook inpas by die Stadsraad se voorgenome "Blank in die nag-beleid" waardeur geen swartes in die munisipale gebied sou oornag nie.

In teenstelling met die pogings van die Munisipaliteit Pretoria om blanke ondernemerskap en indiensneming in die fabrieksektor te bevorder, was daar weinig pogings om nie-blanke ondernemerskap in die fabrieksektor te bevorder. Die Asiërs, die enigste nie-blanke bevolkingsgroep wat werklik fabrieksondernemers was,[29] moes grootliks 'n sukkelbestaan voer om wel geskikte fabrieksgrond te kry. Dit was

---

26 Die besluit het skynbaar nooit tot uitvoering gekom nie.

27 Dit is nie duidelik of raadslid Auret of 'n amptenaar van die Munisipaliteit Pretoria die verslag opgestel het nie.

28 Dit is nie duidelik wat met dié nie-blanke nywerheidsgebied bedoel word nie aangesien daar slegs fabrieksgebiede vir Asiërs in Laudium was.

29 a) Dit moet onthou word dat Laudium se fabrieksgebiede juis in die Dorpsaanlegskema ingesluit was weens die bestaande Asiër-ondernemers in die noordwestelike SSK.

b) Daar was geen fabrieksgrond in die Cape Boys Location nie en volgens die Stadsklerk was die vraag na sulke grond van beperkte omvang (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 28 September 1954).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voordat die fabrieksgebied in Laudium ontwikkel is. Verskeie aansoeke om wel in die Asiate-basaar te vestig, is afgekeur omdat daar nie voldoende fabrieksgrond beskikbaar was nie (TA. MPA. 3/4/1790, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 27 Mei 1946; TA. MPA. 3/4/1789, Notule van Naturelle en Asiatiese Administrasie Komitee, 25 Junie 1947; TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 11 Mei 1953). Dit was in teenstelling met die moeite wat die Munisipaliteit gedoen het om die vestiging van blanke fabrieksondernemers moontlik te maak. In sommige gevalle het die Munisipaliteit selfs persele gehersoneer om fabrieksvestiging vir blankes moontlik te maak (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsraad, 18 Junie 1956; TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 15 Maart 1966). Dié Asiër-ondernemers was in 'n dilemma. Enersyds was die Asiate-basaar oorbevolk en andersyds het die Munisipaliteit Pretoria druk toegepas om Asiër-ondernemers uit die, toe blanke gebied, van die noordwestelike SSK te verskuif.

Dit was egter nie alleen die voorsiening van fabrieksgrond vir nie-blanke bevolkingsgroepe wat 'n probleem was nie. Verskeie besluite wat gevloei het uit die vestiging van blanke fabrieke het indiensneming van nie-blankes beperk. Waar die stedelike toeganklikheidsindeks daarop gedui het dat toegang tot werksgeleenthede in 1991 baie moeilik vir swartes was, het dié besluite toeganklikheid verder beperk. Sommige besluite was gegrond op die uitvoering van eksogene instellings, maar sommige het binne die willekeurige interpretasie van dié eksogene instellings gelê. Byvoorbeeld, in 1937 is 'n aansoek om 'n eethuis vir middagetes vir swartes in die Pretoria Nywerheidsgebied geweier omdat eethuise vir swartes nie die Stadsraad se goedkeuring weggedra het nie (TA. MPA. 3/4/1789, Aard van dokument onbekend, 2 September 1937). Selfs nie-blanke opsigters by fabrieksgeboue wat ook die rol van sekuriteitswagte vervul het, is nie toegelaat om op fabriekspersele te bly nie (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 19 Desember 1955). Die aanwesigheid van swartes in fabrieksgebiede het reeds in 1928 daartoe gelei dat 'n aansoek van die Industrial & Commercial Workers Union om op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sondae byeenkomste te hou, afgekeur is (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die Stadsraad, 7 Maart 1928). Ook die wyse waarop swart fabrieksarbeiders hul etensure gebruik het, het die vraag in 1952 by Stadsraadslede laat ontstaan of oop ruimtes en parke in fabrieksgebiede bevordelik was vir die produktiwiteit van swart arbeid (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 1 Desember 1952). raadslid Horowitz was van mening dat die oop ruimtes slegs gebruik word vir onwettige drankhandel en die speel van sokker en dit was nie bevorderlik vir swartes se produktiwiteit nie. Die Stadsraad het egter besluit om sulke oop ruimtes te behou (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 10 Desember 1952).

b) Die burokratiese benadering

In die vorige afdeling is geredeneer dat die institusionele raamwerk waarbinne raadslede besluite moes neem 'n mate van eie diskresie nie uitgesluit het nie. Die vraag ontstaan of die amptenare van die plaaslike owerhede nie 'n eie institusionele raamwerk gehad het waarbinne besluite oor lewensgehalte van die bevolking van die studiegebied gemaak kon word nie. In dié opsig sou die amptenare dan self 'n invloed op die intra-stedelike ontwikkeling gehad het. Dié vraag is veral belangrik binne die proses van mededingende konflik van die NIB. Daar is reeds aangedui wat die rol van sonering binne dié proses was en watter belangrike rol die plaaslike owerhede gespeel het. Hierdie burokratiese benadering sal weer by die ander doelstellings aandag kry en hier word slegs na die rol van die Dorpsaanlegskema gekyk.

Volgens die Stadsingenieur van Pretoria het die dorpstigtingsvoorwaardes van Saulsville,[30] wat deur die Provinsiale Administrateur goedgekeur is, nie aan gesonde beplanningsbeginsels voldoen nie (TA. MPA. 1/3/4/1/19 & 1/3/4/1/17, Notules van die Stadsraad, 15 Mei 1928 & 9 April 1929). Die vraag is wat as gesonde

---

30 Die woongebied was toe (1929) nog buite die munisipale grense van die Munisipaliteit van Pretoria geleë.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beplanningsbeginsels beskou kan word om die lewensgehalte van alle bevolkingsgroepe in die studiegebied te verhoog. Die doel van 'n Dorpsaanlegskema is doeltreffende intra-stedelike vestiging. Daar is geen verwysing na die verskillende bevolkingsgroepe nie. Die Ordonnansie wat die opstel van 'n Dorspaanlegskema vereis, moet egter saam met ander wetgewing, soos uiteengesit in Tabel 8-1, beskou word.[31] Hoewel die Dorpsaanlegskema 'n tegniese, skynbaar objektiewe, beplanningsinstrument is, is dit nie die geval nie. Soos voorheen aangedui, beliggaam so 'n skema al die eksogene en endogene instellings waarbinne intra-stedelike vestiging in die studiegebied plaasgevind het.

In dié opsig kan die Dorpsaanlegskema nie as 'n objektiewe beplanningsinstrument beskou word nie. Dit het beide 'n invloed op die makro- en mikrofragmentasie van die studiegebied gehad. Makrofragmentasie is bevorder waar die skema eksogene instellings soos die Wet op Groepsgebiede beliggaam het, terwyl mikrofragmentasie deur die endogene instellings meegebring is. Sodanige onderskeid is egter nie duidelik identifiseerbaar nie en in die volgende bespreking sal ook hieraan aandag gegee word.

Dit kan aanvaar word dat die moontlike eie interpretasie en implementering van nasionale wetgewing deur Pretoria se munisipale amptenare beperk was. Die Stadsraad het die Apartheidsbeleid met oorgawe gesteun en die amptenare was onderworpe aan die Raad se besluitneming. Verder, indien plaaslike owerhede nie sou inval by die Apartheidsbeleid nie, het die nasionale owerheid wetgewing in plek gehad om plaaslike owerhede te dwing om daarby in te val.

Volgens die burokratiese benadering sou die plaaslike owerheidsamptenare egter 'n

---

31 Dit is nie alleen die wetgewing in Tabel 8-1 wat 'n invloed op die Dorpsaanlegskema het nie. Die plaaslike owerheid kan bv. toestemming ingevolge die Dorpsaanlegskema gee vir die vestiging van 'n bakkery in 'n stedelike gebied. Die Graanbeheerraad het weer die grootte van die oond wat in 'n bakkery geplaas mag word, bepaal (TA. MPA. 1/4/8/1/5, Notule van die Stadsraad, 8 November 1951).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eie dinamika kry. Die vrae is: Was die Dorpsaanlegskema die beliggaming van eksogene en endogene instellings van die gemeenskap, en het amptenare dit slegs uitgevoer of was "gesonde beplanningsbeginsels" die gevolg van 'n selfstandige beplanningstradisie waarbinne die amptenare gefunksioneer het?

Om dié vrae te beantwoord, is die ontstaan van die beplanningstradisie wat grootliks op ruimtelike beplanning, teenoor ontwikkelingsbeplanning gekonsentreer is, relevant.

Die organisatoriese werking van 'n plaaslike owerheid geskied volgens die meervoudige komiteestelsel (Cloete 1983:88-94). Raadslede is aan funksionele komitees, waaronder stadsbeplanning, toegeken wat elk ondersteun is deur 'n aantal amptenare. So is die Stadsbeplanningskomitee as 'n staande komitee van die Stadsraad van die Munisipaliteit Pretoria in 1946 tot stand gebring. Die komitee het bestaan uit sewe lede waarvan vier amptenare was. Die samestelling was: een raadslid; die stadsargitek en -beplanner; die stadsingenieur en een ander amptenaar van die Stadsraad; twee lede van die Pretoria Landbouvereniging; 'n amptenaar van die nasionale Departement van Openbare Werke, en 'n lid wat die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede en die Pretoria Kamer van Koophandel gesamentlik verteenwoordig het (laasgenoemde het in 1947 lid geword) (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 19 Maart 1953).[32] Die doel van die komitee was om advies te lewer oor nuwe stadsbeplanningsverordeninge en oor breë beplanningsbeleid vir die Pretoria munisipale gebied. Besluite van die komitee moes vir goedkeuring aan die Stadsraad voorgelê word. Amptenare het die tegniese en administratiewe onderbou van die komitee gevorm.

Met stedelike beplanning as 'n gegewe plaaslike owerheidsfunksie (volgens Provinsiale Ordonnansies) was die insette van die amptenare belangrik. Dit was egter nie slegs

---

32 'n Amptenaar van die SAS & H het ook later 'n lid van die komitee geword.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die nakoming van Provinsiale Ordonnansies wat so 'n funksie relevansie gegee het nie. Die beplanningsamptenare het self gedeel in die siening dat hul beroep deur intra-stedelike beplanning 'n bydrae kon maak om lewensgehalte te verhoog (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsraad, 17 September 1956). Stadsbeplanning is beskou as 'n wetenskap wat jarelange opleiding vereis het (TA. MPA. 1/4/8/1/3, Notule van die Stadsraad, 6 Desember 1944). Die uiteindelike goedkeuring deur die Stadsraad van besluite van die Stadsbeplanningskomitee is gebaseer op insette van die amptenare se spesifieke instellings binne die beplanningstradisie. In sommige gevalle het 'n amptenare-onderkomitee onder voorsitterskap van die Stadsklerk aansoeke om fabrieksvestiging oorweeg en besluite geneem (TA. MPA. 3/4/1798, Notule van die Stadsraad, 31 Maart 1967; TA. MPA. 3/4/1798, Verslag van die Stadsklerk, 31 Oktober 1968). Dié besluite moes egter vir goedkeuring deur die Stadsraad voorgelê word.

Die intra-stedelike beplanningstradisie in die studiegebied het nie lukraak ontstaan nie, maar was deel van 'n breë wêreldwye beplanningstradisie. In dié verband merk Dewar en Uytenbogaardt (1991:1) soos volg op (kyk ook Badenhorst 1992:18):

> "Dominant urban planning and management practices in South Africa are based largely either on simple ideological considerations of race separation or on conventional planning wisdoms which have been developed primarily in relation to the contextual circumstances of Western Europe and the U.S.A. ... they are certainly inappropriate to the very different circumstances of developing countries."

Stadsbeplanning het in die Anglo-Amerikaanse wêreld ontstaan met die beheer van onversoenbare grondgebruike in die begin van die twintigste eeu (Badenhorst 1992:18-24). Hierdie fase sou bekend staan as bloudrukbeplanning. Die nagevolge van die Industriële Revolusie in Brittanje gedurende die einde van die negentiende eeu

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was groter wordende stede, gebrekkige behuising, swak gesondheidstoestande en armoede. Die gedagte het ontstaan dat lewensgehalte van stedelike inwoners verbeter kon word deur die fisiese omgewing te beheer. Stadsbeplanning het verskillende vorme aangeneem om die probleme te oorkom, o.a. die "Garden City-beweging", die "City Beautiful-beweging" en die skepping van nuwe stede of dorpe, sg. "New Cities" (TA. MPA. 3/3/577, Lesing gelewer by The Town Planning Association (Transvaal) deur C. Wade, 31 Julie 1920). Die idee was dat monofunksionele stedelike gebiede tot stand moes kom deur verskillende grondgebruike te skei (Scott D. 1982:66-69). Hierdeur sou die stedelike inwoners beskerm word teen die negatiewe eksternaliteite wat met fabrieksproduksie gepaard gegaan het.

Bloudrukbeplanning se onvermoë om sosiale probleme op te los, het tot die fase van omvattende beplanning[33] in die veertiger- en vyftigerjare aanleiding gegee. Met omvattende beplanning is elke aspek van die stedelike omgewing beplan met die doel om 'n "ideale" stedelike omgewing te skep. Hierna sou fases van rasionale beplanning in die vyftigerjare, en in die sestigerjare, pluralistiese en die sg. advokaat-benadering[34] volg. Laasgenoemde aantal benaderings word nie verder bespreek nie aangesien die Apartheidstad as 'n kombinasie van die twee eg. fases beskou word en gevolglik as omvattende bloudrukbeplanning beskryf kan word (Muller soos aangehaal deur Badenhorst 1992:20).

Die eerste twee fases in die beplanningstradisie het 'n groot invloed op intra-stedelike beplanning in die Munisipaliteit Pretoria gehad. Omvattende bloudrukbeplanning het

---

33 a) 'n Vertaling van "comprehensive planning".
b) D. Scott (1982:69-89) maak 'n onderskeid tussen 'n groot aantal fases in die beplanningstradisie wat gevolg het op die bloudrukbeplanningsfase. Hier word egter die indeling van Badenhorst (1992:18-20) gevolg.

34 Die advokaat-benadering is baie nou verwant aan die vestigingskonflik-benadering in die NIB. Badenhorst (1992:21) beskryf eg. as waar sekere lede van die samelewing sterker en magtiger as ander beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op drie wyses in die studiegebied deur die burokratiese benadering tot uiting gekom, nl. deur die invloed van kontak met nasionale en internasionale professionele beplanningsorganisasies, deur die gebruik van nasionale en internasionale konsultante, en deur die eie besluitneming van die amptenare.

Eie aan die aard van professionele beroepe was daar eerstens noue kontak tussen die Munisipaliteit Pretoria se amptenare en **nasionale en internasionale professionele beplanningsorganisasies**. Hoewel daar nog nie 'n professionele stadsbeplanner was nie,[35] was die Munisipaliteit Pretoria lid van The Town Planning Association, (Transvaal), en uit die kommunikasie tussen dié organisasie en die Munisipaliteit blyk dit dat die amptenare deeglik bewus was van internasionale gebeure, dus omvattende bloudrukbeplanning, in die beplanningsberoep (TA. MPA. 3/3/577, Lesing gelewer by The Town Planning Association (Transvaal) deur C. Wade, 31 Julie 1920).[36] Die organisasie het ook erkende Britse stadsbeplanners na Suid-Afrika gebring vir lesings, o.a. in Pretoria (TA. MPA. 3/3/577, Korrespondensie van die Sekretaris van The Town Planning Association (Transvaal), 25 Julie 1921). Die Munisipaliteit Pretoria was ook lid van die International Federation for Town & Country Planning & Garden Cities[37] (TA. MPA. 3/3/578, Korrespondensie van die Sekretaris van die International Federation for Town & Country Planning & Garden Cities, 7 April 1925).

---

35 Die Stadsraad het in 1925 besluit om ondersoek in te stel na die skepping van 'n funksionele departement vir stadsbeplanning (toe het dit nog as die Departement van Gesondheid bekend gestaan) met 'n stadsbeplanner (TA. MPA. 1/3/4/1/17, Notule van die Bestuurskomitee, 15 Januarie 1925).

36 In notules van die Stadsraad (TA. MPA. 1/4/8/1/3, Notule van die Stadsraad, 6 Desember 1944) is daar 'n verwysing na The Town and Country Planning Association. Dit is nie duidelik of die organisasie die latere opvolger van The Town Planning Association, (Transvaal) was nie. Volgens die genoemde notules word The Town and Country Planning Association nie as 'n professionele liggaam beskou nie aangesien enigiemand daaraan kon behoort.

37 Dié organisasie was, indien na die ledelande gekyk word, 'n werklik internasionale organisasie. Ledelande sluit o.a. Australië, België, Brittanje, en die Verenigde State van Amerika in.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens het die Munisipaliteit Pretoria gebruik gemaak van **nasionale en internasionale konsultante.**[38] Die eerste Dorpsaanlegskema vir Pretoria is onder leiding van die Witwatersrandse Gesamentlike Stadsbeplanningskomitee opgestel n.a.v. Ordonnansie 11 van 1931. Volgens Artikel 37 kon so 'n gesamentlike beplanningskomitee vir aanliggende plaaslike owerhede 'n Dorpsaanlegskema opstel. Pretoria is, weens fisiese afstand nie as 'n aanliggende plaaslike owerheid beskou nie, maar skynbaar weens gebrekkige kundigheid in die Munisipaliteit Pretoria is die gesamentlike komitee versoek om die taak te verrig (TA. MPA. 3/3/578, Memorandum van die Stadsingenieur, Johannesburg, 27 Junie 1932; TA. MPA. 3/3/578, Notule van die Stadsraad, 29 Julie 1935). Die Witwatersrandse Gesamentlike Stadsbeplanningskomitee het toe die stadbeplanningskonsultante Adams, Thompson & Fry aangestel om die Dorpsaanlegskemas vir verskillende plaaslike owerhede op te stel (TA. MPA. 3/3/578, Verslag van Adams, Thompson & Fry, 2 Mei 1935).[39] Dié konsultante het ook aanbeveel dat ligte fabrieke uit die SSK moet verskuif, asook dat fabrieksvestiging in die homogene gebied van westelike Pretoria moet plaasvind.

Hoewel daar nie duidelikheid oor die aanbevelings van die konsultante Bowling & Floyd is nie, is dié stadsbeplanningskonsultante ook deur die munisipaliteit gebruik om fabrieksgebiede aan te wys. Dit kan aanvaar word dat dié Floyd die outeur van

---

38 Dit was blykbaar nie 'n ongewone praktyk nie. Die Munisipaliteit Johannesburg het van Amerikaanse konsultante gebruik gemaak (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsraad, 8 Desember 1955).

39 Dit is nie duidelik of dié konsultante van die buiteland was nie, maar dit kan geredelik aanvaar word dat dit wel die geval was. Daar het skynbaar nog nie voldoende kundigheid in Suid-Afrika hiervoor bestaan nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskeie publikasies was wat oor stadsbeplanning in Suid-Afrika gehandel het.[40] Oor die vestiging van fabrieke merk hy as volg op (Floyd 1971:38): "Onder moderne omstandighede is daar nywerhede wat omtrent dieselfde mate 'n hindernis in 'n woongebied is as winkels. Die grootskaalse gebruik van nie-blanke arbeid deur nywerhede is in ons land (Suid-Afrika) 'n addisionale las in woongebiede of besigheidsones."

In 1947 het die Stadsraad besluit om prof. William Holford, 'n Britse stadsbeplanner, as adviseer vir die Stadsbeplanningskomitee aan te stel (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsklerk, 19 Augustus 1953). Holford beveel aan: dat fabrieksontwikkeling[41] in die homogene gebied van westelike Pretoria en noordoostelike Pretoria op die buitewyke van die blanke stedelike gebiede moet plaasvind; dat fabrieksvestiging gebruik moes word as 'n buffer tussen blanke en nie-blanke woongebiede (tesame met 'n groenstrook); dat daar duidelike skeiding tussen stedelike grondgebruike moet wees, dus monofunksionaliteit, en dat Pretoria moet poog om fabrieksontwikkeling te stimuleer aangesien daar te veel op owerheidsindiensname staatgemaak is (TA. MPA. 3/4/1790, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 17 September 1948). Holford het ook aanbeveel dat ligte fabrieke na die westekant van die SSK moes verskuif (TA. Kaarte. 3/958, 1949).

---

40 a) In die voorwoord in Floyd (1971:2) skryf prof. D. Page van die Universiteit van Stellenbosch dat Floyd reeds sedert die begin dertigerjare deels verantwoordelik was vir 'n groot aantal Dorpsaanlegskemas. Floyd was ook vir baie jare die enigste voltydse stadsbeplanner in Suid-Afrika en was konsultant vir baie Transvaalse munisipaliteite en die Dorperaad.

b) Van dié publikasies was Floyd (1966 & 1971).

41 Holford het aan die volgende aspekte in sy verslag aandag gegee: Die grootte van Pretoria en lg. se rol as hoofstad; vervoernetwerke; beperkinge op die hoogte van geboue; fabrieksvestiging, en ander spesifieke aangeleenthede soos busterminusse by Kerkplein (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Stadsraad, 25 Augustus 1949).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Holford se aanbevelings het 'n groot impak op stedelike beplanning in Pretoria gehad. Voordat sy verslag goedgekeur is, was daar reeds in 1949 en 1950 grondspekulasie op grond van die aanbevelings wat aan die publiek uitgelek het (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Stadsraad, 14 Maart 1950). Figuur 6-1 en die bespreking in Hoofstuk 7 dui aan dat die aanbevelings van Holford redelik getrou nagevolg is. Alle nuwe besluite voor die Stadsbeplanningskomitee en aanbevelings van die Stadsklerk is op Holford se aanbevelings gebaseer. Hoewel die Stadsklerk bv. erken het dat die meeste ligte fabrieksondernemers in die SSK wil vestig, kon sulke aansoeke op grond van Holford se aanbevelings nie goedgekeur word nie (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Stadsraad, 2 Junie 1949). Holford se spesifieke aanbeveling dat ligte fabrieke aan die westekant van die SSK moes vestig, is nie deur die Munisipaliteit Pretoria geïmplementeer nie. Die besluit om Marabastad in die vyftigerjare as ligte fabrieksgebied te ontwikkel, kan wel beskou word as 'n poging om uitvoering aan die aanbeveling van Holford te gee. Die beginsel dat ligte fabrieke nie in die SSK moes vestig nie, is egter aanvaar en dit was 'n belangrike rede vir die ontwikkeling van Koedoespoort in 1951. Die groot waarde wat aan die Holford-aanbevelings geheg is, word geïllustreer toe die Stadsraad in 1950 reeds 'n totale verbod op die vestiging van ligte fabrieke in die SSK geplaas het, terwyl daar geen alternatiewe ligte fabrieksgrond beskikbaar was nie. Dié besluit oor vestiging van ligte fabrieke in die SSK en spesifiek die noordwestelike SSK, is gehandhaaf in verskeie aansoeke om in dié gebiede te vestig (TA. MPA. 1/4/8/1/4, 1/4/8/1/5 & 3/4/1791, Notules van die Stadsraad, 14 Mei, 8 & 9 Oktober 1951).[42]

---

42 Die Munispaliteit kon egter nie sonder meer bestaande ligte fabrieksgebiede dwing om te verskuif nie. Indien nuwe fabrieke op bestaande persele, gesoneer vir ligte fabrieksaktiwiteite wou vestig, moes dit egter ook goedgekeur word. Die beginsel was dat sonering nie sonder meer verander kan word nie, maar dat die Munisipaliteit tog 'n mate van besluitnemingsbevoegdheid het met nuwe aansoeke op bestaande gesoneerde grond vir ligte fabrieke. Die stadsingenieur stel dit soos volg: "...the new industry would only be regarded as continuing the existing use if it was, from the point of view of noise, etc. no more undesirable than its predecessor and that applications in this connection should be considered on their merit in the light of the foregoing." (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsraad, 30 Junie 1952).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Holford se aanbevelings is selfs in 1956 en 1958 nog as verwysingsraamwerk deur die Stadsklerk gebruik om aanbevelings aan die Stadsraad te maak (TA. MPA. 1/4/8/1/8 & 1/4/8/1/9, Notules van die Stadsraad, 10 Desember 1956 & 7 Maart 1958). Ook in 1959 beroep voornemende ontwikkelaars hul op Holford se aanbevelings om die Stadsraad te oorreed om hul aansoek goed te keur (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 7 Januarie 1959). Die Munisipaliteit Pretoria het so sterk oor die Holford-aanbevelings gevoel dat hulle aangedring het op sitting in die Dorperaad. Dit het gevolg nadat 'n appèl teen 'n besluit van die Stadsraad deur die Dorperaad gehandhaaf is. Die teenwoordigheid van 'n stadsraadslid van die Munisipaliteit Pretoria op die Dorperaad sou dit moontlik maak om die Holford-aanbevelings by die Dorperaad te propageer (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Stadsraad, 22 Oktober 1949).

Die derde wyse waarop die burokratiese benadering tot uiting gekom het, was deur **die insette en besluite van die amptenare self**. Hier is twee aspekte van belang, nl. dat die amptenare op tendense in die internasionale beplanningstradisie ag geslaan het en die rol wat die amptenare gespeel het om insette te lewer tot die besluitneming van die Stadsraad en ander komitees.

Daar is reeds aangedui dat die amptenare ontwikkelings in die internasionale beplanningstradisie baie nougeset gevolg het. Die British Town and Country Planning Act van 1932 is ook soortgelyk aan die Townships and Townplanning Ordinance, no. 11 van 1931, en na eg. is ook verwys om besluite te neem (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 10 Augustus 1953). In die beplanning van nuwe woongebiede in die homogene gebied van westelike Pretoria is aangedui dat die beplanning soortgelyk was aan die beplanning van "New Towns" in Brittanje (TA. MPA. 3/4/1791, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 14 Maart 1952; TA. MPA. 3/4/1792, Korrespondensie van die Stadsklerk, 15 Junie 1955).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alle insette en voorleggings aan die Stadsbeplanningskomitee en die Stadsraad is ook deur amptenare gedoen. Waar besluite deur die Stadsraad oor beskikbare inligting geneem is, het die amptenare beskikkingsreg oor dié inligting gehad.

Wat die burokratiese benadering betref, blyk dit dat amptenare 'n belangrike rol gespeel het in die besluitneming oor intra-stedelike vestiging. Beplanningsamptenare was bewus van ontwikkelings in die internasionale beplanningstradisie, en tesame met nasionale wetgewing wat gerig was op bevolkingskeiding, het die amptenare gehou by omvattende bloudrukbeplanning. Hier was eerder sprake van ruimtelike beplanning as ontwikkelingsbeplanning. In ooreenstemming met die internasionale beplanningstradisie is monofunksionele stedelike gebiede met skerp skeiding tussen verskillende grondgebruike beklemtoon. Dit het die mikrofragmentasie van die stedelike gebiede tot gevolg gehad. Die aanvaarding van die beginsels van die skerp skeiding tussen grondgebruike het tot gevolg gehad dat 'n skeiding tussen werk- en woonplek ontstaan het.

c) Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste

Hierdie aspek is reeds in Afdeling 3.2.1 van hierdie hoofstuk bespreek. In die lig van die belangrikheid van die plaaslike owerheid en die afdwing van eksogene en endogene instellings deur beide die raadslede en die amptenare, is dit duidelik dat intra-stedelike vestiging van plaaslike owerheidsgoedere en dienste in die Munisipaliteit Pretoria grootliks gerig was op die verhoging van die lewensgehalte van die blanke bevolkingsgroep.

3.2.3 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis

Die plaaslike owerheidsfunksies, soos beskryf in Tabel 8-1, speel ook 'n rol in die vergroting van die stedelike ekonomiese basis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

a) Die afdwing van eksogene en endogene instellings

In Hoofstuk 4 is aangetoon watter rol die fabrieksektor moontlik kan speel in die verhoging van lewensgehalte. Die inisiatiewe wat die nasionale owerheid gebruik het om fabrieksontwikkeling in Suid-Afrika te stimuleer, is ook bespreek. Hoewel die nasionale owerheid 'n nywerheidsontwikkelingsbeleid beklemtoon het, ontstaan die vraag of die Munisipaliteit Pretoria dieselfde klem hierop gelê het.

Daar is voorheen verwys na die Munisipaliteit Pretoria se aansporings tot fabrieksvestiging. Was dié aansporings nie slegs ad hoc van aard nie? Het dit ingepas in 'n breë beleidsdoelstelling om fabrieksontwikkeling in die geheel te stimuleer en daardeur die ekonomiese basis van die studiegebied te vergroot?

Daar is reeds gesien dat die aard van fabrieksontwikkeling in die munisipale gebied van Centurion, byvoorbeeld, bepaal is deur die vraag na swart arbeid. Die munisipaliteite van Akasia en Midrand verteenwoordig 'n onlangse samevoeging van losstaande stedelike gebiede, en hier was fabrieksontwikkeling tot 1991 nie die direkte uitvloeisel van plaaslike owerheidsbeleid nie.

Om 'n innoverende stedelike gemeenskap daar te stel, is die interaksie tussen heterogene gemeenskappe en ekonomiese aktiwiteite noodsaaklik. Al die plaaslike owerhede in die studiegebied het geen ander keuse gehad as om wette op bevolkingskeiding te implementeer nie. 'n Vereiste vir die skepping van 'n innoverende stedelike gemeenskap, nl. heterogene gemeenskappe, het a.g.v. van die implementering van 'n eksogene instelling dus ontbreek. Hoewel die Munisipaliteit Pretoria 'n rol gespeel het in plaaslike fabrieksontwikkeling was dit egter nie die gevolg van 'n doelbewuste beleid om die fabrieksektor te ontwikkel nie, maar eerder die gevolg van die normale werksaamhede van 'n plaaslike owerheid. Daar was dus ook nie die moontlikheid dat fabrieksontwikkeling 'n bydrae kon maak tot innoverende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stedelike gemeenskappe nie.

Die gevolgtrekking dat die verbreding van die ekonomiese basis van Pretoria deur fabrieksontwikkeling nie 'n belangrike doelstelling van die Munisipaliteit Pretoria was nie, steun op verskillende oorwegings.

Eerstens, het dit geblyk dat waar die plaaslike owerheid wel selektief fabrieksontwikkeling gestimuleer het, dit grootliks in belang van die blanke bevolkingsgroep was. Fabrieksontwikkeling het net plaasgevind in blanke gebiede en daar was, benewens in Laudium, geen fabrieksontwikkeling in nie-blanke gebiede nie. Dit was in ooreenstemming met die nasionale owerheidsbeleid wat grootliks blanke belange nagestreef het. Die Stadsklerk het wel opgemerk, n.a.v. 'n aansoek om vestiging in Laudium, dat dit goedgekeur moet word omdat dit in die land se belang is om arbeidsintensiewe fabrieke te vestig (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 16 Januarie 1962). Hierdie opmerking moet egter gesien word in die lig van die feit dat die Munisipaliteit Pretoria graag Asiër-ondernemers uit die Asiate-basaar verskuif wou hê. In 1962 was daar nog weinig Asiërfabrieksvestiging in Laudium en dié vestiging sou ook ander Asiër-ondernemers aanmoedig om in Laudium te vestig.

Tweedens, hoewel die Stadsraad reeds in 1951 in beginsel besluit het dat fabrieksontwikkeling belangrik is vir die algemene ekonomiese ontwikkeling van Pretoria, was daar, benewens die ontwikkeling van die ligte fabrieksgebied van Koedoespoort in 1951, tot die begin van die sestigerjare geen wesenlike toevoeging tot die totale fabrieksgrond nie (kyk Figuur 8-2) (TA. MPA. 1/4/8/1/5, Notule van die Stadsraad, 8 November 1951).

Derdens, het fabrieksontwikkeling, gemeet aan die omvang van fabrieksgrond wat beskikbaar gestel is, met rukke en stote in Pretoria plaasgevind. Die groei in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieksgebiede het twee skerp stygings sedert die ontstaan van Pretoria ondervind. Die eerste was met die ontwikkeling van die Iscor-fabrieksgebied in 1927 en daarna weer met die ontwikkeling van Waltloo in die sestigerjare. Hoewel daar gedurende die tydperk tussen dié twee ontwikkelings 'n vraag na fabrieksgrond was, is verskeie aansoeke afgekeur omdat daar nie genoeg grond was nie. Die grond vir die ontwikkeling van Waltloo is reeds in 1947 aangekoop en daar was in 1950 'n aansoek om 'n groot fabrieksperseel (47.92 hektaar)[43] in dié voorgestelde fabrieksgebied. Waltloo is egter eers in 1963 ontwikkel (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 13 November 1950).

Vierdens, hoewel Chrysler met veel moeite van die Munisipaliteit in Pretoria gevestig het, was dit slegs 'n eenmalige gebeurtenis. Die Munisipaliteit het steeds die streeksnywerheidsontwikkelingsbeleid met die klem op Rosslyn ondersteun. Ter illustrasie van dié steun kan die volgende teenstrydighede geopper word. Elektrisiteitsvoorsiening aan fabrieke buite die munisipale grense is teen 'n 25.0% toeslag voorsien (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Handelskomitee, 13 Oktober 1949). Koste-oorwegings was waarskynlik 'n groot rede hiervoor. In teenstelling met dié toeslag het die Munisipaliteit Pretoria teen dieselfde tarief as binne die munisipale gebied water en elektrisiteit aan fabrieke in Rosslyn voorsien (TA. MPA. 3/4/1797, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 28 April 1967).

Vyfdens, was die belangrike rol wat Pretoria moes speel as 'n voorbeeld van hoe intra-stedelike vestiging van die bevolkingsgroepe op plaaslike vlak moes plaasvind en hoe die vraag na swart arbeid beperk moes word, is aanduidings dat fabrieksontwikkeling nie as 'n hoë prioriteit beskou is nie (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 6 Junie 1960). 'n Beperking op die vraag na swart arbeid beteken noodwendig dat fabrieksontwikkeling beperk word. Die besluite van die

---

43 Waltloo was aanvanklik slegs 10.15 hektaar groot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Munisipaliteit Centurion illustreer so 'n afleiding.

Laastens was daar genoeg owerheidsondernemings wat 'n doelbewuste fabrieksontwikkelingsbeleid van die Munisipaliteit Pretoria onnodig gemaak het. Dit blyk dus dat die Munisipaliteit nie vir Pretoria, soos die nasionale owerheid vir Suid-Afrika, spesifieke pogings aangewend het om fabrieksontwikkeling te stimuleer nie.

b) Die burokratiese benadering

Hoewel daar nie 'n pro-aktiewe fabrieksontwikkelingsbeleid in Pretoria bestaan het nie, was daar moontlik vir amptenare ruimte om besluite te neem. Het amptenare die Dorpsaanlegskema en ander stedelike verordeninge baie eng geïnterpreteer of het hulle wel ruimte geskep vir fabrieksontwikkeling binne die gegewe institusionele raamwerk of beleid? Dié vraag fokus op die werking van die markmeganisme. Is die werking van die markmeganisme beperk deur 'n eng interpretasie van die gegewe institusionele raamwerk (die Dorpsaanlegskema en ander stadsverorderinge) of was daar pogings om die werking van die markmeganisme te bevorder? Die aanname is dat die bevordering van die markmeganisme bevorderlik vir fabrieksontwikkeling sou wees.

Die aanduidings is dat amptenare self oor die ekonomiese lewensvatbaarheid van ondernemings besluit het en nie ruimte vir marktoestande gelaat het om tot 'n spesifieke intra-stedelike struktuur aanleiding te gee nie. Die Stadsingenieur het aanbeveel dat 'n aansoek om in Koedoespoort 'n kafee vir fabriekswerkers op te rig, nie goedgekeur word nie. Volgens die Stadsingenieur was daar nie genoeg koopkrag vir 'n kafee nie. Dit was ook die Munisipaliteit se voorneme om self winkels vir verhuring op te rig (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 10 Desember 1952; TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eiendomme, 10 April 1953).[44] Soortgelyke optredes deur amptenare het op aansoeke vir die oprigting van diensondernemings in woongebiede gevolg met amptenare wat self besluit het of daar voldoende diensondernemings per woongebied is, op grond waarvan addisionele aansoeke afgekeur is (TA. MPA. 1/4/8/1/6, 1/4/8/1/8, 1/4/8/1/9 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 18 September 1952, 17 Junie 1957, 17 Maart 1958 &17 Oktober 1960).[45] Dié optrede hou verband met die tradisie van omvattende bloudrukbeplanning waar intra-stedelike vestiging aan streng kwantitatiewe norme gemeet word. Verskeie sulke tabellerings bestaan in die stadsbeplanningsprofessie van wat die aandeel van die verskillende grondgebruike per stedelike oppervlakte behoort te wees (kyk bv. Floyd (1971:81), Tabel F).[46] Hierdie tabellerings is egter slegs riglyne vir die aanvanklike opstel van 'n Dorpsaanlegskema. Die finale besluitneming val binne die oordeel van die amptenare.

Dié optrede van die amptenare was reeds relevant met die ontstaan van Pretoria. Nöthling (1977:121) wys daarop dat die beskikbaarstelling van handelslisensies aan swart ondernemers aan die begin van die vorige eeu onderhewig was aan faktore soos die noodsaaklikheid van die onderneming en of die aansoeker dit persoonlik sou kon bestuur. Die amptenare se goedkeuring het berus op hul evaluasie van marktoestande.

Die rol van die amptenare in dié inmenging in die markmeganisme is soos volg deur die Stadsingenieur gemotiveer (TA. MPA. 1/4/8/1/10, Notule van die Stadsraad, 18

---

44 By lg. verwysing was 'n nuwe steenkoolwerf in Koedoespoort ter sprake. Uit die notule blyk dit dat die Stadsbeplanningskomitee in hul besluit kennis geneem het van die feit dat daar reeds 'n nabygeleë steenkoolwerf bestaan het.

45 In lg. verwysing is dit 'n raadslid wat in die Stadsbeplanningskomitee van oordeel was dat synde al die winkels in Hermanstad beset was, daar 'n behoefte aan nog winkels bestaan het en die betrokke aansoek goedgekeur kon word.

46 Dit is interessant om daarop te let dat dié betrokke tabel waarna verwys word, opgestel was uit inligting wat verskaf word in Bartholomew, H. 1955. *Land uses in American Cities*. Cambridge: Harvard University Press. (Kyk die aanhaling in die teks van Dewar en Uytenbogaardt in Afdeling 3.2.2 (b).)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mei 1959):

> "The control of the amount as well as the location of shops in residential areas is necessary not only for the convenience of the residents but also to ensure profitable business ventures. ... The restriction of business sites does, however, shade towards monopoly in effect, but suburban shops are always in competition with the central business district ... ."

Die amptenare moes sorg dra dat die dienstesektor winsgewend was en dat onderlinge kompetisie tussen diensondernemings sou voortbestaan; lg. tussen diensondernemings in die voorstedelike gebiede en dié in die SSK. Dié optrede was nie net van toepassing op die dienstesektor nie, maar ook indirek en direk op die fabrieksektor. 'n Ander motivering waarom daar na die oordeel van die amptenare nie meer aansoeke om diensondernemings as wat nodig was, goedgekeur is nie, was dat 'n ooraanbod van persele vir diensondernemings tot gevolg kon hê dat fabrieke op sulke persele vestig (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 13 Mei & 18 Junie1960). Dit sou verhoogde verkeersvloei in woongebiede tot gevolg gehad het. Indirek is fabrieksontwikkeling so beperk en die mikrofragmentasie van die woongebiede verhoog.

Direk het amptenare ook binne die gegewe institusionele raamwerk hul eie diskresie gebruik. Byvoorbeeld, in 1967 het drie ondernemings aansoek gedoen om grond in Waltloo. Die eerste aansoek om vestiging is afgekeur omdat dié onderneming nie aan die vereiste blank:nie-blank getalle-verhouding voldoen het nie. Die tweede aansoek was van 'n onderneming in die bergings- en verpakkingsbedryf wat nie aan die definisie van 'n fabriek voldoen het nie. Die aansoek is ook afgekeur. Die derde aansoek van 'n plastiekvervaardiger is goedgekeur omdat dit 'n vinnig ontwikkelende fabrieksektor was, dit groot fabriekspersele benodig het en spoorgeriewe sou gebruik. Die aansoek is voorheen afgekeur omdat daar gemeen is dat hierdie tipe fabriek nie van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spoorgeriewe gebruik sou maak nie (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 31 Maart 1967).[47]

Die eerste aansoek is ingevolge die Wet op Fisiese Beplanning afgekeur en die amptenare se hande was afgekap. Die tweede was 'n kwessie van definisies en dit kan aanvaar word dat ander wetgewing die besluit beïnvloed het.[48] Die laaste aansoek gee egter 'n aanduiding van die mate waartoe die amptenare besluitnemingsbevoegdheid gehad het om die markmeganisme te beïnvloed. Die aansoek is nie objektief as 'n anonieme aansoek beskou nie. Die motivering van die amptenare was dat dit 'n vinnig ontwikkelende fabrieksektor was. Dit het ten gunste van die aansoek gegeld. Sou 'n onderneming in 'n stagnante fabrieksektor ook sodanige voorkeur geniet het? Die grond het aan die Munisipaliteit Pretoria behoort en die aanvanklike weiering van die aansoek het nie soseer gegaan oor die beskikbaarheid van fondse om die grond te koop nie. Die Munisipaliteit wou die grond met spoorgeriewe verkoop aangesien dit 'n hoër inkome aan die Munisipaliteit sou besorg.[49]

Beplanning in die algemeen impliseer dat daar in die werking van die markmeganisme ingemeng sal word. Terwyl ruimtelike beplanning, of omvattende bloudrukbeplanning, egter die werking van die markmeganisme onderdruk, sal ontwikkelingsbeplanning eerder die werking van die markmeganisme fasiliteer of ondersteun. Die inmenging van amptenare in die werking van die markmeganisme het waarskynlik aanleiding gegee tot die beperking van die vergroting van die ekonomiese

---

47 Soos later aangetoon sal word, het fabriekspersele sonder spoorsylyne in Waltloo beter verkoop as die met spoorsylyne.

48 Vestiging in gesoneerde fabrieksgebiede kon slegs plaasvind indien so 'n onderneming binne die regsgronde van die Wet op Fabrieke geval het (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsraad, 19 Oktober 1955).

49 Sonder spoorgeriewe het die fabrieksgrond teen R2 000-00 per morg verkoop en met spoorgeriewe teen R6 000-00 per morg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

basis van Pretoria.

c) Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste

Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste het ook 'n invloed gehad op die verbreding van die ekonomiese basis van die studiegebied. Afruiling moes plaasvind tussen private fabrieksvestiging en die plasing van plaaslike owerheidsinfrastruktuur. Daar is reeds gewys op die voorneme van die Munisipaliteit Pretoria om self winkels in Koedoespoort te plaas. Hoewel die omvang hiervan waarskynlik beperk was, het die munisipaliteit reeds in 1928 'n aansoek om fabrieksgrond in westelike Pretoria geweier omdat die grond vir munisipale funksies nodig was (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die Stadsraad, 22 Augustus 1928). Die voorsiening van owerheidsgoedere en dienste deur die plaaslike owerheid het waarskynlik nie 'n belangrike rol in die beperking of verbreding van die ekonomiese basis van die Munisipaliteit Pretoria gespeel nie.

3.2.4 Die rol van intra-stedelike vestiging

Die spesifieke aard van 'n Dorpsaanlegskema, nl. ruimtelike en sektorale sonering, hou besondere implikasies in vir die rol van intra-stedelike vestiging. Die vraag is hoe intra-stedelike vestiging by elk van die plaaslike owerheidsfunksies gebruik is en vir watter doeleindes. Ten opsigte van lg. is reeds aangedui dat die eerste doelstelling hoofsaaklik gewentel het om die verhoging van die blanke bevolking se lewensgehalte. By die tweede doelstelling was daar in die studiegebied nie sprake van 'n spesifieke fabrieksontwikkelingsbeleid by die plaaslike owerhede nie. Dié gevolgtrekkings gee reeds 'n raamwerk waarbinne die rol van intra-stedelike vestiging beskou kan word.

Die onderskeid tussen die eerste twee plaaslike owerheidsfunksies by hierdie doelstelling is nie presies duidelik nie. Daar is voorheen aangedui dat daar 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wisselwerking tussen die Stadsraad en die amptenare was. In die bespreking wat volg, is die onderskeid tussen die eerste twee plaaslike owerheidsfunksies gebaseer op wie waarskynlik die besluit moes neem - die Stadsraad (sub-afdeling (a)) of die amptenare (sub-afdeling (b)).

a) Die afdwing van eksogene en endogene instellings

Terwyl die blanke gemeenskap voorstanders was van monofunksionele stedelike gebiede en dit ook so deur die Stadsraad toegepas is, was monofunksionaliteit net op blankes van toepassing. Dié beplanningsbeginsels was egter nie op die nie-blankes van toepassing nie.

Weens die aanvanklike besluit om verdere fabrieksvestiging in die noordwestelike SSK te beperk, is fabrieksgrond vir Asiër-ondernemers dringend gesoek. In 1938 het die Stadsraad besluit dat weens 'n gebrek aan 'n alternatief die sportgronde in die Asiate-basaar deels vir fabrieksvestiging gebruik moes word (TA. MPA. 3/4/1798, Korrespondensie van die Stadsklerk, 2 Maart 1938).[50] Die res van die sportgronde moes as 'n speelgrond vir kinders gebruik word. Die sportgronde sou dan verskuif word na 'n gedeelte van die rioolplaas. Negatiewe eksternaliteite vir kinders of die Asiërgemeenskap weens fabrieksvestiging het nie ter sprake gekom nie.

Hoewel die beoogde vestiging van fabrieke op die sportgronde in die Asiate-basaar toeganklikheid vir die Asiër-ondernemer sou verhoog, was dit nie 'n oorweging by die Stadsraad nie. Toeganklikheid is ook belangrik vir werknemers en verbruikers en die

---

50 a) Die Komitee van die Asiatiese Sportgronde sou wel gekonsulteer word oor die verskuiwing van die sportgronde.

b) Sommige Stadsraadslede het later hul teenkanting teen die gebruik van die sportgronde uitgespreek (TA. MPA. 3/4/1798, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 19 Mei 1938).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskuiwing vanuit die noordwestelike SSK sou nie toeganklikheid vir werknemers[51] en verbruikers verhoog het nie. Voorts was multifunksionele stedelike gebiede wel van toepassing op die nie-blankes, maar nie op die blanke bevolking nie. Verskillende norme het gegeld in die toepassing van monofunksionaliteit tussen blanke en nie-blanke fabrieksvestiging. 'n Verdere voorbeeld van hoe verskillende norme op Asiër-ondernemers van toepassing gemaak is, was dat Asiërs se werknemers nie by hulle in blanke gebiede kon inwoon nie. Dit is net in die Asiate-basaar toegelaat (Friedman 1994:246). Die beginsel van monofunksionaliteit is tot die ekstreme gevoer toe daar bv. geweier is dat 'n spreekkamer vir 'n blanke mediese dokter by 'n woonhuis in 'n blanke woongebied aangebou word (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 25 November 1958).

Fabrieksvestiging in blanke woongebiede, 'n vorm van multifunksionaliteit, was nie vir die Stadsraad aanvaarbaar nie. (Aan hierdie aspek word weer by die burokratiese benadering aandag gegee, aangesien die motivering hiervoor juis gaan oor die beheer van fabrieke deur amptenare.) Dit was in ooreenstemming met die houding van die blanke gemeenskap. Negatiewe eksternaliteite sou die grondwaarde van hul woongebiede verlaag. Reeds in 1926, toe daar min fabrieksontwikkeling in Pretoria was, is die Stadsingenieur opdrag gegee om te bepaal hoe fabrieke weg van woongebiede gevestig kon word deur gebruik te maak van buffersones tussen fabrieksgebiede en blanke woongebiede (TA. MPA. 1/3/4/1/18, Notule van die Stadsraad, 12 Oktober 1926).

Soos in die geval van monofunksionaliteit is die instellings van die gemeenskap in die algemeen deur die Stadsraad in hul besluitneming toegepas. Fabrieksvestiging is nie beskou as 'n instrument van metropolitaanse bestuur om toeganklikheid te verhoog nie. Die funksionaliteit van fabrieksvestiging is eerder gesien in die lig van hoe dit

---

51 Asiër-ondernemers was belangrike indiensnemers van Kleurlinge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruik kon word om die aanwesigheid van nie-blankes in blanke gebiede te beperk deur fabrieksgebiede as buffersones te gebruik (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 3 November 1958). Dit was nie die geval met blanke fabrieksondernemers nie. Hoewel verkeersvloei in woongebiede beperk moes word, moes die mobiliteit van blankes tussen werks- en woonplek verhoog word (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 30 November 1955; TA. MPA. 1/4/8/1/7, Verslag van die Stadsingenieur, 12 November 1958).

b) Die burokratiese benadering

In die uitvoering van hul taak het 'n aantal instellings by amptenare ontstaan oor die aard van fabrieksontwikkeling in intra-stedelike vestiging. Daar is reeds gewys op die talle faktore, soos die rol van nasionale en internasionale konsultante, wat aanleiding tot hierdie instellings gegee het. Hierdie instellings van amptenare gee 'n idee van die oorsprong van die aard van fabrieksvestiging soos dit in 1991 daar uitgesien het.

Estetika van fabrieksinfrastruktuur. Sulke infrastruktuur pas nie esteties in by enige ander stedelike infrastruktuur nie (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsraad, 18 Junie 1960; TA. MPA. 3/4/1797, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 30 November 1965).[52] Fabrieksgeboue het nie ingepas by woon- en sakegebiede nie. Hierdie instelling het gegeld, ongeag die stigtingvoorwaardes in die meeste gekonsentreerde fabrieksgebiede dat die Munisipaliteit alle bouplanne moes goedkeur (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 31 Augustus 1966).

Verkeersvloei. Die verkeersvloei wat verband hou met fabrieksvestiging verskil van

---

52 In die verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur word selfs die geboue van sg. diensnywerhede as onooglik beskou. Diensnywerhede was bv. droogskoonmakerye en sekere tipe winkels.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dié van ander stedelike gebruike (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Stadsraad, 31 Januarie 1956). Ongeag die aard van die fabriek was die Stadsingenieur van mening dat die motorverkeer wat met fabrieksvestiging verband hou die "slegste" vorm van verkeer is wat in ander stedelike gebiede, soos woongebiede, kan voorkom (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 13 Mei 1960 & 14 November 1960). Volgens 'n wysiging aan die Dorpsaanlegskema in 1958 mag slegs een bakkie/vragmotor met 'n maksimum dravermoë van 1.5 ton snags op 'n woonperseel geparkeer het. Indien die bestuurder nie-blank was, mag hy ook nie op die woonperseel oornag het nie (TA. MPA. 1/4/8/1/9, Notule van die Stadsraad, 18 Junie 1958).

Negatiewe eksternaliteite en fabrieksaktiwiteite. Fabrieksaktiwiteite gaan normaalweg gepaard met negatiewe eksternaliteite soos geraas, stof, rook en reuke (TA. MPA. 3/4/1794, Notule van die Stadsraad, 29 Februarie 1960).

Fabrieksaktiwiteite impliseer noodwendig 'n vraag na swart arbeid. Aangesien fabrieksaktiwiteite noodwendig 'n vraag na swart arbeid impliseer, moet sulke aktiwiteite beperk word aangesien die teenwoordigheid van swartes in blanke stedelike gebiede onwenslik was. Om 'n deurloop van swartes in blanke gebiede te beperk, moes ondernemings in die gekonsentreerde fabrieksgebiede vestig en 'n spesifieke blank:nie-blank getalle-verhouding handhaaf.[53]

Definisies van ligte fabrieke. Verskillende definisies vir ligte fabrieke het mettertyd ontstaan weens veranderde omstandighede. Soos in die volgende paragrawe aangedui sal word, was die bepaling van die aard van 'n ligte fabriek belangrik. Hoewel die beginsel van monofunksionaliteit die aanvaarde praktyk was, is ligte fabrieke in intra-

---

53 Dié verhouding is toegepas lank voor die Wet op Fisiese beplanning van 1967. Soos voorheen daarop gewys is, was die blank:nie-blank getalle-verhouding lank reeds deel van die Stadsraad en amptenare se verwysingsraamwerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stedelike vestiging wel soms gebruik om nader aan die multifunksionaliteit van stedelike gebiede te beweeg.

Die eerste definisie moes fabrieke definieer wat wel in die SSK mog vestig. Hoewel die Stadsraad besluit het dat geen fabrieke meer in die SSK mog vestig nie, was daar sekere raadslede wat van mening was dat daar 'n behoefte bestaan het vir beperkte ligte fabrieksvestiging in die SSK. Handwerkfabrieke[54] is soos volg gedefinieer (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 20 September 1954):

> "Craft-industry: means a light industry which in the opinion of the Council produces no nuisance of noise, dust smoke or smell and the product of which is artistic in character. (As diamond cutting, watchmaking, assembly of musical instruments.)"

Laasgenoemde drie tipes fabrieke is toegelaat om in die SSK te vestig en in 1959 is die definisie uitgebrei om drukwerk in te sluit (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 2 Februarie 1955). Die Dorpsaanlegskema is dan ook dienooreenkomstig gewysig.[55] Die rede hiervoor was dat dié vier tipes ondernemings afhanklik was van verbygaande voetgangerverkeer en die ondernemings nie in 'n ligte fabrieksgebied soos Koedoespoort kon vestig nie. 'n Verdere rede vir die insluiting van drukkerye in die definisie was dat drukkerye nie baie swart werkers gehad het nie.

Die vraag na swart werkers deur sekere tipe fabrieke het tot die tweede definisie aanleiding gegee. Na verskeie aansoeke deur fabrieksondernemers om sakepersele in

---

54 'n Vertaling van "craft factories".

55 Dié wysiging was waarskynlik die rede waarom die staatsdrukkery steeds in die SSK van Pretoria gevestig is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noordelike Pretoria (die Moot)[56] te gebruik, is die Stadsingenieur versoek om ligte fabrieke te identifiseer wat wel op sulke persele sou kon vestig. Benewens die vereistes van geen geraas- of lugbesoedeling, estetiese voorkoms en verkeersvloei stel die Stadsingenieur die volgende bepaling as verdere norm (TA. MPA. 1/4/8/1/10 & 3/4/1794, Notules van die Stadsraad, 11 November 1959 & 29 Februarie 1960):

> "According to information obtained from the Bureau of Census and Statistics industry in Pretoria employed 2.0 Non-Whites for every White in 1954-55. Industries employing less than 2 Non-Whites for every White should therefore be regarded as reasonable to be located in the Moot ... ."

Op grond van hierdie norm is bepaal dat vervaardigers van die volgende produkte vestig: winkeluitrusting; skryfbehoeftes; chemiese stowwe; kantoormeubels; elektriese masjinerie en motors; professionele en wetenskaplike instrumente; optiese en fotografiese toerusting; horlosies en uurwerke; juweliersware en verwante artikels, en rubberstempels. Die sny en polering van diamante, en letterskilders, druk- en bindwerk en elektriese kontrakteurs is ook toegelaat.

In 1965 was daar weer 'n ondersoek om fabrieke te definieer wat op sakepersele buite die SSK mag vestig (TA. MPA. 3/4/1797, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 30 November 1965). Hierdie derde definisie/omskrywing het vir enige sakeperseel buite die SSK gegeld en was nie tot 'n spesifieke stedelike gebied beperk nie. Die vereistes waaraan die ondernemings moes voldoen, is omskryf. Hulle moes 'n aanwins vir die (blanke) omringende stedelike gebied wees; indiensneming moes vanuit die onmiddelike omgewing plaasvind; die estetiese voorkoms van die geboue moes 'n aanwins tot die stedelike omgewing wees;

---

56 Daar was reeds in 1959 sprake dat 'n groot vraag na ligte fabriekspersele in die Moot bestaan en dat gesoneerde sakepersele nie beset word nie (TA. MPA. 1/4/8/1/10, Notule van die Stadsraad, 11 November 1959).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geen geraas, rook, gasse, stof of besoedelde water mag uit produksie voortvloei nie; die omvang van werksure moes nie sodanig wees dat inwoners gesteur word nie; genoeg parkering moes verskaf word; aandag moes geskenk word aan die blank:nie-blanke getalle-verhouding, en waar moontlik moes fabrieke met 'n groen strook van woongebiede geskei word.

Die vierde definisie volg uit 'n beskrywing van die tipe fabrieke waarvoor Koedoespoort spesifiek ontwikkel is (TA. MPA. 3/4/1791, Korrespondensie van die Stadsklerk, 17 November 1953).[57] Dié ondernemings was die vervaardiging van staaltoerusting vir geboue (brandtrappe, vensterrame en deure), hekke en heinings, voorafvervaardigde betonbouprodukte, ingenieurs en sweiswerke, motoruitlaatpype en knaldempers, staalmeubels, loodgieter en plaatmetaalwerke, gordyntoebehore soos ringe, en, laastens, aartappelskyfies. Daar was ook motorskrootwerwe, 'n bakkery, gieterye en ondernemings wat boumateriaal verkoop. Later sou 'n grondmeganikalaboratorium ook daar vestig (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Stadsraad, 30 April 1968).

Vier aspekte uit hierdie definisies is belangrik. Eerstens, blyk dit dat die definisies afhang van die aard van die stedelike gebied waarin fabrieksvestiging sou plaasvind. Die eerste twee definisies is bepaal deur onderskeidelik die aanwesigheid van voetgangerverkeer en die potensiële aanwesigheid van swart arbeid. Die laaste twee definisies is bepaal deur wat die amptenare as ligte fabrieke beskou het en deur die vraag na fabrieksvestiging in Pretoria. Dit moet in gedagte gehou word dat Koedoespoort ontwikkel is om fabrieke uit die SSK te akkommodeer. Die ontwikkeling het ook plaasgevind in 'n tyd toe daar, ongeag die aard van

---

57 Die tipe fabrieke was nie formeel sodanig gedefinieer nie, maar was dié wat wel in Koedoespoort gevestig het. Alle aansoeke vir vestiging in Koedoespoort is aan die Munisipaliteit Pretoria voorgelê vir goedkeuring en daar kan aanvaar word dat die goedgekeurde aansoeke voldoen aan die definisie van ligte fabrieke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondernemings, geen fabrieksgrond in Pretoria beskikbaar was nie. Weens dié tekort is waarskynlik toestemming gegee aan enige tipe fabriek wat aansoek gedoen het. Indien tekorte nie bestaan het nie, sou toestemming waarskynlik nie gegee gewees het nie.

Tweedens, blyk uit die definisies dat amptenare redelik aanpasbaar was by veranderde omstandighede. Soos omstandighede tussen stedelike gebiede verskil, het die definisie verander. 'n Belangrike aspek van sonering is dat daar sekerheid oor die uitkoms is. In die geval van die studiegebied was hierdie sekerheid die monofunksionaliteit van stedelike gebiede sodat beheer uitgeoefen kan word. Die genoemde aanpasbaarheid van amptenare het nie die sekerheid gebring nie, aangesien die definisies van ligte fabrieksgebiede na gelang van omstandighede verskil het. Vir die potensiële ondernemer was daar nie sekerheid nie en dit blyk dat munisipale beheer ook hieronder gely het (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 14 Februarie 1951).[58]

Derdens, kon amptenare ook sektoraal bepaal watter tipe fabriek intra-stedelik mog vestig. Dit is reggekry deur bepaalde definisies aan fabrieksektore toe te ken en om sorg te dra dat vestiging slegs met goedkeuring van die Stadsraad plaasvind.

---

58 Die geval van die Pretoria Iron and Steel Foundry (Pty.) illustreer dié gebrek aan sekerheid en beheer. Die onderneming het 'n bestaande perseel in Koedoespoort gekoop en 'n hinderlike bedryf daar in 1957 begin. Daar is nie na die aanvanklike goedkeuring van die eerste onderneming ('n vervaardiger van staalkonstruksies) weer goedkeuring verkry vir die vestiging van 'n gietery nie. Die lisensiegeld aan die Munisipaliteit Pretoria was opbetaald en in 1959 het die Munisipaliteit ook nog vier fabrieksperselе vir uitbreiding aan die onderneming verkoop. Die munisipale amptenare het egter nie geweet van die bestaan van die gietery tot in 1960 toe klagtes weens geraas- en lugbesoedeling ontvang is nie. Aangesien dit 'n hinderlike bedryf was, het die Stadsraad besluit dat die onderneming sy bedrywighede moes staak (TA. MPA. 3/4/1794, Notule van die Stadsraad, 25 November 1960). Die onderneming het egter steeds tot 1967 in Koedoespoort voortgegaan met die gietery, waarna dit toe toe na die Pretoria Nywerheidsdorp verskuif het (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 31 Maart 1967).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vierdens, het die definisies slegs gegaan oor fabrieksvestiging in die SSK, sakepersele en in ligte fabrieksgebiede. Met die uitsondering van vestiging in woongebiede in noordelike Pretoria is geen oorweging gegee aan ligte fabrieksvestiging in ander woongebiede nie. Die monofunksionaliteit van woongebiede in die breë moes gehandhaaf word.

Digthede. Daar is in die vorige hoofstuk aangedui op watter wyses die digthede van stedelike gebiede verhoog kan word. Dié drie metodes is *ex post* van aard. 'n Bykomende wyse kan by die rol van plaaslike owerhede geïdentifiseer word, nl. die bepaling van digthede in nuwe dorpsontwikkelings deur die Dorpsaanlegskema te gebruik. Dié *ex ante* metode is waarskynlik die mees aangewese wyse waarop digtheid verhoog kan word. Die rede daarvoor is dat waar 'n tipe sonering eers gevestig is, dit moeilik is om te verander. Dit is daarom beter om vanaf die beplanningstadium van dorpsontwikkeling digthede te verhoog.

Digthede is bepaal deur die aantal woonhuise per woonperseel en ook deur die woonperseel se grootte neer te lê. Die norm wat in die vyftigerjare gegeld het, was dat 'n woonperseel wat kleiner as ongeveer 1,150 vierkante meter is, net een woonhuis mag hê (TA. MPA. 1/4/8/1/8, Notule van die Stadsraad, 18 Februarie 1957).

Die Munisipaliteit Pretoria se houding was dat daar nie minimum digthede vir stedelike gebiede behoort te geld nie, maar wel maksimum digthede (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Stadsraad, 3 Julie 1956). Die uitgangspunt was dat hoë-inkome woongebiede, soos oostelike Pretoria 'n laer digtheid behoort te hê as bv.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noordelike Pretoria, 'n laer middel-inkome gebied.[59] Dit was in ooreenstemming met die siening van die blanke gemeenskap.

Die impak van digthede op die onderskeie bevolkingsgroepe sou egter uiteindelik gaan oor die mate waartoe beheer deur die Munisipaliteit toegepas sou kon word en of daar genoegsame grond vir woongebiedontwikkeling vir dié groepe beskikbaar was. In 1954 rapporteer die Stadsingenieur dat digthede in die Asiate-basaar ongeveer 222 persone per hektaar[60] was (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 18 Julie 1954). Die digthede in die Asiate-basaar was besonder hoog.[61] Hoewel daar waarskynlik nie veel beheer oor die Asiate-basaar was nie, was die oorwegende rede vir dié hoë digtheid dat daar geen grond vir woongebiedontwikkeling was nie (dit was voordat Laudium ontwikkel is). In die blanke monofunksionele woongebiede waar beheer makliker was, is die bepalings van die Dorpsaanlegskema redelik getrou nagekom.

Wat die ander drie metodes betref, is reeds aangedui dat die Munisipaliteit Pretoria teen onderverdelings van bestaande woonpersele was. Weer was dit 'n kwessie van die beheer deur amptenare aangesien onderverdeling aanleiding kon gee tot agterplaas-bedrywighede. Benewens dié rede wat voorgehou is, was die Stadsingenieur se standpunt baie duidelik, nl. dat woonpersele kleiner as ongeveer

---

59 Middel-inkome woonpersele moes ongeveer 1,100 vierkant meter wees, terwyl hoë-inkome woonpersele kon wissel tussen ongeveer 2,300 tot 4,600 vierkante meter (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsingenieur, 18 Maart 1953). 'n Ander wyse waarop die digthede van woongebiede beïnvloed is, was deur die minimum monetêre waarde van woongeboue per woongebied te spesifiseer. Dit sou beteken dat groter wooneenhede, en dus groter woonpersele per woongebied afgedwing kon word (TA. MPA. 1/4/8/1/8, Verslag van die Stadsingenieur, 19 November 1957).

60 Volgens die verslag van die Stadsingenieur skyn dit netto digthede te wees.

61 Dié digtheid kan vergelyk word met die netto digthede van 225-370 persone per hektaar wat as aanvaarbaar hoog beskou kan word en netto digthede van 45-90 persone per hektaar wat as onaanvaarbaar laag beskou kan word. (Kyk Hoofstuk 5, Afdeling 2.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2,300 vierkante meter nie in hoë-inkome gebiede soos die van oostelike Pretoria behoort voor te kom nie (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Verslag van die Stadsingenieur, 14 Oktober 1956). Hersonering van een grondgebruik na 'n hoërdigtheidgrondgebruik was ook nie aanvaarbaar nie aangesien stuksgewyse[62] ontwikkeling nie voorgestaan is nie (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsraad, 19 April 1960). Hersonering het wel plaasgevind waar daar bv. buffergebiede tussen blanke en nie-blanke woongebiede geskep moes word.

'n Ander metode om digthede te verhoog, was die beperking van die buitenste grens van die studiegebied. Dit is nie as belangrik beskou nie aangesien satelliet stedelike gebiede vir die blanke bevolkingsgroep aanvaarbaar was (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsingenieur, 18 Maart 1953). 'n Belangrike beginsel vir die amptenare was egter dat enige stedelike ontwikkeling binne die bekostigbare grens van die voorsiening van stedelike infrastruktuur moes plaasvind. Waar dit die geval was, was die standpunt ook dat die aanbod beheer moes word aangesien die geleentheidskoste van die voorsiening van stedelike infrastruktuur hoog is wanneer besetting van nuwe stedelike gebiede oor 'n lang tydperk plaasvind (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, 13 Mei 1960). Daar is ook reeds in die vorige hoofstuk daarop gewys dat nie-blanke woongebiede buite die blanke stedelike grens moes vestig en dat fabrieksgebiede as buffersones ontwikkel is.

Die rol van vestigingsfaktore. Die vraag ontstaan of vestigingsfaktore wel 'n bepalende rol gespeel het in die ontwikkeling van die verskeie gekonsentreerde fabrieksgebiede in die studiegebied. Die rolle wat vestigingsfaktore in fabrieksvestiging gespeel het, kan op drie maniere onderskei word. Die eerste is die faktore wat 'n rol speel in die inisiële ontwikkeling van 'n gekonsentreerde fabrieksgebied. Die tweede is wanneer die eerste fabriek in 'n fabrieksgebied vestig

---

62 'n Vertaling van "piecemeal development".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en derdens wanneer nuwe fabrieke bestaande fabrieke in die reeds gevestigde fabrieksgebied vervang. Na die eerste tipe vestigingsfaktore kan as primêre vestigingsfaktore verwys word, die tweede as sekondêre vestigingsfaktore en die derde as bestaande vestigingsfaktore. Bestaande vestigingsfaktore word nie verder bespreek nie aangesien dié faktore grootliks 'n uitvloeisel van die ander twee is.

Gegewe geografiese faktore soos die aard en helling van die grond en spesifieke grondstofgebonde vestiging soos aanvanklik vir Iscor gegeld het (TA. MPA. 1/4/8/1/5, Notule van die Stadsraad, 28 September 1951), het primêre vestigingsfaktore vanuit 'n spesifieke institusionele verwysingsraamwerk van die amptenare ontstaan. Die volgende primêre faktore is as gunstig beskou vir die ontwikkeling van 'n fabrieksgebied: nabyheid van swart woongebiede (TA. MPA. 1/4/8/1/4 & 1/4/8/1/5, Notules van die Stadsraad, 25 Oktober 1950 & 18 Maart 1960); die nabyheid van lae-inkome blanke woongebiede (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 10 Desember 1947); die voorgestelde fabrieksgebied moes nie naby middel tot hoë-inkome blanke woongebiede geleë wees nie (TA. MPA. 1/4/8/1/5, Notule van die Stadsraad, 1 Augustus 1965), en of die nuwe fabrieksgebied aanliggend aan 'n bestaande fabrieksgebied gevestig kon word (TA. MPA. 1/4/8/1/4, 1/4/8/1/5 & 3/4/1793, Notules van die Stadsraad, [S.a.], 8 November 1951 & 31 Januarie 1956). In Figuur 6-1 is aangetoon dat die meeste gekonsentreerde fabrieksgebiede in westelike en noordoostelike Pretoria weens die bestaan van hierdie primêre vestigingsfaktore ontstaan het.

Die ontstaan van die primêre vestigingsfaktore, soos die aanwesigheid van swart woongebiede, het binne die institusionele besluitnemingsraamwerk van die amptenare (en Stadsraad) geval. Primêre vestigingsfaktore is 'n uitvloeisel van die institusionele raamwerk, soos die Wet op Groepsgebiede, waarbinne amptenare besluite moes neem. Die redes wat Richard en Delfos aangegee het vir die vestiging van Iscor in Pretoria

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan ook as primêre vestigingsfaktore geklassifiseer word.

Hoewel hier geredeneer is dat primêre vestigingsfaktore binne die besluitnemingsbevoegdheid van amptenare gelê het, was amptenare wel in sommige gevalle weens veranderde stedelike realiteite gedwing om goedkeuring aan die vestiging van 'n gekonsentreerde fabrieksgebied te verleen. In die geval van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Jan Niemandpark het stedelike verval veroorsaak dat dié gebied as fabrieksgebied gehersoneer is. Fabrieksvestiging het op besigheidspersele begin plaasvind en Eersterust was aanliggend, wat dit "esteties en sosiaal" onaanvaarbaar sou maak om dit as blanke woongebied te behou (TA. MPA 3/4/1796, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 26 Maart 1970). So 'n fabrieksgebied sou ook 'n ideale buffer tussen blanke en nie-blanke woongebiede wees.

Daarna het die sekondêre vestigingsfaktore gevolg. Dié faktore was basiese infrastruktuurdienste soos paaie, water en elektrisiteitsvoorsiening, maar nie noodwendig ander bykomende sekondêre vestigingsfaktore, soos spoorlyne, nie. Soms het dit geblyk dat sulke bykomende sekondêre vestigingsfaktore nie vir ondernemers belangrik was nie. Met die ontwikkeling van Waltloo het fabrieksspersele sonder spoorgeriewe beter verkoop as dié met spoorgeriewe (TA. MPA. 3/4/1798, Verslag van die Stadsklerk, 31 Oktober 1968). So ook is Koedoespoort ontwikkel terwyl daar aanvanklik geen spoorlyn na dié gebied bestaan het nie (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 10 Desember 1952). Daar is ook daarop gewys dat die plaaslike owerhede spoorsylyne in reeds ontwikkelde fabrieksgebiede voorsien het, na gelang van die vraag daarna.

Dié sekondêre vestigingsfaktore volg na die besluit om sulke fabrieksgebiede te ontwikkel. Hoewel daar 'n moontlikheid kon bestaan het dat die aanbod van sulke sekondêre vestigingsfaktore ook vanuit 'n spesifieke institusionele raamwerk bepaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon gewees het, is die aanbod waarskynlik eerder bepaal deur die vraag van voornemende ondernemers.

Besluitneming deur amptenare kan ook as sekondêre vestigingsfaktore beskou word. Die goedkeuring vir fabrieksvestiging was afhanklik van 'n aansoek aan die plaaslike owerheid waarvan goedkeuring deur veranderde omstandighede of behoeftes bepaal is. Die vestiging van ligte fabrieke in die Moot-gebied was aanvaarbaar, gegewe die definisies van aanvaarbare ligte fabrieke en die bestaan van 'n behoefte tot vestiging, maar in ander gebiede was dit nie die geval nie.

Ingevolge die Dorspaanlegskema kon hinderlike bedrywe ook afgekeur word. Met die aanvang van fabrieksontwikkeling in Pretoria is hinderlike bedrywe eenkant gevestig (in die omgewing van die destydse slagpale) of afgekeur (TA. MPA. 1/3/4/1/15, Notule van die Stadsraad, 7 September 1923; TA. MPA. 3/3/566, Korrespondensie van die Waarnemende Gesondheidsbeampte, 4 Oktober 1924; TA. MPA. 3/3/566, Korrespondensie van die Stadsklerk, 23 Oktober 1925). Daar is egter spesifiek in die stigtingsvoorwaardes van elke gekonsentreerde fabrieksgebied aangedui of hinderlike bedrywe daar mog vestig (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 30 April 1951). Deur gebruik te maak van norme om fabrieke vir vestiging te beoordeel, het amptenare die fabrieksgebiede se sektorale aard bepaal (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notules van die Stadsraad, 10 Desember 1952 & 17 April 1953).

Munisipale beheer. By amptenare het die klem op die beheer van fabrieke gelê. 'n Verskeidenheid grondgebruike in een geografiese ruimte, dus multifunksionaliteit, het die toepassing van verskillende besluite van die Stadsraad bemoeilik, terwyl monofunksionaliteit van stedelike gebiede beheer vergemaklik het (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 23 Desember 1948).

Die uitoefening van beheer was belangrik om te keer dat die negatiewe eksternaliteite

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na aanliggende persele oorspoel. Die amptenare was in 'n dilemma. Enersyds moes stedelike monofunksionaliteit gehandhaaf word. Andersyds was daar sedert die veertigerjare 'n gebrek aan fabrieksgrond in die algemeen en spesifiek vir ligte fabrieke. Dié tekorte het daartoe aanleiding gegee dat toestemming in enkel uitsonderlike gevalle wel aan klein fabrieksondernemers gegee moes word om in blanke woongebiede te vestig (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 25 Oktober 1950; TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 6 September 1956). Volgens die Stadsingenieur was dié toestemming die voorloper tot krotbuurtes. Wanneer toestemming eers gegee is, kon dit nie later teruggetrek word indien negatiewe eksternaliteite sou ontstaan nie (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 23 Desember 1948; TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 6 Junie 1955). 'n Verdere probleem wat met gebrekkige beheer te make gehad het, was dat waar sonering vir sakedoeleindes plaasgevind het, dié persele in baie gevalle vir ligte fabrieke gebruik is (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsraad, 18 Junie 1960).

Dié dilemma het veroorsaak dat die Stadsingenieur aanbeveel het dat die Munisipaliteit Pretoria self in Marabastad, na herproklamering, fabriekskorwe oprig. Dit sou beheer deur amptenare vergemaklik (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 23 Desember 1948). Die uitgangspunt was dat stuksgewyse ontwikkeling nie toegelaat kon word nie (TA. MPA. 1/4/8/1/10 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 6 Oktober 1959 & 18 Junie 1960). Stedelike gebiede moes in geheel geoogmerk word vir spesifieke gebruike, dus vir monofunksionele gebruike en daardeur sou beheer verhoog word (TA. MPA. 1/4/8/1/10, Notule van die Stadsraad, 11 November 1959).

Die houding van die amptenare was verstaanbaar. Beheer was noodsaaklik aangesien amptenare hul take binne 'n spesifieke institusionele verwysingsraamwerk moes verrig. Dié beheer het egter twee gevolge gehad, nl. sekerheid oor uitkomste vir die blanke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap en roofsugtige gedrag deur plaaslike owerhede.

Eerstens, munisipale beheer gee sekerheid aan die gemeenskap oor die gevolge van intra-stedelike vestiging. Die Dorpsaanlegskema dien vir die gemeenskap as die institusionele verwysingsraamwerk waarbinne hul intra-stedelike vestiging plaasvind. Daar is sekerheid dat bepaalde sonerings gehandhaaf sal word (deur munisipale beheer) en verseker, bv. in die geval van woongebiede, 'n rustige woonomgewing, asook 'n monetêre voordeel. Munisipale beheer verleen eiendomsreg aan dié sekerhede. Dit geld ook vir die sonering van sakesones en fabrieksgebiede. In lg. geval is die fabrieksondernemer seker dat hy bepaalde produksie-aktiwiteite mag bedryf en deur handelstransaksies 'n ekonomiese bestaan sal kan maak. In alle gevalle verseker sekerheid en eiendomsreg dat transaksiekoste verminder word.

In die mededingende proses van intra-stedelike vestiging is die munisipale beheer belangrik aangesien daar aansprake van belangegroepe sal wees wat oor meerdere inligting beskik en daardeur hul posisie sal wil verbeter. Sulke optrede kan opportunisties wees. Munisipale beheer ná die implementering van die Dorpsaanlegskema, dus *ex post*, vind op twee wyses plaas. Artikel 18-aansoeke kan wysigings van die Dorpsaanlegskema teweegbring of daar kan teen oortreders van die Dorpsaanlegskema opgetree word.

Verskeie Artikel 18-aansoeke is deur die Munisipaliteit Pretoria goedgekeur of afgekeur (TA. MPA. 1/3/4/1/15, 1/4/8/1/7 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 7 September 1923, 18 Januarie 1956 & 19 Junie 1960; TA. MPA. 3/3/566, Korrespondensie van die Stadsklerk, 25 Augustus 1923 & 28 Oktober 1924; 3/4/1798 & 3/4/1789, Korrespondensie van die Stadsklerk, 24 Desember 1936 & 27 April 1938; TA. MPA. 3/4/1789, Korrespondensie van die Adjunk-Stadsklerk, 4 Julie 1946). Dié besluite is geneem op grond van die Dorspsaanlegskema se bepalings en die instellings wat mettertyd in die institusionele besluitnemingsraamwerk ontstaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het. Die gronde waarop die besluite berus het, was bv. die sonering wat verskil van die voorgenome gebruik daarvan, die Wet op Groepsgebiede se bepalings en hinderlike bedrywe.

Die Munisipaliteit Pretoria kon ook optree nadat klagtes ingevolge Artikel 18 ontvang is. Daar is op klagtes gereageer en indien daar nie teen 'n spesifieke vestiging opgetree kon word nie, sou daar ingevolge ander stadsverordeninge, soos geraasbeheer, opgetree kon word (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsklerk, 18 Oktober 1952; TA. MPA. 1/4/8/1/10 & 1/4/8/1/11, Notules van die Stadsraad, 17 Augustus 1959 & 19 Junie 1960; TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 15 Oktober 1965).

Die Munisipaliteit Pretoria het grootliks gereageer op klagtes van oortredinge van die Dorpsaanlegskema en beheer is nie pro-aktief toegepas nie (TA. MPA. 1/4/8/1/11, Notule van die Stadsraad, 16 Februarie 1961). Hoewel die Munisipaliteit Pretoria nie volledig beheer kon uitoefen nie, was daar 'n bondgenoot in die vorm van indiwiduele en gemeenskaps-partikuliere belang om wel beheer uit te oefen, dus deur te kla.

Die tweede gevolg van beheer is roofsugtige gedrag en dit het in drie vorme in die stedelike gemeenskap voorgekom. Die eerste vorm van sulke gedrag is waar die plaaslike owerheid 'n belang daarby gehad het om instellings te handhaaf wat ekonomiese voordele vir die blanke gemeenskap en vir die Munisipaliteit Pretoria sou ingehou het. Voorbeelde van dié vorm van roofsugtige gedrag was bv. die gebrekkige beskikbaarheid van fabrieksgrond vir Asiërs; die wyses waarop die mobiliteit van die nie-blanke bevolkingsgroep in die algemeen beperk is, en die wyse waarop die Munisipaliteit Pretoria self die inisiële intra-stedelike struktuur herhaal het deur die plasing van sekere grondgebruike om monofunksionaliteit te bevorder.

Die tweede vorm van roofsugtige gedrag was binne die gemeenskap van blanke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fabrieksondernemers. Die inmenging deur amptenare in die markmeganisme het die ekonomiese gevestigde belang van sekere fabrieksondernemers (en sake-ondernemers) in stand gehou ten koste van moontlike nuwe toetreders tot die fabrieksektor.

Roofsugtige gedrag kom derdens voor waar die vestiging van munisipale goedere en dienste plaasvind ten koste van privaatsektoraktiwiteite. Hieraan sal by die volgende subafdeling aandag gegee word.

Bogenoemde instellings van amptenare het die intra-stedelike vestigingstruktuur van die fabrieksektor bepaal. Die aard van besluitneming deur die amptenare het 'n institusionele besluitnemingsraamwerk gevorm wat 'n eie dinamika verkry het.

c) Die voorsiening van plaaslike owerheidsgoedere en dienste

Die belangrikste twee aspekte wat hier van belang is, is eerstens dat die plasing van plaaslike owerheidsgoedere en dienste in intra-stedelike vestiging die toekomstige aard van 'n stedelike gebied kon bepaal en tweedens, dat 'n afruiling van die vestiging van munisipale infrastruktuur teenoor ander grondgebruike in 'n stedelike gebied bestaan het.

In die geval van die homogene gebiede van westelike, noordelike en noordoostelike Pretoria is die toekomstige aard van 'n stedelike gebied deur die vestiging van behuising vir lae-inkome blankes bepaal. Die plasing van dié behuising het dan die aard van die aanliggende stedelike gebied bepaal.

Die plasing van die munisipale slagpale het ook aanleiding gegee tot voorwaartse skakelingseffekte. Die Munisipaliteit Pretoria moes in 1951 besluit tussen die plasing van die slagpale in Von Wiellighstraat (aanliggend aan die westekant van Pretoria SSK) of in die Kwaggaspoort fabrieksgebied (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Handelskomitee, 17 April 1951). Voordat 'n finale besluit geneem is, het fabrieksondernemers reeds begin navraag doen om vleisverwerkingsaanlegte aanliggend aan die slagpale te vestig. Die vestigingsbesluit van die Munisipaliteit Pretoria het 'n invloed op die toekomstige intra-stedelike vestiging van fabrieke gehad. 'n Invloed is ook uitgeoefen op waar nie-blanke woongebiede gevestig moes word. Volgens Nöthling (1977:281) was die rede vir die aanvanklike vestiging van 'n swart woongebied in westelike Pretoria juis omdat munisipale infrastruktuur, soos store, daar gevestig was. Dié munisipale vestiging het reeds die aard van die aanliggende stedelike gebiede bepaal.

Die plasing van munisipale infrastruktuur het ook tot gevolg gehad dat 'n afruiling tussen fabrieksvestiging en munisipale infrastruktuur moes plaasvind (TA. MPA. 1/3/4/1/19, Notule van die Komitee vir Algemene Sake en Eiendomme, 22 Augustus 1928). In 1965 was daar nie genoeg grond vir diensnywerhede by die SSK nie aangesien van die grond vir munisipale geboue gebruik moes word (TA. MPA. 3/4/1797, Verslag van die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur, 30 November 1965). Dit kan aanvaar word dat baie van die geboue van die plaaslike owerhede ook spesifieke sekondêre vestigingsfaktore gehad het, soos toeganklikheid in die geval van munisipale kantore. Van die geboue het egter ook store en werkswinkels ingesluit.

Opsommend: Baie van bg. endogene instellings van die amptenare het tot uiting gekom in die intra-stedelike struktuur van die plaaslike owerhede in die studiegebied. Daar was sekere vasgestelde "wyses van doen" oor fabrieke en fabrieksgebiede wat die mate waartoe fabrieke in intra-stedelike vestiging gebruik kon word, beperk het.

4 Gevolgtrekking

Eksogene en endogene instellings van die verskillende geïdentifiseerde vlakke van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

owerhede bepaal intra-stedelike fabrieksvestiging. Hoewel verwys is na die ander plaaslike owerhede in die studiegebied, is hoofsaaklik aandag gegee aan die Munisipaliteit Pretoria. In teenstelling met die gemeenskap wat feitlik geen rol in intra-stedelike fabrieksvestiging gespeel het nie, het die owerhede, en veral die plaaslike owerheid van Pretoria 'n groot rol gespeel.

Die owerheid het as organisasie legitimiteit verleen aan blanke eiendomsreg en daardeur die transaksiekoste van enige intra-stedelike handeling verminder. In die geval van die plaaslike owerhede is dié rol belangrik aangesien die Dorpsaanlegskema nie die bestemming van elke aktiwiteit in intra-stedelike verband kon bepaal nie; die plaaslike owerheid kon na goeddunke optree. Dié optrede het die moontlikheid gelaat vir die werking van eksogene en endogene instellings d.m.v. sonering. Die belangrikheid van die plaaslike owerhede is verder beklemtoon deur die Munisipaliteit Pretoria se byna monopolistiese besluitneming oor wanneer en waar gekonsentreerde fabrieksgebiede ontwikkel moes word, asook die sektorale aard daarvan. Daar was ruimte vir herinterpretasie van eksogene instellings deur die Stadsraad en die amptenare na gelang van plaaslike omstandighede, maar hulle het die eksogene instellings van die nasionale owerheid redelik klakkeloos nagevolg. Dit het die moontlikheid gelaat vir roofsugtige gedrag waardeur die plaaslike owerheid en die blanke inwoners bevoordeel kon word.

Die Stadsraad kon 'n belangrike rol gespeel het om nie-blanke lewensgehalte te verhoog. Die Raad was egter net besorg oor die verhoging van die lewensgehalte van die blanke bevolkingsgroep deur die beperking van die vraag na swart arbeid. Die amptenare het ook gehou by omvattende bloudrukbeplanning en die klem is op ruimtelike beplanning eerder as ontwikkelingsbeplanning geplaas. Amptenare het die internasionale beplanningstradisie nagevolg en die studiegebied was 'n weerspieëling van tendense van intra-stedelike monofunksionaliteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Weens verskeie faktore het die Munisipaliteit Pretoria nie 'n spesifieke fabrieksontwikkelingsbeleid gehad nie en pogings om wel vestiging aan te moedig was eerder ad hoc van aard en het meer verband gehou met die beeld van die plaaslike owerheid as om die ekonomiese basis van dié gebied te verhoog. Woongebiedontwikkeling van die verskillende bevolkingsgroepe het skynbaar meer aandag gekry as die vergroting van die ekonomiese basis van die Munisipaliteit Pretoria. Die optrede van die amptenare was in ooreenstemming met die besluite van die Stadsraad en gerig op die nastrewing van die monofunksionaliteit van stedelike gebiede om beheer te vergemaklik.

Ten opsigte van die rol wat fabrieksvestiging in intra-stedelike vestiging gespeel het, blyk dit dat dié vestiging grootliks beperk was tot monofunksionele vestiging. Dit kan toegeskryf word aan spesifieke instellings wat oor fabrieksvestiging by amptenare ontstaan het. Die belangrikste hiervan was die beheer wat amptenare vir doeleindes van die uitvoering van hul taak oor fabrieksvestiging moes behou.

Die primêre onderliggende instelling was dat swartes slegs as tydelike inwoners in blanke stedelike gebiede beskou is. Hierdie ontkenning van die permanensie van swart stedelike inwoners "... is gevolglik as 'n werkwyse aangewend om die fisiese en sosiale ruimte ... te manipuleer ten einde uitdrukking te verleen aan die oogmerke van die beleid van afsonderlikheid." (Beukes & Langley 1987:31).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 10

DIE ROL VAN DIE FABRIEKSONDERNEMER IN FABRIEKSVESTIGING

1 Inleiding

Hierdie hoofstuk vorm die laaste deel van die trilogie van hoofstukke, nl. Hoofstukke 8, 9 en 10, waarin onderskeidelik die instellings van die gemeenskap, die plaaslike owerhede en fabrieksondernemers bepaal word. Die instellings van die ondernemer word hier beskou as dit wat plaaslik 'n invloed op fabrieksvestiging gehad het.

Hoofstuk 10 volg dieselfde patroon as die vorige twee. In Afdeling 2 word die eksogene instellings wat 'n invloed op intra-stedelike fabrieksvestiging uitgeoefen het, bespreek. In Afdeling 3 word aan die drie doelstellings van metropolitaanse bestuur aandag gegee. Laastens word tot die gevolgtrekking gekom dat die fabrieksondernemer nie 'n wesenlike invloed op intra-stedelike fabrieksvestiging in die studiegebied kon uitgeoefen het nie.

2 Eksogene instellings vir die fabrieksondernemer

In 'n intra-stedelike omgewing waar geen Dorpsaanlegskema en plaaslike owerheid bestaan het wat fabrieksvestiging kon beïnvloed nie, sou fabrieksvestiging volgens die Nuwe Institusionele Benadering (NIB) binne die ruimtelike grense van winsgewendheid plaasvind. Dié grense word volgens Scott (1986) deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

transaksiekoste bepaal.[1] Fabrieke wat baie van uitkontraktering gebruik maak (waar interne transaksiekoste hoër as eksterne transaksiekoste is), sal naby mekaar vestig en fabrieke wat nie van uitkontraktering gebruik maak nie (interne transaksiekoste was laer as eksterne transaksiekoste), sal nie in intra-stedelike verband naby mekaar vestig nie.

Waar intra-stedelike ontwikkeling wel deur die Dorpsaanlegskema en die plaaslike owerhede beheer is, was dit onmoontlik om te bepaal waar die ruimtelike grense van winsgewendheid vir die fabrieksondernemer sou wees. Die rede hiervoor is dat gekonsentreerde fabrieksgebiede, met gepaardgaande sekondêre vestigingsfaktore, 'n gegewe vir die ondernemer was. Die ondernemer het geen ander keuse gehad as om in die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede te vestig nie.

Die gebrek aan 'n keuse oor waar intra-stedelike fabrieksvestiging in die hele studiegebied kon plaasvind, was 'n eksogene instelling vir die ondernemer. Hoewel daar later aangedui sal word dat die ondernemer ook merendeels akkoord gegaan het met die instellings van intra-stedelike monofunksionaliteit, het die gebrek aan keuses grootliks ontstaan weens die beplanningstradisie van die plaaslike owerhede en in 'n mindere mate weens die instellings van die gemeenskap. Daar is in die vorige hoofstuk aangedui dat beide die sentrale en plaaslike owerhede bepaal het waar gekonsentreerde fabrieksgebiede moes ontwikkel.

Volgens die NIB is dit nie slegs die ruimtelike grense van winsgewendheid wat vir die fabrieksondernemer belangrik was nie, maar ook ruimtelike grense van nutsbevrediging. Oor lg. kon die blanke ondernemer wel 'n keuse uitoefen. Hulle kon self besluit in watter blanke woongebiede hulle wou vestig. Dit het egter nie vir die nie-blanke fabrieksondernemers soos Asiërs gegeld nie. Laasgenoemde ondernemers

---

1 Kyk Hoofstuk 3, Afdeling 5.2.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was gebonde aan 'n spesifieke woongebied.

'n Ander keuse wat die fabrieksondernemer wel gehad het, was om tussen bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede te kon kies. Met dié gebiede as 'n gegewe, ontstaan die vraag of daar binne die gekonsentreerde fabrieksgebiede ruimte was vir transaksiekoste om 'n rol te kon speel in die beïnvloeding van vestiging. Het transaksiekoste dus wel 'n rol in bestaande fabrieksgebiede gespeel om eilande of klein ruimtelike grense van winsgewendheid in die breë ruimtelike grense van winsgewendheid, soos beliggaam in die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede, te vestig?

Indien transaksiekoste 'n rol gespeel het, dan was fabrieksgebiede deels 'n eksogene instelling en deels 'n endogene instelling: eersgenoemde omdat die ligging van die gekonsentreerde fabrieksgebied op die ondernemer afgedwing is en lg. omdat die ondernemer steeds 'n keuse kon uitoefen om te vestig volgens die aard van die fabriek (dus of interne transaksiekoste laer of hoër as eksterne transaksiekoste was). Indien transaksiekoste nie 'n rol gespeel het nie, sou die gekonsentreerde fabrieksgebiede grootliks 'n eksogene instelling gewees het wat op die ondernemer afgedwing is.

Om te bepaal of transaksiekoste wel 'n rol gespeel het, is twee aspekte kwantitatief ondersoek.[2] Eerstens moes 'n onderskeid gemaak word tussen die fabrieke met 'n hoë interne transaksiekoste en dié met 'n lae interne transaksiekoste. Dié onderskeid is n.a.v. twee onafhanklike metodes gedoen, nl. deur van die skakelingseffekte van fabrieke gebruik te maak, waarvan die resultate in Bylae C, Tabel C-5 verskyn, en deur die faktorintensiteit van fabrieke te gebruik (dié resultate verskyn in Bylae C, Tabel C-1). In lg. geval is aanvaar dat die fabrieke wat arbeidsintensief is, sowel as dié wat kapitaalintensief (fisies en menslik) is, 'n hoë interne transaksiekoste sal hê.

---

2 Kyk Bylae C, Afdeling 3 vir 'n beskrywing van die metode.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens moes bepaal word of die fabrieke met 'n hoë interne transaksiekoste intra-stedelik naby mekaar gevestig het en dié met 'n lae interne transaksiekoste, nie naby mekaar nie. Dié vestigingskonsentrasie is bepaal deur van drie veranderlikes gebruik te maak, nl. die persentasiebydrae van die belangrikste indiwiduele leweransiers, in watter gekonsentreerde fabrieksgebied dié leweransier die hoogste konsentrasie gehad het en, laastens, die afstand tussen die gekonsentreerde fabrieksgebied van die leweransier en die van die ontvanger van die insette (in Tabelle 10-1 en 10-2 word dié veranderlikes onderskeidelik as inset %, insetkonsentrasie en afstand aangedui). Die resultate verskyn in Tabelle 10-1 en 10-2. (In hierdie tabelle word die resultate gesamentlik en afsonderlik vir die drie veranderlikes in die bepaling van vestigingkonsentrasie gegee.)

Tabel 10-1: Die verband tussen skakelingseffekte en vestigingskonsentrasie (1991)

Veranderlikes waarmee vestigingkonsen-trasie gemeet word	Aard van konsentrasie	I Tsk > E Tsk Uitkontraktering sal plaasvind en dus gekonsentreerde vestiging	I Tsk < E Tsk Uitkontraktering sal nie plaasvind nie en dus ongekonsentreerde vestiging
Inset %, insetkonsentrasie en afstand	Gekonsentreerd (%)	55.9 *	60.0
	Ongekonsentreerd (%)	44.1 *	40.0
	Totaal	100.0	100.0
Inset % en afstand	Gekonsentreerd (%)	58.8 *	56.7
	Ongekonsentreerd (%)	41.2 *	43.3
	Totaal	100.0	100.0
Afstand	Gekonsentreerd (%)	55.9 *	60.0
	Ongekonsentreerd (%)	44.1 *	40.0
	Totaal	100.0	100.0

Notas: a) Afkortings gebruik: I Tsk: Interne transaksiekoste
>: Groter as.
<: Kleiner as
E Tsk: Eksterne transaksiekoste.

b) Die * dui aan waar die resultate met Scott se teoretiese uitgangspunte ooreenstem.

Bron: Kyk Bylae C, Afdeling 3.

Volgens Tabel 10-1 is dit net in die geval van fabrieke waar die interne transaksiekoste groter was as die eksterne transaksiekoste waar die resultate in die studiegebied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ooreengestem het met die uitgangspunte van Scott. In die geval waar verwag word dat daar ongekonsentreerde vestiging sou plaasvind (waar interne transaksiekoste kleiner was as eksterne transaksiekoste), is die verwagte resultate nie verkry nie. Hier het ook gekonsentreerde vestiging plaasgevind.

Die resultate in Tabel 10-2 stem ook nie ooreen met die uitgangspunte van Scott nie. In die geval waar verwag is dat gekonsentreerde vestiging (resultaat 1) sou plaasvind, was ongekonsentreerde vestiging aan die orde. Dit is slegs in die geval van ondernemings met 'n kapitaalintensiewe (fisies en menslik) faktorintensiteit en met 'n fabrieksgrootte van 100 tot 500 werkers, waar die gewenste resultate by al drie die veranderlikes verkry is. Daarteenoor was die fabrieke wat kapitaalintesief (fisies) van aard was, weer grootliks gekonsentreerd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 10-2: Die verband tussen faktorintensiteit en vestigingskonsentrasie (1991)

Faktorintensiteit	Veranderlikes									
	Onderne-mings-grootte	Inset %, insetkonsentrasie en afstand			Inset % en afstand			Afstand		
		Gekon-sentreerd (%)	Ongekon-sentreerd (%)	Totaal	Gekon-sentreerd (%)	Ongekon-sentreerd (%)	Totaal	Gekon-sentreerd (%)	Ongekon-sentreerd (%)	Totaal
Arbeidsintensief: Geskoold (Resultaat 1)	<100	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0
	100-500	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0
	> 500	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0
Arbeidsintensief: Ongeskoold (Resultaat 1)	<100	43.3	56.7	100.0	53.3 *	46.7 *	100.0	56.7 *	43.3 *	100.0
	100-500	40.9	59.1	100.0	45.5	54.5	100.0	45.5	54.5	100.0
	> 500	45.5	54.5	100.0	54.5 *	45.5 *	100.0	45.5	54.5	100.0
Kapitaalintensief: Fisies (Resultaat 2)	<100	53.8	46.2	100.0	84.6	15.4	100.0	69.2	30.8	100.0
	100-500	50.0	50.0	100.0	80.0	20.0	100.0	80.0	20.0	100.0
	> 500	66.7	33.3	100.0	100.0	0.0	100.0	100.0	0.0	100.0
Kapitaalintensief: Fisies en menslik (Resultaat 1)	<100	50.0	50.0	100.0	50.0	50.0	100.0	44.4	55.6	100.0
	100-500	54.5 *	45.5 *	100.0	63.6 *	36.4 *	100.0	54.5 *	45.5 *	100.0
	> 500	50.0	50.0	100.0	66.7 *	33.3 *	100.0	66.7 *	33.3 *	100.0

Notas: a) Resultaat 1: Volgens Scott behoort hierdie tipe fabrieke gekonsentreerd te vestig.
Resultaat 2: Hier behoort fabrieke ongekonsentreerd te vestig.
b) Die * dui aan waar die resultate ooreenstem met Scott se teoretiese uitgangspunte.

Bron: Kyk Bylae C, Afdeling 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gevolgtrekking is dat transaksiekoste nie 'n wesenlike rol in fabrieksvestiging gespeel het nie. Die ondernemer het nie oorwegend gepoog om binne die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede eilande van winsgewendheid te skep nie. Dié fabrieksgebiede word as 'n gegewe aanvaar en vestiging vind lukraak plaas nadat daar waarskynlik eers 'n keuse oor 'n woongebied uitgeoefen is. Die intra-stedelike aard van fabrieksvestiging in die studiegebied is dus grootliks 'n eksogene instelling wat op die fabrieksondernemers afgedwing is.

3 Endogene instellings vir die fabrieksondernemer

3.1 Die rol van die fabrieksondernemer en fabrieksondernemer-belangegroepe[3]

In Tabel 8-2 is aangedui watter metodes die gemeenskap het om insette tot intra-stedelike ontwikkeling te lewer. Vir die fabrieksondernemer was dieselfde metodes beskikbaar. Die ondernemer vertolk egter twee rolle; eerstens deur insette tot die bepaling van die ruimtelike grense van winsgewendheid te lewer en tweedens, as lid van die gemeenskap waar die ruimtelike grense van nutsbevrediging ter sprake kom. Laasgenoemde rol is reeds in Hoofstuk 8 bespreek. In lg. hoofstuk is aangedui dat die gemeenskap grootliks gefokus het op die partikuliere belang van hul lede en dat die groter intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied nie aandag gekry het nie.

Die raadslede, fabrieksondernemer-belangegroepe en indiwiduele fabrieksondernemers het insette gelewer t.o.v. die Dorpsaanlegskema (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die

---

3 Die volgende blanke ondernemer-belangegroepe is geïdentifiseer: Die Motorhandelaarsvereniging van Pretoria; Die Sentrale Eienaarsvereniging; Die Instituut van Eiendomsagente van Transvaal; Die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede; Die Pretoria Afrikaanse Sakekamer; Die Pretoria Argiteksvereniging; Die Pretoria Kamer van Koophandel; Die Pretoria Meesterbouersvereniging, en die Vereniging van Transvaalse Argitekte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stadsbeplanningskomitee, 14 Mei 1951)[4] en veral oor die Artikel 18-besware en aansoeke (TA. MPA. 1/4/8/1/8 & 1/4/8/1/10, Notules van die Stadsraad, 19 Oktober 1957 & 15 September 1959). Die raadslede het ook namens indiwidue in die gemeenskap Artikel 18-besware aan die Stadsraad voorgelê (TA. MPA. 1/4/8/1/8, Notule van die Stadsraad, 19 Oktober 1957).

Insette d.m.v. die demokratiese proses het by die ondernemer ietwat verskil van dié deur die gemeenskap. Dit is onwaarskynlik dat 'n fabrieksondernemer-belangegroep wel spesifieke kandidate vir verkiesing voorgestel het, aangesien sulke groepe nie volgens wyke saamgestel was nie. Laasgenoemde was die geval by kandidate wat deur belangegroepe uit die gemeenskap per wyk voorgestel is. Ondernemer-belangegroepe was oor verkiesingswyke versprei en het as samebindende faktor grootliks fabrieksontwikkeling gehad.

Die rol wat belangegroepe gespeel het, verskil verder van insette van die gemeenskap waar sulke belangegroepe direkte sitting gehad het op munisipale komitees wat die intra-stedelike ontwikkeling van die fabrieksektor bepaal het. Reeds in 1936 was daar die "Adviserende komitee insake die verkoop van fabriekspersele" waarin sitting verkry is (TA. MPA. 3/4/1789, Korrespondensie van die Sekretaris van die Spoorweginstituut, 30 Junie 1936). Hierdie komitee moes die Munisipaliteit Pretoria help om fabriekspersele te bemark. Sulke insette is verskeie kere deur ondernemer-belangegroepe aan die Munisipaliteit Pretoria gelewer. In 1965 was die doel van 'n voorgenome Nywerheidskakelingskomitee[5] om navorsing te doen oor hoe om fabrieke na Pretoria te lok, asook oor die koste van fabrieksvestiging en hoe om te verseker

---

4 Kyk voetnota 1 in Hoofstuk 7 vir 'n beskrywing van die bronne gebruik.

5 Daar was reeds in 1919 en 1936 versoeke van die Pretoria Kamer van Koophandel dat so 'n komitee gestig moes word (TA. MPA. 313/565, Notule van die Algemene Dienstekomitee, 28 Januarie 1919; TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 27 Maart 1936).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat fabrieksgebiede op die mees wetenskaplike wyse ontwikkel en beplan word (TA. MPA. 3/4/1795, Korrespondensie van die Direkteur van die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 1 Februarie 1965). In hierdie komitee sou raadslede en lede van die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, die Pretoria Afrikaanse Sakekamer en die Pretoria Kamer van Koophandel sitting hê (TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Bestuurskomitee, 12 Julie 1966).[6] Uit die werksaamhede van bg. twee komitees blyk dit dat grootliks aandag aan die ontwikkeling en beplanning van die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede gegee is.

In die vorige hoofstuk is ook aangedui die Pretoria Kamer van Koophandel en die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede gesamentlik deur 'n lid van die Stadsbeplanningskomitee verteenwoordig is. Die belangrikheid van dié komitee blyk duidelik daaruit dat ander ondernemer-belangegroepe die Munisipaliteit Pretoria versoek het om sitting in dié komitee te hê. Die Motorhandelaarsvereniging van Pretoria, die Instituut vir Eiendomsagente en Afslaers en die Pretoria Kamer van Koophandel (lg. wou hul bestaande lidmaatskap vergroot) het verskeie versoeke gerig om lid van die komitee te word (TA. MPA. 1/4/8/1/6, Verslag van die Stadsklerk, 15 Januarie 1953; TA. MPA. 1/4/8/1/6, Notule van die Stadsraad, 20 Januarie 1958). Die sitting van die fabrieksondernemer-belangegroepe en ander belangegroepe op bg. komitees toon dat insette oor fabrieksontwikkeling grootliks deur belangegroepe, eerder as deur indiwiduele fabrieksondernemers, aan die plaaslike owerheid gelewer is. Die belangrikste fabrieksondernemers-belangegroep het bestaan uit die Pretoria Kamer van Koophandel en die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede gesamentlik, hoewel eg. eintlik op sakedienste gefokus het.

---

6 Die Pretoria Afrikaanse Sakekamer, Pretoria Kamer van Koophandel en die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede het ook sitting op die Tenderkomitee van die Munisipaliteit Pretoria gehad (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Die verhoging van lewensgehalte

Die sitting van fabrieksondernemer-belangegroepe in veral die Stadsbeplanningskomitee gee 'n aanduiding van watter instellings by sulke belangegroepe van belang sou wees. Die vraag onstaan egter of daar ook 'n eng partikuliere belang nagestreef is. Was die lewensgehalte van alle bevolkingsgroepe belangrik of slegs dié van die spesifieke bevolkingsgroep wat deur die ondernemer en ondernemer-belangegroepe verteenwoordig is.

Ondernemer-belangegroepe het ontstaan weens 'n gesamentlike belang van ondernemers om die intra-stedelike ontwikkeling van die fabrieksektor te bevorder. Dié fokus was die regverdiging vir belangegroepe se sitting in die Stadsbeplannings- en ander funksionele komitees. Sitting is nie verkry oor ander aspekte van intra-stedelike ontwikkeling nie, maar oor kundigheid oor die fabrieksektor (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967).

Die ondernemer-belangegroepe het dus direk gefokus op intra-stedelike fabrieksontwikkeling en nie op die algemene verhoging van lewensgehalte nie. Die partikuliere belang van die fabrieksondernemer was deurslaggewend en nie dié van die breër gemeenskap nie.[7] In dié opsig stem dit ooreen met die optrede van die belangegroepe uit die gemeenskap. Die resultate van die optrede van fabrieksondernemer-belangegroepe het egter verskil van dié van gemeenskaps-

---

7 Partikuliere optrede deur fabrieksondernemer-belangegroepe was nie uniek nie. Ander ondernemer-belangegroepe het ook so opgetree. So het die Vereniging van Transvaalse Argitekte die Stadsraad deurlopend versoek dat alle dorpsbeplanningskemas (TA. MPA. 3/3/577, Korrespondensie van die Waarnemende Stadsklerk, 12 Maart 1919; TA. MPA. 3/4/1790, Notule van die Werkskomitee, 17 Mei 1949) en bouplanne (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 28 Februarie 1951) eers aan dié Vereniging voorgelê moes word vir goedkeuring. Die versoeke is geweier. Ook het die Instituut vir Eiendomsagente van Transvaal in 1925 die Stadsraad versoek om nie self woonhuise te bou of huislenings te verskaf nie, aangesien dit skynbaar die eiendomsmark negatief beïnvloed (TA. MPA. 1/3/4/1/17, Notule van die Stadsraad, 6 April 1925).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangegroepe, in die vermenigvuldigerseffekte soos fabrieksindiensneming. Indiensnemingsgroei in die fabrieksektor sou tot voordeel van alle bevolkingsgroepe wees. In dié opsig was die lewensgehalte van alle bevolkingsgroepe vir fabrieksondernemer-belangegroepe van belang, hoewel dit grootliks indirek die gevolg was van die nastrewing van direkte partikuliere belang.

Die fabrieksondernemer-belangegroepe het egter uitsluitlik vanuit die blanke bevolkingsgroep ontstaan. In die enkele gevalle waar nie-blanke belangegroepe wel insette gelewer het oor intra-stedelike fabrieksvestiging, soos by die beoogde hersonering van Marabastad, was dit nie fabrieksondernemer-belangegroepe nie, maar eerder gemeenskaps-belangegroepe (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 16 April 1951). In hierdie opsig het ondernemer-belangegroepe die belange van die blanke bevolkingsgroep, spesifiek blanke fabrieksondernemers, direk bevorder, maar dit was as gevolg van die spesifieke institusionele omstandighede wat bestaan het. Eerstens, benewens Asiër-ondernemers, was fabrieksondernemers blankes. Tweedens is daar in die vorige afdeling aangedui dat die gekonsentreerde fabrieksgebiede die gevolg was van eksogene instellings en 'n gegewe vir die ondernemer. Fabrieksvestiging moes in blanke plaaslike owerhede plaasvind en daar was nie ander alternatiewe nie. Private ontwikkelaars van fabrieksgebiede moes ook dié intra-stedelike patroon volg (TA. MPA. 3/4/1792, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 10 Desember 1954). Blanke plaaslike owerhede het gevolglik die voordele verbonde aan fabrieksontwikkeling geniet.

Ondanks die gevolge van fabrieksontwikkeling vir nie-blanke bevolkingsgroepe, was die nastrewing van die partikuliere belang van blanke ondernemers steeds die oorheersende motivering vir die optrede van ondernemers-belangegroepe. Terwyl die verskuiwing van swartes uit Marabastad nog plaasgevind het, het ses ondernemer-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangegroepe[8] tydens 'n vergadering met die Stadsraad versoek dat Marabastad as 'n blanke fabrieksgebied vir ligte fabrieksondernemings gevestig moes word (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 19 Junie 1947). Dit is interessant dat dié belangegroepe, lank voor die implementering van die Wet op Groepsgebiede in 1950, reeds in 1947 aangedui het dat Marabastad, die Cape Coloured Location en Asiate-basaar geen toekoms as woongebiede vir nie-blankes gehad het nie. Dié versoek is verskeie kere herhaal (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsbeplanningskomitee, 14 Februarie, 1951; TA. MPA. 3/4/1797, Notule van die Stadsraad, [S.a.]).[9]

In 1966 het argitekte, wat namens die Motorhandelaarsvereniging opgetree het, 'n versoek aan die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne[10] gerig om motorwerkswinkels vanuit die sentrale sakekern (SSK) van Pretoria na die homogene gebied van noordelike Pretoria te verskuif (TA. MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die argitekte, Oscar Hurwitz, Murray & Pokroy, 28 November 1966). 'n Belangrike motivering, benewens die hoë grondpryse in die SSK van Pretoria, was dat 1,000 tot 2,000 minder nie-blanke werkers die SSK van Pretoria daagliks sou instroom en ook dat 'n opleidingsentrum vir blanke vakleerlinge opgerig sou word. Ook indiwiduele fabrieksondernemers, soos die Rembrandt Tabakvervaardigingskorporasie, het in 'n aansoek vir die koop van munisipale fabrieksgrond aangedui dat daar doelbewus 'n blanke indiensnemingsbeleid gevolg sou word. As verdere motivering vir die aansoek

---

8 Die belangegroepe was Die Motorhandelaarsvereniging, Pretoria Argiteksvereniging, die Pretoria Kamer van Koophandel, die Pretoria Meesterbouersvereniging, die Noord-Transvaal Kamer van Nywerhede en die Sentrale Eiendomsvereniging.

9 Hoewel die datum onbekend is, moes die vergadering in die tweede helfte van 1951 plaasgevind het.

10 a) Skynbaar het daar 'n mate van vervaardiging by dié werkswinkels plaasgevind.
b) Die Stadsraad het reeds hul toestemming vir die beoogde verskuiwing gegee en die rede waarom die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, spesifiek dr. P. Rautenbach, in die verskuiwing geken is, was omdat dit werksgeleenthede vir swartes geraak het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word daar gemeld dat 'n minimumloon vir blanke arbeid by dié korporasie ingestel is (TA. MPA. 3/4/1792, Korrespondensie van die Direkteur van die Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie, 28 September 1952).[11] Fabrieksondernemers en hul belangegroepe het dus grootliks ingeval by die heersende institusionele raamwerk wat van toepassing was.

Die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede het ook namens lede aansoek gedoen vir die hersonering van sakepersele na fabriekspersele (TA. MPA. 1/4/1790, Notule van die Stadsraad, 17 Oktober 1960). Hierbenewens is daar ook namens buitelandse maatskappye versoeke tot fabrieksvestiging in Pretoria gerig (TA. MPA. 313/565, Korrespondensie van die Sekretaris van die Pretoria Kamer van Koophandel, 26 Januarie 1920; TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Sekretaris van die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 20 Junie 1950; TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Stadsraad, 28 Februarie 1957). Fabrieksondernemer-belangegroepe het egter nie namens nie-blanke ondernemers opgetree nie, en sulke ondernemers moes namens hulself aansoek doen (TA. MPA. 1/4/8/1/7, Notule van die Stadsraad, 1 Oktober 1956; TA. MPA. 3/4/1793, Korrespondensie van die Stadsklerk, 19 Oktober 1956). Die aansoeke is gewoonlik geweier.[12]

Oorwegend was die institusionele raamwerk nie bevorderlik vir die verhoging van die lewensgehalte van alle bevolkingsgroepe nie. Dit blyk dat die fabrieksondernemers gewoonlik as ondernemer-belangegroepe grootliks by hierdie institusionele raamwerk ingeval het. Hul bydrae tot die instandhouding van die bestaande institusionele

---

11 Die aansoek was vir vestiging in Pretoria-Wes. Vestiging het blykbaar nie hier plaasgevind nie. In die vorige hoofstuk is aangedui dat daar in 1954 weer 'n aansoek van dié onderneming was vir fabrieksgrond in noordelike Pretoria.

12 Die eerste aansoek was deur 'n Kleurling, Aubrey Rosenberg, vir sakeregte in die Cape Coloured Location. Die tweede aansoek deur 'n Asiër, Osman Alli, was vir grond vir die moontlike vestiging van een of meer van die volgende fabrieke: 'n klere-, onderklere-, kous-, meubels-, sement en teëlfabriek; ingenieurswerke; 'n gietery; 'n droogskoonmakery, en verskeie ander ligte fabrieke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

raamwerk was waarskynlik groter as lede van die gemeenskap, as die van fabrieksondernemers.

3.3 Die vergroting van die stedelike ekonomiese basis

In die nastrewing van hul eie partikuliere belange, het ondernemer-belangegroepe heelwat insette gelewer ter bevordering van Pretoria se fabrieksontwikkeling. Omdat die Munisipaliteit Pretoria grootliks die alleenvoorsiener van fabrieksgrond was, het die ondernemer-belangegroepe merendeels 'n ondersteuningsrol gespeel deur die lewering van kundige insette, maar ook deur groot druk op die Stadsraad te plaas om fabrieksontwikkeling te bevorder. Die instellings onderliggend aan dié insette en druk kan vervolgens beskryf word.

Eerstens het ondernemer-belangegroepe deurgaans insette gelewer oor die bevordering van fabrieksontwikkeling in die algemeen in Pretoria. Klem is bv. gelê op aansporingsmaatreëls soos goedkoop grond, water en elektrisiteit (TA. MPA. 313/565, Notule van die Algemene Dienstekomitee, 28 Januarie 1919). Ook die koste verbonde aan die goedkeuring van bouplanne, belasting op fabrieke, toegangsroetes tot fabrieksgebiede en die pryse van fabrieksgrond was besprekingspunte met die Stadsraad (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 19 Junie 1947; TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Sekretaris van die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 19 Januarie 1949; TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967). Byvoorbeeld, toe die prys van fabrieksgrond in Koedoespoort in 1955 verhoog is, het die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede ernstig teen die verhoging beswaar gemaak omdat sulke verhogings die toekomstige fabrieksontwikkeling van Pretoria sou benadeel (TA. MPA. 3/4/1792, Korrespondensie van die Direkteur van die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 24 Februarie 1955). Ook is versoek dat voortgegaan word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die afslagpryse vir die grond in die fabrieksgebied.[13] Die Stadsraad het hieraan gehoor gegee (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Stadsraad, 28 Februarie 1957).

Tweedens is heelwat druk op die Munisipaliteit Pretoria uitgeoefen om gekonsentreerde fabrieksgebiede, waarvoor die grond reeds deur die Munisipaliteit aangekoop was, so spoedig moontlik te ontwikkel. Dit het veral plaasgevind sedert die veertiger- en vyftigerjare toe daar tekorte aan fabrieksgrond in Pretoria was (TA. MPA. 3/4/1790, Inset van die Noord-Transvaalse Kamer van Koophandel, 1946[14]; TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 19 Junie 1947; TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Sekretaris van die Gesamentlike Komitee van die Pretoria Kamer van Koophandel en die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 5 Februarie 1951). In 1947 het die Pretoria Kamer van Koophandel aangedui dat die bestaande fabrieksgrond van ongeveer 428.266 hektaar met nog 2,141.330 hektaar vermeerder moes word (ongeveer 500.0%) om net vir die volgende 7 jaar in Pretoria voorsiening te maak (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Stadsraad, 27 Maart 1947). In werklikheid was die totale fabrieksgrond in 1947 ongeveer 593.282 hektaar en in 1954, 7 jaar later, was dit 669.246 hektaar. In 1991 was die totale fabrieksgrond in Pretoria 1,397.350 hektaar. Hoewel dié fabrieksondernemer-belangegroep ooroptimisties was in hul vooruitskatting, wou hulle hierdeur waarskynlik die druk vir die spoedige ontwikkeling van fabrieksgrond verhoog.[15]

---

13 Kyk voetnota 21 in Hoofstuk 9.

14 a) Die aard van die dokument, bv. korrespondensie of notule, sowel as die presiese datum is nie bekend nie.

b) In dié dokument word die Stadsraadslede van partypolitiekery beskuldig as 'n rede hoekom daar nie fabrieksgebiedontwikkeling in Pretoria plaasvind nie.

15 a) Daar moet onthou word dat die ander plaaslike owerhede in die studiegebied wel van die fabrieke in Pretoria weggetrek het, veral in die geval van Rosslyn, wat in 1991 ongeveer 931.835 hektaar beslaan het. Pretoria was ook onderhewig aan streng beperkende maatreëls t.o.v. fabrieksvestiging.

b) In 1946 was die beraamde aantal hektaar wat vir fabrieksontwikkeling nodig was, ongeveer 1,713.064 hektaar. Geen tydperk waarop hierdie hoeveelheid hektaar betrekking het, is genoem nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Belangrike motivering vir die druk van ondernemer-belangegroepe was dat daar telkens die moontlikheid was dat ondernemings weens gebrek aan fabrieksgrond en hoë grondpryse eerder in ander plaaslike owerhede sou vestig (TA. MPA. 3/4/1789, Notules van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 16 Maart 1936 & 19 Junie 1947; TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Sekretaris van die Gesamentlike Komitee van die Pretoria Kamer van Koophandel en die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 5 Februarie 1951). Selfs in 1963, toe Waltloo ontwikkel is, is hierdie argument herhaal. Uit inligting wat in 1963 deur die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede verskaf is, blyk dit dat daar wel rede was om te glo dat die Munisipaliteit Pretoria se pryse vir fabrieksgrond hoër was as die pryse op die Witwatersrand en in Vanderbijlpark. Pretoria se pryse was in die geval van persele sonder spoorgeriewe, 140.0% hoër en persele met spoorgeriewe 79.0% hoër (TA. MPA. 3/4/1795, Notule van die Bestuurskomitee, 10 Junie 1963).[16] Dit is nie duidelik wat die rede daarvoor was nie, maar die voortdurende tekorte kon hiertoe aanleiding gegee het. Belangegroepe het nie druk toegepas om mededinging te verhoog nie, maar waarskynlik eerder om moontlikhede vir eie organiese groei te vergroot. 'n Verdere rede was dat leweransiers moontlik ook in Pretoria kon vestig en daarmee die vervoerkoste van insette verlaag.

Die fabrieksondernemer-belangegroepe was ook beswaard oor die kunsmatige tekorte aan swart woongebiedsontwikkeling wat deur die nasionale owerheid geskep is, sowel as die blank:nie-blank getalle-verhouding wat op hulle afgedwing is (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967). Die Stadsraad is versoek om beswaar by die nasionale owerheid hieroor aan te teken en spesifiek daarop te wys dat dit fabrieksontwikkeling in Pretoria belemmer. Daar is ook in die vorige hoofstuk daarop gewys dat belangegroepe kritiek uitgespreek het op die hersonering van fabrieksgrond in Waltloo toe Chrysler in Pretoria gevestig het (TA.

---

16 Die plaaslike owerhede aan die Witwatersrand waarmee die vergelyking getref is, was Randfontein, Springs en Germiston (Isando).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

MPA. 3/4/1797, Korrespondensie van die Direkteur van die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede, 16 Februarie 1966).

Ondanks dié kritiek van ondernemer-belangegroepe teen nasionale beleid was hul fokus grootliks op die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede, dus daardie fabrieksgebiede wat reeds deur die Munisipaliteit Pretoria ontwikkel is of wat in die toekoms ontwikkel sou word en wat 'n weerspieëling van die nasionale institusionele raamwerk was. So ondersteun die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede in 1947 die ontwikkeling van gekonsentreerde fabrieksgebiede in noordoostelike Pretoria en in westelike Pretoria (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 17 Julie 1947; TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Stadsklerk, 19 Maart 1948).[17] Dit was in elk geval die rigting waarheen die ontwikkeling van gekonsentreerde fabrieksgebiede sou plaasvind. Westelike Pretoria was reeds in daardie stadium die belangrikste fabrieksgebied in Pretoria en die grond vir Waltloo is ook in 1947 aangekoop. Dit was ook die geval in 1967 toe ondernemer-belangegroepe aangedui dat fabrieksgebiede in westelike Pretoria en noordoostelike Pretoria verder moet uitbrei (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967). Ondernemer-belangegroepe het dus ingeval by die breë institusionele raamwerk wat aanleiding tot die intra-stedelike ontwikkeling van fabrieksgebiede gegee het.

'n Belangrike gevolg van hierdie inval of aanpas by die bestaande intra-stedelike fabrieksvestigingspatroon was dat makro- en mikrofragmentasie verder ondersteun is en behoue gebly het. Die deelname van ondernemer-belangegroepe aan intra-stedelike beplanning het dus nie veel bygedra tot die daarstel van 'n innoverende stedelike gemeenskap nie. Daar is reeds aangedui dat die ondernemer-belangegroepe

---

17 Daar was ook nou reeds ondersteuning verleen aan die ontwikkeling van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Zandfontein. Dié fabrieksgebied is eers in 1974 ontwikkel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie veel kon doen t.o.v. makrofragmentasie nie. Dit was eksogeen bepaal en sulke belangegroepe moes daarby inval.

In die bespreking van die definisies van ligte fabrieke in Hoofstuk 9 (Afdeling 3.2.2 (b)) is aangedui dat die behoefte aan sulke definisies ontstaan het weens die vraag na fabrieksgrond in nie-gekonsentreerde fabrieksgebiede. Daar bestaan geen aanduiding dat fabrieksondernemer-belangegroepe enigsins aan hierdie aspek, dus die mikrofragmentasie van die studiegebied, aandag gegee het nie. Hier het hulle grootliks by die instellings van die gemeenskap en plaaslike owerheid ingeval. Dit was ook moontlik dat sulke belangegroepe nie veel aandag aan klein fabrieke gegee het nie.

3.4 Die rol van intra-stedelike vestiging

Aangesien ondernemer-belangegroepe grotendeels op die bestaande en gegewe gekonsentreerde fabrieksgebiede gefokus het, was dié belangegroepe voorstanders van monofunksionele intra-stedelike vestiging. Die ontwikkeling van stedelike gebiede met 'n hoë vlak van interaksie tussen heterogene bevolkings en ekonomiese aktiwiteite was nie van belang nie. Solank fabrieksontwikkeling ondersteun en beperkings opgehef is, was die taak van sulke belangegroepe bykans afgehandel. Die afgeleide vraag na fabrieksarbeid en die mikro intra-stedelike ontwikkelings was nie van belang nie.

Ondernemer-belangegroepe het in teenstelling met die rol van die gemeenskap en die plaaslike owerheid die beperking van swart mobiliteit nie as oorwegend belangrik beskou nie. Indien beperkte mobiliteit of die aanwesigheid van swartes as 'n beperking op fabrieksontwikkeling beskou is, was dit aangespreek binne die bestaande institusionele raamwerk (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 25 Februarie 1946). Die motivering deur ondernemer-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangegroepe vir die ontwikkeling van fabrieksgebiede word nie primêr gemotiveer deur dit as buffergebiede tussen blanke en nie-blanke woongebiede voor te hou nie. Die primêre motivering was dat fabrieksontwikkeling belangrik is vir die algemene ekonomiese ontwikkeling van Pretoria of dat Pretoria op die gebied van fabrieksontwikkeling agter raak by ander plaaslike owerhede. Om dan as verdere motivering te dien is fabrieksgebiede as ideale buffergebiede voorgehou om in te pas by die heersende institusionele raamwerk van die Munisipaliteit Pretoria (TA. MPA. 1/4/1790, Korrespondensie van die Stadsklerk, 19 Maart 1948).

Wat die mikro intra-stedelike ontwikkelings van Pretoria betref, was die Pretoria Kamer van Koophandel teen die plasing van fabrieke (TA MPA. 1/4/1790, Memorandum van die Pretoria Kamer van Koophandel, [S.a.])[18] en sakegeboue in woongebiede (TA. MPA. 1/4/8/1/4, Notule van die Stadsraad, 19 April 1960). Hulle het aanbeveel dat geen fabrieke in oostelike Pretoria mog vestig nie, en dat daar geen fabrieksontwikkeling ten noorde van Koedoespoort moes plaasvind nie. In noordelike Pretoria moes "ideale woongebiede" vir die laer middel-inkome blanke inwoners ontwikkel word in ooreenstemming met die monofunksionele uitgangspunte van die Munisipaliteit Pretoria.

Die houding van ondernemer-belangegroepe teenoor stedelike digthede hang ook af van watter invloed dit op fabrieksontwikkeling sou hê. In 1947 het die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede en 'n aantal ander ondernemer-belangegroepe versoek dat die grense van die munisipale gebied van Pretoria uitgebrei moes word aangesien onbeheerde fabrieksontwikkeling op die buitewyke van die munisipale gebied plaasgevind het. Dié fabrieksontwikkeling was in die omgewing van noordoostelike Pretoria. Teen 1947 was daar reeds drie fabrieke wat nie onder beheer van die Munisipaliteit Pretoria geval het nie en daar het nie 'n dorpsaanlegskema vir

---

18 Die datum moes gedurende 1948 gewees het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die fabrieksgebied bestaan nie. 'n Moontlike belangrike rede vir dié fabrieksontwikkeling was die aanwesigheid van swart arbeiders wat reeds lank tevore hier gevestig het (TA. MPA. 3/4/1789, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 19 Junie 1947).[19]

Teenoor die uitbreiding van woongebiede het die ondernemer-belangegroepe egter 'n ander instelling gehad. Onbeheersde uitbreiding van woongebiede buite die munisipale gebied moes beperk word aangesien dit aanleiding kon gee tot hoë stedelike infrastruktuur. Sulke uitbreidings het in oostelike Pretoria, 'n hoë-inkome gebied, plaasgevind en die siening het saamgeval met dié van die Munisipaliteit Pretoria (TA MPA. 1/4/1790, Memorandum van die Pretoria Kamer van Koophandel, [S.a.]).[20] In 1967 word daar ook beswaar gemaak teen die grootte van die woonpersele in oostelike Pretoria en die mening was dat dit eerder kleiner moes wees. Die monofunksionaliteit van woongebiede is egter beklemtoon waar die ondernemer-belangegroepe aangedui het dat daar selektief te werk gegaan moes word in die verkleining van sekere woonpersele aangesien dit ongewenste agterplaasbedrywighede kon stimuleer (TA. MPA. 3/4/1796, Notule van die Bestuurskomitee, 4 Desember 1967).

Ondernemer-belangegroepe het dus duidelik onderskeid gemaak tussen hul rol as ondernemer-belangegroepe en hul lidmaatskap van 'n belangegroep van die gemeenskap. Fabrieksontwikkeling en woongebiedontwikkeling was twee afsonderlike aspekte van intra-stedelike ontwikkeling en integrasie; dus was multifunksionaliteit nie ter sprake nie.

---

19 a) Dit is waar swartes in Vlakfontein en Mamelodi gevestig het.
b) In 1947 het 'n fabrieksondernemer navraag gedoen oor grond in die noordoostelike Pretoria. Daar was dus reeds lank voor die ontwikkeling van Waltloo belangstelling van fabrieksondernemers in dié gebied (TA. MPA. 3/4/1793, Notule van die Algemene Dienste en Eiendomskomitee, 1 Mei 1957).

20 Die datum moes gedurende 1948 gewees het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die instellings onderliggend aan die optrede van die ondernemer-belangegroepe, spesifiek die fabrieksondernemer-belangegroepe, bespreek. In die algemeen blyk dit dat dié belangegroepe nie 'n wesenlike invloed op die intra-stedelike fabrieksontwikkeling van die studiegebied, en veral Pretoria, gespeel het nie. Hulle het eerder 'n ondersteunende rol tot die plaaslike owerheid gespeel deur goedkeuring en bevestiging te verleen aan die beplanningstradisie van makro- en mikrofragmentasie. Hierdie gevolgtrekking word gestaaf deur die identifisering van die volgende instellings wat by die fabrieksondernemer-belangegroepe belangrik was.

Eerstens was die gekonsentreerde fabrieksgebiede eksogene instellings wat vir die fabrieksondernemer 'n gegewe was. Selfs binne dié fabrieksgebiede het fabrieksondernemers skynbaar nie 'n keuse uitgeoefen om grense van winsgewendheid te skep nie. Vir die fabrieksondernemer was die bepaling van grense van nutsbevrediging meer belangrik omdat 'n keuse daaroor uitgeoefen kon word.

Tweedens het fabrieksondernemer-belangegroepe op 'n ander wyse as die gemeenskap insette tot intra-stedelike fabrieksontwikkeling gelewer. Hulle insette het grootliks gespruit uit 'n direkte deelname aan die besluitnemingsproses, soos die Stadsbeplanningskomitee, en sulke belangegroepe was dus deel van die skepping van instellings onderliggend aan intra-stedelike beplanning. Saam met die Stadsraad en amptenare het hulle oor tyd 'n aandeel gehad aan instellings wat makro- en spesifiek mikrofragmentasie bevestig het.

Derdens was die belangegroepe se fokus fabrieksontwikkeling en weens die institusionele raamwerk het dit per definisie die bevordering van die blanke bevolkingsgroep en blanke plaaslike owerhede se belange beteken. In hierdie opsig was die ondernemer-belangegroepe slegs statiese deelgenote aan 'n bestaande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

institusionele raamwerk en het hulle nie verandering aan dié raamwerk bewerkstellig nie. Die lewensgehalte van die nie-blanke bevolkingsgroepe was grootliks ondergeskik aan die bevordering van fabrieksontwikkeling.

Vierdens is daar 'n verskeidenheid insette ter bevordering van fabrieksontwikkeling gelewer. Dit het egter gegaan oor die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede. Ondernemer-belangegroepe het insette gelewer nadat die inisiatief oor die ontwikkeling van fabrieksgebiede van die plaaslike owerheid gekom het.

Aangesien die ondernemer-belangegroepe wel sitting in komitees van die Munisipaliteit Pretoria gehad het, was dit moontlik dat hul insette 'n verskuilde vorm kon aangeneem het. Hulle kon moontlik 'n bepalende invloed op besluite van die Stadsbeplanningskomitee gehad het. Daar is egter in die vorige hoofstuk aangedui dat 'n belangrike onderbou van die komitees die tegniese insette van die amptenare was. In 'n belangrike mate was dit die amptenare wat die besluite tegnies gemotiveer het vir voorlegging aan die komitees. Ook was finale besluitneming onderhewig aan die goedkeuring van die Stadsraad. Die Stadsraad moes gehoor gee aan die instellings van die gemeenskap en ook van die nasionale owerheid. Laastens het die ondernemer-belangegroepe slegs 'n minderheidslidmaatskap in die plaaslike owerheidskomitees gehad. Dit is dus onwaarskynlik dat ondernemer-belangegroepe verantwoordelik was vir die beplanningstradisie wat aanleiding tot makro- en mikrofragmentasie gegee het.

Laastens is aangetoon dat fabrieksvestiging nie as instrument in intra-stedelike ontwikkeling gebruik is nie. Dit was nie nodig nie, aangesien ondernemer-belangegroepe op die bestaande gekonsentreerde fabrieksgebiede gefokus het. Hierin het intra-stedelike vestiging nie 'n rol gespeel nie. Oorheersend was die ontwikkeling van die fabrieksektor in die algemeen vir hierdie belangegroepe belangrik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 11

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

1 Inleiding

Die konstitusionele veranderings sedert die begin negentigerjare het groot verwagtinge geskep dat die politieke demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing ook 'n ekonomiese demokratisering tot gevolg sal hê. Ekonomiese demokratisering behels o.a. dat stedelike ontwikkeling op armoede-verligting gerig moet wees. Hiervoor moet 'n stedelike ontwikkelingsbeleid geformuleer word. Om dié ontwikkelingsbeleid te kan formuleer, moet o.a. eers vasgestel word watter faktore tot die ontoeganklikheid van stedelike gebiede aanleiding gegee het.

Hierdie studie wil 'n bydrae maak tot kennis oor hoe 'n metropolitaanse gebied intra-stedelik ontwikkel en gegewe hierdie kennis 'n inset lewer oor wat die aard van metropolitaanse bestuur in Suid-Afrika behoort te wees. Die probleemstelling was om die invloed van institusionele veranderlikes, wat aanleiding tot fabrieksvestiging in metropolitaanse gebiede gegee het, te bepaal.

Om hierdie probleemstellings te ondersoek, is daar soos volg stapsgewys te werk gegaan.

- Die verskuiwing in belangstelling in die vakgebied *ekonomie* van inter-stedelike vestiging na intra-stedelike vestiging is ondersoek. Dit het die breë teoretiese agtergrond gegee.
- Daarna is teorieë oor intra-stedelike vestiging ondersoek. Hier is besluit dat die Nuwe Institusionele Benadering as teoretiese verklaring gebruik sal word om die studiegebied te ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die volgende aspek wat aandag geniet het, was fabrieksvestiging wat as instrument in beleidsformulering gebruik kan word om die toeganklikheid van stedelike gebiede te verhoog. Historiese getuienis het aangedui dat fabrieksvestiging wel so 'n belangrike beleidsensitiewe instrument is wat in metropolitaanse bestuur gebruik kan word.
- Gegewe die sosio-ekonomiese aard van die studiegebied is toe bepaal vir watter doeleindes fabrieksvestiging in metropolitaanse bestuur gebruik moet word.
- Hierna is spesifiek op die studiegebied gefokus en ondersoek na waarom die fabrieksektor tot 1991 ontoeganklik vir veral die nie-blanke bevolkingsgroepe was, is ingestel.
- Teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling van die studiegebied, is die rol van die gemeenskap, plaaslike owerhede en fabrieksondernemers ondersoek. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die plaaslike owerhede die belangrikste rol gespeel het in die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied.

Elk van hierdie stappe het 'n verskeidenheid gevolgtrekkings tot gevolg gehad wat funksioneel in die volgende afdelings opgesom word.

2 Die studiegebied

Daar is aangetoon dat die studiegebied die tipiese resultaat is van die streng toepassing van Apartheidsbeleid. Die stedelike aard van die studiegebied is ook tiperend van ander metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika. Ontledings en gevolgtrekkings oor die studiegebied kan gevolglik ook op ander metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika van toepassing gemaak word.

Die aard van die studiegebied maak dit 'n geskikte gebied vir 'n ondersoek na verskeie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aspekte van metropolitaanse bestuur en dit skep geleenthede vir toekomstige navorsing.

Aangesien woongebiedvestiging nie meer op bevolkingsgrondslag plaasvind nie, kan die sosio-ekonomiese aard van woongebiede in die toekoms verander. Sulke voorbeelde is reeds duidelik in baie Suid-Afrikaanse stede, en die verandering word bloot toegeskryf aan tipiese vorme van stedelike verval weens o.a. die oorbesetting van wooneenhede. Die onderliggende rede vir die verandering is egter die pogings van bestaande lae-inkome inwoners en nuut verstedeliktes om toegang tot stedelike ekonomiese aktiwiteite te verkry. Om die probleem te behandel, sou navorsing gerig kan word op die moontlikheid om stedelike verval te keer deur multifunksionaliteit van die sentrale sakekerne (SSK) of ander stedelike gebiede te bevorder deur fabrieksvestiging toe te laat.

Twee aspekte kan by die fabrieksektor uitgesonder word vir verdere navorsing. Eerstens bestaan daar 'n konflik tussen die aard van sonering, soos die definisie van hinderlike bedrywe, en die veranderde produksietegnologie wat in die fabrieksektor gebruik word. Die vraag is of die tradisionele beplanningsbeginsels tred gehou het met die veranderde aard van ekonomiese aktiwiteite? Dit is nie alleen op die fabrieksektor van toepassing nie, maar ook op tersiêre ekonomiese aktiwiteite. Tweedens is daar nie in hierdie studie aandag gegee aan die invloed van aspekte soos arbeidsbeleid, die aanbod van kapitaal en ondernemers op fabrieksontwikkeling nie. Dit skep verdere geleenthede vir navorsing. Tradisioneel in Suid-Afrika is navorsing wat gerig is op dié aspekte, grootliks vanuit 'n makro-ekonomiese vertrekpunt gedoen. Waarskynlik is dit nou nodig om dié aspekte op mikro-ekonomiese vlak, uit 'n spesifieke ruimtelike oogpunt, te ondersoek.

Derdens bestaan daar oor die aard van metropolitaanse bestuur baie onduidelikhede in Suid-Afrika en in ontwikkelende lande. Fabrieksvestiging en multifunksionaliteit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van stedelike gebiede is slegs een aspek van 'n verskeidenheid ander instrumente wat in metropolitaanse bestuur gebruik kan word. So is vervoer, die aard van stedelike behuising, en plaaslike owerheidsfinansies aspekte wat nagevors moet word.

3 Die teoretiese onderbou

In Hoofstukke 2 en 3 is aan die teoretiese onderbou van hierdie studie aandag gegee. In die bespreking is daar beweeg van die breë algemene teoretiese tendense (Hoofstuk 2) na die besondere intra-stedelike teoretiese verklarings (Hoofstuk 3). Daar is geargumenteer dat die belangstelling en navorsing in die *ruimtelike ekonomie* teen die einde van die twintigste eeu verskuif het van *streeksekonomie* na *stedelike ekonomie*, dus van die inter-vestigingsteorie na intra-vestigingsteorie. Laasgenoemde het te make met intra-stedelike vestiging en dit maak deel uit van metropolitaanse bestuur. Weens verstedeliking is die bestuur van metropolitaanse gebiede belangrik en daar blyk geen alternatief vir sulke bestuur te wees nie. Daar bestaan wel komplementêre beleidsalternatiewe, soos polisentriese ontwikkeling, wat ondersteunend tot metropolitaanse bestuur gebruik kan word.

'n Bespreking van intra-stedelike teorieë het aangedui dat drie breë benaderings, nl. die Neo-klassieke Benadering, die Strukturele Benadering en die Nuwe Institusionele Benadering (NIB), gebruik kan word. Hoewel elk van dié benaderings toepassingsmoontlikhede in Suid-Afrikaanse verband het, was die vraag of 'n spesifieke benadering die historiese intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied sou kon verklaar. Tesame hiermee moes besluit word of so 'n benadering gebruik kon word as 'n basis vir beleidsformulering.

Eerstens is daar besluit om die NIB te gebruik as 'n moontlike verklaring vir die historiese intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied. Die NIB se uitgangspunte is 'n aantal aaneengeskakelde argumente wat 'n verklaring vir menslike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedrag gee. Menslike gedrag is gebou op instellings, dus wyses van doen wat sekerheid gee oor uitkomste. Dié gedrag is nie rasioneel soos in die Neo-klassieke Benadering aanvaar word nie, maar is gegrond op 'n lang tydperk van die aanvaarding van eksogene en endogene instellings. Die ontstaan van instellings is die gevolg van onsekerheid en gebrek aan inligting oor die uitkomste van optredes waardeur transaksiekoste ontstaan. Om transaksiekoste te verminder, word 'n bepaalde wyse van doen aanvaar aangesien historiese gedrag wel sekerheid oor bepaalde uitkomste gegee het. Om verdere sekerheid oor uitkomste te verkry en transaksiekoste te verminder, word legitimiteit aan sulke heersende instellings verleen deur derde partye soos die owerheid en ander organisasies.

Apartheid was 'n spesifieke institusionele raamwerk wat blanke belange gedien het en sekerheid oor uitkomste aan blankes gegee het. 'n Bepaalde gedragspatroon of instellings is by blankes gevestig wat die intra-stedelike ontwikkeling van stedelike gebiede bepaal het. Hierdie instellings was die resultaat van die eksogene afdwing van instellings en ook die ontwikkeling van endogene instellings oor geslagte heen.

In die bespreking van die historiese ontwikkeling van die studiegebied (Hoofstuk 7) en die bespreking van die historiese rol van instellings (Hoofstukke 8 tot 10), het dit geblyk dat die NIB 'n nodige teoretiese verklaring bied vir die historiese ontwikkeling van die studiegebied. Op 'n sistematiese wyse is aangetoon dat instellings van die (blanke) gemeenskap, veral dié van die plaaslike owerhede, die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied bepaal het.

Tweedens kan die NIB ook gebruik word om aan te dui watter rolle die verskillende belangegroepe in die toekoms in die bepaling van die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied sal speel. Die NIB dui bv. aan dat die instellings van die verlede in die toekoms herhaal sal word - indien daar nie 'n ingrypende verandering in die endogeen bepaalde institusionele raamwerk plaasvind nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Derdens dui die NIB aan wat die vertrekpunte van beleidsformulering moet wees. Beleid moet die belangrikste bepalende rolspeler in intra-stedelike ontwikkeling aanspreek, nl. die institusionele raamwerk vir besluitneming van plaaslike owerhede.

In die algemeen blyk dit dat NIB 'n voldoende teoretiese onderbou verskaf vir ontledings in die studie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat baie aspekte van die ander twee benaderings wel op die studiegebied toegepas kon word.

4 Die fabrieksektor as 'n instrument in metropolitaanse bestuur

In Hoofstuk 4 is daar geargumenteer dat die beleidsensitiewe aard van die fabrieksektor dit besonder gunstig maak om as 'n instrument in metropolitaanse bestuur te gebruik. Internasionale en plaaslike ervaring dui daarop dat die groei en ontwikkeling van die fabrieksektor aanleiding gee tot die verhoging van lewensgehalte. Dit is 'n belangrike intree-sektor vir nuut-verstedeliktes tot werksgeleenthede en om toegang tot ekonomiese aktiwiteite in die algemeen te verkry.

In Hoofstukke 8, 9 en 10 is aangetoon dat die ontwikkeling van die fabrieksektor nie 'n belangrike rol in die endogene instellings van die onderskeie plaaslike belangegroepe in die studiegebied gespeel het nie. Die belangrikste fabrieksontwikkelings, soos Iscor in Pretoria en Rosslyn in Akasia, was inisiatiewe van die sentrale owerheid. Dié fabrieksvestiging het eerder verband gehou met ander aspekte van 'n groter eksogene institusionele raamwerk as die direkte verhoging van die lewensgehalte van alle inwoners van die studiegebied. 'n Belangrike rede waarom fabrieksontwikkeling stuksgewys in die studiegebied plaasgevind het, was dat sulke ontwikkelings nie nodig geag is nie. Blanke werksgeleenthede is deur die sentrale en provinsiale owerheidsektor voorsien. Daar is ook aangetoon dat dié posisie van die blankes sedert die begin negentigerjare weens die konstitusionele veranderings verander het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5 Metropolitaanse bestuur

Hoofstukke 5 en 6 behandel twee verbandhoudende onderwerpe. Met die sosio-ekonomiese omgewing van die studiegebied as agtergrond (Hoofstuk 5) is daar eerstens normatief aandag gegee aan wat die doelstellings van metropolitaanse bestuur behoort te wees. Tweedens is aan die implikasies van die fabrieksvestigingspatroon in 1991 aandag gegee (Hoofstuk 6).

'n Ontleding van die sosio-ekonomiese omgewing van die studiegebied het daarop gedui dat daar 'n groot bevolkingskonsentrasie in die aanliggende gebied is. Dié bevolking is grootliks op die studiegebied vir werksgeleenthede aangewese. Verdere ontledings het getoon dat die toeganklikheid van die nie-blankes tot ekonomiese aktiwiteite in die algemeen baie laag is, gemeet teenoor dié van die blankes. Verbandhoudend hiermee is aangetoon dat stedelike digthede in die studiegebied besonder laag was. Dit is 'n tipiese gevolg van die uitgestrektheid van die Apartheidstad. Met groot afstande tussen woon- en werksplek en lae mobiliteit, is toegang tot ekonomiese aktiwiteite vir nie-blanke werkers beperk.

'n Ontleding van die ekonomiese aktiwiteite het getoon dat die studiegebied die derde belangrikste fabrieksgebied in Gauteng in 1991 was en dié sektor ook in die studiegebied die derde belangrikste sektor vir indiensneming was. Die grootste aantal fabriekswerkers was werksaam in die munisipale gebied van Pretoria en daarna in Akasia. Die intra-stedelike verspreiding van fabrieke het aangetoon dat fabrieksvestiging grootliks in enkele gekonsentreerde fabrieksgebiede voorgekom het en daar weinig integrasie van grondgebruike in die studiegebied bestaan het. Met die uitsondering van Laudium het alle fabrieksvestiging ook in tradisioneel blanke munisipale gebiede voorgekom.

Met dié sosio-ekonomiese agtergrond is drie doelstellings vir metropolitaanse bestuur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geformuleer. Eerstens is aangedui dat metropolitaanse bestuur die lewensgehalte van alle inwoners van die stedelike gebied moet verhoog. Die verhoging van lewensgehalte het nie slegs 'n ekonomiese komponent nie, maar omsluit verskeie aspekte soos regverdigheid, toegang tot ekonomiese en nie-ekonomiese geleenthede en 'n gevoel van meelewing aan 'n stedelike kultuur. Hierdie breë doelstelling is verder verfyn met 'n ekonomiese doelstelling, nl. dat metropolitaanse bestuur die ekonomiese basis van die stedelike gebied moet verhoog. Dit sou moontlik gewees het deur geïntegreerde stedelike gemeenskappe daar te stel. Die uitgangspunt is dat die integrasie van heterogene gemeenskappe en diverse ekonomiese aktiwiteite stedelike innovasie sal aanwakker. Die monofunksionaliteit van stedelike gebiede moet dus vervang word met multifunksionaliteit. Die derde doelstelling gaan oor die rol van fabrieksvestiging in intra-stedelike vestiging om die doelstellings van multifunksionaliteit te bereik en daardeur ook die lewensgehalte van die stedelike gemeenskap te verhoog. Juis weens die beleidsensitiewe aard van die fabrieksektor, is dit moontlik om die sektor te gebruik om hierdie doelstelling te bereik.

In Hoofstuk 6 is die gevolge van die 1991-fabrieksvestigingspatroon ontleed. Aandag is spesifiek gegee aan die gevolge van die algehele gebrek aan fabrieksvestiging in 'n plaaslike owerheid, die rol van afstand en die moontlike invloed van sektorale wanpassing. Die doel van hierdie hoofstuk was om aan te toon dat Apartheid nie slegs ontoeganklikheid vir nie-blankes tot politieke stedelike besluitneming beteken het nie, maar ook 'n spesifieke ekonomiese ontoeganklikheid tot die fabrieksektor. Die implikasies van die makro- en mikrofragmentasie van stedelike gebiede t.o.v. die fabrieksektor is hier aangetoon. Nie-blanke plaaslike owerhede het inkome verbeur omdat geen fabrieksvestiging in sulke plaaslike owerheidsgebiede voorgekom het nie. Die groot afstande tussen woon- en werksplek het getoon dat toegang tot stedelike fabriekswerksgeleenthede vir die nie-blanke bevolkingsgroepe beperk was. Die oorwegende gevolgtrekking is dat die afstand tussen woon- en werksplek verminder moet word. Daar kon nie bewyse gevind word vir sektorale wanpassing nie. 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Moontlike verklaring hiervoor is dat fabrieksgebiede omring word deur woongebiede wat die tipiese fabriekswerker huisves.

Verder het dit geblyk dat metropolitaanse bestuur nie die bereiking van die genoemde doelstellings nagestreef het nie. Slegs die belange van die blankes is nagestreef en hiertoe het metropolitaanse bestuur in die vorm van omvattende bloudrukbeplanning 'n groot bydrae gemaak.

6 Die historiese ontwikkeling van die studiegebied

Die ontleding van die historiese intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied (Hoofstuk 7) het aangetoon dat die grondgebruikspatroon reeds byna sedert die ontstaan van die studiegebied gevestig was. Weens die klein geografiese omvang van Pretoria het daar aanvanklik 'n mate van multifunksionaliteit tussen heterogene gemeenskappe en ekonomiese aktiwiteite bestaan. Soos Pretoria egter geografies groter geword het, het daar al hoe meer monofunksionele grondgebruikspatrone ontstaan. Ondersteun deur 'n Westerse beplanningstradisie en die mettertydse implementering van 'n beleid van bevolkingskeiding, het 'n al hoe meer rigiede stedelike struktuur tot stand gekom. Met die ontwikkeling van Centurion was monofunksionaliteit reeds 'n gevestigde beplanningstradisie en dié munisipale gebied is ook daarvolgens beplan. Die samevoeging van monofunksionele gebiede in Akasia en Midrand was 'n organisatoriese maatreël om plaaslike owerhede te skep.

Die ontwikkeling van fabrieksgebiede het teen 'n stadige pas in die studiegebied plaasgevind en is gekenmerk deur lang tydperke waar daar groot tekorte ontstaan het. Die tekorte was deels toe te skryf aan 'n onaktiewe fabrieksontwikkelingsbeleid van die plaaslike owerhede (Pretoria) of 'n doelbewuste beleid van die beperking van fabrieksontwikkeling (Centurion). Andersins het die fabrieksontwikkeling wat wel plaasgevind het, soos in Rosslyn, geensins verband gehou met die pogings van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaaslike owerhede om fabrieksontwikkeling te stimuleer nie.

Waar fabrieksvestiging aanvanklik deel was van die multifunksionele stedelike gebied van Pretoria het sulke vestigings mettertyd op die randgebiede van die blanke stedelike gebiede begin plaasvind. Die patroon was gewoonlik dat sodra daar duidelikheid ontstaan het oor waar nie-blanke woongebiede sou ontwikkel word, fabrieksgebiede as buffergebiede tussen blanke en nie-blanke gebiede ontstaan het. Óf fabrieksgebiede het ontstaan en daarna is nie-blanke woongebiede aan die buitekant van die stedelike gebied geplaas. Dit was bykans 'n voorspelbare patroon.

7 Die belangrikheid van belangegroepe in die bepaling van die intra-stedelike vestigingspatroon

In Hoofstukke 8, 9 en 10 is onderskeidelik die rol van die gemeenskap, die plaaslike owerhede en die fabrieksondernemers in die bepaling van die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied ontleed. Volgens die NIB word die optrede van belangegroepe bepaal deur 'n spesifieke institusionele raamwerk. Aandag is aan dié raamwerk by elk van die belangegroepe gegee en daar is gewys op die belangrikheid van eksogene en endogene instellings. Uit hierdie drie hoofstukke is 'n duidelike beeld gevorm van watter rol belangegroepe gespeel het. Dit kan dien as 'n belangrike inset vir post-Apartheid beleidsformulering.

Die gemeenskap (Hoofstuk 8) se rol was beperk aangesien sulke belangegroepe en indiwidue grootliks op hul eie partikuliere belang gefokus het. Die groter geheel van intra-stedelike ontwikkeling in die studiegebied het hulle nie aangegaan nie. Monofunksionaliteit van stedelike gebiede en die beperking van swart mobiliteit in tradisioneel blanke stedelike gebiede was in belang van die blanke gemeenskap.

Wat die nie-blanke gemeenskap betref, was partikuliere belang ook belangrik, maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit het nie grootliks gegaan oor die behoud van hul belange nie, maar die verkryging van *de jure* stedelike regte, soos die bevrediging van die onmiddellike basiese behoeftes. Fabrieksontwikkeling, met die uitsondering van die Asiërs, was nie 'n hoë prioriteit van nie-blanke bevolkingsgroepe nie, aangesien ander behoeftes die fokus van dié belangegroepe was.

In die algemeen het die gemeenskap nie 'n betekenisvolle rol gespeel as dié belangegroep wat die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied bepaal het nie. Waar die blanke gemeenskap wel 'n invloed gehad het, was dit grootliks indirek van aard deur die demokratiese proses.

Bogenoemde gevolgtrekking oor die rol van die gemeenskap is ook van toepassing op die rol van fabrieksondernemers (Hoofstuk 10). Fabrieksondernemers het die bestaande intra-stedelike fabrieksvestigingspatroon in die studiegebied as 'n gegewe aanvaar en dit as basis gebruik om fabrieksontwikkeling in die algemeen te bevorder.

In teenstelling met die twee vorige belangegroepe was die plaaslike owerhede (Hoofstuk 9), tesame met die ander vlakke van owerhede, se rol van primêre belang in die bepaling van die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied. Die verkose raadslede, tesame met die amptenare van plaaslike owerhede het deur hul eksogene en endogene instellings die intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied gevorm. Dit was die geval in beide fabrieksvestiging en woongebiedontwikkeling. Dié owerhede het legitimiteit aan blanke instellings gegee. Dit was moontlik weens die konstitusionele bedeling voor 1991 en ook weens 'n tradisie van omvattende bloudrukbeplanning.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8 Die veranderde institusionele omgewing sedert 1991

Die konstitusionele veranderings wat sedert 1991 plaasgevind het, het nie gegaan oor die bereiking van spesifieke doelstellings in metropolitaanse bestuur nie. Die belangrikste kenmerk van hierdie tydperk was eerder veranderings aan die historiese institusionele raamwerk, veral deur nasionale wetgewing. Implementering n.a.v. dié veranderde institusionele raamwerk het dus nog nie ten volle op dreef gekom nie. Hierdie konstitusionele veranderings word in Afdeling 8.1 aangedui. In Afdeling 8.2 word aandag gegee aan intra-stedelike fabrieks- en woongebiedvestiging sedert 1991.

8.1 Eksogene instellings: Wetgewing

Veranderings aan die institusionele raamwerk het reeds voor die eerste demokratiese verkiesings in 1994 begin. In 1991 is alle bevolkingsgerigte wetgewing wat die mobiliteit en eiendomsreg van nie-blanke bevolkingsgroepe bepaal het, geskrap. Hiermee is alle wetgewende beperkings, soos die Wet op Groepsgebiede, op die mobiliteit van nie-blankes opgehef. Fabrieksvestiging deur nie-blankes kan nou ook in die tradisioneel blanke gebiede plaasvind.

Die wetgewing wat na 1991 aanvaar is, het op twee aspekte gefokus, nl. die organisatoriese verandering in die plaaslike owerheidstelsel om vir demokraties verkose plaaslike owerhede voorsiening te maak en pogings om inhoud te gee aan 'n nuwe institusionele raamwerk.

Wat van belang by die organisatoriese verandering van plaaslike owerhede is, is dat plaaslike owerhede ingevolge die Oorgangswet op Plaaslike Regering[1] en in

---

1 Die Oorgangswet op Plaaslike Regering (Wet no. 209 van 1993) was 'n oorgangsmaatreël en sou vervang word met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening (Wet no. 27 van 1998), Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet no. 117 van 1998) en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ooreenstemming met die Oorgangsgrondwet in 1993 op 'n nie-bevolkingsgrondslag saamgestel is. Die regsgebied van hierdie munisipaliteite is funksionele eenhede en nie bevolkingsgroepe nie.

Die strukture en grense van plaaslike owerhede sal verander met die oog op die munisipale verkiesings in 2000.[2] Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture van 1998 maak voorsiening vir 'n kategorie A plaaslike owerheid. Die studiegebied sal so 'n plaaslike owerheid wees. Dit kan óf 'n metropolitaanse regering met wykskomitees óf 'n metropolitaanse regering met metropolitaanse substrukture wees. Wykskomitees sal 'n rol speel in die bepaling van plaaslike behoeftes en prioriteite. In die geval van metropolitaanse substrukture sal plaaslike owerheidsfunksies na dié substrukture gedesentraliseer word.[3]

Voor en tydens die aanvaarding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in 1996, het twee belangrike dokumente die breë benadering tot die voorgenome nuwe institusionele raamwerk ingelui, nl. *The reconstruction and development programme* (HOP-program)[4] in 1994 (ANC 1994) en *Growth, Employment and Redistribution: A Macroeconomic Strategy* (GEAR-program) (SA. Department of Finance 1996). Die HOP-program se algemene uitgangspunt is die uitwissing van armoede vir alle inwoners van Suid-Afrika. Oor plaaslike owerhede word o.a. die volgende aanbevelings gemaak (ANC 1994:129-131): Stedelike gebiede wat voorheen weens Apartheidsbeleid gefragmenteer is moet geïntegreer word; bekostigbare stedelike

---

die "Municipal System Bill" van 1999 (slegs die Engelse weergawe is gepubliseer). Laasgenoemde wet dui die basiese beginsels en meganismes vir die implementering van 'n "ontwikkelingsgerigte plaaslike owerheid" aan.

2 Die norme en prosedure vir die afbakening van plaaslike owerhede word neergelê deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening (Wet no. 27 van 1998).

3 Alle gebiede buite metropolitaanse gebied sal distriksregering (Kategorie C) en plaaslike owerhede (Kategorie B) hê.

4 Die Afrikaanse vertaling vir dié program is die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

infrastruktuur moet voorsien word en deelname van alle inwoners aan plaaslike owerhede moet bewerkstellig word, en 'n "ontwikkelingskultuur" moet by plaaslike owerhede gevestig word. Die GEAR-program se algemene uitgangspunt is die bevordering van 'n uitvoer-georiënteerde ekonomie. Die rol van plaaslike owerhede moet wees om groter privaatsektorbetrokkenheid in fabrieksontwikkeling te bewerkstellig en om stedelike infrastruktuurinvestering te bevorder (SA. Department of Provincial and Local Government. [S.a.]: Idpmanual).

Met dié uitgangspunte van hierdie twee dokumente word verskeie wette deur die nasionale owerheid aanvaar wat op plaaslike owerhede betrekking het. Volgens die Grondwet van 1996 moet plaaslike owerhede dienste op 'n volhoubare wyse aan gemeenskappe voorsien, sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder deur voorkeur aan die bevrediging van die basiese behoeftes te verleen en die deelname van alle gemeenskappe aan plaaslike owerhede bevorder (SA. Grondwet 1996: Artikels 152 & 153).

Ander belangrike wetgewing is die wysigings aan die Oorgangswet op Plaaslike Regering van 1993, nl. die Oorgangswet op Plaaslike Regering, Tweede wysigingswet (Wet no. 97, 1996) en die Wet op Ontwikkelingsfasilitering van 1995. Die oorhoofse doelwit van lg. wet is om die implementering van die HOP-program te bespoedig waar stedelike of landelike grond ter sprake is. In dié wet word voorsiening gemaak vir 'n ontwikkelings- en beplanningskommissie wat die betrokke minister op sentrale owerheidsvlak adviseer en op provinsiale vlak word vir ontwikkelingstribunale voorsiening gemaak. Dié ontwikkelingstribunale het die bevoegdheid om die ontwikkeling van grond, vir doeleindes van die implementering van die HOP-program, goed te keur, sonder om deur die normale stigtingsvoorwaardes van dorpsontwikkeling te gaan. Plaaslike owerhede moet ook grondontwikkelingsdoelwitte per plaaslike owerheidsgebied opstel. Sulke grondontwikkelingsdoelwitte moet die voorgenome ruimtelike ontwikkeling van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaaslike owerheid m.b.t. die vestiging van stedelike infrastruktuur uitspel.

Die Oorgangswet op Plaaslike Regering (Tweede wysigingswet) maak voorsiening vir die opstel van geïntegreerde ontwikkelingsplanne. Dié planne moet gebruik word sodat

> "... alle gemeenskappe toegang tot basiese dienste het, dat almal aan besluitneming en beplanning kan deelneem, dat die plaaslike ekonomie groei, dat werksgeleenthede meer word en dat plaaslike hulpbronne wyslik gebruik word om almal se lewensgehalte te verbeter, nou en in die toekoms." (SA. Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering 1998: Witskrif).

Beide die grondontwikkelingsdoelwitte en ontwikkelingsplanne moet in noue samewerking met die plaaslike bevolking opgestel word. 'n Openbare deelnemingsproses word by beide vereis om sodoende elke deelnemer in die stedelike ekonomie 'n geleentheid te gee om insette te lewer.

In 'n dokument getiteld *Local economic development* (SA. Department of Provincial and Local Government [S.a.]: Local) word daar ook 'n aanduiding gegee wat die uitgangspunte van sulke ontwikkelingsplanne behoort te wees. Benewens die aanvaarde uitgangspunte van ekonomiese groei word daar spesifiek klem gelê op die volgende aspekte wat belangrik is vir dié studie:

- Die bevordering van stedelike innovasie;
- die ruimtelike integrasie van woongebiede deur "mixed-income development";
- die vermindering van afstand tussen werks- en woonplek in stedelike gebiede;
- die beter gebruikmaking van bestaande stedelike infrastruktuur;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- multifunksionaliteit van stedelike grondgebruike, selfs per woonperseel, en
- klem op stedelike ontwikkeling deur plaaslike owerhede i.p.v. slegs op die beheer van sulke stedelike gebiede.

In 'n groot mate stem bg. ooreen met 'n verskuiwing van ruimtelike beplanning na ontwikkelingsbeplanning.

Die sentrale owerheid het dus deur wetgewing eksogene instellings in plek geplaas vir die navolging deur plaaslike owerhede.

8.2 Die rol van endogene instellings

Die totstandkoming van 'n institusionele raamwerk is die gevolg van 'n lang tydperk van mededingende konflik tussen belangegroepe in intra-stedelike verband. Dit kan nie verwag word dat die konstitusionele veranderings sedert die negentigerjare skielik gepaard sal gaan met 'n verandering in die institusionele raamwerk nie. Baie van die wetgewing is ook lank na die 1994-verkiesings eers aanvaar. Daar was ook 'n oorgangstydperk en met die tweede demokratiese plaaslike owerheidsverkiesings in 2000 sal al die wetgewing eers in plek wees. Voortvloeiend hieruit sal endogene instellings tot stand kom, maar dit sal ook die resultaat wees van 'n lang tydperk van mededingende konflik tussen stedelike belangegroepe.

9 Intra-stedelike ontwikkelings na 1991

Van die nuwe stedelike grond wat sedert 1991 tot die studiegebied gevoeg is, was 54.0% in die munisipale gebied van Pretoria, 25.4% in Midrand, 17.5% in Centurion en 3.1% in Akasia. Twee tendense kan geïdentifiseer word, nl. dat fabrieksontwikkeling voortgegaan het om die historiese rol wat dié sektor in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verlede gespeel het, te speel en dat intra-stedelike ontwikkeling eerder gefokus het op woongebiedontwikkeling. Dié woongebiedontwikkeling het ook die bestaande grondgebruikspatrone van die verlede voortgesit.

Fabrieksontwikkeling het sedert 1991 nie 'n toenemend belangriker rol as die verlede in die studiegebied gespeel nie. Uit die totale stedelike grond wat na 1991 tot die studiegebied toegevoeg is, was ongeveer 7.2% vir fabrieksvestiging gewees.[5] Hierdie fabrieksgrond, dus ongeveer 234.12 hektaar het die bestaande fabrieksgrond in die studiegebied in 1991 met 5.7% vergroot.

Die fokus van nuwe fabrieksgrondontwikkeling het ook geskuif van die munisipale gebiede van Akasia en Pretoria na veral die munisipale gebied van Midrand en in 'n baie klein mate na Centurion. Tussen 1991 en 1996 is daar geen nuwe fabrieksgebiede in Akasia en Pretoria ontwikkel nie. In die genoemde tydperk is 91.5% van alle nuwe fabrieksgrond in die studiegebied in die munisipale gebied van Midrand ontwikkel. Dié ontwikkelings het grootliks langs die N1-snelweg tussen Pretoria en Johannesburg plaasgevind. Ook die klein fabrieksontwikkeling wat in Centurion plaasgevind het, was langs dié snelweg.

Waar hierdie fabrieksontwikkeling in die suidelike munisipale gebiede van die studiegebied plaasgevind het, het die grootste toevoeging van woongebiedgrond sedert 1991 in noordoostelike Pretoria plaasgevind. Ongeveer 32.3% van die totale stedelike grond wat in dié munisipale gebied tussen 1991 en 1966 ontwikkel is, was aanliggend aan die voormalige swart woongebiede in Pretoria. (Die grootste toevoegings was aanliggend aan Mamelodi.) Van die nuwe dorpsontwikkeling wat in Midrand plaasgevind het, was 14.4% aanliggend aan die swart woongebied van Ivory Park. In die geval van die munisipale gebied van Centurion het daar ook nou

---

5 Die totale hektaar tussen 1991 en 1996 tot die studiegebied toegevoeg is 3,251.6181 hektaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n nuwe woongebied, hoofsaaklik met swart inwoners, nl. Olienvenhoutbos, ontstaan. Dit het ongeveer 4.0% van die nuwe dorpsontwikkeling in Centurion na 1991 beslaan. Dié woongebied was 'n voormalige plakkerskamp en is geleë aan die westekant van Centurion, suid van die gekonsentreerde fabrieksgebied van Sunderland Ridge. Dit is dus ook ver van die nuwe fabrieksontwikkeling waarna in die vorige paragrawe verwys is.

In die geval van lae-inkome inwoners word daar dus, met die uitsondering van Olienvenhoutbos, die historiese patroon van woongebiedontwikkeling voortgesit. Verskeie moontlike verklarings hiervoor kan voorgehou word.

Eerstens neem dorpsontwikkeling 'n geruime tyd om af te handel en van die beplanning vir sulke ontwikkelings kon moontlik reeds voor 1991 of 1994 in aanvang geneem het. Tweedens het die sentrale owerheid in 1994 met 'n Munisipale Infrastruktuurprogram (MIP) begin om behuising aan bestaande nie-blanke stedelike inwoners te voorsien (65.0% van die fondse), om stedelike infrastruktuur op te gradeer (20.0%), vir agtergeblewe stedelike gebiede wat dringend hulp nodig het (10.0%) en ook vir kapasiteitskepping by agtergeblewe gemeenskappe (5.0%) (SA. Department of Provincial and Local Government 1998: Annual Report). In die lig van die HOP-program wat heelwat verwagtinge geskep het, moes die sentrale owerheid, by name die regerende African National Congress, so gou doenlik na 1994 bewys lewer dat aan die verwagtinge voldoen sou word. Sonder oorhoofse beplanning, wat deels later met die geïntegreerde ontwikkelingsplanne sou volg, was die mees logiese keuse om slegs die historiese patroon van die verlede voort te sit.

Derdens, waar dit ten doel gestel is dat die basiese behoeftes van die stedelike bevolking bevredig sou moes word, soos die opgradering van infrastruktuur, sou dit in bestaande nie-blanke stedelike gebiede waar die behoefte weens historiese redes bestaan het, plaasvind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die bespreking in hierdie afdeling is dit duidelik dat, soos in die inleiding van hierdie hoofstuk aangedui, die implementering van die genoemde veranderde institusionele raamwerk nog nie ten volle op dreef gekom het nie.

10 'n Toekomsperspektief

Dit sou dus aanvaar kon word dat waar 'n nuwe institusionele raamwerk die voor-1991 institusionele raamwerk vervang, die fokus van verandering op die eksogene en endogene institusionele raamwerk onderliggend aan die plaaslike owerheidstelsel moet wees. Indien die probleme verbonde aan makro- en mikrofragmentasie aangespreek moet word, sal die instellings wat aanleiding tot hierdie vorme van fragmentasie gegee het, verander moet word. Hierdie verandering sal 'n verskuiwing van ruimtelike beplanning na ontwikkelingsbeplanning moet bewerkstellig. Dit sal vereis dat demokraties verkose besluitnemers en amptenare 'n ander institusionele benadering tot intra-stedelike beplanning sal moet volg.

Die vraag ontstaan of die gemeenskaps- en fabrieksondernemersbelangegroepe nie ook belangrik in 'n nuwe institusionele raamwerk sal wees nie. Kan sulke belangegroepe nie ook 'n rol speel om deur die demokratiese proses 'n nuwe inhoud aan die institusionele raamwerk te gee nie? Waar daar nou besondere klem gelê word op die deelname van die gemeenskap in die besluitnemingsproses is die vraag relevant. Hierdie deelname gaan verder as die normale demokratiese proses, en die gemeenskap word betrek op 'n bykans direkte wyse deur bv. massadeelname aan besluitneming in die opstel van die geïntegreerde ontwikkelingsplanne. Ook lê die nuwe besluitnemers klem op ekonomiese bemagtiging van die nie-blanke bevolkingsgroepe deur die aankoop van goedere en dienste by plaaslike leweransiers (vanuit die nie-blanke bevolkingsgroep) deur plaaslike owerhede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gemeenskaps- en fabrieksondernemersbelangegroepe sal voortgaan om hul partikuliere belange na te streef. Die blanke belangegroepe sal as die voorheen begunstigdes poog om hul bestaande belange te behou. Histories beskou, het die nastrewing van hulle partikuliere belang sekerheid gegee oor 'n sekere uitkoms, dus hul lewensgehalte was gehandhaaf of verhoog deur die nastrewing van hul partikuliere belang. Daar bestaan geen rede waarom dit nou sal verander nie, bloot omdat daar nie sekerheid is oor die toekomstige uitkomste van 'n ander institusionele raamwerk nie.

Daar bestaan verskeie redes hoekom ook die nie-blanke gemeenskapsbelangegroepe (en indiwidue) steeds sal voortgaan om hul eie onmiddellike behoeftes te wil bevredig. In die identifisering van hierdie redes kan onderskeid tussen die bestaande en nuut-verstedelikte nie-blanke bevolking gemaak word. Eerstens, by die bestaande nie-blanke bevolking was die historiese behoefte aan *de jure* stedelike regte steeds nie teen 1991 bevredig nie. Dit is ook grootliks die geval in die jaar 2000. Stedelike infrastruktuurskepping neem 'n lang tyd en gaan gepaard met hoë koste. Dit sal 'n geruime tyd neem om hul behoefte aan basiese infrastruktuurdienste te bevredig. Daarom sal sulke partikuliere belange steeds deur nie-blanke bevolkingsgroepe nagestreef word. Intra-stedelike multifunksionaliteit sal nie hoog op die agenda van sulke bevolkingsgroepe wees nie. Tweedens bestaan daar ook geen rede waarom sulke nie-blanke belangegroepe anders sal optree as blanke belangegroepe nadat hul *de jure* stedelike regte bevredig is nie. Waar sosio-ekonomiese groepe soortgelyk van aard is, word dieselfde belange nagestreef. Verder, soos bevind by die blanke gemeenskap, is daar nie inligting tot beskikking van alle deelnemers in die stedelike gebied om insette te lewer oor breë stedelike aangeleenthede nie. Derdens, nie-blanke belangegroepe het sedert 1994 toegang tot besluitnemers d.m.v. die demokratiese proses. Dit sal waarskynlik 'n belangrike metode wees om hul belange na te streef, soos dit in geval van die blanke gemeenskap was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is in Hoofstuk 1 aangedui dat metropolitaanse bestuur grootliks 'n invloed sal uitoefen oor nuwe toetredes tot die stedelike bevolking en ekonomiese aktiwiteite. Daar is ook aangedui dat die gevestigde grondgebruikspatrone, dus dié voor 1991, nie sonder meer verander sal kan word nie. Sonder beplanningsinmenging van 'n derde party bestaan daar ook geen rede waarom die genoemde nuwe toetreders tot die stedelike bevolking en ekonomiese aktiwiteite nie die bestaande grondgebruikspatroon in die studiegebied sal navolg nie. Makro- en mikrofragmentasie van die studiegebied sal dus steeds die patroon van die verlede voortsit. Waar daar voorheen aangetoon is dat indiwidue met dieselfde sosio-ekonomiese eienskappe saamgroepeer, sal die nuut verstedeliktes ook vestig waar die bestaande, soortgelyke, sosio-ekonomiese groep gevestig het. Die vorige bevredigende optrede van die bestaande nie-blanke gemeenskap gee aan die nuut verstedelikte sekerheid oor die uitkoms van so 'n vestiging.

Soortgelyk sal bestaande en nuwe fabrieksondernemers die grondgebruikspatrone van die verlede herhaal. Die bestaande fabrieksondernemers is reeds gevestig en daar bestaan ook hier geen rede waarom daar nou 'n alternatiewe vestigingsplek gesoek sal word nie.

Dit wil dus blyk dat die plaaslike owerhede die belangrikste belangegroepe/organisasies sal wees wat die toekomstige intra-stedelike ontwikkeling van die studiegebied sal bepaal. Beleid sal grootliks op hierdie belangegroep gefokus moet word. Daar is aangetoon dat die sentrale owerheid reeds begin het om 'n nuwe institusionele raamwerk te skep waarvolgens sulke munisipaliteite moet optree. Die beplanningstradisie wat aanleiding gegee het tot die Apartheidstad het egter 'n lang historiese aanloop gehad en dit sal tyd neem om die instellings verbonde aan hierdie tradisie te verbreek.

Die kerninstrumente in die bereiking van die doelstellings van metropolitaanse bestuur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal drieledig van aard moet wees.

Eerstens sal die nastrewing van multifunksionaliteit van stedelike gebiede om geïntegreerde heterogene gemeenskappe en ekonomiese aktiwiteit te verkry, nie met wetgewing alleen moontlik gemaak word nie. Hoewel wetgewing 'n groot bydrae kan maak, is dit slegs die raamwerk vir die implementering van beleid. Hiervoor is 'n verandering van die endogene instellings van die plaaslike besluitnemers nodig, veral van die intra-stedelike beplanners. Hoe dit bewerkstellig sal word, is egter nie duidelik nie.

Tweedens sal die plaaslike besluitnemingsproses groter bevoegdhede aan plaaslike owerhede moet toeken. Gemeenskaps-belangegroepe behoort nie so 'n groot aandeel in besluitneming oor intra-stedelike vestiging te hê, soos wat in die demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1994, veronderstel word nie. Hul partikuliere belang speel 'n te oorheersende rol. Die implementering van 'n beleid wat multifunksionaliteit van stedelike gebiede bevorder, vereis ingrypende implementeringsmaatreëls.

Derdens sal die suksesvolle nastrewing van die drie doelstellings van metropolitaanse bestuur afhang van die mate waarin die fabrieksektor en ander ekonomiese aktiwiteite as instrument in metropolitaanse bestuur gebruik word. Die fabrieksektor bly egter die belangrikste weens die beleidsensitiewe aard daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAES

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE A: GEOGRAFIESE AFBAKENING

Daar is verskeie wyses waarvolgens 'n geografiese verdeling van Suid-Afrika gemaak kan word. Die mees algemene en amptelike gebruik voor 1994 was om, in afnemende ruimtelike grootte, gebruik te maak van ontwikkelingstreke, beplanningstreke, statistiese streke en laastens, landdrosdistrikte (SA. Sentrale Statistiekdiens 1993c).[1] Sedert 1994 word, ook in afnemende grootte, provinsies; statistiese streek en landdrosdistrik, gebruik (SA. Sentrale Statistiekdiens 1995c).

Hierdie verdeling gee egter nie 'n funksionele betekenis aan die ruimtelike afbakening nie. Die laaste amptelike funksionele verdeling van streke was in die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan van 1975, waar op die basis van beplanningstreke 'n funksionele verdeling gemaak is tussen metropolitaanse gebiede, beplande metropolitaanse gebiede, groeipole en hoofdorpe. Die voormalige tuislande was uitgesluit van hierdie afbakening (SA. Departement van Beplanning en die Omgewing 1975).

Die Nuwe Institusionele Benadering vereis egter dat ontledings op grond van funksionaliteit gedoen moet word. Die invloedsfere van indiwidue en of belangegroepe behels funksionele gebiede en nie homogene gebiede of gebiede wat slegs vir administratiewe doeleindes afgebaken is nie. Landdrosdistrikte is daarom van weinig nut, aangesien dit oor die invloedsfere van organisasies soos plaaslike owerhede strek. Weens die gebrek aan inligting op munisipale vlak, moet daar egter soms van inligting op landdrosdistriksvlak gebruik gemaak word.

Die geografiese afbakening van die studiegebied, sowel as ander relevante gebiede, nl. die aanliggende gebied en die res van Gauteng, waarna in hierdie studie verwys

---

1 Daar word wel in die geval van metropolitaanse gebiede per nasionale bevolkingsensus inligting oor eienskappe van die bevolking per munisipale gebied en voorstad gegee. In die geval van sommige metropolitaanse gebiede word al die munisipaliteite egter nie gegee nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word, word in die volgende tabel gegee. Verduidelikende notas word aan die einde van die tabel gegee.

Tabel A-1: Die studiegebied, aanliggende gebied en die res van Gauteng

Provinsie	Landdros-distrik	Gebied se relevansie vir studie	Streeknaam	Relatiewe posisie t.o.v. landdros-distrik	Stad/Gebied met een of ander vorm van plaaslike owerheid
Gauteng	Pretoria	Studiegebied	Noord		Atteridgeville
Gauteng	Wonderboom	Studiegebied	Noord		Mamelodi
Gauteng	Pretoria	Studiegebied	Noord	Hoofdeel	Pretoria
Gauteng	Wonderboom	Studiegebied	Noord	Gedeelte	Pretoria
Gauteng	Cullinan	Studiegebied	Noord	Gedeelte	Pretoria
Gauteng	Pretoria	Studiegebied	Noord		Centurion
Gauteng	Wonderboom	Studiegebied	Noord		Akasia
Gauteng	Soshanguve	Studiegebied	Noord		Soshanguve
Gauteng	Pretoria	Studiegebied	Noord	Gedeelte	Midrand
Gauteng	Kempton Park	Studiegebied	Oos	Gedeelte	Midrand
Gauteng	Randburg	Studiegebied	Sentraal	Hoofdeel	Midrand
Gauteng	Wonderboom	Aanliggend	Noord		Roodeplaat
Gauteng	Pretoria	Aanliggend	Noord		Rantesig
Noord-wes	Brits	Aanliggend	Aanliggend		Brits
Gauteng	Bronkhorstspruit	Aanliggend	Aanliggend		Bronkhorstspruit
Mpumalanga	KwamHlanga	Aanliggend	Aanliggend		Ekangala
Noord-wes	Odi	Aanliggend	Aanliggend		Ga-Rankuwa
Noord-wes	Brits	Aanliggend	Aanliggend		Lethabile
Noord-wes	Brits	Aanliggend	Aanliggend		Oukasie
Noord-wes	Moretele 1	Aanliggend	Aanliggend		Temba
Gauteng	Bronkhorstspruit	Aanliggend	Aanliggend		Zithobeni
Gauteng	Bronkhorstspruit	Res v Gauteng	Noord		Bronkhorstspruit NS
Gauteng	Cullinan	Res v Gauteng	Noord		Cullinan NS
Gauteng	Cullinan	Res v Gauteng	Noord		Rayton
Gauteng	Cullinan	Res v Gauteng	Noord		Refilwe
Gauteng	Pretoria	Res v Gauteng	Noord		Pretoria NS
Gauteng	Wonderboom	Res v Gauteng	Noord		Wonderboom NS
Gauteng	Wonderboom	Res v Gauteng	Noord		Hammanskraal
Gauteng	Alberton	Res v Gauteng	Oos		Katlehong

Tabel vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel A-1: Die studiegebied, aanliggende gebied en die res van Gauteng (vervolg)

Provinsie	Landdros-distrik	Gebied se relevansie vir studie	Streeknaam	Relatiewe posisie t.o.v. landdros-distrik	Stad/Gebied met een of ander vorm van plaaslike owerheid
Gauteng	Alberton	Res v Gauteng	Oos	Gedeelte	Johannesburg
Gauteng	Alberton	Res v Gauteng	Oos	Gedeelte	Germiston
Gauteng	Alberton	Res v Gauteng	Oos	Hoofdeel	Alberton
Gauteng	Alberton	Res v Gauteng	Oos		Tokoza
Gauteng	Benoni	Res v Gauteng	Oos	Gedeelte	Springs
Gauteng	Benoni	Res v Gauteng	Oos		Wattville
Gauteng	Benoni	Res v Gauteng	Oos		Benoni NS
Gauteng	Benoni	Res v Gauteng	Oos	Hoofdeel	Benoni
Gauteng	Benoni	Res v Gauteng	Oos		Daveyton
Gauteng	Boksburg	Res v Gauteng	Oos		Vosloorus
Gauteng	Boksburg	Res v Gauteng	Oos		Boksburg
Gauteng	Germiston	Res v Gauteng	Oos		Bedfordview
Gauteng	Germiston	Res v Gauteng	Oos	Gedeelte	Alberton
Gauteng	Germiston	Res v Gauteng	Oos	Hoofdeel	Germiston
Gauteng	Germiston	Res v Gauteng	Oos		Edenvale
Gauteng	Kempton Park	Res v Gauteng	Oos		Tembisa
Gauteng	Kempton Park	Res v Gauteng	Oos		Kempton Park
Gauteng	Kempton Park	Res v Gauteng	Oos		Kempton Park NS
Gauteng	Kempton Park	Res v Gauteng	Oos		Modderfontein
Gauteng	Johannesburg	Res v Gauteng	Sentraal	Hoofdeel	Johannesburg
Gauteng	Johannesburg	Res v Gauteng	Sentraal		Johannesburg NS
Gauteng	Johannesburg	Res v Gauteng	Sentraal	Gedeelte	Lenasia-Suid
Gauteng	Johannesburg	Res v Gauteng	Sentraal		Deepmeadow
Gauteng	Johannesburg	Res v Gauteng	Sentraal	Gedeelte	Alberton
Gauteng	Johannesburg	Res v Gauteng	Sentraal		Soweto
Gauteng	Randburg	Res v Gauteng	Sentraal		Randburg NS
Gauteng	Randburg	Res v Gauteng	Sentraal		Sandton
Gauteng	Randburg	Res v Gauteng	Sentraal		Alexandra
Gauteng	Randburg	Res v Gauteng	Sentraal		Chartwell
Gauteng	Randburg	Res v Gauteng	Sentraal		Randburg
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Evaton
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Noordvaal
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Vanderbijlpark NS
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Vanderbijlpark
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Boipatong
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Bophelong
Gauteng	Vanderbijlpark	Res v Gauteng	Suid		Sebokeng

Tabel vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel A-1: Die studiegebied, aanliggende gebied en die res van Gauteng (vervolg)

Provinsie	Landdros-distrik	Gebied se relevansie vir studie	Streeknaam	Relatiewe posisie t.o.v. landdros-distrik	Stad/Gebied met een of ander vorm van plaaslike owerheid
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		Walkerville
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		Vereeniging NS
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		Vereeniging
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		Sharpeville
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid	Gedeelte	Ennerdale
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		De Deur
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid	Gedeelte	Lenasia-Suid
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		Randvaal
Gauteng	Vereeniging	Res v Gauteng	Suid		Meyerton
Gauteng	Brakpan	Res v Gauteng	Verre-Oos		Tsakane
Gauteng	Brakpan	Res v Gauteng	Verre-Oos	Gedeelte	Springs
Gauteng	Brakpan	Res v Gauteng	Verre-Oos	Gedeelte	Benoni
Gauteng	Brakpan	Res v Gauteng	Verre-Oos		Brakpan
Gauteng	Heidelberg	Res v Gauteng	Verre-Oos		Ratanda
Gauteng	Heidelberg	Res v Gauteng	Verre-Oos		Vaalmarina
Gauteng	Heidelberg	Res v Gauteng	Verre-Oos		Heidelberg NS
Gauteng	Heidelberg	Res v Gauteng	Verre-Oos		Heidelberg
Gauteng	Heidelberg	Res v Gauteng	Verre-Oos	Gedeelte	Germiston
Gauteng	Nigel	Res v Gauteng	Verre-Oos		Nigel NS
Gauteng	Nigel	Res v Gauteng	Verre-Oos		Duduza
Gauteng	Nigel	Res v Gauteng	Verre-Oos		Impumelelo
Gauteng	Nigel	Res v Gauteng	Verre-Oos		Devon
Gauteng	Nigel	Res v Gauteng	Verre-Oos		Nigel
Gauteng	Springs	Res v Gauteng	Verre-Oos		Vischkuil
Gauteng	Springs	Res v Gauteng	Verre-Oos		Springs NS
Gauteng	Springs	Res v Gauteng	Verre-Oos		Jameson Park
Gauteng	Springs	Res v Gauteng	Verre-Oos		Kwathema
Gauteng	Springs	Res v Gauteng	Verre-Oos	Hoofdeel	Springs
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes		Munsieville
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes		Kagiso
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes	Hoofdeel	Krugersdorp
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes		Krugersdorp NS
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes	Gedeelte	Roodepoort
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes		Magaliesberg
Gauteng	Krugersdorp	Res v Gauteng	Wes		Muldersdrift
Gauteng	Oberholzer	Res v Gauteng	Wes		Carletonville
Gauteng	Oberholzer	Res v Gauteng	Wes		Oberholzer NS
Gauteng	Oberholzer	Res v Gauteng	Wes		Khutsong

Tabel vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel A-1: Die studiegebied, aanliggende gebied en die res van Gauteng (vervolg)

Provinsie	Landdros-distrik	Gebied se relevansie vir studie	Streeknaam	Relatiewe posisie t.o.v. landdros-distrik	Stad/Gebied met een of ander vorm van plaaslike owerheid
Gauteng	Randfontein	Res v Gauteng	Wes		Randfontein NS
Gauteng	Randfontein	Res v Gauteng	Wes		Randfontein
Gauteng	Randfontein	Res v Gauteng	Wes		Mohlakeng
Gauteng	Randfontein	Res v Gauteng	Wes		Hillside
Gauteng	Randfontein	Res v Gauteng	Wes	Gedeelte	Krugersdorp
Gauteng	Roodepoort	Res v Gauteng	Wes		Dobsonville
Gauteng	Roodepoort	Res v Gauteng	Wes		Roodepoort NS
Gauteng	Roodepoort	Res v Gauteng	Wes	Hoofdeel	Roodepoort
Gauteng	Westonaria	Res v Gauteng	Wes		Westonaria NS
Gauteng	Westonaria	Res v Gauteng	Wes		Westonaria
Gauteng	Westonaria	Res v Gauteng	Wes	Hoofdeel	Lenasia-Suid
Gauteng	Westonaria	Res v Gauteng	Wes	Hoofdeel	Ennerdale
Gauteng	Westonaria	Res v Gauteng	Wes		Bekkersdal
Noord-wes	Brits	Uitgesluit	Aanliggend		Kosmos
Noord-wes	Brits	Uitgesluit	Aanliggend		Hartbeespoort
Noord-wes	Brits	Uitgesluit	Aanliggend		Brits NS
Mpumalanga	KwamHlanga	Uitgesluit	Aanliggend		Tweefontein
Mpumalanga	KwamHlanga	Uitgesluit	Aanliggend		KwamHlanga NS
Mpumalanga	KwamHlanga	Uitgesluit	Aanliggend		KwamHlanga
Noord-wes	Moretele 1	Uitgesluit	Aanliggend		Moretele 1 NS
Noord-wes	Odi	Uitgesluit	Aanliggend		Odi NS
Noord-wes	Odi	Uitgesluit	Aanliggend		Mabopane
Noord-wes	Odi	Uitgesluit	Aanliggend		Mothutlung

Bron: SA. Sentrale Statistiekdiens (1995c).

Die inligting in Tabel B-1 behels kortliks die volgende:

Provinsie en landdrosdistrik (Kolom 1 en 2): Dit is die provinsie en landdrosdistrik waarin die stad of gebied met een of ander vorm van plaaslike regering (Kolom 6) val.

Gebied se relevansie vir studie (Kolom 3): Die vier breë kategorie van gebiede relevant vir hierdie studie is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Die studiegebied**: Hierdie gebiede is die studiegebied en is soortgelyk aan Tabel 1-1 in Hoofstuk 1. Dit behels dus die primêre studiegebied of daardie gebied waaroor die bespreking in die studie grotendeels handel.
- **Die aanliggende gebied**: Hierdie is gebiede wat buite Gauteng val, maar wat veral t.o.v. die fabrieksektor 'n geïntegreerde verhouding met Gauteng en spesifiek Noord-Gauteng het. Dit is spesifiek groeisentrums wat in die aanliggende gebied relevant is. Wat egter belangrik is, in teenstelling met die ontledings in die studiegebied, is dat daar nie ontledings op intra-streeksvlak gemaak word nie. Dit is eerder ontledings wat die aanliggende gebied relatief tot die studiegebied stel met die doel om spesifieke tendense te illustreer.
- **Die res van Gauteng**: Dit is die gedeeltes in Gauteng wat nie deel uitmaak van die studiegebied nie, maar om soortgelyke redes as die aanliggende gebied van belang is.
- **Uitgesluit** (Die laaste geskakeerde gedeelte.): Al die uitgeslote gebiede is in die aanliggende gebied en word so gehanteer omdat daar by die aanliggende gebied slegs aandag aan groeisentrums gegee word. Landdrosdistrikte wat dié groeisentrums insluit, sluit ook hierdie uitgeslote gebiede in en word daarom uitgesluit. In die gevalle waar daar wel na hierdie landdrosdistrikte verwys word, om bv. 'n kwantitatiewe tendens te illustreer, sal spesifiek daarop gewys word dat die landdrosdistrik 'n groter aantal gebiede insluit as 'n spesifieke groeisentrum.

Streeknaam (Kolom 4): Gauteng kan in 'n aantal streke verdeel word. Aangesien daar 'n groot aantal landdrosdistrikte in dié provinsie bestaan, is dit vir ontledingsdoeleindes gerieflik om hierdie provinsie onderskeidelik in Noord-, Sentraal-, Oos-, Verre-oos, Wes- en Suid-Gauteng te verdeel. In die geval van 'n verwysing na Noord-Gauteng in die teks is dit belangrik om daarop te let dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Noord-Gauteng en die studiegebied nie sinoniem is nie. Die studiegebied is 'n kleiner geografiese eenheid as Noord-Gauteng aangesien sekere gebiede in Noord-Gauteng, soos Rayton, Cullinan N/S, Pretoria N/S en Wonderboom N/S uitgesluit is by die studiegebied.

Relatiewe posisie t.o.v. landdrosdistrik (Kolom 5): Soos reeds bespreek, is die grensafbakening van landdrosdistrikte grootliks gegrond op administratiewe grense en hou dit nie met funksionaliteit verband nie. Gevolglik is sommige munisipale gebiede oor die grense van landdrosdistrikte versprei. Hierdie kolom dui bv. aan dat die munisipale gebied van Pretoria oor die landdrosdistrikgrense van Pretoria, Wonderboom en Cullinan versprei is.

Stad/Gebied met een of ander vorm van plaaslike owerheid (Kolom 6): Hierdie kolom dui slegs aan watter stedelike gebied een of ander vorm van plaaslike owerheid het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE B: BESKRYWING VAN KWANTITATIEWE INLIGTING

1 Inleiding

Die noodsaak vir 'n bylae om die kwantitatiewe inligting en tegnieke wat gebruik word, te bespreek, spruit voort uit die gebrekkige en gewoonlik verouderde inligting wat vir kleiner geografiese gebiede soos munisipaliteite bestaan. Dit vereis die gebruik van verskillende bronne, waarvan sommiges as sekondêr beskou moet word, aangesien dit nie as sg. amptelike inligting beskikbaar gestel is nie. Die toepaslikheid en tekortkominge van die inligting moet dus omskryf word.

2 Die bevolking

Kwantitatiewe inligting oor die Suid-Afrikaanse bevolking weerspieël verskille in sosiale klasse, geografiese vestiging en die historiese gevolge van ekonomiese en demografiese veranderings. Al hierdie verskille hou in 'n meerdere of mindere mate verband met politieke beleidsbesluite wat hierdie verskille òf in stand gehou het òf dit vergroot het (Urban Foundation 1990a:13).

Die vereistes wat aan demografiese inligting gestel word is dat dit samehangend en konsekwent van aard moet wees. Dit beteken dat dié inligting versoenbaar met sosio-ekonomiese omstandighede van 'n land en in ooreenstemming met die volgende balanserende vergelyking moet wees (Sadie 1988:1):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

$$N_{t+n} = N_t + B - D + M$$

Waar:	N_{t+n} en N_t	:	bevolkingsgetal in jaar $_t$ en $_{t+n}$;
	B	:	geboortes;
	D	:	sterftes;
	M	:	netto migrasie

Faktore wat die bereiking van hierdie vereistes in Suid-Afrika belemmer, is o.a. die destydse verdeling van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) in die blanke RSA en tuislande, die gefragmenteerde en dikwels oorvleuelende verantwoordelikhede vir die uitvoering van ontwikkelingsaksies wat aanleiding tot verskillende bevolkingsramings gee en sosio-ekonomiese faktore, soos politieke onstabiliteit wat die opneming van sensusse belemmer.[1]

Die amptelike bron vir die verspreiding van die bevolking op 'n geografiese basis is die onderskeie sensusse van die destydse Sentrale Statistiekdiens (SSD).[2] Die 1985-sensus is nie vir ondertelling bygewerk nie, maar wel die 1980- en 1991-sensusse. Die 1960- en 1970-sensusse is soos opgeneem. Daar is verskeie pogings om die tekortkominge van die sensusse van die SSD "reg te stel" of te rekonstrueer (kyk bv. Grobbelaar 1990; Mostert & Van Tonder 1987; Sadie 1988; Van Zyl 1988). Sadie se rekonstruksie is die resultaat van deurlopende historiese rekonstruksies. Sy nasionale rekonstruksies word deur ander demograwe gebruik om spesifieke bevolkingseienskappe daar te stel. Sy

---

1 Die invloed van sosio-politieke omstandighede op die deelname van bevolkingsgroepe met die opname van sensusse in die algemeen en spesifiek met die registrasie van geboortes in die geval van die Kleurlinge, word geïllustreer deur die volgende regstellende faktor vir die onderskeie jare t.o.v. geboorteregistrasies: Indien die sewentigerjare as die begin van politieke onstabiliteit geneem word, was die regstellende faktor van 1936 tot 1965 gemiddeld 7.3%, terwyl die faktor 17.1% vir die tydperk 1970 tot 1980 was (Sadie 1988:34).

2 Die Sentrale Statistiekdiens staan sedert 1999 bekend as Statistics SA.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

metodiek is gedokumenteer en hy het 'n status as standhoudende demograaf.[3] Indien daar van hierdie rekonstruksies gebruik gemaak sou word, sou dié van Sadie die aangewese wees. Soos aangedui, is die rekonstruksies egter op nasionale vlak gedoen en in hierdie studie word hoofsaaklik belang gestel in kwantitatiewe inligting vir kleiner geografiese gebiede soos landdrosdistrikte en munisipaliteite. Daar is gevolglik besluit om die inligting van die SSD te gebruik ondanks die genoemde tekortkominge. Dit sou nie realisties wees om bv. bevolkingsinligting vir 'n voorstad aan te pas met die aanpassing per bevolkingsgroep met Sadie se aanpassing op nasionale vlak nie. Waar nodig, is daar ook gebruik gemaak van bevolkingsinligting wat deur die onderskeie munisipaliteite verskaf is (kyk Prinsloo 1995 en Tabel 5-1).

Soos aangedui was die sensusse na 1970 gerekonstrueer om voorsiening vir ondertelling te maak. Dit was grootliks gedoen op grond van die werk van Sadie. Die finale resultate van die 1996-bevolkingsensus het aangedui dat daar verskille was tussen die resultate wat op grond van die 1991-bevolkingsensus vir 1996 gemodelleer is (die model) en die resultate van die 1996-bevolkingsensus (1996-resultate). Die verskille was: Nasionale totaal: Die model: 42,1 miljoen, 1996-resultate: 40,6 miljoen; Geslag: Die model: 49.5% manlik en 50.5% vroulik, 1996-resultate: 48.1% manlik en 51.9% vroulik; Verstedeliking: Die model: 48.3% stedelik en 51.7% nie-stedelik, 1996-resultate: 53.7% stedelik en 46.3% nie-stedelik, en Ras: Die model: 12.7% blank, 1996-resultate: 10.9% (SA. Statistics SA 2000). By implikasie beteken dit dat die gerekonstrueerde bevolkingsensusse na 1970 nie die korrekte aannames gemaak het vir die regstelling van ondertelling nie.

Daar moes egter besluit word watter bevolkingsinligting oor tyd gebruik moes

---

3 Wat sy historiese rekonstruksies betref, kyk bv. Sadie (1970a & 1970b).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word. Daar is besluit om te hou by die amptelike bevolkingsensusse soos dit vir die onderskeie jare gepubliseer is. Ook die 1996-bevolkingsgetalle is geprojekteer op grond van historiese groeikoerse en enkele aanpassings is t.o.v. Midrand gemaak. Die motivering vir hierdie besluit was soos volg: Eerstens in Tabel 5-1 is aangedui dat die totale bevolking in die studiegebied, aanliggende gebied en res van Gauteng 8,495,237 vir 1996 was. Indien die aanliggende gebied se bevolking van 1,152,484 afgetrek word, word 'n bevolking van 7,342,753 vir Gauteng gekry. Die finale resultate van die 1996-bevolkingsensus was 'n bevolkingsgetal van 7,348,423 (SA. Statistics SA 2000), dus 5,670 meer mense as die projeksies in Tabel 5-1. Die orde-grootes is dus ongeveer dieselfde. Tweedens is daar aangedui dat die 1996-bevolkingsensus aandui dat verstedeliking hoër was, as wat gemodelleer was. Dié feit ondersteun die argumente in die studie dat daar op metropolitaanse bestuur gekonsentreer moet word om nuut-verstedeliktes te akkommodeer.

Dit sou dus nie sin maak om al die bevolkingsensusse na 1970 weer reg te stel n.a.v. die 1996-resultate nie.

3 Die bruto geografiese produk

Die bruto geografiese produk (BGP) is gelyk aan die vergoeding wat die produksiefaktore - grond, arbeid, kapitaal en ondernemerskap - ontvang vir hul deelname aan die produksie binne 'n defineerde geografiese gebied (SA. Sentrale Statistiekdiens 1995a:2). Inligting aangaande die BGP word deur die SSD op 'n landdrosdistrikbasis beskikbaar gestel en word in hierdie studie gebruik. Die eerste sodanige inligting is vir 1968 en die laaste vir 1994 (SA. Sentrale Statistiekdiens 1974, 1977, 1981, 1985a, 1988a, 1993a, 1994a, 1995a &

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1995b).[4] Soms word nie-gepubliseerde BGP-inligting, wat deur die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA) beskikbaar gestel is (Vermaak & Van Heerden 1991), in die ekonomiese literatuur gebruik (kyk bv. Black & Roux 1990:171). Dié inligting is op die amptelike inligting tot 1984 gebaseer en daarna is die BGP per landdrosdistrik met behulp van die metode van kleinste kwadrate bereken. Hierdie inligting is wel op 'n ontwikkelingstreekbasis deur die OBSA gepubliseer en waar daar nie BGP-inligting vir doeleindes van hierdie studie beskikbaar is nie, word hierdie BGP-inligting gebruik om ramings te maak. Beide die amptelike inligting en die van die OBSA moet met omsigtigheid geïnterpreteer word, veral op die vlak van 'n landdrosdistrik.

4 Inligting oor die fabrieksektor

Twee basiese databasisse word gebruik om die fabrieksektor te ontleed, nl. die sensusse van die fabrieksektor van die Sentrale Statistiekdiens (1975a, 1975b, 1978, 1988b, 1988c, 1994b, 1996, [S.a.] & [S.a.]) en die Nywerheidsregister van die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika.

4.1 Die fabrieksensusse van die Sentrale Statistiekdiens

Die ideale keuse vir inligting oor die fabrieksektor is om van amptelike inligting, soos gepubliseer deur die SSD, gebruik te maak. Die SSD se sensusse is egter onderhewig aan gebreke vir doeleindes van die aard van die ontledings wat in hierdie studie gedoen word. Weens die vertroulikheidsooreenkoms met die verskaffers van die inligting, word inligting op 'n geakkumuleerde basis verskaf wat mikro-ontledings per onderneming en geografiese gebied onmoontlik maak.

---

4 Daar bestaan nie-amptelike ramings vir 1954/55 wat deur die destydse Ekonomiese Raadgewer van die Eerste Minister geraam is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie tipe van ontledings is noodsaaklik in hierdie studie. Hierdie sensusse is egter 'n waardevolle bron vir addisionele inligting tot die basiese bron van inligting oor die fabrieksektor wat gebruik word, nl. die Nywerheidsregister van die Buro vir Marknavorsing.

4.2 Die Nywerheidsregister van die Buro vir Marknavorsing

Die basiese databasis wat gebruik word, is die Nywerheidsregister (NR) van die Buro van Marknavorsing[5] (BMR) van die Universiteit van Suid-Afrika. Die eerste nywerheidsregister is in 1969 in gepubliseerde formaat beskikbaar gestel (Bureau of Market Research 1969), terwyl latere weergawes in die vorm van magneetbande, gedrukte lyste, indekskaarte of posetikette teen koste aan lede van die BMR beskikbaar gestel word.

Die NR, met die uitsondering van die gepubliseerde uitgawe van 1969,[6] word nie jaarliks afgesluit nie, maar word deurlopend d.m.v. vraelyste bygewerk en slegs die laaste opgedateerde uitgawe is beskikbaar. Die inligting wat normaalweg per onderneming vir die fabrieksektor in die NR beskikbaar is, is ontwikkelingstreek, provinsie, statistiese streek, landdrosdistrik, status (hoofkantoor, tak, filiaal, onafhanklike eenheid), taalvoorkeur (Afrikaans of Engels), primêre standaardnywerheidsklassifikasiegroep (SNK-groep), sekondêre SNK-groep[7], indiensnemingskategorieë, kategorieë van elektrisiteitsverbruik, die naam van die onderneming, die fisiese straatadres en die posadres.

---

5 Die Buro vir Marknavorsing het 11 registers beskikbaar wat wissel van die primêre tot die tersiêre sektore.

6 Die 1985-NR, waarna later verwys word, is die enigste NR wat afgesluit en waarvan drukstukke beskikbaar is. Hierdie NR word deur die BMR vir interne gebruik gehou en is nie algemeen beskikbaar vir die publiek of lede van die BMR nie.

7 Die sekondêre SNK-klassifikasie word nie volledig aangetoon nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die basiese NR wat in hierdie studie gebruik word, is die NR soos vir April 1992. Hierdie nasionale NR het 20,571 waarnemings bevat. Hoewel hierdie studie gaan oor die identifisering van instellings tot 1991 blyk 1992 'n geskikte datum te wees om die fabrieksvestiging tot 1991 te ontleed.

Al die ondernemings in die aanliggende gebied, die studiegebied en die res van Gauteng is uit die nasionale NR onttrek en gebruik vir verdere ontledings (die 1992-NR.) Dié 1992-NR is omvattender as wat normaalweg aan lede van die BMR beskikbaar gestel word. Addisionele inligting, benewens die ondernemings waaroor volledige inligting bestaan, het behels:

- Inligting van ondernemings wat nie vraelyste volledig voltooi het nie;
- die aansuiweringsdatum, die laatste datum waarop inligting van die onderneming deur die BMR op die lys aangebring is, en
- die vestigingsdatum van die onderneming by die fisiese straatadres. (Die vestigingsdatum word vir interne gebruik deur die BMR aangevra.)

4.2.1 Redigering van registers

Die 1992-NR is omvattend geredigeer om moontlike duplikasies te identifiseer. Die voorstede en munisipaliteite van elke onderneming is met behulp van die 1991-telefoongidse en gidskaarte (Map Studio [S.a.] & [S.a.]) nagegaan om moontlike foute reg te stel. In gevalle waar daar geen fisiese adresse voorgekom het nie, is die poskode (SA. Poskantoor 1991) gebruik om 'n aanduiding van die voorstad en munisipaliteit te verkry. Waarnemings wat onbruikbaar was, is uit die NR's verwyder. Laasgenoemde het 373 waarnemings behels.

Tabel B-1 gee die basiese registers wat uit die 1992-NR vir Gauteng saamgestel is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel B-1: Die registers saamgestel uit die 1992-nywerheidsregister vir Gauteng

Naam van register	Aantal waarnemings
Vol1992na88	5,034
Onvol1992na88	1,748
Vol1992voor88	905
Hoof1992na88	556
Skrappings	373
Totaal	8,616

'n Beskrywing van die registers in bg. tabel is:

Vol1992na88: Hierdie register bestaan uit ondernemings waarvan volledige inligting bestaan en hul aansuiweringsdatums was 1988 en later. Die inligting was volledig t.o.v. die aansuiweringsdatum, landdrosdistrik, status, taalvoorkeur, primêre SNK-groep, die vestigingsdatum, indiensnemings- en elektrisiteitskategorieë, die naam van die onderneming en die fisiese adres. Hierdie register word as basiese datastel gebruik. Die aansuiweringsdatum van 1988 is enersyds gekies om te voorkom dat inligting aangaande ondernemings nie te verouderd is nie en andersyds om die grootste aantal waarnemings te gebruik. Die aansuiweringsdatum kan problematies wees aangesien daar waarnemings oor ondernemings kan bestaan wat nie meer fisies bestaan het nie.

Onvol1992na88: Dit het waarnemings met onvolledige inligting wat 'n aansuiweringsdatum na 1988 behels. Dit is moontlik om hierdie register saam met die Vol1992na88-register te gebruik in gevalle waar die relevante inligting vir die bespreking in die teks in die Onvol1992na88-register beskikbaar is. Ontledings dui egter daarop dat hierdie metodiek nie ander tendense aandui as wat in die Vol1992na88-register beskryf word nie en daarom word hierdie register nie gebruik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie.[8]

Vol1992voor88: Ondernemings met volledige inligting, maar met 'n aansuiweringsdatum voor 1988 is hier ingesluit. Dit is dus ondernemings waarvan die inligting moontlik verouderd is en buite die tydafsnit val. Die Vol1992voor88-register is slegs in ontledings gebruik waar die vestigingsdatum nodig was.

Hoof1992na88: Hierdie register of datastel het volledige inligting aangaande hoofkantore vir die aansuiweringsdatum na 1988 behels.

Skrappings: Hierdie register behels alle onvolledige waarnemings met 'n aansuiweringsdatum voor 1988, benewens daardie waarnemings wat opgeneem is in die Onvol1992na88-register, sowel as ander waarnemings wat geensins bruikbaar is nie.

4.2.2 Gebruikswaarde en toepaslikheid van die registers

'n Bepaling van die gebruikswaarde van die BMR se NR's hang daarvan af of daar enige ander toegankliker kwantitatiewe inligting beskikbaar is, in watter mate hierdie NR's deur ander navorsers gebruik word en hoe die NR's vergelyk met die amptelike fabrieksensusse.

Benewens die fabrieksensusse van die SSD bestaan daar min ander amptelike bronne

---

8 Deur die Onvol1992na88-register en die Vol1992na88-register te gebruik in gevalle waar slegs 'n spesifieke veranderlike ontleed word, is die persentasieverhoging van die spesifieke veranderlike teenoor daardie veranderlike in die Vol1992na88-register soos volg: status (17.6%); taal (44.0%); SNK (22.1%); vestigingsdatum (0.3%), en arbeids- en elektrisiteitskategorie (5.7%). Dit is dus slegs by die veranderlike taal en SNK waar 'n wesenlike groter aantal fabrieksondernemings in ag geneem word. Die voorstad waarin die ondernemings in die Onvol1992na88-register gevestig is, kan m.b.v. poskodes bepaal word en is dus nie hier vergelyk nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van kwantitatiewe inligting oor die fabrieksektor op geografiese basis.[9] Soos reeds aangedui is die SSD se sensusse onderhewig aan die vertroulikheidsbeginsel en ontledings word hierdeur bemoeilik. 'n Ander amptelike bron wat ondersoek is, is die nasionale register wat deur die Ongevallekommissaris[10] in Pretoria bygehou word vir doeleindes van die Ongevallewet. Volgens hierdie Wet moet alle werkers in o.a. fabrieksektore by die Ongevallekommissaris geregistreer wees. Hoewel hierdie inligting jaarliks op 'n geografiese basis bygehou word, is daar nie 'n duidelike klassifikasie volgens SNK-groeperinge nie en nie slegs die fabrieksektor word ingesluit nie. Verdere nadele is dat hierdie inligting nie maklik ontsluitbaar is nie en as vertroulik beskou word.

Ander nie-amptelike registers soos *Brady's Commercial Directory of Southern Africa*, wat reeds sedert ongeveer 1960 jaarliks gepubliseer word, sowel as munisipale registers, uitgegee deur dieselfde organisasie, is ook nagegaan. Hoewel hierdie bronne as ondersteunende bronne kan dien, is die metodiek van inligtingversameling nie bekend nie en die omvattende inligting soos beskikbaar in die registers van die BMR is nie in hierdie registers beskikbaar nie, maar slegs die naam van die onderneming en die adres.

In die algemeen blyk dit of dié NR van die BMR hoë aanvaarding onder navorsers geniet, hoewel die koste-element daarvan die toeganklikheid verminder. Rogerson (1974) het bv. die 1969-NR en 'n weergawe vir 1972 gebruik om fabrieksdekonsentrasie vanuit Johannesburg te ontleed. De Necker (1987) het ook die NR gebruik om skakelingseffekte tussen fabrieke te ondersoek. Die voormalige

---

9 Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie het ook databasisse van fabrieksektore. Dit kon egter nie bepaal word of dié inligting op die klein geografiese basis, soos wat in hierdie studie vereis word, beskikbaar is nie.

10 Die adres van hierdie organisasie is: Statistiek, Ongevalleversekering, Departement van Mannekrag, Privaatsak X955, Pretoria, 0001.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Departement van Streek- en Grondsake het die nywerheidsregister op 'n deurlopende basis gebruik om die konsentrasie van fabrieke tussen streke te ondersoek.[11] Die BMR gebruik hierdie NR's, sowel as ander registers om bemarkingsinligting te bekom. Die gebruikswaarde van die BMR se bemarkingsinligting word verder geïllustreer deurdat dit die tweede belangrikste bron van sekondêre inligting vir die fabriekswese naas die van die Sentrale Statistiekdiens is (Bureau of Market Research 1992:86).

Laastens ontstaan die vraag in watter mate hierdie NR's die werklikheid volledig beskryf. Die vraelyste word gewoonlik aan die hoof-uitvoerende beampte van 'n onderneming gerig en as aansporing vir die verskaffing van die inligting word die onderneming se inligting gratis in die NR opgeneem. Die vraelys is kort en behoort nie langer as twee minute te neem om in te vul nie. Na raming is die terugvoering ongeveer 50.0% wat relatief goed vergelyk met die beraamde 75.0% van die SSD in die 1985-fabrieksensus (Bossert 1992). Dit moet ook in gedagte gehou word dat die terugsending van die SSD se vraelyste 'n wetlike verpligting is.

Tabel B-2 gee 'n vergelyking van die aantal ondernemings tussen die amptelike 1991-fabrieksensus en die nywerheidsregister van 1992 van die BMR.

Tabel B-2: 'n Vergelyking tussen die 1991-fabrieksensus en die nywerheidsregister van die BMR (1992; aantal waarnemings)

Beskrywing	SSD	BMR
Nasionale aantal	23,577	20,571
Gauteng	10,147	8,616 (Totaal van Tabel B-1)

Bron: SA. Sentrale Statistiekdiens (1996); Alle registers in Tabel B-1

11 Hierdie ontledings was aanvanklik deur die Afdeling Sektorale Streekontledings van die destydse Departement van Streek- en Grondsake gedoen. Hierdie afdeling het in 1994 na die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens verskuif. Laasgenoemde organisasie het in 1995 gesluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel hierdie twee bronne nie streng vergelykbaar is nie, moet die verskille aan die volgende faktore toegeskryf word:

- In die geval van die SSD-sensus word een onderneming waar twee of meer soort werksaamhede (verskillende tipe SNK-groeperinge) verrig word as twee ondernemings beskou. Dit is nie die geval by die BMR-registers nie en die SSD sal dus 'n hoër aantal ondernemings registreer.
- 'n Distribusiedepot se inligting word by die SSD-sensus by die inligting van die hoofinrigting ingesluit, terwyl die BMR dit as 'n afsonderlike inrigting klassifiseer.
- Die SSD-sensus is inligting soos op die laaste dag in Junie 1991, terwyl die BMR-register se inligting oor 'n tydperk vanaf 1988 tot April 1992 ingesamel is.
- Die BMR-register is nie aan dieselfde mate van kontrole onderhewig as dié van die SSD nie. (Soos reeds aangedui is daar deur redigering van die BMR-inligting sorg gedra dat die waarnemings van die BMR nie dubbeltelling, ens., insluit nie.)

In die algemeen wil dit voorkom asof die BMR-register 'n redelik getroue weergawe van die werklikheid is. Die kritieke register is Vol1992na88 aangesien hierdie register die grootste gebruiksfrekwensie in hierdie studie het. Na aanleiding van bg. bespreking blyk dit dat die BMR-registers aanvaarbare kwantitatiewe inligting is wat in navorsing gebruik kan word. Laastens moet daar in gedagte gehou word dat daar meestal in kwantitatiewe ontledings relatiewe vergelykings getref word. Die absolute waarde van 'n grootheid is waarskynlik nie so belangrik nie.

5 Die gestandaardiseerde indiensnemingsreekse

Die Gestandaardiseerde Indiensnemingsreekse, wat in die *Suid-Afrikaanse*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Arbeidstatistieke gepubliseer word, is destyds deur A. Roukens de Lange van die Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, opgestel. Hierdie navorsing is in opdrag van die destydse Nasionale Mannekragkommissie gedoen en die indiensnemingsreekse word, so ver vasgestel kon word, deur die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika in stand gehou. Hierdie indiensnemingsreekse is slegs van toepassing op die formele sektor. Betaalde werkers in die landbou en huishoudelike werkers ("domestic service workers") buite die bestaansekonomie, word as deel van die formele sektor beskou. Die voormalige tuislande is ingesluit.

6 Dorpstigting in die studiegebied

Vir die bepaling van die kronologiese ontwikkeling van die studiegebied was dit nodig om te bepaal wanneer dorpstigting plaasgevind het. Dit is noodsaaklik om te bepaal waar en wanneer dorpstigting vir fabrieksontwikkeling relatief tot dorpstigting vir woondoeleindes plaasgevind het. Sommige munisipaliteite in die studiegebied het hul eie registers wat vir interne gebruik opgestel is. Met die afbrand van die geboue van die Munisipaliteit Pretoria in Maart 1997, het baie van hierdie inligting verlore gegaan. Aangesien lg. munisipaliteit die grootste munisipaliteit in die studiegebied vorm en daar sommige munisipaliteite, soos Midrand is wat nie inligting oor dorpstigting beskikbaar het nie, is besluit om die volgende metode vir die insameling van inligting te gebruik:

- Alle dorpe en landbouhoewes wat by die Aktekantoor in Pretoria vir die studiegebied geregistreer is, is van hierdie kantoor verkry.[12]
- In die biblioteek van die Aktekantoor is alle dorpsleêrs vir elke dorp volgens bg. lys onttrek en die datum van proklamasie en aanvanklike oppervlakte is verkry.

---

12 Mnr. C. van der Walt, Afdeling: Data, Aktekantoor, Sentrale Goewermentsgebou, Vermeulenstraat, Pretoria. Alle dorpstigtingsaktes in die voormalige Transvaal word by hierdie kantoor geregistreer en gehou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Voor 1970 is oppervlakte in morge, vierkante roede en vierkante Kaapse voet gegee. Hierdie oppervlaktes is omgesit in hektaar.[13]
- In die geval van ongeveer 1.0% dorpe of landbouhoewes, uit 'n totaal van 1,093, is die inligting oor stigtingsdatum en oppervlakte, veral eg. nie gekry nie. Die meeste van dié dorpe het in die negentiende eeu ontstaan en om inligting oor die dorpe te verkry, is gebruik gemaak van bestaande navorsing oor Pretoria (Ball 1968:12, 25-27) en d.m.v. navrae by die Munisipaliteit Centurion.[14]
- Nog 'n probleem wat die oppervlaktes kan verwring, is waar gevalle van inlywing en uitsluiting tot bestaande dorpe kan plaasvind. Die oorspronklike oppervlakte, soos verkry van die dorpsleêrs is dus nie meer die werklike oppervlakte nie. Volgens amptenare van die Kantoor van die Landmeter-generaal sal hierdie inlywing en uitsluiting gemiddeld vir die munisipale gebiede nie 'n wesenlike invloed uitoefen nie.

Landbouhoewes maak deel uit van die munisipale gebied, maar word as nie-stedelik deur die Sentrale Statistiekdiens geklassifiseer. Hoewel hierdie studie o.a. handel oor die invloedsfeer van die plaaslike owerhede en dus die landbouhoewes behoort in te sluit, word landbouhoewes uitgesluit in ontledings. Die redes is eerstens omdat die landbouhoewes 'n lae bevolkingsdigtheid het en die insluiting daarvan konsepte soos

---

13 Die omskakelingsverhoudings wat gebruik is was (Koetsier 1969:2-3):
- 1 roede = 1,000 Kaapse voet. (Britse voet is slegs in die voormalige Natal provinsie gebruik en is dus nie hier van belang nie.)
- 1 Kaapse voet = 0.31485557516 internasionale meter.
- 1 morg = 86,400 Kaapse vierkante voet.
- 1 morg = 0.856532 hektaar.
- 1 hektaar= 10,000 vierkante meter.
- 1 hektaar = 2.471043 akker.

Ter wille van perspektief: 'n Hektaar is ongeveer so groot soos 'n internasionale rugbyveld. (Die maksimum breedte en lengte van so 'n veld mag nie meer as 144 meter by 69 meter wees nie.)

14 Mev. Jean Loots, Stadsbeplanner, Munisipaliteit Centurion, Centurion.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stedelike digtheid verwring. Tweedens, die stigting van landbouhoewes vind nie meer baie plaas nie.[15] Die rede hiervoor is dat voordat dorpstigting op 'n landbouhoewe kan plaasvind, die landbouhoewe weer as 'n plaas geregistreer moet word voordat dorpstigting kan plaasvind. Dorpstigting vind slegs op plase plaas. Om die proses van dorpstigting te vergemaklik, word landbouhoewes dus nie meer maklik goedgekeur nie. Die oorspronklike grootte van 'n landbouhoewe word dus kleiner soos dorpstigting plaasvind. Hierdie nuutste grootte van landbouhoewes is nie beskikbaar nie.

By die interpretasie van inligting oor dorpstigting, soos oppervlaktes, moet in gedagte gehou word dat groei in totale oppervlakte van 'n dorp oor tyd 'n trapsgewyse patroon volg. Dit is in teenstelling met bv. bevolkingsgroei wat lineêr groei. Elke nuwe toevoeging tot 'n bestaande dorp is gewoonlik 'n aantal hektaar, ongeag of dié hektaar volledig beset word al dan nie. 'n Sloering bestaan dus tussen dorpstigting en die volledige besetting van sodanige nuwe dorp.

---

15 Landbouhoewes word nie geproklameer nie; slegs ministeriële goedkeuring is nodig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7 Nasionale beroepstruktuur in die fabrieksektor en per bevolkingsgroep

Die nasionale beroepstruktuur in die fabrieksektor en per bevolkingsgroep word in Tabel B-3 uiteengesit.

Tabel B-3: Nasionale beroepstruktuur in die fabrieksektor (1991)

Beroep	Getal	Verdeling (%)
Professioneel, semi-professioneel en tegniese beroepe	59,693	4.3
Bestuurs-, uitvoerende en administratiewe beroepe	71,619	5.2
Klerklike en verkoopsberoepe	190,925	13.8
Vervoer-, aflewering- en kommunikasie-beroepe	78,523	5.7
Diensberoepe	50,573	3.7
Boerdery- en verwante beroepe	10,021	0.7
Ambagsman, vakleerling en verwante beroepe	222,378	16.1
Produksie-, toesighouer, myn-, steengroef- en verwante werker	701,474	50.6
Totaal	1,385,206	100.0

Bron: SA. Sentrale Statistiekdiens (1992d).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE C: BESKRYWING VAN KWANTITATIEWE TEGNIEKE

1 Bepaling van die faktorintensiteit in die fabrieksektor

By die bepaling van die faktorintensiteit in die fabrieksektor is gebruik gemaak van die metode van Lary (1968:18-50; Klue-verslag 1982:135-140).[1] Hierdie metode beskou die verskille tussen Standaardnywerheidsklassifikasie-groepe (SNK-groep(e)) in die toegevoegde waarde per werknemer as 'n weerspieëling van die totale vloei van faktordienste wat in die produksieproses gebruik word. Daar word verder aanvaar dat hierdie faktordienste toegeskryf kan word aan of menslike of fisiese kapitaal. In inter-SNK-vergelykings kan die salarisse- en lone-gedeelte van toegevoegde waarde as 'n goeie aanduiding van die bydrae van menslike kapitaal en die nie-salarisse- en lone-gedeelte van toegevoegde waarde as die bydrae van fisiese kapitaal beskou word.[2] Vir doeleindes van hierdie berekeninge is die Sensus van Fabrieksswese op 'n streeksbasis vir 1991 (SA. Sentrale Statistiekdiens 1996) gebruik en die salarisse en lone plus betalings in natura (Die lone) per werker, enersyds, en die oorblywende gedeelte van toegevoegde waarde (Die res) per werker, andersyds, is toe as persentasie van die gemiddelde vir Gauteng uitgedruk. Groepe in die SNK-indeling is gebruik en die volgende faktorintensiteitsgroepe is geïdentifiseer:

Kapitaalintensief - Fisies en menslik: Die lone en toegevoegde waarde is

---

1 Daar bestaan basies vier metodes waarvolgens die kapitaal/arbeidsverhouding bepaal kan word (Klue-verslag 1982:126).

2 Lary (1968:22) stel dit soos volg: "For purpose of analysis, ..., it is helpful to think of the labor force as if it were composed of units of completely unskilled labor to each of which is added, according to the industry, varying amounts of skill or human capital and of machinery and other physical assets."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoër as die gemiddelde en lê dus bo 100.

Arbeidsintensief - Geskoold: Lone is bo en die res onderkant die gemiddelde.

Arbeidsintensief - Ongeskoold: Lone en die res is onderkant die gemiddelde.

Kapitaalintensief - Fisies: Lone is laer en die res hoër as die gemiddelde.

Elke SNK-groep vir Gauteng is volgens hierdie vier vorme van faktorintensiteit gekategoriseer en daarna is die SNK-groep soos dit in die BMR-register voorkom ook gekategoriseer. Hoewel die BMR-register die elektrisiteitsverbruik van inrigtings gee, en dit wel gebruik sou kon word vir hierdie tipe van ontledings, is dit bykans onmoontlik om te bepaal watter vlak van elektrisiteitsverbruik elk van hierdie genoemde kategorieë veronderstel.

Die nadeel van hierdie metode is dat daar volmaakte mededinging op faktor- en produkmarkte veronderstel word. Die veronderstelling is dat grensbydrae van faktordienste in hierdie markte presies in ooreenstemming met hul vergoeding is. Verdere nadele is dat net direkte insette in berekening gebring word en dat die aanbod van natuurlike hulpbronne buite rekening gelaat word (Klue-verslag 1982:135).

Die resultate van hierdie kategorisering word in Tabel C-1 uiteengesit:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel C-1: Die faktorintensiteit van die fabrieksektor in Gauteng

Faktorintensiteit	SNK: Groep	SNK: Subgroep	Beskrywing
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3111	311100	Slagpale: slag, bewerking en verpakking van lewende hawe, met inbegrip van pluimvee en kleinwild vir vleis.
		311110	Ingemaakte en bereide vleissoorte en -spesialiteite, met inbegrip van vleissoppe, vleispoeding en vleispasteie.
		311120	Natuurlike worsderms; hardevet, sagte vet en varkvet.
Arbeidsintensief: Geskoold	3112	311200	Botter en kaas
		311210	Gekondenseerde melk en melkpoeier en ander eetbare melkprodukte, uitgesonderd roomys, ysies, ens.
		311220	Roomys, ysies en ander bevrore melknageregte
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3113	311300	Ingemaakte, gepreserveerde en gedroogde vrugte en groente; vrugte- en groentesappe; vars vrugtedranke en -kwasse; konfyte en jellies
		311310	Atjar en souse.
		311320	Verpakking van droë vrugte.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3114 Kyk nota (a).	311400	Ingemaakte en gepreserveerde vis, vismeel en visolie, met inbegrip van sodanige verwerking op fabriekskepe.
Kapitaalintensief: Fisies en menslik	3115	311500	Ru-olie en oliesaadkoek en oliesaadkoekmeel.
		311510	Saamgestelde kookvette, margarine en eetbare olies.
		311520	Walvisolie.
Kapitaalintensief: Fisies	3116	311600	Meelblom en ander graanmeelprodukte, met inbegrip van droë veevoer.
		311610	Kitsontbytkosse.
Kapitaalintensief: Fisies	3117 Kyk nota (a).	311700	Brood, koek en beskuitjies.
		311710	Macaroni, vermicelli en spaghetti.
Kapitaalintensief: Fisies	3118 Kyk nota (a)	311800	Vervaardiging en raffinering van suiker; goue stroop.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3119	311900	Sjokolade, suikerlekkergoed en kakao.
		311910	Geroosterde grondboontjies, ander neute en springmielies.

Tabel C-1 vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel C-1: Die faktorintensiteit van die fabrieksektor in Gauteng (vervolg)

Faktorintensiteit	SNK: Groep	SNK: Subgroep	Beskrywing
Kapitaalintensief: Fisies	3121	312100	Geursels.
		312110	Asyn.
		312120	Koffiebrandery, sigoreimalery en menging en verpakking van tee.
		312130	Suurdeug.
		312190	Ander voedselprodukte nie elders geklassifiseer nie (Met inbegrip van voorafbereide etes alleen vir herverkoop, wynsteenmateriaal, bakpoeier, jellies, vla, poedingpoeiers en geraffineerde sout, uitgesonderd soutvervaardig as deel van die eksplorasie.
Kapitaalintensief: Fisies	3122	312200	Gebalanseerde veevoer.
		312210	Kerf van kaf; geperste voer; en die maal van lusernmeel.
		312220	Beenmeel en bloedmeel.
Kapitaalintensief: Fisies	3131 Kyk nota (a).	313100	Stokerye en wynmakerye.
Kapitaalintensief: Fisies	3133 Kyk nota (a).	313300	Brouerye, uitgesonderd sorgumbierbrouerye.
		313310	Brouerye sorghumbier.
		313320	Mout.
Kapitaalintensief: Fisies	3134	313400	Spuitwater en alkoholvrye drank, met inbegrip van strope, maar uitgesonder inrigtings wat hoofsaaklik vrugtesappe vervaardig.
Kapitaalintensief: Fisies	3140 Kyk nota (a).	314000	Sigarette, sigare, tabak, snuif, ens.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3210		Ander tekstielstowwe. (Kyk nota (b).)
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3211	321100	Wolwassery en -kammery.
		321110	Katoenpluisery.
		321120	Veselvervaardiging (dierlik en plantaardig).
		321130	Kleur, bleik, druk en afwerk, uitgesonderd geïntegreerde produksie.
		321140	Komberse.
		321150	Spin, weef en afwerk van garing en stowwe hoofsaaklik van wol, uitgesonderd komberse, tapyte en vloermatte.
		321160	Spin, weef en afwerk van ander garing en stowwe as hoofsaaklik van wol, uitgesonderd komberse, tapyte en vloermatte.

Tabel C-1 vervolg op volgende bladsy.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel C-1: Die faktorintensiteit van die fabrieksektor in Gauteng (vervolg)

Faktorintensiteit	SNK: Groep	SNK: Subgroep	Beskrywing
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3212	321200	Woningtekstiele (met inbegrip van skuinsband en borduurwerk).
		321210	Sakke en sakkies (van stukgoedere).
		321220	Tente, bokseile, seile en ander seildoekgoedere.
		321230	Motortekstielgoedere (met inbegrip van sitplekoortreksels, veiligheidsgordels en stoffering).
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3213	321300	Kledingstuk- en kousbreifabrieke.
		321390	Ander breifabrieke.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3214 Kyk nota (a).	321400	Tapyte en vloermatte, matte en matwerk.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3215	321500	Tou-, kabel-, touwerk-, seilgaring-, net- en verwante produkte.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3219 Kyk nota (a).	321900	Linoleum en ander bestrykte stowwe.
		321910	Geperste vilt, stopsel, kapok en vulsel vir stoffering; buitebandkoord en - materiaal.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3220	322000	Mans- en seuns klerefabrieke.
		322010	Mans- en seunshoede- en -petfabrieke.
		322020	Dasfabrieke.
		322030	Kleremakery volgens maat.
		322040	Vroue- en meisiesklerefabrieke.
		322050	Bontwekerye.
		322060	Hoedemakery.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3231 Kyk nota (a).	323100	Looierye - leer en pels.
		323110	Velbereiding.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3233 Kyk nota (a).	323300	Tuie en saals.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3233	323310	Reisbenodigdhede.
		323320	Dameshandsakke.
		323390	Algemene en klein goedere van leer en leersubstitute.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3240	324000	Skoeisel.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3311	331100	Saag van hout uit ronde blokke en houtverduursaming.
		331110	Bord - lamel, laaghout, partikel, ens.
		331120	Maal en pars van wattelbas.
		331130	Saag van hout, nie uit ronde blokke nie; timmer- en skrynwerk en voorafvervaardigde houtgeboue (uitgesonderd die oprigting op die perseel van aangekoopte materiaal).
		331190	Ander saagmeulprodukte - kuipery, houtwol ens.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3312	331200	Hout- en rottanghouers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel C-1: Die faktorintensiteit van die fabrieksektor in Gauteng (vervolg)

Faktorintensiteit	SNK: Groep	SNK: Subgroep	Beskrywing
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3319	331900	Houtsnee- en houtdraaiwerk.
		331910	Doodkiste (uitgesonderd die vervaardiging daarvan deur begrafnisondernemers).
		331920	Portretrame en - raming.
		331990	Ander hout- en kurkgoedere.
Arbeidsintensief: Ongeskoold	3320	332000	Meubels met inbegrip van gestoffeerde meubels.
